UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BOEYENS, JAN CHRISTOFFEL ANTONIE

DIE LATERE YSTERTYDPERK IN SUIDOOS- EN SENTRAAL-MARICO

DPhil (Argeologie) UP 1998

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE LATERE YSTERTYDPERK IN SUIDOOS- EN SENTRAAL-MARICO

deur

JAN CHRISTOFFEL ANTONIE BOEYENS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

D.Phil. (Argeologie)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

Pretoria
Januarie 1998

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUD

DANKBETUIGING viii

SAMEVATTING ix

SYNOPSIS x

I. DIE DOEL, AARD EN OMVANG VAN DIE ONDERSOEK 1

1. Inleiding 1
2. Terreinafbakening en navorsingsdoelwitte 3
3. Teorie en metodiek 5
4. Vroeëre argeologiese navorsing in Marico 8
5. Mondelinge oorleweringe as inligtingsbron oor die voorgeskiedenis van Marico 14
   a. Waarde, betroubaarheid en interpretasie 14
   b. Die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe 18
6. Dokumentêre bronne oor Marico in die vroeë negentiende eeu 22
7. Slot 24

II. BEWONINGSFASES VOLGENS MONDELINGE OORLEWERINGE EN DOKUMENTÊRE GETUIENIS 28

1. Oorsprong en migrasie na die suide (± 1200 tot ± 1470) 28
2. Vestiging in Marico (± 1470 tot ± 1660) 31
3. Fragmentering en uitbreiding (± 1660 tot ± 1790) 34
4. Konflik en onstabiliteit (± 1790 tot 1823) 37
5. Disintegrasie en verstrooiing: die impak van die *difaqane* (1823-1832) 42
6. Omswerwinge en terugkeer na Marico (1832-1848) 47
7. Samevatting en implikasies vir die argeologiese ondersoek 49

III. DIE OMGEWING EN DIE VINDPLEKOPNAME 55

1. Inleiding 55
2. Die Klein-Ystyd 56
3. Die omgewing 57
   a. Topografie en geologie 57
   b. Klimaat, plantegroei en dierelewe 59
4. Die vindplekopname 64
   a. Opnamestrategie en -metodes 64
   b. Verspreidingspatroon en voorlopige vindplekklassifikasie 65
5. Slot 68

IV. DIE DISPUUT OOR DIE LIGGING EN NAAM VAN KADITSHWENE 78

1. Inleiding 78
2. Teenstrydige standpunte oor die ligging 79
   a. P.-L. Breutz 79
   b. R.J. Mason en J.D. Seddon 82
3. Die klipbouvalkompleks op die Kleinfontein-Bloemfonteinrant 84
4. Die sogenaamde 'tweelinghoofstad' van die Hurutshe 88
5. Die historiese identiteit van die Vergenoegdkompleks 91
6. Die naamkwessie 93
7. Slot 99

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

V. DIE OPGRAWINGS, OPMETINGS, DATERINGS EN ONTLEDINGS 102

1. Inleiding 102
2. Veldwerkmetodes en analitiese prosedures 103
3. Vroeë Molokoterreine 106
   a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC8 en 2526AC9 106
   b. Magozastad 248 JP 109
      (i) Terrein 2526CB4a, 4b en 4c (MGS1, MGS2 en MGS3) 109
      (ii) Terrein 2526CB9 (MGS4): Rabogadi 112
4. Latere Molokoterreine 117
   a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC4 (RFN1) 118
   b. Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae) 119
      (i) Terrein 2526CA26a (KSM1.1) 119
      (ii) Terrein 2526CA26b (KSM2.1 en KSM2.2) 121
   c. Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP: terrein 2526AC2 (Kaditshwene) 122
   d. Riekersdam 109 JP: terrein 2526AD5 127
5. Samevatting 128

VI. ASPEKTE VAN DIE LEEFWYSE 197

1. Die Vroeë Molokofase 197
   a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie 198
   b. Voedselverkryging 200
   c. Metaalbewerking en handel 201
2. Die Latere Molokofase 202
   a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie 203
   b. Voedselverkryging 204
   c. Metaalbewerking en handel 205
3. Die Hurutshe by Kaditshwene 206
   a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie 206
   b. Voedselverkryging 214
      (i) Veeteelt 214
      (ii) Jag 217
      (iii) Akkerbou 218
   c. Metaalbewerking en handel 222
4. Samevatting 230

VII. SAMEVATTENDE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS 231

1. Die Moloktradisie, die voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana en die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico 231
2. Klassifikasieskemas en terminologie 240
3. Slot 244

BIBLIOGRAFIE

1. Literatuur 248
2. Ongepubliseerde verslae, referate en analises 261
3. Dokumentêre versamelings 262
4. Persoonlike en skriftelike mededelings 262

KAARTE

1. Die navorsingsgebied in Suidoos- en Sentraal-Marico 26
2. Verspreiding van vindplekke 70
3. Die Kaditshwenekompleks 101

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PLANNE

5.1 Terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP 131
5.2 Terrein 2526AC9: Rietfontein 89 JP 131
5.3 Hut RFN2.1, terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP 132
5.4 Hut RFN2.2, terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP 133
5.5 Terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP 134
5.6 Hut MGS1.1, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP 135
5.7 Hut MGS1.2, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP 135
5.8 Hut MGS1.3, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP 136
5.9 Hut MGS2.1, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP 136
5.10 Smeltoonde MGS3.1-MGS3.3, terrein 2526CB4c: Magozastad 248 JP 137
5.11 Terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP 138
5.12 Hut MGS4.1, terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP 139
5.13 Hut MGS4.2, terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP 140
5.14 Terrein 2526AC4: Rietfontein 89 JP 141
5.15 Terrein 2526CA26a: Klaarstroom 237 JP 142
5.16 Terrein 2526CA26b: Klaarstroom 237 JP 143
5.17 Terrein 2526AC2: Kaditshwene 144
5.18 Ashoop KLF1.1, terrein 2526AC2: Kaditshwene 145
5.19 Hut KLF2.1, terrein 2526AC2: Kaditshwene 146
5.20 Terrein 2526AD5: Riekersdam 109 JP 147

TABELLE

1.1 Fauna-analise: Vergenoegd 279 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie 27
2.1 Genealogie van die Bahurutshe booMenwe 52
2.2 Genealogie van die stamhoofde van die Bahurutshe booManyane 53
2.3 Genealogie van die stamhoofde van die Ba ga Malete 54
3.1 Vindplekopname: 2526CA ZEERUST 71
3.2 Vindplekopname: 2526CB GROOT-MARICO; 2526CD LEAD MINE 74
3.3 Vindplekopname: 2526AC MOKGOLA 75
3.4 Vindplekopname: 2526AD SKUINSDRIF 77
5.1 Fauna-analise: Magozastad 248 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (MGS4.3.1-4.3.2 & MGS4.4.1-4.4.2) 148
5.2 Fauna-analise: Rietfontein 89 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (RFN1.1.1-1.1.3) 149
5.3 Fauna-analise: Klaarstroom 237 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (KSM 1.1.1-1.1.5) 150
5.4 Fauna-analise: Klaarstroom 237 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (KSM 2.1.1-2.1.4) 151
5.5 Fauna-analise: Klaarstroom 237 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (KSM 2.2.1-2.2.2) 152
5.6 Houtskoolanalise: ashoopopgrawing op Klaarstroom 237 JP (KSM2.1) 153
5.7 Fauna-analise: Kleinfontein of Olifantspruit 62 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (KLF1.1.1-1.1.12) 154
5.8 Houtskoolanalise: ashoopopgrawing op Kleinfontein of Olifantspruit 62 JP (KLF1.1) 156
5.9 Glaskraalanalise: Kleinfontein of Olifantspruit 62 JP: ashoopopgrawing (KLF1.1) 157
5.10 Fauna-analise: Riekersdam 109 JP: spesies aanwesig en basis van identifikasie (RDM1.1.1-1.1.3 & RDM1.2.1) 158
5.11 Radiokoolstofdatums: opgegraafde terreine in Suidoos- en Sentraal-Marico 159

FIGURE

5.1 Potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP 160
5.2 Potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP 161

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3 Gerekonstrueerde pot van die vuurherd in hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 162
5.4 Potwerk (bakke) van hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP ... 163
5.5 Potwerk van hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 164
5.6 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 165
5.7 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 166
5.8 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 167
5.9 Potskerwe sonder liprand van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 168
5.10 Potskerwe sonder liprand van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 169
5.11 Potskerwe met visgraatpatroon van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 170
5.12 Potskerwe van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8b, op Rietfontein 89 JP 171
5.13 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP 172
5.14 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP 173
5.15 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP 174
5.16 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP 175
5.17 Potskerwe van hut MGS1.3, MGS1.4 en MGS2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a-b, op Magozastad 248 JP 176
5.18 Potskerwe van hut MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 177
5.19 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 178
5.20 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 179
5.21 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 180
5.22 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 181
5.23 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 182
5.24 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 183
5.25 Potwerk (bakke?) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 184
5.26 Potwerk (bakke?) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 185
5.27 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 186
5.28 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 187
5.29 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 188
5.30 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 189
5.31 Onversierde pot met verdikte lip, asook 'n potdeksel, van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 190
5.32 Deksel en pot van die Latere Molokoklipbouval, 2526AC4, op Rietfontein 89 JP Die pot was gevul met sade van *Citrullus lanatus, Cucurbita maxima* en *Vigna unguiculata* 191
5.33 Potskerwe van opgrawings op die Latere Molokoterreine Rietfontein 89 JP (RFN1.1.2), Klaarstroom 237 JP (KSM1.1.3 en KSM2) en Riekersdam 109 JP (RDM1.1.1) 192
5.34 Potskerwe van die Latere Molokoterrein, 2526CA26b, op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae) 193
5.35 Rookpyp van gebakte klei van opgrawing KSM1.1.2 op Klaarstroom 237JP (Mmutlagae) 193
5.36 Potskerwe van ashoopopgrawing, KLF1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP 194
5.37 Potskerwe van ashoopopgrawing, KLF1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP 195
5.38 Potskerwe van die ashoop- en hutopgrawings, KLF1.1 en KLF2.1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP 196

FOTO'S

1. Die rotsgravures van Matsieng (Lowe) naby Mochudi, waarna in die ontstaansmites van die Tswana verwys word 264
2. Die waterval van Tswenyane op Mezeg 77 JP 264
3. 'n Klipkraal bo-op die rant van Tswenyane op Mezeg 77 JP 265
4. Die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), waarvan die oppervlak deur 'n damafvoersloot blootgelê is 265

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Hutvloer RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP. Die kleiboë wat die hutvloer in twee verdeel, die vuurherd en die houtstampblokholte is duidelik sigbaar. 266
6. 'n Gedeelte van hutvloer RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP 266
7. Grootskaalse erosie rondom die hutpuinkonsentrasies op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC9, op Rietfontein 89 JP 267
8. Die opgegraafde houtstampblokholte in hutvloer RFN3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC9, op Rietfontein 89 JP 267
9. Smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP, waarin twee gebreekte tuyères gevind is 268
10. Smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP 268
11. Twee gebreekte tuyères van smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP. Die een punt van albei tuyères is feitlik toegeslak. 269
12. Smeltoond MGS3.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP 269
13. Hutpuinkonsentrasies op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 270
14. Die vuurherd, 'n boonste maler, 'n onvolledige stampblokholte en gedeeltes van die kleiboë van hutvloer MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 270
15. Hut MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP voor opgrawing 271
16. Die vuurherd, 'n stampblokholte, 'n potholte en 'n gedeelte van die kleiboog van hutvloer MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 271
17. Die houtstampblokholte in die vloer van hut MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 272
18. Hutpaalmerke in die muurpuin van hut MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 272
19. Die vuurherdholte in hutvloer MGS4.5 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP 273
20. Ashoopopgrawing RFN1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526AC4, op Rietfontein 89 JP 273
21. Ashoopopgrawing KSM1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526CA26a (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP 274
22. Gerekonstrueerde tuyère van ashoopopgrawing KSM1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526CA26a (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP. Die een punt van die tuyère het 'n trompetvorm. 274
23. Aambeeldklippe in 'n ysterbewerkingsarea tussen terrein 2526CA26a en 2526CA26b op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae) 275
24. Basisklip van skuifdeur op die Latere Molokoterrein, 2526CA26b (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP 275
25. Kleipot in 'n klipmuur op die Latere Molokoterrein, 2526CA26b (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP 276
26. Die rant waarop die Vergenoegdkompleks (Mmakgame) geleë is wat verkeerdelik deur Revil Mason (1986) as Kaditshwene beskou is 276
27. Klipmure van die Vergenoegdkompleks (Mmakgame) 277
28. Een van die ashope op Mmakgame (Vergenoegd 279 JP) wat deur Revil Mason opgegrawe is 277
29. Hutsirkel met muurbasis van klip op Mmakgame (Vergenoegd 279 JP) 278
30. 'n Skets van die sendingdirekteur, John Campbell, wat in sy eerste reisjoernaal na afloop van sy eerste reis deur Suid-Afrika in Campbell (1815) verskyn het. 279
31. Diutlwileng, die regent van Kaditshwene ten tye van Campbell se besoek in Mei 1820 (afgedruk in Campbell 1822[i]:teenoor p. 265) 280
32. Moilwa, die 'young king' van Kaditshwene tydens Campbell se besoek in Mei 1820 (afgedruk in Campbell 1822[i]:teenoor p. 261) 281
33. John Campbell se ongepubliseerde skets van Diutlwileng en Moilwa (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 282
34. John Campbell se ongepubliseerde skets van die ornamentbelaaide vrou van die reënmaker van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 283
35. Lugfoto van die klipmuurterrein, 2526AC2, die sentrale afdeling (*kgôsing*) van Kaditshwene. Die groot beeskraal is ongeveer in die middel sigbaar. 284
36. Lugfoto van die klipmuurterrein, 2526AC3, die noordelike afdeling (*ntlha ya godimo*) van Kaditshwene 284

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

37. Die rant van Kaditshwene uit die weste. Die Olifantspruit (Ratshukudu) is net-net sigbaar op die voorgrond. . . . 285
38. Die gepubliseerde skets van die 'king's district' (*kgôsing*) van Kaditshwene soos afgedruk in Campbell (1822[i]:teenoor p. 233) . . . 285
39. John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'king's district' (*kgôsing*) van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 286
40. John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die ooste, dit wil sê van die kant van Bloemfontein 63 JP. Ook die sogenaamde 'lion house' word uitgebeeld. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 287
41. John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die noordweste, met die Olifantspruit (*Ratshukudu*) op die voorgrond. Onderaan is ook 'n voorstelling van die binnekant van een van die hutte op Kaditshwene. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 288
42. John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die weste, met die groot boom teen die suidwestelike hang sigbaar (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 289
43. Kaditshwene uit die weste, met die wonderboomvy (*Ficus salicifolia*) teen die suidwestelike hang sigbaar . . . 289
44. Oorblyfsels van die wonderboomvy (*Ficus salicifolia*) wat waarskynlik reeds in Campbell se tyd op die Kaditshwenerant gestaan het . . . 290
45. Twee van John Campbell se ongepubliseerde sketse: bo word die 'koperberge' (die Dwarsberge) op die horison uitgebeeld. Die rant met die 'saal' is Abjaterskop, terwyl Tshwene-Tshwene die hoë rant aan die regterkant verteenwoordig. Onder word die rante in die teenswoordige Botswana uitgebeeld waar die Ngwaketse gewoon het. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad). . . . 291
46. Foto geneem vanaf die *kgôsing* bo-op Kaditshwene. Op die horison is die Dwarsberge met Abjaterskop en Tshwene-Tshwene in beeld. Die plaasgrenslyn loop deur die noordelike rant van Kaditshwene, waarop terrein 2526AC3, die *ntlha ya godimo*, lê. . . . 292
47. John Campbell se ongepubliseerde skets van die stamvergadering (*pitsô*) wat op 10 Mei 1820 in die sentrale *kgotla* op Kaditshwene gehou is. Benewens die Campbellgeselskap se waens en tent, is ook die groot monoliet en die groot ashoop in die uitbeelding van die noordelike gedeelte van die *kgotla* sigbaar. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 293
48. Die groot monoliet naby die ingang van die sentrale *kgotla* van Kaditshwene op terrein 2526AC2 . . . 294
49. 'n Gedeelte van die klipmuur van die groot beeskraal in die stamhoofgedeelte van Kaditshwene. Die grensdraad tussen Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP loop deur die beeskraal. . . . 294
50. Die groot ashoop naby die sentrale *kgotla* van die *kgôsing* van Kaditshwene, waarin die opgrawing, KLF1.1, gedoen is . . . 295
51. Stande van bloubuffelsgras (*Cenchrus ciliaris*) op Kaditshwene . . . 295
52. Hut KLF2.1 in die stamhoof (regent) se wyk in die *kgôsing* op Kaditshwene, met 'n gedeelte van die halfmaanvormige klipmuur wat die *lapa* omsluit in die agtergrond . . . 296
53. Oorblyfsels van die opgegraafde hut, KLF2.1, in die *kgôsing* op Kaditshwene. In die agterste deel van die hutvloer lê daar 'n aantal klippe waarop die kleigraanhouers kon staan. . . . 296
54. Die maalklip naby hut KLF2.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene . . . 297
55. Horingfelsbasisklip van 'n skuifdeur naby hut KLF2.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene . . . 297
56. Oorblyfsels van hut BLF1.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene. Die verskillende kompartemente waarin die hut volgens Kay (1834) se beskrywing verdeel is, is deels sigbaar. . . . 298
57. Maalklip naby hut BLF1.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene . . . 298
58. John Campbell se ongepubliseerde skets van 'n ystersmeltoond op Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) . . . 299
59. 'n Skoffelpiklem van Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP wat in die noordelike afdeling van Kaditshwene, terrein 2526AC3, opgetel is . . . 299
60. Klipmure op terrein 2526AC1 op Daskoppie (Mosidi-wa-ditlhobolo), wat deel van die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) van Kaditshwene uitgemaak het . . . 300

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

61. John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'distrik' van die hoofman Senosi in Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 301
62. John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'distrik' van die hoofman Senosi in Kaditshwene vanuit die noorde. Die groot berg in die linkerhoek is die Enselsberg; Daskoppie (Mosidi-wa-ditlhobolo) is op die voorgrond. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 302
63. Noordaansig van Daskoppie, waarop terrein 2526AC1, die eertydse nedersetting van die Bahurutshe booMokgatlha onder Senosi, voorkom. 'n Grondpad loop op teen Daskoppie; die hoë berg in die agtergrond is die Enselsberg. 303
64. Senosi se *lapa* soos gepubliseer in Campbell 1822[i]:teenoor p. 245) 303
65. John Campbell se ongepubliseerde sketse van Senosi se *lapa* en die kleipotte van die Hurutshe van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 304
66. Binnekant van Senosi se hut, soos gepubliseer in Campbell 1822[i]:teenoor p. 269) 305
67. John Campbell se ongepubliseerde skets van die binnekant van Senosi se hut (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 306
68. John Campbell se ongepubliseerde skets van die hut en kleigraanhouers van Mooketsi, die seun van Senosi (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad) 307
69. Terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP, enkele kilometer oos van die Groot-Maricorivier 308

❖❖❖

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGING

'Those who have never carried a book through the press can form no idea of the amount of toil it involves. The process has increased my respect for authors and authoresses a thousand-fold' (David Livingstone 1857:v).

By die voltooiing van hierdie proefskrif spreek ek graag my dank en waardering teenoor die volgende persone uit:

- Proff. R.D. Coertze en A. Meyer vir hul bydrae as studieleiers. Veral prof. Coertze het deur sy kritiese kommentaar en uitgebreide kennis van die etnografie van die Tswana sorg gedra dat die interpretasies van die argeologiese en historiese gegewens met die nodige omsigtigheid benader is.

- Dr. J.C. Vogel van die WNNR vir alle radiokoolstofdaterings en die beskikbaarstelling van 'n kalibreringsprogram.

- Duncan Miller en Sharma Saitowitz van die Departement Argeologie aan die Universiteit van Kaapstad vir die ontleding van die metaaloorblyfsels en die glaskrale onderskeidelik.

- Dieter Meyer zu Bargholz vir die nougesette wyse waarop hy die fauna-analises onder leiding van dr. Ina Plug van die Transvaalmuseum gedoen het.

- Sidney Miller, destyds van Thulamela in die Nasionale Krugerwildtuin, vir die kartering van die opgegraafde terreine.

- Mauritz Naudé van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria vir die potwerksketse en die afronding van die terreinplanne.

- Prof. Desmond Cole, voorheen van die Departement Afrikatale aan die Universiteit van die Witwatersrand, vir sy hulp met die optekening van Tswanaplekname, asook Jan Snyman en Mpho Mothoagae van die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Suid-Afrika, vir hul hulp met die transkripsie van Tswanawoorde en -frases.

- My kollegas in die Departement Antropologie en Argeologie aan die Universiteit van Suid-Afrika, Elize Kruger en Marie van der Ryst, vir hul professionele hulp met die voorbereiding en afronding van die finale manuskrip.

- Verskeie Bahurutshe wat met die opgrawings behulpsaam was of as segslui waardevolle hulp met die optekening van plekname verleen het. In laasgenoemde verband moet die bydrae van wyle Mamporeka Moremedi uitgesonder word.

- Die grondeienaars van Marico vir toestemming om die navorsingsprojek op hul plase uit te voer. Veral diegene op wie se grond opgrawings gedoen is, is onvermydelik by die navorsingsproses betrek en het almal op een of ander wyse onontbeerlike hulp verleen. My dank in hierdie verband gaan aan mev. H.G. Badenhorst van Magozastad, Willie en Riana Delport van Bloemfontein, Boeta en Cornet du Toit van Orion-Wildplaas, Johan Lemmer van Klaarstroom, Willie Springhorn van Riekersdam en Paul en Barbara van der Merwe en hul seuns van Kleinfontein. Sonder die entoesiasme en kennis van veral Paul van der Merwe sou die ontrafeling van die geskiedenis van Kaditshwene nie moontlik gewees het nie. Ander plaaslike inwoners wat waardevolle hulp verleen het, is Egbert van Bart van Groot-Marico, Louis Vosloo van Vergenoegd en mev. Chris Horjus van Magozastad.

- My ouers vir huisvesting tydens 'n groot deel van die veldwerkprogram en my gesin vir hul bystand en opoffering.

Geldelike bystand vir hierdie projek is van die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Pretoria en die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang. Die menings wat in hierdie publikasie gehuldig word, asook die gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die outeur en weerspieël nie noodwendig die standpunte van een van genoemde instansies nie.

❖❖❖

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

SAMEVATTING

DIE LATERE YSTERTYDPERK IN SUIDOOS- EN SENTRAAL-MARICO

In 'n interdissiplinêre studie van die Latere Ystertydperk in die Suidoos- en Sentraal-Marico in die Noordwesprovinsie word argeologiese en etnografiese data, mondelinge oorleweringe, pleknaamkundige inligting asook dokumentêre getuienis vergelyk en geïntegreer om 'n kultuurchronologie vir die gebied saam te stel, aspekte van die leefwyse van die eertydse bewoners te rekonstrueer en verklarings aan die hand te doen vir patrone van sosio-kulturele verandering en/of kontinuïteit wat in die argeologiese rekord weerspieël word. Dit blyk uit 'n etnohistoriese rekonstruksie dat die landbouergemeenskappe wat die gebied gedurende die Latere Ystertydperk bewoon het, Tswanasprekendes was wat polichrome potwerk vervaardig het wat tot die Molokotradisie gereken kan word. Die radiokoolstofdatums vir die aanvang van die Vroeë Molokofase in Sentraal-Marico korreleer met die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe waarvolgens hul vestiging in die omgewing van Tswenyane tot die vyftiende eeu n.C. teruggevoer word. Die grootste Vroeë Molokoterrein, Rabogadi in Suidoos-Marico, bestaan uit minstens 59 hutvloerreste en is waarskynlik in die sewentiende eeu deur die Lete bewoon. Vroeë Molokoterreine bevat geen of min klipmure en is gewoonlik aan die voet van heuwels of in valleie geleë.

Die aanvang van die Latere Molokofase in die tweede helfte van die sewentiende eeu het met die einde van 'n warmer en natter tussenpose in die Klein-Ystyd saamgeval. Gedurende hierdie fase is die nedersettings bo-op of teen die hange van heuwels opgerig en is daar toenemend van klip gebruik gemaak om die mure van veekrale en die afskortings van wooneenhede (*malapa*) te bou. Verskeie Latere Molokoterreine kon as hoofsetels of belangrike woonsentrums van histories bekende Tswanagroepe geïdentifiseer word, waaronder Mmutlagae, Mmakgame en Kaditshwene van die Bahurutshe booMenwe, Borutwe van die Bahurutshe booManyane en Buispoort van die Bakgatla ba Mmanaana. Hoewel die radiokoolstofchronologie nie akkuraat genoeg is om die presiese bewoningstydperke van terreine gedurende die Latere Molokofase te bepaal nie, kom dit nietemin voor of 'n patroon van vestigingsmobiliteit onder die Tswana onderskei kan word, waarvolgens hoofsetels gereeld verskuif is, gewoonlik nadat 'n nuwe stamhoof ingestel is.

Die dispuut oor die ligging en naam van Kaditshwene, die hoofsetel van die Bahurutshe booMenwe met 'n geskatte inwonertal van 16 000 of 20 000 op die vooraand van die *difaqane*, is deur 'n kombinasie van verskillende inligtingsbronne opgelos. Die vestigingsuitleg van Kaditshwene, wat drie geografiese afdelings omvat wat elk uit verskeie wyke (*dikgôrô*) saamgestel was, stem ooreen met dié van ander bekende hoofsetels van die Tswana. Die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings teen die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu kan aan 'n aantal komplekse faktore toegeskryf word, waaronder bevolkingsgroei, die inkorporering van groepe deur middel van die wykstelsel en toenemende onderlinge konflik tussen stamme wat op gereelde veestrooptogte uitgeloop het.

Die argeologiese oorblyfsels van Kaditshwene bevestig vroeë negentiende-eeuse berigte dat die Hurutshe groot beeskuddes aangehou het en yster op 'n groot skaal bewerk en verhandel het. Daar is tot dusver egter geen argeologiese bewyse opgespoor dat hulle koper op 'n beduidende skaal bewerk het of mielies verbou het nie. Die min glaskrale en ander ingevoerde handelsitems wat op Kaditshwene en ander Latere Molokoterreine in die navorsingsgebied teruggevind is, dui moontlik daarop dat handelskontakte met die Kaapkolonie of die ooskus van beperkter omvang was as wat uit die dokumentêre getuienis blyk. Hierdie studie toon aan dat 'n wye verskeidenheid bronne lig op die histories bekende Tswana gedurende die Latere Ystertydperk werp, maar dat elke bron met behulp van die metodes van die toepaslike dissipline ontgin moet word voordat 'n sintese aangebied word.

Latere Ystertydperk, Molokotradisie, Marico, etniese geskiedenis, mondelinge oorleweringe, landbouergemeenskappe, Tswana, Lete, Hurutshe, Kaditshwene

❖❖❖

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SYNOPSIS

THE LATER IRON AGE IN SOUTH-EAST AND CENTRAL MARICO

In an interdisciplinary study of the Later Iron Age in South-East and Central Marico in the North-West Province, archaeological data, oral traditions, ethnographic descriptions, toponymical information and documentary evidence are combined and integrated to establish a cultural chronology for the area, to reconstruct aspects of the way of life of the erstwhile inhabitants and to provide explanations for patterns of socio-cultural change and/or continuity reflected in the archaeological record. An ethnohistorical reconstruction indicates that the farming communities which occupied the area during the Later Iron Age were Tswana speakers who manufactured multichrome pottery that can be assigned to the Moloko tradition. The radiocarbon dates for the advent of the Early Moloko phase in Central Marico correlate with oral accounts of the Hurutshe in which their settlement in the Tswenyane area is traced back to the fifteenth century AD. The largest Early Moloko site, Rabogadi in South-East Marico, consists of at least 59 hut floor remains and was probably occupied by the Lete in the seventeenth century. Early Moloko sites contain no, or few stone walls and are usually located at the foot of hills or in valleys.

The inception of the Late Moloko phase in the second half of the seventeenth century coincided with the end of a warmer and wetter spell in the Little Ice Age. During this phase, settlements were erected on hill-tops or against hill-sides and stone was increasingly used to build the walls of residential units (*malapa*) and cattle kraals. Several Late Moloko sites could be identified as capitals or important centres of historically known Tswana groups, amongst others Mmutlagae, Mmakgame and Kaditshwene of the Bahurutshe booMenwe, Borutwe of the Bahurutshe booManyane and Buispoort of the Bakgatla ba Mmanaana. Although the radiocarbon dates are not accurate enough to determine the precise period of occupation of Late Moloko sites, it would appear that a pattern of settlement mobility prevailed among the Tswana, according to which capitals were regularly shifted, usually after a new chief had been installed.

The dispute about the location and name of Kaditshwene, the capital of the Bahurutshe booMenwe with an estimated population of 16 000 or 20 000 on the eve of the *difaqane*, was resolved through a combination of various sources of information. The settlement layout of Kaditshwene, comprising three geographical divisions which each included a number of wards (*dikgôrô*), resembles that of other known Tswana capitals. The aggregation of the Tswana in large settlements at the end of the eighteenth and the beginning of the nineteenth century can be ascribed to a number of complex factors, such as population growth, the incorporation of groups through the ward system, and increasing conflict among chiefdoms which resulted in regular cattle raids.

The archaeological remains from Kaditshwene confirm early nineteenth-century accounts that the Hurutshe kept large cattle herds and worked and traded iron on a large scale. However, no archaeological proof has as yet been found that they worked copper on a significant scale or cultivated maize. The few glass beads and other imported items which have been recovered from Kaditshwene and other Late Moloko sites in the research area, seem to indicate that trading contacts with the Cape colony or the East Coast were far more limited than the documentary record suggests. This study demonstrates that a wide variety of sources shed light on the historically known Tswana during the Later Iron Age, but that each source should be exploited with the aid of the methods of the relevant discipline before a synthesis is attempted.

Later Iron Age, Moloko tradition, Marico, ethnohistory, oral traditions, farming communities, Tswana, Lete, Hurutshe, Kaditshwene

❖❖❖

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK I

DIE DOEL, AARD EN OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

1. INLEIDING

Volgens 'n onlangse kalibrering en ontleding van radiokoolstofdatums het die Ystertydperk suid van die Limpoporivier waarskynlik nie voor 400 n.C. 'n aanvang geneem het nie (Vogel 1995:109). Die meeste navorsers is van mening dat die aanvang van die Ystertydperk in die suide met die aankoms van nuwe bevolkingsgroepe uit die noorde saamgeval het wat heel waarskynlik Bantoesprekend was. Oor die presiese verspreidingsroetes of 'strome' waarlangs hierdie groepe die subkontinent binnebeweeg het, bestaan daar egter nog geen eenstemmigheid nie (kyk Evers 1981:69, 71; Huffman 1979:235-237, 1982:134-138, 148; Maggs 1984:331; Maggs & Whitelaw 1991:14-16; Phillipson 1977:210-230, 1993:198-201).

'n Uiteensetting van die ontplooiing van die vroeë fase van die Ystertydperk val buite die bestek van hierdie studie. In die meeste vroeëre publikasies word daar tussen 'n Vroeë en 'n Latere Ystertydperk onderskei en word die chronologiese skeidslyn tussen hierdie twee fases op ongeveer 1000 n.C. gestel (Inskeep 1978:132; Maggs 1984:344; Phillipson 1977:153, 199). Hiervolgens word die aanvang van die tweede millennium n.C. deur die verskyning van nuwe potwerkstyle gekenmerk wat weer eens op die binnekoms van nuwe Bantoesprekende migrante uit die noorde dui. Onlangse navorsing het egter aangetoon dat die prentjie baie meer kompleks is, dat daar in veral die Noordelike Provinsie 'n groter mate van kulturele kontinuïteit gedurende die Ystertydperk was, dat die afsnypunt tussen die Vroeë en die Latere Ystertydperk nie oral saamgeval het nie en dat migrasies nie slegs vanuit die noorde na die suide plaasgevind het nie, maar ook omgekeerd (kyk Denbow 1986:24-25; Hall 1987a:14; Huffman 1978:20; Loubser 1989:54-59). Die verskillende kultuurchronologieë berus in 'n groot mate op die wyse waarop potwerkoorblyfsels geanaliseer en geklassifiseer word (kyk Hall 1990:70). Hieroor is daar min eenstemmigheid onder argeoloë; trouens, volgens Martin Hall (1984:270) kan selfs die uitgangspunt bevraagteken word dat potwerkstyl wel diagnosties van etniese of taalkundige groeperinge is en as sleutel tot die identifikasie van migrasies gedurende die Ystertydperk kan dien.

In 'n meer onlangse weergawe van hierdie tweeledige indeling word daar aangevoer dat die chronologiese skeidslyn tussen die Vroeë en die Latere Ystertydperk in KwaZulu/Natal met die verskyning van die Blackburnpotwerktradisie in die elfde eeu n.C. verband hou. Hiervolgens is daar in hierdie gebied 'n totale breuk tussen die potwerktradisie van die Vroeë Ystertydperk, waarvan Ntshekane die laaste fase of 'uitdrukking' was (kyk Maggs 1980:3), en dié van die daaropvolgende Blackburn. Na bewering lui die aanvang van laasgenoemde die Latere Ystertydperk en die voorgeskiedenis van die Nguni in. 'n Soortgelyke breuk word vir ietwat later in groot dele van die voormalige Transvaal gepostuleer waar 'n nuwe potwerktradisie, bekend as Moloko, na bewering teen die einde van die dertiende eeu n.C. verskyn en die Vroeë Ystertydperkpotwerktradisie vervang, waarvan die Eiland-Broadhurst-, Kgopolwe- en K2-Mapungubwevariante die derde en laaste fase verteenwoordig. Daar word aangevoer dat hierdie nuwe potwerktradisie deur die voorouers van die histories bekende Sotho-Tswana suid van die Limpopo ingebring is en van noordoos na suidwes in die Suid-Afrikaanse binneland versprei het. Na bewering lê die oorsprongsgebied van albei hierdie migrasies, dit wil sê van sowel die Nguni as die Sotho-Tswana, in Oos-Afrika, en wel in die noorde van Mosambiek of die suide van Tanzanië (Evers 1988:129; Huffman 1989:173).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Evers (1981:98) se keuse van die term Moloko om na terreine met die tipiese potwerk van die nuwe 'Sotho-Tswana'-intrekkers te verwys, berus op die stelling van die antropoloog H.O. Mönnig dat dit die ou Pediwoord vir stam verteenwoordig. Volgens Mönnig (1967:243-244; kyk ook Ziervogel & Mokgokong 1975:770) het *molokô*[1] dieselfde stam of wortel as *lelokô*, die Pediwoord vir linie, en gee die woord 'n gepaste beskrywing van die wyse waarop stamme deur segmentering of afsplitsing van linies ontstaan het. Evers (1981:98) is van mening dat die suidwaartse migrasie en verspreiding van die Sotho-Tswana argeologies deur terreine van die sogenaamde Molokotradisie weerspieël word. Die kenmerkende potwerkversieringstyl van die vroeë fase van die Molokotradisie is bande met ingesnyde of gestempelde motiewe, dikwels met onversierde bande tussenin wat met grafiet of oker swart of rooi gekleur is (Loubser 1989:56). Versieringsmotiewe sluit veral boë ('arcades') en chevrons in (Evers 1981:98). Volgens Evers (1981:98) kan daar ook 'n tweede fase van die Molokotradisie onderskei word wat na ongeveer 1600 n.C. voorgekom het en met die talle klipbouvalle van die Suid-Afrikaanse binneland geassosieer word. In Mpumalanga (voorheen Oos-Transvaal) staan hierdie streeksvariant van die Latere Moloko as die Marateng bekend na aanleiding van navorsing wat deur Collett (1979) op 'n klipbouvalkompleks oos van die Badfonteinvallei naby die rant Marateng gedoen is. Die polichrome bande van die Vroeë Moloko kom ook in die Maratengvariant van die latere fase voor, dikwels tesame met 'n 'line of stabs just below the rim or a line of stabs below the rim and an incised arcade on the shoulder' (Evers 1981:101).

In teenstelling met Evers, beweer R.J. Mason (1983:261) dat die potwerkgetuienis en vestigingsdata van die Noordwesprovinsie en Gauteng (in die besonder die gebiede voorheen bekend as Wes- en Suid-Transvaal) op kulturele kontinuïteit vanaf die vroegste Ystertydperknedersetting by Broederstroom naby Brits tot en met die einde van die Ystertydperk in die vroeë negentiende eeu dui. Hiervolgens kan die Sotho-Tswana dus hul wortels tot die Vroeë Ystertydperk terugvoer en is geen migrasie nodig om veranderinge in die argeologiese rekord te verklaar nie (kyk ook Hall 1987b:15). Mason (1986:46) neem hierdie standpunt in ondanks die feit dat hy geen terreine tussen ongeveer 600 n.C. en 1200 n.C. in sy navorsingsgebied opgespoor het om die beweerde kulturele kontinuïteit te bevestig nie. Die Sotho-Tswanaherkomslyn word deur Mason (1986:25-26, 46) as die 'Oori'-tradisie getipeer en in 'n Vroeë, Middel- en Latere Ystertydperkfase verdeel, met verskeie streeksvariante vir laasgenoemde twee fases. Die naam 'Oori' is 'n verdraaiing van die Tswananaam *Ôdi* vir die Krokodilrivier, wat volgens Mason die bakermat van die Sotho-Tswana in die voormalige Noordwes- en Wes-Transvaal gevorm het. Die verwronge vorm 'Oori' is dikwels deur vroeë reisigers, soos onder andere Andrew Smith (Lye 1975:258) en William Cornwallis Harris (1852:356), gebruik om na die Krokodilrivier te verwys.

Mason se standpunt oor die verband tussen die Sotho-Tswana en die argeologiese nalatenskap van die Vroeë Ystertydperk het nie navolging onder Ystertydperkargeoloë gevind nie. Die meeste gaan ook akkoord met Evers (1981:98, 1984:236, 241) se omskrywing dat die Molokotradisie nie net in die Noordwesprovinsie, Gauteng en Mpumalanga voorgekom het nie, maar oral waar die Sotho-Tswanataalgroep in historiese tye aangetref is, dit wil sê ook in dele van die Noordelike Provinsie, Noord-Kaap, Vrystaat en Botswana (kyk Dreyer 1992:264; Loubser 1989:56; Van Waarden 1991:6).

---

[1] Ten einde die korrekte uitspraak en betekenis te verseker, is die middellae vokale [ɛ] en [ɔ] in die transkripsie van Tswana-, Noord-Sotho- en Suid-Sothowoorde met behulp van kappies respektiewelik as /ê,ô/ weergegee. Hoewel daar in die praktiese ortografie van genoemde tale nie van kappies in die skryf van inheemse plek- of persoonsname gebruik gemaak word nie (kyk Louwrens 1994:6), is hierdie diakritiese teken wel aangedui en die name kursief gedruk waar die korrekte uitspraak bepaal kon word of waar taalkundige kwessies ter sprake was.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sogenaamde Middel-Ystertydperkterreine wat deur Mason in die distrik Rustenburg ondersoek is, deel Evers (1984:241) by die Vroeë Moloko in. Navorsing oor die Molokotradisie het tot dusver veral op die klipbouvalkomplekse van die latere fase van die Latere Ystertydperk gefokus. Hoewel die term Moloko destyds nog nie in gebruik was nie, is Maggs (1976) se studie van die Ystertydperkgemeenskappe van die suidelike Hoëveld die mees gedetailleerde streekondersoek van hierdie kultuurkompleks. Pistorius (1984, 1992, 1994, 1996, 1997c) se studie van Molokwane, die vroeëre hoofsetel van die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau op Selonskraal 317 JQ naby die teenswoordige Rustenburg, verteenwoordig weer die omvattendste studie van 'n enkele Tswanaterrein uit die eindfase van die Molokotradisie van die Latere Ystertydperk.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat hoewel daar verskil van mening oor die oorsprong van die Moloko- of 'Oori'-tradisie bestaan, dit wil sê of dit plaaslik uit die Vroeë Ystertydperk ontwikkel het en of dit 'n Latere Ystertydperkmigrasie na Suid-Afrika verteenwoordig, sowel Mason as Evers dit eens is oor die verbintenis tussen die Sotho-Tswana en 'n reeks terreine met 'n kenmerkende polichrome potwerk wat tot so vroeg as die dertiende eeu n.C. terugdateer. Dit is op hierdie latere fase van die Ystertydperk dat die onderhawige studie fokus.

2. TERREINAFBAKENING EN NAVORSINGSDOELWITTE

Die ondersoekgebied sluit die suidoostelike en sentrale dele in van wat in historiese tye as die distrik Marico bekend sou staan en tans deel van die sentrale streek van die provinsie Noordwes uitmaak (kyk kaart 1). Die navorsingsgebied, wat ten tye van die formele aanvang van die ondersoek in 1989 deel van die toenmalige Wes-Transvaal uitgemaak het, word noukeuriger in die bespreking van die omgewing en die vindplekopname in hoofstuk III afgebaken en beskryf. Soos bekend is, het groot dele van die negentiende-eeuse distrik Marico in resente tye deel van Bophuthatswana uitgemaak totdat laasgenoemde in 1994 ontbind en by die Noordwesprovinsie ingedeel is. Op grond van verskeie praktiese, administratiewe en logistiese oorwegings is daardie dele van die historiese distrik Marico wat by die destydse Bophuthatswana ingelyf was, nie tydens die argeologiese verkenning ondersoek nie. Kennis is egter geneem van die reeds beskrewe argeologiese reste wat daarin voorkom, soos dié op die plaas Buispoort 22 JO, waarna hieronder in afdeling 4 verwys word. Na gelang die navorsing gevorder het, is besluit om ook die deel van die distrik Marico noord van Enselsberg van die argeologiese veldopname uit te sluit ten einde die reeds uitgestrekte navorsingsgebied verder te beperk. Die oorblywende area van die distrik kan breedweg as die suidoostelike en sentrale deel van Marico omskryf word (kyk Breutz 1953:4, 12-15). Die deurslaggewende kriterium by die afbakening van die gebied wat argeologies verken sou word, was deurgaans dat dit moes saamval of oorvleuel met die gebied waarvan die voor- en vroeë geskiedenis in die opgetekende mondelinge oorleweringe van veral die Hurutshe, 'n stamgroepering onder die Tswana, asook kontemporêre dokumentêre getuienis oor die vroeë negentiende eeu, aangeraak word.

Volgens Fagan (1996:23-26) kan daar benewens 'n strewe na 'n beter begrip van die vorming van die argeologiese nalatenskap of rekord, 'n verdere drie hoofdoelstellings in argeologiese navorsing onderskei word, naamlik die rekonstruksie van kultuurgeskiedenis, die rekonstruksie van eertydse leefwyses en die studie van kultuurprosesse. Hoewel laasgenoemde drie doelstellings mekaar aanvul, en navorsers in die praktyk dikwels tegelykertyd aan meer as een aandag gee, word daar tog aanvaar dat die verklaring van kultuurprosesse (die 'hoekom') logies volg op die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk (die 'wat, wanneer en waar') en die rekonstruksie van die leefwyse (die 'hoe') (Knudson 1978:5-6; Thomas 1989:142). Aangesien min oor die argeologiese rekord van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suidoos- en Sentraal-Marico gedurende die Latere Ystertydperk bekend was, het hierdie verkennende studie as *eerste en hoofnavorsingsdoelwit* op die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk vir die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico gefokus. Hierdie kultuurhistoriese raamwerk of kultuurchronologie berus op 'n streekopname en verkenning van argeologiese vindplekke, die lokalisering van woonplekke van die Hurutshe en ander Tswanastamme in die navorsingsgebied wat in mondelinge oorleweringe en geskrewe bronne vermeld word, asook toetsopgrawings op geselekteerde terreine ten einde dateerbare materiaal in te samel met die oog op die bepaling van 'n vestigingschronologie. Dit behels ook die herevaluering en herinterpretasie van die bestaande argeologiese inligting oor die gebied, asook uitsluitsel oor die kwessie in watter mate die kulturele fases wat vir die Latere Ystertydperk in omliggende gebiede onderskei is, ook vir die suidoostelike en sentrale deel van Marico geld.

'n Tweede navorsingsdoelwit is die rekonstruksie van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico aan die hand van die inligting wat uit die argeologiese vindplekopname, die opgegraafde materiaal, mondelinge oorleweringe en dokumentêre getuienis verkry is. In die geheel gesien, is gemeenskappe uit die Suider-Afrikaanse Ystertydperk deur gevestigde nedersettings, die beoefening van akkerbou en veeteelt, metaalbewerking, asook die grootskaalse vervaardiging van potwerk, gekenmerk. Hoewel sommige argeoloë tereg daarop wys dat die term Ystertydperk onbevredigend is omdat dit onder andere te veel klem op slegs een faset van 'n komplekse bedryfslewe plaas, en hulle dit dus vermy en verkies om in stede daarvan bloot na 'agriculturists' of 'farming communities' van die laaste twee millennia in Suider-Afrika te verwys (kyk Maggs 1992:131; Pwiti 1996:3), bly die begrip Ystertydperk as oorkoepelende benaming vir hierdie voorhistoriese periode steeds bruikbaar.

Ten opsigte van die navorsingsgebied sluit die rekonstruksie van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners aspekte soos woonstrukture, vestigingspatroon, sosio-politieke organisasie, veeteelt, jag, akkerbou, metaalbewerking en handel in. Wat die argeologiese vondste betref, is daar grootliks op die analises van vakspesialiste gesteun ten opsigte van die fauna-, flora- en metaaloorblyfsels. Slegs die hoofbevindinge van hierdie spesialisverslae word vermeld, aangesien die volledige analises in gesamentlike publikasies verskyn het (kyk Miller, Boeyens & Küsel 1995) of in die vooruitsig gestel word. By die interpretasie van die argeologiese vondste is daar ook van analogieë gebruik gemaak wat op etnografiese inligting gebaseer is wat in die loop van hierdie eeu onder die Tswana ingesamel is. Etnografiese analogieë berus op die veronderstelling dat indien bepaalde argeologiese vondste sekere ooreenkomste vertoon met artefakte, strukture of verskynsels wat in historiese of kontemporêre etnografiese verslae beskryf is, hulle waarskynlik ook ander kenmerke sal deel wat dieselfde funksie vervul het. Hoewel alle etnografiese analogieë steeds met omsigtigheid bejeën en aan die hand van die argeologiese data getoets moet word, word dit allerweë as die mees algemeen gebruikte hulpmiddel in argeologiese interpretasies beskou (Ascher 1970:248). Die betroubaarheid daarvan word veral hoog aangeslaan in gevalle waar daar 'n direkte historiese verband is tussen die argeologiese komplekse wat bestudeer word en die histories of etnografies bekende inwoners van die gebied (Huffman 1996a:8-13, 212; Lane 1996:53). Sodanige benutting van etnografiese inligting, wat as die 'direkte historiese benadering' bekend staan, is van toepassing op die navorsingsgebied, aangesien 'n direkte kulturele en etniese verband tussen die Latere Ystertydperk- en die histories bekende Tswanabewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico bewys kan word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ofskoon 'n studie van kultuurprosesse nie 'n primêre navorsingsdoelwit was nie en waarskynlik 'n meer uitgebreide argeologiese ondersoek vereis, word die patrone van sosio-kulturele verandering en/of kontinuïteit wat in die argeologiese rekord waargeneem is, nietemin gedokumenteer en bespreek. Voorlopige verklarings word byvoorbeeld aan die hand gedoen vir die veranderinge in die vestigingspatroon en woonstrukture wat veral tydens die latere fase van die sogenaamde Moloko- of 'Oori'-tradisie voorgekom het en reeds deur ander navorsers opgemerk is, waaronder die toenemende gebruik van klip as boumateriaal en die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings teen die einde van die Ystertydperk en met die aanbreek van die *difaqane* (kyk Hall, Simon 1996:5-6; Huffman 1986a:292).

Ten opsigte van die chronologiese beginpunt van hierdie studie word daar nie beoog om uitsluitsel te gee oor die kwessie of die Vroeë Molokobewoners van Marico se oorsprong tot die plaaslike Vroeë Ystertydperkbewoning teruggevoer kan word en of die Sotho-Tswana eers in die tweede millennium n.C. suid van die Limpopo inbeweeg het nie. Sodanige vraag kan slegs beantwoord word indien 'n wyer geografiese gebied bestudeer word. Die afsnypunt vir hierdie studie is 1832, die datum waarop die Hurutshe tydens die *difaqane* finaal deur die Ndebele van Mzilikazi onderwerp en tydelik uit Marico verdryf is (Rasmussen 1978:98-104). Daar is tans juis 'n toenemende belangstelling in die laat agtiende- en vroeë negentiende-eeuse geskiedenis van suidelike Afrika, soos onder meer blyk uit die debat en polemiek oor die *difaqane* en die periode wat dit voorafgegaan het (kyk Hamilton 1995). Dit val ook saam met 'n opbloei in histories-argeologiese navorsing, veral in verband met die vroeë Kaapse koloniale nedersetting (kyk Hall & Markell 1993). Daar is reeds lankal daarop gewys dat die bydrae van die argeologie noodsaaklik is om 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse verlede te vorm, maar dat die resultate van argeologiese navorsing dikwels ontoeganklik vir historici en diegene is wie se voorgeskiedenis juis nagevors word (Du Bruyn 1983:38). Boonop het dit argeoloë meesal aan die nodige historiese agtergrond of opleiding ontbreek om die beskikbare dokumentêre bronne behoorlik te benut en met die argeologiese data te integreer.

Een van die wyses waarop argeologiese kennis meer relevant gemaak kan word, is om temas en tydperke te bestudeer ten opsigte waarvan dit moontlik is om die argeologiese oorblyfsels met histories bekende groeperinge te verbind. Dit geld veral die argeologiese rekord van die afgelope 500 jaar waarvoor daar nie alleen deels dokumentêre getuienis bestaan nie, maar ook heelwat opgetekende mondelinge oorleweringe. 'n Volliger begrip van die historiese prosesse en kragte waaraan die Hurutshe en ander Tswanagemeenskappe aan die einde van die Latere Ystertydperk en op die vooraand van die *difaqane* onderworpe was, is slegs moontlik indien hierdie historiese gebeurtenisse binne die breër konteks van die voorafgaande ontwikkelings ondersoek word. So beskou, kan die term historiese argeologie uitgebrei word om nie alleen die koloniale besettingsperiode aan die Kaap nie, maar ook die latere voorgeskiedenis van die inheemse groepe van die binneland van Suid-Afrika in te sluit. Die potensiaal om die latere voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana deur middel van die kombinering van argeologiese, mondelinge en dokumentêre bronne te ontrafel, is reeds in Maggs (1976) se omvattende ondersoek na die Latere Ystertydperk op die suidelike Hoëveld gedemonstreer.

3. TEORIE EN METODIEK

Hoewel min Suid-Afrikaanse Ystertydperkargeoloë 'n uitvoerige of eksplisiete uiteensetting gee van die paradigma waarbinne hulle hul navorsing aanpak, kan daar stellig aanvaar word dat almal op die een of ander wyse beïnvloed is deur die teoretiese en metodologiese ontwikkelinge wat veral sedert

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1960 met die ontstaan van die sogenaamde 'Nuwe Argeologie' plaasgevind het. Die 'Nuwe Argeologie' met sy logies-positivistiese benadering was 'n teenreaksie op die kultuurhistoriese paradigma met sy beskrywende, induktiewe werkswyse.[2] Die kultuurprosesbenadering, wat kenmerkend van die 'Nuwe Argeologie' was, het klem op 'n deduktiewe werkswyse, die duidelike formulering van hipoteses en probleemstellings en die sistematiese verklaring van prosesse van kultuurverandering, eerder as die blote beskrywing van kultuurverskynsels, geplaas.

Die sterk klem van die vroeë prosessualiste, die sogenaamde funksioneel-prosessualiste aldus Renfrew en Bahn (1996:449), op die soeke na eksakte wetmatighede en argeologiese verklaringsmodelle het egter ook teenkanting van verskeie argeoloë ontlok. Dit het gelei tot die ontstaan van nuwe denkstrome wat as 'postprosessueel' omskryf is en gekenmerk word deur vertakkinge soos strukturele argeologie, kritiese of historiese materialistiese benaderings, kontekstuele argeologie en die kognitiewe benadering. Volgens Renfrew en Bahn (1996:469, 471) het daar uit hierdie kritiek op die oorspronklike kultuurprosesbenadering, asook uit die wisselwerking tussen die verskillende denkskole, 'n nuwe sintese of paradigma ontstaan wat deur hulle as kognitief-prosessuele argeologie getipeer word. Benewens 'n waardering vir die deeglike empiriese beskrywings van die ou kultuurhistoriese benadering en die sterk klem op hipotese- of probleemformulering van die funksioneel-prosessualiste, benadruk die nuwe sintese ook die kognitiewe en simboliese aspekte van materiële kultuur, die belangrikheid van ideologie versus ekonomiese kragte, en die rol van die individu in die verklaring van die argeologiese rekord. Daar is ook 'n groter begrip vir historiese verduidelikings in die argeologie en 'n verwerping van 'n ekstreme positivistiese wetenskapsbeskouing waarvolgens die formulering van universele wette 'n einddoel is en feite as objektief en onafhanklik van teorie beskou word. Daar word aanvaar dat argeoloë nie losgemaak kan word van hul omgewing nie en dat die sosiale en ideologiese konteks waarin hulle navorsing doen, hul objektiwiteit en interpretasies sal beïnvloed.

In die oorweging van die onderskeie benaderings wat hierbo vermeld word, en met inagneming daarvan dat daar ten spyte van fundamentele verskille ook heelwat raakpunte tussen die verskillende paradigmas is, is veral aansluiting by die kontekstuele benadering gevind waarvan Ian Hodder (1986) die vernaamste eksponent is. 'n Belangrike uitgangspunt van hierdie benadering is dat hoe meer inligting oor die totale konteks van 'n argeologiese vonds, struktuur, terrein of periode beskikbaar is, hoe vollediger die interpretasie van die betekenis daarvan sal wees, ongeag watter teoretiese konsepte gebruik word. Volgens Hodder (1986:142-143) word beskrywing dikwels onnodig skerp met verklaring gekontrasteer, aangesien 'n bevredigende verklaring soms weinig meer behels as 'n beskrywing van die totale konteks van die data, gebeure of prosesse wat ondersoek word. Dit is deels om hierdie rede dat historiese argeologie die moontlikheid van 'n meer genuanseerde vertolking van die materiële kultuuroorblyfsels inhou, op voorwaarde dat die verband tussen die geskrewe konteks en die argeologiese konteks aangetoon word. Soos Hodder (1986:141) dit stel: 'It is partly for this reason that historical archaeology is an "easier" approach. Here the data are richly networked, much survives, and there are many leads that can be followed through ... The same problems remain - of having to define whether the written context is relevant to the other contexts (e.g. archaeological layers) and of deciding whether similarities between two contexts (written and non-written) imply the same or different meanings.'

---

[2] Dit is nietemin interessant dat ten spyte van die dominante rol van die kultuurprosesbenadering, asook die stigmatisering van die kultuurhistoriese benadering deur die 'Nuwe Argeologie', daar in 'n onlangse studie van ongeveer 200 argeoloë verbonde aan Britse universiteite bevind is dat minstens 50% nog binne die raamwerk van die tradisionele of kultuurhistoriese paradigma funksioneer (Thomas 1995:349).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk duidelik uit die volgende stelling van die bekende Kanadese argeoloog, Bruce Trigger (1989:377), dat 'n interdissiplinêre studie van die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico volkome in ooreenstemming met die kontekstuele benadering is: 'This humanistic outlook also reinforces the view that it is reasonable to employ a direct historical approach and to use non-archaeological sources of data, such as oral traditions, historical linguistics and comparative ethnography, in order to produce a more rounded picture of prehistoric cultures and to rule out alternative explanations that archaeological data alone might not be able to exclude. The employment of all possible sources of data and the search for congruence among these data sets may be regarded as an extension of Hodder's contextual approach and an important means of gaining insights into the significance of archaeological findings.' 'n Kontekstuele studie van die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico behels 'n sintese van en verbandlegging tussen hoofsaaklik drie inligtingsbronne of datakontekste, te wete die argeologiese reste (materiële kultuur), die opgetekende mondelinge oorleweringe van veral die Hurutshe en tydgenootlike dokumentêre getuienis.

Daar word veronderstel dat die verklarings en gevolgtrekkings wat op grond van hierdie drie soorte gegewens aangebied kan word, meer bevredigend behoort te wees as dié wat op net een datakonteks sou berus. James Deetz (1988:363, 367) se stelling in verband met die wisselwerking tussen dokumentêre en materiële getuienis in historiese argeologie kan ook op die studie van die Latere Ystertydperk in Suid-Afrika van toepassing gemaak word, mits dit uitgebrei word om mondelinge oorleweringe daarby in te sluit: 'In the nonexperimental sciences (if archeology is indeed a science), precise certainty is rarely achieved. Rather, research takes the form of gradual refinement of explanation, as more and more factors are incorporated into the construction of the past that one is attempting to create. In historical archeology, this refinement is best accomplished by maintaining a balance between the documentary and the material evidence, being always mindful that, to be a productive exercise, the results should provide a more satisfactory explanation than would be forthcoming from either set of data alone.' As sodanig is hierdie studie dus nie alleen daarop gerig om meer lig op 'n segment van die voor- en vroeë geskiedenis van 'n bepaalde gebied, periode of historiese groep te werp nie, maar ook om terselfdertyd as voorbeeld te dien van die wyse waarop die Latere Ystertydperk aan interdissiplinêre navorsing onderwerp kan word.

Die benutting van mondelinge oorleweringe, dokumentêre getuienis en etnografiese bronne in die argeologiese studie van die latere voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana is geensins nuut nie. In sy studie van die Latere Ystertydperk op die suidelike Hoëveld sluit Maggs (1976) 'n oorsig van die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Suid-Sotho en die vroeë dokumentêre gegewens oor die Vrystaat in, maar beklemtoon dat hy vanweë die soms teenstrydige en onvolledige inligting daarin vervat, slegs in 'n beperkte mate daarin kon slaag om die klipmuurterreine met histories bekende groepe soos die Taung, Kubung, Tlokwa, Kwena en die Fokeng te verbind. Ook in die geval van Molokwane is opgetekende mondelinge oorleweringe en etnografiese gegewens oor die Tswana benut om die verband van hierdie klipbouvalkompleks met die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau te bevestig en die uitleg van die nedersetting te interpreteer (Pistorius 1992, 1996). Meer onlangs het Pistorius (1997a, 1997b) ook van tydgenootlike reisbeskrywings gebruik gemaak in 'n poging om sogenaamde Matebele- of Ndebeleterreine uit die *difaqane*-periode in die omtrek van Rustenburg te lokaliseer. Soos in afdeling 4 hieronder en veral in hoofstuk IV aangetoon sal word, het ook Mason (1986) onsuksesvol op dokumentêre bronne gesteun om die ruïnes van Kaditshwene, die hoofsetel van die Hurutshe aan die einde van die Ystertydperk, in Marico op te spoor.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Loubser (1991) se studie van die etniese geskiedenis van die Venda in Soutpansberg is die data oor potwerkstyl en vestigingsuitleg wat deur die argeologiese ondersoek opgelewer is, met die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Venda en die linguistiese data oor die verband tussen Venda, Noord-Sotho en Shona gekorreleer. Mondelinge oorleweringe is ook deur Loubser (1994) in sy argeologiese ondersoek na en rekonstruksie van die voorgeskiedenis van die Noord-Ndebele in die omgewing van Pietersburg benut. Ook Schoeman (1997) se rekonstruksie van die etniese geskiedenis van die Ndzundza berus op 'n studie van argeologiese terreine in die Steelpoortriviervallei wat op grond van opgetekende mondelinge oorleweringe en negentiende-eeuse dokumentêre getuienis geïdentifiseer en gedateer is. In al drie studies is die argeologiese data primêr gebruik om die oorleweringe, dokumentêre getuienis of die linguistiese data te toets of te verifieer, maar die indruk word gelaat dat die argeologiese data eerder in die keurslyf van die ander inligtingsbronne gedwing is. Lane (1996:57-58) se kritiek dat Suid-Afrikaanse Ystertydperkargeoloë geneig is om op 'n onkritiese wyse van etnografiese bronne in die samestelling van analogieë gebruik te maak, kan in 'n groot mate ook op die benutting van opgetekende mondelinge oorleweringe en dokumentêre bronne as hulpmiddels in argeologiese interpretasies van toepassing gemaak word. Omdat die ander inligtingsbronne selde krities ontleed en gekontekstualiseer word, wyk die argeologiese interpretasie dikwels weinig af van die gevolgtrekkings wat op die ander datareekse gebaseer is. Voorts lewer genoemde drie studies bewys van die probleme rondom die gebruik van potwerk in die bepaling van kulturele herkoms of etnohistoriese verband. Loubser (1994:139-140) het byvoorbeeld bevind dat die Noord-Ndebele in die omgewing van Pietersburg hoofsaaklik Letabapotwerk vervaardig het, wat in die argeologiese rekord by uitstek met die Venda in Soutpansberg verbind word. Dit staan in kontras met Jan Aukema se gevolgtrekking dat die Noord-Ndebele in die Waterberg onversierde potwerk vervaardig het (kyk Huffman 1990:117). Daarteenoor het Schoeman (1997:204-206) vasgestel dat die Ndzundza, 'n Suid-Ndebelegroep, Molokopotwerk vervaardig het wat nie van dié van die Pedi onderskei kon word nie, maar dat die Nguniherkoms van die bewoners van die argeologiese terreine in die Steelpoortriviervallei slegs op grond van die uitleg van die nedersettings en die vorm van die woonstrukture bevestig kon word.

In hierdie studie word daarna gestreef om al drie inligtingsbronne, naamlik die opgetekende mondelinge opgetekende oorleweringe, die tydgenootlike dokumentêre getuienis en die argeologiese data, op sigself krities te ontleed, voordat daar tot sintese en korrelasie oorgegaan word. Die metodologiese oorweginge wat geld by die ontleding van mondelinge oorleweringe en skriftelike getuienis word in afdeling 5 van hierdie hoofstuk bespreek. Die toepaslike argeologiese veldwerktegnieke word in hoofstuk III en V uiteengesit. Voorlopig is dit voldoende om te beklemtoon dat aangesien hierdie 'n verkennende studie is van 'n gebied wat argeologies grootliks onbekend was, maar waaroor ook ander inligtingsbronne beskikbaar is, daar na 'n uitgebreide vindplekopname slegs beperkte opgrawings gedoen is om die argeologiese terreine en vondste te kontekstualiseer. Al die ingesamelde materiaal en dokumentasie is ingevolge 'n permit van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in die *Museum vir Antropologie en Argeologie* van die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria opgeneem.

4. VROEËRE ARGEOLOGIESE NAVORSING IN MARICO

Soos hierbo aangedui is, is kennis van die vroeëre navorsing oor die Ystertydperk in Marico noodsaaklike agtergrond vir die huidige projek. Argeologiese navorsing in Marico is in 1935 deur E.C.N. van Hoepen en A.C. Hoffman, twee personeellede van die Nasionale Museum in Bloemfontein, met 'n ondersoek na klipbouvalkomplekse op die plase Buispoort 22 JO en Braklaagte

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

90 JP (tans bekend as Lekubu), noord van die teenswoordige Zeerust, ingelui. Benewens die kartering van 'n gedeelte van die kralekompleks op die twee terreine, is daar ook 'n ashoop, 'n kliphoop, 'n ystersmeltoond en verskeie mensegeraamtes in klipskeure op Buispoort opgegrawe. Vyf van hierdie skeletvondste is in Morris (1992a:112-113) se katalogus van menslike skelette uit die Holoseen opgeneem.

Dit is duidelik uit Van Hoepen en Hoffman (1935:4, 7) se terreinplan en bespreking van die Buispoortterrein dat hulle verkeerdelik sommige van die klipveekrale as ruimtes gesien het waarin die paal-en-kleihutte van die inwoners gestaan het. Die beenfragmente wat uit die ashoopopgrawing verkry is, is klaarblyklik nie bewaar of ontleed nie (kyk Nasionale Museum, Bloemfontein: H-register). In teenstelling hiermee is daar heelwat aandag aan die potwerkoorblyfsels van Buispoort gewy. Hoewel die oorgrote meerderheid van die potwerkfragmente onversier was, toon hul beskrywing aan dat versierings meesal tot inkepings op die rand- of lipgedeelte beperk was. Voorts wil dit voorkom of stempelversierings meer prominent as insnydings was, terwyl voorbeelde aangetref is waar die potte swart (met grafiet?) en/of rooi (met oker?) gekleur is. Heelwat fragmente wat deur hulle as die kleivoetstukke van driepootpotte geïnterpreteer is, was waarskynlik niks anders nie as die handvatselknoppe van gebreekte potdeksels.

Voorts is 'n feitlik volledige ystersmeltoond deur Van Hoepen en Hoffman (1935:17) verwyder en na die Nasionale Museum in Bloemfontein gebring. Die ovaalvormige smeltoond met sy twee blaaspyp- of tuyère-openinge was 800 mm lank, 600 mm breed en 400 mm hoog. Altesame vyf smeltplekke is op Buispoort en nog twee op die aangrensende plaas Bergvliet 23 JO aangetref. Oor die omvang van die smeltaktiwiteite laat Van Hoepen en Hoffman (1935:18) hul soos volg uit: 'By al die smeltplekke lê groot hope slak. Die hoeveelheid bedra in sommige gevalle enige tonne. Daar is groen stukke slak wat blykbaar geen yster meer bevat nie, maar daar is ook baie stukke slak wat minder goed uitgesmelt is. Heelwat stukke is swaar van die groot hoeveelheid yster wat hulle bevat. In die slakhope is daar baie stukke van tuyères opgetel. Meestal is hulle dik aangelaai met slak.'

Van Hoepen (1935) het kort na afloop van bogenoemde ondersoek ook 'n versameling voorwerpe beskryf wat deur 'n prospekteerder op Buispoort gevind is. Benewens gedeeltes van kleipotte, 'n tuyèrefragment en verskeie ysterwerktuie, was daarby ook 'n daggapyp ingesluit wat van 'n 'baie fyn, wit, glimmerryke gesteente' van klip gemaak is (Van Hoepen 1935:31). Volgens Baard (1967:219) is die pyp, wat van 'muscovite siltstone' vervaardig is, 14,1 cm lank met 'n maksimum deursnee van 4,6 cm. Van Hoepen (1935:33) was van mening dat die insnydings op die buitenste oppervlak van die klippyp ten minste twee krokodille uitgebeeld het wat moontlik die totem (*sebôkô*) van die maker daarvan voorgestel het: 'As hierdie krokodil as die siboko [sic] van die stam van die maker moet opgevat word, dan het die maker tot die Bakwena behoort. Die vindplek lê wel in die terrein wat volgens die ou reisigers tot die Bahoeroetsie behoort het, maar die Bakwena was maar enige myle hiervandaan en heel waarskynlik het hier 'n aantal Bakwena onder die Bahoeroetsie gewoon. Verder is daar die moontlikheid dat die maker 'n lid was van die Bahoeroetsie. Hierdie groep is 'n tak van die ouere Bakwena stam en as sodanig sal hulle eerbied gehad het vir die siboko van die Bakwena, wat feitlik ook hul siboko was'. Die interpretasie dat die insnydings krokodille of enige ander herkenbare dierefiguur uitbeeld, is egter deur Baard (1967:218) verwerp (kyk ook Walton 1953a:101).

Ten spyte van metodologiese leemtes en foutiewe afleidings het Van Hoepen en Hoffman (1935) se verslag 'n belangrike grondslag gelê vir navorsing oor die Suid-Afrikaanse Ystertydperk wat eers sowat dertig jaar later op dreef sou kom. So, byvoorbeeld, is Buispoort op grond van hul navorsing

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur Revil Mason (1962:385, 402) geselekteer as die tiperende vindplek om 'n uitgestrekte klipbouvalkompleks (die Buispoortkultuur) in die voormalige Wes-Transvaal te benoem wat van die aangrensende en kontemporêre Uitkomstkultuur ten ooste en suide daarvan onderskei kon word. Die potwerk van Buispoort stem grootliks ooreen met dié wat Mason op klipbouvalterreine elders in die voormalige Wes- en Suid-Transvaal aangetref het en val ook binne die raamwerk van wat deur Evers (1981) as Latere Molokopotwerk getipeer is. Hul belangrikste bydrae was egter waarskynlik daarin geleë dat hulle die ruïnekompleks teen die heersende wetenskaplike beskouinge van die dag in aan 'n inheemse Bantoesprekende groep, die 'oer-Bahoeroetsie', toegeskryf het. Soos uit die volgende aanhaling blyk, het Van Hoepen en Hoffman (1935:23-24) die belangrikheid en omstredenheid van hul gevolgtrekking besef:

> Deur die wetenskaplike werk van die laaste tyd en veral deur die werk van Frobenius het ons onder die indruk gekom, dat die bou van klip iets essensiëels [sic] Hamities is. Die Bantoe daarenteen sou dan nie met klip bou nie; hy bou met klei en gras en hout. Sy siel staan absoluut vreemd teenoor die materiaal klip. So 'n opvatting word sterk ondersteun deur die lewende werklikheid. Wat ons van die Bantoe buite Suid-Afrika weet, bring alleen bevestiging van die opvatting. Maar ook in Suid-Afrika is vir sover ons weet van die Bantoe, wat nog nie onder die invloed van die Blanke gekom het nie, alleen bouwerke van klei, hout en gras bekend. Selfs in dié streke waar die wêreld met klip besaai is. Nou egter indien ons gevolgtrekking juis is, dat die Bahoeroetsie die klipkrale gebou het, staan die feit kliphard voor ons, dat hier altans die Bantoe ook met klip gebou het. Van besondere betekenis is hierdie feit in verband met die verspreiding van klipbouwerke deur Suid-Afrika. Is daar nie groot uitgestrekthede nie van die Transvaal en die Vrystaat wat met klipbouwerke bedek is? Het die beginnende verklaring van hierdie bouwerke nie gehuiwer nie by die skugtere opkoms van die gedagte dat hulle deur die Bantoe gebou is? Die aarseling is nou nie meer nodig nie. *Die Bantoe het ook met klip gebou.* As die verklaring van ruïnes in ander dele van die land na die Bantoe wys as die bouers, sal die drogrede: 'Die Bantoe bou nie met klip nie,' geen invloed meer kan uitoefen. Ook sal diegene wat die Simbabwe-ruïnes nooit aan Bantoe-energie kon toeskryf, omdat 'die Bantoe tog nie met klip bou nie', nou geleentheid vind om hulle opvattinge in die lig van die nuwe feit te hersien.

Op Van Hoepen en Hoffman se koppeling van die Buispoortterrein aan spesifiek die Hurutshe word in hoofstuk II teruggekom. Dit was egter eers ongeveer dertig jaar later dat argeologiese navorsing in Marico deur Revil Mason hervat is. In die periode tussenin het P.W. Laidler in 1935 'n ruïnekompleks noordoos van die teenswoordige Zeerust besoek, wat hy hoofsaaklik op grond van die getuienis van plaaslike segslui met Kaditshwene, die Ystertydperkhoofstad van die Hurutshe, in verband gebring het. Hy het onder andere potwerk van die terrein versamel en ook 'n gedeelte van die terrein gekarteer (Laidler 1938:133). Sy beoogde publikasie oor die argitektoniese aspekte van die kompleks het egter nooit verskyn nie en geen rekord van sy dokumentasie kon ook opgespoor word nie. Enkele jare hierna het H.S. Harger (1941) 'n Ystertydperkklipbouval op die plaas Magozastad 248 JP, sowat 15 km wes van Groot-Marico, besoek na aanleiding van serpentynsteen- en koperkrale wat deur die eienaar se seun ingesamel is. Harger (1941:135-141) het duidelike tekens van ysterbewerking op die terrein gevind en ook enkele potskerwe ingesamel.

Nadat Mason in 1964 sy fokus van die Steentydperk na die Ystertydperk verskuif het, het hy in die daaropvolgende jaar met 'n uitgebreide ontleding van lugfoto's begin ten einde Ystertydperkklipbouvalle op te spoor. Tydens hierdie ondersoek is 'n totaal van 6237 Ystertydperkterreine in 'n gebied van 47 733 vierkante myl (123 628 km²) in die destydse Noord-Natal, Suid- en Wes-Transvaal opgespoor (Mason 1968:168). In die loop hiervan het J.D. Seddon 1968:191), een van sy medewerkers in die Departement Argeologie aan die Universiteit van die Witwatersrand, 'n groot klipbouvalkompleks suidwes van Zeerust geïdentifiseer en tot die gevolgtrekking gekom dat 'it seems probable that this large Iron Age walling complex can be correlated with the town of Kurrichane (Kaditshwene)...'. Kaditshwene, of 'Kurreechane' soos hy die naam vervorm het, is deur John Campbell (1822[i]:222-277), 'n sendingdirekteur van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Londense Sendinggenootskap, in Mei 1820 besoek en beskryf, kort voordat dit tydens die *difaqane* verwoes is. Die belangrikheid van hierdie 'ontdekking' van die ruïnekompleks van die eertydse hoofsetel van die Hurutshe is soos volg deur Seddon (1966:228) saamgevat: 'With Campbell's description, the prehistory of this part of the Transvaal comes to an end, but the pin-pointing and identification of this village will make possible a full account of the Iron Age economy and settlement pattern at Kurrichane [Kaditshwene] to amplify the observations of the early explorers and travellers.'

Opgrawings op die plaas Vergenoegd 279 JP sowat 10 km suid van Zeerust (kyk kaart 1), waar die kern van hierdie klipbouvalkompleks geleë was wat 'n area van ongeveer 2,5 km x 0,3 km beslaan het, het in Julie 1966 plaasgevind. Mason het voortgegaan om na hierdie terrein, wat hy as 13/66 genommer het, as Kaditshwene te verwys ten spyte van die feit dat die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe wat in die vyftigerjare deur die antropoloog P.-L. Breutz (1953:6) opgeteken is, spesifiek die plaas Bloemfontein 63 JP in die Enselsbergomgewing noordoos van Zeerust, as die lokaliteit van die eertydse hoofstad aangedui het. Volgens hom het die argeologiese rekord nie die mondelinge oorleweringe gesteun dat Kaditshwene aldaar voorgekom het nie: 'I acquired airphotos of the area north of Zeerust known as Enselberg [sic] which is part of the Tshuenwane [sic] ridge. A few small scattered stonewall settlements lie on this ridge which eliminates it as a potential position for the very large settlement of 'Kurreechane'. In fact, the only large settlement in the Enselberg-Zeerust area is the site of 13/66 which D Seddon located during our 1965 study of Iron Age settlements in the Transvaal when we examined all airphotos of the Transvaal from the Barberton district in the east to the Zeerust district in the west' (Mason 1986:837).

Die aanvanklike opgrawings op die Vergenoegdterrein het vier oppervlaktes wat deur klipmure omsluit is, drie ashope en vier hutareas ingesluit. Uit die lugfoto van die terrein (kyk Mason 1986:653), asook 'n persoonlike verkenning van die terrein in 1990 en 1996, is dit duidelik dat die opgrawings in die kerngedeelte van die terrein naby die grootste beeskrale gedoen is. Die opgrawingsverslag is eers in 1986 gepubliseer en daaruit is dit moeilik om byvoorbeeld die presiese omvang van die ashoopopgrawings te bepaal. Dit kom nietemin uit die opgrawingsplanne voor of die toetssloot in ashoop 2 ongeveer 20 x 5 voet (± 6,1 m x ± 1,52 m) was en dié in ashoop 1 ongeveer 10 x 5 voet (3,05 m x 1,52 m) (Mason 1986:665, 671). Die afsetting in die ashope was minder as 6 voet (1,82 m) diep, en een van die lae in ashoop 1 waaruit houtskool vir radiokoolstofdatering versamel is, was 106-122 cm benede die grondoppervlak. Ashoop 1 is klaarblyklik in arbitrêre lae van ongeveer 15 cm opgegrawe (Mason 1968:179, 1986:69).

Benewens die blootlegging van die hutvloerreste, het die opgrawings onder andere potskerwe, faunareste, 25 skulpkrale, enkele glaskrale, ysterfragmente, ivoorfragmente, een klei-os, 'n stukkie porselein, 'n loodkoeël, twaalf stukkies slak en een tuyèrefragment opgelewer. Die totale opgrawings het behalwe 120 onversierde potskerwe met 'n herkenbare vorm, slegs 60 versierde potskerwe opgelewer (Mason 1986:672-673). Volgens Mason (1986:752) is meer bakke as potte aangetref en was die kenmerkendste versieringsmotief 'a single line of lip-rim incisions, either fine or coarse, located on lip or lip-rim edge.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is ook vier radiokoolstofdatums uit ashoop 1 verkry wat soos volg gekalibreer[3] kan word:

- GrN-5307: 0-15 cm benede huidige grondoppervlak: 138 ± 30 jaar voor die hede (vh) [1694-1726;1816(1884)1932]
- GrN-5338: 15-30 cm benede die huidige grondoppervlak: 216 ± 33 vh [1669(1678)1688;1734(1765,1803)1812]
- GrN-5339: 75-90 cm benede die huidige grondoppervlak: 137 ± 32 vh [1693-1726;1816(1885)1933]
- GrN-5137: 106-122 cm benede die huidige grondoppervlak: 203 ± 44 vh [1669(1682)1698;1720(1747)1786;1790(1806)1820].

'n Volledige verslag van die faunareste van die Vergenoegdopgrawing is nooit gepubliseer nie, maar in 'n oorsig van die faunaversamelings van 'Suid-, Wes- en Oos-Transvaal' is daar wel gemeld dat daar in verhouding meer beeste as skape/bokke voorgekom het, dat vee die oorwegende bron van die totale vleisdieet was, dat jag in hierdie opsig van minder belang was, en dat die stel van strikke en insameling ('gathering') 'n minimale bydrae tot die vleisdieet gelewer het (Mason *et al.* 1983:192-193). Hierdie bevindinge word bevestig in die ongepubliseerde verslag van die fauna-oorblyfsels (Brown [s.a.]) wat in Junie 1996 van die samesteller ontvang is. Daaruit blyk dit dat die drie ashope en ander opgegraafde strukture in totaal 12 436 faunareste opgelewer het.

Volgens die verslag (Brown [s.a.]:2), en soos blyk uit tabel 1.1, kon ten minste 18 spesies geïdentifiseer word aan die hand van 1026 skeletdele. Volgens Brown ([s.a.]:1 en persoonlike mededeling, Junie 1996) word 'n volledige herontleding van die fauna-oorblyfsels van Vergenoegd in die vooruitsig gestel aangesien daar bepaalde leemtes in die bestaande analise voorkom: die postkraniale oorblyfsels van die antiloopspesies (*Bovidae*) is byvoorbeeld nie in die bepaling van die minimum aantal individue ('Minimum Number of Individuals': MNI) in aanmerking geneem nie en daar is ook nie vir skeletkompleksiteit voorsiening gemaak om die bydrae van die verskillende spesies tot die vleisdieet te bereken nie. In die verslag is bevind dat die verhouding tussen beeste en skape/bokke 2:1 was en dat hierdie drie spesies gesamentlik 65,8% van die vleisdieet bygedra het. Daar was klaarblyklik ook 'n opvallende voorkeur vir skape/bokke tussen die ouderdom van 30-60 maande (Klas V). Beeste van alle ouderdomsgroepe was teenwoordig, maar daar was wel 'n slagvoorkeur vir die ouderdomsgroepe 30-42 maande (Klas VI) en ouer as 42 maande (Klas VII). Jag het 12,5% tot die dieet bygedra, en onder die spesies wat deur meer as een individu verteenwoordig is, tel vier springbokke (*Antidorcas marsupialis*), drie blesbokke (*Damaliscus dorcas*) en twee vlakvarke (*Phacochoerus aethiopicus*). Ander wildsoorte wat gejag is, was die steenbok (*Raphicerus campestris*), die koedoe (*Tragelaphus strepsiceros*) en die sebra (*Equus burchelli*), terwyl die opgrawings ook oorblyfsels van 'n rooijakkals (*Canis mesomelas*), 'n leeu (*Panthera leo*), 'n volstruis (*Struthio camelus*), 'n voël van omtrent 'n tarentaal se grootte, 'n likkewaan (*Varanus* sp.), varswatermossels (*Unio caffer*) en 'n stukkie olifantivoor opgelewer het.

In 1983 is daar ook 'n ystersmeltersarea sowat 1 km noord van die opgegraafde area ontdek, waarna een oond opgegrawe is (Mason 1986:679). Volgens Friede en Steel (1985:46) stem hierdie oond met sy twee tuyère-openinge grootliks ooreen met die oond wat deur Van Hoepen en Hoffman (1935)

---

[3] Alle ^{14}C-datums is vir die suidelike halfrond gekalibreer met behulp van die Pretoria-kalibreringsprogram (Program CAL4C, Junie 1997) wat deur A.S. Talma en J.C. Vogel van die Kwaternêre Dateringslaboratorium van die WNNR saamgestel is. 'n Reikwydte van een sigma word aangedui, met die waarskynlikste datum(s) tussen ronde hakies.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by Buispoort gevind is, hoewel die grootste deel van die Vergenoegdoond onder die grond begrawe is. Houtskool afkomstig van een van die gesonke 'platforms' waarop die blaasbalk waarskynlik gerus het, het 'n radiokoolstofdatum van 155 ± 90 jaar voor die hede (Wits-1466) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1670(1702,1716)1784;1792(1822,1841,1874,1926,1951)1953.

Mason se navorsingspan het ook verdere oorblyfsels van ysterbewerking op die plaas Schietkraal 246 JP, sowat 20 km oos van Zeerust, ondersoek (Friede & Steel 1981). 'n Groep van drie en 'n groep van twee smeltoonde is sowat 230 m van mekaar op 'n terras aan die voet van 'n lae heuwel aangetref. Die oonde, wat ovaalvormig en bykans volledig in die grond begrawe is, stem tipologies ooreen met die Buispoortoond. Die grootste en klaarblyklik ook bes bewaarde oond van die drie wat opgegrawe is, kom uit die eerste groep. Die dieptemaat van die oond was sowat 500 mm, terwyl die lengtedeursnee aan die buitekant gemeet 800 mm was. In die oonde is daar onder andere ook 'n tuyèrefragment van sowat 140 mm, 'n stuk sponsyster ('bloom') en stukkies erts en slak gevind. Op die oppervlak is daar ook 'n ysterdissel opgetel, terwyl 'n 'tapyt' van slak van 25 m x 8 m naby die eerste groep oonde voorgekom het. In twee stukkies slak is beenfragmente aangetref wat moontlik vir magiese doeleindes by die houtskool in die oond gevoeg is, of as kalsiumbron as vloeimiddel ('flux') gedien het om die smelt- of reduksieproses aan te help.

Geen beskrywing word gegee van die groot aantal potskerwe wat in die smeltersarea en op die hutvloere van die klipbouvalterreine bo-op 'n heuwel ten weste daarvan aangetref is nie. Volgens Friede en Steel (1981:90) stem die meeste versieringspatrone op die skerwe ooreen met dié wat elders in die voormalige Transvaal aangetref is, hoewel daar ook enkele ongewone patrone voorkom. Daar kon nie voldoende houtskool vir 'n radiokoolstofdatering ingesamel word nie, maar op grond van die geassosieerde potwerk en die aanwesigheid van die nabygeleë klipmuurterreine word die oonde in die eindfase van die Latere Ystertydperk, dit wil sê van die sestiende tot die negentiende eeu n.C., geplaas (Friede & Steel 1981:91).

In die noorde van die distrik Marico het Mason (1982) ook die voorkoms van kopermyne op die plaas Vleifontein 105 JP in die Dwarsberge verken. Vyf van hierdie myne is ter plaatse ondersoek en die meeste kan volgens Mason (1982:140) beskryf word as 'relatively shallow pitting surrounded by crater-like rubble, or trenching with most rubble dumped on the surface on either side of the trench'. 'n Stereoskopiese ondersoek van lugfoto's van hierdie area het 'n totaal van 25 mynuitgrawings oor 'n afstand van 5,5 km aan die lig gebring. Die koperertsbronne is in Malmanidolomiet geleë en die meeste uitgrawings, waarvan die langste oor 'n afstand van 250 m strek, kom naby die kruine van heuwels voor (Partridge 1982:144). Die grootste myn, wat uit 'n aantal putte, slote en afvalhope bestaan, dek 'n area van ongeveer 500 x 500 m. Geen tekens van die smelt van koper is egter naby die myne aangetref nie (Mason 1982:140-141). Houtskool wat 25 cm diep in 'n 'copper mine mound' ingesamel is (Mason 1986:68, 80), het 'n radiokoolstofdatum (Wits-1129) van 200 ± 60 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1666(1682,1745,1807)1884.

Benewens Mason en sy medewerkers se navorsing oor prehistoriese metallurgie in die navorsingsgebied, is twee ystersmeltoonde in die suidoostelike hoek van die distrik Marico op die plaas Modderfontein 256 JP deur onderskeidelik W.A. Judson en U.S. Küsel opgegrawe (Küsel 1979:34-38). Die oorblyfsels van ses smeltoonde is tussen 40 m en 100 m van die 'buitenste hoë klipmure' van 'n groot klipbouvalkompleks, 'digby die spoorweghalte Mangope' ten ooste van Groot-Marico, aangetref (kyk kaart 1). Die opgegraafde oonde toon groot ooreenstemming met die Buispoortoond, asook die oonde van Schietkraal wat later deur Friede en Steel (1981) ondersoek is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die lengte van die oond wat deur Judson opgegrawe is, was ongeveer 110 cm en die dieptemaat ongeveer 70 cm. Albei die oonde is halfpad in die grond gebou, en omring deur 'n kring van klippe met 'n radius van sowat 10 m. Die enkele laag klippe is in twee rye gepak en volgens Küsel (1979:35) kom dit voor 'asof iets soos pale of takke tussen hierdie twee rye klippe ingeplant was'. In hierdie klipsirkel is ook aambeeldklippe en slakhope aangetref. 'n Radiokoolstofdatum (Pta-559) van 180 ± 50 jaar voor die hede is vir een van die oonde verkry (Küsel 1979:69), wat soos volg kalibreer: 1674(1689,1733)1775;1799(1813)1888.

Bogenoemde verteenwoordig die somtotaal van argeologiese navorsing wat voor die aanvang van die onderhawige projek oor die Ystertydperk in Marico gedoen is. Daar is voorheen dus nog geen sistematiese argeologiese studie van die Ystertydperk in Marico onderneem nie en daar bestaan ook geen chronologiese raamwerk vir die Latere Ystertydperk in die gebied nie. Van Hoepen en Hoffman (1935) se ondersoek op Buispoort en Braklaagte was 'n eenmalige ekskursie en het op 'n stadium plaasgevind toe die wetenskaplike studie van die Ystertydperk suid van die Limpoporivier nog nie werklik begin het nie. Mason en sy medewerkers se argeologiese ondersoeke in Marico waarna hierbo verwys is, was ook oorsigtelik van aard, sodat slegs 'n baie sketsmatige beeld van die voorgeskiedenis van die streek op grond daarvan gevorm kan word. Alhoewel hul opgrawings waardevolle inligting opgelewer het, was Rustenburgdistrik en die suidelike deel van die destydse provinsie Transvaal die eintlike fokus van hul navorsing. Insgelyks het hul lugfoto-opname van 'n gedeelte van die navorsingsgebied wel die aanwesigheid van 'n groot aantal klipbouvalkomplekse aan die lig gebring (kyk Mason 1968, 1986; Seddon 1968), maar dit is nie deur 'n uitgebreide vindplekopname ter plaatse opgevolg nie, sodat die aard en omvang van die Ystertydperkoorblyfsels in Marico tot voor die huidige ondersoek grootliks onbekend was. Ook die kulturele konteks van die metaalbewerkingsoorblyfsels, veral die rol daarvan in die ekonomiese stelsel van die Ystertydperkbewoners van Marico, blyk slegs in 'n beperkte mate uit die ondersoeke waarna hierbo verwys is.

Voorts handel al die vroeëre argeologiese navorsing in Marico oor terreine uit die laaste fase van die Latere Ystertydperk, dit wil sê oor die periode van ongeveer 1650 tot 1823. Oor die voorafgaande fase van die Latere Ystertydperk in Marico was daar geen inligting beskikbaar nie, sodat hier sprake van 'n *terra incognita*, 'n argeologies onbekende gebied, is. Selfs ten opsigte van die meer resente fase van die Latere Ystertydperk in Marico het die argeologiese ondersoek van Seddon (1968) en Mason (1986) gelei tot 'n omstrede bevinding oor die ligging van Kaditshwene, die eertydse hoofstad van 'n belangrike seksie van die Hurutshe aan die einde van die Ystertydperk, wat nie strook met hierdie stamgroepering se oorgelewerde mondelinge getuienis nie. Nietemin het die vroeëre navorsing reeds waardevolle inligting opgelewer wat as vertrekpunt vir hierdie studie kon dien.

5. MONDELINGE OORLEWERINGE AS INLIGTINGSBRON OOR DIE VOORGESKIEDENIS VAN MARICO

a. Waarde, betroubaarheid en interpretasie

Volgens die bekende antropoloog cum historikus, Jan Vansina (1985:193-194), kan mondelige oorleweringe as boodskappe ('messages') van die verlede beskou word wat op 'n bepaalde wyse van geslag tot geslag oorgedra word. Dit kan verskeie vorme aanneem, waaronder genealogieë en prysliedere of -gedigte die belangrikste is. Dit moet van mondelinge geskiedenis ('oral history')

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderskei word wat, aldus Henige (1982:2), soos volg gedefinieer kan word: '... the study of the recent past by means of life histories or personal recollections, where informants speak about their own experiences'. Hiervolgens lê mondelinge oorleweringe verder terug as die persoonlike herinneringe van segslui en verteenwoordig dit inligting wat reeds deur een of meer persone geïnterpreteer is (Vansina 1985:194). Ten opsigte van Marico strek die opgetekende mondelinge oorleweringe tot die vyftiende eeu terug (Breutz 1953).

Ondanks die leemtes van hierdie inligtingsbron, lê die waarde daarvan volgens Vansina (1985:196) daarin dat dit as vertrekpunt vir die studie van 'n bepaalde periode kan dien: 'Therefore oral traditions should be treated as hypotheses, and as the first hypothesis the modern scholar must test before he or she considers others. To consider them first means not to accept them literally, uncritically. It means to give them the attention they deserve, to take pains to prove or disprove them systematically for each case on its own merits.' Voorts vorm dit 'n brug tussen geskiedenis en voorgeskiedenis deurdat dit die naamlose verlede wat deur die argeologie opgediep word met histories bekende en herkenbare groepe en individue kan vul. Oorleweringe is ook 'n hulpmiddel by die opsporing van argeologiese terreine van historiese belang (Henige 1982:104). Voorts kan mondelinge oorleweringe die dokumentêre getuienis oor 'n bepaalde periode aanvul. Dit bied dikwels verklarings vir gebeurtenisse, byvoorbeeld botsings tussen inheemse groepe en koloniste, wat wel deur tydgenootlike skriftelike bronne aangeteken is, maar nie verstaan is nie. Die uniekheid van mondelinge oorleweringe as historiese bron lê aldus Vansina (1985:197-199) juis daarin dat dit 'inside information' verstrek wat die vooroordele van buitestanders balanseer wat die bron van die dokumentêre getuienis oor skriflose gemeenskappe is. Hy stel dit soos volg: '[A]s sources from the inside oral traditions are invaluable in contributing evidence and correcting basic biases in foreign historical interpretation...' (Vansina 1985:198-199).

Die historiese betroubaarheid van mondelinge oorleweringe as inligtingsbron word dikwels bevraagteken en die meeste navorsers is dit eens dat die historiese betroubaarheid van oorleweringe afneem hoe verder terug in die verlede gegaan word (Tosh 1991:222-223). Volgens Thomas Spear (1981:166-171) kan oorleweringe chronologies in drie periodes verdeel word, naamlik 'n vroeë mitiese of oorsprongsperiode, 'n middelperiode wat as 'n oktrooi ('charter') vir die bestaande sosiale orde of hede dien, en 'n resente periode wat die laaste drie of vier generasies dek en as 'n taamlik akkurate weergawe van die verloop van gebeure beskou kan word. Die oorleweringe wat op elk van hierdie periodes betrekking het, moet op 'n ander wyse benader of ontleed word aangesien dit 'n ander doel dien en deur 'n eie tydsperspektief gekenmerk word: 'The recent period uses linear time, relating remembered events in roughly the sequence they occurred; the middle period uses repetitive or cyclical time, relating recurring processes of lineage segmentation, age-set initiations, and investitures of rulers as events repeat themselves; while the period of origins is expressed in mythical time, where events of thousands of years are compressed within a single timeless moment' (Spear 1981:171).

'n Kenmerk van die sogenaamde genesisoorleweringe of ontstaansmites is dat feitlik geen groep *in situ* ontwikkel het nie, maar dat hulle gewoonlik van 'n verafgeleë gebied na hul huidige woonplek gemigreer het (Spear 1981:173). Verskille en ooreenkomste tussen groepe word dikwels met verwysing na 'n spesifieke insident verklaar, gewoonlik 'n twis tussen vader en seun, oom en kleinneef of tussen kroosgenote. Die oorsake vir sodanige geskille is gewoonlik 'implausibly trivial': nietige sosiale flaters, die eienaarskap van 'n onbenullige item of die verdeling van goedere van min waarde word dikwels aangevoer as die oorsake van die verreikendste gebeurtenisse, aldus Henige (1982:90). Volgens Vansina (1985:23-24) is die inligting oor die sogenaamde middelperiode

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dikwels die karigste. Dit vorm 'n gaping tussen die rykdom van inligting oor die mitologiese oorsprongsperiode en dié oor die meer resente geskiedenis. Hy verwys hierna as 'n 'floating gap' aangesien dit met die voortgang van die tyd verander; wat as die middelperiode beskou kan word, hang af van die tydstip waarop die oorleweringe opgeteken is, byvoorbeeld in 1820 of vroeg in die twintigste eeu.

Die betroubaarheid en interpretasie van mondelinge oorleweringe word ook deur terugvoering ('feedback'), selektiwiteit, herinterpretasie, die wyse van optekening en die bekwaamheid van die optekenaar, asook die geheue van die segslui, beïnvloed. In hierdie verband maan Ralushai ([s.a.]:1) na aanleiding van uitgebreide navorsing onder die Venda dat 'scholars working on oral tradition should not just 'swallow' information obtained from village professors (old men and women ...) on the assumption that age alone qualifies them to be a reliable source of information.' Dat die tekortkominge van die menslike geheue dikwels 'n deurslaggewende rol speel wat die kwaliteit van die inhoud van oorleweringe betref, is veral deur Coertze (1988:78) beklemtoon. Onder die Suidoos-Bantoe, waaronder die Tswana ingedeel word, is daar dan ook geen sogenaamde hofhistorici wat spesiaal met die taak belas is om die geskiedenis van 'n bepaalde stam of politieke groepering te memoriseer nie. Historiese kennis word veral tydens inisiasieseremonies of stamskole by die jeug ingeskerp. Nie almal wat aan hierdie historiese onderrig onderwerp word, stel noodwendig daarin belang nie. Andere weer het 'n aanvoeling daarvoor en ontwikkel mettertyd in sogenaamde ensiklopediese informante wat dikwels deur antropoloë en historici geraadpleeg word (vgl. Vansina 1985:55; Van Vuuren 1992:60, 65).

Selfs al sou daar vasgestel word dat 'n segspersoon oor 'n besondere geheue beskik, is daar nog verskeie faktore wat 'n invloed uitoefen op dit wat onthou word. 'n Vergelykende studie van mondelinge oorleweringe toon aan dat hierdie faktore universeel 'n uitwerking het en dus ook onder die Suidoos-Bantoe 'n rol behoort te speel. Van die belangrikste is selektiwiteit en (her)interpretasie. In hierdie verband merk Van Warmelo (1974:57-58) tereg op dat mondelinge oorleweringe heeltemal van gewone geskiedenis of geskiedskrywing onderskei moet word in dié sin dat dit nie gemik is op 'n soeke na die waarheid of 'n onbevange begrip van die verlede nie: 'Why certain things should be remembered is often not clear, but the main function is clear enough, viz. to explain the status quo and validate claims to power, land, privileges, etc, in other words to remind oneself and others *who is who*.' Volgens hom bepaal mag nie alleen die verloop van die geskiedenis nie, maar ook die amptelike weergawe daarvan. Opponerende weergawes van die geskiedenis word dikwels onderdruk, sodat mondelinge inligtingsbronne gewoonlik op die leiers of heersersgroep in 'n gemeenskap betrekking het.

Volgens Vansina (1985:190-191) geskied die seleksie en (her)interpretasie van wat as belangrik beskou word om sosiale of politieke redes wat in die historiese bewussyn van die hede gewortel is. Daardeur word 'n beeld van die verlede geskep wat van betekenis vir die hede is en ooreenstem met die bestaande siening van die samelewingsorde. Vansina (1985:191) verwerp egter die standpunt dat vanweë hierdie subjektiewe faktore daar geen historiese getuienis ('evidential value') in oorleweringe opgesluit is nie. Seleksie en herinterpretasie vind nie in 'n vakuum plaas nie en elke generasie vind nie elke keer 'n splinternuwe geskiedenis uit nie, maar selekteer uit die oorgelewerde bronne en herinterpreteer aan die hand van die hede. Daar is dus wel 'n mate van beperking op die wyse waarop die oorgelewerde tradisies verdraai en gemanipuleer kan word om die hede te dien. Resente oorleweringe wat een tot twee generasies verder terug as die oudste lewende segslui strek, word minder deur hierdie faktore geraak as ouer tradisies.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terugvoering van of kontaminering deur ander bronne ('feedback') is 'n ander probleem wat by die interpretasie van mondelinge oorleweringe in gedagte gehou moet word (Henige 1982:81). In hierdie verband is veral die invloed van die Westerse kolonisasieproses en die daarmee gepaardgaande sendingaksie van belang. Die Bybel en tot 'n mindere mate ook die Koran is die mees algemene bronne wat 'n invloed op oorleweringe uitgeoefen het. Voorts het die optekening van mondelinge oorleweringe en die samestelling van geskiedenisse vir die inheemse groepe, asook die opvoedkundige blootstelling van segslui, 'n nuwe beïnvloedingsbron geskep waaraan waarskynlik alle mondelinge bronne onderhewig is. Soos Henige (1982:85) opmerk: 'Uncontaminated oral tradition simply does not exist any more, except possibly in the remote areas of Amazonia, the Philippines, or New Guinea.' 'Terugvoering' is natuurlik nie net tot die invloed van geskrewe bronne op mondelinge oorleweringe beperk nie, maar bronne van kontaminasie wat uit vroeëre eras dateer, kan nie maklik opgespoor word nie.

Die samestelling van chronologiese raamwerke aan die hand van mondelinge oorleweringe is ingewikkeld en teleskopering (verkorting) en verlenging van genealogieë kom redelik algemeen voor. Volgens Henige (1982:99) lyk dit op die oog af of toevoeging of verfraaiing van genealogieë meer dikwels as verkorting of teleskopering voorkom, maar in die praktyk is dit makliker om toevoegings op te spoor as weglatings. Daar moet egter in gedagte gehou word dat toevoegings juis plaasvind omdat sommige voorouers vergeet word. Hierdie toevoegings kan verskeie vorme aanneem, byvoorbeeld die duplisering van name, die kombinering van variante genealogiese lyste, die inkorporering van meer as een naam vir dieselfde persoon in 'n afstammingslys en die insluiting van die name van regente. Dit geskied ook dikwels vanweë redes wat op die hede betrekking het, onder andere om grond- en ander aansprake te onderskraag (Henige 1982:99). Hierteenoor is teleskopering moeiliker om te bepaal en het dit gewoonlik op die sogenaamde middelperiode van oorleweringe betrekking. Oorsprongsmites word gewoonlik volledig uiteengesit, terwyl die resente verlede nog goed onthou word (Henige 1982:100-101).

By die samestelling van chronologieë op grond van sodanige genealogiese lyste word daar gewoonlik aan generasies en regeringstydperke 'n gemiddelde duur toegeken. In Afrika-samelewings word die gemiddelde generasieduur op 25-30 jaar bereken en die gemiddelde regeringstydperk tussen 15-35 jaar (Henige 1982:97, 101). Dit is 'n egter gemiddelde berekening en kan nie gebruik word om die generasie of regeringstydperk van 'n spesifieke ampsdraer te bepaal nie. As voorbeeld verwys Henige (1982:98) na die gemiddelde regeringstydperk van Engelse konings tussen 1056 en 1951 wat op 22.3 jaar bereken is, terwyl in werklikheid slegs twee van die 39 regeerders tussen 22 en 23 jaar geregeer het. Chronologiese berekenings word ook soms op grond van die inisiasiesiklus van ouderdomsgroepe gemaak, aangesien die inisiasieskole gewoonlik met vasgestelde tussenposes plaasvind (Henige 1982:102). In Suid-Afrika geld dit veral die Suid-Ndebele wat oor 'n roterende of sikliesbenaamde stelsel van ouderdomsgroepe beskik, anders as die Sotho-Tswana wat oor 'n lineêre stelsel beskik waarin die name van ouderdomsgroepe voortdurend verander en chronologiese afleidings bemoeilik word (kyk Van Vuuren 1992:101).

Soms word natuurrampe soos droogtes gebruik om chronologiese afleidings te maak (Henige 1982:102-103; Vansina 1985:188-189). Ofskoon omgewingsfaktore ongetwyfeld 'n belangrike invloed op die verloop van historiese gebeure uitgeoefen het en verwysings in oorleweringe na ekologiese rampe as oorsaak vir sosio-politieke prosesse nie geïgnoreer mag word nie, is dit volgens Henige (1982:90) slegs betroubaar indien die voorkoms daarvan uit ander bronne bevestig kan word. Rekening moet daarmee gehou word dat hierdie natuurrampe dikwels as metafore ingespan kan word om belangwekkende historiese gebeurtenisse te verklaar. Dit is veral die geval onder

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeenskappe wat vir hul welsyn geheel en al van tydige en genoegsame reën afhanklik is. Sodoende word droogtes en hongersnood as verklarings of oorsake vir enige negatiewe gebeurtenis voorgehou, hetsy politieke onenigheid, oorloë, gedwonge bevolkingsverhuisings of ander rampspoede. 'Whenever this is true, recalling a famine is simply an integral part of recalling any calamity', aldus Henige (1982:90).

'n Presiese korrelasie tussen mondelinge oorleweringe en argeologiese data is selde moontlik, en in Afrika-argeologie word daar volgens Schmidt (1990:255) van die veronderstelling uitgegaan dat die akkuraatheid en geldigheid van mondelinge oorleweringe deur argeologiese getuienis bevestig en geverifieer moet word en dat 'oral traditions are *ipso facto* the more unreliable and questionable of the two data sets'. Die keersy is egter ook waar, enersyds omdat dit moeilik is om argeologiese oorblyfsels aan bepaalde groepe te koppel wat in die oorleweringe genoem word, en andersyds omdat die daterings wat uit argeologiese navorsing voortspruit, selde so presies is dat dit gekorreleer kan word met die datums wat met behulp van die generasiemetode verkry is. Dit geld veral ten opsigte van radiokoolstofdatums wat gewoonlik 'n statistiese afwyking toelaat wat 'n presiese korrelasie met 'n bepaalde leier of generasie in 'n genealogie feitlik onmoontlik maak (Henige 1982:103).

In die finale instansie lê die waarde van oorleweringe waarskynlik daarin dat dit breë historiese prosesse of tendense aandui wat argeologies ondersoek kan word. Schmidt (1990:270) som dit soos volg op: 'If we have learned anything of this endeavour to marry oral traditions with archaeology, it is the lesson that oral traditions often identify processes of transformation, and are symbolic renderings of historical manipulations that mark changes in political and economic power.' Kortom, mondelinge oorleweringe en argeologiese data kan mekaar aanvul, maar dan moet die kompleksiteit van elke inligtingsbron in ag geneem word om sodoende te verhoed dat 'as solid fact' aanvaar word 'those things that are only based on recognisably incomplete data' (Henige 1982:105).

b. Die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe

Dit blyk uit 'n literatuurverkenning dat mondelinge oorleweringe as inligtingsbron nie net in die vroeëre argeologiese navorsing oor Marico verwaarloos is nie, maar ook in die hele konseptualisering van die sogenaamde 'Oori'- of Molokotradisie wat, soos hierbo aangedui is, met die voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana verbind word. Nóg Mason, nóg Evers het aangedui in watter mate hulle rekonstruksie van die oorsprongsgeskiedenis van die Sotho-Tswana met die opgetekende mondelinge oorleweringe van hierdie taalkundige groepering korreleer. Ten opsigte van die voorgeskiedenis van veral die sentrale gedeelte van Marico is dit opvallend dat daar in die oorleweringe hoofsaaklik na een Tswanagroepering, naamlik die Hurutshe, verwys word. Soos in die rekonstruksie van bewoningsfases in hoofstuk II aangetoon sal word, is die verwysings in die opgetekende mondelinge oorleweringe dat 'n ander Tswanagroep, die Rolong, die suide van Marico in voorhistoriese tye bewoon het, vaag en teenstrydig. Dieselfde geld ten opsigte van 'n vroeë bewoning van die suidoostelike deel van Marico deur die Lete, 'n Tswanasprekende groep van vermeende Ndebeleherkoms. Die opgetekende mondelinge oorleweringe van Suidoos- en Sentraal-Marico dui dus op 'n minder komplekse etniese geskiedenis en bevolkingsamestelling gedurende die Ystertydperk as in byvoorbeeld Soutpansberg, die Nasionale Krugerwildtuin en in die omgewing van Phalaborwa (kyk Loubser 1989; Meyer 1986; Pistorius 1989).

Die Hurutshe maak deel uit van die breë taalkundige groepering onder die Suidoos-Bantoesprekendes in Suid-Afrika wat as die Sotho-Tswana bekend staan. Hierdie groepering sluit

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Noord-Sotho in veral die Noordelike Provinsie en Mpumalanga, die Suid-Sotho in Lesotho en die Vrystaat en die Tswana of Wes-Sotho in Suid-Afrika en Botswana in. Die historiese Sotho-Tswana word gekenmerk deur 'totemism, the possession of cattle, with a cattle complex and extensive cattle terminology, a type of round hut with conical roof, and the pre-emptive right of men to marry their maternal cousins' (Van Warmelo 1935:96). Die Tswana kan weer in twee geografiese groepe verdeel word, naamlik die Oostelike Tswana en die Westelike Tswana. Die Hurutshe maak deel uit van laasgenoemde groep (Schapera 1953:10; Van Warmelo 1935:103).

Volgens Van Warmelo (1974:72) beteken die woord Basotho waarskynlik 'swart mense'. Die presiese betekenis of etimologie van die benaming Batswana is egter onseker en dit is ook nie bekend van wanneer af dit as oorkoepelende groepsnaam gebruik is nie. Die eerste optekening daarvan dateer uit die jaar 1779 toe die reisiger R.J. Gordon die benaming 'Moetjooaanas' op 'n kaart en 'n waterverfskets aangebring het (Legassick 1969:96; Saunders 1966:69). Die mees waarskynlike oorsprong van die benaming Batswana of *Bêtswana* is volgens Cole (1955:xxi-xxii) die wederkerige werkwoordstam '*tswana/itswana*', wat 'uitkom of uitgaan van mekaar' of 'verdeel' ('separate') beteken. Die werkwoordstam *tswana* is eintlik die verkleiningsvorm van die werkwoordstam *-tswa*, en Batswana die verkleiningsvorm van *Batswa*, wat as 'little offshoots' of 'separatists' vertaal kan word. Hiervolgens kan die benaming Tswana dui op die afskeiding van die Tswana van die 'main Bantu (or Sotho) stock to which they originally belonged, or to the separation from one another of the various tribes which we know today' (Cole 1955:xxi). Wat ook al aard van die oorspronklike vorm waaruit die Sotho-Tswanataalkompleks ontwikkel het, is dit nietemin insiggewend dat Tswana as die suiwerste vorm daarvan behoue gebly het. In 'n onlangse studie van isiXhosa en Setswana as verteenwoordigers van die Nguni- en Sothotaalfamilies merk Louw en Finlayson (1990:404) op: 'Tswana has been selected for this study since it shows the least foreign influence of all the Sotho languages. Southern Sotho (SehaMoshweshwe) has been strongly influenced by Nguni, while Northern Sotho to the north and east shows influence from other non-Sotho languages and consequently is different from Tswana.'

Hoewel hul genealogiese verband met veral die Rolong en die Kgatla onseker is, word die Hurutshe onder die Tswana as die mees senior groepering beskou (Lestrade 1928:427). Hierdie senioriteit berus hoofsaaklik op afkoms, aangesien daar aangevoer word dat die Hurutshe afstam van die mees senior nasaat van Malope, die voorouer van verskeie Tswanastamme soos die Kwena, die Ngwato en die Ngwaketse (Lye & Murray 1980:26; Manson 1986:2). Hierdie senior genealogiese rang van die Hurutshe is reeds so vroeg as 1835 deur die reisiger Andrew Smith aangeteken (Lye 1975:245). Die senioriteit van die Hurutshe blyk ook uit die voorrang wat hulle tot in historiese tye ten opsigte van sekere rituele aangeleenthede geniet het. So, byvoorbeeld, moes die Hurutshe ander Tswanagroeperinge voorgaan tydens die fees van die eerste vrugte (*go loma thôtsê*) en was hulle gemagtig om jaarliks die beste bulle van ander Tswanastamme te kies voordat die bulle van swak gehalte gekastreer kon word (*go fagola dipôô*). Indien 'n Mohurutshe die inisiasieskool van 'n ander Tswanastam bygewoon het, is hy ook vanweë sy rang eerste besny (Breutz 1975:5; Coertze 1990:24; Jensen 1947:176; Manson 1986:2). Dit was juis gedurende die inisiasieskole dat die inisiante in die geskiedenis van hul linie en stam onderrig is.

Aangesien daar in hierdie studie op die reeds opgetekende mondelinge oorleweringe van veral die Hurutshe gesteun sal word, is dit nodig om die historiese konteks te skets waarin dit ingesamel is ten einde die historiese waarde daarvan te evalueer. 'n Gunstige oorweging is dat die Hurutshe een van die Tswanagroepe is oor wie daar reeds op 'n baie vroeë stadium deur reisigers en sendelinge berig is. Die eerste mondelinge getuienis oor die voorgeskiedenis van die Hurutshe is deur John

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Campbell tydens sy besoek aan Kaditshwene in 1820 opgeteken. Dit bestaan uit 'n lys van 11 'Marootzee kings' wat strek vanaf 'Maseelway' (*Masilwê*) tot die regent 'Liqueling' (*Diutlwilêng*) (Campbell 1822[i]:242). Dit dien as 'n belangrike kontrole vir die latere genealogiese lyste van regeerders wat opgeteken is en beteken dat hierdie faset van die Hurutshe se voorgeskiedenis met 'n groot mate van vertroue tot ten minste vier generasies voor 1820 teruggevoer kan word. Die sogenaamde 'middelperiode' in die oorleweringe van die Hurutshe skuif dus terug en die tydperk wat uiteindelik met die argeologiese data gekorreleer kan word, word daardeur aansienlik verleng.

Soos in hoofstuk II, afdeling 5 en 6, aangetoon sal word, is die sendingpoging onder die Hurutshe in Marico deur die impak van die *difaqane* ontwrig en was die Hurutshe genoodsaak om die gebied tydelik te verlaat. Na hul terugkeer in 1848 het hulle ook nooit weer hul verwoeste hoofstad, Kaditshwene, bewoon nie. Hierdie periode van ontwrigting het nie net die insameling van verdere etnohistoriese data oor die Hurutshe bemoeilik nie, maar waarskynlik ook die oordrag van historiese kennis in eie geledere belemmer, omdat so baie stamlede en -leiers omgekom het en die hou van inisiasieskole tydens hul omswerwinge en verstrooiing nie gereeld plaasgevind het nie.

Dit was eers nadat die Hermannsburgse sendelinge hulle in die sestigerjare van die vorige eeu by Dinokana, die nuwe hoofsetel van die Hurutshe in Marico, gevestig het dat daar weer pogings aangewend is om hul oorleweringe op te teken. Die aanvanklike optekenaars was sendelinge en regeringsamptenare wat geen formele skoling in hierdie tipe navorsing gehad het nie en dit as 'n neweproduk van hul eintlike werksaamhede gesien het. In hierdie verband kan twee publikasies genoem word wat in 1905 verskyn het, naamlik die Transvaal Native Affairs Department se *Short History of the Native Tribes of the Transvaal* en R.H. Massie van die War Office se *The Native Tribes of the Transvaal*, 'n verwerking van eersgenoemde. Albei publikasies berus op mondelinge getuienis wat deur plaaslike sendelinge en 'naturellekommissarisse' onder die Hurutshe ingesamel is. Hoewel hulle nie onder die Hurutshe sendingwerk gedoen het nie, het John Brown (1926) in sy *Among the Bantu Nomads* en A.J. Wookey (1945) se *Dicò tsa Secwana* belangrike etnohistoriese inligting oor hierdie en ander Tswanagroepe beskikbaar gestel. Voorts is die bydrae oor die Hurutshe in die *Short History* in hersiene vorm in 1947 in *African Studies* gepubliseer op grond van nuwe inligting wat reeds in 1922 deur die Hermannsburgse sendeling, F.H.W. Jensen, en die naturellekommissaris van Zeerust verstrek is. Jensen het sy vader, Thomas Jensen, een van die eerste sendelinge onder die Hurutshe by Dinokana, opgevolg. Hy het ook enkele prysgedigte van die Hurutshe opgeteken wat waardevolle inligting oor die regeringstydperke van verskeie stamhoofde bevat (Breutz 1953:28-35; Jensen 1929). Die volledigste opgawe van die mondelinge oorleweringe van die Lete, die vroeë bure van die Hurutshe in Marico, is deur Vivien Ellenberger (1937, 1954) opgeteken.

Hierdie bronne het 'n basis gebied vir die navorsing van die staatsetnoloog, P.-L. Breutz, wat veral sedert die vyftigerjare op 'n meer sistematiese wyse mondelinge oorleweringe onder die Hurutshe en ander Tswanagroeperinge opgeteken het. Breutz het verskeie monografieë oor die Tswana voltooi, waarvan *The Tribes of Marico District*, wat in 1953 verskyn het, veral vir hierdie studie van belang is. Samevattings van sy vroeëre navorsing is in 1975 in 'n ongepubliseerde verslag, *'n Etniese Oorsig van die Tswana*, en in 1989 in die kompilasiewerk, *A History of the Batswana and Origin of Bophuthatswana*, gepubliseer. *The Tribes of Marico District*, wat terselfdertyd ook die omvattendste etnografiese werk oor die Hurutshe verteenwoordig, bevat die mondelinge oorleweringe van verskeie stamgroeperinge onder die Hurutshe waarin onder meer die genealogieë van die heersende linies, die wel en wee van die verskillende regeerders en lyste van die stamskole

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangedui word. Die wetenskaplike optekening van die mondelinge oorleweringe van die Tswana is dus by uitstek deur antropoloë gedoen.

Die mondelinge oorleweringe wat deur Breutz opgeteken is, vorm die basis van die rekonstruksie van die bewoningsfases in hoofstuk II. Ten spyte van onmiskenbare leemtes bly sy monografieë 'n primêre en onvervangbare inligtingsbron oor die voorgeskiedenis van die Hurutshe en Marico, aangesien dit op uitgebreide antropologiese veldwerk berus waarin segslui van verskillende Hurutsheseksies en ander Tswanastamme ondervra is. Onder die leemtes is daar in die eerste instansie metodologiese tekortkominge, wat verstaanbaar is aangesien die wetenskaplike studie van mondelinge oorleweringe ten tye van sy navorsing nog in sy kinderskoene was. Jan Vansina se baanbrekerswerk, *Oral Tradition*, het byvoorbeeld eers verskyn nadat Breutz sy veldwerk voltooi het. Benewens sy inkonsekwente en dikwels foutiewe ortografie ten opsigte van veral die optekening van inheemse plekname, het Breutz ook geen oorspronklike Tswanatekste van die oorleweringe opgeteken nie, anders as in die geval van sy kollega, N.J. van Warmelo, wat hoofsaaklik onder die Venda navorsing gedoen het. Dit is dus moeilik om te bepaal in watter mate sy eie interpretasie met dié van sy segslui se weergawe van die oorleweringe vervleg is.

In die tweede instansie het die optekening binne 'n wetenskaplike en polities-historiese raamwerk geskied waarin daar van die veronderstelling uitgegaan is dat Bantoesprekendes relatief laat intrekkers suid van die Limpopo was, dat hulle suidwaartse verspreiding in migrasiegolwe geskied het, en dat hulle nie daartoe in staat was nie om komplekse sosiale eenhede tot stand te bring waarvan klipruïnes soos Groot-Zimbabwe getuig het (Hall 1990:65-67). Aangesien die radiokoolstofdateringsmetode nog skaars ontwikkel was, was daar nie 'n onafhanklike chronologiese toetsmeganisme geredelik beskikbaar nie en is die opvatting wyd verkondig dat Bantoesprekendes die Kaapse oosgrens nie lank voor die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 bereik het nie.

Dit is binne hierdie konteks dat die volgende stellings van Breutz (1953:16, 1955:22-23) oor die bouers van die klipmuurkomplekse van Marico en omliggende gebiede beoordeel moet word: 'It is not certain who the inhabitants of the ruined cities were, but apparently the country belonged to the king Monomotapa before 1500 as is indicated on all maps of the 17th and 18th century. Monomotapa's people still inhabited the stone structures in the present Matebeleland in Southern Rhodesia in 1500, whereas the ruins of Mashonaland belong to a much older culture' en 'As stone kraals are not characteristic of either Bantu or Nilo-Hamitic peoples, these stone structures may perhaps be attributed to some Hamitic or Semitic race.' Hoewel Breutz se standpunt, waaraan hy terloops tot op hede bly vasklou het (kyk Breutz 1989:3), sedertdien deur die resultate van verskeie argeologiese navorsingsprojekte oor die Ystertydperk weerlê is, hou dit tog belangrike implikasies in vir die benutting van die mondelinge oorleweringe wat deur hom opgeteken is. Sy verwerping van onder andere die getuienis van Hurutshesegslui dat hulle voorouers die bouers van die klipmuurkomplekse in Marico was (kyk Breutz 1953:15), bring naamlik mee dat sy aanduiding van die ligging van hul vroeëre woonplekke vaag is, wat op sy beurt weer die argeologiese opsporing en identifisering daarvan bemoeilik het, soos in hoofstuk IV in verband met die ligging van Kaditshwene aangetoon sal word.

Ofskoon Legassick (1969) en Manson (1990) reeds enigermate probeer het om 'n sintese van veral die mondelinge oorleweringe te maak wat deur Breutz opgeteken is, was die voorgeskiedenis van die Hurutshe en Marico nie die primêre fokus van hul ondersoek nie en is hul uiteensettings derhalwe oorsigtelik. Legassick se bydrae, *The Sotho-Tswana Peoples before 1800*, wat in 1969 in 'n versameling historiese studies onder die redaksie van Leonard Thompson verskyn het, dek

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uiteraard veel meer as net die voorgeskiedenis van die Hurutshe, maar sy interpretasie van die historiese prosesse en kragte wat 'n rol onder die Tswana sedert ongeveer 1500 gespeel het, kan in 'n groot mate ook op die Hurutshe van toepassing gemaak word. Volgens Legassick (1969:107) was die dominante historiese proses onder die Sotho-Tswana vanaf 1500 tot die begin van die agtiende eeu een van die 'fragmentation of a number of chiefdoms into lineage-clusters which dispersed themselves widely over the present Transvaal and northern Orange Free State'. Hoewel fragmentering of 'fission' nog steeds voortgeduur het, het die amalgamasie van gemeenskappe in 'konfederasies' vanaf die agtiende tot die begin van die negentiende eeu die dominante proses geword. Oor die periode voor 1500 kan daar volgens Legassick (1969:119, 121) min uit die oorleweringe afgelei word, behalwe dat die Sotho-Tswana toe reeds baie van hul onderskeidende kulturele kenmerke moes ontwikkel het.

In 'n oorsig van die geskiedenis van die Hurutshe voor die *difaqane* in sy doktorale proefskrif, *The Hurutshe in the Marico District of the Transvaal, 1848-1914*, onderskei Andrew Manson (1990:36-50) drie periodes, naamlik 'n tydperk van sowel verdeling as sentralisasie tussen ongeveer 1200 tot 1750, 'n periode van sentralisasie en staatsvorming tussen ongeveer 1750 en 1790, gevolg deur 'n periode van onderlinge konflik tussen Tswanagroepe tussen 1790-1820. In die uiteensetting van bewoningsfases in hoofstuk II sal daar op die ooreenkomste met Manson se chronologiese indeling, asook die basis van die verskille daarmee, gewys word. Dit is ook van belang dat hy bevind het dat die moontlikheid gering is om substantiewe nuwe mondelinge oorleweringe oor die periode voor die middel van die negentiende eeu onder die Hurutshe op te teken: 'Oral records were of very limited value in the period prior to this - in the middle and latter decades of the nineteenth century - as most informants repeated interpretations of traditions written up by Jensen (a H.M.S. missionary), and the ethnologists Breutz and Lestrade in the first half of this century' (Manson 1990:27). Hierdie bevinding is tydens onlangse veldwerk bevestig, sodat my eie ondervraging van Hurutshesegslui hoofsaaklik tot die lokalisering van argeologiese terreine en die optekening van plekname beperk is.

6. DOKUMENTÊRE BRONNE OOR MARICO IN DIE VROEË NEGENTIENDE EEU

Soos reeds op gesinspeel is in die verwysing na John Campbell se besoek aan Kaditshwene in 1820, is 'n derde inligtingsbron vir hierdie ondersoek van belang, te wete die kontemporêre dokumentêre getuienis oor die vroeë negentiende-eeuse geskiedenis van Marico. Hierdie geskrewe getuienis oor Marico was hoofsaaklik van sendelinge en, in 'n mindere mate, van reisigers, avonturiers of handelaars afkomstig. Hoewel vroeëre verwysings na die Hurutshe deur Lichtenstein (1815:408) in sy reisjoernaal van 1805, Burchell (1824:399) tydens sy reis na die binneland in 1812, en Campbell (1815:217) tydens sy besoek aan Dithakong in Julie 1813 aangeteken is, is laasgenoemde se joernaal van sy besoek aan die Hurutshehoofstad, Kaditshwene, in Mei 1820 die eerste skriftelike ooggetuieverslag van die eindfase van die Ystertydperk in Marico. Hierdie bron is, soos aangedui is, reeds enigemate deur Mason benut in sy studie van die klipbouvalkompleks op die Vergenoegdrant ten suide van Zeerust.

Campbell se reis na Kaditshwene het gevolg na aanleiding van gerugte oor die rykdom van hierdie Tswanagroep en was daarop gemik om die moontlikheid van die stigting van 'n sendingstasie aldaar te ondersoek. Sy waarnemings en wedervaringe onder die Hurutshe van Kaditshwene van 4 tot 12 Mei 1820 is opgeteken in meer as 50 bladsye in sy joernaal wat in 1822 gepubliseer is (Campbell 1822 [i]:222-277). Die ongepubliseerde manuskrip van die reisverslag (MSB77) wat in die Suid-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar word, dien as 'n aanvullende bron van inligting oor die geskiedenis en leefwyse van hierdie gemeenskap aan die einde van die Ystertydperk. Daarbenewens bevat die Campbellversameling in die Suid-Afrikaanse Biblioteek ook 'n aansienlike getal ongepubliseerde waterverfsketse waarin die hoofstad van die Hurutshe, die omgewing, woonstrukture en aspekte van hul leefwyse uitgebeeld word. Hierdie sketse is van meer historiese waarde as die sketse wat in Campbell (1822[i]) se joernaal gepubliseer is, aangesien laasgenoemde deur die graveerder artisties 'verbeter' is en gevolglik 'n minder getroue weergawe van sy waarnemings verteenwoordig. Dit was van deurslaggewende belang in die bepaling van die korrekte ligging van Kaditshwene (kyk hoofstuk IV), asook in die beskrywing van die leefwyse van die nedersetting se eertydse bewoners (kyk hoofstuk VI).

Hoewel dit nie altyd eksplisiet vermeld hoef te word nie, is dit noodsaaklik dat hierdie primêre dokumente, waaronder reisbeskrywings, voortdurend aan inwendige bronnekritiek onderwerp word waarin die bevoegdheid of vermoë van die skrywers om die waarheid te vertel en waarnemings te maak, asook hulle geloofwaardigheid, in berekening gebring word (kyk Tosh 1991:59-65). Oorweging moet onder andere geskenk word aan die skrywers se kennis van die taal en kultuur van die groepe waaroor hulle berig, hulle waarnemingsvermoë, of hulle ooggetuies was, asook hoe gou hul reisindrukke na die belewing daarvan opgeteken is. Pelzer (1967:71-72) laat hom soos volg hieroor uit: 'In 'n reisbeskrywing word in die reël altyd so 'n wye terrein betree dat selfs die deskundige en wyd geskoolde plek-plek moet faal, want niemand kan oor so 'n verskeidenheid fasette gesaghebbend oordeel nie. 'n Reisbeskrywing stel buitendien besonder swaar eise. Om kaleidoskopies te beweeg, telkens voor 'n geheel nuwe situasie geplaas te word en dan tog elke keer 'n rype en weldeurdagte oordeel uit te spreek, is haas onmoontlik. Daarby is dit 'n vorm van geskiedskrywing waarby menslike emosies moeilik heeltemal onderdruk kan word. Die neiging om 'n subjektiewe oordeel uit te spreek, al is dit ook onbewus en onopsetlik, is haas onontwykbaar. Maar ten spyte van dit alles is daar in elke reisbeskrywing, selfs die wat deur 'n volslae leek op 'n onbeholpe en gebrekkige wyse saamgestel is, selfs al is dit deurspek met vooroordeel, iets wat van waarde is.'

Dit is dus wel moontlik dat John Campbell se beskrywing van Kaditshwene deur sy sendingywer gekleur is; trouens, daar kan uit 'n opmerking van die sendeling Robert Moffat van Kuruman afgelei word dat die sendeling Stephen Kay na afloop van sy besoek aan Kaditshwene die volgende jaar kritiek uitgespreek het oor die rooskleurige prentjie wat Campbell van die Hurutshe geskilder het. Moffat het naamlik in hierdie verband aangeteken: 'He [Kay] read to us his account of his Maharootze journey, where he animadverts very sharply on our friend, Mr. Campbell. I cautioned him against it. He promised to soften some of his expressions before he sent it to the Committee' (Schapera 1951:34). Volgens Legassick (1970:275) was Kay 'inspired by Campbell's account of the interior', maar is hy waarskynlik deur die toestand onder die Tswana en die vooruitsigte op sendingwerk ontnugter. Ook Moffat was nie oortuig van Campbell se optimisme oor die uitbreiding van die sendingaksie na die Hurutshe nie, soos blyk uit 'n skrywe van hom in Januarie 1821: 'I may add that it is a pity that Mr. Campbell does not know the present state of Lattakoo [Dithakong]. It would save him building so many castles in the air about the Maharootze nation, who are now involved in war with the surrounding tribes and declare that that they will not lay down arms till they have drunk Macabba's [Makaba, die stamhoof van die Ngwaketse] blood' (Schapera 1951:13).

Stephen Kay was 'n sendeling van die Wesleyaanse Metodistekerk, en 'n verslag van sy besoek aan Kaditshwene van Augustus 1821 is in 1834 in sy boek, *Travels and Researches in South Africa*, gepubliseer. Dit vorm 'n waardevolle inligtingsbron, veral wanneer dit met Campbell se joernaal

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergelyk word. Die feit dat Kay se beskrywing van sy besoek aan Kaditshwene so lank na afloop daarvan verskyn het en die datum daarvan nie daarin vermeld word nie, het Mason (1986:655, 848) enigermate laat twyfel of dit inderdaad plaasgevind het, soos blyk uit die volgende opmerkings van hom oor die aangeleentheid: 'The missionary Stephen Kay claims to have visited Kaditshwene the year after Campbell, and published a Tswana hut plan which may have been copied from Burchell' en 'John Campbell was the first and last white man to visit Kaditshwene, and the only white man to see a functioning Transvaal Late Iron Age settlement. Shortly after Campbell, a second missionary claimed to have visited Kaditshwene'. 'n Aantal dagboekinskrywings oor sy besoek aan Kaditshwene het egter behoue gebly in 'n ongepubliseerde brief wat Kay op 20 Augustus 1821 aan die direkteure van sy sendinggenootskap gerig het (Wesleyan-Methodist Missionary Society [W.M.M.S], Box I, File 1821). Dit korreleer met die gegewens in die latere publikasie van sy reisjoernaal en toon aan dat hy Kaditshwene op 9 Augustus 1821 bereik het en weer op 14 Augustus 1821 daarvandaan na die Ngwaketse in die teenswoordige Botswana vertrek het. Moontlik het Kay ook op sy terugreis op 20 Augustus 1821 by Kaditshwene aangegaan.

Berigte oor die aanvalle op en verwoesting van Kaditshwene tydens die *difaqane*, sommige afkomstig van Bahurutshe wat ooggetuie daarvan was, het Robert Moffat, 'n sendeling onder die Tlhaping by Kuruman, en Thomas Hodgson, die Wesleyaanse sendeling onder die Barolong booSeleka by Matlwase, vanaf 1823 bereik en word in hul briewe vermeld (vgl. Cope 1977; Schapera 1951). Die Hurutshe van Kaditshwene, wat tydens hierdie onrusperiode na Mosega gevlug het, is ook deur Moffat en die handelaars Robert Scoon en William McLuckie aldaar besoek, nog voordat die Franse sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap in 1831 met hul sendingwerk op Mosega begin het (vgl. Chase 1830). Hul verslae, tesame met dié van die Franse sendelinge wat in die *Journal des Missions Évangéliques de Paris* opgeneem is, asook die latere reisbeskrywings van onder meer Andrew Smith en William Cornwallis Harris, werp interessante lig op die toestand in Marico en die lotgevalle van die Hurutshe tydens die *difaqane*, dit wil sê op die oorgang van die voorhistoriese na die historiese tydperk (kyk Harris 1852; Kirby 1939, 1940; Lye 1975). Kortom, daar is 'n verskeidenheid van tydgenootlike dokumentêre bronne wat lig kan werp op die latere voorgeskiedenis van die Hurutshe en Marico, maar wat tot nog toe grootliks onontgonne was.

7. SLOT

Ideaal gesproke, veronderstel hierdie interdissiplinêre studie 'n navorsingstrategie waarvolgens die bestaande argeologiese inligting eers verwerk word, waarna die mondelinge oorleweringe en dokumentêre getuienis oor die gebied en periode ondersoek word, voordat daar tot die argeologiese vindplekopname, opgrawings en analises oorgegaan word met die oog op die uiteindelike vergelyking en sintese van die verskillende datakontekste. In die praktyk was dit egter nie altyd 'n eenlynige navorsingsproses nie en was daar net soos tussen data en teorie, ook 'n voortdurende wisselwerking tussen argeologiese veldwerk, die ontleding van die opgetekende mondelinge oorleweringe, dokumentêre navorsing, interpretasie en probleemformulering. In die aanbieding van die navorsingsresultate word nietemin probeer om die inligting van elke datakonteks afsonderlik te evalueer voordat 'n vergelyking en sintese voorgehou word. In hoofstuk II word 'n rekonstruksie van bewoningsfases aan die hand van die opgetekende mondelinge oorleweringe en kontemporêre dokumentêre getuienis aangebied. Daarna volg 'n uiteensetting van die eerste fase van die argeologiese veldondersoek in hoofstuk III, wat 'n beskrywing van die omgewing en die resultate van die vindplekopname insluit. In hoofstuk IV word die dispuut wat rondom die ligging en naam van Kaditshwene, die vroeë negentiende-eeuse hoofsetel van die Hurutshe, ontstaan het, aan die


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hand van mondelinge oorleweringe, pleknaamkundige ondersoeke, dokumentêre getuienis en argeologiese data behandel. Hoofstuk V bevat 'n beskrywing van die opgrawings, opmetings, daterings en vondste-analises van geselekteerde vindplekke wat argeologies nader ondersoek is. In hoofstuk VI word aspekte van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico met behulp van die verskillende inligtingsbronne en etnografiese analogieë gerekonstrueer, asook patrone van kulturele kontinuïteit en/of verandering bespreek wat in die argeologiese rekord geïdentifiseer is. In die slothoofstuk word die kultuurhistoriese raamwerk vir Suidoos- en Sentraal-Marico afgerond deur die bewoningsfases wat aan die hand van die mondelinge oorleweringe en die kontemporêre dokumentêre getuienis opgestel is, met die argeologiese data, veral die radiokoolstofchronologie, te korreleer. Die navorsingbevindinge word ook in die lig van die bestaande kennis oor die Molokotradisie en die voor- en vroeë geskiedenis van die Tswana in 'n breër geografiese en historiese konteks geplaas, waarna die resultate van die interdissiplinêre benadering wat gevolg is, finaal geëvalueer word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***Plekke van belang waarna in die studie verwys word*:**

1. Mokgola (Leeuwfontein 61 JP)
2. Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP
3. Bloemfontein 63 JP
4. Enselsberg (Mezeg 77 JP)
5. Braklaagte 90 JP (Lekubu)
6. Rietfontein 89 JP
7. Riekersdam 109 JP
8. Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)
9. Zeerust
10. Zendelingsplaats 102 JP
11. Lotteringskraal 243 JP (Matsekane)
12. Schietkraal 246 JP
13. Magozastad 248 JP (Rabogadi)
14. Wilgeboomspruit 262 JP
15. Groot-Marico
16. Modderfontein 256 JP (Borutwe)
17. Mosega (Zendelingspost 300 JP)
18. Vergenoegd 279 JP (Mmakgame)
19. Kwarriefontein 280 JP
20. Rietvaly 311 JP (oorsprong van die Klein-Maricorivier)
21. Grootfontein 225 JP (oorsprong van die Groot-Maricorivier)



Kaart 1 Die Navorsingsgebied in Suidoos- en Sentraal-Marico

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 1.1 FAUNA-ANALISE: VERGENOEGD 279 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE

BRON: BROWN [s.a.]

SPECIES	MNI	DT	PT	C	P-C	S/C	CA/I
Canis mesomelas	1			2			
Panthera leo	1				1		
Damaliscus dorcas	3		5				
Antidorcas marsupialis	4 (1 J)	2	12				
Raphicerus campestris	1 J	2					
Tragelaphus strepsiceros	1		1				
Ovis/Capra	18 (4 J)	4	16				
Bos taurus	32 (8 J)	3	29				
Phacochoerus aethiopicus	2		9	1			
Equus burchelli	1		5				
Loxodonta africana	1						1
Struthio camelus	1					1	
Bird - guinea-fowl-sized	1				5		
Varanus sp.	1				1		
Tortoise	1					2	
Tropidophora ligata	1						1
Unio caffer	8						8

MNI = Minimum Number of Individuals
J = Juvenile
DT = Decidious teeth
PT = Permanent teeth
C = Cranial
P-C = Post-cranial
S/C: Shell/Carapace
CA/I: Complete shells, Apex, Columella/Ivory

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK II

BEWONINGSFASES VOLGENS MONDELINGE OORLEWERINGE EN DOKUMENTÊRE GETUIENIS

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die verskillende bewoningsfases in die voor- en vroeë geskiedenis van Marico te rekonstrueer aan die hand van die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Tswana, veral die Hurutshe, asook kontemporêre dokumentêre getuienis uit die vroeë negentiende eeu. Met die oog op die argeologiese ondersoek val die klem op die identifisering van belangrike woonterreine en historiese prosesse wat met elke fase verbind kan word. Slegs ten opsigte van die vroeë negentiende eeu laat die beskikbare skriftelike bronne 'n meer gedetailleerde bespreking van historiese gebeurtenisse of persoonlikhede toe, veral in soverre dit die lotgevalle van die Hurutshe by Kaditshwene raak. 'n Rekonstruksie van die gebeure rondom die ontruiming van Kaditshwene gedurende hierdie periode is argeologies van besondere belang, aangesien die wyse waarop die bewoning van die terrein beëindig is, asook die geskiedenis daarvan daarna, vanselfsprekend 'n invloed op die preservering van die argeologiese vondste gehad het.

1. OORSPRONG EN MIGRASIE NA DIE SUIDE (± 1200 TOT ± 1470)

Volgens Spear (1981) se driefase-indeling van mondelinge oorleweringe waarna in hoofstuk I, afdeling 5.a, verwys is, word die oorsprongsfase van 'n groep gewoonlik in mitiese vorm verbeeld. Dit geld ook die Tswana, wat volgens oorlewering glo dat die eerste mense by die watergat Lowe (*Lôwê*) of Matsieng (*Matsiêng*), sowat 10 km noord van Mochudi in Botswana, geskep is. Hiervolgens was die eerste mense en diere in 'n watergat in 'n ou klipperige rivierbedding opgesluit wat sowat 2,5 m diep was. Een weergawe dui aan dat hulle uit die gat gelaat is deur die skepper of god, Matsieng, wat net een been gehad het, en dat hulle voetspore in die klipplate rondom die gat gesien kan word (Breutz 1989:1). 'n Ander weergawe wat deur Breutz (1953:68) opgeteken is, verhaal dat Lowe eintlik die opperwese was en dat Matsieng, sy dienaar, die gat oopgemaak en die eerste mense geskep het. Lowe het daarna vir Matsieng in die watergat opgesluit en die eerste Tswanastamhoof geword, met Masilo as sy seun en opvolger. Ook in die oorleweringe van die Hurutshe word hulle oorsprong na Lowe teruggevoer: '*E rile mô tshimologông, ga twe, Bahurutshe ba tswa kwa Lôwê, mme ditšhaba tsa Setswana tsa bo di le mmôgô*' [In die begin, so word gesê, het die Hurutshe van Lowe af gekom, en die Tswanastamme was toe nog saam' (Wookey 1945:36 [ortografies aangepas]).

Dit wil voorkom of daar verwarring oor die plekname Lowe en Matsieng bestaan. In 'n bydrae wat deur Alec Campbell (1978:5) oor *Sites of Historic and Natural Interest in and around Gaborone* saamgestel is, word daar tussen 'n terrein Lowe en 'n terrein Matsieng onderskei. Indien sy geografiese aanduidings met dié van Breutz (1953, 1989) vergelyk word, kom dit egter voor of die terrein waarna hy as Matsieng verwys, een en dieselfde terrein is as Breutz se Lowe. Matsieng is ook die naam waaronder die terrein naby Mochudi, wat intussen tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, vandag bekend staan. Die bekende sendeling, David Livingstone, was waarskynlik een van die eerste Europeërs wat die terrein self besoek het, soos hy in 'n brief gedateer 2 September 1848 vermeld (Schapera 1959[i]:253-254): 'We went last week to Lōe for recreation and & health. ... The much talked Lōe is a circular pit in a sandstone rock, and at present dry. Around the margin

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

are a number of crude footsteps carved thus ... [hy sluit 'n skets van 'n voetspoor in], apparently the work of children. The "spoor" with one exception goes into the pit. The exception is that of Matsiéñ, the former of the Bechuanas. As the story goes, he returned into it while men left it, but the spoor if intended to represent anything shews the opposite. They (the people) shew the old towns of the Bangwaketse, Bamangwato & Bakwains, Mashona &c &c, & all the Eastern tribes. The tradition seems to refer to the splitting up of the people into different tribes from Lōe as the central population.'

Soos uit 'n persoonlike ondersoek van die terrein geblyk het en op foto 1 gesien kan word, is die voetspore van Matsieng (of Lowe) in werklikheid rotsgravures wat heel waarskynlik deur die San geteken is. Volgens Nic Walker, 'n argeoloog van die *Botswana National Museum* in Gaborone, kon die ouderdom van hierdie gravures nog nie bepaal word nie (persoonlike mededeling, 17 Desember 1993). Die ontstaansmite rondom Matsieng is egter duidelik 'n geval van die herinterpretasie van die verlede, waar die rotskuns van die San in die ontstaansgeskiedenis en mitologie van die Tswana geïnkorporeer is. Soos Loubser en Dowson (1987:51-54) ten opsigte van die Venda se beskouinge omtrent die rotsskilderinge van Tombo-la-ndou, 'n rotsblok in die Soutpansberg, noordwes van Louis Trichardt, aangetoon het, is sodanige herinterpretasie geensins 'n ongewone verskynsel onder die Bantoesprekende groepe van Suid-Afrika nie.

Dit is interessant dat hierdie mite van die Tswana oor die ontstaan van die mens die eerste keer in 1820 deur die sendingdirekteur, John Campbell, op sy reis na die Hurutshehoofstad, Kaditshwene, opgeteken is en dat die oorsprongsterrein daarin in die gebied van die Hurutshe geplaas is. Tydens sy besoek aan Khunwana, die hoofsetel van die Barolong booRatlou naby die teenswoordige Lichtenburg, het hy die volgende gesprek met een van hul leiers aangeteken: '... I asked him where the Mashows thought men came from at first? He assured me that there was a hole in a mountain in the Marootzee country, to which we were travelling, from whence all men came, and travellers might still see the footmarks of men who had come from it; they can also see near it traces of all kinds of animals who had come out of the same hole. There are likewise the footmarks of one that went back to the hole, and these are God's footmarks' (Campbell 1822[i]:303). Hierdie verhaal is in breë trekke deur 'n ander segsman, 'n 'reënmaker' van die Rolong, teenoor Campbell (1822[i]:306-307) herhaal.

Vreemd genoeg, maak Campbell geen melding daarvan dat hy tydens sy verblyf onder die Hurutshe by Kaditshwene enigiets oor hierdie ontstaansplek meegedeel is nie. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat Campbell sy Rolonginformant verkeerd verstaan het, of dat laasgenoemde die oorsprongsterrein verkeerdelik in die domein van die Hurutshe geplaas het. 'n Ander vroeë verwysing na hierdie oorsprongsmite van die Tswana is deur die reisiger Andrew Smith in 1835 opgeteken. In sy dagboek (Kirby 1940:199) verwys Smith na die volgende mededeling: 'One old man says they have a tradition that men in the first instance came out of a hole in the rock to the north of their old country; he says that they have heard that the Baquans [Bakwena] in very old times lived further to the north.' Daar word ook op die genealogiese senioriteit van die Hurutshe gesinspeel, soos blyk uit Smith se opmerking (Kirby 1940:221-222): 'The Baharootzie are a higher nation than the Baquans because they first came out of the hole.' Die geografiese konteks van die inligting dui daarop dat die gat in die rots in die teenswoordige Botswana voorgekom het. Smith het egter ook inligting van 'n Mokwena (van die westelike Kwena of die Bakwena ba Setšhele) ingesamel dat die eerste Batswana uit 'n grot te voorskyn gekom het: 'In his ethnographic notes he [Smith] referred to the emergence from the cave by quoting an informant as listing this order: first came the Hurutshe, then the Kwena, they were followed by the Ngwato, the Ngwaketse, the Kgatla

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and the Kaa. The first Kwena was Makwena. In his time the tribe lived further to the north. A portion of the tribe moved south under a chief named Magope' (Lye 1975:267) en 'There came no more men out of the cave (*vide* Baquana); from all having come out of one cave, they say they are all children of one father' (Kirby 1940:218).

Presies waar hierdie grot geleë is, word nie vermeld nie, maar in 'n onlangse werk oor die skeppingsmites van inheemse groepe skryf Setiloane (1986:5): 'Those who have been to Gaditshwene in Lehurutshe, testify to the fact of human and animal footprints on the rocks and a cave out of which "the first people came". The problem is that it is not the only such place.' Soos in hoofstuk IV aangetoon sal word, is Gaditshwene 'n foutiewe weergawe van Kaditshwene, die naam van die eertydse Hurutshehoofstad, en kom dit naby Tswenyane voor, 'n rant waarvan die naam meesal foutiewelik as 'Tshwenyane' opgeteken is en waarvan die ligging reeds vroeg met dié van Kaditshwene verwar is. Volgens inligting wat Breutz (1953:111) ingesamel het, kom daar 'n 'heilige heuwel' genaamd 'Labadimu' [sic] by 'Tshwenyane' voor waar die god 'Thôbêga-a-phuatswa' [sic] eens geleef het. In een van die skeppingsverhale word Thobega as die dienaar van die god Matsieng uitgebeeld (Breutz 1953:68). Hoewel geen rotsgravures of voetspore opgemerk is nie, kom daar naby die waterval van Tswenyane (op die teenswoordige plaas Mezeg 77 JP in Sentraal-Marico - kyk foto 2) wel 'n grot of rotsskuiling voor en figureer hierdie rant ook prominent in die prysgedigte van die Hurutshe, waarin dit met van hul vroegste regeerders verbind word (Boeyens & Cole 1995). In die prysgedig van Mogapi (1994:29) word dit soos volg verwoord:

> Tseo ke tshwene tsa ga Malope-a-Masilo
> (Daardies is die bobbejane van Malope, die seun van Masilo)
> Ba ga Sebogodi-a-Menwe-a-Moilwa
> (Hulle van Sebogodi, die seun van Menwe, die seun van Moilwa)
> Bana ba ntswe la Tswenyane
> (Kinders van die heuwel van Tswenyane).

Om sake verder te kompliseer, verwys Breutz (1953:158-159) ook na ’n plek met die naam Matsieng naby Dinokana (in wat later as Bophuthatswana bekend gestaan het) wat ook met die oorsprong van die mens verbind word: ’At the back of the hills Motlhawane and Pôwê towards the Ngôtwane River, and about 3 miles from Dinokana is a place called Matsieng. On a rock at this place a mark like a left foot print of man can be seen and on another rock are foot prints of cattle and goats. The marks are not rock engravings as those at Lowe (near Mochudi B.P.). It is generally believed that the God Lowe’s helper Matsieng who opened the waterhole at Lowe and created the first men and animals, went in the direction of Dinokana and left his foot print at these places. Other Tswana tribes regard Matsieng himself as a god.’ ’n Soortgelyke ontstaansmite kom ook onder die Suid-Sotho voor, maar in hierdie geval word die oorsprong van die mens met ’n rietbos by die heuwel Ntswanatsatsi tussen die teenswoordige Vrede en Frankfort in die noordoostelike Vrystaat verbind (Maggs 1976:142-143). Die Suid-Sotho se weergawe van hierdie ontstaansmite kan moontlik aan Nguni-invloed toegeskryf word, aangesien daar ook in die mitologie van die Zoeloe aangevoer word dat hulle uit ’n ’riet’ voortgespruit het (Van Warmelo 1930:17; Van der Walt 1991:234).

Hoewel dit voor die hand liggend is dat hierdie ontstaansmites oor die herkoms van die mens en die Batswana nie letterlik geïnterpreteer kan word nie, val dit tog op dat veral Botswana as ’n belangrike oorsprongspunt van ’n beduidende seksie van die Tswana, waaronder die Kwena-Hurutshe, geïdentifiseer word. Selfs ten opsigte van daardie oorleweringe wat hul oorsprong hoër op in Afrika terugvoer, bly Botswana en spesifiek die area rondom Lowe ’n primêre

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaanspunt. Dit blyk onder andere uit die volgende stelling van Breutz (1952:83): 'It is said that after the people [die voorouers van die Kwena] had crossed the Botletle (Zambezi) and migrated into Bechuanaland, their chief was Malope, who is regarded as the progenitor of all baKwena. The baKwena of Malope and Mmutlê lived at Lôwê, a hole in the rock of a river bed near Mochudi, well known in the mythology of nearly all the tribes of Rustenburg district.'

Volgens die opgetekende mondelinge oorleweringe het die vestiging van die onderskeie Tswanagroepe in hul historiese woongebiede suid van die Limpoporivier ook tydens bogenoemde mitiese ontstaansperiode voor die middel van die vyftiende eeu plaasgevind. Daar word meesal twee vroeë migrasieperiodes onderskei, naamlik die binnekoms van die Rolong tussen 1200 en 1350 en die migrasie van die Kwena-Hurutshe tussen 1350 en 1450 (Breutz 1975:3, 1989:4). Sommige interpretasies van die oorleweringe onderskei 'n nog vroeër derde migrasiestroom, naamlik dié van die Taung, die Phiring en die Kubung (Coertze 1988:85). Die berekening van hierdie datums op grond van genealogiese lyste is tentatief, en Breutz (1953:17) meld self dat die Hurutshe hulle moontlik selfs vroeër, teen ongeveer 1300, suid van die Limpopo kon bevind het. Volgens Breutz (1953:17, 1989:4) het sy Hurutshe-informante aangedui dat hulle groepering se migrasie vanuit Botswana deur die sentrale gedeelte van die voormalige Transvaal geskied het, waarskynlik al langs die Mogalakwenarivier af.

Wat ook al die beginpunt en roete(s) van die migrasie na die suide, volgens Breutz (1953:17-18, 1975:3) se segslui onder die Hurutshe het laasgenoemde en die Kwena in hierdie stadium nog 'n eenheid gevorm met die eland (*phôfu*) as gemeenskaplike totem. Die migrasie van die Kwena-Hurutshe het hulle tot by Mabjanamatshwana[1], oftewel Swartkoppies naby die teenswoordige Brits in die Noordwesprovinsie, gevoer waar hulle deur die eerste vyf gemeenskaplike leiers van hierdie groepering, te wete Mogale, Mhete, Melore I, Masilo I en Malope I, regeer is (kyk genealogie in tabel 2.1). Die eerste stamhoof, Mogale, is volgens Breutz (1953:18) se genealogiese berekeninge tussen 1250 en 1330 gebore, maar elders beskryf hy die eerste vyf stamhoofde as waarskynlik 'semi-mythological figures' of blote 'praise names' (Breutz 1989:224). Manson (1986:3) verwys na die Kwena-Hurutshe-eenheid as die 'United *Phofu* Confederacy', maar dit is nie duidelik op grond waarvan hy hierdie staatsverband onderskei nie, aangesien daar geen aanduiding in die opgetekende oorleweringe van albei groeperinge is dat sodanige komplekse politieke bestel op daardie tydstip voorgekom het nie. Hierteenoor voer Legassick (1969:100) aan dat daar uit 'n ontleding van die opgetekende mondelinge oorleweringe afgelei kan word dat die skeiding tussen die Hurutshe en die Kwena waarskynlik eerder by Rathateng, 'n terrein net wes van die samevloeiing van die Marico- en Krokodilrivier, plaasgevind het. Sonder om sy afleiding te beredeneer, beweer hy verder dat dit voorkom of die Hurutshe daarvandaan stroomop beweeg het tot aan die bolope van die Maricorivier (*Madikô* of *Madikwê*), terwyl die Kwena al met die Krokokodilrivier (*Ôdi*) langs na Mabjanamatshwana getrek het.

2. VESTIGING IN MARICO (± 1470 TOT ± 1660)

Die mondelinge oorleweringe oor die vestiging van die Hurutshe in Marico tot ongeveer die middel van die sewentiende eeu val volgens Spear (1981) se indeling, waarna in hoofstuk I, afdeling 5.a, verwys is, oorwegend in die sogenaamde middelperiode. Soos genoem is, val die

---

[1] Vir 'n bespreking van die onsekerhede in verband met die korrekte spelling van hierdie pleknaam, kyk hoofstuk VII, afdeling 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klem daarin hoofsaaklik op die afsplitsing van linies en die opeenvolging van leiers, deels ter verklaring van die sosiale orde ten tye van die optekening van die oorleweringe. Volgens oorlewering het daar teen die middel van die vyftiende eeu 'n breuk tussen die Hurutshe en die Kwena by Mabjanamatshwana ontstaan. Na bewering het die vyfde gemeenskaplike stamhoof, Malope I, geen seun by sy hoofvrou gehad nie, maar wel 'n dogter, Mohurutshe I. 'n Deel van die stamgroepering onder leiding van nog 'n naamgewende voorouer, Kwena, wou nie 'n vrou as stamhoof aanvaar nie en Mohurutshe[2] en haar volgelinge moes die wyk neem. Oor die omswerwinge van die Hurutshe hierna is daar geen eenstemmigheid nie, en daar word onder andere vermeld dat hulle hul 'n ruk lank by Otse in Botswana en Modimong naby Taung in die latere Noord-Kaap bevind het. (Breutz 1953:18-19, 25, 1989:7, 225.)

Die Hurutshe onder Mohurutshe se twee seuns, Motebele en Motebejane, het hierna blykbaar na die sentrale deel van Marico getrek en hulle by Tswenyane (die teenswoordige Enselsberg) gevestig (Breutz 1975:5). Dit blyk ook dat die Hurutshe in hierdie periode die bobbejaan (*tshwêne*) as totem aangeneem het na 'n twis tussen bogenoemde twee broers. Breutz (1953:19) het die verhaal soos volg opgeteken: 'It is still well remembered how the totem phofu [eland] came to be changed. On a hunting expedition MOTEBEJANE's regiment caught a young baboon and took it to the chief MOTEBELE. MOTEBEJANE used to stay in the veld herding cattle. The chief ordered him to guard the baboon at the cattle post. One day the baboon escaped. When MOTEBEJANE's men reported to the chief what had happened, they were flogged severely. This led to a split in the tribe. MOTEBEJANE prepared his regiment for war and defeated the chief, who thereupon fled to the south-east. The majority of the people elected ... MOTEBEJANE as their chief. He adopted the baboon as totem, and founded a new villlage at Tshwenyane (Mezeg 139, Waterval, post office Enzelsberg) at some time between 1470 and 1520.' Na 'n mislukte teenaanval op Motebejane het Motebele na bewering daarop na die noorde weggetrek en die stigter van die Hananwa geword, wat hulle mettertyd in Blouberg sou vestig (Breutz 1953:19-20; vir verskillende weergawes van die oorsprongsgeskiedenis van die Hananwa, kyk Van Schalkwyk 1995:68-77). Sommige van sy volgelinge het volgens Breutz (1953:20) se segslui tydens Motebele se noordwaartse tog in Botswana agtergebly en 'n afsonderlike stam, die latere Khurutshe, gevorm.

Uit bogenoemde verhaal, waarvolgens die skeuring in ooreenstemming met die algemene patroon in mondelinge oorleweringe op 'n oënskynlik nietige insident gevolg het, kom dit voor of die verandering van totem by Tswenyane in Marico plaasgevind het, maar elders spekuleer Breutz (1989:188) dat dit moontlik reeds ten tye van die Hurutshe se verblyf naby Taung geskied het. Voorts word ook 'n derde totem, die rooihartbees (*kgama*), met die Hurutshe verbind (Willoughby 1905:299), maar daar word nie aangedui op watter stadium dit as sodanig gefunksioneer het nie. Vanuit 'n argeologiese oogpunt is dit ook van belang dat dit nie uit die oorleweringe van die Hurutshe, of ten minste Breutz (1953, 1989) se interpretasie daarvan, duidelik is of Kaditshwene ook op hierdie stadium aangelê is, al dan nie. Aan die een kant word die indruk geskep dat die Hurutshe hulle teen die einde van die vyftiende eeu by Tswenyane gevestig het en dat Kaditshwene eers heelwat later, tydens die regeringstydperk van Menwe I, tot stand gekom het. Breutz (1953:22-23) noem dan ook spesifiek: 'We first hear of the name of Kaditshwene in the reign of Menwê.' Volgens Breutz (1953:22, 94) se genealogiese berekeninge is Menwe I teen ongeveer 1630 gebore en het hy teen 1660 regeer.

---

2 Die naam van hierdie vroulike stamhoof word in sommige weergawes as Lehurutshe aangegee (kyk Coertze 1990:18).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die ander kant verwys Breutz (1953:7, 1989:188) na Tswenyane en Kaditshwene as 'n 'dual' of 'twin-capital' en sinspeel hy daarop dat hierdie tweelinghoofstad reeds ten tyde van die dispuut tussen Motebejane en Motebele opgerig is. Dit blyk onder meer uit die volgende stellings: 'In MOHURUTSHE's time, the tribe had the totem Phofu (Eland) and it is usually assumed that her sons adopted the totem Tšhwene (Baboon) when they founded the twin-capital TŠHWENYANE and KADITŠHWENE where they split again' (Breutz 1989:188) en 'After the two sons had moved back to the north, the present central Marico area in about 1480/1500, they named the twin captial of the baHURUTSHE "TŠHWENYANE" (little baboon) and "KADITŠHWENE"' (Breutz 1989:224-225). Volgens Breutz (1953:14,15, 23 en skriftelike mededeling, 28 Oktober 1994) was Kaditshwene op die teenswoordige plaas Bloemfontein 63 JP (voorheen no. 223) geleë (kyk kaart 1), maar moet die standpunt van sommige van sy Hurutshesegslui dat hulle voorouers die bouers van die klipmuurkomplekse op hierdie en ander omliggende plase was, verwerp word.

Dit is opvallend dat daar in die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe geen melding gemaak word van jagter-versamelaars of Latere Steentydperkgroepe wat die sentrale gedeelte van Marico moontlik voor of na hul vestiging aldaar bewoon het nie. Hierteenoor word daar wel in die oorleweringe melding gemaak van die moontlike teenwoordigheid van die Rolong in die ondersoekgebied, maar die inligting wat daaroor aangebied word, is beperk en teenstrydig. Die Rolong, wie se stamnaam waarskynlik indirek van een van hul totems, die koedoe of *thôlô*, afgelei is, het volgens een weergawe (Breutz 1955:28) na die regeringstydperk van die stamhoof Tshesebe, dit wil sê na ongeveer 1500, in die suidwestelike hoek van die distrik Marico by Molemane (die huidige Ottoshoop) en Matsekane (*Matsêkane)* gewoon. Breutz (1955:28, 1989:85) dui nie die presiese ligging van Matsekane aan nie, behalwe dat dit 'somewhere south of Zeerust' was. 'n Ondersoek na plekname tydens die argeologiese vindplekopname in Marico het aan die lig gebring dat Matsekane met die teenswoordige plaas Lotteringskraal 243 JP, sowat 10 km oos van Zeerust, verbind word (kyk kaart 1). Na bewering het die Rolong daar tot na die geboorte van die seuns van hul stamhoof Tau gewoon. Tau se vier seuns waaruit die verskillende groeperinge van die Rolong na bewering ontstaan het, naamlik Ratlou, Tshidi, Seleka en Rapulana, is volgens oorlewering tussen 1680 en 1690 gebore (Breutz 1955:27).

In teenstelling hiermee dui Breutz (1957:63) in 'n ander weergawe aan dat die Rolong voor 1500, dit wil sê voor die regeringstydperk van die stamhoof Tshesebe, in die suide van die teenswoordige Maricodistrik by onder andere Molemane gewoon het en dat die Hurutshe hulle tussen 1440 en 1500 by die Klein-Maricorivier aangetref het. Die Rolong het Molemane daarop teen ongeveer 1500 verlaat en weswaarts na die Molopo- en Setlagolerivier getrek. Luidens hierdie rekonstruksie van Breutz (1956:170) het hulle nooit in die 'hilly part' van die teenswoordige distrik Marico (waarvan Lotteringskraal deel vorm) gewoon nie, maar wel in die 'flat country in the south-west corner of the district'. Wat ook al die geval was, teen die twintigerjare van die vorige eeu is die Moloporivier beskou as die skeidslyn tussen die gebied van die Rolong en dié van die Hurutshe (Chase 1830:404; Germond 1967:85).

Soos gewoonlik die geval is ten opsigte van die sogenaamde middelfase waaroor mondelinge oorleweringe berig (kyk hoofstuk I, afdeling 5.a), is benewens die name van die verskillende regeerders, weinig oor die verdere verloop van die vroeë vestigingsgeskiedenis van die Hurutshe by Tswenyane in Marico bekend (kyk Breutz 1953:22). Dit is nietemin opvallend dat in die stamhoofgenealogie wat in 1820 deur die sendingdirekteur John Campbell (1822[i]:242) by Kaditshwene opgeteken is, die name van Modisane, Pule en Menwe I in dieselfde volgorde aangedui word as in die genealogie wat meer as 'n honderd jaar later deur Breutz (1953:92; kyk

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tabel 2.1) opgeteken is. Ook die name van hul opvolgers stem ooreen, sodat aanvaar kan word dat die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe (en waarskynlik ook dié van ander Tswanastamme) vanaf die tweede helfte van die sewentiende eeu in ooreenstemming met Spear (1981) se indeling, waarna in hoofstuk I, afdeling 5.a, verwys is, meer betroubare historiese inligting behoort te bevat.

3. FRAGMENTERING EN UITBREIDING (± 1660 TOT ± 1790)

Volgens oorlewering het daar na die dood van Pule (*Pulê*) 'n skeuring in die geledere van die Hurutshe by Tswenyane ontstaan. Pule is deur sy seun Manyane opgevolg, maar na 'n beweerde dispuut oor 'n oormerk vir beeste, is Manyane deur sy broer Menwe (*Menwê*) verslaan. Manyane en sy volgelinge het hulle daarna by Borutwe gevestig waar hy die stigter van die Bahurutshe booManyane, geword het (kyk tabel 2.2). Die Bahurutshe booManyane sou in daardie omgewing bly woon totdat hulle in die sestigerjare van die vorige eeu as gevolg van 'n konflik met die Boere na die teenswoordige Botswana uitgewyk het. Hulle het eers sowat 20 jaar later weer na die destydse Wes-Transvaal terugkeer en hulle by Motswedi in Marico gevestig (Breutz 1953:56, 59). Die ligging van Borutwe word as naby die teenswoordige Mangope-spoorweghalte, oos van die dorpie Groot-Marico, aangegee (Breutz 1953:22, 1975:5; Jensen 1947:177). Die spoorweghalte self lê op die plaas Modderfontein 256 JP in die suidoostelike hoek van die distrik Marico (kyk kaart 1).

Ons het reeds op die teenstrydige inligting in die opgetekende mondelinge oorleweringe in verband met die stigtingsdatum van Kaditshwene gewys, asook dat een weergawe daarop dui dat dit waarskynlik eers na Menwe I se bewindsoorname teen die middel van die sewentiende eeu aangelê is. In 'n ander weergawe van die breuk tussen Manyane en Menwe I (Wookey 1945:38) word niks van Kaditshwene gerep nie, maar bloot genoem dat Menwe I daarna by 'Gamatshèphè' agtergebly het. Volgens oorlewering het ook die Tlharo gedurende hierdie periode van die Hurutshe weggebreek en hulle by die Langeberge wes van Olifantshoek in die Noord-Kaap gaan vestig (Breutz 1989:188-189; kyk ook Campbell 1822[ii]:107, 110). Hierdie periode van fragmentering word ook met die voorkoms van 'n groot en wydverspreide droogte in die Suid-Afrikaanse binneland teen die middel van die sewentiende eeu verbind (Breutz 1975:3; Coertze 1990:19). Breutz (1989:12) gaan selfs so ver as om te bereken dat die droogte tussen ongeveer 1680 en 1700 plaasgevind het.

Volgens oorlewering het daar nie alleen afsplinterings van die Hurutshe plaasgevind nie, maar het die Lete (Balete of Ba ga Malete), 'n groep met die buffel (*nare)* as totem, hulle op daardie stadium in Marico gevestig. Hierdie groep, wat na bewering van Ndebele-afkoms is maar met verloop van tyd vertswana het, het blykbaar 'n ruk lank in die omgewing van die teenswoordige Pretoria (Tshwane) gewoon voordat hulle teen ongeveer 1675, tydens die bewind van Maphalaole[3], na Marico uitgewyk het. Nadat hulle die Maricorivier (*Madikwê* of *Madikô*) en die Klein-Maricorivier (*Mainêêlwê* of *Mainêêlô*) oorgesteek het, het hulle hul by Rabogadi gevestig. (Ellenberger 1937:34.) Geen presiese aanduiding van die ligging van Rabogadi word egter gegee

[3] In sy genealogiese rekonstruksie laat Ellenberger (1937) 'n gemiddelde regeringsperiode van 15 jaar vir alle Letestamhoofde voor 1780 toe. Indien hierdie gemiddelde tot 20 jaar verleng word, kan Maphalaole se aankoms by Rabogadi tot ongeveer 1640 teruggevoer word. (Kyk tabel 2.3 vir die stamhoofgenealogie van die Lete.)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie: op sy kaart plaas Ellenberger (1937) dit suidwes van Zeerust en ten weste van die Klein-Maricorivier, maar hierdie plekomskrywing verskil van Breutz (1953:94, 97) se inligting waarvolgens Rabogadi op of in die omgewing van die teenswoordige plaas Wilgeboomspruit 262 JP geleë was. Onlangse pleknaamkundige en dokumentêre navorsing het egter aan die lig gebring dat Rabogadi die naam van 'n rant naby die Wilgeboomspruit (Maruntwane) op die plaas Magozastad 248 JP is, en dat die plaas se naam self afgelei is van Mokgosi, die naam van 'n Letestamhoof wat hom weer in die negentiende eeu by Rabogadi gaan vestig het (kyk kaart 1, asook hoofstuk V, afdeling 3.b vir 'n volledige bespreking van hierdie kwessie). By Rabogadi het die Lete nog tydens die bewind van Maphalaole (± 1675 - ± 1690) onderverdeel en na Mmasamane by die sameloop van die Groot- en Klein-Maricorivier versprei, voordat hulle hul na verdere omswerwinge teen ongeveer die middel van die agtiende eeu by Letlhakane, oos van die Maricorivier, gevestig het (Ellenberger 1937:35, 36).

Ook oor die ligging van hierdie latere woonplek van die Lete is daar verwarring: Ellenberger (1937) verwys op sy kaart na die woonplek van die Lete as Letlhakane, maar in sy teks daarna as Lotlhakane. Uit die plasing van Letlhakane op die kaart is dit egter duidelik dat hy na 'n sytak van die Maricorivier verwys en nie na Lotlhakane, 'n sytak van die Moloporivier naby die teenswoordige Mafikeng, nie. Op die topografiese kaart 2526 AD SKUINSDRIF met die skaal 1:50 000 (tweede uitgawe, 1984) word die benaming Letlhakane ook vir 'n sytak van die Maricorivier gebruik waarvan die grootste deel deur die historiese distrik Rustenburg (die latere distrik Madikwe van Bophuthatswana) vloei. Waarskynlik in navolging van Ellenberger se teksinhoud gebruik Breutz (1953:6, 23, 211) ook die foutiewe benaming Lotlhakane wanneer hy na die woonplek van die Lete verwys. Soos gewoonlik is sy plekaanduiding nie baie noukeurig nie - hy verwys na die ligging van Lotlhakane soos volg: 'Lotlhakane (between Turflaagte 113 and Silverkrans 884, Rustenburg district)'; 'Lotlhakane on the Tholwane River ("Toelanie", Rustenburg district)' en 'south-east of the Toelanie River, between the present Turflaagte 113 and Silverkrans 884 in Rustenburg district' (Breutz 1953:6, 23, 211). Volgens die topokadastrale vel, 2526 RUSTENBURG (vierde uitgawe, 1984, skaal: 1:250 000), lê die huidige plaas Turflaagte 188 JP wes van die Tholwane, en die huidige plaas Silverkrans 193 JP aan die oostelike oewer van die bolope van die Tholwane. Tussen die twee plase lê die plaas Vrede 191 JP en verder wes daarvan loop die Letlhakanespruit.

Dit wil nietemin voorkom of die Lete selfs na hul vestiging by Letlhakane oos van die Maricorivier steeds oor 'n gebied ten weste daarvan tot naby die poort noordoos van die teenswoordige Zeerust gesag gevoer het. In 1835 het die reisiger Andrew Smith die volgende inligting bekom (Kirby 1940:142): 'The country from this towards the poort was in early days inhabited by the Bamaleti and Poe (*Pôwê*), their king lived between the poort and the Marique.' In sy prysgedig word Powe, wat vanaf ongeveer 1800 regeer het, onthou as die regeerder van 'the rivers near the Klein Marico and the Phalalwe' (Ellenberger 1937:12). Onlangse pleknaamkundige veldwerk het aan die lig gebring dat *Phalalwê* of *Phalalô* die Tswananaam is vir Rooisloot, 'n sytak van die Klein-Maricorivier.

Ten spyte van hierdie afsplinterings, het die Hurutshe (die *Bahurutshe bôôMenwê*) se invloedsfeer onder Menwe I se seun Thekiso (*Thêkisô*) na bewering tot sover as die Fokeng in die omgewing

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Tlhabane (Rustenburg) uitgekring (Breutz 1953:94).[4] Volgens Breutz (1953:94) het Thekiso, wat teen ongeveer 1690 aan bewind gekom het, 'n nuwe nedersetting by onder andere die heuwel Powe (*Pôwê*) naby die latere Dinokana, wes van Kaditshwene, aangelê waar sy seun Tirwe (*Tirwê*) gebore is. Dit wil voorkom of Powe op daardie stadium as Thekiso se hoofsetel gedien het, asook of 'n seksie van die Hurutshe onder sy broer Mokgatlha in die Tswenyane-omgewing agtergebly en mettertyd as die Bahurutshe booMokgatlha 'n groter mate van onafhanklikheid verwerf het (Breutz 1953:141, 197, 1952:232; kyk ook stamhoofgenealogie in tabel 2.1). Thekiso is deur sy oudste seun van die tweede hut, Boikanyo (*Boikanyô*), opgevolg, aangesien die aangewese opvolger, Tirwe, nog onmondig was. Toe Boikanyo nie die leisels aan hom wou oorhandig nie, het Tirwe die hulp van die Ngwaketse ingeroep, waarop Boikanyo onttroon en om die lewe gebring is.

Hoewel die opgetekende mondelinge oorleweringe vir verskillende interpretasies vatbaar is, kom dit tog voor of die Bahurutshe booMenwe van tyd tot tyd hul hoofstad verskuif het, al het die omgewing van Tswenyane steeds 'n belangrike woonsentrum gebly (kyk Breutz 1953:141, 1952:232). Onder Tirwe is hul hoofsetel weer van Powe na Mmutlagae[5], 'n terrein op die plaas Klaarstroom 237 JP, sowat 8 km noordwes van Zeerust, verplaas (Breutz 1953:95; kyk ook kaart 1). Volgens Breutz (1953:94, 141) se chronologiese berekeninge het Tirwe teen ongeveer 1730 die bewind by Boikanyo oorgeneem. Oorleweringe wat deur Schapera (1942:2-3) onder die Ngwaketse versamel is, dui egter daarop dat die stryd tussen Tirwe en Boikanyo heelwat later gevoer is, en dat die aanval op Boikanyo tussen ongeveer 1770 en 1790 plaasgevind het toe Moleta die stamhoof van die Ngwaketse was.[6] Tirwe is deur Moilwa I opgevolg, wat op Mmutlagae gebore is en volgens die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe sy laaste dae op Jacobsdal (Sekanameng) geslyt het (Breutz 1953:95). Of die hoofstad van die Hurutshe tydens die regeringstydperk van Moilwa I daarheen verskuif is, word nie eksplisiet vermeld nie.

Oor die datum van Moilwa I se dood en die omstandighede daarvan is daar ook onsekerheid. Hy was beslis reeds teen 1805 oorlede, want op daardie stadium het die reisiger Henry Lichtenstein (1815:408) inligting by die Tlhaping ontvang dat Sebogodi die hoof van die Hurutshe was. Legassick (1970:702) se afleiding dat Moilwa in ongeveer 1795 oorlede is, is waarskynlik nader

---

4 Uit die oorleweringe van die Fokeng van die Rustenburgomgewing kan afgelei word dat die Hurutshe se aanspraak op rituele senioriteit teen ongeveer 1750 finaal beëindig is. Die Fokeng onder Diale het naamlik geweier dat die Hurutshe hulle reg uitoefen om die bulle van die Fokeng se kuddes te kastreer (*go fagola dipôô*), en toe die Hurutshe die Fokeng daarop aangeval het, is hulle by 'n bergpas bekend as *Patha ya Mathêbê* verslaan (Coertze 1990:27). Soos aangetoon sal word, is Breutz se chronologiese berekening van die regeringstydperke van Hurutshestamhoofde problematies, sodat daar nie bo alle twyfel aangedui kan word watter Hurutshestamhoof ten tye van die aanval aan bewind was nie.

5 Breutz (1953: 95, 141) het die naam as Mmutlawagae opgeteken, maar tydens onlangse pleknaamkundige veldwerk het Tswanasegslui deurgaans daarna as Mmutlagae verwys.

6 Indien Schapera se chronologiese berekening van die datum van die stryd tussen Tirwe en Boikanyo bo dié van Breutz aanvaar word, impliseer dit dat die aanvang van die regeringstydperk van Thekiso, hul onmiddellike voorganger, ook aangeskuif behoort te word om in die agtiende eeu te val. Dit veronderstel weer dat die skeuring tussen Menwe I en Manyane eers later, waarskynlik nader aan 1700 as aan 1660, plaasgevind het, 'n datum wat ook vir Breutz (1953:124) aanvaarbaar sou wees. Volgens Brown (1926:264) het Boikanyo na die dood van Moilwa I as regent opgetree, terwyl Campbell (1822[i]:316) in 1820 meegedeel is dat Boikanyo tydens 'n aanval van Makaba, Moleta se seun, omgekom het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die kol as Breutz (1953:95) se gevolgtrekking dat hy in die periode 1805-1810 oorlede is. Moontlik het hy selfs vroeër omgekom, want volgens inligting wat deur John Campbell (1822[i]:314) bekom is, het Moilwa I in 'n geveg teen die Ngwaketse onder Moleta gesneuwel voordat laasgenoemde teen ongeveer 1790 deur sy seun Makaba opgevolg is. Jacobsdal, waarop Moilwa I na bewering teen die einde van sy lewe gewoon het, lê op 'n gedeelte van Vergenoegd 279 JP, die plaas waarop die groot klipbouvalkompleks voorkom wat deur Revil Mason opgegrawe is en, soos aangetoon sal word, verkeerdelik deur hom as Kaditshwene geïdentifiseer is (kyk kaart 1, asook hoofstuk I, afdeling 4, en hoofstuk IV).

In sy ontleding van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe in Sentraal-Marico tipeer Manson (1990:43-50) die periode van ongeveer 1750 tot 1790 as een van sentralisasie, amalgamasie en staatsvorming. Hy bly egter in gebreke om die nodige bewyse vir hierdie prosesse voor te hou, asook vir die beweerde oorsake daarvan, naamlik groter beheer van senior liniegroepe oor 'n uitbreidende handelsnetwerk, 'n toename in veekuddes en beheer daaroor deur 'n regerende elite, asook die inkorporering van verskeie vreemdelinggroepe deur 'n buigsame wykstelsel. Die opgetekende mondelinge oorleweringe waarna hy verwys, bied op sigself nie voldoende getuienis vir sy afleidings nie.

4. KONFLIK EN ONSTABILITEIT (± 1790 TOT 1823)

Soos in hoofstuk I, afdeling 5.a, aangedui is, is dit feitlik onmoontlik om sonder ondersteunende dokumentêre getuienis presiese datums vir konflikte of regeringstydperke op grond van mondelinge oorleweringe te bepaal. Dit is dus nie bekend of Moilwa nog gelewe het toe Makgetla, die stamhoof van die Barolong booRatshidi, volgens oorlewering teen ongeveer 1790 in 'n geveg omgekom het waarin die Hurutshe betrokke was nie (Matthews 1954:11). Moilwa I is deur sy seun Dibetswe opgevolg, maar vanweë sy ongewildheid het hy blykbaar slegs 'n kort tydjie regeer voordat Sebogodi die stamhoofskap oorgeneem het (Breutz 1953:95). Sebogodi het net soos Makaba II, die destydse stamhoof van die Ngwaketse, 'n reputasie as oorlogvoerder verwerf, want in 1805 het Lichtenstein (1815:418) aangeteken dat die Hurutshe geregeer is deur 'the bravest of all the Beetjuan kings, Sebochori'.

Indien, soos in die vorige afdeling aangedui is, dit 'n geldige interpretasie van die opgetekende mondelinge oorleweringe is dat die Bahurutshe booMenwe hul hoofsetel periodiek verskuif het, kan daar afgelei word Kaditshwene eers na die verlating van Mmakgame aangelê is. Die oorleweringe meld nie spesifiek of Kaditshwene as Sebogodi se hoofsetel gedien het nie, maar die inligting wat John Campbell in 1813 oor die Hurutshehoofstad ontvang het, dui daarop dat dit heel waarskynlik wel die geval was. Soos in hoofstuk IV aangetoon sal word, klop die argeologiese data in breë trekke met die volgende ietwat liriese beskrywing van die nedersetting (Campbell 1815:216-217): 'A nation east from the Wanketzens [Ngwaketse] are called the Marootzees [Hurutshe], whose chief's name is Seebechoone [Sebogodi], ... Their city is larger than Lattakoo [Dithakong], and their cattle kraal, (or inclosure for securing cattle in the night time,) is so large that they frequently graze in it. It is said to be cold, perhaps on account of standing in an elevated situation'.

Daar is meer inligting oor die veldtogte van die Hurutshe en ander Tswanastamme gedurende die vroeë negentiende eeu beskikbaar. Na bewering is die Bakgatla ba Mmanaana voor ongeveer 1808 deur die Ngwaketse van Makaba II aangeval en van die meeste van hul vee beroof

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Schapera 1942:4). Etnohistoriese inligting dui daarop dat die Bakgatla ba Mmanaana destyds in die omgewing van Motswedi, Mabotsa en Buispoort (tot onlangs deel van Bophuthatswana) gewoon het en aan die Hurutshe skatpligtig was (Breutz 1953:15, 23, 24). Die klipmuur- en metaalbewerkingskompleks op Buispoort wat deur Van Hoepen en Hoffman in 1935 ondersoek is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), is dus verkeerdelik deur hulle met die Hurutshe verbind. Hierdie 'iron-works' van die Kgatla is in die veertigerjare van die vorige eeu deur die reisiger Henry Methuen (1846:182-184) in die geselskap van die sendeling David Livingstone besoek.

Nie lank na bogenoemde botsing nie het 'n krygsmag bestaande uit Hurutshe, Tlharo, Tlhaping, Kwena, Lete, Bakgatla ba ga Kgafela, asook Korana, die Ngwaketse van Makaba onsuksesvol by Kanye aangeval (Schapera 1942:4). 'n Aanduiding van hoe kortstondig bondgenootskappe was, blyk daaruit dat die Hurutshe volgens Burchell (1824:378) kort voor sy aankoms op Dithakong in 1812 weer deur 'n gesamentlike krygsmag van die Ngwaketse en die Tlhaping aangeval is. Sebogodi was nog die leier van die Hurutshe van Kaditshwene toe Campbell (1815:216) in Julie 1813 by Dithakong was, maar volgens oorlewering het hy kort daarna in 1815 in 'n geveg teen die Bakgatla ba Mmanaana omgekom. Die Kgatla is klaarblyklik aangeval omdat hulle onwillig was om die vereiste tribuut aan die Hurutshe te lewer (Breutz 1953:34).

Na Sebogodi se dood het sy broer Diutlwileng tot in 1823 as regent op Kaditshwene waargeneem (Breutz 1953:95). Op hierdie stadium is ook die Hurutshe blootgestel aan die onstabiliteit wat deur gebeure op die Kaapse oosgrens veroorsaak is. Die berugte Oosgrenspionier en vrybuiter, Coenraad de Buys, en sy gevolg het naamlik 'n tyd lank by Kaditshwene vertoef. Hoewel die meeste navorsers in navolging van Jensen (1947:178) aanvaar het dat De Buys reeds teen 1815 sy opwagting onder die Hurutshe gemaak het (vgl. Breutz 1953:96; Manson 1995:354), blyk dit uit 'n ontleding van kontemporêre dokumentêre getuienis dat hy Kaditshwene waarskynlik nie voor April 1819 bereik het nie (Wagner 1972/73:4). Volgens inligting wat Andrew Smith in 1834 ingesamel het (Kirby 1939:357), het die voortvlugtige De Buys na Makaba, die leier van die Ngwaketse, uitgewyk toe hy verneem het dat die sendingdirekteur John Campbell op pad na Kaditshwene was: 'About this time Buys joined the Baharootzie and was living with them when Mr. Campbell arrived at Letako [Dithakong] and sent for Arend [een van De Buys se vroeëre handlangers] to go with him to the Baharootzie. ... As soon as Buys heard of Campbell's intention he left the Baharootzie and went off to the Bawankets [Ngwaketse]'. Terwyl De Buys onder die Hurutshe gewoon het, het hy die naam *Môrô* onder hulle verwerf, waarskynlik na aanleiding van sy groetvorm 'môre' (Jensen 1912:7-8, 1947:178).

Uit Campbell se joernaalinskrywings oor die Hurutshe tydens sy besoek aan Kaditshwene in Mei 1820, waaroor meer in hoofstuk IV, is dit duidelik dat hul ekonomiese vlyt hom beïndruk het. Hy het die aantal inwoners van die nedersetting op omtrent 16 000 of 20 000 geskat en was kennelik optimisties oor die vooruitsigte om 'n sendingstasie by Kaditshwene op te rig (Campbell 1822[i]:227, 253; MSB77[iii]:18). Desondanks blyk daar ook iets van die onstuimige toestande waaraan die Hurutshe destyds blootgestel was uit die volgende mededeling van die regent Diutlwileng aan Campbell (1822[i[:232): 'Inquiring why the town was built upon a hill and not in a valley? He said it was because of enemies, and that several other towns for the same reason were built upon eminences, but they found it very inconvenient, being so far from wood and water.' Veestrooptogte was klaarblyklyk 'n belangrike faset van hierdie konflikte, aldus Campbell (1822[i]:174): 'Indeed it appears that all the nations in this land of strife and blood watch for each other, and seize the first opportunity that may occur to attack and carry off cattle.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Beplande aanval van die Bakwena ba Setšhele op Kaditshwene is dan ook enkele dae nadat Campbell die Hurutshe op 12 Mei 1820 verlaat het, deur reënweer gestuit. Terwyl die Kwena gewag het vir die weer om op te klaar, is hulle opgemerk deur 'Kassanna, king of Doughooboone', een van die Hurutshe se bondgenote wat ook op Kaditshwene was terwyl Campbell daar vertoef het. 'Kassanna' het die veeposte van die Hurutshe gewaarsku en daarna na Kaditshwene vertrek om hulle persoonlik oor die dreigende aanval in te lig (Campbell 1822[i]:290-92). Of die aanval wel plaasgevind het, is nie bekend nie, maar dit is tekenend van die onstabiliteit en vyandelikhede wat teen 1820 in dié deel van die binneland geheers het. In 'n brief aan John Melvill in Januarie 1821 het die sendeling Robert Moffat van Kuruman opgemerk dat die Hurutshe in 'n stryd met die omliggende stamme gewikkel was en verklaar het dat hulle nie tot rus sou kom alvorens hulle die 'bloed van Makaba', die Ngwaketsestamhoof, 'gedrink' het nie (Schapera 1951:13).

Hierdie onstabiliteit het verder uitgekring nadat Coenraad de Buys na Campbell se vertrek weer na die Hurutshe teruggekeer het. Volgens 'n mededeling van die sendeling F.H.W. Jensen van Dinokana in *The Marico Chronicle* van 16 Maart 1912 het De Buys tydens sy verblyf onder die Hurutshe 'n kliphuis gebou, 'the ruins of which are still to be seen near Bloemfontein adjoining Enzelsberg'. Ten spyte van Wagner (1972/73:5) se bewering dat De Buys nie daarby betrokke was nie, dui die oorwig van getuienis daarop dat De Buys die Hurutshe gehelp het om die Lete by Letlhakane, 'n oostelike sytak van die Maricorivier, aan te val. Die konflik het blykbaar voortgevloei uit die Hurutshe se inmenging in 'n opvolgingsgeskil onder die Lete (Ellenberger 1937:40-42). Volgens Wagner (1972/73:50) het die De Buysstrooptog op die Lete eers vier jaar na die Hurutshe-aanval op die Lete plaasgevind, en wel in samewerking met die Ngwaketse van Makaba. Kontemporêre en naby-kontemporêre bronne weerlê egter hierdie stelling. Die aanval van die Ngwaketse op die Lete het waarskynlik kort voor Campbell se aankoms op Kaditshwene in Mei 1820 plaasgevind, aangesien Campbell (1822[i]:312) in sy joernaal aangeteken het: 'He [Makaba] lately attacked the Maleete, a people living to the eastward of the Marootzee, and took many of their cattle.'

Ook Andrew Smith is in 1835 ingelig dat De Buys persoonlik die Hurutshe gehelp het om die Lete aan te val en te plunder (Kirby 1940:206; Lye 1975:227). Oor die gevolge van die aanval het hy soos volg berig: 'The country [naby die 'banks of the Marikwa River'] passed this day was, in general, closely covered with bush; and at one place the road skirted the remains of a very large Bamaliti kraal, which had many years ago, been destroyed at the instigation of, and by the personal assistance of, Conrad Buys, a man who, by his abominable and unprincipled conduct, entailed more suffering upon the native tribes of South Africa than can easily be described' (Smith 1836:404). De Buys se betrokkenheid in die aanval word ook in die opgetekende oorleweringe van die Lete bevestig, hoewel al die besonderhede daarin vervat nie histories korrek is nie: 'They [die Hurutshe] had heard of a thing called a gun, which was in the possession of one "Moro," also called "Diphafhe" from the plumes he wore in his hat, who lived at Kuruman, and they enlisted his help. In due course Lotlhakane [lees: Letlhakane], Pooè's village, was attacked and totally destroyed. It is related how a piece of cloth was shot through the gun, how it set alight the thatch of one the huts, the fire spread, and the whole village was burnt out. All the cattle, sheep and goats were driven off by the victors - the destruction of Pooè's village being referred to thenceforth as "*Ntwa ea Diphafa*" [*Ntwa ya Diphafa*]' (Ellenberger 1937:43; vgl. ook Ellenberger 1954:205).[7] Op 31 Junie 1829 het die reisigers Robert

[7] *Diphafa* (meervoud van *lofafa*) = vere; *ntwa* = oorlog, geveg, veldslag.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Scoon en William McLuckie die verlate klipruïnes van die Lete naby 'a dry channel of the river Leutlecan' aangetref (Chase 1830:405). Volgens hulle was die Lete belangrike metaalbewerkers voordat hulle deur die Hurutshe van Letlhakane verdryf is: '[T]his, in former times, has been the "Carron" of the interior, the great foundary [sic]: iron and copper ore are most abundant here' (Chase 1830:405).

By Kaditshwene het De Buys en die Hurutshe egter mettertyd in onmin geraak en gebots, soos sy gekleurde seun Michael, een van die latere leiers van die Buysgemeenskap van Soutpansberg, jare daarna aan Stefanus Hofmeyr (1890:7-8), 'n sendeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk, vertel het:

> Wij kwamen van dezen laatsten kapitein [Makaba van die Ngwaketse] terug naar Legouroetze [Lehurutshe, dit wil sê die land van die Hurutshe], daar wilden wij verzuimen. Wij zaaiden daar. ... Het volk van Legouroetze wilde ons beesten stelen. Onze honden hielden hen af. Mijn vader werd er eindelijk moe van. Op een nacht liet hij de honden vastmaken. Dorha en Doris [twee van Coenraad se seuns] moesten in de kraal wacht houden. De Kaffers van Legouroetze kwamen weer om de beesten te stelen. Twee van hen kwamen in de kraal. Mijne broeders vingen hen. De anderen vlugtten toen zij dit gewaar werden. De honden werden toen losgemaakt. Mijn vader vroeg de Kaffers waarom zij zijne beesten wilden stelen? Zij zeiden de kapitein had hun dit bevolen, dewijl hij gehoord had dat mijn vader naar Sechelie [Setšhele] wilde trekken. Mijn vader liet den ééne dooden, en zond den andere naar den kapitein met de boodschap: hij (mijn vader) zou dien dag weggaan, en zoo zij hem iets wilden doen dan moesten zij komen. Weldra zagen wij hen ook van de bergen als mieren afkomen. Wij hadden nog niet ingespannen. Mijn vader liet het toen doen. De Kaffers kwamen nader en omsingelde ons, zoodat de losse beesten voor den wagen niet verder konden. Mijn vader liet door zijn tolk hun vragen wat zij wilden? Zij gaven geen antwoord. Mijn vader liet hun vragen wiens schuld het zou zijn zoo er dien dag bloed zou vallen? Weer geen antwoord. De tolk, ongeduldig wordende, wierp een assegaai naar hen. Zoo als hij zich omkeerde wierp een uit hen hem met een assegaai achter den schouder. Mijn vader riep hem in den wagen, trok de assegaai uit en gaf hem medicijn. Toen nam mijn vader schoot en ik denk tien vielen. Door den schrik des Heeren vlugtten de Kaffers en wij gingen verder. Den volgenden dag kwamen wij bij Matjouseleh [Motswasele] aan. Hij was de vader van Sechelie [Setšhele].

De Buys moes die Hurutshe reeds voor die aankoms van die sendeling Stephen Kay op Kaditshwene verlaat het, want op 9 Augustus 1821 het Kay aan Andries Stockenstrom, die landdros van Graaff-Reinet geskryf: 'C.B. is now at Mangwatoo a large town inhabited by the Maquanas, six or eight days journey north east of K. Chean [Kaditshwene] his waggon wheel having broke, according to the most recent intelligence he halted there in order to repair the old or make a new one. But he appears to be still bent upon proceeding yet further into the interior' (Schoeman 1938:98-99). Uit hierdie verwysing, asook Michael Buys se latere getuienis (Hofmeyr 1890:8), is dit duidelik dat Kay twee Tswanastamme, die Ngwato en die Kwena, met mekaar verwar het en dat De Buys hom op daardie stadium reeds by die Ngwato, oftewel die 'Monotho' onder die stamhoof 'K'gadi' (*Kgari*), bevind het.

Die reisindrukke van die Wesleyaanse sendeling, Stephen Kay, oor sy besoek aan Kaditshwene in Augustus 1821 is tot dusver nie as historiese bron na waarde geskat nie. Trouens, soos in hoofstuk I, afdeling 5.b, aangetoon is, het die argeoloog Revil Mason selfs twyfel uitgespreek of Kay inderdaad by die Hurutshe aangedoen het. Kay se joernaal en briewe[8] skep egter 'n duidelike prentjie van die onstabiliteit en onderlinge konflik wat destyds in dié deel van die binneland

---

[8] Hierdie uiteensetting van Kay se besoek aan Kaditshwene berus op 'n sintese van die inligting in die uittreksels van sy gepubliseerde joernaal (Kay 1834:189-206) en sy ongepubliseerde dagboekinskrywings in 'n brief aan die *Wesleyan-Methodist Missionary Society* (W.M.M.S., Box I, File 1821: Kay - Directors, Kurry Chane, 20/8/1821).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geheers het en bied ook 'n verklaring waarom die Tswana, en in die besonder die Hurutshe van Kaditshwene, so maklik kort daarna voor die *difaqane*-invallers geswig het. Sy reis van Dithakong na Kaditshwene, en uiteindelik Kanye in Botswana, het oor Madibogo, die nedersetting van die Thamaga, 'n stam van Kgalagadiherkoms (kyk Schapera 1951:102), en Khunwana, die hoofsetel van die Barolong booRatlou, gegaan. Na sy aankoms op Khunwana op 30 Julie 1821 is Kay deur 'n 'young chieftain' van die Hurutshe meegedeel dat hy daar was om die Rolong se hulp in te roep met die oog op 'n veldtog teen die Bakwena ba Setšhele. Op 1 Augustus 1821 het Kay aangeteken: 'My ears are assailed this morning from various quarters, with "rumours of war". Nation is rising against nation, - tribe against tribe, and kingdom against kingdom.' Op 1 Augustus om 10:00 vm het die 'black prince of the Marootze tribe', waarskynlik die einste Moilwa II wat 'n jaar tevore deur Campbell op Kaditshwene aangetref is, saam met die 'Morolong king' en een van die Ngwaketsestamhoof, Makaba, se rebelsgesinde seuns met 'n krygsmag na Kaditshwene vertrek vanwaar hulle hul beoogde aanval op die Bakwena ba Setšhele sou loods. Kay en sy geselskap het in hul voetspore gevolg en na 'n week se reis deur 'an almost depopulated country' op 9 Augustus 1821 by Kaditshwene aangekom.

Die Hurutshekrygsmag en hul bondgenote het op die punt gestaan om teen die Bakwena ba Setšhele uit te trek en wou gehad het dat Kay moes saamgaan sodat hy sy vuurwapens tot hulle beskikking kon stel. Kay het egter geweier en die krygsmag het sonder hom vertrek, waarskynlik nog dieselfde dag. Kay skets die haglike toestand onder die Hurutshe wat hy op daardie stadium waargeneem het: 'A gloomy spiritlessness sat on every countenance, and the manner of all bespoke the absence of peace. Great poverty was apparent in the aspect both of old and young; and their reduced state induced them to eagerly eye everything that was edible. One of my fellow-travellers, having shot two elephants the day before, had brought some flesh along with him. This, coarse as it was, proved to them an acceptable present; and numbers immediately started off to feed on the mutilated carcasses we had left behind.'

Op Saterdag 11 Augustus 1821 het die 'young chief' onverwags na ontbyt by Kay opgedaag en hom meegedeel dat die Hurutshe die aanslag op die Bakwena ba Setšhele verloor het, dat sy oom en al sy krygers gevange geneem is, en dat hy hulle met sy geweer te hulp moes snel. Kay wou nie betrokke raak nie, en het later vasgestel dat die Hurutshe inderdaad 'n verpletterende nederlaag gely het. Niemand is egter gevange geneem nie, en die 'young chief', waarskynlik Moilwa II, se uiteensetting was bloot 'n versinsel om Kay tot deelname aan hulle onderlinge stryd oor te haal. Kort daarna het die hele 'sable train' in die sentrale *kgotla* van Kaditshwene byeengekom. Kay het die 'war council' bygewoon en die volgende oor die verloop van die geveg opgeteken: 'In the battle they had just fought, more had fallen by stones than by the spear. The Boquains, in point of numbers, were represented as a mere handful, compared with the host that had been against them. But being, like their neighbours, established on the very pinnacle of a mountain, the precipitous sides of which rendered their town almost inaccessible, they harrassed the enemy, and fractured the sculls [sic] of numbers while scrambling up its rugged cliffs. By showers of stones and pointed darts a dreadful slaughter had evidently been effected.' Gedurende die daaropvolgende nag het Kay dan ook herhaaldelik wakker geword van die geween van die weduwees en wese. Op Dinsdag 14 Augustus 1821 het Kay sy reis na Kanye, die vesting van die Ngwaketse, voortgesit.

Tussen Kay se besoek in Augustus 1821 en die einde van 1822 is daar 'n gaping in die kontemporêre getuienis oor die Hurutshe van Kaditshwene. Volgens 'n mededeling van Mary Moffat, die eggenote van Robert Moffat, het die Tlhaping in Desember 1822 geweier om die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hurutshe te steun 'in commando against some of their neighbours in the interior', ondanks die skenking van 'n aantal beeste om hulle daartoe te oorreed (Schapera 1951:65-66). Dit was waarskynlik ook in hierdie periode dat die Lete, wat na die De Buysstrooptog eers onder die Bakwena ba Setšhele en toe onder die Ngwaketse rondgeswerf het, hulle by die Hurutshe by Kaditshwene aangesluit het, waar hul leier Mokgosi hom onder Senosi, die hoof van die Bahurutshe booMokgatlha (kyk stamhoofgenealogie in tabel 2.1), gevestig het (Breutz 1953:23; Ellenberger 1937:43). Die Lete het hier gewoon totdat hulle saam met die Hurutshe tydens die *difaqane* aangeval en van Kaditshwene verdryf is.

5. DISINTEGRASIE EN VERSTROOIING: DIE IMPAK VAN DIE *DIFAQANE* (1823-1832)

Op hierdie stadium het ontwikkelinge in die oostelike en suidelike dele van Suid-Afrika tot 'n reeks konflikte en migrasies aanleiding gegee waarna as die *mfecane* onder die Nguni en die *difaqane* onder die Sotho-Tswana verwys word. Dit het tot die ontworteling en disintegrasie van verskeie Tswanastamme gelei wat reeds deur onderlinge konflikte verswak was, soos hierbo aangetoon is. 'n Volledige uiteensetting van die verloop van die *difaqane* val buite die bestek van hierdie studie, en daar sal bloot getoon word hoe dit veral die Hurutshe by Kaditshwene geraak het.

Gedurende 1822 het aanvalle van Ngunigroepe soos die Hlubi en die Ngwane op Suid-Sothogroepe noord van die Oranjerivier 'n kettingreaksie tot gevolg gehad. Die eerste Sothogroep wat aangeval is, was die Tlokwa van Mmanthatisi, en vanweë haar volgelinge en andere se strooptogte suid van die Vaalrivier is verskeie stamme soos die Phuthing, die Hlakwana, die Taung en die Fokeng (Kololo) ontwortel, wat op hulle beurt weer die Oorvaalse Tswana aangeval het (Legassick 1970:328-331). Ook die Hurutshe van Kaditshwene het onder die voortvlugtige Suid-Sothogroepe deurgeloop. Reeds op 12 April 1823 het Robert Moffat in 'n brief aan sy skoonouers (Schapera 1951:73) berig dat '[i]f the public accounts of the Bootchuanas can be depended on, Kureecheene [Kaditshwene] is no more than a heap of rubbish, and very probably the camp of a ferocious enemy who are said to carry devastation and horror in their train. By the chief of the Barolongs, who has just arrived here, we are informed that this Goth-like army have driven Macabbe [Makaba, die hoof van die Ngwaketse] from his town, pillaged his gardens, and devoured his cattle.'

Dit blyk uit 'n inskrywing in Moffat se joernaal van 16 Mei 1823 dat ook Diutlwileng, die Hurutsheregent, in die geveg omgekom het, maar dat Makaba die aanvallers tydens hulle noordweswaartse strooptog teruggedryf het: 'By this Goth-like army Kureecheene has been pillaged and Leuqueeling killed. They attacked Macabbe and drove him from his towns, but were soon *after* repulsed with considerable slaughter' (Schapera 1951:77). Diutlwileng se dood is ook deur die Bahurutshe booManyane van Borutwe in Januarie 1824 teenoor die sendeling Thomas Hodgson bevestig: 'Visited by a party of Bomananya, a tribe residing about 5 days' journey north-west of us. The object of the visit to Sibbonel [Sehunelo] is to effect an exchange of axes, assegais, rings, brass beads etc. for cattle or other beads. They do not know Kuruchane [Kaditshwene], but know Liqulling [Diutlwileng], the regent of the Marootsees, whom they state to have been killed by the late invading enemy, who are said to have destroyed his town in Kurrichane' (Cope 1977:215).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar word dikwels na hierdie aanvallers as die 'Mantatees' verwys, maar daar is geen bewyse dat die Tlokwa van Mmanthatisi, van wie die benaming afgelei is, gedurende hierdie periode ooit noord van die Vaalrivier beweeg het nie (How 1954:66; Smith 1956:50). Robert Moffat het hierdie Sotho-aanvallers as die Phuthing en die Hlakwana geïdentifiseer, soos duidelik blyk uit die volgende inskrywing in sy joernaal op 21 Julie 1823 oor die 'marauding tribes infesting the interior': 'Those now at Nucuning [Nokaneng] are two tribes, governed by the chiefs Chaane [Tshwane] and Carrahanye [Nkharahanye]. The people of the former are called Maputee, and the latter Batclaquan, who are a tribe of the Baquean or Moquean nation. Both tribes lived at a distance from each other *in their own country, which is* probably eight or ten days' journey south-east of Kurrecheene, and left their country about eight or ten months ago, when their corn was about two feet high. ... Kurreecheene seems to have suffered more than any other town we have yet heard of. From four Baharutsee women, who are among the prisoners [na die slag van Dithakong op 26 Junie 1823], we learn that the Baharutsee are no more, signifying that Kureecheene is destroyed. Many of its inhabitants, including Leeuqueeling, the regent, are killed, and the remainder scattered in the fields without cattle' (Schapera 1951:101-102).

Volgens Smith (1956:52-53) kan daar uit die oorleweringe van die Suid-Sotho afgelei word dat die Fokeng onder Sebetwane, later bekend as die Kololo, nie aan bogenoemde aanslag op Kaditshwene deelgeneem het nie. Hierteenoor stel die oorleweringe van die Hurutshe dit duidelik dat Diutlwileng in 'n veldslag teen die Fokeng omgekom het (Breutz 1953:96; Jensen 1947:178). Wat ook al die geval, die veroweraars van Kaditshwene het na afloop van hul mislukte aanslag op die Ngwaketse hul strooptogte voortgesit en afgepeil op Dithakong, waar hulle op 26 Junie 1823 deur 'n gesamentlike mag van die Tlhaping en die Griekwas onder leiding van Robert Moffat verslaan is. Moffat het die getal aanvallers op 40 000 of 50 000 geskat, terwyl die regeringsagent John Melvill hul getal op 30 000 bereken het (Kinsman 1995:368; Schapera 1951:95). Volgens Sotho-oorlewering het die Fokeng van Sebetwane wel aan die Slag van Dithakong deelgeneem (Smith 1956:53; kyk ook Hartley 1995:408).

'n Deel van die verslane invallers het volgens die getuienis van George Thompson (1827[i]:179), wat indertyd ook in die binneland was, na die nederlaag by Dithakong weer na die noordooste uitgewyk, waar hulle 'formed an amicable junction with the Morootzi tribe, whom they had formerly plundered, and according to last accounts were *located* in their territories near Kurrechein.' Indien hierdie berig korrek is, was die samewerking tussen die invallers en die Hurutshe van korte duur. Op 31 Julie 1824 het Moffat berig ontvang dat die Hurutshe, wat klaarblyklik nog by Kaditshwene of in die omgewing daarvan was, weer aangeval is. 'This evening several Baharootse men came to our waggons, having just arrived from the neighbourhood of Kureechueene. They are headed by Kaaye [Kgaje], the son of the late Lueequeeling [Diutlwileng]. From these men I learn that the greatest part of the Mantatees who were defeated at Old Lattakoo fell in with another tribe of the same description, called Bamamonooe, not far from Kureechueene, to whom they joined themselves; that they had conquered six towns of the Baquena [Bakwena], and then attacked the Baharootse and took the remainder of their cattle, which they retook shortly after and succeeded in driving them out of their dominions; and that the Bamamonooe or Mantatees had since driven the Meremootsane [Modimosana-Kwena?] (a numerous tribe south-east of the Baharootse) out of their town [Molokwane?], of which the Mantatees were now in possession.' Kgaje het Moffat ook meegedeel dat '[t]he Baharootse are still living in temporary houses, but intend shortly to commence building their town', waarop Moffat hulle probeer oortuig het van die 'advantages of settling near a running stream, assuring them that a missionary should one day reside with them' (Schapera

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1951:133-134). Volgens 'n inskrywing in Moffat se joernaal van 29 Julie 1824 het die invallers Kaditshwene reeds op daardie stadium verlaat (Schapera 1951:131-132).

'n Analise van die kontemporêre berigte dui daarop dat die Taung onder Moletsane waarskynlik vir hierdie aanvalle op die Hurutshe en omliggende Rolonggroepe verantwoordelik was (kyk Kinsman 1995:378). Die strooptogte van die Taung op die Hurutshe is ook in hul oorleweringe vasgelê, en in een van sy prysgedigte word Moletsane onthou as '*Mophathi a phatega tsa Lefurutshe*, (I am) the ravisher who seized all that was in the land of the BaHurutshe' (Smith 1956:56; kyk ook Ellenberger & Macgregor 1912:166). Dit is moontlik dat dit die Kololo is na wie Thompson hierbo verwys het, en dat hulle in bondgenootskap met die Taung tydens die aanvalle op die Hurutshe opgetree het (Smith 1956:56). Hierna het die Taung geleidelik suidwaarts beweeg en die Rolong van Sehunelo verskeie kere by Matlwase aangeval (Cope 1977:294; Kinsman 1995:374).

Die Hurutshe is egter nie lank met rus gelaat nie, want op 14 Februarie 1825 het Mary Moffat geskryf dat '[t]he Mantatees are still raging like lions among the Baharootse and Barolongs' (Schapera 1951:174). Op 9 Junie 1825 het Robert Moffat aangeteken dat hy ingelig is dat die aanvallers intussen ook die Ngwaketse verslaan het en hul leier, Makaba, om die lewe gebring het. Een van die invalsgroepe was steeds 'at Kurreechuene', maar op 13 Junie het boodskappers van die Rolong hom meegedeel dat 'the Mantatee tribes have retired into the interior, and it is possible that the Wankeets, Barolongs, and the few scattered Baharootse, will return and occupy their former station' (Schapera 1951:197). Dat die Hurutshe kort tevore weer aangeval is, is bevestig deur 'n mededeling van die Rolongstamhoof, Sehunelo, aan die Wesleyaanse sendeling, Thomas Hodgson, op 6 September 1825 dat 'a party ... of the original Mantatees or invaders of this country had again attacked the Marootsi nation and dispersed them' (Cope 1977:294). Die groep wat op hierdie stadium in Hurutshegebied was, was waarskynlik die Kololo van Sebetwane (Kinsman 1995:379-379). Ook Robert Hamilton het Robert Moffat op 30 Desember 1825 in 'n brief meegedeel dat hy deur die Rolong ingelig is dat Makaba om die lewe gebring is en dat die 'Baharootse were annihilated' (Schapera 1951:172). Uit die oorleweringe van die Bahurutshe booManyane van Borutwe kom dit voor of hulle die aanvalle van Sebetwane se Kololo vrygespring het (Breutz 1953:38).

Dat die Kololo (oftewel die Makgare[9]) vir Makaba se dood verantwoordelik was, word ook bevestig in 'n verklaring van Sebego, Makaba se seun, teenoor die reisiger Andrew Geddes Bain op 27 Augustus 1826: 'Yes, the Bawanketsie alone have stemmed the torrent of the Makarie (Mantatees) which swept from the face of the earth our once powerful neighbours, the Bamorootzie and Bakweenie, whose very names are now almost forgotten. Let them no more enter the territories of the sons of Meleta where they butchered my renowned sire, Makkaba' (Lister 1949:65-66; kyk ook Schapera 1942:6; Smith 1956:58-59). Hierteenoor het Rasmussen (1978:50) op grond van veral die oorleweringe van die Ndebele van Mzilikazi, maar ook na aanleiding van ander tydgenootlike dokumentêre getuienis, tot die gevolgtrekking gekom dat Makaba 'in late 1825' deur 'n Ndebelekrygsmag om die lewe gebring is.

---

9 Volgens Schapera (1951:144, voetnoot 88) was 'Makgare' 'n naam wat blykbaar 'specifically' na die Kololo van Sebetwane verwys het, ofskoon dit soms op die Taung van Moletsane van toepassing gemaak is (vgl. ook Cope 1977:263; Lister 1949:65).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die strooptogte op die binnelandse Tswana het steeds voortgeduur en op 17 Maart 1826 het Moffat die volgende in sy joernaal (Schapera 1951:212) aangeteken: 'We are again informed that the Mantatees are ravaging the tribes on the Molapo [*Molôpô*]. It appears that they have their encampment in the town of the Baharutse (who have been driven). From thence a commando has come to the Barolongs (those of Towane), surrounded him, took all his cattle and killed many, and returned to their rendezvous.' Op 1 April 1826 het Mary Moffat soos volg in 'n brief berig: 'We hear much of the Mantatees; it appears that they are at the Baharutse town, and occasionally visit the Barolongs for cattle' (Schapera 1951:223-224). Op 8 April 1826 het Robert Moffat nuwe inligting van Rolong-ooggetuies oor die identiteit van die aanvallers ontvang, asook dat hulle daarna 'encamped at Kureechuene'. Hierdie groep het as die 'Mantotoana' bekend gestaan, en Schapera (1951:215-216) lei uit die beskrywing van hulle ovaalvormige skildvelle en ander wapens af dat hulle vermoedelik die Ndebele van Mzilikazi was. Moffat se informante het hulle soos volg beskryf: 'It appears from their statements that the late invaders are a tribe very different from those who were defeated at old Lattakoo. They call themselves *Mantotoana*, but know nothing of where they have come from. They are tall and robust, very black, have a large shield like the Caffres, fight with knob sticks, of which they have a good bundle, with only one assegai, which they never throw' (Schapera 1951:215).

Indien Rasmussen (1978:49-51) se afleiding korrek is dat die Ndebele die Ngwaketse teen die einde van 1825 aangeval het, ongeag of hulle ook vir Makaba se dood verantwoordelik was, kon die Ndebele se skermutselings met die Hurutshe op hul terugtog daarvandaan plaasgevind het. Geen bevredigende verduideliking vir die naam 'Mantotoana' of 'Mantatoana' kon tot dusver gegee word nie, maar 'n beskrywing van die woonplek van die 'Mantatoana' in Desember 1828 as 'nearly 100 miles east of Kureechuene', dui egter ook op die Ndebele van Mzilikazi, wat toe reeds na die omgewing van die huidige Pretoria verhuis het (kyk Rasmussen 1978:57; Schapera 1951:144, 289).[10] Ook Legassick (1970:421) onderskryf die interpretasie dat die Ndebele op daardie tydstip 'n strooptog op verskeie Tswanastamme, waaronder die Hurutshe en die Rolong, uitgevoer het.

Hierdie herhaaldelike aanvalle het tot die algehele verbrokkeling van die Hurutshe gelei, en toe Moffat op 4 April 1827 by Tswaing, noordwes van die teenswoordige Vryburg in die Noord-Kaap, aangekom het, het hy vir 'Pifo [Phefo of Poifo], once Liiquéling's ambassador to Muteebe [Mothibi, die Tlhapingstamhoof], with a handful of Baharutses' aangetref. Die voormalige gesant het hom meegedeel dat 'n groep Hurutshe afkomstig van Kaditshwene onder Kgaje hulle by die Ngwaketse bevind het. Na verdere ondervraging is Moffat meegedeel dat 'at present there was not an individual at Kurechuene. A few poor persons were in its neigbourhood *with Mokhatla* [Mokgatlha, die halfbroer van Diutlwileng], *in the most destitute state*' (Schapera 1951:241). Klaarblyklik was die Kololo egter nog in daardie omgewing bedrywig, want volgens inligting wat Moffat van Sebego, die seun van die gestorwe Ngwaketsestamhoof, Makaba, op 24 Mei 1827 ontvang het, was die 'Mokari or Mantatees' op daardie tydstip steeds in die 'Baharutse mountains', waarvandaan hulle beplan het om kort voor lank weer 'n aanval op die Ngwaketse te loods (Schapera 1951:254).

Die finale verwydering van die Hurutshe uit die omgewing van Kaditshwene het waarskynlik kort na Mzilikazi se verhuising na die Magaliesberge teen die middel van 1827 plaasgevind. Dit is

---

[10] Kyk ook in hierdie verband die verwysing in Scoon en McLuckie se joernaal (Chase 1830:406) na die Ndebele van 'Malacatzi' [Mzilikazi] as 'Zulos, or Mantatotes'.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekend dat die Ndebele teen die middel van 1828 'n hernieude veldtog teen die Ngwaketse van stapel laat loop het, en die Hurutshe van Kaditshwene is waarskynlik gedurende dieselfde periode onderwerp, waarna hulle Mzilikazi se skatpligtiges geword het (Germond 1967:76; Rasmussen 1978:61-63). Daar kan aanvaar word dat Mzilikazi die Hurutshe nie sou toelaat om weer in hul bergvesting te Kaditshwene te woon nie. Die oorblywende faksie van die Hurutshe van Kaditshwene het hulle dus onder Diutlwileng se halfbroer, Mokgatlha, en sy broerskind, Moilwa II, in die Mosegakom, suidwes van die teenswoordige Zeerust en sowat 40 km van Kaditshwene, gaan vestig (Manson 1990:66). In 1829 het die sendeling Robert Moffat die Hurutshe onder die regentskap van Mokgatlha daar aangetref en berig dat hulle '... subsisted on game, roots, berries and the produce of their corn-fields, having been deprived of their flocks by the Mantatees. They were evidently living in fear, lest Moselekatse should one day make them captives' (Moffat 1842:516). Van die beraamde 16 000 of 20 000 inwoners wat John Campbell in Mei 1820 op Kaditshwene aangetref het, was daar slegs sowat 2000 stamlede by Mosega saamgetrek (Chase 1830:404), 'n aanduiding van die verwoestende uitwerking van die *difaqane*.

Die ondergeskiktheid van die Hurutshe aan die Ndebele blyk duidelik uit die volgende waarneming van Samuel Rolland, 'n sendeling van die Paryse Evangeliese Genootskap, tydens 'n besoek aan Mosega in Junie 1831: 'It must be remembered that Mokhatla is a vassal of Moselekatse to whom he is obliged to pay the annual tribute of a large part of his crops. The tyrant has forbidden him to sow corn in his own territory this year and, doubtless with the intention of reaping the harvest himself and thereby reducing Mokhatla to slavery, has ordered him to do so nearer his own headquarters' (Germond 1967:80). Juis met die doel om hulle teen die Ndebele te beskerm, het die Hurutshe hulle beywer vir die vestiging van sendelinge op Mosega, en in Februarie 1832 het die sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap, Prosper Lemue, Samuel Roland en Jean-Pierre Pellissier, hulle by Mosega aan die Mmakgamespruit (op die teenswoordige plaas Zendelingspost 300 JP; kyk kaart 1) gaan vestig. Hulle het die sendingstasie egter kort daarna in Junie 1832 verlaat net voordat die Hurutshe self voor die Ndebele gevlug het (Rex 1971:21, 27).

Mzilikazi en sy volgelinge het hulle daarop in 1832 in Marico gaan vestig. Die hoofvesting van Kaliphi, een van sy hoofindoenas, was in die Mosegakom geleë en het volgens die Amerikaanse sendelinge wat later onder die Ndebele werksaam was, as Motsenyateng of Matsenyateng[11] bekend gestaan (Kotzé 1950a:103). Mzilikazi se hoofsetel is van tyd tot tyd verskuif, maar teen 1835 het hy by Kapain, waarskynlik 'n vervorming van die Ndebelepleknaam, *eGabeni*, gewoon (Kotzé 1950b:200). Oor die presiese ligging van Kapain bestaan daar heelwat onsekerheid, en hoewel dit gewoonlik met Silkaatskop aan die Maricorivier verbind word (vgl. Breutz 1953:8), is dit 'n foutiewe aanname en blyk dit duidelik uit kontemporêre berigte dat Kapain nader aan Tswenyane en Kaditshwene geleë was (kyk Van der Merwe 1986:210-214, asook hoofstuk III, afdeling 4.b). 'n Klein aantal Bahurutshe het as vasalle van die Ndebele in die Mosegakom agtergebly, waar hulle in vier of vyf dorpies saamgetrek was (Wallis 1945[i]:70). Die meeste van die vroue in die Ndebele se nedersettings by Mosega was volgens die ooggetuieverslag van Andrew Smith egter van Kwena- of Hurutshe-afkoms (Kirby 1940:57). Die res van die Hurutshe wat vroeër op Mosega saamgetrek was, het onder leiding van Mokgatlha en later Moilwa II na die Hartsrivier uitgewyk, waarna hulle vir etlike jare 'n swerwersbestaan gevoer het (Kotzé 1950a:136; Lister 1949:138; Manson 1990:85).

---

[11] Dit is klaarblyklik 'n Tswanawoord, maar die betekenis of etimologie daarvan is onseker.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel Phofu, die seun van Mangope, die stamhoof van die Bahurutshe booManyane, volgens oorlewering enkele jare tevore deur die Ndebele gevange geneem is (Breutz 1953:61), het hulle klaarblyklik op daardie stadium op vreedsame voet met die Ndebele verkeer. Dit blyk uit Moffat se waarneming (Wallis 1945[i]:99) tydens sy besoek aan die Ndebele in Julie 1835: 'Manope [Mangope], uncle of Mokatla, who lives at a distance, was sent for me to give me information where I should meet the most suitable timber for the church. He came this evening, and from him I learned that the best timber was at the source of the Maenéloe [*Mainêê*lwê], opposite Mosega. He appears to live very comfortably under Moselekatse, who has given him some cattle.'

Daar word soms verkeerdelik, veral onder plaaslike inwoners van die streek, na die talle klipruïnes wat in Marico voorkom, as 'Matabelekrale' verwys (vgl. Hicks 1923-24:222). Uit die kontemporêre sketse en beskrywings van die Ndebele se nedersettings in Marico is dit duidelik dat hulle nie met klip gebou het nie, en dat hulle vestigingsuitleg die tipiese Ngunipatroon gevolg het (kyk Lye 1975:217, 260). Oor hul boupatroon het die sendeling Jean-Pierre Pellissier hom in Mei 1832 soos volg uitgelaat: 'They dispose of their huts in the quaintest manner: their villages are invariably built in a circle of at least three hundred feet in diameter. This area is bounded by a barricade of brushwood within which the cattle are enclosed at night. It is around this fence that their huts are built; they are made of reeds and matting' (Germond 1967:96).

Die verwoesting van Kaditshwene en ander woonterreine van die Hurutshe is reeds enkele jare na die ontruiming daarvan deur die ooggetuieverslae van reisigers bevestig. In 1829 het die handelaar Robert Scoon die ruïnes van Kaditshwene gesien en dit as 'deserted, and but a few houses standing' beskryf (Chase:1830:404). Toe Robert Moffat op 4 Julie 1835 onderweg van Mzilikazi verby die gewese hoofstad van die Hurutshe beweeg het, het hy dit soos volg waargeneem: 'Passed several remains of towns of former generations, I suppose of the Bahurutse, when in their glory. Now nothing remains but the circular foundations of the houses, marked by thin slabs [of] stone standing upright in the ground. Grass and luxuriant trees now stand on the place where there was formerly perhaps not a blade of grass to be seen, from the multitude of people and cattle. Innumerable vestiges remain of towns, and some very large ones. Some are miles in circumference, which [must] have cost immense labour, being entirely built of stones, that is, the fences and folds; also the lower part of the houses, [of] the upper part of which there are but few vestiges, having been built of clay mixed with cowdung' (Wallis 1945[i]:99-100).

6. OMSWERWINGE EN TERUGKEER NA MARICO (1832-1848)

Die Ndebele se verblyf en heerskappy in Marico het slegs vyf jaar geduur. Gedurende hierdie periode het drie Amerikaanse sendelinge, Alexander Wilson, Henry Venable en Daniel Lindley, hulle op Mosega gevestig en die ou Franse sendingstasie by die Hurutshe in 'n missie onder die Ndebele omskep (Kotzé 1950b:218). In Januarie en November 1837 het die Voortrekkers onder leiding van Hendrik Potgieter, en met die steun van veral Rolong- en Griekwabondgenote, hul tydens twee veldslae op die Ndebele se aanvalle op die Voortrekkers by Vegkop gewreek en hulle uit Marico verdryf, waarop die Ndebele hul lang tog na Matebeleland in die teenswoordige Zimbabwe aangepak het (Rasmussen 1978:120-132; Van der Merwe 1986:151-177, 190-226). Met die verslaning van die Ndebele is ook die Amerikaanse sendelinge se kortstondige verblyf op Mosega, wat van die begin van 1836 tot Januarie 1837 geduur het, beëindig. Reeds in Oktober 1844 het 'crumbling walls of what was once the missionary house' die reisiger, Henry Methuen (1846:264), opgeval.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vennootskap tussen die Hurutshe en die Voortrekkers, die nuwe heersers van die Oorvaalse gebied na die verdrywing van die Ndebele van Mzilikazi, maar ook die ontwrigtende gevolge van die *difaqane*, blyk onder andere uit 'n tydgenootlike verslag van ene Viator in *De Zuid-Afrikaan* van 19 Junie 1840 oor sy besoek aan die Voortrekkers by Potchefstroom aan die Mooirivier drie maande tevore. In sy verslag verwys Viator heel waarskynlik na dieselfde grot in Gatsrand wat onlangs argeologies herondersoek is en volgens Simon Hall (1995:307) tussen 1827 en 1836 deur Tswanavlugtelinge bewoon is. In die oorleweringe van die Tswana word die grot, wat as Lepalong bekend staan, met 'n *difaqane*-nedersetting van die Modimosana-Kwena en die Phiring, of selfs 'n seksie van die Kubung, verbind (Breutz 1952:219; Haughton & Wells 1942:329-331; Transvaal Native Affairs Department 1905:15). Hoewel die besonderhede wat daarin vervat is sonder twyfel nie in alle opsigte korrek is nie, kan daar uit Viator se verslag, '*Extract uit een Joernaal, gehouden op eene reis naar de Uitgewekene Boeren*', afgelei word dat die bewoning van die grot moontlik langer geduur het en dat ook 'n deel van die Hurutshe moontlik daarin geskuil het: 'Uit eene gebrek aan paarden, konde ik eene groote grot niet besoeken, ruim genoeg om 1800 schapen te kunnen bevatten, en gelegen op eenige afstands van den oorsprong der Mooij rivier. De ingang tot deze grot, is een perpendiculair gat, op vlakken grond, 50 of 60 voet diep. Een groote kraal van den Maroetze stam, leeft hier op vriendschappelyke termen met de Boeren. Zij hebben groote tuinen en velden; zyn nyverig, en wyken in tyden van gevaar, met hun vee naar gemelde grot.' Elders berig Viator ook: 'In dit land wonen eenigen die van den Maroetze stam zyn overgebleven, elke party onder derzelver eigene kleiner hoofd, die allen het oppergezag van Potgieter erkennen. De Boeren hebben hen een gedeelte van hun vee gegeven om op te passen, en pryzen hen wegens hunne eerlykheid.'

Die mate waarin die Hurutshe hulle op daardie stadium as ondergeskik aan die gesag van die Voortrekkers beskou het, word bevestig deur die onderstaande verklaring (Pretorius & Kruger 1937:97:R49/39) wat deur Motladiile, 'n halfbroer van die meergenoemde Moilwa II, en die Rolongstamhoof, Matlaba, met 'n kruis onderteken is:

> Op den 12 dag der maand October 1839.
>
> De mondgetuygenis van den opperhoofd der Maroetsies [Hurutshe], met namen Matatilie [Motladiile], verklare by dese dat Missilekaats [Mzilikazi] de land van Magale [Mogale], Magotla [?], Maselon [Maselwane], Pilana [Pilane], Ramatlapee [Ramatlapeng] toen de gemelde Matatile [Motladiile] en Gousie [Gontse] Tawana Maroeka [?] Mattjawe [Matlaba] ingenomen heef en hulle om het leven gebragt op een gruwelyke wys en haarlu vee ontnomen; sylu verklaare boven dat alles dat de verinneweerde land door A.H. Potgieter, Commedant, in genoomen is van Misselekaats, en dat geen andere volkstammen daar regt op heef dan de gemelde A.H. Potgieter, het welk Mattjawee [Matlaba] opperhoof ook getuyg, hey die ook een capittyn is van de Marollas [Barolong].

Volgens 'n verklaring wat Moilwa II in 1871 afgelê het, het die Hurutshe wat voorheen op Kaditshwene en Mosega gewoon het op 'n latere stadium toestemming van die Boere gekry om hulle weer in Marico te gaan vestig (Bergh 1995:41). 'n Hurutshegroep onder Moilwa het hulle dan ook in 1848 tydelik onder die sendeling Walter Inglis aan die Klein-Maricorivier (in die omtrek van die latere Zendelingsplaats 102 JP; kyk kaart 1) geskaar voordat hulle uiteindelik op Mathebe, naby die latere Dinokana, gaan woon het.[12] Gedurende dieselfde periode het die eerste

[12] Manson (1990:85) beweer verkeerdelik dat die Hurutshe hulle aan die *Manogêlo*, 'n spruit op die latere Leeuwfontein 61 JP (Mokgola) gaan vestig het. Die 'Maniloe' waarna Inglis verwys, is nie die 'Mangelo' [sic] soos Manson daarna verwys nie, maar die *Mainêêlwê/Mainêêlô* oftewel die Klein-Maricorivier, en die sendingterrein was op die latere Zendelingsplaats 102 JP geleë.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blankes, waaronder die bekende kommandant Jan Enslin van Mezeg na wie Enselsberg vernoem is, hulle in Marico gaan vestig (Claasen 1978:24; Oosthuizen 1971:28). Kaditshwene is nooit weer na die twintigerjare van die vorige eeu bewoon nie en het mettertyd as deel van die blanke pioniersnedersetting gaandeweg in die historiese vergetelheid geraak, soveel so dat daar, soos daar in hoofstuk IV aangedui sal word, 'n dispuut oor die ligging en die naam van die eertydse Hurutshehoofstad ontstaan het.

7. SAMEVATTING EN IMPLIKASIES VIR DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

- Volgens die algemeenste ontstaansmite van die Tswana het die eerste mense by 'n watergat, Matsieng of Lowe, naby Mochudi in die teenswoordige Botswana, ontstaan. Op grond hiervan sou verwag kon word dat van die vroegste argeologiese terreine wat met die Tswana verbind kan word, in Botswana aangetref sal word. Dit veronderstel ook dat hierdie terreine verder terug behoort te dateer as die vroegste terreine wat met die Hurutshe by Tswenyane of die Kwena by Mabjanamatshwana geassosieer kan word. Die radiokoolstofdatums vir Vroeë Molokoterreine in Marico behoort ook lig te werp op Evers (1988) se gevolgtrekking dat die argeologiese data daarop dui dat die Vroeë Molokopotwerktradisie van noordoos na suidwes oor die land versprei het (kyk hoofstuk I, afdeling 1).

- Die opgetekende mondelinge oorleweringe dui ook daarop dat die eerste Tswanagroepe hulle vanaf ongeveer 1200 n.C. suid van die Limpoporivier gevestig het. Die Hurutshe was klaarblyklik deel van 'n groepering wat die latere Kwena ingesluit het en wat na bewering tussen 1350 en 1450 by Mabjanamatshwana, oftewel Swartkoppies naby die teenswoordige Brits, gaan woon het. Teen die middel van die vyftiende eeu het die Hurutshe van die Kwena weggebreek en hulle uiteindelik by Tswenyane (Enselsberg) in Sentraal-Marico gaan vestig. Indien die Hurutshe en die Kwena tydens hul vroeë migrasie na Mabjanamatshwana 'n verenigde groep gevorm het, behoort daar ook 'n groot mate van ooreenstemming tussen die argeologiese oorblyfsels te wees wat in die Brits-Rustenburg-Marico-area voorkom en uit die vyftiende en sestiende eeu dateer. Aan die hand van die oorleweringe sou ook verwag kon word dat van die vroegste terreine uit die Latere Ystertydperk in Marico wat met die Hurutshe in die besonder verbind kan word, in die omgewing van Tswenyane (Enselsberg) behoort voor te kom.

- Geen melding word in die oorleweringe gemaak van die aanwesigheid van die San in die sentrale deel van Marico ten tye van die Hurutshe se migrasie na Tswenyane nie. Daar is wel teenstrydige inligting in die opgetekende oorleweringe oor 'n moontlike vroeë Rolongbewoning in die meer suidelike deel van Marico by Molemane en Matsekane. Indien sodanige aanwesigheid nie uit die materiële kultuuroorblyfsels, byvoorbeeld potwerkstyl, afgelei kan word nie, kan die argeologiese faunareste moontlik as leidraad dien. Hoewel die verbodsbepaling op die eet van totemdiere wat ten opsigte van die Tswana geld onder buitengewone omstandighede wel opgehef kan word, kan terreine waar oorblyfsels van die koedoe (*Tragelaphus strepsiceros*), een van die totems van die Rolong, in faunaversamelings voorkom waarskynlik as moontlike Rolongterreine uitgeskakel word.

- Dit blyk uit die oorleweringe dat die tweede helfte van die sewentiende eeu deur belangrike sosiale omwentelinge gekenmerk is, aangesien daar toe na bewering 'n skeuring onder die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hurutshe by Tswenyane plaasgevind het. Nadat die Hurutshestamhoof Manyane deur sy jonger broer Menwe verslaan is, het hy Tswenyane verlaat en hom saam met sy volgelinge naby die teenswoordige Groot-Marico in die suidoostelike deel van die latere distrik Marico gaan vestig. Hier is Borutwe as die hoofsetel van die Bahurutshe booManyane aangelê. Gedurende hierdie periode het ook 'n ander seksie van die Hurutshe weggebreek en heeltemal uit Marico padgegee, waarna hulle as die Tlharo bekend sou word. Hierteenoor het 'n groep nuwe intrekkers van vermeende Ndebeleherkoms, maar wat reeds vertswana het, naamlik die Lete, hulle destyds by Rabogadi, 'n terrein tussen Groot-Marico en Zeerust, gevestig. Benewens die opsporing van hierdie vroeëre woonplekke, kan moontlik bepaal word of die fragmenteringsproses en bevolkingsverhuisings in die argeologiese rekord weerspieël word.

- Dit is nie uit die opgetekende oorleweringe duidelik of Kaditshwene, die latere hoofstad van die Hurutshe wat in 1820 en in 1821 deur onderskeidelik John Campbell en Stephen Kay besoek en beskryf is, reeds teen die vyftiende eeu aangelê is of eers in die tweede helfte van die sewentiende eeu of selfs later, teen die einde van die agtiende eeu, nie. Hoewel die omgewing van Tswenyane gedurende die agtiende eeu klaarblyklik 'n belangrike setel van die Hurutsheseksie gebly het wat nie na Borutwe of elders uitgewyk het nie, blyk dit uit die oorleweringe dat hulle ook ander belangrike woonsentra gehad het, soos Powe naby Dinokana, Mmutlagae (op Klaarstoom 237 JP) en 'n terrein in die omgewing van die teenswoordige Jacobsdal (op die plaas Vergenoegd 279 JP), suidwes van Zeerust. Dit kom voor of die Bahurutshe booMenwe van Tswenyane hul hoofstad van tyd tot tyd verskuif het, soos ook onder ander Tswanastamme voorgekom het (kyk Schapera 1942 vir die Ngwaketse as voorbeeld), en dat Kaditshwene moontlik eers na die bewindsaanvaarding van Sebogodi teen die einde van die agtiende eeu as hoofsetel gedien het. 'n Ondersoek na die argeologiese rekord behoort lig te werp op die tydperk van bewoning van Kaditshwene en ander terreine, asook op die verskynsel van vestigingsmobiliteit ('settlement mobility') onder die Tswana (kyk Hardie 1981:37).

- Voorts word daar in die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe aangedui dat Kaditshwene op die plaas Bloemfontein 63 JP in die Enselsbergomgewing geleë was. Dit is heeltemal teenstrydig met Revil Mason se gevolgtrekking dat die klipmuurkompleks op die plaas Vergenoegd 279 JP naby Jacobsdal wat deur hom argeologies ondersoek is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), die oorblyfsels van die Hurutshehoofstad verteenwoordig. Om hierdie vraagstuk op te los, asook om Breutz (1953:15) se bewering te toets dat die Hurutshe nie met klip gebou het nie en dat Tswenyane-Kaditshwene 'n tweelinghoofstad gevorm het, is 'n noukeurige ondersoek van die betrokke gebiede en terreine nodig ten einde die argeologiese data met die toepaslike mondelinge oorleweringe en dokumentêre getuienis te vergelyk. Daar kon reeds op grond van die opgetekende mondelinge oorleweringe aangetoon word dat die klipbouvalkompleks op Buispoort wat deur Van Hoepen en Hoffman (1935) aan die Hurutshe toegedig is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), eerder met die Bakgatla ba Mmanaana verbind moet word.

- Teen die einde van die agtiende en aan die begin van die negentiende eeu het die onderlinge militêre konflik tussen Tswanagroepe skerp toegeneem. Die Hurutshe van Kaditshwene was dus reeds militêr en ekonomies verswak toe die invalle van verskeie Suid-Sothogroepe en die Ndebele van Mzilikazi tydens die *difaqane* plaasgevind het. Voorts is Kaditshwene, anders as wat gewoonlik beweer word (kyk Manson 1990:65), *nie eensklaps of binne 'n*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kort tydsbestek van April tot September 1823 tydens die difaqane *vernietig en verlaat nie*. Dit blyk naamlik uit 'n gedetailleerde ontleding van tydgenootlike dokumentêre getuienis dat die Hurutshehoofstad gedurende die periode van 1823 tot 1827/1828 herhaaldelik aangeval en herbeset is voordat dit uiteindelik finaal ontruim is. Hoewel daar uit 'n argeologiese oogpunt dus tekens van die verwoesting van Kaditshwene verwag kan word, is dit terselfdertyd ook moontlik dat óf die Hurutshe self óf hulle aanvallers sekere waardevolle besittings of items, byvoorbeeld glaskrale en koperornamente, tydens hierdie oorlogsperiode kon verwyder het. Dit hou noodwendig implikasies vir die bewaring van veral oppervlakvondste op die argeologiese terrein in.


- Hoewel die nedersettingsuitleg en byekorfvormige hutte van die Ndebele van Mzilikazi op die tipiese Ngunipatroon geskoei was en argeologies dus van dié van die Tswana onderskei behoort te word, was hul okkupasie van Marico tydens die *difaqane* kortstondig. Daarbenewens het Mzilikazi sy hoofsetel van tyd tot tyd verskuif en is daar onsekerheid oor die presiese ligging van onder andere *eGabeni* (Kapain). Dit blyk ook uit ooggetuieverslae dat die Ndebele se nedersettings nie met klip gebou is nie. Op grond van al hierdie redes is dit dus te betwyfel of die woonterreine van die Ndebele in die vroeëre woongebied van die Hurutshe maklik in die argeologiese rekord opgespoor sal word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.1 GENEALOGIE VAN DIE BAHURUTSHE BOOMENWE

BRON: BREUTZ (1953:92-93, 197, 1989:229)



13 Stigter van die Barutshe booManyane van Borutwe (kyk tabel 2.2)


14 Stigter van die Bahurutshe booMokgatlha

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.2 GENEALOGIE VAN DIE STAMHOOFDE VAN DIE BAHURUTSHE BOOMANYANE

BRON: BREUTZ (1953:57)



© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.3 GENEALOGIE VAN DIE STAMHOOFDE VAN DIE BA GA MALETE

BRON: ELLENBERGER (1937, 1954) & BREUTZ (1953)

Badimo
|
Phatle
|
Malete
|
Lesokwane
|
Mokware
|
Mogope
|
Dire
|
Mmusi
|
Maphalaole
|
Mongatane
|
Maio
|
Kgomo
|
Mokgwe
|
Marumo
|
Powe I
|
Mokgobjwe
|
Powe II
|
Mokgosi

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK III

DIE OMGEWING EN DIE VINDPLEKOPNAME

1. INLEIDING

Soos in hoofstuk I, afdeling 3, genoem is, strek die navorsingsgebied, wat breedweg as Suidoos- en Sentraal-Marico omskryf kan word, vanaf die suidoostelike grens van die distrik Marico tot net noord van die nedersetting by Enselsberg. Zeerust in die weste is teenswoordig die grootste dorp in die ondersoekgebied, wat in totaal sowat 3000 km^2 beslaan (kyk kaart 1). Hierdie deel van die voormalige Wes-Transvaal ressorteer tans onder die sentrale streek van die provinsie Noordwes. Geografies lê die gebied wat argeologies verken is, tussen die breedtegrade 25° 50' suid en 25° 15' suid, asook die lengtegrade 26° oos en 26° 30' oos.

Dit is voor die hand liggend dat huidige distriksgrense geen betekenis in voorhistoriese tye gehad het nie. Daarbenewens het distriksgrense in historiese tye periodiek verander, soos duidelik blyk uit die resente geskiedenis van Bophuthatswana en Noordwesprovinsie. Soos ook in hoofstuk I, afdeling 2, aangedui is, was die moontlike koppeling van die argeologiese data met die getuienis vervat in die mondelinge oorleweringe van die Tswana (veral die Hurutshe) en kontemporêre dokumentêre bronne uit die vroeë negentiende eeu, die belangrikste oorweging by die afbakening van die navorsingsgebied. 'n Ontleding van laasgenoemde twee inligtingsbronne is in hoofstuk II gegee. Toe die eerste Europeërs Suidoos- en Sentraal-Marico aan die begin van die negentiende eeu bereik het, was die grootste gedeelte daarvan onder die beheer van die Hurutshe en het dit as *Lehurutshe*, dit wil sê die land van die *Bahurutshe*, bekend gestaan (Germond 1967:86).[1]

Slegs 'n klein aantal argeologiese of voorhistoriese ondersoeke het tot dusver spesifiek op die interaksie tussen die mens en die omgewing gedurende die Suider-Afrikaanse Ystertydperk gefokus (kyk Hall 1981; Feely 1980, 1987; Plug 1988; Prins 1993). Hoewel hierdie studie nie binne 'n ekologiese raamwerk aangepak is nie, is daar van die veronderstelling uitgegaan dat omgewingsdata essensieel is met die oog op 'n beter begrip van die leefwyse van die landbouergemeenskappe in Marico gedurende die Latere Ystertydperk. Vervolgens word daar dus 'n oorsig van die klimaatstoestande gedurende die sogenaamde Klein-Ystyd gegee, waarna die hoofkenmerke van die omgewing en die resultate van die streekopname van Ystertydperkvindplekke uiteengesit word. Sodanige streekopname is 'n belangrike stap in die bepaling van die kulturele en etnohistoriese konteks van argeologiese vindplekke, dit wil sê die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk vir 'n gebied.

---

[1] Lehurutshe is 'n pleknaam wat net soos Lesotho die naamwoordklasprefiks *le-* bevat (kyk Cole 1955:352; Snyman 1990:45). Dit het vroeër 'n baie wyer geografiese betekenis gehad as die latere distriks- en dorpsnaam Lehurutshe tydens die bestaan van die staat Bophuthatswana.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. DIE KLEIN-YSTYD

In 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse klimaat oor die afgelope 2000 jaar deur Tyson en Lindesay (1992) word die tydperk van 1300 tot 1850 as die 'Klein-Ystyd' getipeer. Twee koeler en droër fases word gedurende die Klein-Ystyd onderskei, naamlik 1300-1500 en 1675-1850. Die vroeëre fase, wat die koudste en waarskynlik die droogste was, het gevolg op 'n warm en nat fase wat van ongeveer 900 tot 1300 geduur het en onder meer deur die hoogbloei van die Mapungubwekompleks in die Limpopovallei gekenmerk is. Die fase tussen 1500 en 1675 verteenwoordig 'n breuk in die Klein-Ystyd en het met 'n warmer en natter klimaat gepaard gegaan.

Volgens Tyson en Lindesay (1992:275, 276) was die klimaatstoestande gedurende die twee droër fases van die Klein-Ystyd 'slightly drier' as tans, en is daar veral ten opsigte van die voormalige Transvaal onmiskenbare getuienis dat droër toestande destyds geheers het. Ondersoeke na die destydse omstandighede toon aan dat die 'tree cover was reduced, with less favourable temperature and moisture conditions than those of the present. With diminished easterly winds, and hence increased mid-latitude westerly activity, temperatures would have fallen and droughts increased' (Tyson & Lindesay 1992:275). Volgens Tyson (telefoniese mededeling, 1 September 1993) het die reënval gedurende die warmer en natter fase van 1500 tot 1650 waarskynlik grootliks ooreengestem met dié van die hede, dit wil sê met dié van die 'post-"Little Ice Age" period of recovery and amelioration' na 1850, soos wat in bogenoemde klimaatsoorsig onderskei is (Tyson & Lindesay 1992:275).

In hierdie verband is dit ook interessant om na die bevindinge van paleovloedhidrologie te verwys. Volgens Smith (1994:17) dui die radiokoolstofdatums wat vir vloedafsettings in die Oranjerivier naby Vioolsdrif verkry is, daarop dat groot vloede teen ongeveer 1655, 1670 en 1685 (of 1720) voorgekom het, dit wil sê teen die einde van die koeler en natter fase binne die Klein-Ystyd. Teen 1300 het daar klaarblyklik 'n vloed van 'Bybelse afmetings' in dieselfde area voorgekom (Smith 1994:17). Luidens Tyson en Lindesay (1992) was daar gedurende die latere koeler en droë fase wat van 1675 tot 1850 geduur het, 'n klimaatsafwyking in die periode van 1790 tot 1810, toe dit oor die algemeen natter was as tans.

Aangesien die verspreiding van Ystertydperkterreine volgens Huffman (1996b) ook 'n aanduiding kan gee van die destydse klimaatstoestande, het hy bogenoemde klimaatsrekonstruksie met die beskikbare argeologiese getuienis vergelyk. Op grond van 'n kalibrering van die radiokoolstofdatums waarop Tyson en Lindesay (1992) se afleidings steun, aangevul deur die datering van sleutelterreine uit die Ystertydperk, het Huffman (1996b:59) 'n effens gewysigde klimaatschronologie vir die laaste 2000 jaar gerekonstrueer. Ten opsigte van die Klein-Ystyd onderskei hy die volgende klimaatsfases (Huffman 1996b:59): (a) 'n koel en droë fase tussen 1290 en 1425 (b) 'n warm en natter fase tussen 1425 en 1675 (c) 'n koel en droër fase tussen 1675 en 1780 en (d) 'n warm en nat fase tussen 1790 en 1810. Volgens Huffman (1996b:55, 59) toon die argeologiese rekord dat daar 'n korrelasie is tussen hierdie klimaatsfases en bepaalde vestigingspatrone en bevolkingsbewegings gedurende die Latere Ystertydperk, 'n kwessie waarop daar in hoofstuk VII, afdeling 1, nader ingegaan word.

Soos uit die radiokoolstofchronologie sal blyk (kyk hoofstuk V en tabel 5.11), val die Latere Ystertydperk van Suidoos- en Sentraal-Marico volledig binne die Klein-Ystyd. Dit blyk ook uit Tyson en Lindesay (1992) se rekonstruksie dat die klimaatstoestande en die omgewing in die Suid-Afrikaanse binneland gedurende die Latere Ystertydperk waarskynlik nie wesenlik van dié van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

histories bekende periode verskil het nie. Hoewel die beskrywing van omgewingstoestande in Marico wat hierna volg, dus berus op inligting wat hoofsaaklik in historiese of resente tye ingesamel is, bied dit steeds 'n goeie aanduiding van die natuurlike omgewing waarin die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico hulle bevind het.

3. DIE OMGEWING

a. Topografie en geologie

Volgens 'n fisiografiese streeksindeling van die land maak Suidoos- en Sentraal-Marico deel uit van die westelike Bankeveld wat die Bosveldkom in die noorde van die Hoëveld in die suide skei (Barnard *et a*l. 1972:281-282; King 1942:274-275; Wellington 1955:37, 82-84). Dit word deur 'n heuwel-en-vallei-landskap gekenmerk wat grotendeels tussen 1200 en 1500 m bo seevlak lê. Slegs in die heel suidelikste deel, naby die grens met die Lichtenburgdistrik, is die landoppervlak ietwat hoër, terwyl die hoogte bo seevlak in die stroomgebied van die Klein-Marico- en die Groot-Maricorivier tot tussen 1000 en 1200 m bo seevlak daal. Die heuwels suid van Zeerust staan as die Baskoppe bekend (Breutz 1953:13), 'n klaarblyklike verwysing na die bergbas of looibas (*Osyris lanceolata*) wat daar groei. Die Baskoppe, wat onder andere die Vergenoegdrant insluit waarop die groot klipbouvalkompleks voorkom wat deur Mason (1986) ondersoek en as 'Kaditshwene' geïdentifiseer is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), sluit aan by die bekende rante van Zendelingspost 300 JP, naamlik Antjie-se-Kop, Langkop en die Mosegakoppe. Tussen hierdie rante lê daar 'n vallei waarin 'n deel van die Hurutshe en die Ndebele van Mzilikazi hulle tydens die *difaqane* gevestig het en wat onder vroeë Europese reisigers as die 'Basin', oftewel die Mosegakom, bekend gestaan het (Gronum 1938:33; Kotzé 1950a:125-128).

Volgens Hall en Humphrey (1910:8) bevorder die sanderige aard van die heuwelhange in die suidooste van Marico die retensie van reënwater en is die 'well wooded condition of this strip of country' gevolglik opvallend. Die meeste van hierdie rante is uit kwartsiet en skalie van die Rooihoogte- en die Timeball Hill-formasie saamgestel (Hall & Humphrey 1910:16; Walraven 1981:8-9). Hierdie twee geologiese formasies, tesame met die Boshoek-, Hekpoort-, Dwaalheuwel-, Strubenkop-, Daspoort-, Silverton- en Magaliesbergformasie, maak deel uit van die Pretoriagroep, 'n onderafdeling van die Transvaalsupergroep. Die sedimente en vulkaniese gesteentes van hierdie Supergroep, waarna vroeër as die Opeenvolging of Sisteem Transvaal verwys is, is tussen 2500 en 2200 miljoen jaar gelede gevorm (Cairncross & Dixon 1995:xvi). Die kwartsiet- en skaliegesteentes, asook dagsome van intrusiewe diabaasgange, het die boumateriaal vir die oprigting van die talle klipmuurkomplekse in die suidooste van Marico gedurende die Latere Ystertydperk gebied.

Die Klein-Maricorivier, wat op die plaas Rietvaly 311 JP ontspring, en die bolope van die Groot-Maricorivier is die hoofwaterbronne van die suidoostelike gedeelte van Marico (Hall & Humphrey 1910:10, 14). Verskeie kleiner riviere of spruite loop in die Klein-Maricorivier (*Mainêêlô* of *Mainêêlwê*), voordat dit op die plaas Zamenkomst 81 JP in die Groot-Maricorivier vloei om die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maricorivier (*Madikô* of *Madikwê*)[2] te vorm, naamlik Sendelingspruit (*Mmakgamê)*, Malmaniesloop, Kareespruit, Wilgeboomspruit (*Maruntwane)* en die Doringrivier (*Legogwê*). Net oos van Zeerust, by die samevloeiing van die Klein-Maricorivier en die Kareespruit, is daar 'n poort in die rante wat 'n belangrike deurgangsroete vorm wat waarskynlik reeds in voorhistoriese tye in gebruik was. 'n Groot deel van hierdie poort is tans toe onder die water van die Klein-Maricopoortdam. Plaasname soos Buffelsfontein, Koedoesfontein, Kwaggafontein, Kwarriefontein, Rhenosterfontein en Waterkloof in Suidoos-Marico dui daarop dat daar tot in historiese tye genoegsame waterbronne vir veral veeboere beskikbaar was. Diep, rooi leemgrond wat vir akkerboudoeleindes geskik is, word veral in die laerliggende riviervalleie of naby spruite aangetref. Die bo-grond op die heuwels waarop baie van die klipbouvalle voorkom, is egter vlak.

Op die Maricodistrik se suidoostelike grens met die Lichtenburgdistrik word dolomietafsettings van die Malmanisubgroep, 'n afdeling van die Chuniespoortgroep van die Transvaalsupergroep, aangetref. Hoewel min lopende water in die dolomietarea voorkom, is daar 'n aantal sterk waterbronne of oë waar die Groot-Maricorivier ontspring (Hall & Humphrey 1910:7, 10). Volgens Van Rooyen (1951:1) lê die oorsprong van die Groot-Maricorivier op die plaas Grootfontein 225 JP, waar dolomiet van die Malmanisubgroep en skalies van die Pretoriagroep bymekaarkom.

Noord van Zeerust strek die heuwel-en-vallei-landskap tot by die rante van Tswenyane-Enselsberg in Sentraal-Marico. Die rantereeks onmiddellik noord van Zeerust is uit skalie van die Hekpoortformasie en kwartsiet van die Dwaalheuwelformasie saamgestel. Net suid van Enselsberg word kwartsiet van die Daspoortformasie aangetref (Engelbrecht 1988:771). Die rantereeks van Tswenyane-Enselsberg is 'n prominente baken waarvan die hoogste punte deur Magaliesbergkwartsiet gevorm is wat gewoonlik heelwat growwer is as die ouer Daspoortkwartsiet. Die Magaliesbergkwartsiet word weer deur 'several hundred feet of hard, dark-coloured, crystalline hornfels' onderlê (Hall & Humphrey 1910:9). Die horingfels, wat veral uit kordiëriet en biotiet saamgestel is, het gevorm toe skalie van die Silvertonformasie aan kontakmetamorfose met die meer resente, intrusiewe stollingsgesteentes van die Bosveldkompleks onderwerp is (Humphrey & Kynaston 1911:20; Walraven 1981:10, 27). Die horingfelsdagsome, maar veral die kwartsietgesteentes, is deur die Latere Ystertydperkbewoners van Sentraal-Marico benut om hulle veekrale en die klipafskortings vir hul *malapa* of wooneenhede te bou.

Die gebroke aard van die topografie van die Tswenyane-Enselsbergomgewing is opvallend en word deur Humphrey en Kynaston (1911:8) soos volg beskryf: 'The Enzelberg [sic] itself affords very broken and rough scenery, the streams having cut back into and through the gently dipping quartzites, which form steep cliffs overlooking deep valleys, whose only approach is along the stream bed and through narrow poorts with perpendicular sides. Die sentrale heuwel-en-vallei-landskap lê in die opvanggebied van die Maricorivier en word gekenmerk deur die talle fonteine en

---

2 Op bestaande topografiese kaarte met die skaal 1:250 000 en 1:50 000 word selfs die gedeelte van die Maricorivier noord van die sameloop van die Klein- en Groot-Maricorivier tot by Zelikatskop 16 JP as die Groot-Maricorivier aangedui. Volgens inligting wat van plaaslike inwoners ingesamel is, is hierdie benaming egter foutief en staan die rivier noord van die sameloop van die Klein- en Groot-Maricorivier as die Maricorivier bekend. Onder die Tswana word daar nie tussen die Groot-Marico- en die Maricorivier onderskei nie, maar staan die hele Maricorivier as *Madikwê* of *Madikô* bekend. Oor die etimologie of betekenis van die Tswananaam is daar geen sekerheid nie, maar die volgende verklaring is aan die hand gedoen (Boeyens & Cole 1995: 27, endnoot 5): 'The name may refer to "twists and turns, meanderings" (in the river), from *-dika* "go around" (Cole 1991:183), but, perhaps more probably, to "the centre of activities", from *-dikwa* "be surrounded [by]".'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spruite wat daarin ontspring, waaronder Rooisloot (*Phalalô/Phalalwê)*, *Tswêdiane, Mmakgopê*, Olifantspruit (*Ratshukudu)* en Klipspruit (*Mokgôla*).

Versprei in die skalies van die suidoostelike en sentrale gedeeltes van Marico kom daar lense voor wat ryk is aan hematiet of limoniet. Waar die ysterryke lense aan die metamorfe effek van die Bosveldkompleks blootgestel is, is die ysterminerale tot magnetiet en spekulariet herkristalliseer. Daar kan aanvaar word dat die voorhistoriese metaalbewerkers dagsome van hierdie ysterryke lae sou benut (kyk Hall & Humphrey 1910:22), maar geen 'yster- of spekularietmyne' is tydens die veldopname in Marico opgemerk nie. Ook Mason (1986:77) se uitgebreide navorsing in die voormalige Transvaal het aan die lig gebring dat die metaalbewerkers uit die Ystertydperk die ystererts gewoonlik op die oppervlak ingesamel het. Hy beweer dan ook dat die Ystertydperkbewoners 'were probably never obliged to mine iron ore in the Southern Western Central Transvaal' (Mason 1986:78). Betekenisvolle voorkomste van koperertsin die vorm van malagiet word op die plaas Kwarriefontein 254 JP, sowat 11 km noordoos van Groot-Marico, aangetref (Ehlers 1996:3). Hoewel die presiese ligging van Letlhakane, die hoofsetel van die Lete aan die begin van die negentiende eeu, nog nie bepaal is nie, dui die mondelinge oorleweringe van hierdie Tswanastam, asook kontemporêre skriftelike getuienis waarna in hoofstuk II, afdeling 3, verwys is, daarop dat dit heel waarskynlik naby hierdie koperertsbron geleë was.

Die rantereeks van Tswenyane-Enselsberg vorm die oorgang tot die laagliggende Bosveldkom in die noordelike deel van die distrik Marico. Afsettings van die westelike lob van die mineraalryke Bosveldkompleks kom hier voor (Engelbrecht 1988), en die geologiese strata is hoofsaaklik uit noriet, 'n plutoniese stollingsgesteente, saamgestel. Vanaf Enselsberg noordwaarts doem 'n panoramiese beeld op van die 'bushveld country, which resembles a vast monotonous plain, rising here and there into wide and swelling 'bults', due either to the Magaliesberg Quartzite or altered crystalline slates' (Hall & Humphrey 1910:9). Anders as die waterryke Tswenyane-Enselsberg, is die noordelike deel, waarvan die Dwarsberge ten tye van die veldondersoek die noordelike grens met die voormalige Bophuthatswana gevorm het, droog met 'n skaarste aan oppervlakwater (Humphrey & Kynaston 1911:10). Hoewel dit buite die ondersoekgebied val, is dit van belang dat daar 'n groot aantal voorhistoriese kopermyne in die Malmani-dolomietafsettings van die Dwarsberge voorkom wat, soos in die bespreking van Mason (1982 en 1986) se navorsing in hoofstuk I, afdeling 4, aangetoon is, op groot skaal deur Tswanagroepe gedurende die Latere Ystertydperk ontgin is.

b. Klimaat, plantegroei en dierelewe

Onderstaande uiteensetting van die reënval en temperatuur in die navorsingsgebied berus hoofsaaklik op die bevindinge van Van der Meulen (1978, 1979), aangevul deur eie waarnemings in die navorsingsgebied. Die heuwellandskap van Suidoos- en Sentraal-Marico het 'n gematigde klimaat wat tussen dié van die kouer Hoëveld in die suide en dié van die warmer, laerliggende dele van die Bosveldkom ten noorde daarvan val (Van der Meulen 1979:15). Die gebied het 'n somerreënvalklimaat met kontrasterende seisoene: somerreënval maak 86%-90% van die jaarlikse reënval uit en kom dikwels in die vorm van donderstorms voor; hierteenoor is die winters droog en wolkloos met beperkte ryp in die nagte.

Volgens die 1:250 000-rëenvalkaart, 2526 RUSTENBURG (1966), waarop die gemiddelde jaarlikse neerslag vir die tydperk 1921-1960 aangedui word, loop die 600 mm-isohieet van suid na noord ongeveer deur die middel van Suidoos- en Sentraal-Marico. Metings wat op Zeerust vir die periode

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1904-1960 geneem is, dui ook op 'n gemiddelde jaarlikse neerslag van 600 mm. Die gemiddelde maandelikse reënval op die dorp oor die betrokke periode was soos volg: Januarie (103 mm), Februarie (104 mm), Maart (86 mm), April (38 mm), Mei (20 mm), Junie (6 mm), Julie (5 mm), Augustus (7 mm), September (16 mm), Oktober (43 mm), November (76 mm) en Desember (95 mm) (Weerburo 1984:447). Desember, Januarie en Februarie is normaalweg dus die natste maande (kyk ook Breutz 1953:5). Voorts dui ondersoeke na damvlakke wat deur die Departement van Waterwese onderneem is, daarop dat daar in die gemete periode voor 1960 ongeveer een keer elke ses jaar 'n nat seisoen voorgekom het (Van der Meulen 1979:12). Sodanige reënval sou meer as voldoende wees vir die verbouing van sorghum en manna, die twee gewasse wat veral gedurende die Ystertydperk aangeplant is. Altwee hierdie graansoorte is droogtebestand en is gedurende die Ystertydperk in Botswana in gebiede met 'n heelwat laer reënval verbou (Denbow 1983:59).

Wat die temperatuur van Suidoos- en Sentraal-Marico betref, is bevind dat die natste maande gewoonlik die warmste is, terwyl die droogste maande gewoonlik die koudste is. Volgens Van der Meulen (1979:12, 13) varieer die gemiddelde temperatuur in die somer tussen 22°C-25°C en in die winter tussen 10°C-15°C. Groot skommelings in dagtemperatuur kom voor; die temperatuur styg vinnig na sonsopkoms en bereik sy maksimum in die vroeë agtermiddag. Na sonsondergang daal die temperatuur skerp en die minimum word kort na sonsopkoms bereik. Die maksimum skommeling in die somerdagtemperatuur is 11,7°C en in die winter is die skommeling 16,7°C (Van der Meulen 1979:13).[3]

Oor die algemeen is die klimaat van die heuwel-en-vallei-landskap van Suidoos- en Sentraal-Marico koeler as dié van die Bosveldkom noord van Tswenyane-Enselsberg: 'n temperatuurverskil van gemiddeld ongeveer 1°C is aangeteken. In die heuwels self is die suidelike hange ook kouer as die noordelike hange vanweë die verskil in blootstelling aan die son se straling, veral in die wintermaande wanneer die son na die noorde beweeg het (Van der Meulen 1979:12-13). Alles in ag genome, het Suidoos- en Sentraal-Marico dus 'n besonder gematigde klimaat met voldoende reënval vir 'n landbouerbestaanswyse.

Volgens die plantegroeikaart van Suid-Afrika, Lesotho en Swaziland wat onlangs onder redaksie van Low en Rebelo (1996) saamgestel is, kan die plantegroeitipe (18) van feitlik die totale navorsingsgebied in Suidoos- en Sentraal-Marico as Gemengde Bosveld omskryf word en val dit in die Savannebioom. Slegs in die heel suidoostelike hoek van die ondersoekgebied word 'n ander plantegroeitipe (34) aangetref wat as 'Rocky Highveld Grassland' geklassifiseer word en deel van die Grasveldbioom uitmaak. In Acocks (1988) se meer omvattende indeling van die veldtipes van

---

[3] Volgens die Weerburo (1984:214) is die volgende gemiddelde temperatuur om 8:00, 14:00 en 20:00 by Zeerust vir die periode 1920-1960 aangeteken: Januarie (21,9°C, 28,9°C, 24,3°C), Februarie (20,6°C, 27,8°C, 23,5°C), Maart (18,8°C, 26,5°C, 22,0°C), April (14,4°C, 25,2°C, 18,6°C), Mei (8,9°C, 22,1°C, 13,9°C), Junie (4,3°C, 19,7°C 10,0°C), Julie (4,6°C, 19,7°C, 11,9°C), Augustus 8,3°C, 22,7°C, 14,4°C), September (15,1°C, 25,8°C 18,6°C) Oktober (19,8°C, 28,0°C, 22,1°C), November (20,8°C, 28,7°C, 23,6°C), Desember (22,0°C, 28,9°C, 23,4°C).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrika korreleer laasgenoemde plantegroeitipe met die westelike variasie van die Bankeveld[4] (veldtipe 61). Hierdie veldtipe, wat deur kaal rante en beboste klowe gekenmerk word, word deur Acocks (1988:112) as 'n 'extremely sour' skyngrasveld beskryf. Volgens Acocks (1988:113) word die westelike variasie van die Bankeveld van die sentrale en oostelike variasies daarvan onderskei deur die wydverpreide voorkoms van *Cymbopogon plurinodes* (smalblaarterpentyngras), asook die algemene afwesigheid van *Tristachya leucothrix* (harige drieblomgras).

Die gedeelte van die navorsingsgebied wat deur Low en Rebelo (1996) as Gemengde Bosveld geklassifiseer word, val volgens Acocks (1988) se indeling in twee veldtipes uiteen, naamlik Gemengde Bosveld (veldtipe 18) en Suuragtige Gemengde Bosveld (veldtipe 19). Wat die samestelling van die Gemengde Bosveld betref, onderskei Acocks (1988:49-54) breedweg twee variasies, naamlik *Combretum apiculatum*-veld ('rooibos'-veld) en gemengde *Terminalia-Dichapetalum*-veld ('vaalboom-gifblaar'-veld). Hierdie veldtipe word veral in 'n smal strook in die valleie van die Klein- en die Groot-Maricorivier aangetref. Die weiding in die riviervalleie, waar stande van *Cenchrus ciliaris* (bloubuffelsgras) dikwels voorkom, is oor die algemeen soeter as dié in die ranteveld.

Volgens Acocks (1988:54) se klassifikasieskema is die Suuragtige Gemengde Bosveld egter die oorheersende veldtipe in die ondersoekgebied en kom dit in Marico veral in die heuwellandskap voor. Hierdie veldtipe word beskryf as 'n taamlik oop savanne, waarin *Acacia caffra* (gewone haakdoring) dikwels die dominante boom is in 'n digbegroeide grasveld waarin grassoorte soos *Cymbopogon plurinodis* (smalblaarterpentyngras), *Themeda triandra* (rooigras), *Elionurus muticus* (koperdraadgras) en *Hyparrhenia* spp. (tamboekie- of dekgras) oorheers. Die belangrikste boomsoorte wat met hierdie veldtipe geassosieer word, is *Acacia caffra* (gewone haakdoring), *Acacia karroo* (soetdoring), *Acacia robusta* (enkel- of brosdoring), *Acacia tortilis* (haak-en-steek), *Acacia gerrardii (rooidoring)*, *Grewia* spp. (rosyntjiebos), *Peltophorum africanum* (huilboom), *Pappea capensis* (doppruim), *Dichrostachys cinerea* (sekelbos), *Dombeya rotundifolia* (gewone drolpeer), *Combretum zeyheri* (raasblaar), *Sclerocarya birrea* (maroela), *Ziziphus mucronata* (blinkblaar-wag-'n-bietjie) en *Burkea africana* (rooisering). Die belangrikste grassoorte wat aangetref word, sluit in: *Cymbopogon plurinodis* (smalblaarterpentyngras), *Themeda triandra* (rooigras), *Elionurus muticus* (koperdraadgras), *Heteropogon contortus* (assegaaigras), *Aristida canescens* (vaalsteekgras), *Brachiaria nigropedata* (swartvoetjiegras), *Anthephora pubescens* (borseltjiegras), *Aristida stipitata* (langnaaldsteekgras) en *Panicum maximum* (gewone buffelsgras). Ten opsigte van die bestaanspraktyke van die Ystertydperkbewoners is van belang dat die gifblaar (*Dichapetalum cymosum*) plek-plek in sowel die Suuragtige Gemengde Bosveld as die Gemengde Bosveld voorkom. Gifblaar is baie goed teen droogte bestand en tydens droogtetye is dit dikwels al groenigheid wat vir die beeste beskikbaar is. Indien dit dan deur beeste veral tydens die vroeë lente of die herfs gevreet word, tas die giftige bestanddeel, monofluoorasetaat, die hart en senustelsel aan en die dier kan sterf (Vahrmeijer 1981:12, 94).

---

[4] Die area waarin Acocks (1988) se veldtipe 61, die westelike variasie van die Bankeveld, voorkom, verteenwoordig slegs 'n gedeelte van die fisiografiese streek wat deur geograwe as die westelike Bankeveld geklassifiseer word. Volgens laasgenoemde indeling verwys die westelike Bankeveld na 'n heuwel-en-vallei-landskap wat van Pretoria weswaarts tot naby die Botswanagrens strek (Barnard *et al.* 1972:282; Wellington 1955:83). Hierdie fisiografiese streeksindeling word ook deur Mason (1986:51-51) gevolg in sy bespreking van die omgewing van Ystertydperknedersettings in 'Suid-, Wes- en Sentraal-Transvaal'. In verskeie onlangse historiese studies (kyk Manson 1990:29, 1995:351) word daar na Suidoos- en Sentraal-Marico as deel van die 'western highveld' verwys, maar geen redes vir sodanige streeksklassifikasie word aangevoer nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Meulen (1979:129) wys tereg daarop dat dit in die praktyk baie moeilik is om tussen die twee veldtipes, Suuragtige Gemengde Bosveld en Gemengde Bosveld, te onderskei in die gebied wat voorheen as Wes-Transvaal bekend gestaan het. Hy groepeer dus die plantegroei van die hele 'western Transvaal bushveld', wat ook Suidoos- en Sentraal-Marico insluit, onder Suuragtige Gemengde Bosveld en onderskei dan op 'n kleiner skaal variasies in die veldvoorkoms volgens die Braun-Blanquet-metode. Dié metode berus daarop dat bepaalde steekproewe in beperkte areas geneem word om óf die dominante óf die kenmerkende boomspesies en grassoorte te bepaal. Volgens 'n plantegroeikaart wat Van der Meulen en Westfall (1979) saamgestel het, word die grootste deel van die navorsingsgebied suid en suidoos van Zeerust gekenmerk deur 'n boomveld wat deur hulle as 'transitional woodland' beskryf word en waarin twee boomveldassosiasies, *Acacia tortilis-Tragus racemosus* (gewone haak-en-steek-grootwortelsaadgras) en *Rhus lancea-Brachiaria serrata* (karee-fluweelsinjaalgras), prominent voorkom.

'n Meer gedetailleerde studie van die omgewing van die uitgebreide klipbouvalkompleks uit die Latere Ystertydperk op die Vergenoegdrant, suid van Zeerust en naby die Klein-Maricorivier, is deur Kerfoot (1984) gedoen as deel van Mason se ondersoek na die vermeende Hurutshehoofstad, Kaditshwene (kyk hoofstuk I, afdeling 4). Kerfoot (1984:7) onderskryf Acocks en Van der Meulen se klassifikasie van hierdie area as Suuragtige Gemengde Bosveld, maar voeg by dat dit waarskynlik al 'n oorgang tussen 'n Suur-Bosveld en die westelike variasie van die Bankeveld vorm. Die plantegroei bestaan uit 'n 'halfgeslote' tot oop boomveld wat deur *Rhus lancea* (karee) en *Acacia tortilis* (haak-en-steek) gedomineer word. Laasgenoemde kom veral in die klipkraalkomplekse voor waar dit in assosiasie met *Ehretia rigida* (deurmekaarbos) aangetref word. Ander boomspesies wat algemeen voorkom, sluit *Ziziphus mucronata* (blinkblaar-wag-'n-bietjie), *Olea europaea* subsp. *africana* (olienhout), *Euclea undulata* (gewone ghwarrie), *Buddleja saligna* (witolienhout), *Acacia robusta* (bros- of enkeldoring) en *Vitex zeyheri* (vaalpypsteelboom) in. Onder die forbe word veral *Aloe transvaalensis*, *Asparagus suaveolens* en *Lantana rugosa* aangetref. Volgens Kerfoot (1984:7) sluit die dominante grassoorte *Eragrostis curvula* (oulandsgras), *Panicum maximum* (gewone buffelsgras) en *Eragrostis rigidior* (breëkrulblaar) in.

Vreemd genoeg, maak Kerfoot (1984) geen melding van die digte stande van *Cenchrus ciliaris* (bloubuffelsgras) wat veral op die ashope en in die eertydse veekrale van die Vergenoegdkompleks waargeneem kan word nie. Hoewel die plantdiversiteit baie groot is, is Kerfoot (1984:8) van mening dat 'in terms of their food value it does not seem that they could have supported any sizeable population without the aid of supplements'. Hy voer ook aan dat mens en dier gedurende die Ystertydperk deur brand en weiding 'n groot impak op die landskap sou gehad het en dat die toename in bome en struikgewas op die Vergenoegdrant waarskynlik 'n relatief resente verskynsel as gevolg van oorbeweiding verteenwoordig (Kerfoot 1984:6-8).

Volgens die indeling van Van der Meulen en Westfall (1979) val die omgewing van Tswenyane-Enselsberg in Sentraal-Marico in 'n landskap wat as 'mesophyllous woodland of cooler, moister uplands' omskryf kan word. Verskillende boomveldassosiasies of -alliansies domineer die landskap, soos *Faurea saligna-Rhynchelytrum setifolium* (Transvaalboekenhout-steekblaarblinkgras), *Ochna pulchra-Terminalia sericea* (lekkerbreek-vaalboom), *Croton gratissimus-Canthium gilfillanii* (laventelkoorsbessie-klipels) en *Rhus lancea-Brachiaria serrata* (karee-fluweelsinjaalgras). As voorbeeld van hierdie veldtipe kan die rant op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP, sowat 25 km noordoos van Zeerust, geneem word waar, soos in hoofstuk IV aangetoon sal word, die eintlike klipruïnes van Kaditshwene, die vroeë negentiende-eeuse hoofsetel van die Hurutshe, geleë is. Benewens *Combretum*-spesies word

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boomsoorte soos die tambotie (*Spirostachys africana*), laventelkoorsbessie (*Croton gratissimus)*, bros- of enkeldoring (*Acacia robusta)*, swartapiesdoring (*Acacia burkei*) en verskeie ander *Acacia*-soorte aangetref. Daarbenewens word verskeie eetbare veldvrugte soos die maroela (*Sclerocarya birrea* subsp. *caffra*), doppruim (*Pappea capensis*), blinkblaar-wag-'n-bietjie (*Ziziphus mucronata*), stamvrugte (*Englerophytum* [voorheen *Bequaertiodendron*] *magalismontanum*), klappers (*Strychnos* spp.), rooiblaarvy (*Ficus ingens*), wonderboomvy (*Ficus salicifolia*), karee (*Rhus lancea*), wildemispel (*Vangueria infausta*) en die wilderosyntjie (*Grewia* spp.) in die omgewing van die ruïnekompleks aangetref. Oor die benutting van die *Grewia flava* skryf Palgrave (1977:571) byvoorbeeld: 'Stamped and mixed with dried locusts, they are greatly esteemed by the Tswana as a delicacy ...'. Volgens gegewens wat deur Denbow (1983:70) oor die Tswana in Botswana aangehaal word, is tot so veel as 40% van die voedselinname tydens sommige maande van veldvrugte afkomstig.

Ook op die Kleinfontein-Bloemfonteinrant is die voorkoms van bloubuffelsgras (*Cenchrus ciliaris*) op ashope en in sommige veekrale van die klipbouvalkompleks opvallend (kyk foto 51). Die assosiasie van bloubuffelsgras met Ystertydperkvindplekke is die eerste keer tydens 'n argeologiese ondersoek in Oos-Botswana opgemerk, waaroor Denbow (1979:408) hom soos volg uitgelaat het: 'It was found to be one of the first colonizers of these sites and it is possible that *Cenchrus ciliaris* has a higher tolerance of the concentrated salts initially found in kraal soils than do other indigenous perennials. The presence of the grass on archaeological middens, along with deposits of vitrified cow dung, may therefore also indicate the use of these sites prehistorically as animal enclosures'.

Die Suuragtige Gemengde Bosveld tel dan ook onder die tien 'grootbeesplaasstreke' wat deur Bonsma (1976) onderskei word. Hoewel hy na hierdie streek slegs as Gemengde Bosveld verwys, beklemtoon Bonsma (1976:40) dat dit goeie beeswêreld is waarin met 'redelike groot beeste' geboer kan word. Baie van die bome en struike is eetbaar vir beeste, onder andere die olienhout (*Olea europaea* subsp. *africana*), karee (*Rhus lancea*), rooibos (*Combretum apiculatum*) en die vaalboom (*Terminalia sericea*). Behalwe die verliese wat gifblaar tot gevolg kan hê, is die belangrikste probleem waarmee veeboere in die navorsingsgebied te kampe het die voorkoms van die bontbosluis, *Amblyomma hebraeum*, die draer van die hartwatervirus, *Rikettsia ruminantium*. Die inheemse bees-, skaap- en bokrasse van die Ysterydperkbewoners was egter meer bestand teen dié siekte as die latere ingevoerde rasse (Mönnig & Veldsman 1954:107-109).

'n Opvallende kenmerk van 'n groot deel van die navorsingsgebied is die grootskaalse indringing van sekelbos (*Dichrostachys cinerea*) op sekere plase. Uit 'n vergelyking van lugfoto's van die Tswenyane-Enselsbergomgewing wat in 1957 en in 1984 in opdrag van die Landmeter-Generaal geneem is, kom dit voor of bosindringing tussen genoemde twee datums skerp toegeneem het. Oorbeweiding deur beeste was ongetwyfeld die hoofoorsaak hiervan, 'n proses wat tans deur die toenemende omskakeling na wildboerdery omgekeer word.

Die landskap was gedurende die Ystertydperk sekerlik meer oop, onder andere vanweë die bewoners se benutting van die bome en struike as boumateriaal vir hul hutte of as brandhout vir huishoudelike en metaalbewerkingsdoeleindes. Die oper landskap word bevestig deur John Campbell se ongepubliseerde sketse van die Kaditshwene-omgewing in 1820 (kyk foto 40-42, 61-62). Daarop lyk die rante waarop die woonkomplekse van die Hurutshe geleë was, kaal en is slegs hier en daar 'n groot boom ingeteken. Dat die landskap ten suide en noorde van die teenswoordige Zeerust destyds meer oop was, blyk ook uit die volgende opmerking van die reisiger Andrew Smith in Junie 1835: 'From the summits of these the country to the south of Mosegha [Mosega naby die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vergenoegdrant] appeared nearly flat or at least with a very slight inclination towards the Fall River [Vaalrivier] and covered with a full crop of grass, but in a great measure destitute of wood, to the northward nothing but hills and deep valleys were to be seen, the latter abundantly covered with grass and in places enriched with clusters or stripes of small trees and in several of them we were told there were small streams of fine water ... As these valleys and the slopes of the mountains which formed them enjoy a moisture which the lower countries on either side of the range do not possess, they in former days constituted the favourite resorts of the Bahurutzi [Bahurutshe] and, from one of the summits we ascended to obtain a view, we could almost distinguish the site of the principal town of that tribe [Kaditshwene] when Mr Campbell visited it' (Lye 1975:222; kyk ook Germond 1967:76, 86; Kirby 1940:251 en Moffat 1842:581 vir vroeë Europeërs se indrukke van die Marico-omgewing).

Die fauna wat teenswoordig in die navorsingsgebied aangetref word, is vanselfsprekend nie meer verteenwoordigend van dié van die Ystertydperk nie. Veral groter spesies soos olifante, renosters, buffels en leeus kom lank nie meer in die gebied voor nie, hoewel hulle onlangs in die Madikwe-natuurreservaat in die noorde op die grens met Botswana hervestig is. Koedoes, bosbokke, ribbokke, klipspringers, duikers en steenbokke kom steeds wyd versprei op plase voor, en met die toenemende klem op wildboerdery is verskeie ander antiloopspesies, byvoorbeeld rooibokke en rooihartbeeste, weer teruggebring. In die reisjoernaal van die bekende jagter, William Cornwallis Harris (1852: 70, 74, 94-97, 103, 127, 129-130, 132-133), oor sy besoek aan Marico in 1836, word aangeteken dat ten minste die volgende spesies destyds in die gebied voorgekom het: witrenoster, (*Ceratotherium simum*), swartrenoster (*Diceros bicornis*), kameelperd (*Giraffa camelopardalis*), buffel (*Syncerus caffer*), tsessebe (*Damaliscus lunatus*), rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*), blouwildebees (*Connochaetus taurinus*), rooibok (*Aepyceros melampus*), sebra (*Equus burchelli*) en die volstruis (*Struthio camelus*). Dit is ook interessant dat sekere voëlspesies die eerste keer in 1835 deur Andrew Smith in Marico beskryf en vernoem is, onder andere die Marico-vlieëvanger (*Bradornis mariquensis*), die Marico-suikerbekkie (*Cinnyris mariquensis*), die bosveldkwarteltjie (*Turnix sylvatica*), die rooibeklyster (*Turdus libonyana*) en die bosveldtintinkie (*Cisticola chiniana*) (kyk McLachlan & Liversidge 1970:131, 377-378, 444-445, 458-459, 525-526). Die gewone Engelse benaminge van die bosveldkwarteltjie en die rooibeklyster, te wete 'Kurrichane buttonquail' en 'Kurrichane thrush', is natuurlik van die naam van die Hurutshehoofstad, Kaditshwene, afgelei, terwyl die subspesienaam van die bosveldtintinkie, *chiniana*, aan die naam van die berg Tswenyane ontleen is (Boeyens & Cole 1995:7-8, 24-25; Cole 1991:186-188).

4. DIE VINDPLEKOPNAME

a. Opnamestrategie en -metodes

Wat die opnamestrategie betref, is daar gekonsentreer op die optekening van Ystertydperkterreine in die omtrek van plekke in die navorsingsgebied wat in die mondelinge oorleweringe van die Tswana vermeld word. In die praktyk het dit daarop neergekom dat plaaseienaars en hul arbeiders eerstens oor die voorkoms van argeologiese oorblyfsels ondervra is, waarna die aangeduide en ander potensiële vindplekke te voet verken is. Die koördinate (lengte- en breedtegrade) van al hierdie vindplekke is met behulp van topografiese kaarte met die skaal 1:50 000 bepaal en hul ligging is ook daarop aangeteken. Nadat 'n *Trimble Ensign Hand-Held GPS* bekom is, is die ligging van alle terreine wat daarna verken is, asook sommige van die terreine wat reeds opgegrawe was of nog opgegrawe sou word (kyk hoofstuk V vir verdere inligting), met behulp van satellietseine van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Globale Posisioneringstelsel bepaal. Daar is deurgaans gepoog om van minstens ses van die moontlike agt satellietseine in liggingbepalings gebruik te maak. Die maksimum akkuraatheid van lesings wat met hierdie instrument verkry kon word, word op binne 'n radius van 30 meter gestel. Elke vindplek is kortliks beskryf en, waar moontlik, is diagnostiese potwerk, dit wil sê versierde skerwe, met die oog op 'n voorlopige kulturele en/of chronologiese klassifikasie versamel.

Die vindplekke is met verwysing na die 1:50 000- topografiese kaarte genommer, byvoorbeeld 2526AC1-10, dit wil sê terreine 1 tot 10 op die 1:50 000-vel, 2526AC MOKGOLA. Daar is voorts bevind dat die mees resente lugfotoreeks van die gebied wat in 1984 deur die Kantoor van die Landmeter-Generaal saamgestel is, beperkte nut het aangesien bosindringing so toegeneem het dat die klipbouvalle skaars daarop sigbaar is. Hierteenoor vertoon die lugfotoreeks van 1957 'n oper landskap en kon die breë uitleg van die groot klipbouvalkomplekse op die Vergenoegd- en die Kleinfontein-Bloemfonteinrant aan die hand daarvan nagegaan word. Deur berigte in 'n streekskoerant, *Die Noordwester*, oor die navorsingsprojek te plaas, is verdere reaksie op die projek en ook nuwe inligting omtrent vindplekke van plaaslike inwoners verkry. Oor die algemeen is bevind dat die meeste grondeienaars wel deeglik bewus is van die klipbouvalle op hul eiendom, maar dat terreine sonder sodanige opvallende argeologiese strukture dikwels deur hulle misgekyk is of nie as argeologiese terreine van belang beskou is nie.

Hoewel 'n beduidende aantal Latere Ystertydperkvindplekke, veral klipbouvalkomplekse, tydens die opname opgespoor is, *kan geen aanspraak op volledigheid gemaak word nie en weerspieël die verspreiding van vindplekke op kaart 2 nie noodwendig die omvang van die destydse bewoning van die navorsingsgebied nie*. Anders as in natuurparke, stel vindplekopnames in landelike gebiede besondere logistieke eise, omdat die plase dikwels in klein segmente onderverdeel is en al die betrokke eienaars, ook dié wat die grond nie self bewoon nie, se toestemming vooraf verkry moet word om die area te verken.

b. Verspreidingspatroon en voorlopige vindplekklassifikasie

Tabel 3.1-3.4 bevat 'n lys van die opgespoorde vindplekke in Suidoos- en Sentraal-Marico, wat ook op kaart 2 aangedui word. Hoewel daar aanvanklik 'n wyer gebied verken is, word die vindplekopnamelys beperk tot die volgende 1:50 000- topografiese kaarte: 2526CA ZEERUST (derde uitgawe 1985), 2526CB GROOT-MARICO (tweede uitgawe, 1985), 2526CD LEAD MINE (tweede uitgawe, 1985), 2526AC MOKGOLA (tweede uitgawe, 1984) en 2526AD SKUINSDRIF (tweede uitgawe, 1984). Hoofsaaklik kwalitatiewe indrukke van die vindplekke word weergegee, aangesien dit onmoontlik was om al die vindplekke in detail te verken en hulle dikwels ook so toegegroei en onbegaanbaar was dat slegs voorlopige opmerkings oor hul aard en omvang gemaak kon word. Ook om hierdie rede is die aanvanklike poging laat vaar om die klipbouvalle op grond van grootte en/of uitleg in klasse in te deel. Vindplekke wat met die oog op uiteindelike opgrawing geselekteer is, word met 'n asterisk in die tabelle aangedui en op kaart 2 genommer.

Op grond van die bestaande kennis oor die Ystertydperkchronologie is die vindplekke voorlopig volgens ligging (byvoorbeeld aan die voet van of bo-op rante), vorm (byvoorbeeld met of sonder klipmure), asook die aanwesige potwerkstyl (hoofsaaklik versieringspatrone), in vier breë kategorieë verdeel. Die eerste kategorie word deur 'n enkele Vroeë Ystertydperkterrein op die wal van die Klipspruit (*Mokgôla*) op die plaas Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP verteenwoordig. Die visgraatpatroonversierings op die potwerk van hierdie vindplek, 2526AC15, vertoon ooreenkomste met dié van vindplekke van Rooiberg, Eenheid 1, in die Thabazimbidistrik wat deur Simon Hall

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1981:156) op tussen 800 en 1000 n.C. gedateer is. Die Mokgolavindplek lê sowat 0,5 m onder die grondoppervlak en is toevallig tydens die skraap van 'n damafvoersloot blootgelê (kyk foto 4). Dit is dus moontlik dat meer soortgelyke terreine wel in die navorsingsgebied voorkom, maar hulle is moeilik opspoorbaar.

Geen vindplek wat uitsluitlik tot die daaropvolgende Rooiberg, Eenheid 2- of die Eiland-Broadhurstfase van die Vroeë Ystertydperk behoort, is in die navorsingsgebied aangetref nie. By terrein 2526CA4 en terrein 2526AC6 is wel enkele potskerwe versamel wat versier is met fyner afgewerkte visgraatpatrone wat kenmerkend is van hierdie fase. Die oorgrote meerderheid van die potskerwe wat van dié twee terreine afkomstig is, vertoon egter die versieringstyl van die daaropvolgende Molokotradisie (kyk hoofstuk I, afdeling 1, vir 'n beskrywing van hierdie potwerktradisie). Die tweede vindplekkategorie wat onderskei is, bestaan dus uit terreine wat gewoonlik as deel van die Vroeë Moloko, dit wil sê die eerste fase van die Latere Ystertydperk of 'n sogenaamde Middel-Ystertydperkfase, beskryf word. Hierdie terreine is gewoonlik óf op vlaktes óf in valleie óf aan die voet van heuwels geleë en bevat geen of min klipmure. Die hutvloeroorblyfsels vertoon ook 'n kenmerkende verhewe agterste ruimte wat met kleiboë van die voorste ruimte geskei word (kyk foto 5 en 6), terwyl die potwerk versier is met polichrome bande wat swart of rooi gekleur is en wat veral boë of chevrons as versieringsmotiewe vertoon. Vindplekke wat tot hierdie kategorie behoort, kom hoofsaaklik in die omgewing van die Wilgeboomspruit (*Maruntwane*) en sy sytakke (2526CB2, 2526CB3, 2526CB4 en 2526CB9), asook die voetheuwels van die Tswenyane-Enselsbergrantereeks (2526AC6, 2526AC7, 2526AC8, 2526AC9, 2526AC11, 2526AC18 en 2526AC19), voor. Een van die vindplekke naby die Wilgeboomspruit lê aan die voet van Rabogadi, 'n rant op die plaas Magozastad 248 JP wat volgens mondelinge oorleweringe van die Lete die plek was waar hulle hul in die sewentiende eeu gevestig het (kyk hoofstuk II, afdeling 3). By die meeste van die Vroeë Molokoterreine is tekens van grootskaalse erosie opgemerk (kyk foto 7 en 13); trouens hierdie verskynsel is juis as 'n hulpmiddel gebruik om sodanige terreine op te spoor. Slegs 'n enkele latere klipbouvalkompleks, naamlik terrein 2526CA26 op die plaas Klaarstroom 237 JP, het oorblyfsels van die Vroeë Molokohuttipe met die kenmerkende kleiboë opgelewer.

Soos in hoofstuk I, afdeling 1, aangedui is, word daar algemeen aanvaar dat die derde kategorie van terreine, die klipmuur- of Latere Molokoterreine wat merendeels bo-op of teen die hange van rante voorkom, uit die Vroeë Molokofase voortgespruit het en dat albei hierdie kategorieë met die Sotho-Tswana verband hou. Hierdie aanname berus hoofsaaklik op die kontinuïteit in potwerkstyl en die historiese getuienis van die Sotho-Tswana oor hul bewoning van bepaalde gebiede (Taylor 1984:250). Dit is onseker of die oorgang tussen hierdie twee fases tot die vyftiende, sestiende of sewentiende eeu n.C. teruggevoer moet word (kyk Evers 1988:126-129). Hierdie chronologiese probleem word volledig in hoofstuk VII, afdeling 1, bespreek. In totaal is slegs 12 Vroeë teenoor 55 Latere Molokovindplekke aangeteken.

Die twee grootste klipbouvalkomplekse in die navorsingsgebied, wat elk oor 'n afstand van heelwat meer as 'n kilometer strek, kom onderskeidelik op die Vergenoegdrant, suid van Zeerust, en die Kleinfontein-Bloemfonteinrant, noordoos van Zeerust, voor. Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangetoon is, is eersgenoemde klipbouvalkompleks deur Mason (1986) as Kaditshwene, die vroeë negentiende-eeuse hoofstad van die Bahurutshe booMenwe, geïdentifiseer. Hierteenoor word daar in die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe volgehou dat Kaditshwene in die omgewing van Tswenyane-Enselsberg, en wel op die plaas Bloemfontein 63 JP, geleë was (Breutz 1953:6, 23, 93). Aangesien dit 'n sentrale probleem in die rekonstruksie van die voorgeskiedenis van Marico en die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hurutshe vorm, word die dispuut oor die ligging van Kaditshwene volledig in hoofstuk IV behandel. Twee ander uitgebreide klipmuurkomplekse is onderskeidelik op die plaas Modderfontein 256 JP en die plaas Klaarstroom 237 JP verken. Volgens mondelinge oorleweringe (kyk hoofstuk II, afdeling 3, en Breutz 1953:22,58,95,141) was Borutwe, die hoofsetel van die Bahurutshe booManyane wat na die tweede helfte van die sewentiende eeu tot stand gekom het, in die omgewing van die Mangope-spoorweghalte op Modderfontein geleë, terwyl Mmutlagae (oftewel Mmutlawagae), wat gedurende die agtiende eeu klaarblyklik 'n ruk lank as hoofsetel van die Bahurutshe booMenwe gedien het, op Klaarstroom geleë was.

Die vierde kategorie van vindplekke wat onderskei is, word gewoonlik binne enkele kilometer van die Marico- of Groot-Maricorivier aangetref. Geen klipmure kom op hierdie terreine voor nie, maar hul algemene voorkoms en die grootliks onversierde potwerk wat ingesamel is, dui daarop dat hulle beslis nie tot die Vroeë Molokofase behoort nie, maar 'n meer resente bewoningsfase verteenwoordig, moontlik kontemporêr met die klipbouvalle of selfs ietwat later. Terreine wat tot hierdie kategorie behoort, sluit 2526AD2, 2526AD4, 2526AD5 en 2526AD6 in.

Soos in hoofstuk II, afdeling 4, genoem is, het die sendeling, eerwaarde F.H.W. Jensen, wat op daardie stadium onder die Hurutshe van Dinokana werksaam was, in 1912 opgemerk dat die ruïnes van die kliphuis wat die Kaapse avonturier, Coenraad de Buys, op die vooraand van die *difaqane* naby die Hurutshe van Kaditshwene gebou het, destyds nog 'near Bloemfontein adjoining Enzelsberg' sigbaar was. Tydens die vindplekopname is daar wel 'n reghoekige klipstruktuur van ongeveer 5 m x 6 m, waarvan die mure sowat 1 m hoog was, bo-op 'n rant op die plaas Bloemfontein 63 JP aangetref. Hierdie struktuur, wat as terrein 2526AC22 genommer is, kom naby 'n spruit voor waarin aanduidings van vroeëre leidamme opgemerk is. Opslag van granaatbome is 'n verdere bewys dat hier voorheen waarskynlik 'n blanke pionier gewoon het, maar geen uitsluitsel kon tot dusver verkry word of die bewoningsoorblyfsels met De Buys of latere intrekkers verband hou nie.

Pogings om die terrein op te spoor wat tussen 1827/28-1832 deur die Hurutshe in die Mosegakom op die teenswoordige plaas Zendelingspost 330 JP bewoon is nadat hulle van Kaditshwene verdryf is, was tot dusver onsuksesvol. Reeds Breutz (1953:15) het opgemerk dat daar geen 'klipkrale' op hierdie plaas voorkom nie. Tydens die huidige vindplekopname is slegs twee kleiner veekrale van klip wat ongeveer 5 m in deursnee was, asook enkele klipsirkels wat waarskynlik die basis van hutmure gevorm het, naby die Mosegakoppe (terrein 2526CA14 in tabel 3.1) aangetref. Ook uit die Franse sendelinge se beskrywings van die Hurutshe se nedersetting te Mosega is daar, anders as in die geval van Kaditshwene, geen aanduiding dat hulle hul nuwe nedersetting met klip gebou het nie (Germond 1967:86).

Hoewel dit, streng gesproke, buite die tydperk val wat in hierdie studie argeologies ondersoek is, was ook die soektog na die terreine wat deur die Ndebele van Mzilikazi van 1832 tot 1837 tydens die *difaqane* in Marico bewoon is, tot dusver vrugteloos. Ook Mason (1986:656) het vergeefs na oorblyfsels van Ndebelevestings in die Mosegakom, suidwes van Zeerust, gesoek. Tydens die huidige ondersoek is daar veral op Kapain ('n klaarblyklike vervorming van *eGabeni*), een van Mzilikazi se tydelike hoofsetels noord van Tswenyane, gefokus. Hierdie nedersetting is in Oktober 1836 deur die bekende jagter William Cornwallis Harris (1852:98) besoek wat dit as 'a miserable hamlet' beskryf het. Sy indrukke van die 'imperial kraal' was as volg: 'The plan of the enclosure was circular, a thick and high thorn fence surrounding an area which was strewed with the skulls, paws, and tails of lions, ... The royal lodge, and the apartments of the ladies, were shut off by a rough irregular palisade; and a portion of this enclosure was surrounded by a very closely woven wattle

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fence, having only one aperture of barely sufficient dimensions to admit the king's portly person on all fours' (Harris 1852:118). Soos in hoofstuk II, afdeling 5, genoem is, is daar geen sekerheid oor die presiese liggeng van *eGabeni* nie, maar het Van der Merwe (1986:210-214) oortuigend aangetoon dat dit beslis nie by Silkaatskop aan die Maricorivier geleë was nie, soos soms beweer word. Die huidige veldondersoek na hierdie Ndebelevesting het tot by die heuwels Maaierskop en Maaierskraal op die plaas Rooderand 41 JP (1: 50 000- topografiese kaart 2526AB SESOBE, derde uitgawe, 1984) gestrek, waar Mzilikazi volgens Voortrekkeroorlewering in November 1837 tydens die sogenaamde Negedaagse Slag van Kapain aangeval is (Gronum 1978:73). Slegs klipmuurkomplekse wat deur die Tswana in die Latere Ystertydperk gebou is, is op die heuwels aangetref. In die lig van nuwe navorsing wat deur Horn (1996) gedoen is, sal die area noord van Tswenyane egter opnuut verken moet word. Hy kom naamlik in 'n onlangse artikel, wat na afloop van die vindplekopname verskyn het, op grond van 'n studie van die geografiese verwysings in Harris se reisjoernaal tot die gevolgtrekking dat 'die ligging van Gabeni in die omgewing van 25° 12' S en 26°12' O was, sowat 12 myl wes van die Groot-Marico[rivier]' (Horn 1996:214). Volgens hierdie koördinate was *eGabeni* in die omtrek van die teenswoordige plaas Giglio 42 JP geleë (kyk 1: 50 000- topografiese kaart, 2526AA NIETVERDIEND, tweede uitgawe, 1984).

Aangesien die Ndebele klaarblyklik nie met klip gebou het nie (Rasmussen 1978:47) en hulle bewoning van Marico kortstondig was, is direkte argeologiese bewyse van hul aanwesigheid aldaar, soos in die vorige hoofstuk in die vooruitsig gestel is, dus moeilik opspoorbaar. In hierdie verband moet Julius Pistorius (1997a, 1997b) se bewering in twee onlangse artikels dat hy 'n Ndebele- of Matebeleterreinkompleks op die plase Rietvlei 271 JQ en Bellevue 211 JQ, teen die noordelike hang van die Magaliesberg naby Rustenburg, opgespoor het, bevraagteken word. Volgens hom word een van die terreine, NS0007, uitgebeeld in 'n skets van Charles Bell, die kunstenaar wat Andrew Smith in 1835 op sy reis deur die gebied vergesel het. Hoewel dit 'n komplekse saak is wat verdere ondersoek vereis, is die identifisering van NS0007 as 'n Ndebeleterrein myns insiens onoortuigend en verteenwoordig dit waarskynlik eerder die argeologiese reste van 'n nedersetting wat oorspronklik deur die Tswanabewoners van die streek opgerig is. Daar is byvoorbeeld geen duidelike korrelasie tussen die grondplan van die opgespoorde argeologiese vindplek, NS0007, en die vorm of uitleg van die Matebeleterrein wat in Bell se skets uitgebeeld word nie (vgl. Pistorius 1997a:32, 1997b:51). In Bell se skets word die sentrale veekraal en die hutte wat daaromheen gerangskik is, ook duidelik deur twee takheinings omring. Daar is geen aanduiding van klipmure in sy skets van die terrein nie, terwyl daar verskeie klipmure op die argeologiese vindplek voorkom wat, aldus Pistorius (1997b:48, 50), volgens die tegniek van die 'plaaslike Tswana' gebou is.

5. SLOT

Volgens die klimaatschronologie van Tyson en Lindesay (1992) en Huffman (1996b) het die Latere Ystertydperkbewoning van Suidoos- en Sentraal-Marico volledig binne die Klein-Ystyd geval, wat vanaf ongeveer 1290/1300 tot 1850 geduur het. Hierdie klimaatsperiode is deur twee ietwat koeler en droër fases gekenmerk, wat volgens Tyson en Lindesay (1992) tussen 1300-1500 en 1675-1850 voorgekom het. Die fase van 1500 tot 1675 was klaarblyklik ietwat warmer en natter, terwyl daar ook 'n natter tussenpose tussen 1790 en 1810 onderskei is. Soos genoem is, kan die tydsduur van die verskillende fases volgens Huffman (1996b) op grond van 'n kalibrering van 'n groter aantal radiokoolstofdatums soos volg verfyn word: 1290-1425 [kouer en droër], 1425-1675 [warmer en natter], 1675-1780 [kouer en droër] en 1790-1810 [warmer en natter].

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die heuwel-en-vallei-landskap van Suidoos- en Sentraal-Marico, wat deel uitmaak van die westelike Bankeveld, vorm grootliks 'n enkele ekologiese streek, wat deur plantkundiges óf as Suuragtige Gemengde Bosveld óf as Gemengde Bosveld óf as 'n kombinasie van die twee veldtipes geklassifiseer word. Uit die oorsig van die topografie, geologie, klimaat, plantegroei en dierelewe van die navorsingsgebied blyk dit dat dit besonder geskik was vir die veeboerdery- en akkerboubedryf van die Tswanagemeenskappe uit die Latere Ystertydperk. Wild was moontlik volop, en hoewel droogtes waarskynlik periodiek voorgekom en 'n belangrike invloed op die verloop van die geskiedenis kon gehad het, was daar in normale seisoene voldoende water en weiding vir veral die veekuddes van die bewoners beskikbaar, asook somerreën vir die aanplant van gewasse soos sorghum en manna. Die rante in die area het ook genoeg klip vir die oprigting van veekrale en die afskortings van wooneenhede (*malapa*) gedurende die Latere Molokofase opgelewer. 'n Groot verskeidenheid boomspesies kom voor wat, benewens veldvrugte, ook pale en latte vir die bou van takkrale en hutte, brandhout vir huishoudelike gebruik en houtskool vir metaalproduksie verskaf het. Hoewel kopererts, sover bekend, hoofsaaklik op Kwarriefontein 254 JP, noordoos van Groot-Marico, en in die Dwarsberge buite die ondersoekte gebied voorgekom het, was ystererts redelik vryelik beskikbaar.

Navorsing oor die impak van prekoloniale Indiaanse nedersettings op die landskap in Amerika het aangetoon dat die sogenaamde 'Tuin van Eden'-teorie nie steek hou nie en dat 'prehispanic indigenous land-use was not conservationist in practice' (Butzer 1993:16). Dit kom voor of ook die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico nie hul omgewing ongeskonde gelaat het nie, aangesien daar, soos genoem is, slegs enkele groot bome in John Campbell se ongepubliseerde sketse van Kaditshwene uitgebeeld word en 'n groot mate van erosie by sommige Molokoterreine opgemerk is. Aspekte van die bestaanspraktyke wat moontlik hiertoe aanleiding gegee het, word in hoofstuk VI behandel.

Die opname het in totaal 12 Vroeë Moloko- en 55 Latere Molokovindplekke opgelewer. Daarbenewens is daar ook 4 vindplekke naby die Marico- of Groot-Maricorivier aangetref wat moontlik ook tot die Latere Moloko gereken kan word, maar wat geen klipmure bevat nie. Die klipmuurkomplekse van die Latere Molokofase sluit die ruïnes van Mmutlagae op Klaarstroom 237 JP en Borutwe op Modderfontein 256 JP in, wat volgens oorlewering onderskeidelik met die Bahurutshe booMenwe en die Bahurutshe booManyane verbind kan word. Daarbenewens is 'n groot klipbouvalkompleks op 'n rant op die grens van die plase Bloemfontein 63 JP en Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP opgespoor in die area wat volgens die oorleweringe van die Bahurutshe booMenwe met een van hul eertydse hoofsetels, Kaditshwene, geassosieer word. Daardeur is 'n verdere vraagteken geplaas agter Mason (1986) se bevinding dat Kaditshwene op die teenswoordige plaas Vergenoegd geleë was, 'n kwessie wat uitvoerig in die volgende hoofstuk bespreek word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 2 Verspreiding van Vindplekke

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.1 VINDPLEKOPNAME
2526CA ZEERUST

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526CA1	Berg Plaats 285 JP	25° 37' 13" suid; 26° 11' 15" oos; klein klipbouval met ten minste een veekraal van 3,5 m deursnee; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA2	Kwaggafontein 279 JP	25° 38' 05" suid; 26° 11' 35" oos; klein klipbouval met sentrale veekraal van ± 18 m deursnee in die middel, asook twee kleiner krale van 4,5 m en 2,5 m in deursnee; vyf klipsirkels as aanduiding van hutfondasies kom voor; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA3	Kwaggafontein 279 JP	25° 39' suid; 26° 13' 07" oos; klein klipbouval met sentrale veekraal van ± 19 m deursnee en twee aangrensende kleiner krale van 4 m en 6 m deursnee; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA4	Vergenoegd 279 JP	GPS-lesing: 25° 37' 35,4" suid; 26° 05' 43,3" oos; groot klipbouvalkompleks op Vergenoegdrant en aangrensende plase Kruisrivier 270 JP en Kwarriefontein 280 JP; hierdie terrein is deur Mason (verkeerdelik) as 'Kaditshwene' geïdentifiseer; verskeie smeltoonde en slakhope kom voor; die vindplek is naby die pioniersnedersetting van Jacobsdal geleë en staan onder die Hurutshe as *Mmakgamê* bekend; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA5	Kwarriefontein 280 JP	25° 36' 12" suid; 26° 06' 19" oos; groot klipbouvalkompleks wat deel vorm van die terrein wat deur Mason as 'Kaditshwene' geïdentifiseer is; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA6	Kruisrivier 270 JP	25° 36' 34" suid; 26° 6' 12" oos; groot klipbouvalkompleks wat deel vorm van die terrein wat deur Mason as 'Kaditshwene' geïdentifiseer is; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA7	Waterkloof 286 JP	25° 36' 27" suid; 26° 13' 30" oos; klein klipbouval met een groterige kraal van ± 17 m deursnee met twee aangrensende krale van sowat 5 m deursnee, asook twee losstaande krale van sowat 5 m deursnee; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA8	Doornhoek 305 JP	25° 42' 23" suid; 26° 11' oos; sowat 20 groot en klein veekrale word op hierdie terrein aangetref; dit sluit aan by terrein 2526AC9; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA9	Kafferskraal 306 JP	25° 42' 52" suid; 26° 11' 17" oos; terrein sluit aan by 2526CA8; bestaan uit ongeveer 20 groot en klein veekrale en aaneengeskakelde klipmuurruimtes; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA10	Waterkloof 286 JP	25° 37' 45' suid; 26° 13' 13" oos; bestaan uit twee aangrensende klipmure wat halfmane vorm van ± 5 m in deursnee; enkele onversierde potskerwe is opgetel; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA11	Waterkloof 286 JP	25° 36' 08" suid; 26° 14' 24" oos; enkele erg vervalle veekrale word aangetref; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA12	Kwaggafontein 297 JP	25° 38' suid; 26° 11' oos; klein klipbouvalkompleks aan die suidelike voet van 'n hoë kop (die terrein lê reeds op 'n rant); bestaan uit een groterige veekraal van ± 20 m deursnee en twee kleiner krale van ± 5 m deursnee; verskeie klipsirkels, die oorblyfsels van hutfondasies, word aangetref; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA13	Kwaggafontein 297 JP	25° 40' suid; 26° 09' 34" oos; erg vervalle klipbouvalterrein wat 'n hele aantal veekrale insluit wat met leiklip gebou is; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA14	Zendelingspost 300 JP	25° 39' 41" suid; 26° 01' oos; terrein lê op Mosega, dit wil sê die area wat gedurende die *difaqane* eers deur die Hurutshe (±1827/28 - 1832) en daarna deur die Ndebele (1832-1837) bewoon is; slegs twee klein klipkrale van ongeveer 5 m in deursnee asook 'n aantal klipsirkels wat as die basis van hutmure gedien het, kom voor; enkele onversierde potskerwe lê rond

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.1 *(vervolg)* **VINDPLEKOPNAME 2526CA ZEERUST**

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526CA15	Vergenoegd 279 JP/Buffelsfontein 299 JP	25° 38' 49" suid; 26° 5' 08" oos; die terrein wat plaaslik as Bosrantjie bekend staan, bestaan uit 'n aantal goedbewaarde veekrale en wooneenhede wat met klipmure afgeskort is; 'n enkele onversierde potskerf is opgemerk; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA16	Weltevreden 275 JP	25° 36' 53" suid; 26° 02' 19" oos; 'n hele aantal houtskoolhope word op 'n rantjie aangetref; hoewel plaaslike blankes dit as smelterye beskou en aan voorhistoriese swart bewoners toedig, is geen slak, tuyères of klei-oonde opgemerk nie; enkele onversierde potskerwe kom wel in die nabyheid van die hope voor, maar die klassifikasie van die terrein bly onseker en dit kan moontlik uit historiese tye dateer
2526CA17	Honingkrans 269 JP	25° 36' 22" suid; 26° 06' 50" oos; 'n kleinerige klipbouval wat oorloop op die plase Kwarriefontein 280 JP en Kruisrivier 270 JP; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA18	Kruisrivier 270 JP	25° 35' suid; 26° 06' 22" oos; mediumgrootte klipbouval op 'n rant; 'n enkele versierde skerf, wat 'n geprikte chevron vertoon, is opgetel; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA19	Schietkraal 246 JP	25° 33' 30" suid; 26° 14' 50" oos; terrein bestaan uit 'n paar alleenstaande klipmure; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA20	Waterkloof 286 JP	25° 36' suid; 26° 14' oos; klein klipbouvalkompleks in suuragtige gemengde bosveld wat uit ten minste 3 veekrale bestaan; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA21	Lotteringskraal 243 JP	25° 33' 30" suid; 26° 12' oos; enkele klipmure het behoue gebly; klipsirkels wat moontlik as muurbasisse gedien het, kom voor; heelwat onversierde potskerwe op die oppervlak; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA22	Waterkloof 286 JP	25° 37' 33" suid; 26° 14' 15" oos; enkele veekrale wat met klip gebou is; heelwat onversierde potskerwe op die oppervlak; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA23	Bokkop 245 JP	25° 32' suid; 26° 14' oos; enkele goedbewaarde klipkrale op 'n rantjie; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA24	Bokkop 245 JP	25° 32' suid; 26° 14' 15" oos; die ligging en voorkoms van die terrein stem ooreen met Mason se Middel-Ystertydperkterreine; dit lê in 'n vallei wat erg verspoel is en plek-plek deur sekelbos ingeneem is; verskeie hope hutpuin word aangetref asook tipiese polichrome Molokopotskerwe; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526CA25	Bokkop 245 JP/Zendelingsplaats 102 JP	25° 31' 20" suid; 26° 14' 23" oos; mediumgrootte klipbouval op 'n rant met verskeie goedbewaarde veekrale; die vloervlak van die veekrale is hoër as dié van die omliggende omgewing en dui moontlik op 'n dik misafsetting; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA26*	Klaarstroom 237 JP	GPS-lesing: 25° 31' 20,2" suid; 26° 01' 08,8" oos; 'n uitgestrekte klipbouvalkompleks wat uit verskeie eenhede bestaan wat deur redelike groot oop ruimtes van mekaar geskei word; van die klipmure kom ook op die aangrensende Kareespruit 238 JP voor; die area word met een van die vroeëre hoofsetels van die Hurutshe, Mmutla(wa)gae, verbind; op die terrein is ook die oorblyfsels van 'n paar hutte met die Vroeë Molokovorm aangetref; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA27	Koedoesfontein 266 JP	25° 34' 55" suid; 26° 12' 44" oos; 'n klein maar ruig toegegroeide klipbouval op 'n rant met suuragtige gemengde bosveld; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA28	Kwarriefontein 280 JP	25° 38' 20" suid; 26° 6' 22" oos; klipbouvalkompleks op 'n lae rant wat deel uitmaak van Mason (1986) se sogenaamde 'Kaditshwene'; kategorie 3: Latere Moloko

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.1 *(vervolg)* **VINDPLEKOPNAME**
2526CA ZEERUST

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526CA29	Kwarriefontein 280 JP	25° 38' 20" suid; 26° 6' 22" oos; klipbouvalkompleks op 'n lae rant wat deel uitmaak van Mason (1986) se sogenaamde 'Kaditshwene'; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA30	Kwarriefontein 280 JP	25° 37' 40" suid; 26 7' oos; klipbouvalkompleks op 'n lae rant wat deel uitmaak van Mason (1986) se sogenaamde 'Kaditshwene'; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA31	Kwarriefontein 280 JP	25° 37' 18" suid; 26° 6' 6" oos; klipbouvalkompleks op 'n lae rant wat deel uitmaak van Mason (1986) se sogenaamde 'Kaditshwene'; kategorie 3: Latere Moloko
2526CA32	Waterkloof 286 JP	25° 37' 30" suid; 26° 13' 45" oos; 'n enkele klipkraal met 'n deursnee van ongeveer 7 m; 'n boonste maler het behoue gebly: kategorie 3: Latere Moloko

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.2 VINDPLEKOPNAME
2526CB GROOT-MARICO
2526CD LEAD MINE

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526CB1	Zendelingsplaats 102 JP	25° 31' suid; 26° 16' oos; goedbewaarde klipbouval op rant; onversierde potskerwe en ysterslak kom voor; kategorie 3: Latere Moloko
2526CB2	Schietkraal 246 JP	25° 33' 33" suid; 26° 15 20" oos; erg geërodeerde terrein in 'n vlakte met Vroeë Molokopotwerk en heelwat tekens van metaalbewerking; moontlik deel van die terrein waarvandaan die smeltoonde afkomstig is wat deur Friede en Steel (1981) opgegrawe is; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526CB3	Vaalkop 264 JP	25° 33' 47" suid; 26° 15' 11" oos; terrein sluit aan by 2526CB2; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526CB4*	Magozastad 248 JP	25° 32' 20" suid; 26° 17' oos; terrein aan die voet van 'n rant; enkele klipmure kom voor, maar die potwerk en hutvorm dui oorwegend op die Vroeë Moloko; heelwat tekens van ystersmelting, onder andere smeltoonde en slakkonsentrasies, word aangetref; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526CB5	Draaifontein 314 JP	25° 44' 30' suid; 26° 21' 30" oos; klein klipbouval op rant met tipiese Bankeveldplantegroei (veldtipe 61); kategorie 3: Latere Moloko
2526CB6	Draaifontein 314 JP	25° 44' 30" suid; 26° 21' 30" oos; klein klipbouval op rant met tipiese Bankeveldplantegroei (veldtipe 61); kategorie 3: Latere Moloko
2526CB7	Kleinfontein 260 JP	25° 33' 50" suid; 26° 19' 40" oos; goedbewaarde klipbouval op rant met regopstaande klippe ('monoliete') naby veekraal; kategorie 3: Latere Moloko
2526CB8	Kleinfontein 260 JP	25° 34' suid; 26° 19' 20' oos; afsetting in versteurde konteks; onversierde potskerwe en Middel-Steentydperkwerktuie kom in erosiesloot voor; die potskerwe is moontlik van 'n nabygeleë klipbouval (2526CB7) afkomstig
2526CB9*	Magozastad 248 JP	GPS-lesing: 25° 33' 16,7" suid; 26° 17' 33" oos; 'n groot aantal Vroeë Molokohutte en enkele klipmure kom aan die voet van 'n rant bekend as Rabogadi voor; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526CB10	Magozastad 248 JP	25° 33' 33" suid; 26° 17' 23" oos; klipbouval wat aansluit by terrein 2526CB9; kategorie 3: Latere Moloko
2526CB11	Modderfontein 256 JP	25° 35' 30" suid; 26° 26' oos; klein klipbouval op rant; kategorie 3: Latere Moloko
2526CB12	Modderfontein 256 JP	25° 36' suid; 26° 28' oos; groot klipbouvalkompleks met enorme veekraal; dit lê naby die Mangope-spoorweghalte en maak moontlik deel uit van Borutwe, die hoofsetel van die Bahurutshe booManyane; kategorie 3: Latere Moloko
2526CD1	Rhenosterfontein 313 JP	25° 47" suid; 26° 21' 20" oos; klein klipbouval op rant in tipiese Bankeveldplantegroei (veldtipe 61); kategorie 3: Latere Moloko

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.3 VINDPLEKOPNAME
2526AC MOKGOLA

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526AC1	Bloemfontein 63 JP	GPS-lesing: 25° 22' 32,8" suid; 26° 10' 48,9" oos; klipbouvalkompleks op 'n rant bekend as Daskoppie of *Mosidi-wa-ditlhôbôlô*; aan die hand van die inligting in Campbell (1822) oor Kaditshwene kan afgelei word dat dit deel uitmaak van die woonkompleks van *Senôsi*, die destydse hoof van die *Bahurutshe bôôMokgatlha*; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC2*	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP/ Bloemfontein 63 JP	GPS-lesing van ashoop naby die sentrale beeskraal en *kgotla*: 25° 21' 25" suid; 26° 10' 03,5" oos; groot klipbouvalkompleks op die suidelike deel van die Kaditshwenerant; dit het die hoofeenheid (*kgôsing*) van die destydse nedersetting gevorm; die grensdraad tussen die twee plase loop deur die middel van die terrein; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC3	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	GPS-lesing: 25° 20' 28,9" suid; 26° 10' 1,4" oos; klipbouval op noordelike deel van die Kaditshwenerant; 'n klein gedeelte van die terrein loop oor in Bloemfontein 63 JP; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC4*	Rietfontein 89 JP	25° 23' 52" suid; 26° 7' oos; mediumgrootte klipbouval op rant; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC5	Bloemfontein 63 JP/ Rietfontein 89 JP	25° 22' 37" suid; 26° 10' 23" oos; klipbouvalterrein wat saam met 2526AC1 moontlik deel uitmaak van die suidelike afdeling van die Kaditshwenekompleks; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC6	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	25° 18' 33" suid; 26° 9' 22" oos; terrein net aan die Mokgolaspruit; oorwegend Vroeë Molokopotwerk, maar Eilandtipe potskerwe kom ook voor; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC7	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	GPS-lesing: 25° 20' 19,1" suid; 26° 08' 15,7" oos; terrein aan die voet van 'n rant bekend as Motwane; geen klipmure; ysterslak en heelwat versierde Vroeë Molokoskerwe kom voor; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC8*	Rietfontein 89 JP	GPS-lesing: 25° 23' 03,1" suid; 26° 09' 27,8"; oorblyfsels van meer as 20 Vroeë Molokohutte kom voor, asook twee losstaande klipmure; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC9*	Rietfontein 89 JP	GPS-lesing: 25° 22' 25" suid; 26° 11' 03,2" oos; oorblyfsels van minstens 6 Vroeë Molokohutte aan die voet van 'n rant bekend as *Pelo-ya-thwane;* kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC10	Mezeg 77 JP	25° 22' 36" suid; 26° 13' 5' oos; enkele veekrale van klip op rant waarna in die algemeen as Tswenyane verwys word; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC11	Leeuwfontein 61 JP	25° 17' 10" suid; 26° 9' 22" oos; erg geërodeerde terrein aan die voet van 'n rant met Vroeë Molokopotskerwe; 'n land is vroeër daaroor aangelê; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC12	Leeuwfontein 61 JP	25° 17' suid; 26° 9' 30" oos; klipbouvalkompleks op rant wat as *Senwê* bekend staan; kategorie 3: Latere Moloko

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.3 ***(vervolg)*** **VINDPLEKOPNAME**
2526AC MOKGOLA

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526AC13	Bloemfontein 63 JP	25° 22' suid; 26° 10' 38" oos; klipbouvalterrein op rant wat moontlik met die groter Kaditshwenekompleks verband hou; verskeie oorblyfsels van ystersmeltoonde kom naby die klipmure voor; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC14	Bloemfontein 63 JP	25° 22' suid; 26° 10' 38" oos; klipbouvalterrein wat moontlik met die groter Kaditshwenekompleks verband hou; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC15*	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	GPS-lesing: 25° 19' 16,7" suid; 26° 09' 05,9" oos; Vroeë Ystertydperkterrein aan die Mokgolaspruit; visgraatpatrone op potwerk stem ooreen met dié van Rooiberg, Eenheid 1; kategorie 1
2526AC16	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	GPS-lesing: 25° 20' 27,8" suid; 26° 05' 05,9" oos; enkele lae klipmure kom aan die voet van 'n rant voor wat as *Dikgatô-tsa-ditlôu* bekend staan; 'n klein stukkie koperslak is hier opgetel; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC17	Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	25° 21' 08" suid; 26° 08' 49" oos; klein klipbouvalkompleks naby 'n rant wat as *Seboko* bekend staan; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC18	Rietfontein 89 JP	25° 21' 47" suid; 26° 7' 55" suid; reste van verskeie hutvloere en potskerwe kom op 'n vlakte voor; oorblyfsels van reghoekige klipstrukture (huise?) oorvleuel met die Ystertydperkterrein; by laasgenoemde is ook stukkies glas, porselein en 'n hoefyster opgemerk; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC19	Rietfontein 89 JP	GPS-lesing: 25° 22' 52" suid; 26° 09' 38,4" oos; verskeie hutpuinhope en potskerwe aan die voet van 'n rant bekend as *Pelo-ya-thwane*; kategorie 2: Vroeë Moloko
2526AC20	Bloemfontein 63 JP	GPS-lesing: 25° 22' 27" suid; 26° 11' 14,1" oos; klein klipbouvalkompleks op 'n lae rantjie; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC21	Leeuwfontein 61 JP	25° 18' 20" suid; 26° 08' 35" oos; lae klipmure, potskerwe en beenreste aan die voet van 'n koppie wat as *Mae-a-kgakana* bekend staan; kategorie 3: Latere Moloko
2526AC22	Bloemfontein 63 JP	25 23' 15" suid; 26 12' 20" oos; 'n klipstruktuur van ongeveer 5 x 6 m en ± 1 m hoog met 'n enkele ingang; dit lê naby 'n spruit in 'n klofie (Ferreiraskloof) bo-op 'n rant waarin oorblyfsels van keerwalle voorkom; nog tekens van die pioniersbewoning is die opslag van 'n granaatboom

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.4 VINDPLEKOPNAME
2526AD SKUINSDRIF

TERREINNOMMER	PLAAS	LIGGING EN BESKRYWING
2526AD1	Roodesloot 84 JP	25° 23' 55" suid; 26° 16' 04" oos; klipbouval op rant; kategorie 3: Latere Moloko
2526AD2	Veeplaats 82 JP	25° 24' suid; 26° 23' oos; terrein sowat 2 km van die Maricorivier; geen klipmure; polichrome potwerk en potwerk met 'randkeping'; kategorie 4: Latere Moloko, *difaqane* of post-*difaqane*
2526AD3	Krielsrust 106 JP	25° 28' 30" suid; 26° 24' oos; klein klipbouval met enkele veekraal op 'n rant; kategorie 3: Latere Moloko
2526AD4	Riekersdam 109 JP	25° 26' suid; 26° 25' oos; terrein sowat 3 km van die Groot-Maricorivier; geen klipmure nie; heelwat onversierde potwerk insluitend 'n koniese potdeksel; kategorie 4: Latere Moloko, *difaqane* of post-*difaqane*
2526AD5*	Riekersdam 109 JP	25° 26' 30" suid; 26° 25' oos; terrein sowat 5 km van die Groot-Maricorivier; geen klipmure nie, maar wel enkele kliphopies wat moontlik as fondasies vir graanhouers kon dien; kategorie 4: Latere Moloko, *difaqane* of post-*difaqane*
2526AD6	Riekersdam 109 JP	25° 26' 40" suid; 26° 25' oos; terrein sowat 5 km van die Groot-Maricorivier; geen klipmure nie, maar wel enkele kliphopies wat moontlik as fondasies vir graanhouers kon dien; kategorie 4: Latere Moloko, *difaqane* of post-*difaqane*
2526AD7	Welverdiend 105 JP	25° 29' 40" suid; 26° 19' 20" oos; klein klipbouval op rant; ruig toegegroei; die krale staan vol bloubuffelsgras; kategorie 3: Latere Moloko
2526AD8	Kromellenboog 104 JP	25° 28' suid; 26° 21' 30" oos; taamlik groot klipbouvalkompleks bo-op rant in suuragtige gemengde bosveld waarin *Terminalia sericea* en *Burkea africana* oorheers; kategorie 3: Latere Moloko
2526AD9	Kromellenboog 104 JP	25° 28' 13" suid; 26° 21' 45" oos; klein klipbouvalkompleks bo-op rant bekend as Tafelkop; bloubuffelsgras (*Cenchrus ciliaris*) kom in die klipkrale voor; kategorie 3: Latere Moloko

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK IV

DIE DISPUUT OOR DIE LIGGING EN NAAM VAN KADITSHWENE

"'All I can say," Gysbert van Tonder observed at this stage, "is that I don't know so much about a lost city. But it seems to me there's going to be more than one lost expedition. ...."' (Herman Charles Bosman: 'Lost City')

1. INLEIDING

Soos in hoofstuk II, afdeling 4, aangedui is, het John Campbell, 'n direkteur van die Londense Sendinggenootskap, die bevolking van Kaditshwene op ongeveer 16 000 of 20 000 beraam toe hy die nedersetting van 4 tot 12 Mei 1820 besoek het (Campbell 1822[i]:277; MSB77[iii]:18; kyk foto 30). Volgens die Wesleyaanse sendeling, Stephen Kay, het Kaditshwene tydens sy besoek in Augustus 1821 ongeveer 13 000 tot 14 000 inwoners gehad en was dit die 'most populous town' wat hy op sy reis vanaf die Kaap teëgekom het (Kay 1834:205; W.M.M.S., Box I, File 1821, Kay - Directors, 20/8/1821). Vergelykenderwys is Kaapstad se bevolking in die amptelike sensus van 1824 op 18 668 gestel (Thompson 1827[ii]:255).

Daar is ook in hoofstuk I, afdeling 6, aangedui dat veral John Campbell 'n merkwaardig gedetailleerde beskrywing van die hoofstad van die Bahurutshe booMenwe en sy inwoners in sy gepubliseerde reisjoernaal ingesluit het (kyk Campbell 1822[i]:222-277). Voorts het die ongepubliseerde manuskrip van sy reisverslag en verskeie ongepubliseerde waterverfsketse van Kaditshwene en die omliggende gebied in die Campbellversameling (MSB77) in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad behoue gebly. Uit sy waarnemings blyk dit duidelik dat Campbell besonder beïndruk was met die Hurutshe se hoofstad: volgens hom was 'Kurreechane', soos hy daarna verwys het, 'on top of one of the highest hills in that part of Africa' geleë, met 'every house ... surrounded, at a convenient distance, by a good circular stone wall' (Campbell 1822[i]:220, 224). Sy algemene indruk van die nedersetting word waarskynlik die beste uitgedruk in die volgende inskrywing in sy joernaal op 9 Mei 1820: 'I never designed to penetrate farther into the interior than the central city of the Marootze nation, which I found greatly to exceed, in point of importance, what I had previously conjectured. By the blessing of God it may prove a Jerusalem to the surrounding nations' (Campbell 1822[i]:253).

Ten spyte daarvan dat Campbell se gunstige indruk van die hoofstad moontlik deur sy sendingywer gekleur is, is historici dit oor die algemeen eens dat Kaditshwene 'een van die grootste dorpe in Suider-Afrika' aan die begin van die negentiende eeu was (Lye & Murray 1980:28). In die lig daarvan, en omdat klipbouwerk so 'n prominente kenmerk van die nedersetting was, sou 'n mens verwag dat die oorblyfsels van Kaditshwene duidelik sigbaar en herkenbaar in die argeologiese rekord sou wees. Dit is oënskynlik nie die geval nie, want die ligging van die nedersetting, net soos die naam daarvan, het tot op hede 'n twispunt gebly. Tekenend hiervan is die volgende stelling in 'n onlangse populêr-wetenskaplike bydrae van Sian Hall (1996:15) oor sogenaamde 'raaisels' in die voor- en vroeë geskiedenis van Suider-Afrika:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Baie geleerdes hou vol dat Kurreechane die Engelse verdraaiing van die Tswana Kaditshwene is; dat die hoofstad wat Campbell 170 jaar gelede beskryf het, die een is wat tans deur argeoloë ondersoek word. Ander glo dat Kurreechane eintlik 'n verlore stad is en 'n aantal feite ondersteun laasgenoemde teorie. Miskien is die belangrikste dat daar geen mondelinge getuienis is wat die twee name verbind nie. ... Maar daar is verskeie ander nedersettings met bitter min verskille - groot Ystertyd-dorpe met klipmure om wat deur Tswanas bewoon is en met 'n soortgelyke ekonomie en sosiale struktuur. Baie was groot en feitlik almal is vernietig tydens die Mfecane, dus hoe weet ons dat die argeoloë die hoofstad gevind het?

Soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangetoon is, het die vindplekopname in Suidoos- en Sentraal-Marico twee groot klipbouvalkomplekse aan die lig gebring. Die kern van die een kompleks (2526CA4) lê op 'n rant op die plaas Vergenoegd 279 JP, sowat 10 km suid van Zeerust, terwyl die hoofeenhede van die ander kompleks (2526AC2 en 2526AC3) op 'n rant op die grens tussen die plase Bloemfontein 63 JP en Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP, sowat 25 km noordoos van Zeerust, voorkom (kyk kaart 1 en 3). Soos in hoofstuk I, afdeling 4, vermeld is, het Revil Mason (1986) die Vergenoegdterrein opgegrawe en tot die slotsom gekom dat dit die ruïnes van Kaditshwene verteenwoordig. In teenstelling hiermee het die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe wat deur die etnoloog Breutz (1953, 1989) opgeteken is, die plaas Bloemfontein 63 JP as die lokaliteit van Kaditshwene aangedui (kyk hoofstuk II, afdeling 2). Hierbenewens het daar, soos uit die stelling van Sian Hall hierbo blyk, in die jongste jare ook 'n dispuut oor die naam van die destydse hoofstad van die Hurutshe ontstaan. Veral twee alternatiewe benamings, 'Gaditshwene' en 'Karechuenya', is as die korrekte weergawe in die plek van Kaditshwene aan die hand gedoen (kyk Hamilton 1995:xiii-xiv; Mmabatho High 1992a, 1992b). Met die oog op die rekonstruksie van die latere voorgeskiedenis van Marico en die Hurutshe is dit daarom noodsaaklik dat daar uitsluitsel oor sowel die ligging as die naam van hul eertydse hoofsetel verkry word.

2. TEENSTRYDIGE STANDPUNTE OOR DIE LIGGING

a. P.-L. Breutz

Daar is in hoofstuk II, afdeling 2, daarop gewys dat daar teenstrydighede is in dr. Paul-Lenert Breutz, die hoofoptekenaar van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe, se uiteensetting van die geskiedenis van Kaditshwene. Dit is naamlik nie duidelik of die nedersetting kort na die Hurutshe se vestiging in Marico teen die einde van die vyftiende eeu aangelê is nie, en of dit eers heelwat later, óf in die tweede helfte van die sewentiende eeu, óf teen die einde van die agtiende eeu, as hoofsetel gedien het nie. Volgens Breutz (1953:19, 23, 1989:225-226) het Kaditshwene deel uitgemaak van 'n tweelinghoofstad, 'Tshwenyane-Kaditshwene', in die Enselsbergomgewing in Sentraal-Marico. 'Tshwenyane', die rant waaraan die naam van een deel van die tweelinghoofstad ontleen is en wat deur hom as 'little baboon' vertaal word, was volgens Breutz op die teenswoordige plaas Mezeg 77 JP geleë. Hy plaas dit 'north-west' van Kaditshwene, wat volgens hom op die aangrensende plaas Bloemfontein 63 JP geleë was (Breutz 1953:19, 23, 1989:225).

In 'n skriftelike mededeling van 28 Oktober 1994 het Breutz die ligging van die tweelingstad soos volg nader omskryf: 'I suppose that KADITSHWENE was originally the agricultural part of the Twin capital which began with the war between the two brothers [Motebele en Motebejane], of which the elder left for the north, now BAGANANWA tribe.' Sy geografiese

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oriëntasie is egter verkeerd, aangesien Mezeg[1] oos van Bloemfontein lê (kyk 1:50 000-topografiese kaart: 2526AC MOKGOLA). Daarbenewens het onlangse pleknaamkundige navorsing aan die lig gebring dat Tswenyane die korrekte benaming vir die betrokke rant op Mezeg is, en nie Tshwenyane nie. Die aanvangskonsonant /ts/ in Tswenyane is nooit deur segslui geaspireer nie, en die naam is ook nie van *tshwênyana* of *tshwênyane* (bobbejaantjie), die diminutief van *tshwêne* (bobbejaan), afgelei nie. Geen bevredigende verklaring vir die etimologie van Tswenyane kon egter tot dusver gevind word nie (Boeyens & Cole 1995:23-24).

Soos later sal blyk, was Breutz se plasing van Kaditshwene op die plaas Bloemfontein 63 JP deels korrek. Ten spyte daarvan het hy egter konsekwent die aansprake van sommige segslui onder die Hurutshe verwerp dat hulle voorouers die klipmuurkomplekse op Bloemfontein gebou het (Breutz 1953:15). Oor die oprigters van die klipmuurkomplekse in Marico en ander historiese woongebiede van die Tswana het hy hom soos volg uitgelaat (Breutz 1956:171-172; kyk ook sy kommentaar oor die moontlike 'Hamitiese' oorsprong van die klipbouvalle in die woongebied van die Rolong in Breutz 1955:22-23):

> The stone kraal settlements must have been deserted before the first Tswana immigration into South Africa took place.... The stone kraals may be very old and may have been deserted as early as 900 A.D., ... or they were deserted between this time and the 13th or 14th century. A carbon 14 test may give more indications as to the exact date. Seeing that the ruins are not part of the Tswana tradition, the possibility arises that we are dealing here with the southernmost section of the large complex of various ancient immigrants who exploited the minerals, built stone kraals and other stone structures including terraces and irrigation schemes, stone rings on graves, monoliths and long walls all over the eastern half of Africa from the Yemen in Southern Arabia and Abyssinia down to Taung and Basutoland in South Africa.

Selfs nadat 'n groot aantal radiokoolstofdatums beskikbaar geraak het, het hy volgehou om hierdie klipbouwerk aan 'n tegnologies meer gevorderde groep toe te skryf wat die gebied voor die vestiging van Bantoesprekendes bewoon het. Hulle het volgens Breutz (1989:3) behoort tot 'n 'MINING and STONE BUILDING Culture, the bearers of which cannot be established because these used KHOI-SAN and NEGROIDS as slaves for their mines'. Uit die volgende stelling in dieselfde kompilasiewerk (Breutz 1989:3) is dit ook duidelik dat hy die bevindinge van resente argeologiese navorsing oor die assosiasie tussen die Sotho-Tswana en die klipbouvalle steeds verwerp:

---

[1] Soos in die Inleiding aangedui is, het John Campbell tydens sy besoek aan Kaditshwene in 1820 dit in die vooruitsig gestel dat die hoofstad 'n Jerusalem vir die omliggende nasies kon word. Sy profesie is amper letterlik vervul, aangesien die nabygeleë Mezeg die plaas en hoofkwartier geword het van Jan Enslin, die leier van die Jerusalemgangers, 'n sektegroep onder die Boere wat na die beloofde land wou trek. Enslin, aan wie die pleknaam Enselsberg ontleen is, was klaarblyklik nie baie beïndruk met sy landgenote in Marico nie en het rede gehad om na Jerusalem te verlang, aangesien sy plaas se naam afgelei is van Psalm 120:5, wat soos volg lui: 'Hoe ellendig was dit toe ek as vreemdeling in Mesek gewoon het en tussen die inwoners van Kedar gebly het!' (Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel, 1983). Na sy dood in 1852 het 'n gedeelte van sy volgelinge hulle reis na Jerusalem voortgesit en 'De Nyl Zyn Oog', oftewel die oorsprong van die Nylrivier, net wes van Nylstroom in die Noordelike Provinsie ontdek (Claasen 1978:24, 54-55, 58-59, 82-85).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'Archaeologists who are usually ignorant about Bantu historical dating, often confuse archaeological sites of these ancient miner cultures with a more recent Bantu culture.'[2]

Hoewel Breutz (1956:162) die klipbouvalle van Marico en ander gebiede spesifiek tussen 1949 en 1951 ondersoek het, het hy reeds in 1936 die eerste keer onder die Hurutshe navorsing gedoen (Breutz 1989:226). Wanneer sy interpretasies vergelyk word met dié van tydgenote wat oor dieselfde tema in die omgewing navraag gedoen het, is dit klinkklaar dat hy 'n gulde geleentheid laat verbygaan het om meer spesifieke inligting van die Hurutshe oor die klipbouvalle te bekom. Dat daar by die Hurutshe geen twyfel was dat hul voorsate die bouers van die klipmure van Kaditshwene was nie, en dat hulle nog in staat was om die uitlegpatroon daarvan te interpreteer, blyk uit die volgende opmerking van P.W. Laidler (1938:133) na afloop van sy ondersoek na die ruïnes van hul eertydse hoofstad in 1935: 'On the farm adjoining Struan ['n deel van Rietfontein 89 JP], are the remains of the stone-built town Kurrichanee, inhabited by the Bahurutsi and named Chwenyane by them. It was described by Campbell and was visited and partly surveyed by the writer during 1935. The local Bahurutsi claim that it is the kraal of their chiefs prior to the Mantatees raids of 1823 which wiped out most of the inhabitants of the district. This is not a faint tradition because on this occasion the modern native can describe the use of every part of the complicated plan (the architectural aspect of which will be discussed in a separate and forthcoming publication).' [Sover bekend, het dié publikasie nooit verskyn nie.] Ook M.A. Gronum (1938:31), 'n inwoner van die

---

2 Hoewel Breutz se idees oor die nie-Bantoe-oorsprong van die klipbouvalle reeds lankal deur argeologiese en historiese inligting weerlê is, is 'n nog meer eksotiese oorsprong vir die klipbouvalle onlangs aan die hand gedoen. Indien 'n mens teenswoordig by die Indiërwinkel te Enselsberg of onder die plaaslike blanke boeregemeenskap navraag doen, is daar heelparty wat maar alte graag inligting oor die antieke Oosterse beskawing van Marico verstrek en bereid is om aan te dui welke van die 'netjieser' klipmure onder toesig van die Oosterlinge gebou is voordat hulle die gebied verlaat het.

Hierdie idees het veral na die besoek van dr. C.A. Hromnik, historikus en skrywer van die omstrede boek, *Indo-Africa* (1981), aan Marico posgevat (persoonlike onderhoud met mnr. Mattheus Steinman, 6 April 1993). Een van Hromnik se omstrede argumente in hierdie boek en ander publikasies is dat Indiese handelaars reeds op 'n vroeë stadium in Suid-Afrika aanwesig was en dat hulle veral daarop uit was om die land se goud-, koper- en ander mineraalbronne te ontgin (Hall & Borland 1982:75). Hromnik het ook van die klipruïnes op die plaas Bloemfontein 63 JP besoek en op my skriftelike navraag die volgende inligting oor sy ondersoek verstrek (Brief aan J.C.A. Boeyens, 1994-10-28): 'I have not yet published any report on Kurrichane mainly because it is a very complicated site which offers no easy solutions, and because I have not had enough time to find a reasonably coherent solution. One thing I know for sure is, that the stone-built Kurrichane was not the capital of the Hurutse [sic] chiefdom and formed no part of the central, Bantu, or any other cattle culture. Instead, the Hurutse [sic], the Barolong and other Tswana have their roots in the stone-building cosmological culture of the ancient builders of Kurrichane, but their recent thicket kraals cannot be accommodated in most of the surviving stone structures.'

Die feit dat Revil Mason die verkeerde plek as Kaditshwene geëien het, was volgens hom 'a blessing that saved the site, for the time being, from being converted by archaeological spade from an unexplained ancient African site with great potential into a deformed site of a central Bantu cattle culture (or whatever the name of that grass-eating monster). Kurrichane has a scientific potential which the present archaeological profession in South Africa is not equipped to deal with. For this reason it should be studied only historically without any archaeological (spade, however refined) intervention.' Hoewel hy geen spesifieke verklaring vir die naam 'Kurrichane' gee nie, is dit ook uit sy brief duidelik dat hy nie saamstem dat die naam 'n vervorming van die Tswanawoord Kaditshwene is nie: 'Misleading typological correlations have been widely publicized and the unjustified change from Kurrichane to Kaditshwene has exposed this wonderful site to the mistreatment that afflicted sites like Masorini and others. The change of the name shifts the site from one era to another, from one historical context to another.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

distrik Marico, het hierdie verbintenis van die Hurutshe met die klipbouvalle bevestig: 'En dat die Bahurutsi en nie die Matabeles die krale gebou het, ly geen twyfel nie. Die Matabeles was te kort daar om sulke bouwerke na te laat; en met trots wys die ou Bahurutsi-afstammelinge jou vandag nog op die werk van hul vaders en hul mooi land, wat deur Silkaats van hulle afgeneem is.'

b. R.J. Mason en J.D. Seddon

Dit was hoofsaaklik op grond van die navorsing van professor Revil Mason, voormalige hoof van die Departement Argeologie en latere direkteur van die *Archaeological Research Unit* aan die Universiteit van die Witwatersrand, dat bo alle twyfel bewys is dat die Hurutshe en ander Bantoesprekendes die bouers van die klipmuurkomplekse van die Suid-Afrikaanse binneland was. Dit is inderdaad 'n aanduiding van die omvang van Mason se argeologiese bydrae dat 'n groot deel van die navorsing wat tans binne die grense van die vier noordelike provinsies van Suid-Afrika oor die Ystertydperk (en die Steentydperk) gedoen word, 'n voortsetting van of repliek is op dit wat hy eerste ontdek of aangedui het.

Selfs nog voordat Mason met sy argeologiese veldwerk in Marico begin het, het hy Breutz se opvattinge oor die nie-Bantoe-oorsprong van die klipbouvalle aan die hand van dokumentêre en argeologiese getuienis weerlê. Hy het naamlik soos volg op Breutz se publikasie in 1956 oor die 'stone kraal settlements' van die Suid-Afrikaanse binneland gereageer (Mason 1962:379-380):

> In attempting to dissociate the Bantu from stone building and the accompanying way of life in the Southern Transvaal Breutz neglected logic, historical and archaeological facts. He frequently contradicts himself within the limits of a single paragraph; thus he refers to Campbell's 1820 visit to the thriving Bantu town Kurreechane near Zeerust in the Western Transvaal, and states that Campbell 'says nothing about stone structures in the area.' However, in Campbell's own account of his visit to Kaditshwene, we read: 'every house was surrounded ... by a good circular stone wall..., and later, 'we were led to an extensive enclosure surrounded by a stone wall ...' p.224. Subsequently, Breutz refers to John [sic] Moffat's visit to the Kurreechane area in 1835, then in ruins, and claims that Moffat 'did not mention stone kraals,' but only 'typical remains of a Bantu town.' Breutz then contradicts himself in the succeeding quotation from Moffat's account ... 'Innumerable vestiges remain of towns ... that is, fences and folds, some being entirely built of stones...' ... As we have seen, the only archaeological evidence, pottery and other artefacts found in these excavated caves and [stone-walled] settlements strongly resembles the material culture of present-day rural Bantu and we can only presume that the prehistoric artefacts were made by their direct ancestors ...

Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangetoon is, het Mason in die sestigerjare met 'n grootskaalse lugfoto-opname van klipmuurkomplekse in die destydse Wes-Transvaal begin. Kort daarna het sy assistent, J.D. Seddon (1966:227), 'n 'interesting cluster of walling systems' ongeveer 10 km suid van Zeerust opgespoor wat hy vervolgens as Kaditshwene geïdentifiseer het. Die kern van hierdie kompleks lê op 'n lae rant op die plaas Vergenoegd 279 JP (2526CA4 in die vindplekopnamelys in hoofstuk III; kyk kaart 1, asook foto 26, 27 en 28). Volgens die huidige eienaars van die plaas en ander ou inwoners van die streek moet die naam van die plaas, wat 'tevrede' beteken, onderskei word van dié van 'n naburige plaas, Vergenoegd 274 JP, wat dieselfde gespel, maar anders uitgespreek word en 'ver genoeg' beteken. Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangedui is, het Mason en sy navorsingspan in 1966 en weer in 1983 opgrawings op die terrein gedoen. Die identifisering van die Vergenoegdterrein as Kaditshwene was egter nooit heeltemal oortuigend nie en het selfs nie vir Mason heeltemal tevrede gestel nie.

Seddon (1966:227) se aanvanklike opgawe van die geografiese koördinate van die Vergenoegdkompleks as 26° 05' suid en 25° 32' oos is beleefd deur een historikus (Manson 1990:42)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as 'exceedingly vague' beskryf. Dit was in werklikheid geheel en al verkeerd en is later deur Mason (1986:657) gekorrigeer, wat die lokaliteit as 25° 37' suid en 26° 06' oos aangedui het. Volgens 'n onlangse GPS-lesing is Ashoop 1 wat deur Mason (1986:665 [illustrasie 294]) in 1966 op die terrein opgegrawe is, by die volgende koördinate geleë: 25° 37' 35,4' suid; 26° 05' 43,3' oos. Mason (1986:837) was ten volle bewus daarvan dat die identifisering van die Vergenoegdterrein as Kaditshwene teenstrydig was met die mondelinge oorleweringe wat deur Breutz en andere oor die ligging van die terrein onder die Hurutshe ingesamel is, maar het desondanks konsekwent die naam Kaditshwene vir die Vergenoegdterrein gebruik. Hy het selfs 'n kunstenaarsvoorstelling van John Campbell se ontmoeting met die Hurutsheregent, Diutlwileng, in sy publikasie ingesluit wat op Campbell se beskrywing van Kaditshwene in 1820 en die argeologiese ondersoek na die Vergenoegdkompleks gebaseer was (Mason 1986:652 [illustrasie 288]).

Verskeie argumente is deur Mason (1986) aangevoer ter ondersteuning van sy aanspraak dat die Vergenoegdterrein inderdaad Kaditshwene is. Hulle kan soos volg saamgevat word:

- Volgens Mason (1986:837) toon lugfoto's van die Tswenyane-Enselsberggebied, waar Kaditshwene volgens die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe en etnografiese bronne lê, geen groot groepering van klipbouvalle uit die Ystertydperk nie. Sy navorsing het volgens hom slegs 'a few small scattered stonewall settlements' op die Tswenyanerant opgelewer. Die bewerings dat Kaditshwene in hierdie gebied geleë is, spruit volgens hom waarskynlik uit 'n foutiewe identifikasie van Kaditshwene met die pleknaam 'Tshwenyane' voort (Mason 1986:658). Hierdie aansprake moet egter verwerp word, aldus Mason (1986:837), aangesien 'these writers (onder andere Breutz en Schapera) have done little fieldwork in the Western Transvaal'.

- Na die mening van Mason (1986:658) is 'n belangrike brokkie inligting in verband met die identifikasie van die Vergenoegdterrein die feit dat 'Campbell was able to drive his wagons up the ridge slope and into Kaditshwene'. Volgens hom was die Enselsbergrant te steil vir so 'n tog.

- 'n Geweerkoeël, 'n porseleinbordfragment en 'n paar glaskrale wat hy tydens sy opgrawings op Vergenoegd gevind het, is oënskynlik verdere stawende getuienis vir die nedersetting se identiteit. Volgens Mason (1986:804) is dit moontlik dat '[s]ome of the Kaditshwene glass and porcelain could have come from Lithakong [Dithakong] trade of 200-300 lbs of coloured porcelain and glass beads given by Truter and Somerville in exchange for 82 cattle in 1801'. Hy skryf voorts dat '[t]he archaeologist is tempted to associate [the] musket ball with John Campbell's 1820 visit but musket balls were in use in this area until the later 19th century' (Mason 1986:662). Aangesien Campbell in sy reisjoernaal na ysterbewerking in Kaditshwene verwys, is die ontdekking van ystersmeltoonde op Vergenoegd in 1983 ook as 'n betekenisvolle aanduiding beskou dat die identifikasie van dié terrein as Kaditshwene korrek was (Mason 1986:658).

Ten spyte van die voorafgaande argumente was daar tog 'n mate van twyfel by Mason oor die ware identiteit van die Vergenoegdterrein, omdat hy Campbell se beskrywing van sy roete van die Moloporivier na Kaditshwene in 1820 moeilik met die landskap wes en suid van die Vergenoegdvindplek kon versoen. Ten einde die probleem op te los, het hy die volgende prosedure voorgestel: 'Conclusive proof would depend on driving an ox wagon from the Molopo to

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kurreechane [Kaditshwene] without the need to deviate for farm boundaries, fences, or gates' (Mason 1986:837).

3. DIE KLIPBOUVALKOMPLEKS OP DIE KLEINFONTEIN-BLOEMFONTEINRANT

Soos uit die vindplekopname geblyk het (kyk hoofstuk III, afdeling 4.b), is Mason se bewering dat daar geen groot klipbouvalkomplekse in die Enselsbergarea voorkom nie, foutief. 'n Lugfoto toon duidelik 'n groot klipbouvalkompleks op 'n rant op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP aan (kyk foto 37 en 38). Hierdie nedersetting is groter as die Vergenoegdkompleks: die klipruïnes beslaan 'n area van meer as drie vierkante kilometer.[3] Die onlangse vindplekopname het wel bewys dat Mason reg het in soverre hy aangedui het dat daar geen groot klipbouvalkompleks op die 'Tshwenyane'-heuwel op die plaas Mezeg 77 JP, 'n paar kilometer oos van die heuwel bekend as Kaditshwene, voorkom nie. Dit wil dus voorkom of Mason sy lugfoto-opname tot die rant op Mezeg beperk het en sodoende die klipbouvalkomplekse op die aangrensende plase, veral op Bloemfontein en Kleinfontein, misgekyk het. Die Tswenyanerant op Mezeg is inderdaad baie steil, maar omdat dit nie met Kaditshwene gelykgestel moet word nie, verval ook Mason se argument dat Campbell nie sy ossewa teen die hange daarvan sou kon opkry nie.

Omdat hierdie klipbouvalkompleks in die gebied val waar Kaditshwene volgens die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe geleë was, is dit nader ondersoek (kyk kaart 3). Benewens die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Hurutshe, is daar inderdaad 'n ryke bron van tydgenootlike en amper-tydgenootlike dokumentêre getuienis wat Mason se bevindinge oor die ligging van die Hurutshehoofstad weerspreek en die Kleinfontein-Bloemfonteinarea met Kaditshwene verbind. Nadat die Bahurutshe booMenwe enkele jare na Campbell se besoek van Kaditshwene verdryf is, het die belangrikste faksie hulle te Mosega, sowat 40 km suid van Kaditshwene en ongeveer 8 km suidwes van die Vergenoegdterrein, gevestig. Hier is hulle kortstondig deur die Franse sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap vanaf 1831 bearbei voordat hulle in 1832 deur Mzilikazi en sy Ndebele uit die gebied verdryf is. Dit blyk baie duidelik uit die geskrifte van die Franse sendelinge dat hul sendingstasie nie naby die ruïnes van Kaditshwene geplaas was nie en dat die voormalige hoofsetel van die Hurutshe noord van die teenswoordige Zeerust geleë was (Germond 1967:86; Pellissier 1956:109-125).

Nadat die Ndebele hulle in Marico gevestig het, het drie Amerikaanse sendelinge, Alexander Wilson, Henry Venable en Daniel Lindley, 'n sendingstasie by Mosega op die eertydse terrein van die Franse missie opgerig. Hulle het ook gereeld tussen Mosega en 'Kapain' (*eGabeni*), Mzilikazi se hoofkwartier 'n ent noord van die ruïnes van Kaditshwene, gereis. Benewens hul beskrywing van die gebied, het hulle ook 'n gedetailleerde kaart nagelaat waarin Kaditshwene naby Tswenyane en ver noord van die Vergenoegdkompleks geplaas word (kyk Kotze 1950b:kaart teenoor p. 212). Dit

---

[3] Die volgende vindplekke in die opnamelys in hoofstuk III (kyk tabel 3.3 en kaart 3) is in die bepaling van die omvang van die nedersetting in berekening gebring: 2526AC1, 2526AC2, 2526AC3, 2526AC5, 2526AC13 en 2526AC14. Hoewel die totale omvang van albei terreine nog noukeuriger bepaal moet word, wil dit voorkom of die klipruïnes van Kaditshwene, die destydse hoofsetel van die Bahurutshe booMenwe, en Molokwane, die eertydse hoofstad van die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau naby Rustenburg (kyk Pistorius 1992:3), die twee grootste Latere Ystertydperkterreine suid van die Limpopo verteenwoordig.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blyk ook duidelik uit hulle kaart dat Kaditshwene ver wes van die benedeloop van die 'Maineloe' geleë was. Onlangse pleknaamkundige navorsing het bevestig dat hierdie naam 'n vervorming van *Mainêêlô/Mainêêlwê* is en na die Klein-Maricorivier verwys (kyk ook Ellenberger 1937:10, 12). Hierteenoor lê die terrein op Vergenoegd direk oos van die bolope van die Klein-Maricorivier (kyk 1:50 000- topografiese kaart, 2526CA ZEERUST). Voorts het verskeie vroeë Europese besoekers aan Marico gedurende die bewoningstydperk van Mzilikazi, soos Robert Moffat, Andrew Smith en William Cornwallis Harris, inligting oor die ligging van die ruïnes van Kaditshwene aangeteken waarvolgens dit in die Enselsbergarea geplaas is (Harris 1852:94-95; Kirby 1940:142; Wallis 1945[i]:72, 76, 92, 99). Maar waarskynlik die oortuigendste brokkie getuienis dat Kaditshwene heelwat noord van die huidige plaas Vergenoegd geleë was, is van John Campbell self afkomstig. In sy joernaal en kaart van sy reis in 1820 het hy aangeteken dat hy die 'Lukoowhai'-rivier onderweg na Kaditshwene oorgesteek het (Campbell 1822[i]:218 en kaart). 'Lukoowhai' is 'n vervorming van *Legogwê*, die Tswananaam vir die Doringrivier, wat noord van Zeerust en 'n paar kilometer suid van Enselsberg in 'n oostelike rigting vloei (kyk kaart 2).

Daar is dus na my oordeel voldoende getuienis om die aanspraak te weerlê dat die klipmuurkompleks op die Vergenoegdrant die ruïnes van Kaditshwene verteenwoordig. Trouens, al die beskikbare inligting dui daarop dat die eertydse hoofstad van die Hurutshe in die Enselsbergomgewing noordoos van Zeerust, in die besonder in die omtrek van die plaas Bloemfontein 63 JP, geleë was. Wat nou vereis word, is dat die presiese ligging van die terrein noukeurig bepaal word. Oor die historiese identiteit van die Vergenoegdterrein word later meer gesê.

Dat die hoofkompleks van Kaditshwene bo-op die rant op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP geleë was, word bevestig deur 'n analise van die argeologiese oorblyfsels en die inligting vervat in Campbell se joernaal en sketse. Dit is presies hier waar die uitgebreide klipmuurkompleks, waarna hierbo verwys is, tydens die vindplekopname aangetref is. Soos blyk uit foto 37 was Kaditshwene op 'n imponerende rant geleë wat eintlik uit twee dele bestaan, waarna in die vervolg as die suidrant (2526AC2) en die noordrant (2526AC3) verwys word (kyk kaart 3). Een van Campbell se ongepubliseerde sketse toon ook 'n aansig van die suidrant van Kaditshwene vanuit die noordweste aan met die Olifantspruit (*Ratshukudu*) op die voorgrond (foto 41). Die topografiese ooreenkoms tussen die profiel van die rant in die skets en dié van die Kaditshwenerant blyk verder uit die feit dat presies op die plek op die rant waar Campbell 'n groot boom geteken het, daar vandag nog die oorblyfsels van 'n groot wonderboomvy (*Ficus salicifolia*) staan (kyk foto 41, 42, 43 en 44).

'n Noukeurige studie van Campbell se joernaal toon aan dat hy die nedersetting van die suidekant binnegegaan het en dat die woonkompleks op die suidrant (2526AC2) die 'koning' (stamhoof) se 'district' of afdeling, die *kgôsing*, verteenwoordig het (Campbell 1822[i]:221-223). Bloot die omvang van die klipruïnes op die suidelike gedeelte van die rant dui daarop dat dit die Hurutsheleier se domein was. Onder die histories bekende Bantoesprekende gemeenskappe van die subkontinent was daar nog altyd 'n sterk korrelasie tussen politieke mag en die relatiewe grootte van nedersettings, en die stamhoof of die belangrikste leier het gewoonlik die grootste nedersetting gehad (Huffman 1986a:281). In die middel van die vestigingskompleks op die suidrant kom 'n aantal groot ashope voor, asook 'n buitengewoon groot beeskraal met 'n deursnee van omtrent 75 m x 45 m wat deur klipmure ingesluit is. Dit is interessant dat toe Campbell Dithakong die eerste maal in 1812 besoek het, hy inligting ontvang het dat die beeskraal van die Hurutshehoofstad so groot was dat hulle beeste 'frequently graze[d] in it' (Campbell 1815:217). Dit is vanselfsprekend 'n oordrewe aanspraak, maar Campbell (1822[i]:233) het tydens sy besoek in 1820 aangeteken dat daar 500 beeste in die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot beeskraal langs die openbare vergaderplek (*kgotla*) aangehou is. Soos op plan 5.17 en foto 49 gesien kan word, word hierdie groot beeskraal deur die grenslyn tussen die plase Kleinfontein en Bloemfontein deursny.

Uit Campbell se joernaal kan afgelei word dat hy ten tye van sy besoek aan Kaditshwene in die publieke vergaderplek of *kgotla* langs die groot beeskraal tuisgegaan het. Hy meld naamlik in die gepubliseerde joernaal dat hy een aand deur die gebulk van die beeste in die kraal langsaan wakker gemaak is (Campbell 1822[i]:232-233). In een van sy ongepubliseerde sketse toon hy dan ook duidelik die plek aan waar sy tent en die geselskap se drie waens gestaan het, naamlik in die suidwestelike hoek van die *kgotla* (kyk foto 47).[4] Die bepaling van die ligging van hierdie staanplek word vergemaklik deur die feit dat hy op die betrokke skets ook 'n langwerpige, regopstaande voorwerp aan die noordekant van die *kgotla* teken. Dit is vandag herkenbaar as 'n monoliet, 'n langwerpige klip van horingfels wat ongeveer 103 cm hoog bokant die grond uitstaan en sowat 21 cm breed en 11 cm dik is (kyk foto 48). Voorts korreleer die openinge van die "public gathering place" in Campbell se skets met die deurgange in die klipmuur wat die *kgotla* van die sentrale beeskraal skei.

Feitlik onmiddellik na sy aankoms op Kaditshwene het Campbell na 'n hoogte beweeg waarvandaan hy 'n goeie uitsig op die nedersetting en die omliggende gebied kon kry. Hy het 'a plain bounded by hills, and extending eighty or hundred miles in circumference' waargeneem (Campbell 1822[i]:224). Campbell se ongepubliseerde sketse sluit 'n aansig van die 'copper mountains' noord en noordoos van Kaditshwene in (kyk foto 45). Dit was ongetwyfeld dieselfde heuwels wat hy van die hoogte waargeneem en beskryf het en kan as die Dwarsberge geïdentifiseer word. Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangedui is, is dit in hierdie bergreeks waar 'n aantal kopermyne deur Mason (1982) op die plaas Vleifontein 105 JP ontdek is. Vleifontein lê 'n paar kilometer wes van Abjaterskop, wat saam met Tshwene-Tshwene op die horison in Campbell se skets uitgebeeld word. Dit word bevestig deur 'n foto van die Dwarsberge wat geneem is min of meer vanaf dieselfde plek as dié waar Campbell sy skets moes geteken het (foto 46). Daar moet op gewys word dat 'n soortgelyke uitsig op die vlakte of laagliggende Bosveld en die Dwarsberge nie van die Vergenoegdrant moontlik is nie.

Campbell (1822[i]:229) het ook 'n noordelike 'district' of gedeelte van Kaditshwene onderskei wat nie sigbaar was van die plek waar hy sy waens getrek het nie. Die vestigingsuitleg op die Kaditshwenerant toon duidelik twee gedeeltes aan wat deur 'n smal vallei of oop strook geskei word. Volgens Campbell (1822[i]:229) was hy getref deur die 'omvang' van die noordelike afdeling, en 'n ondersoek na die ruïnes van hierdie deel van die hoofstad (terrein 2526AC2) wek dan ook die indruk dat die wooneenhede meer saamgedronge was as dié van die *kgôsing* (terrein 2526AC2), hoewel die gebied wat dit beslaan het ietwat kleiner was. Die noordelike gedeelte van die hoofstad val omtrent geheel en al binne die grense van Kleinfontein, terwyl die grenslyn tussen Kleinfontein en Bloemfontein die stamhoof se afdeling (*kgôsing*) in twee bykans ewe groot helftes verdeel (kyk kaart 3).

In die lig van bogenoemde vestigingsdata moet die aanspraak van 'n groep van Mmabatho High School op die televisieprogram 50/50 van 25 April 1992 verwerp word dat hulle die hoofkompleks van Kaditshwene, dit wil sê die *kgôsing*, verder suid op 'n heuwel op die plaas Bloemfontein 63 JP

---

[4] Een van die geselskap se drie waens het aan Cupido Kakkerlak, 'n Khoe-evangelis, behoort (Campbell 1822[i]:125, 219; Thompson 1827[i]:99, 103).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geëien het. Hierdie heuwel, plaaslik bekend as Daskoppie, is naby Bloemfontein se suidelike grens met die plaas Rietfontein 89 JP geleë (GPS-lesing: 25° 22' 32,8" suid; 26° 10' 48,9" oos). Mmabatho High se identifikasie berus hoofsaaklik op 'n vermeende ooreenkoms tussen die profiel of aansig van Daskoppie en dié van 'n heuwel in die gepubliseerde skets van die 'koning se distrik' van Kaditshwene in Campbell se joernaal (Campbell 1822[i]:skets teenoor p. 223; kyk foto 38). Indien hierdie aanname korrek is, sou dit beteken dat dit die plek is waar Campbell die Hurutsheregent, Diutlwileng (foto 31 en 33), en die 'young king', Moilwa (foto 32 en 33), ontmoet het en waar hy tydens sy verblyf uitgespan was. Wanneer Campbell se ongepubliseerde skets van die *kgôsing* van Kaditshwene egter met die gepubliseerde litografiese weergawe daarvan vergelyk word, is dit baie duidelik dat laasgenoemde nie as hulpmiddel gebruik kan word om die terrein te eien nie - daarvoor het die kunstenaar Clarke hom te veel vryheid veroorloof in sy reproduksie van die oorspronklike skets (kyk foto 39).

Die klipmure op Daskoppie (terrein 2525AC1) is buitengewoon goed bewaar (kyk foto 60); trouens, dit is juis een van die verskynsels wat, waarskynlik na aanleiding van Hromnik se besoek, verskeie plaaslike blankes laat beweer dat dit deur Oosterlinge opgerig is. Oorblyfsels van 'n groot aantal ystersmeltoonde kom aan die voet van die heuwel voor, terwyl smidswerksplekke binne-in die heuweltopkompleks aangetref word. Een kenmerk van die heuwel wat 'n mens egter onmiddellik tref, is dat dit relatief klein is, ten spyte van die taamlik uitgebreide nedersettingskompleks wat hier aangetref word. Dit blyk ook duidelik uit die Afrikaanse naam vir die heuwel, Daskoppie, wat na 'n klein rant verwys, en is nog meer opvallend wanneer dit met die omliggende heuwels vergelyk word. Dit is heeltemal duidelik dat Daskoppie nie voldoen aan Campbell se beskrywing van Kaditshwene as 'standing on top of one of the highest hills in that part of Africa' (Campbell 1822[i]:220), of aan Stephen Kay (1834:198) se waarneming dat die stad gestaan het 'on the very summit of a mountain, on every side of which access is extremely difficult; and in some places wholly impracticable'. Trouens, Daskoppie word aan alle kante deur 'n aantal hoë rante omring, sodat Campbell definitief nie daarvandaan die 'koperberge' in die noorde kon sien of skets nie.

Gelukkig kan die identiteit van die Daskoppieterrein bo alle twyfel aan die hand van 'n ongepubliseerde skets van Campbell en die inligting in sy joernaal bepaal word. In sy joernaal beskryf Campbell (1822[i]:227-228) sy besoek aan die hoofman Senosi se 'distrik' van Kaditshwene, sowat 2 km van die hoofkompleks of *kgôsing*. Wanneer sy skets met die onderskrif 'Distant view of part of Sinosee's district from the North' (foto 62) met die foto van die Daskoppie-omgewing (foto 63) vergelyk word, is dit duidelik dat ons hier met die woonplek van die *Bahurutshe bôôMokgatlha* te make het (kyk Breutz 1953:198). Soos in hoofstuk II, afdeling 3, genoem is, het hierdie seksie van die Hurutshe volgens oorlewering reeds teen die einde van die sewentiende eeu onder Mokgatlha 'n mate van onafhanklikheid van die res van die *Bahurutshe bôôMenwê* verwerf (kyk ook die stamhoofgenealogie in tabel 2.1). Onder hedendaagse Hurutshesegslui van Mokgola en Lekubu staan Daskoppie as *Mosidi-wa-ditlhôbôlô* [letterlik vertaal: buskruit] bekend. Oor die verband tussen die Daskoppieterrein en die hoofkompleks van Kaditshwene op die Kleinfontein-Bloemfonteinrant word in hoofstuk VI teruggekom. Voorlopig is dit voldoende om aan te dui dat die klipruïnes op Daskoppie (terrein 2526AC1), tesame met dié van terrein 2526AC5, 2526AC13 en 2526AC14 op Bloemfontein 63 JP, waarskynlik deel van die suidelike afdeling (*ntha ya tlase*) van die Kaditshwenekompleks uitgemaak het.

'n Studie van plekname stel ons dan ook in staat om enige verdere twyfel oor die ligging van Kaditshwene uit die weg te ruim. Plaaslike Hurutshesegslui, veral dié van die ouer generasie, is baie beslis dat 'n heuwelkompleks op die grens tussen die plase Bloemfontein 63 JP en Kleinfontein (of

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Olifantspruit) 62 JP, ietwat meer as 2 km noordwes van die Daskoppieterrein, as Kaditshwene bekend staan. Wat gewig aan hulle getuienis verleen, is die feit dat daar 'n groot mate van historiese kontinuïteit in die vestiging van die Hurutshe in hierdie gebied is, veral van die *Bahurutshe ba ga Moilwa*, 'n vertakking van die *Bahurutshe bôôMenwê*. Nadat die Hurutshe onder Moilwa II, wat deur Campbell tydens sy besoek in 1820 as die 'young king' beskryf is, teen die einde van die veertigerjare van die vorige eeu na Marico teruggekeer het, het hulle hul aanvanklik aan die Klein-Maricorivier gevestig voordat hulle na Dinokana verhuis het (kyk Manson 1990:96, asook hoofstuk II, afdeling 6). Hulle het uiteindelik in 1876 ook beheer van Leeuwfontein 61 JP, 'n plaas aangrensend aan Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP, sowel as die buurplaas, Braklaagte 90 JP, verkry (Departement van Ontwikkelingshulp, Etnologiese afdeling: Lêer BG6/66/5/2/13, 23 November 1989). Hierdie twee nedersettings staan tans as Mokgola en Lekubu bekend. Hurutshesegslui van hierdie twee nedersettings is in staat om die Tswananame vir ander heuwels in die omliggende gebied aan te dui, veral dié wat voorheen bewoon was. Hulle identifisering van die Kaditshwenerant word onderskryf deur 'n opmerking van F.H.W. Jensen in 'n brief wat in die uitgawe van 16 Maart 1912 van *The Marico Chronicle* gepubliseer is. Volgens Jensen, wat sy vader Thomas Jensen in 1908 as sendeling van die Hermannsburgse Sendinggenootskap onder die Hurutshe op Dinokana opgevolg het (Pape 1986:95), was Kaditshwene 'on a mountain between Leeuwfontein and Bloemfontein' geleë. Soos duidelik uit 'n ondersoek ter plaatse na die vestigingsoorblyfsels op die Kaditshwenerant geblyk het, is die grootste deel van die klipbouvalkompleks op Kleinfontein, die plaas tussen Leeuwfontein en Bloemfontein, geleë.

4. DIE SOGENAAMDE 'TWEELINGHOOFSTAD' VAN DIE HURUTSHE

Ons het reeds daarna verwys dat die Hurutshe volgens Breutz (1953:6-7, 15, 19) in die voorkoloniale periode 'n dubbele of 'tweelinghoofstad', bekend as 'Tshwenyane-Kaditshwene', in die omgewing van Enselsberg bewoon het. Volgens die oorleweringe wat deur hom opgeteken is, is Tswenyane tussen 1470 en 1520 op 'n rant naby die waterval op die plaas Mezeg 77 JP deur Motebejane na sy oorwinning oor sy broer, Motebele, aangelê. Ook Pule, wat tussen ongeveer 1580 en 1600 gebore is, en sy opvolger, Menwe, het nog te Tswenyane gewoon (Breutz 1953:22). Dit was tydens die regeringstydperk van Menwe dat sy broer Manyane teen ongeveer 1660 weggebreek en hom met sy volgelinge by Borutwe naby die Mangope-spoorweghalte tussen Rustenburg en Groot-Marico gevestig het. Soos in hoofstuk II, afdeling 2, uiteengesit is, beweer Breutz (1953:22-23) in dieselfde monografie dat die naam van Kaditshwene die eerste maal tydens die regeringstydperk van *Menwê* ter sprake gekom het, waaruit moontlik afgelei kan word dat Kaditshwene eers later tot stand gekom het. Dat Kaditshwene en Tswenyane nie gelyktydig aangelê is nie, blyk ook uit 'n opmerking in 'n ander bydrae van Breutz (1956:169): '[T]he first Hurutshe who settled in the district were the sons of Mohurutshe, Motebele and Motebejane, who between 1470 and 1520 founded the Hurutshe twin capital Tshwenyane ... and its later extension Kaditshwene ... . After about 1600, the Hurutshe expanded to the west and even later again to the east, but not south until 1823 (to Mosega), and not north until 1882.' Die periode waartydens Kaditshwene bewoon is, word in die volgende hoofstuk bespreek, sodat daar nou in hoofsaak dus twee vrae beantwoord moet word: (a) waar presies is Tswenyane geleë? en (b) is daar ander konkrete historiese of argeologiese bewyse vir die bestaan van 'n tweelinghoofstad?

Uit die ondersoek het geblyk dat daar nog altyd 'n mate van onsekerheid was of die naam Tswenyane ('Tshwenyane') net na die rant bokant die waterval op Mezeg verwys, en of dit op die rantereeks van Enselsberg in sy geheel, en dus ook die Kaditshwenerant, betrekking het. Breutz se

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plekaanduiding van 'the hill of Tshwenyane' is soos volg: 'Mezeg 139, Waterval, post office Enselsberg' (Breutz 1953:19); 'Mezeg 139, near the post office Enselsberg, Marico district' (Breutz 1952:232); 'near the P.O. Enselsberg on Mezeg 139' (Breutz 1956:169); 'Kaditshwene (on Bloemfontein 223) on the Tshwediyane spruit formes [sic] one town with Tshwenyane, to the north-west. At Tshwenyane there is a stream called Nkgetlane. Both streams are tributaries of the Springboklaagte River' (Breutz 1953:23). Breutz is egter nie altyd konsekwent in die onderskeid wat hy tussen die twee nedersettings tref nie en in sy jongste publikasie (Breutz 1989:231) gebruik hy soms die naam 'Tshwenyane' wanneer hy na gebeure verwys wat op Kaditshwene betrekking het. Die verwysing in Breutz (1953:111) dat '[t]he only sacred hill they know is Labadimu [sic] at Tshwenyane, where the god Thôbêga-a-phaatswa lived' skep ook die indruk dat 'Tshwenyane' uit verskeie heuwels bestaan, elk met 'n eie naam.

In teenstelling met Breutz, is die aanduiding van die ligging van Tswenyane in ander bronne minder spesifiek. Een van die vroegste geskrifte waarin daar na Tswenyane en Kaditshwene verwys word, is die reisjoernaal en dagboek van Andrew Smith. Smith het Marico in 1835-1836 besoek en onder meer op pad terug na Mzilikazi by Mosega in die omgewing van die ruïnes van die ou Hurutshevesting vertoef. In sy dagboek kom die volgende opmerkings oor die twee plekname voor: 'The aborigines call the mountains of Kurichane, Chinyane' (Kirby 1940:139); 'The Baharootzie lived on the west of these hills [Tswenyane] and amongst them about the hills called Kurrichani, which lies behind and to the west of Chinwayne' (Kirby 1940:142); "The high hill to our left on crossing the range is called Chinyane and that on our right Currichaine. In the valleys between the hills of the latter were situated the principal town of the Baharootzie at the time Mr. Campbell visited them' (Kirby 1940:250). Elders meld hy (Lye 1975:274) dat '[i]n our return we passed over the site of the town in which Mr Campbell found the Baharootzi, nearly on the top of Kurrichaine ...' Daar is dus 'n mate van teenstrydigheid in Smith se gebruik van die plekname Tswenyane en Kaditshwene: aan die een kant skep hy die indruk dat die benaming Tswenyane oorkoepelend na al die rante verwys het waarvan Kaditshwene een was, maar aan die ander kant onderskei hy tog tussen twee rante met Kaditshwene wat wes van Tswenyane lê.

'n Ander vroeë besoeker aan hierdie geweste wat hom oor die ligging van en verband tussen Kaditshwene en Tswenyane uitgelaat het, was die bekende sendeling van Kuruman, Robert Moffat. Hy het in 1835 vir Andrew Smith op sy reis na Mzilikazi se vesting aan die Tholwanerivier vergesel. Soos blyk uit die volgende opmerking van hom, het sy poging om die oorblyfsels van die Hurutshestad op sy terugtog op te spoor egter misluk: 'Having travelled in a circuitous direction, we came to Kurrechane, or as it is more commonly called, Chuenyane, a noble mountain, in a fine, well-watered country, the boundary of Mr. Campbell's journey; but the town which bore the name of the mountain was not to be found by my Matabele attendants' (Moffat 1842:581). Nietemin het Moffat in die joernaal wat hy tydens sy reis gehou het (Wallis 1945[i]:76), tog 'n onderskeid tussen die twee plekke getref wanneer hy op 10 Junie 1835 aanteken dat 'I have still to search for timbers at Chenyane, close to Kurichuene ...'.

Ook van belang is die kaart wat die Amerikaanse sendelinge, Henry Venable, Daniel Lindley en Alexander Wilson, wat vanaf 1836 tot 1837 onder die Ndebele by Mosega werksaam was, van die Marico-omgewing nagelaat het. In die kaart, getitel 'Map of the Road from Kuruman to Mosika', wat in Junie 1837 in die *Missionary Herald* gepubliseer is, word die ligging van 'Kurechane' aangedui, asook 'n berg bekend as 'Chenyane M.' (kyk Kotze 1950b: kaart teenoor p. 212). Die indruk word geskep dat Kaditshwene digby Tswenyane geleë was.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die geografiese inhoud van die pleknaam Tswenyane is ook deur Noel Roberts, 'n leraar van die St. John's Church op Zeerust, aangeraak in 'n publikasie getiteld *Lest we Forget* wat in 1934 verskyn het. Daarin meld Roberts (1934:6) dat hy deur swart segslui meegedeel is dat 'Chuenyane was (and is) the name given to the whole settlement of which Kaditshaene was the Citadel'. Voorts het een van die plaaslike boere, H.G. Robertson van die plaas Struan ('n gedeelte van Rietfontein 89 JP), hom meegedeel dat die 'Tswenyane-nedersetting' al die heuwels op die plase Kleinfontein, Bloemfontein, Mezeg, Kareepoortfontein, Ella en die oostelike gedeelte van Grietefontein (Rietfontein) ingesluit het. Robertson was 'n bekende inwoner van die distrik wat net na 1910 op die westelike gedeelte van Rietfontein, bekend as Struan, begin boer het (persoonlike mededeling, mej. Sheila Robertson, Desember 1992).

'n Ander inligtingsbron oor die ligging van Tswenyane is die 1:50 000- topografiese kaarte wat deur die kantoor van die Landmeter-Generaal en die Direktoraat van Opmetings en Kartering saamgestel is. Die eerste kaart van die betrokke area (2526AC BLAIRBETH) is in 1967 opgemeet en in 1968 gepubliseer. Die jongste en derde uitgawe van 1984 staan as 2526AC MOKGOLA bekend. Hierdie kaarte is op lugfoto's gebaseer, asook inligting wat van plaaslike inwoners in verband met besondere geografiese verskynsels of kultuuroorblyfsels verkry is. Die naam Kaditshwene kom glad nie op die kaart voor nie, maar wel 'Tshwenyane' en Enselsberg. Die naam Enselsberg word gebruik om die rantereeks op die plase Kareepoortfontein 86 JP en Witpoortjie 88 JP, asook die boerenedersetting in die omtrek van die Indiërwinkel op die plaas Mezeg 77 JP, aan te dui. Twee rantekomplekse word as Tswenyane aangedui, te wete die rant op die grens tussen die plase Bloemfontein 63 JP en Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en 'n rantereeks op die plaas Rietfontein 89 JP. Eersgenoemde rant is natuurlik die plek waar, soos vroeër aangedui is, die groot bouvalkompleks (2526AC2) voorkom wat as die stamhoof se woonarea of die *kgôsing* van Kaditshwene geïdentifiseer is. Aan die oostelike punt van die rantereeks op Rietfontein kom daar ook 'n kleiner klipbouvalkompleks voor (2526AC5) wat waarskynlik saam met die klipmuurkompleks op Daskoppie op die suidelike grens van Bloemfontein (2526AC1), waarna vroeër verwys is, deel uitgemaak het van 'n afdeling van die groter Kaditshwenekompleks. Soos aangetoon is, is laasgenoemde terrein deur Campbell in Mei 1820 as 'n 'distrik' van Kaditshwene en die woonkompleks van Senosi, die hoof van die *Bahurutshe bôôMokgatlha*, beskryf en geteken.

In 'n poging om verdere lig op hierdie kwessie te werp, is plaaslike Bahurutshe oor die name en ligging van plekke ondervra. Soos genoem is, is Hurutshesegslui dit eens dat die rant op die grens tussen die plase Bloemfontein en Kleinfontein as Kaditshwene bekend staan. Hulle het ook name vir die ander kleiner rante in die omtrek van Kaditshwene, byvoorbeeld *Mosidi-wa-ditlhôbôlô* vir Daskoppie, *Pelo-ya-thwane* (hart van die rooikat) vir die groot rant op Rietfontein naby die grens met Kleinfontein en Bloemfontein, en *Seboko* (wurm) vir die spitskop wes van Kaditshwene op Kleinfontein. Wanneer hulle uitgevra word na Tswenyane, antwoord hulle gewoonlik dat dit die teenswoordige Enselsberg is. Sommige dui meer spesifiek aan dat dit die rant bokant die waterval op die plaas Mezeg 77 JP is, 'n liggingbepaling wat dus ooreenstem met die inligting wat Breutz (1953) oor Tswenyane bekom het.

Breutz se afleiding dat Tswenyane-Kaditshwene die tweelinghoofstad van die Hurutshe gevorm het, is deur die meeste navorsers nagevolg en het nog onlangs tot 'n groot verbeeldingsvlug en grandiose skema aanleiding gegee. Dit blyk onder andere uit die gesprek wat die skrywer David Robbins (1993:142) enkele jare gelede met 'n werknemer van die museum op Mafikeng gehad het:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> In the Mafikeng museum I accidentally interrupted a man in a back room who was working on some maps spread out on a trestle table. I had thought that perhaps the room contained more exhibits, and I apologised for intruding. But the man called me inside. I asked him what he was doing with the maps. 'Come and look,' he said; 'the shape of the new federal Bophuthatswana'... Another map was overlaid upon the first. It seemed to show the location of archaeological sites, and when it had been aligned I saw that they stretched across the Western Transvaal. 'That's what we're claiming' the museum man said; 'all the way to the Vaal.' He pointed to one particular site, further north, but outside Bophuthatswana's current borders. 'Here were two Tswana cities,' he said, 'bigger than Cape Town when John Campbell visited them in 1820. Stone built; very advanced. Then Mzilikazi destroyed them, as he did a great many of these settlements. But the ruins are still there. I'm preparing maps and a report'. The idea, for a start, was that the hills in which the two city sites were situated should be bought by the Bophuthatswana Parks Board and then be incorporated into the homeland proper. 'This would be another great tourist attraction for the country, and it would be of great cultural and historic value. I even have thoughts, but I admit they are wild ones, of moving the capital there'.

Soos al voorheen opgemerk is, het Breutz se konsekwente weiering om die klipbouvalkomplekse van Marico met die Hurutshe (of ander Tswanagroepe) te verbind tot gevolg gehad het dat hy nooit probeer het om die presiese historiese identiteit daarvan te bepaal nie. Soos blyk uit die vindplekopname (kyk tabel 3.3 en foto 3), is daar slegs enkele geïsoleerde klipkrale op terrein 2526AC10 aangetref in die area bokant die waterval op Mezeg 77 JP, die terrein wat deur hom as Tswenyane geïdentifiseer is. Hierdie terrein het vermoedelik destyds as 'n veepos gedien en, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit kan word dat daar nog enkele soortgelyke klipkrale op die betrokke rant voorkom nie, is daar beslis geen argeologiese bewyse in die area wat deur Breutz as Tswenyane geïdentifiseer is vir die bestaan van 'n uitgebreide nedersetting wat as deel van die 'tweelinghoofstad' as hoofsetel van die Hurutshe kon dien nie.

Ofskoon Breutz se geografiese plasing van die tweelinghoofstad van die Hurutshe op 'Tshwenyane-Kaditshwene' dus nie steek hou nie, kom daar nietemin 'n interessante feit na vore indien die klipbouvalkompleks op die rant op die grens tussen Bloemfontein en Kleinfontein bestudeer word. Soos daar reeds op gewys is en op lugfoto's (foto 35 en 36) gesien kan word, bestaan hierdie kompleks eintlik uit twee groot eenhede wat deur 'n smal strook geskei word. Daar is ook reeds daarop gewys dat Campbell (1822[i]:222-229) in sy reisjoernaal na hierdie twee eenhede as twee 'distrikte' van Kaditshwene verwys, 'n aspek wat verder in hoofstuk VI bespreek sal word. Dit is moontlik dat hierdie verdeling van die nedersetting op die Kaditshwenerant in twee afdelings 'n verklaring bied vir die tweelingstad waarvan Breutz melding maak. Met al die verwarring oor die geografiese inhoud van die pleknaam Tswenyane, veral die kwessie of dit oorkoepelend na al die rante verwys waarvan Kaditshwene deel uitmaak, is dit verstaanbaar dat Breutz verkeerdelik die afleiding kon maak dat daar 'n tweelinghoofstad met die naam Tswenyane-Kaditshwene was. Soos in hoofstuk II, afdeling 1, aangetoon is, word Tswenyane ook met die oorsprongsmites van die Hurutshe verbind, sodat die verwysing daarna in hul mondelinge oorleweringe as 'n vroeë vestigingsterrein waarskynlik bloot 'n aanduiding gee van die area waar die Hurutshe hul na hul aankoms in Marico gevestig het.

5. DIE HISTORIESE IDENTITEIT VAN DIE VERGENOEGDKOMPLEKS

In die lig van die feit dat daar bewys is dat die Vergenoegdkompleks nie, soos Mason beweer, Kaditshwene is nie, ontstaan die vraag na die historiese identiteit daarvan. Soos vroeër aangedui is, is die grootste gedeelte van die betrokke klipbouvalkompleks op die plaas Vergenoegd 279 JP, sowat 10 km suid van Zeerust en ongeveer 8 km noordoos van Mosega geleë (kyk kaart 1). Dit loop gedeeltelik oor in die plaas Kwarriefontein 280 JP, terwyl enkele losstaande wooneenhede ook op

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die plaas Kruisrivier 270 JP aangetref word. Dit is slegs ietwat kleiner as Kaditshwene, en indien dit 'n Hurutsheterrein was, sou 'n mens verwag dat dit pertinent in hul mondelinge oorleweringe as een van hul belangrike vroeëre woonplekke genoem sou word.

Hoewel sodanige inligting ontbreek, is daar nietemin verskeie brokkies getuienis wat daarop dui dat die Hurutshe met die Vergenoegdkompleks verbind kan word. In 1968 het twee antropoloë van die Universiteit van Suid-Afrika, H.F. Sentker en Frans Boot, die klipbouvalkompleks op Vergenoegd saam met 'n boorling van die streek, mnr. Wouter Gronum, besoek. Volgens inligting wat hulle destyds bekom het, was dit 'n ou Hurutshenedersetting wat as 'seMakgame' bekend gestaan het (Unisa, Museum vir Antropologie en Argeologie, 1968: Opnameregister en Lêer oor die Hurutshe). Ook in die opgetekende herinneringe van 'n oudinwoner van die distrik, mnr. Kallie Gronum (1986:51, 71) word spesifiek vermeld dat 'Makgame' die Tswananaam vir die nedersetting van die Hurutshe uit die Ystertydperk op Vergenoegd was.

Dit is ook insiggewend dat een van die vroeë buitestasies wat deur die Hermannsburgse Sendinggenootskap op die plaas Vergenoegd opgerig is, Mmakgame genoem is (Breutz 1953:159). Volgens Sentker se veldwerkaantekeninge was die hartbees (*kgama*) 'n vroeë totem van die Hurutshe, 'n brokkie etnografiese inligting wat ook vroeër deur Willoughby (1905:299) opgeteken is. Die naam van die klipbouvalkompleks kon ook afgelei gewees het van die naam van die Sendelingspruit, 'n sytak van die Klein-Maricorivier waarna die Franse sendelinge onder die Hurutshe en die Amerikaanse sendelinge onder die Ndebele as die 'Makama' of 'Makame' verwys het (Germond 1967:86; Kirby 1940:52; Van der Merwe 1986:152). Die Franse sendeling, Prosper Lemue (1835:26), het 'Makame' reeds in 1835 vertaal as 'mère du cerf' [moeder van die hert, dit wil sê van die *kgama* of hartbees]. Die Franse sendingstasie by Mosega is aan die westekant van hierdie spruit op die latere plaas Zendelingspost 300 JP aangelê (Kotze 1950b:219). Die klipbouvalkompleks op Vergenoegd lê digby die samevloeiing van die Sendelingspruit (*Mmakgamê*) en die Klein-Maricorivier (kyk 1:50 000- topografiese kaart: 2526CA ZEERUST).

Daar is in hoofstuk II, afdeling 3, aangetoon dat die mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe booMenwe daarop dui dat hulle die gebied in die omgewing van die Vergenoegdkompleks teen die einde van die negentiende eeu beset het en dat hul stamhoof, Moilwa I, te Sekanameng (Jacobsdal) oorlede is. Jacobsdal is natuurlik die naam van die Boerenedersetting wat in die vorige eeu op Vergenoegd ontstaan het. Daar is ook tot die slotsom gekom dat die Bahurutshe booMenwe waarskynlik onder Sebogodi hulle hoofstad van Mmakgame na Kaditshwene verskuif het. Weens die fluktuasies in die radiokoolstofkonsentrasie in die atmosfeer gedurende die afgelope 300 jaar is dit nie moontlik om presiese datums vir die bewoning van die Vergenoegterrein met behulp van die beskikbare radiokoolstofdatums te bepaal nie. Die gekalibreerde radiokoolstofdatums wat deur Mason se opgrawings op Vergenoegd opgelewer is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), verskaf slegs 'n breë aanduiding van die periode waartydens die terrein bewoon is, naamlik iewers tussen 1680 en 1820.

Dat die Hurutshe na die vernietiging van Kaditshwene na Mosega verhuis het, is ook moontlik 'n aanduiding dat die omgewing waarin laasgenoemde woonterrein voorgekom het, aan hulle bekend was en vroeër deel van hul gesagsgebied uitgemaak het. Inligting wat Andrew Smith in 1835 tydens sy reis deur Marico ingewin het, bevestig hierdie afleiding. Hy het naamlik die volgende in sy dagboek aangeteken: 'The Baharootzie in old times lived at Mosega and afterwards moved to Currychaine; [they] were not driven there' (Kirby 1940:251). Daar moet onthou word dat die naam Mosega nie net aan die sendingstasie van die Franse en Amerikaanse sendelinge onder die Hurutshe

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gekoppel kan word nie, maar dat dit voor die koms van die sendelinge moontlik 'n wyer of ander geografiese betekenis kon gehad het (vgl. Van der Merwe 1986:153).

In die lig van bogenoemde is dit ook begryplik waarom Campbell nie tydens sy reis na Kaditshwene in 1820 van so 'n groot Hurutshenedersetting melding gemaak het nie, veral aangesien sy roete waarskynlik nie ver verby die Vergenoegdkompleks sou gegaan het nie. Dit is naamlik bekend dat vroeë reisigers na Marico gewoonlik die roete oor Mosega en Jacobsdal gevolg het (Breutz 1953:12, 1956:167; Van der Merwe 1986:147 en die kaart in Harris 1852). Die waarskynlikste rede hiervoor is dat die Vergenoegdkompleks op daardie stadium reeds verlaat en onbewoon was. In hierdie verband is dit interessant dat Campbell (1822[i]:197) in sy joernaal op 30 April 1820 'n inskrywing maak dat sy geselskap verby 'n verlate klipmuurkompleks getrek het wat ongeveer 'two miles in length, and of considerable breadth' was. Hoewel hierdie ruïnes beslis nie die Vergenoegdkompleks kon wees nie, is dit duidelik dat daar voor sy koms onsekere toestande in die gebied geheers het wat moontlik ook tot die ontruiming van die nedersetting op Vergenoegd kon bygedra het. Dit word ook deur die sendeling Stephen Kay (1834:196) bevestig dat hy tydens sy reis vanaf die Rolong van Khunwana na die Hurutshe van Kaditshwene in Augustus 1821 bykans 'n week lank deur 'an almost depopulated country' moes trek. Soos in die rekonstruksie van bewoningsfases aan die hand van mondelinge oorleweringe in hoofstuk II aangetoon is, was die periode van 1790-1823 ten opsigte van die Hurutshe gekenmerk deur grootskaalse konflik met onder andere die Rolong, die Bakgatla ba Mmanaana en die Ngwaketse (kyk ook Manson 1990:50-51). Daar was dus genoegsame redes waarom die Hurutshe kon besluit het om 'n belangrike vesting in die suide van Marico te ontruim en by Kaditshwene in Sentraal-Marico saam te trek: bloot uit 'n verdedigingsoogpunt bied die Kaditshwenerant beter beskerming as die Vergenoegdrant.

6. DIE NAAMKWESSIE

Daar is reeds op gewys dat die naam van Kaditshwene, net soos die ligging daarvan, in omstredenheid gehul is. Die meergenoemde John Campbell het die naam van die hoofstad van die Hurutshe tydens sy besoek in Mei 1820 deurgaans as 'Kurreechane' aangeteken (Campbell 1820[i]:226, 228, 231, 236- 237, 240). Ook ander vroeë besoekers aan Marico, soos die sendeling Robert Moffat en die reisiger Andrew Smith, het variasies soos 'Currichaine', 'Kurrechane', 'Kureecheene', 'Kurichuene', 'Kurrichane' en selfs 'Cuddy chain' of 'Curry chain' gebruik om na die stad te verwys (Kirby 1940:250; Lye 1975:199, 213; Moffat 1842:581; Schapera 1951:86; Wallis 1945[i]:76). Vanweë 'n gebrek aan kennis van Tswana, asook aan 'n gestandaardiseerde ortografie vir die taal, het die meeste vroeë optekenaars die pleknaam aan die hand van die 'klank-spellingsisteem' van Engels opgeteken. Soos uit 'n onlangse studie geblyk het, is dit insiggewend dat in die meeste vroeë weergawes van die naam, die gekorrupteerde vorm daarvan dieselfde aantal lettergrepe as die oorspronklike Tswanawoord *Ka-di-tshwê-ne* bevat, byvoorbeeld 'Kur-ree-cha-ne', 'Kur-ri-cha-ne', 'Ku-ri-chue-ne' (Boeyens & Cole 1995:9).

Van die vroeë reisigers het ook reeds probeer om die betekenis van die pleknaam vas te stel. So teken Campbell in die ongepubliseerde manuskrip van sy joernaal (MSB 77[iii]:37) aan dat 'Kurreechane, the name of the town means, No baboon', terwyl Andrew Smith op 29 September 1835 (Kirby 1940:250) die volgende opmerking oor die pleknaam insluit: 'I have not been able to ascertain the import of the word. Chaine means baboon, and at that time there were a great number of these animals about the hills.' In die meeste vroeë bydraes oor die betekenis van die (gekorrupteerde vorm) van die naam Kaditshwene is daarop gesinspeel dat die pleknaam van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanwesigheid van 'n groot aantal bobbejane (*ditshwêne*), toevallig ook die totem van die Hurutshe, afgelei is. Voorbeelde hiervan is die reisigers Scoon en McLuckie se vertaling van '*Kurreechane*, or more properly *"Chu*an"' as 'Town of Baboons' (Chase 1830:404), die sendeling Lemue (1847b:144) se vertaling van 'Karichuene' as 'montagnes des babouins', en die sendeling, F.H.W. Jensen, se opmerking in sy brief in *The Marico Chronicle* van 16 Maart 1912 dat die hoofstad 'Kaditsoene' geheet het, wat as 'amongst the baboons' vertaal kon word.

Antropoloë wat sedert die dertigerjare van hierdie eeu oor die Hurutshe navorsing gedoen of geskryf het, het die naam van die terrein volgens die moderne Tswana-ortografie as Kaditshwene weergegee. In hierdie verband kan na Isaac Schapera (1951:73, voetnoot) se opmerking verwys word dat hy deur P.L. Hattingh, die Naturellekommissaris van Zeerust wat onder die Hurutshe oor die kwessie navraag gedoen het, ingelig is dat Kaditshwene die korrekte benaming was: 'The Native Commissioner, Zeerust, (Mr. P.L. Hattingh), who kindly inquired into the matter, informs me that the correct version of the name is *Kaditshwene*. The town was situated on the present farm Bloemfontein 223 [nou geregistreer as Bloemfontein 63 JP], Marico district, about 28 miles N.E. of Zeerust, and close to Enzelberg (Tshwenyane).' Breutz (1953, 1989), wat in 1936, maar veral na 1948 intensief onder die Hurutshe navorsing gedoen het, gebruik ook konsekwent die benaming Kaditshwene.

Die verskillende betekenisse wat hierbo vir Kaditshwene aan die hand gedoen is, kan egter nie uit 'n letterlike interpretasie of vertaling van die Tswananaam afgelei word nie. Dit word bevestig deur die opmerking van die Tswanalinguis, D.T. Cole (1991:188), enkele jare gelede dat die presiese herkoms van die naam Kaditshwene onbekend is, dat dit letterlik 'by (means of) baboons' beteken, en dat dit 'presumably derives, by ellipsis, from some longer construction'. Dit is waarskynlik om hierdie rede, asook vanweë die feit dat daar geen gestandaardiseerde Tswana-ortografie bestaan het nie, dat daar reeds van vroeg af twyfel oor die korrekte benaming van die eertydse hoofstad van die Hurutshe ontstaan het. In hierdie verband is die interessantste opmerking seker dié van Joseph D.M. Ludorf, destyds 'n Wesleyaanse sendeling onder die Barolong van Moroka te Thaba Nchu. In 'n brief gedateer 17 Augustus 1854 wat in die *Missionary Notices* of *The Wesleyan Methodist-Magazine* in 1855 gepubliseer is, het Ludorf die volgende agtergrondinligting ingesluit oor John Moguera, 'n Motswana-evangelis wat kort tevore oorlede is: 'John Moguera was born far in the interior, at Chuenyane, "little monkey," so called from a small species of the *opealrumania* families, which abound in the mountainous region of which Chuenyane forms the principal peak, and which the late Rev. John Campbell in his travels called Kurechane (should be *Kua lichueneng*, "among the Monkeys")' (Ludorf 1855:21).

In die moderne ortografie sou Ludorf se weergawe as 'Kwaditshweneng' getranskribeer en as 'by of na [die plek van] die bobbejane' vertaal word. Van al die vroeë weergawes van die naam maak hierdie een grammaties en semanties die meeste sin, maar sy weergawe word deur geen ander optekenaar van die naam herhaal nie en resente pleknaamkundige veldwerk onder plaaslike Hurutshe bevestig dat Kaditshwene die korrekte benaming van die berg is waarop die ruïnes geleë is. Aangesien Ludorf as sendeling redelik goed met die Tswanataal vertroud was, kan daar slegs gespekuleer word dat hy misgetas het omdat hy die logika van sy eie taalkennis wou toepas op Campbell se verwronge weergawe van 'n pleknaam wat hy nie behoorlik verstaan het nie.

Terwyl Ludorf se kommentaar op die naam moontlik teruggevoer kan word tot die onverstaanbare transkripsie van 'Kurechane', kon dit ook te wyte wees aan sy ongemaklikheid met die grammatiese juistheid van die lokatiewe konstruksie. Hy kon aangeneem het dat die 'ku-' verkeerdelik gebruik

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is in die plek van die lokatiewe prefiks *kwa-*, waarmee hy bekend was, en boonop gewonder het oor die afwesigheid van die komplementêre lokatiewe suffiks *-ng*. Die vorm *ka-* kom ook as 'n lokatiewe prefiks in Tswana voor (net soos in die ander Sothotale), en dikwels in assosiasie met die suffiks *-ng*, maar gewoonlik met die implikasie dat daar 'n versperring of begrensingslyn tussen die spreker en die spesifieke lokaliteit bestaan (Cole 1955:355-58). Heel moontlik het die sendeling D.F. Ellenberger vanweë sy kennis van Suid-Sotho om dieselfde rede besluit om die lokatiewe suffiks *-ng* by te voeg in sy weergawe van die pleknaam as 'Kurrichueneng' (Kaditshweneng volgens die huidige ortografie) in sy beskrywing van die aanval van die Taung van Moletsane op die Hurutshe gedurende die *difaqane* (Ellenberger & Macgregor 1912:165). Verskeie voorbeelde kan aangehaal word waar die lokatiewe suffiks *-ng* in vroeë optekenings van plekname weggelaat is, byvoorbeeld Andrew Smith se gebruik van 'Latacoo' in plaas van Dithakong en 'Chuie' in plaas van Tswaing (Lye 1975:207). Dit het egter duidelik uit die onlangse pleknaamkundige veldwerk geblyk dat die prefiks *ka-* in die naam Kaditshwene nie die gelykklinkende lokatiewe prefiks *ka-* verteenwoordig nie.

Dit is waarskynlik dieselfde enigmatiese voorkoms van die prefiks *ka-* wat sommige navorsers genoop het om 'Gaditshwene' as 'n meer gepaste weergawe van die algemeen voorgestelde betekenis van die naam van die nedersetting, naamlik 'plek van die bobbejane', te beskou. Dit verklaar moontlik waarom Lye (1975:313) 'Gaditšhwene' in sy geannoteerde indeks tot Andrew Smith se joernaal as 'n alternatief vir Kaditshwene voorstel en waarom Setiloane (1986:5-6) na die eertydse hoofstad as 'Gaditshwene' verwys, waaraan hy die volgende verduideliking toevoeg: '*Ga-Ditshwene* translates, "At the place of Baboons/Monkeys" [sic]. Baboons are plentiful in the land of Bahurutshe and the animal is their tribal totem.'

Die opvatting dat 'Gaditshwene' die korrekte naam is, is sterk voorgestaan in 'n onlangse skoolprojek oor die geskiedenis van die Hurutshestad, en 'n poging is ook aangewend om die gebruik daarvan in die plek van Kaditshwene te regverdig: 'We prefer to use the seTswana spelling "Gaditshwene" to the seSotho spelling "Kaditshwene" so commonly used by the South African Archaeological and Historical Fraternities.' (Mmabatho High School 1992a:geen bladsynommer), en 'The group has decided to use the seTswana spelling of *Gaditshwene* rather than the more commonly used seSotho spelling, *Khaditshwene* [sic], when referring to the city' (Mmabatho High 1992b:18). Die oortuigende wyse waarop die skoolgroep die saak vir Gaditshwene gestel het, het waarskynlik ander navorsers oorreed om hulle na te volg in hul verwerping van Kaditshwene as die aanvaarde vorm van die nedersetting se naam (kyk Maggs 1993:32, 34; Phillips [s.a., maar vermoedelik 1995]; Skinner 1993).

Die argument van die skoolgroep is egter verdag. In die eerste instansie het hulle, sover bekend, geen linguistiese navorsing oor die naam gedoen nie. Tweedens is die spelling van Kaditshwene in Sesotho (Suid-Sotho) nie anders as in Tswana nie; die twee tale is immers nou verwant en die vertaling daarvan in albei is 'deur (middel van) bobbejane'. Derdens is 'Haditshwene' die Suid-Sotho-ekwivalent van 'Gaditshwene', nie 'Khaditshwene' nie. Die enigste basis vir 'Gaditshwene' in Tswana behels ook weglating of 'ellips', soos byvoorbeeld in *golô ga ditshwêne* ('plek van die bobbejane'), en dit is vermoedelik na hierdie konstruksie waarna Setiloane hierbo verwys. Behalwe dat Tswanasprekende inwoners van die omgewing 'Gaditshwene' totaal en konsekwent as die naam van die plek verwerp, moet die volgende taalkundige oorweging, aldus Louwrens (1994:36), ten opsigte van lokatiewe prefikse ook in gedagte gehou word: 'Of the different locative prefixes which are distinguished in the Sotho languages ..., only *ga-* (NS and TWN)/*ha-* (SS) occurs abundantly in place names. This prefix occurs together with personal names, in which case it denotes an area or territory that was traditionally governed by such a person ...'. Dit is van belang om daarop te wys

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die besitsprefiks *ga-* tipies met die name van mense of verwantskapsterme gebruik word, en nie met die name van diere nie.

'n Ander vroeë alternatief wat vir Kaditshwene aan die hand gedoen is, is van David Livingstone afkomstig. In 'n brief aan sy ouers op 27 April 1844 vanaf Mabotsa, sy sendingstasie onder die Bakgatla ba Mmanaana in wat later as die Maricodistrik bekend sou staan, het Livingstone die volgende opgemerk: 'Sebegwe [die seun van Makaba, die vorige stamhoof van die Ngwaketse] lives a little to the South of Kurreechane. The range you see marked in the map so is somewhat long, but there is one conical hill in it which gives explanation to the whole name. It means a little baboon, & the Natives below being much plagued by baboons spoiling their gardens say, "By it we are vexed", or Karechuenya. It may also be translated, "A vexation by or near us", viz. the whole range, on account of the depredations of the baboons. These animals always inhabit rocks' (Schapera 1959[i]:96-97).

In 'n redaksionele nota het Schapera (1959[i]:97, voetnoot 17) die volgende aanvaarbare verduideliking vir Livingstone se etimologiese poging gegee: '"Kurreechane" was Campbell's rendering of the name Kaditshwene ... D.L., apparently misled by the spelling, wrongly suggests that it is derived from *ka-rea-tshwenggwa*, "since we are troubled". The "conical hill" is Tshwenyane, which he correctly translates "little baboon"; it is located, very close to Kaditshwene, "on the farm Mezeg 139, 'Waterval', around the post office Enzelsberg" (Breutz, *Tribes of Marico District*, p. 93).' Daar is geen getuienis dat Livingstone ooit die ruïnes van die verlate hoofstad van die Hurutshe besoek het nie, en dit is ook nie duidelik wie op daardie stadium onder die berg gebly het nie, aangesien die meerderheid van die Hurutshe ten tye van sy skrywe nog nie na Marico teruggekeer het nie. Indien dit in 'n breër konteks beskou word, skyn Livingstone se opmerking te bevestig dat die naam van die dorp ontleen is aan die groot aantal bobbejane wat vroeër op die berg voorgekom het en die Hurutshe gepla het voor, en moontlik na, hulle hul hoofstad op die kruin aangelê het.

Livingstone se verduideliking van die naam van die plek is onlangs opnuut deur die historikus Neil Parsons opgediep. In die tweede uitgawe van sy *A New History of Southern Africa* (1993:45), verwys hy na die 'Hurutshe capital of Karechuenya (Ka-re-tshwenyega), in the hills north of later Zeerust'. Die frase 'ka re tshwenyega' is vermoedelik bedoel om te dien as 'n moderne ortografiese weergawe van Livingstone se oorspronklike voorstel. Die gronde vir Parsons se keuse word vollediger in die inleidende 'Notes on Orthography and Names' in Carolyn Hamilton se onlangs verskene bundel opstelle, *The Mfecane Aftermath* (1995:xiii-xiv), uiteengesit:

Place names present a particular set of problems. ... In some instances an appropriate usage is not easily established. A case in point is Karechuenya which is better known as Kaditshweni [sic]. Our use of Karechuenya is based on the following argument provided by Neil Parsons:

> 'David Livingstone, writing to his mother on 27 April 1844, in a letter not published until 1959, used the name Karechuenya. Livingstone explained that the town was next to a conical peak called Chuenyane ("little baboon"). "Karechuenya" meant "By it we are vexed" or "A vexation by or near us", a reflexion of people's complaints about the depradations [sic] of baboons on their gardens, putting the blame jocularly on the "little baboon". The name "Kaditshwene", on the other hand, is a neologism which was first suggested to the archaeologist P.W. Laidler in the 1930s by a white farmer at Zeerust called Hattingh. As Desmond Cole points out, "People with no knowledge of linguistics or of the Tswana language have confused *tshwenyana* or *tshwenyane*, meaning "young or small baboon" and *go tshwenyana* meaning "to bother or trouble one another"' (Hamilton 1995:xiii-xiv).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waarskynlik om 'n eenvormige redaksionele beleid daar te stel, is Parsons se gebruik van 'Karechuenya' in plaas van Kaditshwene vir al die verskillende bydraes tot die volume aanvaar wat aan die lot van die Hurutshe gedurende die *difaqane* raak (kyk Hall 1995:311; Hartley 1995:405; Kinsman 1995:366; Manson 1995:352; Parsons 1995:331). Hierdeur word ongeregverdig groot geloofwaardigheid verleen aan 'n spekulatiewe stuk geskiedskrywing wat, soos aangedui sal word, konsekwent deur alle segslui in veldwerkondervragings verwerp is en ook vol foute is. Nóg *Ka re tshwênya* nóg *Ka re tshwênyêga* kan as 'n betekenisvolle entiteit op sy eie funksioneer, hoewel hulle ellipties as deel van langer konstruksies gebruik kan word, byvoorbeeld in antwoord op vrae. Dit kom ook onvanpas en selfs onsensitief teenoor Tswanasprekendes voor om die grammaties twyfelagtige en ortografies verouderde vorm 'Karechuenya' as die aanvaarde naam van die negentiende-eeuse hoofstad van die Hurutshe te behou. Kaditshwene is beslis nie 'n neologisme wat in die twintigste eeu geskep is nie en boonop gee Parsons geen oorweging aan Schapera se verduideliking van Livingstone se oënskynlike wanvertolking van Campbell se oorspronklike weergawe van die naam nie; hy verleen eerder gewig aan Livingstone se verduideliking van die naam hoewel laasgenoemde op daardie stadium slegs 'n beperkte kennis van die Tswanataal gehad het.

Parsons ignoreer ook die feit dat Livingstone nooit die lokaliteit werklik besoek het nie en dus nooit die naam eerstehands van plaaslike mense verneem het nie. Hoewel die verwysing na Livingstone se opmerking slegs 'n linguistiese probleem kon benadruk het, het Parsons se onverskillige hantering van die bronne ter ondersteuning van sy argument sy mistasting egter vererger. Sy 'aanhaling' uit Cole se artikel wat in 1991 in *Botswana Notes and Records* verskyn het, is in werklikheid 'n parafrase en skep verkeerdelik die indruk dat Cole Parsons se interpretasie of weergawe van die pleknaam onderskryf. Voorts was dit, soos hierbo aangetoon is, Schapera wat die inligting van mnr. P.L. Hattingh omtrent die korrekte weergawe van die naam en die ligging van die terrein verkry het, en nie P.W. Laidler nie wat, terloops, eintlik 'n mediese dokter van beroep was, hoewel hy ook argeologiese navorsing onderneem het. Soos reeds vroeër aangedui is, het Laidler die ruïnes van Kaditshwene in die dertigerjare besoek, waartydens hy potwerk ingesamel en 'n gedeelte van die terrein opgemeet het, maar in sy publikasies het hy 'Kurrechanee' of 'Kurrichanee' gebruik, albei gekorrupteerde vorme van die naam (Laidler 1937:45, 1938:133). Verder is dit duidelik uit Schapera se kommentaar dat mnr. P.L. Hattingh die Naturellekommissaris van Zeerust was en nie, soos Parsons dit stel, 'n plaaslike 'boer' nie.

Daar is finaal uitsluitsel oor die naamkwessie verkry tydens veldwerk wat in medewerking met professor Desmond T. Cole, voormalige hoof van die Departement Afrikatale aan die Universiteit van die Witwatersrand, onder plaaslike Hurutshe in die omgewing van die ruïnes onderneem is.[5] Al die segslui wat ondervra is, het konsekwent die gedagte verwerp dat die naam van die eertydse Hurutshehoofstad of die rant waarop dit geleë was, 'Gaditshwene', 'Kaditshweneng' of "Kwaditshweneng' kon geheet het. Hulle het almal volgehou dat Kaditshwene die korrekte benaming daarvoor is, asook dat die rant bokant die waterval op Mezeg 77 JP as Tswenyane en nie as Tshwenyane nie bekend staan. Hulle was ook van mening dat die verwysing na bobbejane (*ditshwêne*) in die naam nie op die bobbejaan as totem van die Hurutshe betrekking het nie. Niemand het ook saamgestem met die moontlikheid dat die naam van die stad afgelei is van 'n eed waarvolgens die Hurutshe by hulle totem sweer nie, byvoorbeeld hipoteties **Ka ditshwêne*! In ieder

---

5 Vir 'n volledige verslag van die historiese, toponimiese en taalkundige ondersoek na die pleknaam, kyk Boeyens & Cole (1995:1-40).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval gebruik die Tswana die enkelvoud wanneer hulle by hulle totem sweer, dus *Ka tshwêne*! en nie *Ka ditshwêne*! nie.

Die feit dat dieselfde pleknaam onder sprekers van Noord-Sotho in 'n gebied voorkom waar daar geen verbintenis met die Hurutshe bepaal kon word nie, is nog 'n rede waarom dit onwaarskynlik is dat die naam ontleen is aan 'n eed in verband met die totem van die Hurutshe. Sowat 50 km noordwes van Potgietersrus is daar 'n dorpie in die voormalige tuisland Lebowa (nou deel van die Noordelike Provinsie) wat na 'n heuwel met die naam Kaditšhwene vernoem is. Die heuwel en dorpie, wat op die geregistreerde plaas Klipplaatdrift 787 LR geleë is (kyk 1:50 000- topografiese kaart: 2328DC SUSWE, tweede uitgawe, 1983), val onder die jurisdiksie van die Langa van Bakenberg, 'n Noord-Ndebelestam wat grootliks versotho het. Segslui van die omgewing het konsekwent enige verbintenis met die Hurutshe verwerp en aangedui dat die huidige dorpie na die heuwel vernoem is, wat op sy beurt sy naam ontleen het aan die groot aantal bobbejane wat daarop voorgekom het voordat daar onlangs met granietontginning op die kop begin is. Soos later sal blyk, is die *ka-* in die naam egter nie 'n lokatiewe prefiks nie, maar vorm dit heel waarskynlik deel van 'n idiomatiese segswyse.

Die aanvaarbaarste verduideliking vir die moontlike oorsprong of etimologie van die naam wat tydens die veldwerkondervraging onder plaaslike Hurutshe in die omtrek van die ruïnes van Kaditshwene aan die hand gedoen is, is dat dit afgelei is van die idiomatiese uitdrukking, *Ga se ka ditshwêne!* Dit kan letterlik vertaal word as 'Dit is nie deur bobbejane nie!', op die oog af onverstaanbaar, maar 'n algemene idiomatiese uitdrukking of uitroep in Tswana om na 'n groot aantal bobbejane te verwys. Dit kom byvoorbeeld ook voor in die uitroep, *Ga se ka dikgômo!*, waar daar na groot getalle beeste (*dikgômo*) verwys word. Hierdie gebruik herinner aan John Campbell se opmerking in 1820 dat die naam van die stad 'Kurreechane' 'No baboon' beteken. Campbell se opmerking verdien nadere oorweging, aangesien dit uit sy joernaal duidelik blyk dat hy voortdurend probeer het om die betekenis van die name van mense en plekke wat hy op sy reis teëgekom het, vas te stel. By die hoofstad van die Hurutshe het hy byvoorbeeld probeer om die betekenis van die name van verskillende leiersfigure op te teken, onder andere 'Sinosee' [*Senôsi*, die leier van 'n groot 'distrik' van Kaditshwene] as 'only' (MSB77[iii]:25); 'Liqueling' [*Diutlwilêng*, die regent] as 'what have you heard?', en 'Moeelway' [*Moilwê*], die 'young king' as 'cannot bear him' (Campbell 1822[i]:227).

Campbell se verduideliking, '[There is, or, It is] No baboon', sou letterlik as *Ga go tshwêne* of *Ga se tshwêne* vertaal kon word, maar sy gebrek aan kennis van Tswana en die feit dat hy deur 'n tolk gewerk het wat self 'n beperkte kennis van Engels gehad het, moet in gedagte gehou word (kyk Campbell 1822[i]:144-145, 1822[ii]:188-191). In die geval van 'n idiomatiese uitdrukking soos *Ga se ka ditshwêne!*, was die probleem van vertaling en begrip nog groter. Verder lyk dit aanneemlik dat dieselfde naamgewingstrategie onder sprekers van Tswana en Noord-Sotho ten opsigte van die skep van die plekname *Kaditshwêne* in Marico en *Kaditšhwêne* in die voormalige Lebowa sou gegeld het. Soos blyk uit die volgende inskrywing in die Noord-Sothowoordeboek van Kriel (1983:99) kom 'n soortgelyke grammatiese konstruksie in dié taalgroepering voor: '**ka,** (plus negatief) baie; *ga se - batho*, 'n skaar van mense.' Die idiomatiese uitdrukking *Ga se ka ditshwêne!* lyk dus na die waarskynlikste oorsprong van die twee name, veeleer as enige ander konstruksie waaruit hulle by wyse van ellips kon ontstaan het. Vry vertaal beteken hierdie idiomatiese uitroep 'Wat 'n ongelooflike aantal bobbejane!' Vandag kom daar weer 'n groot trop bobbejane op die rant voor waarop die ruïnes van die eertydse hoofstad van die Hurutshe geleë is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. SLOT

Die belangrikste bevindinge in verband met die dispuut oor die ligging en naam van die eertydse hoofstad van die Hurutshe kan soos volg saamgevat word:

- Die klipbouvalkompleks op die plaas Vergenoegd 279 JP is verkeerdelik deur Revil Mason as Kaditshwene geïdentifiseer. Dit was wel 'n Hurutshevesting wat as Mmakgame bekend gestaan het, maar is heel waarskynlik reeds voor 1820 ontruim.

- Die ruïnes van die hoofkompleks van Kaditshwene lê op 'n rant op die grens tussen die plase Bloemfontein 63 JP en Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP. Die klipbouvalkompleks op hierdie rant bestaan uit twee groot eenhede wat korreleer met die sogenaamde 'king's district' en die 'northern district' van Kaditshwene wat John Campbell in 1820 beskryf het. Daar is ook geen gronde vir P.-L. Breutz of C.A. Hromnik se standpunt dat die Hurutshe nie die bouers van hierdie klipmuurkompleks was nie.

- Die klipmuurkompleks op 'n klein heuwel op die suidelike grens van Bloemfontein 63 JP, in die algemeen as Daskoppie bekend, is verkeerdelik deur die ondersoekspan van Mmabatho High as die *kgôsing*, dit wil sê die woonarea van die stamhoof (destyds die regent) van die *Bahurutshe bôôMenwê* op Kaditshwene in 1820, geïdentifiseer. Dit was in werklikheid die woonkompleks van Senosi, die hoof van die *Bahurutshe bôôMokgatlha*. Die huidige Tswananaam vir hierdie rant is *Mosidi-wa-ditlhôbôlô*, maar die klipbouval het in 1820 waarskynlik deel van die Kaditshwenekompleks uitgemaak.

- Breutz se afleiding dat die Hurutshe 'n tweelinghoofstad, 'Tshwenyane-Kaditshwene', gehad het, word nie deur die argeologiese rekord gesteun nie. Geen groot klipbouvalkompleks of ander Ystertydperkvindplek kom op die rant op Mezeg voor wat deur hom as 'Tshwenyane' geïdentifiseer is nie, maar waarvoor die korrekte benaming eintlik Tswenyane is.

- Daar is oorweldigende historiese, pleknaamkundige en taalkundige getuienis dat die korrekte benaming vir die eertydse hoofstad van die Bahurutshe booMenwe Kaditshwene was, en nie 'Gaditshwene' of 'Karechuenya' soos onlangs aan die hand gedoen is nie. Die naam Kaditshwene kan waarskynlik herlei word na die idiomatiese uitdrukking, *Ga se ka ditshwêne!*, wat verwys na die groot aantal bobbejane wat op die rant voorgekom het waarop die hoofstad later aangelê is.

Uit 'n metodologiese oogpunt is daar in hierdie hoofstuk aangetoon dat daar, benewens die argeologiese reste, 'n wye verskeidenheid inligtingsbronne oor die Latere Ystertydperk van Marico beskikbaar is, 'n aanduiding dat 'n studie van hierdie periode as 'n vorm van historiese argeologie beskou kan word. Veral die geskrewe getuienis word dikwels nie genoegsaam deur Ystertydperkargeoloë ontgin nie, aangesien hulle gewoonlik tevrede is om die meer geredelik beskikbare sekondêre bronne of gepubliseerde reisjoernale en etnografiese verslae te raadpleeg. 'Om die argief om te dolwe', soos Nigel Penn (1991) so oortuigend aangetoon het in sy kommentaar op die histories-argeologiese navorsing oor Oudepost I, 'n Hollandse koloniale buitepos aan die Kaap, is net so 'n komplekse taak as om die verlede met 'n troffel uit die aardbodem op te diep. Aan die ander kant het die ondersoek ook die nut van 'n argeologiese streekopname beklemtoon, aangesien dit 'n oorhaastige gevolgtrekking in verband met die geografiese ligging van Kaditshwene en die historiese identiteit van die Vergenoegdkompleks help verhoed het.


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Groot deel van die verwarring wat rondom die ligging en naam van Kaditshwene ontstaan het, spruit waarskynlik uit ondeurdagte pogings voort om die getuienis van verskillende primêre bronne met mekaar te versoen. Wat vereis word, is dat elke inligtingsbron, hetsy geskrewe, mondeling, taalkundig of argeologies, krities ontleed word deur gebruik te maak van die metodologiese raamwerk van elke toepaslike dissipline. In hierdie verband kan verwys word na die volgende opmerking van Thomas Spear (1987:19) oor die interdissiplinêre en geïntegreerde studie van die voor- en vroeë geskiedenis van Afrika: 'The simple fact that the different strands of evidence appear to be congruent is thus not enough; each must be critically examined on its own as well as on historical terms.' In die volgende hoofstuk word die opgrawings wat op Kaditshwene en ander Ystertydperkterreine in Suidoos- en Sentraal-Marico gedoen is, asook die opmetings, daterings en vondste-analises, bespreek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 3 Die Kaditshwenekompleks

Kgôsing: 2526AC2
Ntlha ya godimo: 2526AC3
Ntlha ya tlase: 2526AC1
2526AC5
2526AC13
2526AC14

2526AC MOKGOLA 0 1000 Meter

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK V

DIE OPGRAWINGS, OPMETINGS, DATERINGS EN ONTLEDINGS

'At all costs, all archaeologists need to remember that, like Antaeus, they must continue to "touch the earth" or they will lose their strength.' (Jesse D. Jennings soos aangehaal in Flannery & Marcus 1996:362.)

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van toetsopgrawings op elf Latere Ystertydperkvindplekke (of gedeeltes daarvan) bespreek wat tydens die vindplekopname in Suidoos- en Sentraal-Marico opgespoor is. Die seleksie van die opgegraafde terreine in die navorsingsgebied was daarop gerig om die hele chronologiese periode te dek wat etnohistories ondersoek is, dit wil sê die periode van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot kort na die ontruiming van Kaditshwene in die twintigerjare van die vorige eeu. Geen uitgebreide opgrawings is op 'n enkele terrein onderneem nie, maar daar is eerder gepoog om 'n toepaslike seleksie van terreine argeologies te ondersoek ten einde die inligting wat van mondelinge en skriftelike bronne verkry is, asook die bevindinge van vroeëre argeologiese ondersoeke in die navorsingsgebied, te kontroleer, te verifieer of aan te vul.

'n Belangrike oogmerk van die opgrawings was dus om voldoende dateringsmateriaal in te samel ten einde die vestigingschronologie te toets wat in hoofstuk II aan die hand van die opgetekende oorleweringe van veral die Hurutshe saamgestel is. Met die oog daarop, asook om soveel inligting as moontlik oor die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners in te win, is veral ashope opgegrawe, aangesien dit gewoonlik voldoende houtskool, artefakte en faunareste oplewer. Verdere inligting oor die destydse bestaanswyse is verkry deur 'n ondersoek na argeologiese strukture of verskynsels, waaronder hutvloere en smeltoonde, asook deur die kartering van die opgegraafde terreine met die oog op die rekonstruksie van vestigingspatrone.

Slegs die opgrawings op vindplekke wat uit die Latere Ystertydperk dateer, word in hierdie hoofstuk bespreek. Hoewel enkele potskerwe wat kenmerke van die Eiland-Broadhurstvariant van die Vroeë Ystertydperk vertoon op twee vindplekke, 2526CA4 en 2526AC6, aangetref is, is daar, soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui is, geen vindplek in die navorsingsgebied opgespoor wat uit hierdie fase (± 1000 tot ± 1400 n.C.) dateer nie. Soos in hoofstuk I, afdeling 1, genoem is, verteenwoordig terreine met potwerk van die Eiland-Broadhurststyl 'n variant van die derde of eindfase van die Vroeë Ystertydperk. Dit het in groot gedeeltes van die Suid-Afrikaanse binneland die aanvang van die Vroeë Molokofase van die Latere Ystertydperk voorafgegaan en in Botswana klaarblyklik tot in die veertiende eeu n.C. (of vyftiende eeu volgens die jongste kalibreringsprogram) voortgeduur (kyk Denbow 1981:66). In die bespreking van die opgrawingsresultate van terrein 2526AC8a op Rietfontein 89 JP word weer na die Eiland-Broadhurstvariant en die moontlike invloed daarvan op die Vroeë Molokopotwerk verwys.

Voorts het 'n reddingsopgrawing op 2526AC15, 'n vindplek op die plaas Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP, aangetoon dat Ystertydperklandbouers selfs nog vroeër in die sentrale deel van Marico aanwesig was. Soos in die vindplekopname in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, is hierdie vindplek, wat sowat 50 cm onder die grondoppervlak lê, toevallig tydens die skraap van 'n damafvoersloot ontdek (kyk foto 4). Dit is aan die Mokgola (Klipspruit) geleë, naby waar die Mogolongwane en die Ratshukudu (Olifantspruit) daarby aansluit (GPS-lesing: 25° 19' 16,7" suid; 26° 09' 05,09" oos). Ten minste ses hutpuinkonsentrasies en een 'asput', wat ongeveer 60 x 40 cm wyd en minstens 40 cm diep was, kon in die oopgeskraapte gedeelte van die Mokgolaterrein onderskei word.

'n Bespreking van die opgrawingsvondste van die Mokgolavindplek val buite die bestek van hierdie studie, maar die veertien versierde potskerwe wat teruggevind is (kyk figuur 5.1 en 5.2), toon op grond van kwalitatiewe indrukke heelwat ooreenkoms met dié van Vroeë Ystertydperkvindplekke naby Rooiberg in die Noordelike Provinsie en in Oos-Botswana. Dertien van die versierde skerwe is op die oopgeskraapte oppervlak versamel, terwyl een uit laag 3 (MKG1.1.3) van die 'asput' opgediep is. Veral die visgraatpatroon is 'n opvallende versieringsmotief. Die ooreenstemmende Vroeë Ystertydperkpotwerk in die omgewing van Rooiberg, wat as 'Rooiberg Unit 1' geklassifiseer is, is ongedateer maar word op tipologiese gronde deur Simon Hall (1981:iii, 156) tot die negende eeu n.C. gereken. Raserura 001, die vindplek naby Mochudi in Kgatleng in die suidoostelike deel van Botswana met ooreenstemmende potwerk, het 'n radiokoolstofdatum (geen laboratoriumnommer) van 1130 ± 80 voor die hede opgelewer wat soos volg gekalibreer kan word: 883(980)1018 (Segobye 1987:46). Hierdie datum korreleer met die radiokoolstofdatum wat van Mokgola verkry is. Houtskool uit laag 2 (MKG1.1.2) van die 'asput' op 'n diepte van tussen 60-70 cm benede die huidige grondoppervlak is op 1090 ± 50 voor die hede gedateer (Pta-6205) en kalibreer soos volg: 974(1002)1022. Hieruit kan afgelei word dat swart landbouers reeds in die Vroeë Ystertydperk in Sentraal-Marico aanwesig was, maar slegs verdere navorsing sal uitsluitsel kan gee oor die vraag of hulle Sentraal-Marico, en spesifiek die Enselsbergomgewing, onafgebroke vanaf ongeveer die tiende eeu n.C. tot aan die begin van die Latere Ystertydperk teen ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. bewoon het.

2. VELDWERKMETODES EN ANALITIESE PROSEDURES

In die opgrawings is daar van die standaardmetodes gebruik gemaak wat by argeologiese opgrawings geld. Weens die groot omvang van die meeste terreine en die opsigtelikheid van die argeologiese oorblyfsels is geen ruitenetstelsel gebruik nie, maar het die aard en die konteks van die argeologiese strukture en verskynsels ('features'), soos byvoorbeeld klipmure, hutvloere, smeltoonde en vuurherde, die opgrawingstrategie bepaal. Martin Hall (1996:103) verantwoord hierdie benadering soos volg: 'Grid systems of horizontal control work well with smaller archaeological sites, and are now almost universally used in rock-shelter excavations. However, they are cumbersome on larger sites where they can be difficult to map out accurately. In these situations, the archaeologist may choose to define the site as a cluster of features, such as pits, small midden deposits, stone foundations or clusters of potsherds. In this system of horizontal control, each feature is accurately mapped as an individual point, and then excavated independently.'

Weens die kort tydsdiepte van die bewoning van die meeste terreine, asook die beperkte skaal van die meeste opgrawings, was die stratigrafiese data van beperkte omvang. Hoewel die toetsopgrawings in ashope in arbitrêre lae van 10 cm uitgevoer is, is daar nietemin voortdurend gelet op die moontlike voorkoms van besondere konsentrasies van bepaalde vondste in die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afsettings, aangesien dit moontlik tot die identifisering van bepaalde momente in die akkumulasie daarvan kon lei. Slegs die ashoopafsetting op Kaditshwene (opgrawing KLF1.1 op Kleinfontein [of Olifantspruit] 62 JP) het 'n beduidende stratigrafie vertoon wat in 'n profieltekening gedokumenteer is. Benewens die insluiting van plantekeninge van die opgegraafde strukture wat veral vir analitiese doeleindes benut is, word die opgrawings ook ruimskoots met behulp van foto's gedokumenteer. Foto's gee nie alleen 'n treffende visuele voorstelling van die opgegraafde of ondersoekte strukture nie, maar is soms die betroubaarste dokumentasiemedium in Latere Ystertydperknavorsing.

Al die opgegraafde materiaal is met behulp van 'n sif met 'n maas van 1 mm gesorteer en, met die uitsondering van terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP en terrein 2526CB4(a-c) op Magozastad 248 JP wat met 'n alidade opgemeet is, is al die opgegraafde terreine met behulp van 'n teodoliet gekarteer. Al die basispenne is met sement in die grond bevestig. In navolging van die praktyk in verband met die kartering van Molokoterreine (kyk Dreyer 1992; Evers 1981; Huffman 1988; Mason 1986; Pistorius 1992; Taylor 1979), is kontoerlyne en hellingsgradiënte nie op die planne ingesluit waarin die uitleg van die opgegraafde terreine aangedui word nie. Vanweë die beperkte omvang van die opgemete areas en die ongekompliseerde stratigrafie van enkelkomponentterreine, sou sodanige topografiese inligting van beperkte nut wees in die interpretasie van die stratigrafiese konteks van vondste of die rekonstruksie van vestigingspatrone. Voorts moet daarop gewys word dat hoewel die grootste sorg met die opmetings aan die dag gelê is, 'n mate van subjektiewe of foutiewe interpretasie nooit uitgeskakel kan word nie, veral vanweë die gefragmenteerde of vervalle aard van sommige strukture en die omvang van bosindringing in klipbouvalkomplekse.

Bogenoemde opgrawingstrategie is eerstens gevolg omdat argeologiese vindplekke 'nie-hernubare hulpbronne' is, sodat vernietiging van argeologiese afsettings tot die minimum beperk behoort te word. Tweedens het die toetsopgrawings die eerste verkenning van die inhoud van die afsettings van die betrokke argeologiese terreine behels en kon voldoende data op hierdie wyse verkry word om die oogmerke van die projek te bereik. Derdens het talle opgrawings wat op soortgelyke wyse op ooreenstemmende Ystertydperkterreine uitgevoer is, bevestig dat slegs beperkte stratigrafiese inligting van ashope op klipbouvalterreine in die historiese woongebied van die Sotho-Tswana verkry kan word (kyk veral Mason 1986:440; Pistorius 1992:29). Vierdens dui die groot aantal beskikbare radiokoolstofdatums vir klipbouvalterreine uit die Ystertydperk in die voormalige Wes-Transvaal volgens dr. J.C. Vogel (persoonlike mededeling, 5 Augustus 1996) daarop dat die ashope waarskynlik oor betreklik kort periodes gevorm het. Hoewel dit moontlik is dat die ashope óf van tyd tot tyd verskuif is, óf dat hulle eerder horisontaal as vertikaal geakkumuleer het, is dit waarskynliker dat die klipmuurterreine bloot vir kort periodes bewoon is. Soos in hoofstuk II, afdeling 3 en 7, aangetoon is, dui die mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe booMenwe daarop dat hulle hul hoofsetel gereeld verskuif het, 'n patroon van vestigingsmobiliteit wat ook onder ander Tswanagroepe aangeteken is.

Soos uit die bespreking sal blyk, is die opgegraafde terreine in Suidoos- en Sentraal-Marico breedweg in twee fases indeelbaar, naamlik Vroeë Molokoterreine wat die periode van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot die middel van die sewentiende eeu n.C. dek, en Latere Molokoterreine waarvan die bewoning van ongeveer die middel van die sewentiende eeu tot aan die begin van die historiese tydperk in die vroeë negentiende eeu gestrek het. Hierdie breë indeling van die Latere Ystertydperk word, soos in hoofstuk I, afdeling 1, aangetoon is, tans deur die meeste argeoloë gevolg wat oor die voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana navorsing doen.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is ook in dieselfde hoofstuk verduidelik dat die term Molokotradisie in navolging van Evers (1983) deur verskeie navorsers gebruik word om na die argeologiese rekord, veral die potwerk, van die Sotho-Tswana te verwys.

Geen gedetailleerde stilistiese analise van die keramiekoorblyfsels is onderneem nie, maar die oorgrote meerderheid van die versierde potwerk is deur middel van sketse gedokumenteer. Stilistiese potwerkanalises dien gewoonlik as hulpmiddel om etniese of taalkundige groeperinge in die argeologiese rekord te onderskei (kyk Evers & Huffman 1988:740; Huffman 1989:156), maar soos die ontleding van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe en die resultate van vorige argeologiese navorsing in die ondersoekgebied aangetoon het, is daar geen twyfel dat die Latere Ystertydperkoorblyfsels van Suidoos- en Sentraal-Marico met die Tswana verbind kan word nie. In hierdie verband kan daar ook na die volgende opmerking van Evers (1983:261) oor die potwerk van Latere Ystertydperkterreine in die sentrale, suidelike en westelike dele van die voormalige Transvaal verwys word: 'The point at issue is not the identity of the Iron Age material dating from c. 1200 - 1820, as Mason's comment above on my lack of knowledge of the Olifantspoort material might suggest. Both Mason and I agree that this material is ancestral Sotho-Tswana.'

Trouens, veral ten opsigte van die eindfase van die Latere Ystertydperk is dit moontlik om bepaalde terreine aan die hand van mondelinge oorleweringe of dokumentêre bronne spesifiek met die Hurutshe of ander Tswanagroepe in die navorsingsgebied te verbind. Hoewel daar uiteenlopende sieninge bestaan oor die betroubaarheid van die onderskeid van etniese groeperinge op grond van potwerkstyl (kyk Hall 1984 vir 'n kritiese evaluering), sou dit teoreties wel moontlik wees om potwerkstyle te ontleed ten einde die verband tussen en ontplooiing van bepaalde stamgroeperinge onder die Tswana te probeer bepaal. 'n Belangrike struikelblok in hierdie verband is dat veral die klipbouvalterreine wat uit die sewentiende tot vroeë negentiende eeu dateer (dit wil sê, die Latere Molokoterreine), min versierde potwerk oplewer, soos onder andere deur die meer uitgebreide opgrawings op Vergenoegd (Mmakgame), suidwes van Zeerust, en Selonskraal (Molokwane), naby Rustenburg, bewys word (Mason 1986; Pistorius 1984, 1992). Soos in hoofstuk I, afdeling 4, genoem is, het Mason se opgrawing op Vergenoegd van drie ashope, vier hutvloere en vier areas wat deur klipmure omsluit is, slegs 60 versierde potskerwe opgelewer.

Die situasie is effens anders in die geval van die Vroeë Molokoterreine wat vanaf ongeveer die middel van die vyftiende tot die middel van die sewentiende eeu dateer, aangesien hierdie terreine gewoonlik ietwat meer versierde potwerk oplewer, soos ook tydens die huidige ondersoek bevind is. In die geval van die twee grootste Vroeë Molokoterreine wat opgegrawe is, naamlik 2526AC8a op Rietfontein 89 JP in Sentraal-Marico en 2526CB9 op Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico, is al die versierde skerwe met rand- of lipgedeeltes en heel potte of bakke deur middel van sketse gedokumenteer. Namate groter potwerkversamelings van Vroeë Molokoterreine beskikbaar raak, behoort dit teoreties moontlik te wees om die historiese bande tussen die verskillende stamgroeperinge onder die Tswana, byvoorbeeld dié tussen die Hurutshe en die Kwena, deur middel van 'n analise van potwerkstyl te toets. Op die oomblik is die beskikbare monsters egter nog te klein en, soos in hoofstuk I, afdeling 3, aangedui is, die teoretiese en metodologiese uitgangspunte waarop sodanige klassifikasies berus, te omstrede om betroubare of geldige resultate te verwag. In hierdie verband kan verwys word na die gevolgtrekking waartoe Dreyer (1992:381) na aanleiding van sy studie van die potwerk van Latere Ystertydperkterreine van die Molokotradisie in die Vrystaat gekom het: 'In archaeological studies the identification

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and classification of these defined units are also of less importance. If we search for lineages and tribes we entangle ourselves in an impossible task. We should aim for the identification of different cultures rather than specific groups.' In Marico hoef sodanige identifikasie van etniese groepe egter nie bloot op argeologiese data te berus nie, en kan die onsekerhede wat in die mondelinge oorleweringe opgesluit is, deur kontemporêre of naby-kontemporêre skriftelike getuienis opgeklaar word.

Sekere opgegraafde vondste, byvoorbeeld die fauna- en skeletoorblyfsels, glaskrale, houtskool, sade en metaaloorblyfsels, is na spesialiste vir verdere ondersoek verwys. Ten einde Esterhuysen (1994) met die houtskoolanalises behulpsaam te wees, is houtmonsters in die navorsingsgebied ingesamel wat vir die samestelling van 'n vergelykende houtskoolversameling benut kon word. Hoewel die faunareste van die verskillende lae van elke opgegraafde terrein afsonderlik geklassifiseer is, is dit uiteindelik met die oog op die samestelling van die faunaverslae saamgevoeg, omdat die etnohistoriese data en radiokoolstofdatums daarop gedui het dat die terreine selde langer as 'n generasie bewoon is en die ashope dus oor betreklik kort periodes gevorm het. Soos in hoofstuk I, afdeling 2, ten opsigte van die spesialisverslae genoem is, word die volledige faunaverslae wat deur die Departement Argeodierkunde van die Transvaalmuseum saamgestel is, nie hierby ingesluit nie: slegs die lyste van identifiseerbare spesies is in die verskillende tabelle opgeneem. Faunafragmente van antiloopspesies wat nie nader geïdentifiseer kon word nie, is in navolging van Brain (1974) op grond van die afleibare lewende gewig in vier *Bovidae*-klasse ingedeel. Hierdie klasse, met die spesie wat die boonste gewigslimiet verteenwoordig, is soos volg: Bov. I [klein, 0-23 kg: groot gewone duikerooi], Bov. II [medium, 23-84 kg: groot blesbokram (insluitend skape en bokke)], Bov. III [groot, 84-296 kg: groot blouwildebees of bastergemsbok (insluitend bees)], Bov. IV [baie groot, meer as 296 kg: buffel en eland]. Die resultate van die fauna- en ander spesialisondersoeke wat in verband met vondste van die opgegraafde terreine onderneem is, word in hierdie hoofstuk weergegee en saam met ander inligtingsbronne in die volgende hoofstuk benut om die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico te rekonstrueer.

3. VROEË MOLOKOTERREINE

Tydens die vindplekopname is bevind dat die Vroeë Molokoterreine wat die beste behoue gebly het, op die plaas Rietfontein 89 JP in Sentraal-Marico en op Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico voorkom.

a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC8(a-b) en 2526AC9

Terrein 2526AC8 lê op 'n vlakte naby 'n rantereeks wat op die 1:50 000- topografiese kaartereeks (2526AC MOKGOLA) as 'Tshwenyane' aangegee word (GPS-lesing van hut RFN2.1: 25° 23' 03,1" suid; 26° 09' 27,8" oos). Hierdie gedeelte van die plaas Rietfontein 89 JP staan tans as Orion-Wildplaas bekend. Terrein 2526AC8 is juis vir opgrawingsdoeleindes geselekteer omdat dit in die omgewing van 'Tshwenyane' geleë is waar die Hurutshe hulle volgens mondelinge oorleweringe in die tweede helfte van die vyftiende eeu na hul verhuising na Marico gevestig het (kyk hoofstuk II, afdeling 2). Daar is veronderstel dat die terrein radiokoolstofdatums kon oplewer wat as toets kon dien vir die chronologie van die vroeë vestigingsfase van die Hurutshe in Sentraal-Marico wat op die opgetekende mondelinge oorleweringe berus. Soos in hoofstuk IV, afdeling 2.a, uiteengesit is, het onlangse pleknaamkundige navorsing egter aangetoon dat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'Tshwenyane' 'n foutiewe benaming vir die rant Tswenyane is, asook dat laasgenoemde naam waarskynlik na die rant bokant die waterval op die aangrensende plaas Mezeg 77 JP verwys en nie na 'n rantereeks op die plase Bloemfontein, Kleinfontein of Rietfontein soos in sommige bronne beweer en op die topografiese kaart aangedui word nie (Boeyens & Cole 1995:21-24). Terrein 2526AC8 val nietemin steeds in die gebied wat tot en met die aanbreek van die historiese periode deur die Hurutshe bewoon is, en daar is ook geen verwysing in die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Tswana dat ander groepe hulle op 'n vroeë stadium hier gevestig het nie.

Tydens die vindplekopname is terrein 2526AC8 in twee eenhede verdeel wat as 8a en 8b genommer is. Terrein 2526AC8a was in 'n groot mate verspoel en aan die oostekant daarvan is 'n hele aantal reguit kliprye aangetref wat volgens die huidige grondeienaar vroeër in hierdie eeu gepak is om erosie te bekamp. Terrein 2526AC8b is sowat 400 m suid daarvandaan geleë, maar die vindplek is ongelukkig omgeploeg voordat dit verder ondersoek en die presiese getal hutoorblyfsels bepaal kon word. Potskerwe wat op die oppervlak daarvan ingesamel is, word as 2526AC8b geïdentifiseer (kyk figuur 5.12) en toon groot ooreenstemming met dié van 2526AC8a. Indien daar bevestig sou kon word dat die twee areas gelyktydig bewoon is, is dit heel moontlik dat hulle volgens die vestigingspatroon van die Tswana afsonderlike eenhede (wyke?) van 'n groter nedersetting gevorm het (kyk hoofstuk VI, afdeling 1.a, vir bespreking).

Die oorblyfsels van ten minste 21 hutvloere is op terrein 2526AC8a geïdentifiseer, maar geen duidelike patroon van uitleg kon bepaal word nie (kyk plan 5.1). Slegs in die noordelike deel van die huttekompleks kom daar 'n enkele klipmuur van sowat 6 m naby twee hutte voor. Omdat die terrein aan erosie blootgestel was, is dit waarskynlik dat sommige van die hutvloere weggespoel het. Gruisagtige kolle wat op die terrein voorkom, verteenwoordig moontlik die laaste fase van die totale erodering van hutvloere. Geen afsetting is opgemerk wat op 'n ashoop of 'n veekraal dui nie.

Daar is aanvanklik slegs 'n enkele hut (RFN2.1) op terrein 2526AC8a opgegrawe. Die hutvloer was met 'n laag hutpuin bedek en in sommige puinstukke kon die afdrukke van paalmerke nog duidelik gesien word. Alhoewel die hutvloer, wat ongeveer 3,5 m in deursnee is, nie volledig behoue gebly het nie, is dit een van die bes bewaarde Vroeë Molokohutte wat tot dusver blootgelê is. Dit blyk duidelik wanneer dit met die argeologiese reste van soortgelyke en tydgenootlike hutvloere van Olifantspoort 29/72 in die distrik Rustenburg vergelyk word (Mason 1986:237-263). Soos op foto 5 en 6 en plan 5.3 aangedui word, word die hutvloer in twee dele verdeel deur 'n kleirif wat drie of vier boë vorm. Bo-op die agterste deel van die vloer, wat op 'n ietwat hoër vlak lê, kom 'n plat klip van ongeveer 50 cm by 50 cm en drie boonste malers van maalklippe voor. Benewens heelwat potskerwe, is daar ook drie induikings in die agterste deel van die vloer aangetref, wat waarskynlik as holtes gedien het waarin potte geplaas kon word.

By die punt waar twee van die kleiboë ineenloop, kom daar in die voorste of laer gedeelte van die hutvloer 'n vuurmaakholte voor wat drie klippe bevat. Een van die klippe is heelwat groter en ronder as die res. Links van die vuurmaakholte is daar nog twee induikings of holtes in die hutvloer. Een hiervan, sowat 10 cm in deursnee en betreklik vlak, is vermoedelik 'n holte waarin 'n pot geplaas kon word. Na aanleiding van navorsing wat deur Mason (1986:259, figuur 10) by Olifantspoort 29/72 gedoen is, word die ander holte met 'n deursnee van ongeveer 30 cm en 'n diepte van ongeveer 20 cm as 'n stampblokholte geïdentifiseer. Klaarblyklik is 'n kleinerige houtstampblok (*kika*), waarin graan bewerk is, in die holte geplaas. Aan die regterkant van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorste gedeelte van die hutvloer kom daar ook 'n plat klip voor, maar aangesien hierdie deel deur 'n haak-en-steekboom (*Acacia tortilis*) versteur was, was dit nie moontlik om dit volledig te rekonstrueer of om die moontlike funksie van die plat klip te bepaal nie. By twee van die hutte van die kontemporêre 'Middel-Ystertydperkterrein' op Olifantspoort 29/72 het Mason (1986:241, 261) in dieselfde posisie 'n 'kleibankie' sowat 5 cm bokant die vloeroppervlak teëgekom wat deur hom as 'n trap by die hutingang geïnterpreteer is. Simon Hall (1996:5) se interpretasie van hierdie verskynsel as 'a raised clay bench' waarop mans kon sit, klink egter aanneemliker.

Houtskool wat vanaf die vuurherd in die middel van die hut verkry is, het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5417) van 360 ± 50 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1497(1533,1547,1635)1651. Dit beteken dat die hut waarskynlik tussen 1497 en 1651 bewoon is, met 1533, 1547 en 1635 as die waarskynlikste datums van bewoning. Baie onlangs is 'n verdere hut (RFN2.2) op dieselfde terrein opgegrawe. Soos op plan 5.4 aangedui word, het daar behalwe twee onpatroonmatige kleiriwwe en die vuurmaakholte met twee klippe, feitlik niks van die hutvloer behoue gebly nie. Houtskool wat van die vuurmaakholte van RFN2.2 verkry is, het egter 'n radiokoolstofdatum (Pta-7049) van 550 ± 45 voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1410(1424)1439.

Dit is duidelik dat hierdie datum aansienlik vroeër is as die datum wat vir die nabygeleë RFN2.1 verkry is. Totdat verdere navorsing uitsluitsel oor hierdie kwessie bring, lyk die datum van RFN2.1 meer aanvaarbaar, hoofsaaklik omdat die opgegraafde hut beter bewaar gebly het. Verdere steun vir hierdie interpretasie kom van 'n onlangse datum wat vir 'n soortgelyke Vroeë Molokoterrein op Rietfontein 89 JP, ongeveer twee kilometer noordwes van 2526AC8, verkry is (GPS-lesing: 25° 22' 25" suid; 26° 11' 03,2" oos). Hierdie terrein (2526AC9) lê aan die voet van een van die hoë koppe van die rantereeks waarna hierbo verwys is, en waarvoor die eintlike Tswananaam *Pelo-ya-thwane* (letterlik: 'hart van die rooikat') is. Oorblyfsels van ten minste ses hutte het hier behoue gebly, waarvan vyf in 'n halfmaan gerangskik is (kyk plan 5.2 en foto 7). By een van die erg verweerde hutreste, RFN3.1, het feitlik slegs die holte in die vloer waarin die houtstampblok vermoedelik geplaas is, behoue gebly (kyk foto 8). Net soos deur Mason (1986:258) by terrein 29/72 op Olifantspoort gevind is, was die stampblokholte omlyn deur minstens sewe kleinerige klippe, wat waarskynlik die houtstampblok gestut het. Houtskool, wat vermoedelik van die stampblok self afkomstig is, is uit die holte verwyder, wat sowat 20 cm diep en ongeveer 25 cm in deursnee was.

Die houtskool uit die stampblokholte het 'n radiokoolstofdatum (Pta-7065) van 470 ± 50 voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1434(1452)1485. Die boomspesie waarvan die houtskool afkomstig is, is nog nie geïdentifiseer nie, maar volgens dr. J.C. Vogel (persoonlike mededeling, 15 Februarie 1996) kan die datum met ongeveer 80 jaar beïnvloed word, indien aanvaar word dat die stampblok uit die stomp van 'n volwasse boom gemaak is. Dit beteken dat die radiokoolstofdatum dus heelwat ouer kan wees as die destyds bewoonde hut. Ook in die lig hiervan word die latere datum vir RFN2.1 voorlopig as betroubaarder as die datum vir RFN2.2 beskou. Al drie hierdie datums bevestig egter dat die Vroeë Molokotradisie in hierdie omgewing nie voor die vyftiende eeu n.C. 'n aanvang geneem het nie.

Die skerwe van 'n volledig rekonstrueerbare pot wat bande met geprikte versiering vertoon, is ook in die vuurmaakholte van hut RFN2.1 aangetref (kyk figuur 5.3). Al tien ander versierde skerwe wat van die hutvloer verwyder is, waaronder ag met lipgedeeltes, word in figuur 5.4 en 5.5 uitgebeeld. Hierbenewens is daar ook 114 onversierde skerwe, waarvan twee met lipgedeeltes,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op die hutvloer en in die muurpuin bo-op aangetref. Die lipgedeeltes van die onversierde skerwe toon 'n verdikte rand (kyk figuur 5.5), 'n verskynsel wat ook by terrein 2526AC8b opgemerk is (figuur 5.12) en klaarblyklik tipies van die Molokotradisie is. Die hele oppervlak van terrein 2526AC8a lê besaai met potskerwe en altesame 23 versierde skerwe met lipgedeeltes word in figuur 5.6, 5.7, 5.8 en 5.11 uitgebeeld. 'n Aantal voorbeelde van versierde skerwe sonder lipgedeeltes word in figuur 5.9 en 5.10 uitgebeeld. Die potwerkversierings is kenmerkend van die vroeë fase van die Molokotradisie en toon groot ooreenkoms met die potwerk wat op Olifantspoort 29/72 en Roberts Farm in die distrik Rustenburg (Mason 1986:271-278, 283) en op die Rooiberg, Eenheid 3-terreine (RU3), versamel is (Hall, S. 1981:49, 52-53). Veral opvallend is dat 15 (46,87%) van die 32 potskerwe met lipgedeeltes (dié van hut RFN2.1 inkluis) van terrein 2526AC8a met bande rooi oker en/of grafiet versier is, terwyl 'n band met skuins insnydings net onderkant die potlip (dikwels in kombinasie met ander motiewe) op 18 (56,25%) van dieselfde 32 skerwe voorkom. In sy studie van die kleursimboliek van die Kgaga, 'n Noord-Sothostam, het Hammond-Tooke (1981:137) bevind dat rooi 'n intensiverende en konsoliderende assosiasie het, terwyl swart dui op versterking, beskerming en afkoeling. Of soortgelyke assosiasies onder die Tswana en hul voorsate in Marico gegeld het, is nie bekend nie.

Dit is ook interessant dat 6 (18,75%) van die 32 versierde skerwe met lipgedeeltes 'n visgraatpatroon as versieringsmotief vertoon (kyk figuur 5.11). Die visgraatversieringspatroon is, soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui is, kenmerkend van die potwerkstyl van streekvariante van die twee voorafgaande fases van die Vroeë Ystertydperk, naamlik Rooiberg, Eenheid 1 en Eiland-Broadhurst. Soos ook genoem is, kom die visgraatpatroon byvoorbeeld prominent op die potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein aan die Klipspruit (Mokgola), 2526AC15, voor (kyk figuur 5.1). Die aanwesigheid van sodanige versieringspatoon op 'n beduidende aantal skerwe op terrein 2526AC8a dui moontlik op die stilistiese nalatenskap van die vroeëre of 'pre-Molokobewoners' van die gebied.

Verbrande stukkies dierebeendere wat nie nader geïdentifiseer kon word nie, is in die vuurmaakholte van hut RFN2.1 aangetref. Daarbenewens het die oppervlakvondste die volgende opgelewer: 'n stukkie spekulariet, 'n stukkie seepsteen, sewe stukkies yster waarvan een sowat 10 cm lank was, en 'n gedeelte van die oor van 'n kleipot. Daar is ook 'n klipstaaf opgetel wat sowat 18 cm lank, 2 cm breed en 2 cm dik is, maar dit is waarskynlik te smal om as die reste van die klipplatform vir 'n houtskuifdeur te gedien het. Op die oppervlak van die terrein is ook 'n stukkie ystererts opgetel, maar geen tekens van ystersmeltoonde is opgemerk nie.

b. Magozastad 248 JP

Verskeie Vroeë Molokoterreine is op die plaas Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico aangetref, waarvan 2526CB9 (MGS4) die grootste was en ook die sleutel tot die etniese koppeling van die terreine gebied het.

(i) Terrein 2526CB4a, 4b en 4c (MGS1, MGS2 en MGS3)

MGS1

Terrein 2526CB4a (ook genommer as MGS1) lê in 'n vallei aan die voet van 'n heuwel (25° 32' 30" suid; 26° 17' oos) op die plaas Magozastad 248 JP. Die hele vallei is aan grootskaalse erosie blootgestel en verskeie droë lopies kom voor wat water na die Wilgeboomspruit (Maruntwane)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afvoer (kyk 1:50 000- topografiese kaart, 2526CB GROOT-MARICO). Volgens ou inwoners van die omgewing het blanke boere vroeër landerye in die vallei aangelê waarin MGS1, asook MGS2 en MGS3, voorkom. Terrein MGS1 bevat die oorblyfsels van sewe hutte (MGS1.1-MGS1.7) wat min of meer in 'n halfmaan gerangskik is. 'n Kliphoop kom naby hut MGS1.6 voor, terwyl 'n losstaande klipmuur met 'n lengte van ongeveer 5 m sowat 9 m noord van hut MGS1.5 staan. Aan die een punt van die klipmuur lê 'n maalklipbasis (kyk plan 5.5). Elke hut is duidelik herkenbaar op grond van klein konsentrasies hutpuin wat op die oppervlak voorkom en in sommige gevalle nog paalmerke vertoon. Drie van hierdie hutte is opgegrawe, maar anders as in die geval van hut RFN2.1 op op terrein 2526AC8a Rietfontein en hut MGS4.1 en MGS4.2 op terrein 2526CB9 op Magozastad, het daar min van die vloeroppervlaktes onder die hutpuin behoue gebly.

Hut MGS1.1 was die beste bewaar. Die vloeroppervlak wat onder die hutpuin aangetref is, was ongeveer 1 m x 1 m groot en ongeveer 10 mm dik (kyk plan 5.6). Daar kom ook 'n glad afgewerkte kleiholte in die vloeroppervlak voor wat ongeveer 6 cm diep en 75 cm x 40 cm groot is. Dit het twee ronderige klippe bevat en het waarskynlik as 'n vuurherd gedien, aangesien 'n groot hoeveelheid houtskool tussen die twee klippe uitgehaal is. Die induiking met 'n deursnee van ongeveer 10 cm wat in die vloer voorkom, verteenwoordig moontlik 'n potholte. Naby die vuurherdholte is daar ook verbrande sorghum (*Sorghum bicolor*) opgegrawe, waarvan 'n radiokoolstofdatum van 330 ± 20 voor die hede (Pta-5291) verkry is wat soos volg kalibreer: 1638(1645)1651. Min van die meer as 300 potskerwe wat op die hutvloer en in die hutpuin bo-op die vloer gevind is, was versier of het 'n duidelike liprand getoon. Uit die versierde skerwe kon die vorm van elf bakke bepaal word, waarvan die meeste met 'n boogpatroon versier is en verskeie bande bevat wat met oker en/of grafiet rooi en/of swart gekleur is. (kyk figuur 5.13, 5.14, 5.15 en 5.16). Daar is ook 'n ysterlem onder die hutpuin opgegrawe wat soos volg deur Miller (1995:48) beskryf word: 'It was an iron blade or narrow adze, tapering to a blunt point at one end. The object was 127 mm long, 21 mm broad at its broad end, and had a maximum thickness in the middle of about 5 mm. It was substantially corroded, dark brown on the outside, weighed 47,22 g, and was magnetic.' Volgens Miller (1995:48) is die voorwerp eers bewerk terwyl dit verhit is, en toe weer na afkoeling. Daarna is dit weer verhit tot bokant 910°C, voordat dit toegelaat is om stadig af te koel. Laasgenoemde proses kon volgens hom ook toevallig deur 'n 'hut fire' veroorsaak gewees het.

In die geval van sowel hut MGS1.2 as hut MGS1.3 het feitlik niks van die hutvloere se struktuur onder die muurpuin behoue gebly nie, behalwe twee vuurmaakklippe en houtskool wat die vuurherd aangedui het (kyk plan 5.7 en plan 5.8). Die opgrawing van MGS1.2 het geen versierde skerwe opgelewer nie, maar wel 7 onversierde lipgedeeltes en 'n verdere 78 onversierde skerwe. Heelwat houtskool is ook ingesamel, veral in die gedeelte rondom die vuurherd. Hut MGS1.3 het benewens die houtskool in die vuurmaakholte, 'n enkele versierde potskerf (kyk figuur 5.17) en 45 onversierde skerwe opgelewer. Die hele afsetting is versteur deur die grootskaalse wortelindringing van 'n lekkerruikpeulboom (*Acacia nilotica*) wat in die middel van die hutpuin gestaan het. Enkele versierde skerwe wat op die oppervlak van die nabygeleë hut MGS1.4 ingesamel is, word ook in figuur 5.17 uitgebeeld.

MGS2

MGS2.1 verteenwoordig die oorblyfsels van 'n enkele hut op terrein 2526CB4b en lê sowat 200 m suidoos van MGS1 (kyk plan 5.5). Dit is die enigste aanduiding van hutmuurpuin wat hier

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangetref is, maar aangesien die area erg aan erosie blootgestel is, is die moontlikheid nie uitgesluit dat meerdere hutte hier voorgekom het nie. Moontlik het hut MGS2.1 deel uitgemaak van 'n groter woonkompleks wat weer met 2526CB4a geskakel was. Twee ronderige klippe, wat waarskynlik deel van 'n vuurmaakplek gevorm het, is onder die klein hoeveelheid hutpuin aangetref (kyk plan 5.9). Houtskool wat uit die verseëlde konteks van die vuurmaakplek verwyder is, het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5649) van 280 ± 40 jaar voor die hede opgelewer wat soos volg kalibreer: 1648(1660)1671;1780-1795. Benewens 38 onversierde skerwe, is ook enkele versierde skerwe van die Vroeë Molokotradisie bo-op en in die hutpuin gevind. Al die versierde skerwe vertoon bande insnydings met 'n versieringsmotief wat as 'n 'trapleer' beskryf kan word (kyk figuur 5.17). Geen verdere strukture of argeologiese verskynsels is opgemerk nie.

MGS3

Terrein 2526CB4c lê sowat 500 m wes vanaf MGS1 en vorm 'n metaalbewerkingsarea aan die voet van 'n koppie (25° 32' 20" suid; 26° 16' 40" oos). Sowat 100 m hoër op teen die koppie kom daar ook 'n enkele klipstruktuur voor wat as veekraal kon gedien het, maar die moontlike verband daarvan met die smeltersarea is onbekend. Ten minste drie smeltoonde wat ongeveer 6 m uitmekaar geleë is, asook twee kliphope waarvan die funksie nie duidelik is nie, kon op die terrein onderskei word (kyk plan 5.10). Hoewel die area erg aan erosie blootgestel is, het veral een van die smeltoonde (MGS3.1) besonder goed behoue gebly.

Binne en buite die twee smeltoonde wat ondersoek is, naamlik MGS3.1 en MGS3.2, is heelwat ysterslak asook ystererts versamel wat vir ontleding voorgelê is. Oor die slak wat aan die binnekant van die smeltoond MGS3.1 versamel is, rapporteer Miller (1995:46) soos volg: 'This slag, with 42% free wüstite, was the product of rather inefficient smelting with a lot of the potentially available iron retained in the slag.' Sowel die slak aan die binnekant van MGS3.1 as dié wat daar rondom ingesamel is, word deur Miller (1995:46) as 'bloomery iron smelting slag which had cooled fairly rapidly in a reducing atmosphere' beskryf.

Smeltoond MGS3.1 steek 140 mm bokant die huidige grondoppervlak uit en is 350 mm diep aan die binnekant. Heelwat los klippe kom reg rondom die oorblyfsels van die oond voor en, soos op foto 9 en 10 gesien kan word, het die oond 'n ovaalvormige struktuur met ruimtes vir twee tuyère-openinge. Die maksimum lengte van die lang as wanneer die buitemaat geneem word, is 640 mm, terwyl die maksimum lengte van die kort as wanneer die buitemaat geneem word, 420 mm is. Die binnemaat van die lang as is 410 mm en dié van die kort as is 260 mm. Die dikte van die wand van die oond wissel tussen 60 en 100 mm. Een gebreekte tuyère, wat ongeveer 90 mm bokant die grondvlak van die smeltoond geplaas is, het nog in die tuyère-opening voorgekom. Die tuyère was klaarblyklik omgedraai, aangesien die punt wat as gevolg van die hitte binne die oond gewoonlik toegeslak is, na buite gewys het. Dit dui moontlik daarop dat iemand op 'n latere stadium met die oorblyfsels van die oond gepeuter het. Nog 'n gebreekte tuyère, waarvan die een punt ook toegeslak is, is binne die oond naby die ander tuyère aangetref. Albei gebreekte tuyères is ongeveer 200 mm lank met 'n opening met 'n deursnee van ongeveer 35 mm (kyk foto 11).

Smeltoond MGS3.2 het minder goed behoue gebly en steek sowat 130 mm bokant die huidige grondoppervlak uit (kyk foto 12). Die oond het ook 'n ovaalvormige struktuur met ruimtes vir twee tuyère-openinge. Die dieptemaat aan die binnekant is 320 mm en die maksimum lengte van die lang as wanneer die buitemaat geneem word, is 690 mm. Wanneer die maksimum lengte van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kort as geneem word, is dit 500 mm. Die binnemaat van die lang as is 580 mm en dié van die kort as is 380 mm. Een klein stukkie tuyère, ongeveer 110 mm lank en met 'n opening van sowat 35 mm in deursnee, is binne die smeltoond gekry. Die wand van die tuyère is tussen 10-20 mm dik. Twee ysterslakmonsters wat van die binnekant van die smeltoond ingesamel is, is ontleed en word as 'inhomogenous' beskryf. Volgens Miller (1995:46) dui hierdie feit, asook die mineralogiese en ander strukturele verskille tussen die twee monsters, daarop dat die temperatuur in die smeltoond tydens die smeltproses nie konstant gebly het nie.

Houtskool van die binnekant van die oond MGS3.1 het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5414) van 340 ± 50 jaar voor die hede opgelewer wat soos volg kalibreer: 1514-1586;1624(1642)1657. Op grond hiervan word die smeltoonde voorlopig onder die Vroeë Moloko ingedeel, maar daar moet in gedagte gehou word dat in die geval van smeltoonde daar die moontlikheid bestaan dat die datum beïnvloed kan word deur 'ou' hout wat as houtskool gebruik is om die erts te verhit. In die geval van die oonde van Magozastad is dit ook nie moontlik om uit die versierings op die enkele potskerwe wat op die oppervlak in die omtrek van die oonde voorkom, te bepaal of hulle tot die Vroeë of die Latere Moloko gereken behoort te word nie.

(ii) Terrein 2526CB9 (MGS4): Rabogadi

Terrein 2526CB9 (ook genommer as MGS4) is 'n Vroeë Molokoterrein wat sowat 2 km suidoos van bogenoemde terreine op die plaas Magozastad 248 JP geleë is (GPS-lesing van hut MGS4.2: 25° 33' 16,7" suid; 26° 17' 33" oos). Dit lê sowat 400 m wes van die Wilgeboomspruit (Maruntwane) en aan die noordelike voet van 'n heuwel bekend as Rabogadi. Soos op plan 5.11 aangedui word, kom daar minstens 59 hutvloeroorblyfsels op die terrein voor. Aangesien daar ook grootskaalse erosie op hierdie terrein voorkom, is dit heel moontlik dat verskeie van die hutoorblyfsels weggespoel het (kyk foto 13). Die feit dat daar wel 59 hutte behoue gebly het, maak 2526CB9 egter die grootste Vroeë Molokoterrein wat tot dusver gedokumenteer is. Tot op hede was terrein 29/72 op Olifantspoort naby Rustenburg wat deur Mason (1986:237) ondersoek is en uit 20 hutte bestaan het, die grootste Vroeë Molokoterrein wat bekend was. Op grond van die grootte van 2526CB9 kan afgelei word dat dit waarskynlik die sentrum of fokuspunt van al die kontemporêre Vroeë Molokoterreine op Magozastad en omstreke was.

Soos uit die terreinplan blyk, kom enkele klipmure naby sommige hutte in veral die suidelike deel van die terrein voor. Dit is juis hierdie deel van die vroeëre terrein wat feitlik by 'n latere klipmuurterrein (2526CB10) aansluit wat al langs die oostelike hang van Rabogadi strek. Dit is nie heeltemal duidelik of al die klipmure op terrein 2526CB9 inderdaad kontemporêr met die hutvloeroorblyfsels is en of sommige eerder met die latere klipbouvalkompleks verband hou nie. Die feit dat hierdie klipmure minder netjies gepak en meer vervalle voorkom as dié van terrein 2526CB10 en oënskynlik ook nie oor die oorblyfsels van Vroeë Molokohutte opgerig is nie, skep die indruk dat hulle wel met terrein 2526CB9 verbind kan word. Dit moet egter beklemtoon word dat die klipmure van terrein 2526CB9 geen duidelike patroon van uitleg vertoon nie, anders as in die geval van die klipbouwerk van die Latere Molokoterreine waar byvoorbeeld veekrale en afskortings van wooneenhede (*malapa*) deur klipmure gevorm is. Volgens plan 5.11 kom dit ook voor of twee breë groeperinge van hutte van noord na suid in die kompleks onderskei kan word, waarvan die kring van hutte in die noordelike deel nie juis met klipmure geassosieer is nie.

Hoewel die ondersoek na die aangrensende latere klipbouvalkompleks deur die grootskaalse indringing van sekelbos (*Dichrostachys cinerea*) bemoeilik is, kon daar wel boogvormige *malapa*-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mure en veekrale van klip op terrein 2526CB10 onderskei word. Bloot op grond van die voorkoms van die argeologiese strukture kon daar dus twee bewoningsfases onderskei word, maar die presiese chronologie van die bewoning van die twee terreine was nie voor die hand liggend nie.

Etnohistoriese en toponimiese inligting wat eers na afloop van die opgrawings op terrein 2526CB9 beskikbaar geraak het, het egter meer lig op die oorsprong van albei terreine gewerp. Tydens die aanvanklike ondersoek is die moontlikheid oorweeg dat die huidige naam van die plaas Magozastad van 'n selfstandige naamwoord in Tswana afgelei is, naamlik óf van *magôsana* (volgens Brown 1973:174 die kollektiewe meervoud van 'n aantal 'small chieftains'), óf van *magôsi* (volgens Snyman 1990:41 die kollektiewe meervoud vir 'n aantal 'konings'). Teen die einde van die 1996 is daar finaal uitsluitsel verkry dat die plaasnaam eintlik na 'n persoonsnaam teruggevoer kan word, naamlik dié van Mokgosi, die stamhoof van die Lete (Ba ga Malete) in die veertiger- en vyftigerjare van die vorige eeu. Hierdie afleiding berus op verskeie brokkies inligting.

Eerstens het pleknaamkundige navorsing teen die einde van Desember 1996 aan die lig gebring dat Rabogadi die Tswananaam is van die heuwel aan die voet waarvan die twee terreine, 2526CB9 en 2526CB10, lê. Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, het die opgetekende oorleweringe van die Lete, 'n Tswanastam van vermeende Ndebele-oorsprong, verhaal dat hulle hul teen die middel van die sewentiende eeu onder Maphalaole vir 'n kort ruk by Rabogadi gevestig het. Die aanduiding van die ligging van hierdie woonplek in die bronne was egter vaag en selfs teenstrydig. Tweedens is 'n verklaring gevind waarom verskeie blanke inwoners van die omgewing vandag nog na die plaas Magozastad as 'Magusstat' verwys, asook vir hul bewering dat hulle van die vorige generasie verneem het dat die naam van die plaas afgelei is van die naam van 'n sekere 'kaptein Magos of Magus' wat vroeër daar gebly het.

Die eerste leidraad oor die identiteit van 'Magus' of 'Magos' is vervat in die volgende skrywe van Thomas Jensen, 'n sendeling onder die Hurutshe by Dinokana, op 15 Mei 1879 aan H. Shepstone, die 'Secretary for Native Affairs' van die Britse Administrasie in die destydse Transvaal: 'The tribe known by the white people as Magos's people. The right name of the tribe is "Bagamalete". The chief is "Mokhosi". ... Formerly this tribe lived in the Transvaal on the Mariko river, but they fled for the hard treatment of the Boers.'[1] Hierdie getuienis stem ooreen met die mondelinge oorleweringe wat deur Vivien Ellenberger (1937:44) oor die Lete se lotgevalle in die negentiende eeu opgeteken is: 'From Maruping they moved to Rabogadi, where the tribe had lived in the days of Maphalaole - there they dug for iron. Mokgosi's people had no cattle when first they settled at Rabogadi, but they build up a big trade in iron implements, supplying the BaRolong, the BaTlhaping, the BaNgwaketsi, and the BaHurutse [sic] with axes, spears, hoes, bracelets, etc., in return for goats and later cattle.'

Die konflik tussen die Lete en die Boere in die vyftigerjare van die vorige eeu, asook die gebruik om na Mokgosi as Magus te verwys, word deur die volgende tydgenootlike verslag van A.H. Stander, destyds 'n kommandant in Marico, aan kommandant-generaal Andries Pretorius bevestig: 'Myn heer, daarna bin ik op den 5 Mey mit twee respe(c)table manne gereeden om een schikking tusschen de kafferopperhoof Magus in de heer Joco[b]us Zwart, sinior (te treffen).

---

1 Nasionale Argiefbewaarplek, Pretoria, Superintendent van Naturellesake (SN1, N91/79): T. Jensen - H. Shepstone, Linokana, 15/5/1879.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maar ik moet u zegg[en] als dat ik in myn leefvens daagen zoo een ontmoeting niet gehat hebt, want ik ben nauwelyks mit myn leeven vry gekoomen, in bin vervolg geworden omtrent in groote agthond[erd] tree mit een drygement myn doot te schieten of doot te slaan, in hebt myn geyst op den 6 deezer op Magus zyn kraal dan zal de gemelde Zwart myn schiete, dat myn de harslag waay, in als de kafferscaptyn durf trekken zal gem. Zwart zyn mag commandeeren in zal de laaste kaffers doot schieten.'[2] Op 25 Desember 1852 het kommandant P.E. Scholtz van Marico verklaar dat hy die volgende berig ontvang het: 'Van gister tot heeden is drie raporten by my ingekomen van 6 kapityns die gevlugt is namelyk Molo [Moilwa] en Meseg en Adons en Magus [Mokgosi] en Maslapyn [Ramatlapeng] en nog 5 hebt ik de tyding is naar de kant van Zegele [Setšhele]...'[3] In Ellenberger (1937:59) se historiese rekonstruksie word 1853 as die Lete se vertrekdatum uit Transvaal aangegee.

Uit hierdie inligtingsbronne blyk dit dat daar ten minste twee bewoningsfases by Rabogadi onderskei kan word, naamlik die aanvanklike vestiging van die Lete aldaar teen die middel van die sewentiende eeu onder Maphalaole en hul latere kortstondige terugkeer na hul vroeëre woonplek onder leiding van Mokgosi, enkele jare voor 1852. Hierdie interpretasie van die vestigingsgeskiedenis word egter gekompliseer deur die stelling van Breutz (1953:94) dat Thekiso, die stamhoof van die Bahurutshe booMenwe, 'for a long time resided at Rabogadi (Wilgeboomspruit 278)'. Volgens Breutz het Thekiso teen ongeveer 1690 geregeer, maar soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangetoon is, is hierdie chronologiese berekening problematies en het hy waarskynlik eers heelwat later in die agtiende eeu regeer. Dat Thekiso lank op Rabogadi gewoon het, rym ook nie met Breutz (1953:94, 141) se inligting dat hy vir die verskuiwing van die Bahurutshe booMenwe se hoofsetel van Tswenyane na *Pôwê*, naby die latere Dinokana, verantwoordelik was nie. Thekiso se verblyf by Rabogadi word ook nie in ander mondelinge bronne oor die voorgeskiedenis van die Hurutshe vermeld nie. Waar Breutz se etnohistoriese rekonstruksies dikwels onsistematies en vol teenstrydighede is, soos in hoofstuk I en II aangetoon is, word Ellenberger se bydrae oor die Lete deur Schapera (1941:85) as 'valuable' gereken. Die oorlewering dat 'n seksie van die Hurutshe onder Moilwa II in die veertigerjare van die vorige eeu vir 'n kort rukkie by Rabogadi vertoef het voordat hulle hul permanent by Dinokana gaan vestig het (Jensen 1947:178), lyk meer aanneemlik. Ook Sebego en sy volgelinge onder die Ngwaketse het na afloop van die *difaqane* vir 'n kort rukkie in die veertigerjare 'naby' die Lete onder Mokgosi gewoon, wat hulle op daardie stadium by Rabogadi bevind het (Schapera 1959[i]:70).

Ten spyte van 'n mate van onsekerheid, korreleer bogenoemde rekonstruksie van die vestigingsgeskiedenis van die Lete dus op die oog af met die twee terreinkomplekse wat tydens die argeologiese vindplekopname by Rabogadi op Magozastad onderskei is, te wete 2526CB9 en 2526CB10. Die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9, kan dus waarskynlik aan die Lete onder Maphalaole se vestiging by Rabogadi in die sewentiende eeu gekoppel word. Volgens mondelinge oorlewering het die Lete Rabogadi nog tydens die bewind van Maphalaole verlaat (Ellenberger 1937:35-36). Die klipbouvalkompleks op terrein 2526CB10 kan op sy beurt waarskynlik met die Lete onder Mokgosi se bewoning van Rabogadi in die negentiede eeu verbind word. In die lig

---

2 Krynauw, D.W. & Pretorius, H.S. 1949. *Transvaalse Argiefstukke*, p. 25: A.H.Stander - A.W.J. Pretorius, Marico 6/5/1850.

3 Krynauw, D.W. & Pretorius, H.S. 1949. *Transvaalse Argiefstukke*, p. 291: P.E. Scholtz - A.W.J. Pretorius, Marico, 25/12/1852.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervan is dit ook waarskynlik dat die ondersoek wat Harger (1941) in die dertigerjare by die heuwel Rabogadi op Magozastad gedoen het, hoofsaaklik op die latere klipbouvalkompleks betrekking gehad het, hoewel dit hoogs onwaarskynlik is dat hy op grond van die destydse kennis van die Ystertydperk tussen die twee bewoningsfases sou onderskei. Harger (1941:135) beskryf die terrein soos volg: 'The workshop site on Magoza Stad is on G.C.L. Rootman's portion of the farm, north-west of his homestead... A large native village once occupied this extensive area, which lies between the foot of a long high kopje of andalusite slate and diabase, and the west bank of the Wilgeboom Spruit: a rapidly flowing stream passing through a valley of rich alluvium.' Volgens mev. H.G. Badenhorst (persoonlike mededeling, 14 Februarie 1995) het die grond voorheen aan J.C.L. Rootman behoort, en nie G.C.L. Rootman soos Harger beweer nie.

In sy ondersoek het Harger (1941:129, 135-137, 140-141) die volgende vondste op die terrein ingesamel: koper- en serpentynsteenkrale, 'n gietvorm van steatiet wat moontlik vir die giet van koper gebruik is, asook ysterslak, 'n ysterhamer, tuyères en oorblyfsels van smeltoonde en hematieterts. Die versieringspatrone op die potwerk wat deur hom ingesamel is, is tipies van veral die Vroeë Molokofase, maar dit is moontlik daaraan toe te skryf dat die meeste versierde skerwe op die vroeëre terrein voorkom en moontlik daarvandaan ingesamel is (kyk Harger 1941:139, plaat XLIX). Hoewel ysterslak en 'n stukkie tuyère tydens die onlangse ondersoek op die oppervlak van die vroeëre terrein versamel is, is die smeltoonde waarna Harger (1941) verwys nog nie geïdentifiseer nie.

Die opgrawings op terrein 2526CB9, wat as MGS4 genommer is, het drie hutvloere, die oorblyfsels van 'n menslike geraamte en 'n ashoop ingesluit. Hut MGS4.1 stem baie ooreen met die hut wat op Rietfontein 89 JP (RFN2.1) opgegrawe is. Hoewel die hutvloer nie so goed behoue gebly het nie, kon sekere elemente tog onderskei word, soos gedeeltes van die kleiboë wat die hutvloer in twee verdeel het, die vuurherd en die stampblokholte (kyk foto 14 en 18 en plan 5.12). Twee potholtes, wat sowat 12 cm in deursnee is, kon in die verhewe gedeelte van die hutvloer onderskei word, wat sowat 10 cm hoër is as die laer gedeelte. Direk langs die vuurmaakholte, wat in die laer gedeelte van die hutvloer lê en drie ronderige klippe bevat, is 'n boonste maler aangetref. Die houtstampblokholte, wat ook in die laer gedeelte van die vloer voorkom, is sowat 34 cm in deursnee. Houtskool afkomstig van die stampblokholte is ontleed en behoort tot die gewone haakdoring (*Acacia caffra*). Die houtskool wat van die vuurherd net onderkant die kleiboë ingesamel is, behoort tot die Transvaalboekenhout (*Faurea saligna*), die karee (*Rhus lancea*) en doringbome (*Acacia* sp.). Hierdie houtskool het ook 'n radiokoolstofdatum van 400 ± 50 voor die hede (Pta-5416) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1462(1507,1596,1618)1638. Aangesien hierdie datum heelwat ouer was as dié van ander hutoorblyfsels op die terrein, is houtskool wat onder die muurpuin van die laer deel van dieselfde hutvloer herwin is (MGS4.1b) ook vir datering voorgelê. 'n Radiokoolstofdatum van 300 ± 50 voor die hede is verkry, wat soos volg gekalibreer kan word: 1638(1654)1669.

Die vloer van hut MGS4.2 word ook deur die oorblyfsels van kleiboë in twee dele verdeel (kyk foto 15 en 16, asook plan 5.13). Die paalmerke in die muurpuin wat die hutvloer bedek het, was duidelik sigbaar. 'n Potholte van sowat 10 cm in deursnee kon in die verhewe, agterste deel van die hutvloer onderskei word. Die vuurherdholte onderkant die kleiboë in die laer gedeelte van die hutvloer is sowat 50 cm in deursnee en bevat drie ronderige klippe. Daar kom ook 'n potholte en 'n stampblokholte in die laer, voorste gedeelte van die hutvloer voor. Houtskool afkomstig van die stampblokholte, wat sowat 25 cm in deursnee en ongeveer 15 cm diep is (kyk foto 17), is as *Acacia* sp. geïdentifiseer. Die houtskool tussen die drie klippe in die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vuurmaakholte het 'n radiokoolstofdatum van 210 ± 40 voor die hede (Pta-5650) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1669(1680)1693;1727(1755,1804)1816. Van die derde hut wat ondersoek is, hut MGS4.5, het behalwe die muurpuin slegs die vuurmaakplek met sy drie klippe behoue gebly (kyk foto 19). Houtskool van die vuurmaakplek het 'n radiokoolstofdatum van 230 ± 45 voor die hede (Pta-5784) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1661(1674)1686; 1735(1775,1799)1811.

Skerwe van slegs twee versierde potte is op die hutvloer MGS4.1 verkry (kyk figuur 5.18). Die oppervlakversameling, wat op of naby die hutvloeroorblyfsels op die terrein ingesamel is, sluit twee versierde heel bakke, een versierde heel pot, een onversierde heel potjie, potskerwe met lipgedeeltes afkomstig van 26 versierde houers, 'n versierde skerf sonder 'n liprand, 'n onversierde potskerf met 'n verdikte liprand en 'n gedeelte van 'n potdeksel in (kyk figuur 5.19-5.31). Die versierings op die potwerk is tipies van die Vroeë Moloko, en sluit polichrome bande in wat met rooi oker en/of grafiet gekleur is, dikwels in kombinasie met ingesnyde halfmaanvormige of boogpatrone ('arcs'). Onder die Pedi versinnebeeld hierdie versieringsmotief die *vulva* (Evers & Huffman 1988:740). Skuins insnydings onder die lipgedeelte van die potte is ook opvallend, en kom op 11 (35,48%) van die 31 versierde houers met 'n liprand voor.

Verdere oppervlakvondste op terrein 2526CB9 sluit twee metaalvoorwerpe in wat op een van die hutpuinkonsentrasies opgetel is. Een daarvan is 'n bronsarmband, met 'n deursnee van 61 mm en 'n dikte van 3mm, wat uit 6,8% tin en 92,7% koper saamgestel is. Die ander is 'n Hollandse knoopdop van geelkoper met 'n deursnee van tussen 9,5 en 10,5 mm. Twee gaatjies is daarin gemaak, sodat dit as 'n ornament kon dien (kyk Miller 1995:48-49; Miller & Markell 1993:107-108). Aangesien dit twyfelagtig is of Hollandse knoopdoppe die verre binneland voor die tweede helfte van die agtiende eeu kon bereik, is dit moontlik dat beide items uit konteks voorkom en eerder met die aangrensende latere klipbouval (terrein 2526CB10) verband hou.

Benewens die drie hutte is ook 'n askol in die suidwestelike gedeelte van die terrein opgegrawe. Hoewel onwaarskynlik, kan die moontlikheid nie heeltemal uitgesluit word nie dat die ashoop met die latere klipbouval (2526CB10) verband hou wat sowat 30 m suid daarvandaan begin nie. Twee aangrensende blokke van 2 m x 2 m in die askol, wat sowat 8 m van die naaste hut voorkom, is in arbitrêre lae van 10 cm opgegrawe totdat steriele bodem op ongeveer 20 cm bereik is. Benewens die faunareste het die verskillende lae die volgende vondste opgelewer:

MGS4.3.1: 65 onversierde potskerwe, 6 onversierde potskerwe met lipgedeeltes en 1 stukkie slak
MGS4.3.2: 7 onversierde potskerwe, 2 onversierde potskerwe met lipgedeeltes, asook 2 potskerwe wat met grafiet en rooi oker versier is
MGS4.4.1: 56 onversierde potskerwe, 9 onversierde potskerwe met lipgedeeltes, 2 versierde skerwe, 1 met 'n stilusversiering en die ander met grafiet en rooi oker gekleur, 1 kleihoring en 1 stukkie draad
MGS4.4.2: 11 onversierde potskerwe en 2 onversierde potskerwe met lipgedeeltes.

Dit is opvallend hoe vlak die askolafsetting is (die oorgrote meerderheid van die vondste kom uit laag 1) en hoe min versierde potskerwe opgegrawe is. Behalwe een gebreekte en vyftien heel volstruiseierdopkrale met 'n deursnee wat varieer tussen 7,2 mm tot 14,2 mm, is daar 'n beenkraal opgegrawe wat uit die langbeenskag van 'n groot voël vervaardig is. Die spesielys wat op grond van die 1042 opgegraafde beenfragmente saamgstel is, sluit oorblyfsels van *Bos taurus*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(bees), *Ovis aries* (skaap), *Capra hircus* (bok), *Aepyceros melampus* (rooibok), *Lepus/Pronolagus* (haas) en skilpad in (kyk tabel 5.1). Indien die aantal identifiseerbare skeletoorblyfsels in berekening gebring word nadat vir skeletkompleksiteit voorsiening gemaak is, het *Bos taurus* vir *Ovis/Capra* in verhouding 1.5:1 oortref. Wat die minimum aantal individue betref, is daar egter slegs ses eksemplare van *Bos taurus* teenoor nege van *Ovis/Capra* onderskei (Plug & Meyer zu Bargholz 1991b:2).

Faurea saligna (Transvaalboekenhout) en *Acacia* sp. (doringbome) is in die houtskool afkomstig uit die ashoop geïdentifiseer (Esterhuysen 1994). Houtskool uit laag 2 van blok MGS4.3.2 van die ashoop het ook 'n radiokoolstofdatum van 240 ± 45 voor die hede (Pta-5785) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1658(1671)1684;1741(1788,1795)1808. Hierdie datum, asook die aard van die faunareste en die opgegraafde artefakte, dui daarop dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die ashoop met die negentiende-eeuse bewoning van Rabogadi ten tye van die bewind van Mokgosi verband hou.

In een van die dongas in die noordelike gedeelte van die terrein het 'n menslike geraamte in 'n oop kol tussen 'n kring van hutte oopgespoel (kyk plan 5.13). Die area kon moontlik as 'n veekraal gedien het, maar geen fitoliettoetse is tot dusver op die ingesamelde grondmonsters uitgevoer om dit te bevestig nie. Die reste van die skedel en die postkraniale skelet, wat saam met 'n deurboorde skulp van die varswatermossel, *Unio/Aspatharia*, aangetref is, is sistematies verwyder en deur professor A.G. Morris (1992b) van die Universiteit van Kaapstad ontleed. Hy het dit as UNI4 in sy skeletkatalogus genommer (Morris 1992a:112). Van die kranium het die maksilla, die linkerkant van die gesig en die linkerkant van die kalvarium behoue gebly. Van die onderkaak ontbreek slegs die regter-*ramus*, maar die tandboog is volledig en die tande is nog in 'n baie goeie toestand. 'n Groot deel van die postkraniale skelet ontbreek, waaronder die linker-*femur*, die regter-*scapula* en verskeie *vertebrae*. Hoewel die bekken beskadig is, kon die ouderdom en geslag deels op grond daarvan steeds akkuraat bereken word. Volgens Morris (1992b:3) verteenwoordig die skelet 'n jong man wat in sy middel tot laat twintigerjare was toe hy gesterf het. Sy lengte was tussen 160 en 164 cm, en geen ooglopende patologiese oorsaak vir sy dood kon bepaal word nie. Hoewel dit moeilik is om op grond van 'n enkele vonds sodanige afleiding te maak, dui al die fisiese kenmerke van die individu volgens Morris (1992b:2) daarop dat dit as Negroïed geklassifiseer kan word. Beenkollageen van die skelet het 'n radiokoolstofdatum (Pta-7267) van 375 ± 20 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1511(1522,1565)1592;1621(1630)1637.

4. LATERE MOLOKOTERREINE

Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangedui is, het vroeëre opgrawings wat in Marico gedoen is, veral op die klipbouvalkomplekse van die Latere Molokofase betrekking. Ten opsigte van die huidige projek is toetsopgrawings op terrein 2526AC4 op Rietfontein 89 JP, terrein 2526CA26 (gedeeltes a en b) op Klaarstroom 237 JP, terrein 2526AC2 op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP uitgevoer. Die terreine op Klaarstroom en Kleinfontein (of Olifantspruit) is gekies omdat hulle vroeëre hoofsetels van die Bahurutshe booMenwe verteenwoordig, terwyl die terrein op Rietfontein 'n voorbeeld van een van die kleiner, mediumgrootte klipbouvalle in die navorsingsgebied is. Riekersdam is een van slegs 'n paar terreine naby die Marico- of Groot-Maricorivier waarop geen klipmure voorkom nie, maar wat ooglopend nie tot die Vroeë Molokofase behoort het nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC4 (RFN1)

Terrein 2526AC4, 'n klipbouvalkompleks, lê op 'n rant in die noordwestelike hoek van die plaas Rietfontein 89 JP (25° 23' 52" suid; 26° 07' oos) en word aan die westekant deur 'n plaasgrensdraad en 'n plaaspad deurkruis. Hierdie gedeelte van die plaas, wat voorheen as Struan bekend was, maak ook deel van Orion-Wildplaas uit. Soos in die vindplekopname in hoofstuk III genoem is (kyk tabel 3.3), is dit 'n mediumgrootte klipbouval. Slegs 'n gedeelte van die terrein rondom die toetsopgrawing in die klein ashoop teenaan 'n losstaande klipmuur is gekarteer (kyk plan 5.14). Die presiese funksie van die klipmuur is nie duidelik nie, maar dit kom naby drie veekrale voor en is moontlik in die area geleë waar die *kgotla* of vergaderplek van een van die vestigingseenhede geplaas kon word. Rondom die veekrale kom daar verskeie klipmure voor wat in 'n boogvorm gerangskik is en waarskynlik woonareas (*malapa)* afgeskort het. Hoewel geen opsigtelike hutvloeroorblyfsels op die gekarteerde gedeelte opgemerk is nie, kom daar wel enkele kliphope voor wat as basis vir graanhouers kon dien en moontlik 'n aanduiding gee van waar die hutte geplaas is.

Die askol teenaan die klipmuur (kyk foto 20) is in drie arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe (RFN1.1.1-RFN1.1.3) en het hoofsaaklik faunareste opgelewer. In totaal is 2069 faunafragmente opgegrawe, waarvan die identifiseerbare eksemplare oorwegend tot *Bos taurus* en *Ovis/Capra* behoort (kyk tabel 5.2). Indien die aantal identifiseerbare skeletdele in berekening gebring word, was die verhouding tussen bogenoemde 3:1 (Plug & Meyer zu Bargholz 1991a:3). Daar is ook oorblyfsels van wildspesies soos die blesbok (*Damaliscus dorcas*) en die buffel (*Syncerus caffer*) gevind, terwyl oorblyfsels van die skilpad en die varswatermossel, *Unio/Aspatharia*, moontlik daarop dui dat hulle as voedselbron gedien het. Die opgrawing het ook die faunareste van 'n enkele *Canis* sp. opgelewer. Daarbenewens is daar 12 volstruiseierdopkrale en 16 krale van die skulp van die landslak, *Achatina*, teruggevind. Die deursnee van die volstruiseierdopkrale wissel van 5,1 mm tot 7,5 mm, en dié van die *Achatina*-krale van 5,0 mm tot 7,7 mm. Twee beenkrale wat uit die middelvoetbeenskag van 'n skaap of bok gemaak is, maar waarvan een nog onvoltooid was, is ook herwin. In laag 2 is daar 'n blou glaskraal opgediep; 2526AC4 is die enigste ander terrein in Suidoos- en Sentraal-Marico naas Kaditshwene op die grens tussen Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP en Mmakgame op Vergenoegd 279 JP waar 'n soortgelyke vonds gemaak is. Vier kleistukkies, een in laag 1 en drie in laag 2, wat lyk soos die horings van beesbeeldjies, is opgegrawe. Laag 3 het ook twee stukke ysterslak en die boonste maler van 'n maalklip opgelewer. Houtskool van laag 3 van die ashoop het 'n radiokoolstofdatum van 220 ± 50 jaar voor die hede opgelewer (Pta-5432), wat soos volg gekalibreer kan word: 1663(1677)1693;1727(1768,1802)1816.

Die opgegraafde potwerk was by uitstek onversier: 188 onversierde skerwe in laag 1, 163 onversierde skerwe in laag 2 en 99 onversierde skerwe in laag 3. In laag 2 is drie versierde skerwe opgegrawe, waarvan twee tekens van randkeping ('rim-notching') getoon het. Die derde skerf, met inkepings net onder die lipgedeelte, word in figuur 5.33 uitgebeeld. By een van die klipmure op die terrein buite die gekarteerde area is daar ook 'n heel kleipot deur een van die plaaseienaar se werkers gevind (kyk figuur 5.32). Hierdie kleipot het 'n koniese potdeksel en was vol saad wat met 'n stukkie vel bedek was. Volgens Du Plessis (1990) behoort die saad tot die volgende spesies: *Citrullus lanatus* (tsamma en makataan), *Cucurbita maxima* (boerpampoen) en *Vigna unguiculata* (akkerbone). Dit is natuurlik 'n ope vraag of die pot met saad met die bewoning van die klipmuurterrein geassosieer kan word, en of dit in meer resente tye daar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geplaas is. Die vonds gee nietemin 'n aanduiding van die wyse waarop die Ystertydperkbewoners waarskynlik saad tot 'n volgende plantseisoen bewaar het.

Aan die westekant van die terrein kom daar ook 'n dagsoom van seepsteen voor wat deur die bewoners van die klipmuurkompleks benut kon word om onder meer bakke of rookpype te vervaardig. 'n Rookpyp is deur H.G. Robertson, 'n vorige eienaar van hierdie gedeelte van Rietfontein by een van die klipbouvalle op die plaas opgetel. Die pyp, wat deur Walton (1953a:96, 98) as 'n 'bevelled rim type' beskryf word en volgens hom uit 'sandsteen' gemaak is, is 153 mm lank en het 'n maksimum deursnee van 102 mm. Hoewel die presiese plek waarvandaan dit afkomstig is, nie bekend is nie, het Robertson ook vier steatietkrale by vermoedelik een van die talle klipbouvalle op Rietfontein opgetel (Laidler 1937:45).

b. Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)

Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, word daar in die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe booMenwe gemeld dat Mmutlagae (of Mmutlawagae) op die teenswoordige Klaarstroom 237 JP in die loop van die agtiende eeu as hul hoofsetel gedien het. Uit die opgetekende oorleweringe is dit egter nie duidelik nie of Tirwe reeds in 1730 vanaf Mmutlagae geregeer het, soos Breutz (1953:94-95) bereken het, en of hy eers teen 1770-1790 in beheer was, soos uit Schapera (1942:3) se rekonstruksie van die geskiedenis van die Ngwaketse afgelei kan word. Die klipbouvalkompleks op Klaarstroom is op 'n rantjie geleë wat aan die voet van 'n hoër heuwelreeks lê wat tans as Zeerust-se-berge bekend staan. Dit bestaan uit verskillende woonareas, wat deur betreklik groot ruimtes van mekaar geskei word en vir meer as 'n kilometer in 'n oostelike rigting tot teenaan die Kareespruit strek. Twee eenhede van hierdie terreinkompleks, 2526CA26a (GPS:lesing van ashoop KSM1.1 op plan 5.15): 25° 31' 20,2" suid; 26° 01' 08,8" oos) en 2526CA26b (GPS-lesing van pot in muur op plan 5.16: 25° 30' 56,9" suid; 26° 01' 01,6" oos), is ondersoek. Indien die eenhede saam beoordeel word, verteenwoordig die klipbouvalkompleks op Klaarstroom 237 JP en die aangrensende Kareespruit 238 JP een van die grootste Ystertydperkvindplekke wat tydens die ondersoek in die navorsingsgebied opgespoor is. Volgens die inligting wat tans beskikbaar is, is slegs Kaditshwene, Mmakgame en Borutwe omvangryker.

(i) Terrein 2526CA26a (KSM1.1)

Soos op plan 5.15 aangedui word, bestaan terrein 2526CA26a uit 'n aantal klipmure waarvan die uitleg nie 'n opvallende patroon uitmaak nie. Dit kan deels toegeskryf word aan versteurings van die terreinuitleg deur resente bou-aktiwiteite op 'n gedeelte van die terrein. Sodanige versteuring van die terrein strek moontlik verder terug, aangesien Breutz (1956:160) meld dat van die klipmure op die aangrensende Kareespruit gestroop is om 'n 'fortified outlook' tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog te bou. Die funksie van die verskillende ruimtes wat gevorm word deur die mure wat met leiklip gepak is, sal dus slegs deur uitgebreide opgrawings bepaal kan word. Die toetsopgrawing in een van die ashope, 'n blok van 2 m x 2 m (KSM1), is in 5 arbitrêre lae van 10 cm elk uitgevoer totdat steriele bodem op ongeveer 53 cm bereik is (foto 21).

Die toetsopgrawing in ashoop KSM1.1 het 2545 beenreste opgelewer, waarvan 154 identifiseerbaar was (Plug & Meyer zu Bargholz 1994). Soos uit tabel 5.3 blyk, sluit die identifiseerbare spesies *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bok), *Connochaetes taurinus*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(blouwildebees), *Alcelaphus buselaphus* (rooihartbees), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Lagomorph* (haas), skilpad en *Struthio camelus* (volstruis) in. Laasgenoemde is op grond van 28 volstruiseierdopkrale geïdentifiseer waarvan vyftien heel was. Die deursnee van hierdie krale wissel van 5,0 mm tot 7,8 mm.

Benewens die faunareste, het KSM1.1 ook 'n beduidende hoeveelheid potskerwe, houtskool, slak en tuyèregedeeltes opgelewer. In totaal het die vyf lae 180 potskerwe opgelewer, waaronder sewe met onversierde lipgedeeltes. Slegs uit laag 3 is 'n enkele versierde skerf met inkepings op die rand herwin (kyk figuur 5.33). KSM1.1.2 het ook 'n gebreekte rookpyp uit gebakte klei opgelewer (kyk figuur 5.35).

Die ashoopopgrawing van KSM1.1 verskil van ander soortgelyke opgrawings in die navorsingsgebied vanweë die groot hoeveelheid ysterslak, oondklei en tuyèrefragmente wat dit opgelewer het. Die metaalbewerkingsoorblyfsels was oor al die lae heen en deur die hele blok versprei, hoewel die onderste drie lae (KSM1.1.3, KSM1.1.4, KSM1.1.5) die meeste daarvan bevat het. 'n Feitlik volledige tuyère kon uit verskillende kleistukke uit laag 3 en 4 gerekonstrueer word (kyk foto 22). Die bepaling van presiese afmetings is moeilik, maar hierdie tuyère, wat ongeveer 320 mm lank is, het 'n wanddikte van 23 mm en 'n opening waarvan die gemiddelde deursnee ongeveer 47 mm is. Die een punt van die tuyère is feitlik toegeslak, terwyl die ander punt 'n trompetvormige mond het, waarvan die deursnee aan die buiterand van die tuyèremond ongeveer 111,5 mm is. Die grootte van twee ander tuyèrefragmente uit laag 4 (KSM1.1.4), wat albei slakaanpaksels aan die een punt het, was ook opvallend, soos blyk uit die afmetings van die meetbare stukke: die een is ongeveer 20 cm lank, met 'n wanddikte van 18 mm en 'n opening van 59,3 mm in deursnee; die ander is ongeveer 12 cm lank, met 'n wanddikte van 21,3 mm en 'n opening van ongeveer 50 mm in deursnee. Daarbenewens is 'n tuyèrefragment met slakaanpaksel aan die een punt uit laag 4 teruggevind waarvan die wand opmerklik dunner as dié van bogenoemde fragmente was: dit is ongeveer 14 cm lank, met 'n wanddikte van 10,5 mm en 'n opening van ongeveer 46,3 mm in deursnee.

Volgens Duncan Miller (persoonlike mededeling, 20 Maart 1991) is die tuyères van Klaarstroom die grootste eksemplare wat hy nog in sy studie van Ystertydperkmetallurgie in Suid-Afrika teëgekom het. Hoewel daar nog verdere ondersoek oor hierdie aangeleentheid nodig is, het hy hom in 'n skriftelike mededeling (15 Augustus 1995) soos volg oor tuyèregroottes uitgelaat: 'As far as I know there is no direct relationship between tuyère size and furnace dynamics. The smithing tuyères I have seen tend to be larger than furnace ones, and have a more flared trumpet shape.' 'n Ontleding van 27 stukkies slak uit laag 4 (KSM1.1.4) het egter daarop gedui dat dit nie van smidswerk afkomstig was nie, maar 'a bloomery iron smelting furnace slag which had cooled fairly slowly from high temperature in a reducing atmosphere' verteenwoordig het (Miller 1995:47). Hoewel dit uiters moeilik is om te onderskei tussen slak wat van die smelt- of smidsproses afkomstig is (Miller, Boeyens & Küsel 1995:41), sou die ontleding van 'n veel groter slakmonster uit die opgegraafde ashoop moontlik lig kan werp op die vraag of die groot tuyèrefragmente eerder met smidswerk verband hou.

Die aard van die metallurgiese oorblyfsels, asook die verspreiding daarvan deur die afsetting, maak dit uiters onwaarskynlik dat die area eers 'n smeltplek was en dat die ashoop later oor die reste van die smeltoond gevorm het. Houtskool afkomstig van laag 2 van die ashoop (KSM1.1.2) het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5425) van 190 ± 40 voor die hede opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1674(1686,1738)1775;1799(1810)1825;1834-1878.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(ii) Terrein 2526CA26b (KSM2)

KSM2 lê sowat 400 m noord van KSM1. In die area tussen die twee klipmuurkomplekse (GPS-lesing: 25° 31' 14,1" suid; 26° 01' 09,6" oos) kom daar verskeie ysterslakkonsentrasies en ook groot aambeeldklippe voor wat op metaalbewerking dui (kyk foto 23). 'n Gedeelte van die terrein 2526CA26b, wat deur 'n grensdraad in twee plaaseenhede verdeel word, is gekarteer (kyk plan 5.16). Op die terreinplan word ten minste twee groterige veekrale en die oorblyfsels van vyf hutte aangedui. Laasgenoemde word deur klipsirkels onderskei wat bestaan uit 'n enkele ry klippe wat in 'n sirkel ingeplant is om die basis van die hut se paal-en-klei-mure te vorm. Ongeveer 50 m ten noorde van die terrein (GPS-lesing: 25° 30' 50,8" suid; 26° 01' 04,4" oos) kom verskeie slakkonsentrasies en aambeeldklippe voor wat op die bewerking van yster dui.

In een van die klipmure wat waarskynlik 'n beeskraal afbaken (kyk plan 5.16), is 'n holte gelaat waarin 'n onversierde pot aangetref is waarvan slegs die bodem gebreek was (kyk foto 25). Die pot was ongeveer 24 cm hoog en die mondopening het 'n deursnee van 21 cm. Daarbenewens is twee langwerpige klippe opgetel waarin vlak gleuwe voorkom wat sowat 2,5 cm breed is. Die een klip is ongeveer 49,5 cm lank, 12,5 cm breed, 4,5 cm dik (kyk foto 24), terwyl die ander ongeveer 19 cm lank, 7 cm breed en 3 cm dik is. Albei die klippe, wat oënskynlik nie volledig behoue gebly het nie, het ongetwyfeld as basis vir die tipiese houtskuifdeure ('sliding doors') van die Tswana gedien. Volgens tydgenootlike beskrywings het sodanige houtskuifdeure teen die middel van die negentiende eeu nog steeds onder die Fokeng van Mokgatle naby Rustenburg voorgekom, terwyl dit ook by verskeie Latere Ystertydperkterreine geïdentifiseer is wat met die Tswana verbind word, onder andere by Olifantspoort, Thabeng, Molokwane en Matloang (Maggs 1993:32-33).

Tydens die verkenning van die terrein is daar in 'n area net noordwes van die klipmure ook enkele potskerwe op die oppervlak ingesamel wat op die oog af 'ouer' as die tipiese Latere Molokopotwerk vertoon het (kyk figuur 5.34 vir enkele voorbeelde). Hierdie waarneming is tydens die kartering van die terrein bevestig toe daar aan die noordwestekant van die klipmuurkompleks tekens van minstens drie hutte aangetref is wat kenmerke van die Vroeë Molokohutvorm vertoon. Soos in die beskrywing van die Vroeë Molokoterreine van Rietfontein 89 JP en Magozastad 248 JP aangetoon is, word hierdie hutte deur 'n kleirif met boë gekenmerk wat die hutvloer in twee dele verdeel. Hoewel dit dus moontlik is dat 'n vroeëre bewoningsfase op die terrein voorkom, kan hierdie ouer hutvorme bloot daarop dui dat die bewoning van die klipbouvalkompleks van terrein 2526CA26b verder teruggaan. Die opgrawings het op twee askolle gekonsentreer wat met die klipbouvalkompleks verband hou.

Askol KSM2.1

'n Blok van 2 m x 2 m is in 'n askol teenaan 'n klipmuur in 4 arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe totdat steriele bodem bereik is. Benewens die faunareste, het die opgrawings die volgende vondste opgelewer:

KSM2.1.1: 70 onversierde skerwe, waarvan 4 met lipgedeeltes; 2 skerwe wat met rooi oker gekleur is, 1 skerf wat met grafiet en rooi oker gekleur is en 2 versierde skerwe met lyninsnydings of stempelafdrukke wat in figuur 5.33 uitgebeeld word

KSM2.1.2: 1 stukkie ysterslak, 32 onversierde potskerwe, waarvan 2 met lipgedeeltes; 1 versierde skerf met lyninsnyding

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KSM2.1.3: 34 onversierde potskerwe; 1 potskerf met inkeping op die lipgedeelte (kyk figuur 5.33); 3 skerwe wat met rooi oker gekleur is, waarvan 2 met stilusafdrukke en 1 met lyninsnydings versier is; 1 stukkie ysterslak
KSM2.1.4: 12 onversierde potskerwe.

Die houtskool van die eerste drie lae is ontleed (Esterhuysen 1994) en daaruit blyk dit dat veral *Acacia*-spesies soos *caffra* (gewone haakdoring), *karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeuel) en *galpinii* (apiesdoring), maar ook *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) en *Rhus lancea* (karee) benut is (kyk tabel 5.6). Die houtskool van laag 4 is vir radiokoolstofdatering voorgelê en het 'n datum van 180 ± 45 voor die hede (Pta-5426) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886.

KSM2.1 het 1096 faunareste opgelewer waarvan 212 identifiseerbaar was. Soos uit tabel 5.4 blyk, kon die volgende spesies onderskei word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/capra* (skaap/bok), *Gallus domesticus* (hoender), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Antidorcas marsupialis* (springbok), *Raphicerus campestris* (steenbok), *Aepyceros melampus* (rooibok), *Struthio camelus* (volstruis), varswaterkrappe en 'n kleinerige voël (Plug & Meyer zu Bargholz 1994). Die oorblyfsels van *Struthio camelus* sluit 85 heel en gebreekte volstuiseierdopkrale in waarvan die deursnee tussen 4,3 mm en 8,5 mm wissel.

Askol KSM2.2

'n Blok van 2 m x 2 m is in 'n nabygeleë askol (kyk plan 5.16) van dieselfde woonkompleks uitgemeet en in twee arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe. Hierdie opgrawing het benewens faunareste, die volgende vondste opgelewer:

KSM2.2.1: 31 onversierde potskerwe, waarvan 3 met lipgedeeltes; 1 potskerf wat met rooi oker versier is; 1 skuurklip sowat 5 cm in deursnee; die kleihoring van vermoedelik 'n beesfiguur.
KSM2.2.2: 41 onversierde potskerwe, waarvan 3 met lipgedeeltes; 1 ysterlem met 'n stomp punt, sowat 8,5 cm lank, 1 cm breed en 2 mm op sy dikste.

Houtskool uit laag 2 van die askol het 'n radiokoolstofdatum van 140 ± 50 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1686-1738;1810(1884,1920)1944. Die faunaversameling van KSM2.2 bestaan uit 738 vondste waarvan 102 identifiseerbaar was. Uit die spesielys in tabel 5.5 blyk dit dat ten minste die volgende spesies onderskei kon word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bees), *Canis* sp. (hond?), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Equus burchelli* (sebra), *Procavia capensis* (dassie), *Struthio camelus* (volstruis) en die landslak *Achatina*. Slegs drie volstruiseierdopkrale met 'n deursnee van onderskeidelik 7,0, 7,1 en 5,9 mm is herwin. Wanneer die aantal identifiseerbare skeletdele in die faunareste van al drie opgrawings op Klaarstroom in berekening gebring word, blyk dit dat die verhouding tussen *Bos taurus* en *Ovis/Capra* 2:1 was (Plug & Meyer zu Bargholz 1994:2).

c. Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP: terrein 2526AC2 (Kaditshwene)

In die bespreking van die dispuut in verband met die ligging van die Hurutshehoofstad in die vorige hoofstuk is daar aangetoon dat die groot klipbouvalkompleks op die rantereeks op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP as

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaditshwene geïdentifiseer kan word. Daar is ook aangevoer dat dit moontlik is om die ligging van die sentrale gedeelte van die stamhoof se kompleks (die *kgôsing)*, spesifiek dié van die openbare vergaderplek of *kgotla* en die groot beeskraal, aan die hand van John Campbell se sketse van Kaditshwene in Mei 1820 te bepaal. Vir opgrawingsdoeleindes is die grootste ashoop (KLF1.1) in die stamhoof se kompleks (kyk foto 50) en 'n nabygeleë hut (KLF2.1) geselekteer. Soos uit plan 5.17 blyk, is sowel die ashoop as die *lapa* waarin die hut gestaan het, digby die sentrale *kgotla* of openbare vergaderplek van die stamhoof geleë (GPS-lesing van die ashoop: 25° 21'25" suid; 26° 10' 3,5" oos). In Campbell se skets van die stamvergadering of *pitsô* wat op 10 Mei 1820 in die groot *kgotla* op Kaditshwene gehou is, word die ashoop word as 'n bultjie ten noordweste daarvan uitgebeeld, waarop 'n aantal mense gestaan het (kyk foto 47 en Campbell 1822[i]:268-269).

Opgrawing KLF1.1

Daar is aanvanklik 'n blok (A-B-C-D) van 4 m x 2 m oor die ashoop uitgemeet, maar na die eerste laag (0-10 cm) is die opgrawing tot 'n vierkant (A-B-E-F) van 2 m x 2 m verklein (kyk plan 5.18). Dit is onder andere gedoen om tyd en koste te bespaar, en hierna is alle ander ashope in die navorsingsgebied in blokke van dieselfde grootte (2 m x 2 m) opgegrawe. Die ashoop is in arbitrêre lae van 10 cm opgegrawe totdat rooierige, steriele bodem in laag 12 op ongeveer 115 cm bereik is. Hoewel daar plek-plek konsentrasies van hutpuin of houtskool in die vaalbruin asafsetting aangetref is, het dit geen deurlopende stratigrafiese patroon in die ashoop gevorm nie. Dit blyk duidelik uit die profieltekening van die sy A-B van die opgegraafde vierkant (kyk plan 5.18). Die ashoopopgrawing het benewens 'n groot versameling faunareste en 'n klein aantal glaskrale, die volgende vondste opgelewer:

KLF1.1.1:	727 potskerwe waarvan 702 onversier is; 1 ysterlem en 1 stukkie slak; 'n ysterartefak, waarskynlik 'n skraper of 'n klein dissel
KLF1.1.2:	112 potskerwe waarvan 102 onversier is; 3 kleihorings van vermoedelik 'n beesfiguur
KLF1.1.3:	185 potskerwe waarvan 168 onversier is; 1 ronde skerf met 'n deursnee van ongeveer 5 cm wat moontlik as weiprop gedien het
KLF1.1.4:	58 potskerwe waarvan 57 onversier is; 'n Hollandse geelkoperknoopdop met 'n deursnee van 16 mm waarin twee gaatjies aangebring is (kyk Miller & Markell 1993:107-108)
KLF1.1.5:	78 onversierde potskerwe
KLF1.1.6:	151 potskerwe waarvan 144 onversier is
KLF1.1.7:	55 onversierde potskerwe
KLF1.1.8:	107 potskerwe waarvan 106 onversier is
KLF1.1.9:	144 potskerwe waarvan 134 onversier is; 1 van die skerwe verteenwoordig waarskynlik kinderpotwerk
KLF1.1.10:	47 potskerwe waarvan 40 onversier is
KLF1.1.11:	55 potskerwe waarvan 54 onversier is
KLF1.1.12:	17 onversierde potskerwe.

In totaal is daar dus 1726 potskerwe uit die ashoopopgrawing verkry waarvan slegs 81 (4,6%) versier was. Soos in die sketse in figuur 5.36, 5.37 en 5.38 uitgebeeld word, kom polichrome potwerk voor waarin daar van rooi oker en/of grafiet gebruik gemaak is, 'n kenmerk van die Molokopotwerkstyl. Die opvallendste versieringsmotief was egter inkepings op die lip of rand van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die houer en stilusafdrukke. Die klein persentasie versierde potwerk bevestig die patroon wat by ander klipbouvalterreine in Marico opgemerk is, sowel by die opgegraafde terreine op Rietfontein 89 JP en Klaarstroom 237 JP as by die terreine wat tydens die opname verken is. Dit staan egter in kontras met die volgende opmerking van P.W. Laidler (1938:133), wat Kaditshwene in 1935 besoek en waarskynlik dieselfde groot ashoop waargeneem het as wat onlangs opgegrawe is: 'The middens around the chief's great place produced a preponderance of ornamented pottery, other middens a preponderance of plain...'. Laidler (1938:plaat XVII) het egter slegs enkele potskerwe van Kaditshwene afgebeeld, waarvan die versieringsmotiewe ooreenstem met dié wat tydens die onlangse opgrawings teruggevind is.

Die ysterartefak uit laag 1 word deur Miller (1995:48) as 'a spatulate scraper or small-bladed adze with a square cross-section shaft' beskryf. Die totale lengte daarvan is 119 mm, waarvan die skag sowat die helfte uitgemaak het. Die breedte van die lem is 35 mm en die massa van die voorwerp is 32,47g. Drie slakmonsters wat op die oppervlak by twee verskillende metaalbewerkingsareas aan die noordwestelike kant van die *kgôsing* versamel is, is ook deur Miller (1995:47) ondersoek. Slak afkomstig van 'n slakhoop wat ongeveer 7 m x 6 m groot is (GPS-lesing: 25° 21' 15,1" suid; 26° 09' 54,3" oos), is as 'bloomery iron smelting furnace slag' geklassifiseer. Hoewel gepoleerde seksies van twee slakmonsters van 'n nabygeleë area (GPS-lesing: 25° 21' 19,9" suid; 26° 09' 53,7" oos) aanvanklik daarop gedui het dat albei die resultaat van 'n ystersmeltproses was, het die chemiese analise teenstrydige resultate opgelewer. Terwyl die een monster (E1A) nie juis van ander ystersmeltslak van Marico verskil het nie, het die ander monster (E1B) ongeveer 1% koper bevat en is dit deur Miller (1995:47) as 'a copper working slag' geklassifiseer wat eerder van 'n kopersmeltoond as 'n kopersmidsoond afkomstig was. Die identifisering van koperslak is dikwels problematies, soos blyk uit die volgende stelling van Miller (1995:42): 'Efficient copper smelting can remove almost all the copper, leaving a lean slag with very low quantities of copper. In some cases copper working slags contain visible metallic iron ... which may mislead the investigator even further.'

Die opgrawing in ashoop KLF1.1 het 'n faunaversameling van 13 786 fragmente opgelewer waarvan 1087 (7.88%) identifiseerbaar was. Aangesien die ashoop na aan die sentrale *kgotla* van die stamhoof geleë was, kan daar aanvaar word dat dit nie net oorblyfsels van diere sou bevat wat deel van die normale dieet van die inwoners uitgemaak het nie, maar ook dié van diere wat tydens openbare vergaderings, hofsake of rituele geleenthede geslag en geëet is. Voorts sluit dit ook oorblyfsels in van diere wat waarskynlik as tribuut aan die stamhoof of regent oorhandig is, en waarvan sommige eerder om hul pelse of vere as hul vleis gesog was. Behalwe gedomestiseerde diere soos *Bos taurus* (bees), *Ovis aries* (skaap), *Capra hircus* (bok), *Gallus domesticus* (hoender) en *Canis familiaris* (hond), sluit die spesielys ook die volgende in: *Equus burchelli* (sebra), *Phachochoerus aethiopicus* (vlakvark), *Alcelaphus buselaphus* (rooihartbees), *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe), *Redunca fulvorufula* (ribbok), *Pedetes capensis* (springhaas), *Lagomorph* (haas), *Struthio camelus* (volstruis), *Cercopithecus aethiops* (blou-aap), *Otocyon megalotis* (bakoorjakkals), *Canis mesomelas* (rooijakkals), *Ictonyx striatus* (stinkmuishond), *Hyaena brunnea* (bruinhiëna), *Panthera leo* (leeu), *Torgos tracheliotis* (swartaasvoël), *Saggitarius serpentarius* (sekretarisvoël), *Rattus rattus* (huisrot), die varswatermossels *Unio caffer, Unionidae* en *Aspatharia*, die varswaterkrap, *Potamonautis*, en die hartmossel *Veneridae* (kyk tabel 5.7).

Daar is 86 krale van volstruiseierdop en drie beenkrale teruggevind. Een van die beenkrale is moontlik van 'n voël afkomstig. Die deursnee van die volstruiseierdopkrale wissel van 3,2 mm tot 8,6 mm; 36 hiervan (41,86%) se deursnee lê tussen 4 mm en 6 mm. Hierbenewens is daar 43

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

glaskrale (40 heel en drie gebreek) uit die ashoop herwin wat deur Sharma Saitowitz (1991) van die Universiteit van Kaapstad bestudeer is (kyk tabel 5.9). Sy beskryf die krale soos volg: 'The majority of the beads from this collection can be classified as: Monochrome beads, type 11a. The method of manufacture was by the "drawn" technique. The bulk of the beads are small (i.e. between 2-4 mm) and the predominant colour is Bright Navy, Munsell No. 7.PB 2/8.' Die refraksie-indeks van 5 krale is bepaal (1.5610, 1.5504, 1.5534, 1.5205 en 1.5156) en dit is ietwat hoër as die gemiddeld wat vir krale van die Zulunedersettings, Mgungundlovu en Ondini, verkry is. Volgens Saitowitz (1991) kan dit moontlik aan die aanwesigheid van lood in die glas toegeskryf word, terwyl die variasie in die indekse daarop dui dat verskillende glasvervaardigers betrokke was.

Houtskool afkomstig van die ashoop is vir radiokoolstofdatering voorgelê en die volgende datums is verkry: Pta-5293 (KLF1.1.2 [laag 2]): 180 ± 20 voor die hede; Pta-5870 (KLF1.1.6 [laag 6]): 180 ± 45 voor die hede en Pta-5296 (KLF1.1.11 [laag 11]): 200 ± 20 voor die hede. Die datums dui dus daarop dat die ashoop oor 'n betreklik kort periode geakkumuleer het en kan soos volg gekalibreer word:

- Pta-5293 180 ± 20 vh: 1682(1689)1698;1720(1733)1745;1807(1813)1819
- Pta-5870 180 ± 45 vh: 1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886
- Pta-5296 200 ± 20 vh: 1677(1682)1689;1733(1745)1768;1802(1807)1813.

Houtskool van ses lae wat nie vir dateringsdoeleindes gebruik is nie, is vir identifikasie voorgelê en 'n lys van 25 boomsoorte wat onderskei is, word in tabel 5.8 aangedui. Die lys dui slegs aan of 'n bepaalde spesie geïdentifiseer kon word, en nie hoeveel stukke daarvan onderskei kon word of watter persentasie van die houtskoolmonster dit uitgemaak het nie (Esterhuysen 1994). Uit die houtskoolanalise kan afgelei word dat 'n groot verskeidenheid boomspesies deur die inwoners van Kaditshwene benut is, maar van die 25 spesies wat onderskei is, is slegs *Acacia karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeuel) en *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) in al ses lae aangetref. Ander spesies wat in ten minste vier lae voorkom, is *Canthium inerme* (doringels), *Celtis africana* (witstinkhout), *Combretum apiculatum* (rooiboswilg), *Croton gratissimus* (laventelkoorsbessie) en *Rhus lancea* (karee). Al die boomspesies wat onderskei is, kom tans nog op Kaditshwene of in die nabyheid daarvan voor, sodat daar uit die houtskoolanalise afgelei kan word dat die plantegroei in die omgewing van die Hurutshehoofstad destyds baie dieselfde was as wat teenswoordig die geval is. Soos in hoofstuk III, afdeling 3, aangetoon is, dui John Campbell se sketse van Kaditshwene gedurende sy besoek in Mei 1820 egter daarop dat daar destyds op die rant self slegs enkele groot bome voorgekom het. Die hout kon natuurlik vir verskillende doeleindes benut gewees het, onder andere as brandhout, vir die bou van hutte en krale, asook die vervaardiging van ornamente en gebruiksvoorwerpe.

Opgrawing KLF2.1

Die oorblyfsels van hut KLF2.1 maak deel uit van die wooneenhede (*malapa*) wat direk noord van die sentrale *kgotla* en beeskraal van die *kgôsing* geleë is (kyk plan 5.17). Soos in hoofstuk VI, afdeling 3.a, aangetoon sal word, is hierdie *malapa* tydens John Campbell en Stephen Kay se besoeke aan Kaditshwene waarskynlik deur die regent, Diutlwileng, en sy gesinnegroep bewoon. Agter hut KLF2.1 kom daar nog 'n kleiner klipsirkel en 'n kliphopie voor. Al hierdie strukture word deur 'n halfmaanvormige klipmuur van Magaliesbergkwartsiet, wat op foto 52

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sigbaar is, van die aangrensende *lapa* afgeskort. KLF2.1 lê ook na aan die opgegraafde ashoop, KLF1.1, en dit is 'n ope vraag of die hut voor of na die vorming van die ashoop verlaat is.

Weens reën ten tye van die opgrawing kon 'n gedeelte van die voorste deel van die hutvloer links van die deuropening nie opgegrawe word nie. Soos uit plan 5.19 en foto 53 blyk, was die hut ongeveer 6,2 m in deursnee en is die omtrek daarvan deur 'n ry regopstaande klippe gevorm wat waarskynlik die paal-en-klei-muur gestut het. Een van die klippe in die agterste deel van die muurbasis is 'n gebreekte maalklip wat na die binnekant van die hut wys. Aan weerskante van die deuringang, wat deur 'n opening van 90 cm in die klipsirkel onderskei kan word, kom daar ook 'n ry klippe voor wat moontlik die basis van twee skermmure aan die voorkant van die hut gevorm het. In die heel agterste gedeelte van die hut lê daar 'n hele aantal klippe waarop 'n graanhouer geplaas kon gewees het. Dik kleistukke wat hier aangetref is, dui daarop dat die graanhouer moontlik van klei was.

Aan die voorkant van die ruimte waarin die graanhouer kon staan, is daar enkele klippe aan die binnekant van die muurbasis gepak wat vermoedelik die agterste deel van die hutvloer van die voorste deel skei. Twee maalklippe, 'n boonste maler en die grootste gedeelte van 'n onversierde potjie, waarvan die mondopening 'n deursnee van ongeveer 11 cm het, kom in die linkerhelfte van die voorste deel van die hutvloer voor. Min of meer in lyn daarmee in die regterhelfte van die hutvloer is drie onpatroonmatige klippe en 'n askol teëgekom. Hoewel dit geen duidelike holte soos die vuurherde van die Vroeë Molokohutte vorm nie, het die askol waarskynlik as 'n vuurmaakplek gedien. Benewens 'n enkele versierde potskerf (kyk figuur 5.38) en verskeie onversierde skerwe, is 260 beenfragmente in die askol herwin. Slegs 8% van die bene was identifiseerbaar en die volgende spesies kon onderskei word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bok) en *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe). Volgens Plug en Meyer zu Bargholz (1993) is dit te betwyfel of die faunareste die laaste maaltyd van die hutbewoners verteenwoordig het, maar dui die verskeidenheid spesies eerder daarop dat die vuurmaakplek nie gereeld skoongemaak is nie.

Heelwat houtskool is ook in die omtrek van die askol ingesamel, maar die konteks daarvan was onseker, aangesien daar ook 'n groterige stomp gelê het wat moontlik uit 'n resente veldbrand dateer. Om hierdie rede is die houtskool nie vir dateringsdoeleindes benut nie. Oorblyfsels van die hutvloer, wat ongeveer 10 mm dik was, was slegs plek-plek sigbaar. Die grond bokant die vloeroppervlak het 'n rooi of swart kleur vertoon, maar slegs enkele stukkies verbrande muurpuin is aangetref. Verdere ondersoek is dus nodig om te bepaal of die hut oorspronklik deur 'n brand in puin gelê is. Daar is ook geen verkoolde hutpaal in die opgegraafde deel teruggevind wat daarop dui dat die dak deur 'n sentrale paal gestut is nie.[4]

Links voor die hut, maar nog steeds binne die halfmaanvormige klipmuur wat die wooneenheid (*lapa*) afbaken, is daar 'n maalklip met 'n vlakkerige holte aangetref (kyk foto 54). Verder het daar regs voor die ingang tot die hut 'n klip gelê wat 39,5 cm lank, 10 cm breed en 3,5 cm dik is (kyk foto 55). Die klip het sonder twyfel as die basis van 'n houtskuifdeur gedien, aangesien dit 'n gleuf bevat wat 3 cm breed is. Die stuk horingfels wat vir die skuifdeurbasis gebruik is,

---

[4] Heelwat meer potskerwe, kleistukke van vermoedelik graanhouers, gebrande hutpuin, 'n gedeelte van 'n verbrande houtskuifdeur, asook verkoolde hutmuurpaaltjies, is tydens die meer onlangse opgrawing van hut BLF1.1 in die *kgôsing* (kyk plan 5.17) teruggevind. Die verwerking van die opgrawingsdata van hierdie hut moet egter nog voltooi word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is volgens 'n X-straaldefraksie-analise uit 41% mika, 29% kordiëriet, 20% kwarts, 5% plagioklaas en 5% mikroklien saamgestel (Raad vir Geowetenskappe, 'Taaknr. 97/050').

d. Riekersdam 109 JP: terrein 2526AD5

Soos in die terreinopname in hoofstuk III, afdeling 4.b en tabel 3.4, uiteengesit is, is 'n aantal vindplekke binne enkele kilometer van die Marico- of Groot-Maricorivier opgespoor (2526AD2, 2526AD4, 2526AD5 en 2526AD6), wat nie ingepas het by die patroon van die tipiese klipmuurterreine van die Latere Moloko nie. Wat die klassifikasie en ouderdom van hierdie terreine betref, was daar drie moontlikhede: (a) hulle kon kontemporêr met die klipmuurterreine van die Tswana uit die Latere Ystertydperk (± 1650-1823) voorgekom het, maar in uitleg verskil het omdat hulle 'n ander funksie vervul het, moontlik vanweë hul ligging na aan die rivier; (b) hulle kon uit die *difaqane*-periode dateer (± 1823-1837) en moontlik die woonplekke van die Ndebele van Mzilikazi of hul verarmde Tswana-onderdane verteenwoordig; (c) hulle kon uit die periode net kort voor of na die vestiging van die eerste blankes in die gebied in 1848 dateer.

Ten einde uitsluitsel oor hierdie kwessie te verkry, is toetsopgrawings gedoen op een van die terreine, 2526AD5, wat sowat 3 km oos van die Groot-Maricorivier op die plaas Riekersdam 109 JP geleë is (25° 26' 30" suid; 26° 25' oos). Geen klipmure kom op hierdie terrein voor nie, maar wel ses kliphopies wat moontlik as die basis vir die plasing van graanhouers kon gedien het (vgl. foto 69). Een van hierdie kliphopies is verwyder, maar geen verdere argeologiese strukture of oorblyfsels is daaronder gevind nie. Geen duidelike tekens van moontlike hutte is opgemerk nie, maar indien aanvaar word dat graanhouers gewoonlik naby hutte geplaas is, dien die getal kliphopies moontlik as aanduiding van die minimum aantal hutte in die nedersetting.

Soos uit plan 5.20 afgelei kan word, is die kliphopies nie in 'n duidelike patroon gerangskik nie. 'n Askol tussen twee van die kliphopies is vir opgrawing geselekteer, en twee aangrensende blokke van 2 m x 2 m is met die oog daarop uitgemeet. Die terrein lê in turfagtige gebied en die grond was derhalwe hard en moeilik om op te grawe. Aangesien geen natuurlike stratigrafie sigbaar was nie en die terrein die indruk van kortstondige bewoning gegee het, is die blokke in arbitrêre lae opgegrawe. Blok RDM1.1 is in drie arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe (RDM1.1.1-1.1.3) totdat steriele grond op 'n diepte van ± 30 cm bereik is. In die aangrensende blok, RDM1.2.1, is steriele grond op 'n diepte van ± 10 cm bereik. Afgesien van die faunareste, sien die vondstelys soos volg daar uit:

RDM1.1.1: 183 onversierde potskerwe, 14 onversierde lipgedeeltes van potskerwe, 2 lipgedeeltes van potskerwe met inkepings op die rand, 1 ronde skuurklip, sowat 5 cm in deursnee, 1 onidentifiseerbare gedeelte van 'n kleifiguurtjie
RDM1.1.2: 150 onversierde potskerwe, 2 skerwe wat met rooi oker gekleur is, 12 onversierde lipgedeeltes van potskerwe, 1 lipgedeelte met randkeping, 1 potskerf, vermoedelik afkomstig van 'kinderpotwerk', en 1 spykeragtige stukkie yster, sowat 5 cm lank
RDM1.1.3: 44 onversierde potskerwe, 3 onversierde lipgedeeltes van potskerwe en 3 stukkies 'kinderpotwerk'
RDM1.2.1: 54 onversierde potskerwe en 6 onversierde lipgedeeltes van potskerwe.

Hierbenewens is daar ook die boonste malers van maalklippe op die oppervlak opgemerk. Ander oppervlakvondste sluit die handvatselknop van 'n potdeksel en 'n gedeelte van 'n klei-os in. Die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versieringsmotief op die drie potskerwe, bekend as 'randkeping', is tipies van die laat fase van die Molokotradisie (kyk figuur 5.33). Geen volstruiseierdop- of ander krale is gevind nie.

Houtskool uit laag 3 van die eerste blok (RDM1.1.3) is geïdentifiseer as behorende tot *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) en *Acacia karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeul) (Esterhuysen 1994). Houtskool van laag 1 van die eerste blok (RDM1.1.1) het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5869) van 205 ± 25 voor die hede opgelewer, en laag 2 van dieselfde blok (RDM1.1.2) 'n radiokoolstofdatum (Pta-5424) van 200 ± 40 jaar voor die hede. Die twee datums kan soos volg gekalibreer word:

- Pta-5869: 1674(1681)1689;1733(1749)1775; 1799(1806)1813
- Pta-5424: 1671(1683)1698;1720(1745)1780;1795(1807)1819;1852-1867.

Die opgegraafde faunamonster bestaan uit 2172 fragmente, en op die oog af vertoon die faunalys van Riekersdam (kyk tabel 5.10) 'n normale Ystertydperkprofiel op grond van die spesies wat onderskei is: bees (*Bos taurus*), skaap (*Ovis aries*), bok (*Capra hircus*), hoender (*Gallus domesticus*), buffel (*Syncerus caffer*), blouwildebees (*Connochaetes taurinus*), rooibok (*Aepyceros melampus*), rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*), haas (*Lepus/Pronolagus*) en varswatermossels (*Unio/Aspatharia*) kom voor. Die verhouding van *Bos taurus* tot *Ovis/Capra* is 8 tot 1, indien die aantal identifiseerbare skeletdele, met inagneming van skeletkompleksiteit, in berekening gebring word. Volgens Plug & Meyer zu Bargholz (1992:2) kom dit ook voor of daar ten opsigte van *Bos taurus* meer jong diere as volwasse diere geslag is.

Soos te wagte kon wees, was die radiokoolstofdatums nie presies genoeg om uitsluitsel oor die ouderdom van die terrein te gee nie, hoewel dit tog dui op 'n Ystertydperbewoning, dit wil sê op moontlikheid (a) hierbo. Tydens die aanvanklike fauna-ontleding in 1992 is een van die bene wat in RDM1.1.2 opgegrawe is, egter as 'n 'left scapula glenoid fragment' van 'n donkie of perd (*Equus asinus/caballus*) geklassifiseer. Aangesien perde, en veral donkies, eers na die blanke besetting van Marico in 1848 permanent in die gebied ingebring is, is daar aanvanklik op grond van hierdie vonds aanvaar dat die vindplek eerder uit die historiese tydperk dateer en nie onder die Latere Ystertydperkterreine van die navorsingsgebied gereken behoort te word nie. Die feit dat geen ander artikel van Europese oorsprong op die terrein teruggevind is nie, was egter moeilik verklaarbaar en daarom is die betrokke *scapula*-fragment aan die einde van 1996 weer vir ontleding aan die Departement Argeodierkunde van Transvaalmuseum voorgelê. In die herondersoek is bevind dat die vonds in werklikheid van 'n sebra (*Equus burchelli*) afkomstig was, 'n verdere bevestiging dat die terrein waarskynlik kontemporêr met die klipmuurkomplekse van die Latere Ystertydperk bewoon is.

5. SAMEVATTING

Toetsopgrawings op elf Latere Ystertydperkvindplekke (of gedeeltes daarvan) in Suidoos- en Sentraal-Marico het 21 radiokoolstofdatums opgelewer op grond waarvan dit moontlik is om die tydsduur van die Latere Ystertydperk van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot die begin van die negentiende eeu af te baken (kyk tabel 5.11). Hoewel die presiese datum vir die aanvang van die Latere Ystertydperk in die onderhawige gebied slegs deur verdere ondersoeke bepaal sal kan word, dui die radiokoolstofdatums van terrein 2526AC8a en 2526AC9 op Rietfontein 89 JP daarop dat die omgewing van Tswenyane in Sentraal-Marico reeds teen die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

middel van die vyftiende eeu n.C. deur draers van die Molokopotwerktradisie bewoon is. In teenstelling hiermee dui slegs een van die radiokoolstofdatums van terrein MGS4 (2526CB9) op Magozastad 248 JP (Pta-5416) op 'n moontlike vyftiende-eeuse bewoning. Hoewel die radiokoolstofchronologie ook nie 'n vroeg-agtiende-eeuse bewoning uitsluit nie, kan al die datums van terrein MGS4 (2526CB9), oftewel Rabogadi, volgens dr. J.C. Vogel (skriftelike mededeling, 17 Februarie 1993 en persoonlike mededeling, 6 Augustus 1996) met 'n sewentiende-eeuse datum vereenselwig word, indien dit gesamentlik beoordeel word.

In die geheel gesien, verteenwoordig die opgegraafde terreine op Magozastad in Suidoos-Marico dus 'n ietwat later fase van die Vroeë Moloko as die terreine op Rietfontein in Sentraal-Marico. Veral ten opsigte van terrein 2526CB9 (MGS4) word hierdie afleiding gesteun deur die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Lete, wat verhaal dat hulle hul teen die middel van die sewentiende eeu by Rabogadi gevestig het. Dat die Magozastadterreine 'n latere ontwikkeling van die Vroeë Molokofase uitmaak, blyk ook moontlik daaruit dat daar meer klipmure op terrein 2526CB9 (MGS4) op Magozastad voorkom as op die Vroeë Molokoterreine op Rietfontein. Andersins is daar 'n groot mate van ooreenstemming tussen die Vroeë Molokoterreine van die twee areas ten opsigte van hul ligging, potwerk en hutvloeroorblyfsels.

Soos in die bespreking geblyk het, was die Vroeë Molokonedersettings betreklik klein, veral as hulle met latere groot klipbouvalkomplekse soos Kaditshwene en Mmakgame vergelyk word. Ander veranderings in die vestigingspatroon van die Latere Moloko sluit in die verskuiwing van nedersettings van voetheuwels na terreine teen heuwelhange of bo-op rante, die afwesigheid van kleiboë in die hutvloer, die bou van muurbasisse met klip, asook die grootskaalse gebruik van klip om veekrale en die afskortings van wooneenhede (*malapa*) op te rig. Potwerk wat op klipbouvalterreine aangetref word, is ook minder versier, hoewel die basiese veelkleurige patrone van die Vroeë Molokotradisie behoue gebly het. Ofskoon die toetsopgrawings in die ashoopafsettings van die Latere Molokoterreine waarskynlik te beperk was om duidelike patrone te onderskei, is geen opvallende houtskoolkonsentrasies of steriele grondlae daarin waargeneem nie. Sodanige verskynsels sou moontlik kon dui op óf die voorkoms van brande, óf die tydelike verlating van die terrein óf die verseëling van die ashoop, moontlik weens rituele redes.

Die chronologie van die oorgang na die Latere Moloko kan nie alleen op grond van die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Molokoterreine bepaal word nie, maar die prentjie word duideliker indien die radiokoolstofdatums vir die Latere Molokoterreine in berekening gebring word. Geen radiokoolstofdatum wat tydens die onlangse opgrawings vir Latere Molokoterreine verkry is, en ook geeneen van Mason (1986) se radiokoolstofdatums vir die klipmuurkompleks op Vergenoegd 279 JP, kalibreer tot vroeër as die middel van die sewentiende eeu nie. Uit bogenoemde radiokoolstofdatums blyk dit dat die begin van die Latere Molokofase in Marico uit die tweede helfte van die sewentiende eeu n.C. dateer. Die radiokoolstofdatums is egter nie akkuraat genoeg om die presiese bewoningschronologie van die verskillende Latere Molokoterreine te bepaal nie.

In hierdie opsig sal daar grootliks op die opgetekende mondelinge oorleweringe en dokumentêre bronne teruggeval moet word. Uit die radiokoolstofdatums van Kaditshwene kan egter afgelei word dat die ashoop naby die sentrale *kgotla* van die *kgôsing* oor 'n kort periode gevorm is. Die feit dat daar geen duidelike misafsetting in die groot beeskraal naby die opgegraafde ashoop, KLF1.1, voorkom nie, is moontlik 'n verdere bevestiging dat die Hurutshe hul hoofsetels, of ten minste die stamhoof se gedeelte van die *kgôsing*, nie vir langer as 'n generasie of twee bewoon

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het nie, maar van tyd tot tyd verskuif het. Die radiokoolstofdatums vir Mmutlagae, die klipbouvalkompleks op Klaarstroom, dui weer daarop dat, anders as wat deur Breutz (1953) op grond van mondelinge oorleweringe bereken is, die terrein waarskynlik nie in die eerste helfte van die agtiende eeu nie, maar eers in die tweede helfte van die agtiende eeu bewoon is. Sodanige interpretasie sou korreleer met Schapera (1942) se chronologie van die regeringstydperk van Tirwe, wat volgens Hurutshe-oorlewering vanaf Mmutlagae as stamhoof gefunksioneer het.


Die nuwe reeks opgrawings in Suidoos- en Sentraal-Marico vul die enkele opgrawings aan wat vroeër in die gebied deur Van Hoepen en Hoffman (1935), Mason (1986), Küsel (1979) en Friede en Steel (1981) gedoen is, en waarna in afdeling 4 van hoofstuk I verwys is. Die opgegraafde materiaal dek verskeie aspekte van die leefwyse van die vroeë Tswanabewoners van hierdie geweste, soos woonstrukture, vestigingspatroon, voedselverkryging, metaalbewerking en handel. Die inligting wat uit al hierdie argeologiese ondersoeke verkry is, asook dié wat in mondelinge oorleweringe, dokumentêre bronne en etnografiese verslae vervat is, word in hoofstuk VI geïntegreer tot 'n rekonstruksie van aspekte van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Plan 5.1 Terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP



Plan 5.2 Terrein 2526AC9: Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.3 Hut RFN2.1, terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.4 Hut RFN2.2, terrein 2526AC8a: Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




Plan 5.5 Terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP


© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Plan 5.6 Hut MGS1.1, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP




Plan 5.7 Hut MGS1.2, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Plan 5.8 Hut MGS1.3, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP



Plan 5.9 Hut MGS2.1, terrein 2526CB4a: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




Plan 5.10 Smeltoonde MGS3.1 - MGS3.3, terrein 2526CB4c: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.11 Terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.12 Hut MGS4.1, terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.13 Hut MGS4.2, terrein 2526CB9: Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.14 Terrein 2526AC4: Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.15 Terrein 2526CA26a: Klaarstroom 237 JP


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.16 Terrein 2526CA26b: Klaarstroom 237 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




Plan 5.17 Terrein 2526AC2: Kaditshwene

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.18 Ashoop KLF1.1, terrein 2526AC2: Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.19 Hut KLF2.1, terrein 2526AC2: Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Plan 5.20 Terrein 2526AD5: Riekersdam 109 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5.1 FAUNA-ANALISE: MAGOZASTAD 248 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: MGS4.3.1 - 4.3.2 & MGS4.4.1 - 4.4.2

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1991b)

SPECIES	NISP	QSP	MNI	MASS g	TEETH			SKELETAL PART			
					D	U	P	C	P-C	SCF	SAC
Bos taurus	55	46	(3J, 1 SA) 6	451,5	2	4	4	4	41		
cf. *Bos taurus*	1	*	*	12,0					1		
Ovis aries	15	14	(1J) 3	49,9			10	1	4		
cf. *Ovis aries*	1	*	*	6,4					1		
Capra hircus	2	2	2	30,6					2		
Ovis/Capra	19	14	(1J, 1 SA) 4	39,3			1	3	15		
Aepyceros melampus	2	2	1	6,9			2				
Bov. I	4	1	1	8,6					4		
Bov. II non-domestic	1	*	*	9,7					1		
Bov. II	4	3	*	3,8					4		
Bov. III	4	3	*	4,0					4		
Ratsized rodent	1	1	1	0,1					1		
Lepus/Pronolagus	1	1	1	0,5					1		
Struthio camelus	23	23	1	14,4						23	
Large bird	1	1	1	-					1		
Tortoise	2	2	1	1,7						2	
Achatina	2	1	1	1,3						1	1
	138	114	23	640,7							

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
U = Unerupted
P = Permanent
C = Cranial
P-C = Postcranial
SCF = Shell/Carapace fragments
SAC = Shell\Apexes\Columellae
J = Juvenile
SA = Sub-adult

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5.2 FAUNA-ANALISE: RIETFONTEIN 89 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: RFN1.1.1 - 1.1.3

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1991a)

SPECIES	NISP	QSP	MNI	MASS g	TEETH			SKELETAL PART			
					D	U	P	C	P-C	SCF	SAC
Canis sp.	1	1	1	1,5					1		
Carnivore, medium	1	*	*	2,4					1		
Ovis aries	3	3	1	34,2					3		
Ovis/Capra	26	18	(1J, 1SA) 4	59,8	3	1	8	1	13		
Bos taurus	90	68	(1J, 1 YA) 7	2363,1	1		19	12	58		
cf. Bos taurus	1	*	*	4,2					1		
Damaliscus dorcas	6	6	(SA) 1	54,0	1	2	2	1			
cf. Damaliscus dorcas	1	*	*	20,7					1		
Syncerus caffer	4	3	1	84,1				2	2		
Bov. I	5	3	1	2,8					5		
Bov. II non-domestic	2	2	*	1,3					2		
Bov. II	3	1	*	10,9					3		
Bov. III	7	3	*	44,3				2	5		
Struthio camelus	1	1	1	0,5						1	
Tortoise	1	1	1	7,0						1	
Euonyma sp.	2	2	2	0,2							2
Unio/Aspatharia	13	6	2	8,6						7	6
	167	118	22	2699,6							

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
U = Unerupted
P = Permanent
C = Cranial
P-C = Postcranial
SCF = Shell/Carapace fragments
SAC = Shell\Apexes\Columellae
J = Juvenile
SA = Sub-adult
YA = Young adult

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

TABEL 5.3 FAUNA-ANALISE: KLAARSTROOM 237 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: KSM 1.1.1 - 1.1.5

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1994)

SPECIES	NISP	QSP	MNI	MASS g	TEETH			SKELETAL PART				
					D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Bos taurus	51	41	(1J) 2	821,2	3		4	4	40			
Capra hircus	1	1	1	4,5					1			
Ovis/Capra	39	31	3	206,4			19	5	15			
Connochaetes taurinus	7	7	1	106,4			4		3			
Alcelaphus buselaphus	2	2	1	7,2					2			
Damaliscus dorcas	1	1	1	2,0					1			
cf. Damaliscus dorcas	2	2	*	8,4			1		1			
Bov. II	5	3	1(F)	20,5					5			
Bov. III	7	2	1(J)	155,7					7			
Bov. III non-domestic	8	6	*	46,3					8			
Lagomorph	1	1	1	3,0					1			
Struthio camelus	28	28	1	1,6						28		
Tortoise	2	2	1	4,5						2		
	154	127	14	1387,7								

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
SAC = Shell/Apexes/Columellae
U = Unerupted
SCF = Shell/Carapace fragments
P = Permanent
O = Other
C = Cranial
F = Fetal
P-C = Postcranial
J = Juvenile

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

TABEL 5.4 FAUNA-ANALISE: KLAARSTROOM 237 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: KSM 2.1.1 - 2.1.4

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1994)

SPECIES	NISP	QSP	MNI	MASS g	TEETH			SKELETAL PART				
					D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Equus burchelli	4	4	1	42,4			1		3			
cf.Equus burchelli	1	1	*	3,2					1			
Bos taurus	53	42	8	700,4	5		15	3	30			
Ovis aries	1	1	1	0,8					1			
Ovis/Capra	32	22	1	128,9			7		25			
Damaliscus dorcas	5	4	2	44,9			2		3			
cf.Antidorcas marsupialis	1	1	1	1,1					1			
Raphicerus campestris	1	1	1	1,4					1			
Aepyceros melampus	7	7	1	16,0	4			1	2			
Bov. I	3	1	1	9,7					3			
Bov. II	9	4	*	51,4					9			
Bov. II non-domestic	1	1	1	3,2				1				
Bov. III	1	*	*	5,6					1			
Bov. III non-domestic	1	1	1	7,9					1			
cf. Gallus domesticus	1	1	1	0,4					1			
Struthio camelus	87	87	1	8,1						87		
Small bird	1	1	1	0,2					1			
Freshwater crab	3	3	2	0,4					3			
	212	182	24	1026,0								

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
SAC = Shell/Apexes/Columellae
U = Unerupted
SCF = Shell/Carapace fragments
P = Permanent
O = Other
C = Cranial
F = Fetal
P-C = Postcranial
J = Juvenile

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5.5 FAUNA-ANALISE: KLAARSTROOM 237 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: KSM 2.2.1 - 2.2.2

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1994)

SPECIES	NISP	QSP	MNI	MASS g	TEETH			SKELETAL PART				
					D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Canis sp.	6	6	2	4,0				2	4			
Equus burchelli	2	2	1	13,9					2			
Procavia capensis	7	7	1	7,9			6	1				
Bos taurus	64	53	7	629,0	1		22	7	34			
Ovis/Capra	14	9	2	61,3				4	10			
cf. Damaliscus dorcas	1	1	1	13,7					1			
Bov. I	4	4	1	2,1			3	1				
Struthio camelus	3	3	1	0,3						3		
Achatina	1	1	(J) 1	2,4							1	
	102	86	17	734,6								

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
SAC = Shell/Apexes/Columellae
U = Unerupted
SCF = Shell/Carapace fragments
P = Permanent
O = Other
C = Cranial
F = Fetal
P-C = Postcranial
J = Juvenile

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

TABEL 5.6 HOUTSKOOLANALISE
ASHOOPOPGRAWING OP KLAARSTROOM 237 JP (KSM2.1)

BRON: ESTERHUYSEN (1994)

BOOMSPESIES	KSM2.1.1	KSM2.1.2	KSM2.1.3
Acacia caffra	X		
Acacia sp.			X
Acacia galpinii	X	X	
Acacia karroo/nilotica	X	X	X
Canthium inerme		X	X
Cassine peragua			X
Croton gratissimus		X	
Diplorhynchus condylocarpon	?		
Faurea saligna	X	X	X
Ochna pulchra			X
Rhus lancea	X	X	X
Vitex mombassae			X

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5.7 FAUNA-ANALISE: KLEINFONTEIN OF OLIFANTSPRUIT 62 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE (KLF1.1.1 - 1.1.12)

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1993)

SPECIES					TEETH			SKELETAL PART				
	NISP	QSP	MNI	MASS g	D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Shrew	5	5	1	0,1			4	1				
Cercopithecus aethiops	1	1	1	0,1			1					
Canis familiaris	9	9	1	18,3			6	1	2			
Canis sp.	1	*	*	5,1					1			
Otocyon megalotis	12	11	1	45,3			7	5				
cf. Otocyon megalotis	1	*	*	14,1				1				
Canis mesomelas	15	15	1	21,8					15			
Ictonyx striatus	9	9	1	1,7			8	1				
Hyaena brunnea	1	1	1	3,7					1			
cf. Panthera leo	1	1	1	3,9					1			
Small to medium carnivore	1	*	*	0,3			1					
Equus burchelli	12	12	1	312,4			6	2	4			
Phacochoerus aethiopicus	7	7	1	43,3	1		4	2				
Bos taurus	656	315	17	14833,9	36	4	40	204	372			
Ovis aries	36	29	(1JUV)3	285,2			5	8	23			
Capra hircus	2	2	1	35,5					2			
cf. Capra hircus	4	3	*	37,3				1	3			
Ovis/Capra	135	86	10	564,6	22		24	20	69			
cf. Ovis/Capra	1	1	*	3,7				1				
cf. Alcelaphus buselaphus	1	1	1	6,7					1			
Aepyceros melampus	4	3	1	41,2					4			
cf. Aepyceros melampus	1	*	*	2,7					1			
Tragelaphus strepsiceros	8	4	1	408,3					8			
Redunca fulvorufula	1	1	1	7,9					1			
Subtotal c/o	294	516	45	16697,1								

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

TABEL 5.7 *(vervolg)*: FAUNA-ANALISE: KLEINFONTEIN OF OLIFANTSPRUIT 62 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE KLF1.1.1 - 1.1.12

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1993)

SPECIES					TEETH			SKELETAL PART				
	NISP	QSP	MNI	MASS g	D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Subtotal b/o	924	516	45	16697,1								
cf. *Redunca fulvorufula*	1	1	*	0,5					1			
Bov. I	4	1	1	20,7					4			
Bov. II	8	6	*	20,7				1	7			
Bov. II non-domestic	5	2	*	33,3					5			
Bov. II indet.	1	1	*	11,7					1			
Bov. III	1	*	*	9,5					1			
Bov. III non-domestic	5	5	*	76,2					5			
Pedetes capensis	1	1	1	0,3					1			
cf. *Rattus rattus*	6	6	2	0,6				4	2			
Rodent, rat-size	2	2	1	0,3				1	1			
Rodent (?)	1	1	*	0,4				1				
Lagomorph	1	1	1	0,2					1			
Gallus domesticus	1	1	1	0,4					1			
Struthio camelus	101	2	1	105,6					1		100	
cf. *Torgos tracheliotos*	1	1	1	8,7					1			
Saggitarius serpentarius	5	4	1	12,3					5			
Bird, medium size	1	1	1	0,2					1			
Potamonautis	1	1	1	0,3					1			
Succinea sp.	2	2	2	0,1							2	
Unio caffer	3	2	2	8,2						1	2	
Unionidae	10	2	1	9,0						8	2	
Aspatharia sp.	1	1	1	0,4							1	
Veneridae	1	1	1	0,4						1		
Total	1087	561	64	17017,1								

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
U = Unerupted
P = Permanent
C = Cranial
P-C = Postcranial
SCF = Shell/Carapace fragments
SAC = Shell/Apexes/Columellae
O = Other

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

Opgrawings ...

TABEL 5.8 HOUTSKOOLANALISE
ASHOOPOPGRAWING OP KLEINFONTEIN OF OLIFANTSPRUIT 62 JP (KLF1.1)

BRON: ESTERHUYSEN (1994)

BOOMSPESIES	KLF1.1.1	KLF1.1.3	KLF1.1.4	KLF1.1.5	KLF1.1.8	KLF1.1.9
Acacia sp.	X			x		
Acacia galpinii		X				
Acacia karroo/nilotica	X	X	X	X	X	X
Acacia robusta		X				
Acacia tortilis					X	X
**Bequaertiodendron* sp.				X		X
Brachylaena sp.	X					
Canthium inerme	X		X		?	X
Cassine peragua			X			
Celtis africana	X		X		X	X
Combretum apiculatum	X		X	X	X	X
Combretum erythrophyllum					X	
Combretum molle				X		
Croton gratissimus	X		X		X	X
Dichrostachys sp.			X			
Dombeya rotundifolia				X		
Erythrina lysistemon		X				
Faurea saligna	X	X	X	X	X	X
Ficus ingens						X
Maytenus polyacantha			X			
Ochna pulchra	X					
Olea africana	X		X			X
Rhus lancea	X		X		?	X
Rothmannia capensis					X	
Strychnos sp.	X		X			X

*Tans geklassifiseer as *Englerophytum (magalismontanum)* [stamvrug]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5.9 GLASKRAALANALISE
KLEINFONTEIN OF OLIFANTSPRUIT 62 JP: ASHOOPOPGRAWING (KLF1.1)
BRON: SAITOWITZ (1991)

LAYER	NO. OF BEADS	COLOUR	MUNSELL NO.	STRUC-TURE	SIZE	DIAPHANEITY	LUSTRE	REFRACTIVE INDEX
KLF1.1.1.	3	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Small (2-4 mm)	Opaque (due to patina)	Shiny	-
KLF1.1.1	1	Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Medium (4-6 mm)	Opaque	Dull	1.5610
KLF1.1.1.	1	Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.2	2	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Small	Opaque	Shiny	-
KLF1.1.2	1	Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque (due to patina)	Shiny	-
KLF1.1.3	1	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Medium	Opaque (due to patina)	Shiny	1.5504
KLF1.1.3	1	"Indian" Red on Green Core	2.5YR 3/8	Compound	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.4	1	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Large (6-10 mm)	Transparent	Dull	1.5133
KLF1.1.8	1	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Medium	Transparent	Dull	1.5205
KLF1.1.8	2	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Small	Transparent	Dull	-
KLF1.1.8	1	Pale Blue	10.B 7/4-7/8	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.8	2	Turquoise	5.B 7/6	Simple	Small	Transparent	Dull	-
KLF1.1.8	3	(Type 11a) Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.8	1	(Type 1a) Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.8	2	"Indian Red" on Green Core	2.5YR 3/8	Compound	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.8	1	White with 6 "Indian" Red stripes	-	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.9	1	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Medium	Transparent	Dull	1.5156
KLF1.1.9	1	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Small	Transparent	Dull	-
KLF1.1.9	2	Turquoise	5.B 7/6	Simple	Small	Transparent	Dull	-
KLF1.1.9	1	Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.9	2	Black	N0.5/0.6%R	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.9	1	"Indian" Red on Green Core	2.5YR 3/8	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.9	1	White with 4 "Indian" Red stripes	-	Simple	Small	Opaque	Dull	-
KLF1.1.9	1 broken bead	-	-	-	-	-	-	-
KLF1.1.11	2	Bright Navy	7.PB 2/8	Simple	Small	Transparent	Dull	-
KLF1.1.11	2	(Type 11a) Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	-	-
KLF1.1.11	2	(Type 1a) Neutral White	N9. 5/90.0%R	Simple	Small	Opaque	-	-
KLF1.1.11	1	"Indian" Red	2.5YR 3/8	Simple	Small	Opaque	-	-
KLF1.1.11	2 broken beads	-	-	-	-	-	-	-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

Opgrawings ...

TABEL 5.10 FAUNA-ANALISE: RIEKERSDAM 109 JP
SPESIES AANWESIG EN BASIS VAN IDENTIFIKASIE: RDM1.1.1 - 1.1.3 & RDM1.2.1

BRON: PLUG & MEYER ZU BARGHOLZ (1992)

SPECIES					TEETH			SKELETAL PART				
	NISP	QSP	MNI	MASS g	D	U	P	C	P-C	SCF	SAC	O
Equus burchelli	1	1	1	80,7					1			
Equus sp.	1	1	*	12,9				1				
Bos taurus	217	193	(**) 13	3091,7	22	1	22	3 4	138			
cf. Bos taurus	1	1	*	6,4					1			
Ovis aries	3	3	1	19,2					3			
Capra hircus	1	1	1	6,1					1			
Ovis/Capra	30	21	(2J) 2	142,1	4		11	5	10			
Connochaetes taurinus	8	4	2	203,8				1	7			
Alcelaphus buselaphus	1	1	1	10,2					1			
Aepyceros melampus	1	1	1	18,6					1			
Syncerus caffer	6	5	1	451,9					6			
Bov. I	3	2	1	4,7					3			
Bov. II	5	3	*	19,0				1	4			
Bov. III non-domestic	2	2	*	8,4				2				
Bov. III	3	1	*	34,2					3			
Rodent, medium large	1	1	1	0,3					1			
Lepus/Pronolagus	1	1	1	0,2					1			
Small mammal	1	*	(1J) 1	1,7					1			
Gallus domesticus	1	1	1	0,5					1			
Unio/Aspatharia	2	*	1	-						1	1	
	289	243	29	4112,6								

NISP = Number of Identified Skeletal Parts
QSP = Quantifiable Skeletal Parts
MNI = Minimum Number of Individuals
D = Deciduous
U = Unerupted
P = Permanent
C = Cranial
P-C = Postcranial
SCF = Shell/Carapace fragments
SAC = Shell/Apexes/Columellae
O = Other
(**)1 Foetal/neonate, 1 Neonate/juvenile, 5 Juvenile, 1 Sub-adult, 1 Young adult, 2 Adult, 1 Mature, 1 Aged

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


TABEL 5.11 RADIOKOOLSTOFDATUMS
OPGEGRAAFDE TERREINE IN SUIDOOS- EN SENTRAAL-MARICO
LABORATORIUM: EMATEK, WNNR, PRETORIA

PLAAS	TERREINNR.	OPGRA-WINGSNR.	VERSKYNSEL	LABORA-TORIUMNR.	ONGEKA-LIBREER-DE DATUM (VOOR DIE HEDE)	GEKALIBREERDE DATUM (n.C.: 1 SIGMA)	KULTURELE KLASSIFIKASIE
Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	2525AC15 Mokgola	MKG1.1.2	Asput	Pta-6205	1090 ± 50	974(1002)1022	Vroeë Ystertydperk: Rooiberg, Eenheid 1
Rietfontein 89 JP	2526AC8a	RFN2.1	Vuurherd in hutvloer	Pta-5417	360 ± 50	1497 (1533,1547,1635)1651	Vroeë Moloko
"	2526AC8a	RFN2.2	Vuurherd in hutvloer	Pta-7049	550 ± 45	1410(1424)1439	Vroeë Moloko
"	2526AC9	RFN3.1	Stampblok in hutvloer	Pta-7065	470 ± 50	1434(1452)1485	Vroeë Moloko
Magozastad 248 JP	2526CB4a	MGS1.1	Gebrande sorghum op hutvloer	Pta-5291	330 ± 20	1638(1645)1651	Vroeë Moloko
"	2526CB4b	MGS 2.1	Vuurherd in hutvloer	Pta-5649	280 ± 40	1648(1660)1671; 1780-1795	Vroeë Moloko
"	2526CB4c	MGS3.1	Smeltoond	Pta-5414	340 ± 50	1514-1586; 1624(1642)1657	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MGS4.1	Vuurherd in hutvloer	Pta-5416	400 ± 50	1462(1507,1596,1618)1638	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MSG 4.1b	Houtskool op hutvloer	Pta-7285	300 ± 50	1638(1654)1669	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MGS4.2	Vuurherd in hutvloer	Pta-5650	210 ± 40	1669(1680)1693;1727(1755,1804)1816	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MGS4.3.2	Ashoop	Pta-5785	240 ± 45	1658(1671)1684;1741(1788,1795)1808	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MGS4.5	Vuurherd in hutvloer	Pta-5784	230 ± 45	1661(1674)1687;1735(1775,1799)1811	Vroeë Moloko
"	2526CB9	MGS4.6	Kollageen van menslike skelet	Pta-7267	375 ± 20	1511(1522, 1565)1591; 1621(1630)1637	Vroeë Moloko
Rietfontein 89 JP	2526AC4	RFN1.1.1	Ashoop	Pta-5432	220 ± 50	1663(1677)1693;1727(1768,1802)1816	Latere Moloko
Klaarstroom 237 JP	2526CA26a	KSM1.1.2	Ashoop	Pta-5425	190 ± 40	1674(1686,1738)1775;1799(1810)1825;1834-1878	Latere Moloko
"	2526CA26b	KSM2.1.4	Ashoop	Pta-5426	180 ± 45	1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886	Latere Moloko
"	2526CA26b	KSM2.2.2	Ashoop	Pta-7284	140 ± 50	1686-1738; 1810 (1884,1920)1944	Latere Moloko
Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP	2526AC2 Kaditshwene	KLF1.1.2	Ashoop	Pta-5293	180 ± 20	1682(1689)1698;1720(1733)1745;1807(1813)1819	Latere Moloko
"	2526AC2 Kaditshwene	KLF1.1.6	Ashoop	Pta-5870	180 ± 45	1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886	Latere Moloko
"	2526AC2 Kaditshwene	KLF1.1.11	Ashoop	Pta-5296	200 ± 20	1677(1682)1689;1733(1745)1768;1802(1807)1813	Latere Moloko
Riekersdam 109 JP	2526AD5	RDM1.1.1	Ashoop	Pta-5869	205 ± 25	1674(1681)1689;1733(1749)1775;1799(1806)1813	Latere Moloko/ Histories?
"	2526AD5	RDM1.1.2	Ashoop	Pta-5424	200 ± 40	1671(1682)1698;1720(1745)1780;1795(1807)1819;1852-1867	Latere Moloko/Histories?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.1 Potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.2 Potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.3 Gerekonstrueerde pot van die vuurherd in hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.4 Potwerk (bakke) van hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.5 Potwerk van hut RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.6 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.7 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker, gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.8 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.9 Potskerwe sonder liprand van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.10 Potskerwe sonder liprand van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker, gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.11 Potskerwe met visgraatpatroon van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP [gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.12 Potskerwe van die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8b, op Rietfontein 89 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.13 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Figuur 5.14 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Figuur 5.15 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP [ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.16 Potwerk (bakke) van hut MGS1.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a, op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.17 Potskerwe van hut MGS1.3, MGS1.4 en MGS2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4a-b, op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Figuur 5.18 Potskerwe van hut MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Figuur 5.19 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Figuur 5.20 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP [ro = rooi oker]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.21 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.22 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.23 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP [ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.24 Potwerk (bakke) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Figuur 5.25 Potwerk (bakke?) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Figuur 5.26 Potwerk (bakke?) van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP [ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Figuur 5.27 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.28 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.29 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.30 Potwerk van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Figuur 5.31 Onversierde pot met verdikte lip, asook 'n potdeksel, van die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.32 Deksel en pot van die Latere Molokoklipbouval, 2526AC4, op Rietfontein 89 JP. Die pot was gevul met sade van *Citrullus lanatus, Cucurbita maxima* en *Vigna unguiculata*.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.33 Potskerwe van opgrawings op die Latere Molokoterreine Rietfontein 89 JP (RFN1.1.2), Klaarstroom 237 JP (KSM1.1.3 en KSM2) en Riekersdam 109 JP (RDM1.1.1)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.34 Potskerwe van die Latere Molokoterrein, 2526CA26b, op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)



Figuur 5.35 Rookpyp van gebakte klei van opgrawing KSM1.1.2 op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.36 Potskerwe van ashoopopgrawing, KLF1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.37 Potskerwe van ashoopopgrawing, KLF1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5.38 Potskerwe van die ashoop- en hutopgrawings, KLF1.1 en KLF2.1, in die *kgôsing* van Kaditshwene op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP
[ro = rooi oker; gr = grafiet]

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VI

ASPEKTE VAN DIE LEEFWYSE

In hierdie hoofstuk word daar op twee van die navorsingsdoelwitte gefokus wat in hoofstuk I, afdeling 2, onderskei is, naamlik 'n beskrywing van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners in Suidoos- en Sentraal-Marico en die aanduiding en verklaring van patrone van sosio-kulturele kontinuïteit en/of verandering wat in die argeologiese rekord waargeneem is. Aspekte waaraan aandag gegee word, sluit woonstrukture, vestigingspatroon, sosio-politieke organisasie, voedselverkryging, metaalbewerking en handel in. In die bespreking word daar chronologies tussen die Vroeë Molokofase, die Latere Molokofase en die bewoning van Kaditshwene onderskei. Hoewel die aanvanklike bewoning van Kaditshwene deel uitgemaak het van die Latere Molokofase, word 'n afsonderlike afdeling daaraan gewy omdat dit die oorgang tot die historiese periode verteenwoordig en die omvangryke kontemporêre dokumentêre getuienis van vroeë sendelinge 'n volledige rekonstruksie van die Hurutshe se leefwyse by hierdie vesting moontlik maak. Ten opsigte van die eerste twee fases berus die rekonstruksie by uitstek op die resultate van die vindplekopname (kyk hoofstuk III en IV), asook die data van die argeologiese opgrawings wat in die navorsingsgebied gedoen is (kyk hoofstuk I en V). Waar toepaslik, word hierdie inligtingsbronne deur verwysings na en analogieë uit etnografiese bronne oor die Tswana toegelig. Soos in hoofstuk III, afdeling 3, aangetoon is, maak die heuwel-en-vallei-landskap van Suidoos- en Sentraal-Marico fisiografies deel uit van die westelike Bankeveld en behoort dit oorwegend tot 'n enkele ekologiese streek, waarvan die veldtipe óf as Gemengde Bosveld óf as Suuragtige Gemengde Bosveld óf as 'n kombinasie daarvan getipeer word.

1. DIE VROEË MOLOKOFASE

In hoofstuk V is die opgrawingsverslae van ses Vroeë Molokoterreine (of gedeeltes) daarvan aangebied, naamlik twee terreine op Rietfontein 89 JP (2526AC8a [RFN2] en 2526AC9 [RFN3]) en vier terreine op Magozastad 248 JP (2526CB4a [MGS1], 2526CB4b [MGS2], 2526CB4c [MGS3] en 2526CB9 [MGS4]). Alhoewel geen radiokoolstofdatums tydens Friede en Steel (1981) se ondersoek na die smelterskompleks op Schietkraal 246 JP verkry is nie, dui 'n verkenning ter plaatse daarop dat die terrein waarskynlik ook tot die Vroeë Molokofase behoort. Daarbenewens is daar tydens die argeologiese opname die volgende vindplekke geïdentifiseer wat op grond van vestigingsuitleg en potwerk waarskynlik tot die Vroeë Molokofase behoort (kyk tabel 3.2-3.3): 2526CB3 op Vaalkop 264 JP, 2526AC6 en 2526AC7 (Motwane) op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP, 2526AC11 op Leeuwfontein 61 JP en 2526AC8b, 2526AC18 en 2526AC19 op Rietfontein 89 JP.

Aan die hand van die radiokoolstofdatums (kyk tabel 5.11) wat van die opgegraafde terreine verkry is, kan afgelei word dat die bewoning van die terreine op Rietfontein reeds teen die middel van die vyftiende eeu begin het, terwyl die terreine op Magozastad waarskynlik eers teen die middel van die sewentiende eeu bewoon is. Die Vroeë Molokofase van Suidoos- en Sentraal-Marico het dus binne die natter en warmer fase van die 'Klein-Ystyd' geval, wat volgens Huffman (1996b:59) se kalibrering en hersiening van Tyson en Lindesay (1992) se klimaatschronologie van ongeveer 1425 tot 1675 geduur het (kyk hoofstuk II, afdeling 2). Voorts dui die opgetekende mondelinge oorleweringe en pleknaamkundige navorsing, waarna in die vorige hoofstuk verwys is, daarop dat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Vroeë Molokoterreine op Rietfontein en omstreke waarskynlik aan die Hurutshe verbind kan word, terwyl die Vroeë Molokoterreine op Magozastad waarskynlik met die Lete verband hou.

a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie

Soos op foto 7, 13, 15 en 18 uitgebeeld word, was die Vroeë Molokohutvloere gewoonlik met groot hoeveelhede hutpuin bedek waarin paalmerke duidelik afgedruk was. Dit blyk ook uit die opgrawings dat die hutvloere 'n kenmerkende vorm gehad het wat verskil het van dié van die Latere Moloko. 'n Kleirif wat uit drie of meer boë bestaan het, het die hutvloer in twee gedeeltes verdeel, waarvan die agterste deel op 'n hoër vlak gelê het. Die aanwesigheid van potholtes, potskerwe, boonste malers en 'n plat klip in die agterste deel van die hutvloer dui daarop dat graan en bier moontlik daar geberg is. In die voorste of laer deel van die hutvloer was daar gewoonlik 'n duidelik herkenbare vuurmaakplek met twee of drie ronderige klippe, een of meer potholtes, asook 'n holte waarin 'n houtstampblok geplaas kon word.

Volgens Simon Hall (1996:4) dui die argeologiese reste van Vroeë Molokohutte daarop dat 'male and female work took place in close and confined proximity within the hut'. Op grond van 'n studie van soortgelyke hutvloere in die Rustenburgomgewing lei hy af dat die agterste deel van die hut vir rituele doeleindes gebruik is, asook waar mans en vroue hul private kleihouers en voorouerlike spiese kon berg. Die plasing van die houtstampblokholte in die linkerhelfte van die voorste deel van die hut is volgens hom 'n aanduiding dat dit 'n vroulike ruimte gevorm het. Daarteenoor was die regterhelfte van die voorste deel, waarin onder andere 'n kleibankie op die hutvloere van Olifantspoort 29/72 gevind is, 'n manlike ruimte. In die geheel gesien, is Vroeë Molokohutte volgens Hall (1996:4) in verskillende ruimtes verdeel wat as 'voor-agter/publiek-privaat/sekulêr-sakraal' getipeer kan word.

Die vraag ontstaan natuurlik of daar inderdaad so baie van die Vroeë Molokomense se aktiwiteite binne die woonhutte plaasgevind het. Dit is byvoorbeeld moontlik dat hulle ook kookskerms buite hul woonhutte gehad wat nog nie argeologies opgespoor is nie, en dat die vuurherd in die woonhut hoofsaaklik vir die verligting daarvan of as offerplek benut is. Uit Kuper (1980:14) se studie van die simboliese dimensies van die tradisionele wooneenhede van die Suidoos-Bantoesprekendes, veral die Nguni, blyk dit dat die agterste deel van die hut 'n verhewe heilige area was wat met die voorouers geassosieer is. Daar was gewoonlik drie klippe in die vuurherd in die middel van die hut, waarvan een na agter gewys het, heilig was, met die voorouers verbind is en nooit geskuif is nie.

Inligting oor die vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie van die Vroeë Molokofase is beperk. Soos in die vorige hoofstuk aangedui is, kon die presiese ligging van veekrale op hierdie terreine tot nog toe nie bepaal word nie. Voorts ontbreek inligting oor die benutting van die ruimtes rondom die hutte, hoofsaaklik omdat daar op hutvloeropgrawings gekonsentreer is. In Sentraal-Marico is 2526AC8a op Rietfontein 89 JP, waar die hutpuin van ten minste 21 woonstrukture voorkom, die grootste terrein wat uit hierdie fase dateer. Indien die oorblyfsels van terrein 2526AC8a en terrein 2526AC8b op Rietfontein saamgegroepeer word, lyk dit of hierdie kompleks uit twee dele saamgestel was. Daar kan egter nie met sekerheid bepaal word of daar op hierdie stadium al sprake van wyksvorming in die nedersettings was nie. Dit is nietemin nie onwaarskynlik nie dat liniegroepe (*masika* of *ditshika*), wat op plaaslike vlak in wyke (*dikgôrô*) georganiseer was, reeds teen ongeveer 1500 onder die Tswana voorgekom en die grondslag van dorpies (*metse*) en die breë sosio-politieke struktuur van die Hurutshe gevorm het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die grootste Vroeë Molokoterrein in Suidoos-Marico is 2526CB9 op Magozastad 248 JP, waar die reste van ten minste 59 hutte aan die voet van die rant Rabogadi, sowat 400 m wes van die Maruntwane (Wilgeboomspruit), aangetref is. Soos uit plan 5.11 blyk, kom dit voor of die hutte van terrein 2526CB9 twee breë groeperings vorm, waarvan die suidelike gedeelte waarin die enkele klipmure voorkom, stroomop lê. Daar is ook in die vorige hoofstuk aangetoon dat terrein 2526CB9 heel waarskynlik met die vestiging van die Lete onder Maphalaole by Rabogadi in die sewentiende eeu gekoppel kan word. In die lig hiervan is dit betekenisvol dat die mondelinge oorleweringe van die Lete verhaal dat hulle ten tye van hul verblyf by Rabogadi in twee seksies verdeel was, wat as die *ba-ntlha-ya-godimo* en die *ba-ntlha-ya-tlase* bekend gestaan het (Ellenberger 1937:34-35, 1954:192). Eersgenoemde term verwys na die 'boonste deel van die nedersetting' na aanleiding van die gebruik van die stamhoof om hom met sy gevolg stroomop te vestig. Hierdie seksie van die hoofstad was alternatiewelik as die *bakgôsing*, dit wil sê die mense van die stamhoof se plek, bekend. Die res van die hoofstad se inwoners het daarnaas en stroomaf gewoon, en die tweede term verwys dus na die 'laer deel van die nedersetting'. In die opgetekende oorleweringe van die Lete word vertel hoe eers die *ba-ntlha-ya-tlase* van Rabogadi weggetrek het, waarna die *bakgôsing* onder Maphalaole hulle later gevolg het (Ellenberger 1937:35-36, 1954:193). Ten opsigte van die verdeling van hul hoofsetel in twee geografiese afdelings, verskil die Lete van die meeste ander Tswanastamme, wie se hoofsetels tradisioneel in drie afdelings verdeel is (Schapera 1943:71, 1970:xii-xiii).

Indien die koppeling van die terrein 2526CB9 met Rabogadi, die sewentiende-eeuse hoofsetel van die Lete, aanvaar word, beteken dit ook dat die Lete reeds op daardie stadium so vertswana het dat hul vermeende Ndebeleherkoms nie uit hul woonstrukture of vestigingspatroon herlei kan word nie. Pogings om vroeëre Ndebelevestings aan die hand van materiële kultuuroorblyfsels of vestigingsuitleg in die argeologiese rekord te identifiseer, sal dus met omsigtigheid bejeën moet word. Voorts dui die vestigingsuitleg van terrein 2526CB9 daarop dat hoewel nedersettings van die Vroeë Molokofase nie naastenby so groot soos die uitgebreide klipmuurkomplekse van die Latere Molokofase was nie, daar reeds 'n mate van samegroepering in groter nedersettings in bepaalde areas teen die middel van die sewentiende eeu n.C. was. Die gedokumenteerde sametrekking van die Hurutshe en ander Tswanastamme in groot nedersettings aan die begin van die negentiende eeu was dus nie 'n ongewone of totaal nuwe sosio-politieke ontwikkeling nie.

Dit het ook uit die vindplekopname (kyk hoofstuk III) geblyk dat die Vroeë Molokoterreine op vlaktes of aan die voet van heuwels geleë was, meesal nie te ver van spruite of lopies nie. Hoewel die ligging van Vroeë Molokoterreine verskil van dié van Vroeë Ystertydperkterreine wat direk langs riviere of hul sytakke geleë was, het die vestiging van die Sotho-Tswana op hoërliggende terreine, byvoorbeeld rante, eers gedurende die Latere Molokofase plaasgevind, soos hieronder aangedui sal word. Die volgende stelling van Maggs (1995:141) is dus aanvegbaar, aangesien dit nie rekening hou met die veranderinge wat in die vestigingspatroon van die draers van die Molokotradisie onderskei kan word nie en in werklikheid slegs die woonwyse van die Latere Molokofase beskryf: 'The ethnography of both Nguni and Sotho speaking societies, as well as the archaeology of their progenitors, shows a marked preference for homestead sites on elevated situations above valley bottoms. Hilltops, spurs and plateaux on the sloping sides of valleys are ideal localities; lower slopes and bottomlands are avoided. This cultural preference cannot be explained in practical terms such as defence or health needs. After all, most southern African agriculturist settlements of the first millennium AD were in valley bottom, riverside situations. An explanation should rather be sought in the cosmology of these societies, in which rivers and their banks are regarded as sinister, if not dangerous places.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien daar nie juis klipmure op Vroeë Molokoterreine voorkom nie, is dit moeilik om te bepaal of daar reeds op hierdie stadium 'n afsonderlike ruimte in die nedersettings was wat as *kgotla* of openbare vergaderplek kon dien. Verder is daar ook geen groot ashope op Vroeë Molokoterreine aangetref nie. Soos later uiteengesit sal word, is die grootste ashope by die Latere Molokoterreine gewoonlik naby die sentrale *kgotla* geleë, en is die akkumulasie daarvan waarskynlik 'n aanduiding van die toenemende sentralisasie van politieke en juridiese gesag en besluitneming. In die geheel gesien, dui die grootte van Vroeë Molokoterreine en die aard van die materiële kultuurreste wat teruggevind is, nie op dieselfde mate van politieke gesag en ekonomiese welvaart as wat met die kontemporêre Khamikompleks, of selfs die vroeëre Mapungubwekompleks, verder noord verbind word nie.

b. Voedselverkryging

Oor die bestaanspraktyke van die Vroeë Molokofase is min inligting verkry, deels omdat al die ondersoekte terreine aan grootskaalse erosie blootgestel was en weinig meer as gefragmenteerde hutvloeroorblyfsels behoue gebly het. Dieselfde patroon van gebrekkige terreinpreservering is deur Mason (1986:225) tydens sy uitgebreide en jare lange ondersoek in die Rustenburgomgewing gevind waar hy slegs 13 sogenaamde 'Middel-Ystertydperkterreine' opgespoor het. Hy het op geeneen van hierdie terreine 'n ashoop of mensbegrafnis teëgekom nie. Voorts was direkte getuienis oor die bestaansekonomie ook skaars: op van die hutvloere is saad van *Sorghum bicolor* en *Vigna unguiculata* (akkerbone) aangetref, terwyl ses beeste en een skaap of bok onderskei kon word uit die klein hoeveelheid faunareste wat van die hutvloeropgrawings op terrein 29/72 op Olifantspoort herwin is (Mason 1986:223, 266-267, 279). Ofskoon Mason (1986:237, 267) twee toetsslote, wat oor sowat 80 m gestrek het, in die oop ruimte tussen die hutte van terrein 29/72 opgegrawe het, kon hy geen tekens van 'n veekraal vind nie.

Die ashoopopgrawing op terrein 2526CB9 op Magozastad 248 JP (MGS4.3 en MGS4.4) verstrek dus belangrike aanvullende inligting oor die leefwyse van die draers van die Vroeë Molokotradisie. Soos uit die beskrewe faunareste in hoofstuk V, afdeling 3.b(ii), geblyk het, was die verhouding tussen *Bos taurus* en *Ovis/Capra* 1,5 tot 1, indien skeletkompleksiteit in berekening gebring word. Die terreinbewoners se vleisdieet was hoofsaaklik van gedomestiseerde vee afkomstig en sowel jong as volwasse diere is geslag (Plug & Meyer zu Bargholz 1991b:2). Aangesien die ligging van die veekrale op terrein 2526CB9 nie vasgestel kon word nie, was dit nie moontlik om 'n idee te vorm van die aantal vee wat deur hierdie mense aangehou is nie. Die ruimtes tussen die hutte wat wel vir veekrale benut kon word, asook die grootte van al die gedokumenteerde Vroeë Molokonedersettings, dui egter daarop dat hul veetroppe nie naastenby so groot was as dié van die daaropvolgende fase van die Molokotradisie nie.

Die dieet van die bewoners van terrein 252CB9 is aangevul deur vleis wat van die jag van wild en die stel van strikke verkry is (kyk tabel 5.1). Eersgenoemde sluit die oorblyfsels van 'n rooibok (*Aepyceros melampus*) en verskeie onidentifiseerbare wildsbokke (*Bovidae*, klas I en II) in. Strikke is moontlik vir die haas (*Lepus/Pronolagus*) en 'n onidentifiseerbare groot voël gestel. Ook die skilpad, die mollusk *Achatina*, en die eiers van die volstruis (*Struthio camelus*) het as voedselbron gedien, hoewel laasgenoemde ook vir die maak van krale ingesamel is (Plug & Meyer zu Bargholz 1991b:2).

Uit die oorblyfsels van *Sorghum bicolor* wat op die hutvloer MGS1.1 van terrein 2526CB4a aangetref is, kan afgelei word dat graansorghum, net soos in die geval van die Latere Molokofase,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik die belangrikste gewas was wat verbou is. In die omgewing van Magozastad is die meeste van hierdie landerye waarskynlik langs die Maruntwane (Wilgeboomspruit) en sy sytakke aangelê. In die omgewing van Tswenyane/Enselsberg, waar die ander belangrike groep Vroeë Molokoterreine aangetref is, is die vestigingspatroon nie so duidelik nie, maar ook hierdie bewoners het waarskynlik die vrugbare grond langs spruite, onder andere die Mokgola (Klipspruit), benut.

Anders as in die geval van die Latere Molokofase, is daar tot dusver geen oorblyfsels opgespoor wat daarop dui dat die Vroeë Molokomense in Suidoos- en Sentraal-Marico groot kleihouers gemaak het nie. Volgens Simon Hall (1996:11, 14) blyk dit ook uit 'n studie van die Molokotradisie dat die potwerk van die Vroeë Moloko, wat oor die algemeen meer versier is met bande wat met grafiet en/of rooi oker gekleur is, ook meer bakke ingesluit het as dié van die Latere Moloko. Hoewel die gefragmenteerde aard van sommige potskerwe 'n bepaling van die vorm van die houers bemoeilik, word Hall se waarnemings bevestig deur 'n ontleding van die rekonstrueerbare, versierde potwerk van terrein 2526AC8a en 2526CB9 (kyk figuur 5.3-5.8, 5.11, 5.18-5.30): in die geval van terrein 2526AC8a verteenwoordig bakke 59,37% (19 uit 32) van die versameling, terwyl die ooreenstemmende syfer vir terrein 2526CB9 67,74% (21 uit 31) is.

Presies waarom dit die geval is en watter implikasies dit vir die werksaamhede van die vroue ingehou het, is moeilik om te verklaar, veral in die lig van die karige argeologiese getuienis wat oor die Vroeë Molokfase beskikbaar is. Hall (1996:14,16-17) is van mening dat die potwerk van die Vroeë Moloko meer versier is omdat dit 'n groter rol gespeel het om die simboliese grens tussen mans en vrouens in 'the relatively spatial intimacy of first phase settlements' te beklemtoon. Volgens hom dui die argeologiese getuienis daarop dat die ruimtes vir die werksaamhede van mans en vroue meer afgebaken was in die groter nedersettings van die Latere Moloko en dat, vanweë die samegroeiing van groepe, daar toe ook minder behoefte daaraan was om etniese verband deur middel van materiële kultuur (byvoorbeeld potwerkstyl) uit te druk. Hy kom ook tot die gevolgtrekking dat daar in die Latere Moloko waarskynlik meer van houtbakke gebruik gemaak is wat deur mans vervaardig is, 'n verandering wat die volgende geïmpliseer het: 'Men, consequently, appropriated the manufacture of an item of female potting, and in so doing, asserted control over one ocassion where men and women publicly interacted' (Hall 1996:14). Die verhouding tussen mans en vrouens tydens die Vroeë Molokofase was dus meer gelyk en die ruimtelike afbakening van aktiwiteitsareas tussen die twee geslagte minder skerp as in die Latere Molokofase, aldus Hall (1996:17). Verdere ondersoeke is egter nodig om die geldigheid van hierdie verklaringsmodel te toets.

c. Metaalbewerking en handel

Tekens van ysterbewerking word op feitlik elke Vroeë Molokoterrein in Marico aangetref, 'n aanduiding dat plaaslike nedersettings waarskynlik grootliks selfvoorsienend was wat die produksie van ysterimplemente betref. 'n Ontleding van drie slakmonsters en 'n ysterlem of -dissel van drie opgegraafde terreine op Magozastad, asook ysterslak wat op die oppervlak van terrein 2526AC7 (Motwane) op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP ingesamel is, toon aan dat die ystersmelt- of ysterreduksietegnologie van die Vroeë Molokomense wesenlik niks verskil het van dié van die Latere Moloko nie (Miller, Boeyens & Küsel 1995:39-41). Ten opsigte van die slak van Motwane, 'n terrein in Sentraal-Marico wat naby die latere Kaditshwene geleë was, merk Miller (1995:48) die volgende op: 'This was a relatively lean bloomery iron smelting slag with comparatively little free wüstite, an indication of fairly efficient smelting.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is groot ooreenkoms tussen die ystersmeltoonde van sowel die Vroeë as die Latere Molokofase wat tot dusver in Marico ondersoek is. Al die oonde het 'n ovaal vorm en twee tuyère- of blaaspypopeninge. Voorts is die afmetings van die ystersmeltoonde van Buispoort, Schietkraal en Magozastad ook naastenby dieselfde. 'n Uitsondering is die oond van Modderfontein (Borutwe), waarvan die lengte van 1100 mm heelwat meer is as byvoorbeeld die maksimum lengte van die lang as van die twee smeltoonde op Magozastad, MGS3.1 en MGS3.2, wat onderskeidelik op 640 mm en 690 mm bereken is. Sommige van die smeltoondreste wat tydens die oppervlakverkenning van terrein 2526AC2 en terrein 2526AC3, die sentrale en noordelike afdelings van Kaditshwene, waargeneem is, lyk op die oog af ook ietwat groter as die oonde van Magozastad.

Uit die ligging van die smeltoonde op terrein 2526CB4c op Magozastad kan afgelei word dat die smelt van yster reeds op hierdie stadium buite die woonareas plaasgevind het. Daarby kom dit voor of die smeltoonde in groepe opgerig is; by 2526CB4c is die oorblyfsels van drie smeltoonde bymekaar aangetref, terwyl die vyf oonde van Schietkraal in twee groepe verdeel is (Friede & Steel 1981:90). Dit is wel moontlik dat al hierdie oonde nie gelyktydig in gebruik was nie, en dat die groepering die gevolg kon wees van die bou van nuwe oonde wat oueres vervang het. Daar kan ook nie uit die argeologiese rekord bepaal word of daar reeds op hierdie stadium 'n kategorie van ysterbewerkingspesialiste in die samelewing onderskeibaar was nie. Op grond van die beperkte omvang van die metaalbewerkingsaktiwiteite is dit egter twyfelagtig of daar alreeds teen die middel van die sewentiende eeu 'n infrastruktuur in onder meer Suidoos-Marico bestaan het om 'n oorskot ysterprodukte te produseer wat aan ander Tswanagroepe verhandel kon word. Geen tekens van kopersmeltaktiwiteite is tot dusver op Vroeë Molokoterreine in Suidoos- en Sentraal-Marico opgespoor nie, maar 'n onlangse opname van Vroeë Molokoterreine in die Madikwe-natuurreservaat in die noorde van Marico het wel koperslak, koperers en 'n koperoond opgelewer (Huffman *et al.* 1996:14). Voorts is dit ook insiggewend dat daar net soos in die geval van die 'Middel-Ystertydperkterreine' in die Rustenburgomgewing (Mason 1986:223), nie 'n enkele glaskraal of seeskulp op Vroeë Molokoterreine in Marico gevind is nie. Die handelsbande van die Vroeë Molokomense van Suidoos- en Sentraal-Marico het klaarblyklik nie tot die ooskus gestrek nie.

2. DIE LATERE MOLOKOFASE

Volgens die beskikbare radiokoolstofdatums (kyk hoofstuk V, afdeling 5, en tabel 5.11) het die latere fase van die Molokotradisie in Suidoos- en Sentraal-Marico teen ongeveer die middel van die sewentiende eeu 'n aanvang geneem. Met die uitsondering van twee natter dekades tussen 1790 en 1810, val die Latere Moloko dus binne die koeler en droër eindfase van die 'Klein-Ystyd', wat volgens Tyson en Lindesay (1992) en Huffman (1996b) van ongeveer 1675 tot 1850 geduur het. In die bespreking wat volg, val die klem op die argeologiese ondersoeke wat op Rietfontein 89 JP, Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae), Vergenoegd 279 JP (Mmakgame), Modderfontein 256 JP (Borutwe), Buispoort 22 JO en Riekersdam 109 JP gedoen is. Verskeie van hierdie terreine het in die loop van die agtiende of vroeë negentiende eeu as hoofsetel van 'n Tswanagroep gedien, waaronder Mmutlagae en Mmakgame van die Bahurutshe booMenwe en Borutwe van die Bahurutshe booManyane. Soos in hoofstuk II, afdeling 4, aangedui is, is die Buispoortterrein waarskynlik deur die Bakgatla ba Mmanaana bewoon. Die bespreking hieronder moet saam gelees word met die rekonstruksie van die leefwyse van die bewoners van Kaditshwene, aangesien die bewoning van laasgenoemde terrein streng gesproke ook deel van die Latere Molokofase uitgemaak het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie

Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem is, verskil die terreine van die Latere Molokofase wat hul ligging en boumateriaal betref van dié van die Vroeë Molokofase. Met die uitsondering van enkele terreine naby die Marico- of Groot-Maricorivier, soos byvoorbeeld 2526AD5 op Riekersdam, is almal op of teen die hange van rante geleë en is sowel die veekrale as die mure wat die wooneenhede (*malap*a) afgebaken het, van klip gebou. Op die oog af staan dit in skerp kontras met die voorafgaande fase toe klipmure baie beperk voorgekom het en klip nooit gebruik is om veekrale te bou nie. Dit moet nietemin in gedagte gehou word dat die aanwesigheid van klipmure op terrein 2526CB9 (Rabogadi) op Magozastad daarop dui dat die oorgang na die grootskaalse gebruik van klip in die Latere Moloko moontlik minder skerp was as wat tot dusver gemeen is.

Daar is nog geen bevredigende verklaring vir hierdie verandering in bouwyse aan die hand gedoen nie. Hoewel die gebrek aan hout op die grasveld van die suidelike Hoëveld moontlik 'n rede vir die toenemende gebruik van klip as boumateriaal kon bied, is sodanige oorweging nie orals geldig nie. Uitgebreide klipmuurkomplekse kom ook in gebiede voor waar voldoende hout beskikbaar was, onder andere in die ondersoekte gebied in Suidoos- en Sentraal-Marico. Omdat sommige klipmure baie laag was (dikwels minder as 'n halwe meter), en al die terreine nie noodwendig op hoogs beskutte plekke geleë was nie, is dit ook twyfelagtig of die klipmure om verdedigingsoorwegings opgerig is. Dit is wel moontlik dat die klipmure in kombinasie met takheinings gebruik is en dat die mure wat wooneenhede (*malap*a) omsluit het, 'n mate van privaatheid aan die inwoners van die groter nedersettings gebied het Volgens Simon Hall (1996:6) is die waarskynlikste rede vir hierdie verandering in boustyl meer simbolies van aard: in 'n landskap wat al hoe meer ten volle bewoon geraak het en waarin die moontlikhede om van die herkomsgroep af te skei en weg te trek al hoe minder geword het, kon die klipmure die teenwoordigheid en aansprake van die bewoners op 'n bepaalde gebied 'projekteer' en bevestig.

Soos op foto 29 uitgebeeld word, is daar ook op Mmakgame van klippe gebruik gemaak om die muurbasisse van hutte te vorm. Volgens Mason (1986:660) het hierdie 'foundation pegs' die paal-en-kleimure gestut. Op sowel Mmutlagae, terrein 2526CA26b op Klaarstroom 237 JP, as op Mmakgame is daar 'n hutvloer teëgekom wat volledig met klip uitgeplavlei is (Mason 1986:661). Daar is ook by sowel Mmutlagae (kyk foto 24) as Mmakgame langwerpige klippe met vlak skuurgleuwe aangetref wat, soos bekend is, die basis gevorm het waarop houtdeure geskuif het wat in die hutingang geplaas is (Mason 1986:661). Volgens Simon Hall (1996:9) kan 'n noue assosiasie tussen die hut, die vroulike liggaam en voortplanting uit die etnografiese gegewens oor die Suidoos-Bantoesprekendes afgelei word, wat moontlik deur die skuifdeure versimboliseer word: 'The door slide itself is an explicit female symbol and the hut is a metaphor for the female body. ...The door and the threshold allude to fertility, and men, as the workers of wood, and through the fabrication of doors, symbolically mediate access to fertility. ... Domestic space is redolent with symbols of fertility and procreation, but through the intervention of men, underpin male control.'

Hoewel die groter sigbaarheid van veral die klipmuurterreine moontlik 'n rol speel, dui die feit dat daar meer as 50 Latere Molokoterreine teenoor slegs 12 Vroeë Molokoterreine tydens die veldopname in Suidoos- en Sentraal-Marico gedokumenteer is, daarop dat die bevolking gedurende die Latere Molokofase vinnig toegeneem het. Die bevolkingstoename blyk ook uit die grootte van veral daardie terreine wat as hoofsetel gedien het. Soos in hoofstuk I, afdeling 4, genoem is, beslaan die klipmuurkompleks van Mmakgame op die Vergenoegdrant volgens Mason (1986:657) 'n area van nagenoeg 2,5 x 0,3 km, dit wil sê 0,75 km^2. Uit 'n verkenning ter plaatse blyk dit dat sy

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgrawings in die sentrum van die kompleks was waar die grootste beeskrale en ashope te vinde is (kyk foto 28). Onder die Tswana staan hierdie afdeling van 'n hoofstad as die *kgôsing*, dit wil sê die stamhoof se plek, bekend. Hoewel nadere ondersoek nodig is, wil dit voorkom of Mmakgame net soos Kaditshwene in drie breë geografiese afdelings of sones verdeel was. Hierdie vestigingspatroon word vollediger met verwysing na Kaditshwene bespreek.

Ander nedersettings in Suidoos- en Sentraal-Marico wat heelwat kleiner was, maar ook uit meerdere vestigingseenhede (wyke?) saamgestel was, sluit in 2526CA17 op Honingkrans 269 JP, 2526CB1 op Zendelingsplaats 102 JP, 2526CA21 op Lotteringskraal 243 JP, 2526CB7 op Kleinfontein 260 JP, 2526CA8 op Doornhoek 305 JP, 2526AC4 op Rietfontein 89 JP en 2526AD1 op Roode Sloot 84 JP. Daar is reeds in hoofstuk II, afdeling 3, aangevoer dat daar uit die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe booMenwe afgelei kan word dat hulle hul hoofsetel van tyd tot tyd verskuif het, gewoonlik nadat 'n nuwe stamhoof (*kgôsi*) ingestel is. Hoewel ander faktore soos uitputting van die omgewing, droogtes of konflikte moontlik tot die verskuiwings aanleiding gegee het, het vestigingsmobiliteit ook die praktiese implikasie gehad dat die nuwe stamhoof die uitleg van die nuwe nedersetting kon herskik, onder andere deur hom saam met sy vrouens in die sentrum naby die sentrale *kgotla* te plaas. Indien die nedersetting nie verskuif is nie, sou hy tevrede moes wees om naby sy voorganger se vrouens te bly of om sy *kgotla* op 'n ander plek in die nedersetting, weg van die oorspronklike sentrale *kgotla* van die *kgôsing*, te plaas (vir 'n voorbeeld onder die Ntšhabeleng, kyk Bothma 1962:37-40). Die klipmuurterreine waarna hierbo verwys is, is nie noodwendig almal gelyktydig bewoon nie en die verskil in grootte van byvoorbeeld van Mmutlagae en Mmakgame dui dus nie op 'n hiërargiese politieke struktuur en vestigingspatroon nie, maar eerder op die bewoning van en verskuiwing van die Bahurutshe booMenwe oor die landskap van Marico in die agtiende eeu.[1] Daar kan ook uit die omvang van die klipbouvalkomplekse afgelei word dat hierdie Hurutshegroep die invloedrykste politieke eenheid in Suidoos- en Sentraal-Marico gedurende die Latere Ystertydperk was.

b. Voedselverkryging

Die fauna-ontledings van terrein 2526AC4 op Rietfontein 89 JP, terrein 2526CA26 op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae) en terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP toon aan dat gedomestiseerde vee, hoofsaaklik Sangatipe beeste maar ook skape en bokke, die hoofbron van die vleisdieet van die Latere Molokomense was (kyk tabel 5.2, 5.3, 5.4, 5.5 en 5.10). Die verhouding van *Bos taurus* tot *Ovis/Capra* in die faunaversameling van Rietfontein was 3 tot 1, in dié van Klaarstroom 2 tot 1 en in dié van Riekersdam 8 tot 1 (Plug & Meyer zu Bargholz 1991a:3, 1992:2, 1994:2). Volgens Brown ([s.a.:2]) oorheers beeste ook in die faunareste van Mmakgame en kon daar 'n minimum van

---

[1] Daar moet op gewys word dat, in teenstelling met die vestigingsmobiliteit wat vir die Bahurutshe booMenwe onderskei is, Pistorius (1997c:131) in 'n onlangse studie tot die slotsom gekom het dat die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau van ongeveer die middel van die sewentiende eeu tot 1828 onafgebroke op Molokwane (Selonskraal) gewoon het. Volgens hom dui die radiokoolstofdatums daarop dat die bewoning van die stamhoof se afdeling (*kgôsing*) van Molokwane minstens twee generasies vroeër begin het as wat afgelei kan word uit die genealogiese rekonstruksies wat deur P.-L. Breutz op grond van mondelinge oorleweringe saamgestel is. Hierdie afleiding is veral op twee radiokoolstofdatums gebaseer wat van die stamhoof se *kgôrô* (wyk) in die *kgôsing* van Molokwane verkry is, naamlik 'n datum van 300 ± 40 voor die hede (Pta-5394) vir die diepste deel van die afsetting in 'n 'seremoniële kraal' en 'n datum van 280 ± 50 voor die hede (Pta-5404) vir die diepste opgegraafde laag in die sentrale *kgotla*. Hierdie twee datums kalibreer respektiewelik soos volg: 1642(1654)1666 en 1645(1660)1674;1775-1779 (Pistorius 1997c:126-127).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

32 beeste onderskei word, teenoor slegs 18 skape en bokke. Ander gedomestiseerde diere wat in die faunamonsters van hierdie terreine geïdentifiseer is, sluit die hoender (*Gallus domesticus*) en die hond (*Canis familiaris*) in.

Dit blyk ook uit die faunareste dat benewens die vlakvark (*Phacochoerus aethiopicus*) en die sebra (*Equus burchelli*), 'n wye verskeidenheid antiloopspesies soos die buffel (*Syncerus caffer*), die blesbok (*Damaliscus dorcas*), die blouwildebees (*Connochaetes taurinus*), die rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*), die springbok (*Antidorcas marsupialis*), die steenbok (*Raphicerus campestris*) en die rooibok (*Aepyceros melampus*) gejag is. Strikke is waarskynlik vir dassies (*Procavia capensis*) en hase (*Lagomorph*) gestel. Ander voedselbronne wat benut is, sluit in skilpaaie, varswaterkrappe, varswatermossels en volstruiseiers. Mmakgame het ook 'n stukkie ivoor van 'n olifant (*Loxodonta africana*), 'n gedeelte van 'n postkraniale been van 'n leeu (*Panthera leo*) en twee stukkies van die kranium van 'n rooijakkals (*Canis mesomelas*) opgelewer. Laasgenoemde is waarskynlik ter wille van sy pels gejag (kyk tabel 1.1, 5.2, 5.3, 5.4, 5.5 en 5.10).

Dit is interessant dat oorblyfsels van die rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*) in die faunareste van sowel Mmutlagae as Mmakgame (en ook Kaditshwene) teruggevind is. Soos in hoofstuk II, afdeling 2, aangedui is, was die rooihartbees (*kgama*), asook die eland (*phôfu*), na bewering totems van die Hurutshe voordat hulle die bobbejaan (*tshwêne*) as totem aangeneem het. Volgens Willoughby (1905:299) was daar bepaalde voedseltaboes op die rooihartbees van toepassing: 'The original Bahurutshe had two totems, the eland and the hartebeest. They would not touch the hartebeest, but the only part of the eland that they held sacred was the *leshila*, which they described as the fat around the heart, and one section of the tribe, though still adhering to the old totems, thought it right to eat even this. They differentiated between the two totems by saying, "*Pino ke kgama sereto ke phofhu*," that is, "The dance is to the hartebeest; the veneration is for the eland."' Die feit dat faunareste van die rooihartbees by genoemde klipmuurkomplekse opgegrawe is, dui daarop dat die voedseltaboes op hierdie spesie klaarblyklik nie meer teen die agtiende eeu onder die Bahurutshe booMenwe gegeld het nie.

Daar kan aanvaar word dat akkerbou steeds 'n belangrike faset van die ekonomiese lewe van die Latere Molokomense uitgemaak het en dat sorghum die hoofproduk gebly het. Hoewel die argeologiese assosiasie van die pot met sade van onder andere makatane en akkerbone op terrein 2526AC4 op Rietfontein 89 JP onseker is, is hierdie gewasse heel waarskynlik ook destyds verbou. 'n Gedeelte van 'n kleipyp wat in laag 2 van KSM 1.1 op Klaarstroom opgegrawe is (kyk figuur 5.35), dui daarop dat dagga (*Cannabis sativa*) en/of tabak (*Nicotinia* sp.) waarskynlik reeds in die agtiende eeu gerook en ook aangeplant is.

c. Metaalbewerking en handel

Daar is in hoofstuk II, afdeling 3.a, aangedui dat ystererts redelik vryelik in die navorsingsgebied beskikbaar was. Tekens van grootskaalse ysterbewerking is dan ook by die hoofsetels van die verskillende stamme, Mmutlagae en Mmakgame van die Bahurutshe booMenwe, Modderfontein (Borutwe) van die Bahurutshe booManyane en Buispoort van die Bakgatla ba Mmanaana aangetref. Op Mmakgame is daar tydens 'n verkenning twee smeltersareas en minstens 20 slakhope aan die westekant van die rant aangetref waarop die *kgôsing* geleë was (GPS-lesings: 25° 37' 28,5" suid; 26° 05' 23,3" oos en 25° 37' 42,2" suid; 26° 05' 34,3" oos). Volgens Mason (1986:662) is vier ystersmeltoondareas in 1982 sowat een kilometer noord van die area ontdek wat in 1966 opgegrawe is. Die smeltersareas lê teen die hang van die Vergenoegdrant, aan die onderkant van die residensiële

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kompleks. Daar kom ook smeltoonde voor aan die rand van terrein 2526CA28, 'n klipbouvalkompleks op die teenswoordige plaas Kwarriefontein 280 JP wat waarskynlik deel van die suidelike afdeling van Mmakgame uitgemaak het. Die ertsmonster wat van laasgenoemde terrein ingesamel is, was hoofsaaklik uit goethiet saamgestel en betreklik arm aan yster. Desnietemin was die ystersmeltslak baie homogeen, 'n aanduiding dat die yster suksesvol gereduseer is (Miller 1995:48). Die voorkoms van so 'n groot aantal ystersmeltplekke op Mmakgame is moontlik 'n aanduiding dat meer yster daar geproduseer is as wat plaaslik verbruik kon word. Moontlik het dit as handelsproduk gedien.

Die enigste direkte getuienis van handelsbande is 'n enkele blou glaskraal uit die ashoopafsetting op Rietfontein (RFN1.1), asook ook enkele onbeskrewe glaskrale, 'n 'loodkoeël' en 'n porseleinfragment wat deur Mason (1986:673) se opgrawings op Mmakgame (Vergenoegd 279 JP) opgelewer is. Die argeologiese data dui dus daarop dat eksterne handelsbande met die Kaapkolonie of die ooskus nie 'n betekenisvolle rol gedurende die agtiende eeu gespeel het nie, maar dat onderlinge handel tussen Tswanagroepe waarskynlik van veel groter belang vir die Hurutshe was.

3. DIE HURUTSHE BY KADITSHWENE

Soos reeds aangedui is, het die Bahurutshe booMenwe waarskynlik teen die einde van die agtiende eeu hul hoofsetel van Mmakgame naby die Klein-Maricorivier (*Mainêêlô/Mainêêlwê*) na Kaditshwene in Sentraal-Marico verskuif waar hulle tot die uitbreek van die *difaqane* gewoon het. Hierdie verskuiwing het klaarblyklik saamgeval met die natter tussenpose wat, volgens Tyson en Lindesay (1992), van 1790 tot 1810 in die droër eindfase van die 'Klein-Ystyd' voorgekom het. Die rekonstruksie van die leefwyse van die Hurutshe by Kaditshwene berus op sowel die argeologiese data as die joernaalverslae van die sendelinge John Campbell en Stephen Kay wat die hoofstad onderskeidelik in Mei 1820 en Augustus 1821 besoek het. Dit bied terselfdertyd 'n breër blik op die funksionering van Latere Ystertydperkgemeenskappe in die Suid-Afrikaanse binneland op die vooraand van die *difaqane*.

a. Woonstrukture, vestigingspatroon en sosio-politieke organisasie

Soos op foto 52 en 53 gesien kan word, het slegs die basisklippe ('foundation pegs') van die eertydse hutte van Kaditshwene op die oppervlak sigbaar gebly. Die oorblyfsels van een van hierdie hutte (KLF2.1), waarvan die vloer ongeveer 6,2 m in deursnee was, is opgegrawe en in die vorige hoofstuk beskryf. Campbell se sketse van die nedersetting (kyk foto 40, 42, 65 en 68) toon duidelik aan dat die hutte paal-en-klei-strukture met 'n grasdak was wat die tipiese rondawelvorm ('cone-on-cylinder') gehad het. Volgens Campbell (1822[i]:225) was die hutte aan die buitekant gepleister en was die meeste geel (met oker?) gekleur, hoewel hy een opgemerk het wat smaakvol geel en rooi versier was. Soos blyk uit sy skets van die hut van Senosi, die leier van die Bahurutshe booMokgatlha van Kaditshwene, was sommige hutte ook aan die binnekant gepleister en met tekeninge versier (kyk foto 66 en 67). Die netheid van die hut, wat soos volg deur Campbell (1822[i]:227-228) beskryf is, was opvallend: 'Sinosee's house was neatly finished; it was circular like all the others, having not only the wall plastered both within and without, but likewise the inside of the roof. The wall was painted yellow, and ornamented with figures of shields, elephants, cameleopards, & c. It was also adorned with a neat cornice or border painted of a red colour.' Volgens Kay (1834:198) is daar ook aan die binnekant van die hutte tekeninge van mensfigure op die mure aangebring.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy verslag van sy besoek aan Kaditshwene noem Kay (1834:198-200) dat alle Tswanahutte volgens dieselfde algemene plan in vier ruimtes verdeel is. Volgens sy sketsplan en beskrywing van 'n hut, wat grootliks ooreenstem met dié wat Burchell (1824:364-367) na afloop van sy besoek aan die Tlhaping van Dithakong in 1812 saamgestel het, het dit bestaan uit 'n binneste kamer wat as slaapvertrek of bergplek vir waardevolle artikels gedien het, 'n slaapvertrek aan weerskante van die binnekamer waarin ook twee vuurmaakplekke voorgekom het, die ruimte agter die binnekamer waar graan in kleihouers geberg is, asook 'n slaap- of kookruimte aan die voorkant van die hut wat deur twee skermmure gevorm is en slegs ten dele onderdak was. Elke hut het ook 'n veranda gehad wat deur die pale gevorm is waarop die dakkonstruksie van latte en gras gerus het. 'n Middelste stutpaal het die dakkonstruksie versterk. Hoewel sy afmetings vir die deursnee van die hut en sy veranda te groot voorkom, word Kay (1834:198-200) se beskrywing nietemin volledigheidshalwe hier ingesluit, omdat dit 'n voorstelling van die tipe hut gee wat deur Senosi bewoon is en deur Campbell geskets en beskryf is:

> On a circular row of mimosa poles, forty to sixty feet in diameter, and about nine feet high, a conical roof neatly thatched with straw and guinea corn-stalks is elevated, the covering being fastened down to the wooden frame by bended sprays, in the manner of hay-ricks in Europe, at about three or four feet within the outer row, so as to leave a verandah outside; an inner one of poles is erected, round and upon which, for about two-thirds of the circumference, a mud wall is raised, of two feet thick, and about seven feet high, leaving an aperture all round under the thatch for the admission of air and the exit of smoke, - a precaution perfectly requisite where the heat of summer is so excessive; and a door-way is left in the front part of the wall, which, accommodated to the shape of the human figure, has its wide part above, and diminishes towards the feet to about the width of eight inches; within this walled enclosure an inner chamber is constructed of brush-wood, plastered with mud, round the central pole which supports the vortex of the roof, nearly a perfect parabolic conoid in shape, perhaps from four to six feet diameter, and having a small entrance of from eighteen to twenty inches square, closed by a wicker gate. This is the hidden shrine of the Boochuana *Penates* [penate: die huisgode van die Romeine], the *sanctum* in which the more important domestic vessels and property of the inmates are preserved; and during the winter months it is employed as a sleeping apartment by the family. At angles of about sixty degrees from the outer mud wall, and joining to the small parabolic conoid structure just described, two round walls are also raised, by which the whole area under the roof is divided into four compartments: the first, the inner conoid - the second, an outer one enclosed by the cross and other walls - and the third, the verandah which goes round the whole building, but under the shelter of the roof: on each side of the door-way in the second apartment, two fire-places are sunk in the ground, after the Kaffer fashion, like broad and shallow pans, and made of clay; this chamber is used as the common sleeping-room of the occupants during the warm weather, and the general sleeping-chamber during all but the severer period of the year. In this building, as well as several others I visited, although not in all, another wall was built, projecting two feet beyond the projection of the roof in front of the sleeping apartments, three feet high, and whimsically ornamented, which gave an additional enclosed chamber, half under, and half beyond the thatch; and here, in the height of summer, food is prepared, and sleep is enjoyed in the refreshing influence of the nocturnal breeze. The open space at the back of the conical chamber thus detached from the dwelling part of the house is devoted to the storage of corn, which is preserved in large jars, similar in shape to those used for Portugal grapes, made of clay, and generally from five to seven feet high. Behind this convenient edifice a thrashing-floor is formed, where the millet is beaten out by manual labour; and it has a small hole in the middle, in which the more rigid grains are stamped out of their more tenacious envelope.

Uit die argeologiese ondersoek het geblyk dat die hutplan wat deur Kay beskryf word, glad nie so verteenwoordigend van die woonstrukture op Kaditshwene is nie. In die *malapa*-kompleks reg noord van die sentrale *kgotla*, waar die regent Diutlwileng gewoon het, is slegs een hutvloer gedokumenteer wat die vorm soos bo beskryf is, vertoon. Hierdie hutvloer (BLF1.1 op plan 5.17) is eers onlangs ondersoek en die opgrawingsresultate moet nog verwerk word, maar soos deels op foto 56 gesien kan word, is dit in dieselfde vier kompartemente verdeel as wat in Kay (1834) se joernaalbeskrywing onderskei is. Dit is moontlik dat hierdie meer komplekse hutvorm met 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde status of amp verbind is, en dat die kompleksiteit van die hutvorm eerder as die grootte daarvan, 'n aanduiding van die sosiale posisie van die bewoner daarvan was. In hierdie verband het Burchell (1824:367) byvoorbeeld opgemerk dat die stamhoof van die Tlhaping by Dithakong se hut kleiner en minder opvallend in voorkoms *van buite was* as dié van vele van sy ondergeskikte hoofmanne. Geen tekens van 'n middelste stutpaal (*pinagare*) is ook in hut BLF1.1 opgemerk nie, maar die voorkoms daarvan in Tswanahutte is ook elders aangeteken (Badenhorst 1981:14; Lestrade 1929:29).

Campbell (1822[i]:241, 225) het ook opgemerk dat die oppervlak van die *lapa* waarin die hutte gestaan het, baie skoon en glad afgewerk was. Die grond is eers met sagte klei bedek en daarna glad gemaak deur daaroor met 'hard clay vessels' te rol. Benewens hierdie formele woonhutte, het die Hurutshe ook tydelike skerms opgerig toe hulle saam met Campbell (1822[i]:206) op reis was. Die dik ente van latte is in die grond geplant, waarna die los ente na mekaar gebuig is om 'n dak te vorm wat met riete bedek is. Campbell se sketse beeld ook 'n sogenaamde 'lion house' uit wat op stelte opgerig is, waarin kinders na bewering kon slaap om hulle teen die leeus in die veld te beskerm (kyk foto 40).

Ten opsigte van die klipbouwerk en die vestigingspatroon van die Tswana gedurende die Latere Ystertydperk kan daar na die reisiger Andrew Smith se beskrywing van die nedersettings van die Phiring in 1835 verwys word (Lye 1975:245): 'Besides the kraals which were actually inhabited we noted several others in a state of ruin, which had previous to the late invasion formed the residence of the Bapiri, a subdivision of the Baquain [Bakwena] and who had now either ceased to exist or had become dispersed among the Zooloos [Ndebele]. The walls of these kraals were all constructed of stone, and within the external circle were divided by stone fences in compartments of various sizes and forms. Each compartment during the time the country was occupied by Bechuanas contained the habitations of a family and the dormitory of their cattle.' Volgens Maggs (1976:285, 313) verteenwoordig nedersettings 'elaborate artifacts' wat die 'personality of their makers more sensitively than any other category of artifact' weerspieël. Bloot op grond hiervan moet enige gedagte dat die Tswana, en in die besonder die Hurutshe, net die bewoners, maar nie die bouers van die klipmuurkomplekse was nie (kyk Breutz 1956:167), verwerp word. Volgens Martin Hall (1988:147) dui die feit dat hierdie nedersettings uit uitgebreide klipmuurkomplekse 'with elaborate architectural styles' bestaan het, op beheer oor arbeid op 'n taamlike groot skaal.

Ook die uitleg van Kaditshwene, met sy verskillende residensiële eenhede (*malapa*), beeskrale (*masaka*), wyke (*dikgôrô*) en geografiese afdelings (*dintlha*,) was op die tradisionele vestigingspatroon van die Tswana geskoei. Volgens Schapera (1943:70-71, 1953:47, 1970:xiii) is die hoofsetels van die verskillende Tswanastamme, met die uitsondering van die Lete, tradisioneel in drie geografiese afdelings ('zonal divisions') verdeel, naamlik 'n sentrale afdeling (*fa gare*), 'n boonste of regterkantse afdeling (*ntlha ya godimo* of *kwa godimo*) en 'n onderste of linkerkantse afdeling (*ntlha ya tlase* of *kwa tlase*). Die kern van die sentrale afdeling, wat ook as die *kgôsing* (die stamhoof se plek) bekend staan, word gevorm deur die stamhoof se wyk wat direk langs of rondom die sentrale *kgotla* of hoofvergaderplek geplaas is. Die res van die *kgôsing* was saamgestel uit die wyke van onderhoriges of diensknegte ('retainers': *basimane* of *basegôtsô*), wat gewoonlik naby die stamhoof se wyk geplaas is, asook die wyke van adellikes (*dikgôsana*) wat met die stamadministrasie behulpsaam was (kyk ook Tlou 1974:73). Na bewering was die boonste afdeling van die hoofstad (*ntlha ya godimo*) gewoonlik stroomop en wes van die stamhoof se afdeling geleë, terwyl die onderste afdeling (*ntlha ya tlase*) stroomaf en oos

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvandaan geleë was (Kuper 1982:152-153). Volgens Schapera (1943:70) was die wyke van hierdie twee afdelings uit persone saamgestel wat nie op 'n spesiale wyse aan die stamhoof verbind was nie. Onder diegene was sowel adellikes as gewone onderdane; laasgenoemde het veral betreklik resente immigrantegroepe ingesluit.

Soos uit 'n verkenning van die klipbouvalkompleks en 'n studie van lugfoto's geblyk het, was ook Kaditshwene in drie breë geografiese afdelings verdeel. Die *kgôsing* of die stamhoof se afdeling (terrein 2526AC2) was tussen die twee ander afdelings geplaas, wat deur terrein 2526AC3 in die noorde (die *ntlha ya godimo*) en terrein 2526AC1, 2526AC5, 2526AC13 en 2526AC14 in die suide (die *ntlha ya tlase*) gevorm is (kyk ook kaart 3). Hierdie drie sones of geografiese afdelings is in 'n noord-suid-rigting georiënteer, en nie oos-wes soos deur Kuper (1982:151) as gebruiklik onder die Tswana beskou is nie. Ook die drie geografiese afdelings van Molokwane, die destydse hoofsetel van die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau in die Rustenburgomgewing, was in 'n noord-suid-rigting langs die Selonsrivier (Ngwaritse), georiënteer (Pistorius 1992:17, 48).

Daar is reeds in hoofstuk IV, afdeling 3, aangevoer dat daar bloot op grond van Campbell (1822[i]; MSB77[iii]) se beskrywing en sketse van Kaditshwene afgelei kan word dat hy in die sentrale afdeling (*fa gare*), dit wil sê die stamhoof/regent se area (*kgôsing*), tuisgegaan het. Die grootste beeskraal en die grootste *kgotla* kom in hierdie afdeling (terrein 2526AC2) naby die stamhoof/regent se residensiële kompleks voor. Die groot beeskraal (Kraal 1 op plan 5.17), wat 'n area van ongeveer 75 m x 45 m beslaan het, is heelwat groter as die beeskraal van die naasliggende residensiële kompleks aan die westekant (Kraal 2 op plan 5.17), waarvan die oppervlakte op ongeveer 45 m x 25 m bereken is. Voorts is die grootste ashoop op Kaditshwene, waarin die opgrawing KLF1.1 uitgevoer is, langs die groot *kgotla* en die groot beeskraal van die stamhoof/regent aangetref (kyk foto 50).

Wie in die noordelike afdeling van Kaditshwene (terrein 2526AC3) gewoon het, kan nie uit die dokumentêre gegewens vasgestel word nie. Nie een van die veekrale in hierdie afdeling is buitengewoon groter as die ander nie. Verskeie krale is slegs ietwat kleiner as Kraal 2 van die *kgôsing*: een van die noordelike krale se grootte is op ongeveer 35 m x 25 m bereken (GPS-lesing: 25° 20' 28,9" suid; 26° 10' 01,4" oos). Hieruit kom dit voor of daar geen sentrale leiersfiguur in die *ntlha ya godimo* was nie, maar dat verskeie van die linie- of wykshoofde wat daar woonagtig was, van omtrent gelyke status was. Hulle was ook almal aan die gesag van die stamhoof of regent van Kaditshwene onderworpe.

Die suidelike afdeling is verder van die *kgôsing* geleë as die noordelike afdeling en die verskillende residensiële komplekse wat deel daarvan uitgemaak het, is ook verder uitmekaar geleë. Daar kom wel in sowel terrein 2526AC1 as terrein 2526AC5 in die suidelike afdeling 'n groot beeskraal voor, maar hulle is nietemin steeds heelwat kleiner as die hoofbeeskraal in die *kgôsing*. Soos reeds aangedui is, kan daar uit Campbell se beskrywing en ongepubliseerde sketse afgelei word dat 'n deel van die *ntlha ya tlase* deur die Bahurutshe booMokgatlha van Senosi bewoon is. Die spesifieke rant waarop Senosi se woonkompleks geleë was, terrein 2526AC1, staan tans as Daskoppie of Mosidi-wa-ditlhobolo bekend. Tussen Campbell se besoek in 1820 en die verwoesting van Kaditshwene tydens die *difaqane* enkele jare later het ook die Lete onder Mokgosi hulle by Senosi se Hurutshe aangesluit (Breutz 1953:211). Ten tye van Campbell (1822[i]:312) se besoek het die Lete nog oos van Kaditshwene in hul hoofstad Letlhakane, oos van die Groot-Maricorivier, gewoon.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is reeds daarop gewys dat die wyk (*kgôrô*) 'n belangrike komponent van die residensiële eenhede onder die Tswana gevorm het en dat dit moontlik reeds in die Vroeë Molokofase by terrein 2526CB9 op Magozastad 248 JP op te merk is. Die wyk is, soos genoem, saamgestel uit 'n aantal verwante liniegroepe (*masika*), asook vreemdelinggroepe wat hulle by die heersende liniegroep aangesluit het. Hierdie uitlegpatroon is argeologies veral baie duidelik by SEL 1, 'n wyk van Molokwane, waarneembaar (Pistorius 1992). Die kerngedeelte van een van hierdie wyke in die *kgôsing* van Kaditshwene, wat uit 'n aantal wooneenhede (*malapa*) bestaan wat gesentreer is rondom verskeie beeskrale, insluitende die twee grootstes (Kraal 1 en 2), is gekarteer. Die twee *malapa*-komplekse wat in 'n perdehoefvorm noord van die twee groot veekrale en die twee vergaderplekke (*dikgotla)* lê (kyk plan 5.17), het elk waarskynlik 'n gesinne- of liniegroep verteenwoordig wat 'n belangrike onderafdeling van die wyk van die destydse regent van Kaditshwene uitgemaak het. Die twee *malapa*-komplekse is elkeen aan 'n groot beeskraal en 'n *kgotla* geskakel en word deur die groot ashoop waarin die opgrawing KLF1.1 gedoen is, van mekaar geskei.

Daar kan aanvaar word dat die hoofhut van Diutlwileng, die regent van die Bahurutshe booMenwe tydens Campbell en Kay se besoeke, in een van die groep *malapa* reg noord van die groot beeskraal en die groot *kgotla* geleë was. Die opgegraafde hut, KLF2.1, maak deel uit van hierdie *malapa*-kompleks. Dat Diutlwileng daar gewoon het, word bevestig deur Kay (1834:203) wat in Augustus 1821 waargeneem het hoedat 'n terugkerende krygsmag van die Hurutshe beweeg het na die 'the place of general rendezvous [die *kgotla*], hard by the king's residence ...'. Die presiese ligging van die hoofhut is onbekend, maar Language (1943:76) het met betrekking tot die Tlhaping aangeteken dat die hut van die stamhoof se hoofvrou gewoonlik regoor die hoofingang van die beeskraal gebou is.

Een manier waarop die bande tussen die onderskeie liniegroepe of stamgroeperinge onder die Hurutshe versterk is, was deur huweliksverbintenisse. Diutlwileng, die regent van die Bahurutshe booMenwe, was onder andere met twee van Senosi se dogters getroud (Campbell 1822[i]:263). Dat poliginie veral deur leiersfigure beoefen is en dat hulle gewoonlik verskeie vroue gehad het, blyk ook uit Campbell (1822[i]:315) se opmerking dat Makaba, die tydgenootlike stamhoof van die Ngwaketse, ongeveer 20 vroue gehad het, 'all of whom have separate houses, built in the form of a circle'. Elke vrou het dus haar eie *lapa* gehad, wat op Kaditshwene gewoonlik deur 'n halfmaanvormige klipmuur van die aangrensende *lapa* afgeskort is. Dit is moontlik dat van Diutlwileng se getroude seuns ook in die *malapa*-kompleks noord van die groot *kgotla* gewoon het. Soos blyk uit plan 5.17 bestaan die *lapa* waarin die hut BLF1.1 voorkom, eintlik uit drie of moontlik selfs vier eenhede. Dit het dus 'n meer komplekse samestelling as die ander *malapa* wat daaraan geskakel is, 'n patroon wat moontlik voortspruit uit die behoefte om binne 'n beperkte ruimte vir die inwoning van die jonger generasie en hul gesinne voorsiening te maak. Hierdie patroon is ook by die Pedi gedokumenteer en word soos volg deur Mönnig (1972:59) beskryf: 'Die poliginiese huweliksvorm, tesame met die patrilokale stelsel van inwoning bring mee dat na een geslag verloop het die geskikte bouruimte selde meer beskikbaar is. ... 'n Tydelike oplossing hiervoor word gevind deur *malapa* agtermekaar te bou, en met 'n stelsel van nou gangetjies te sorg dat die korrekte statusposisie deur die ingange aangedui word. Uiteindelik word die *malapa* vyf- tot sesdiep gebou met, vir 'n vreemdeling, 'n verwarrende stel van kronkelende gange tussen die *lapa*-mure.'

Die groter klipsirkels in elke *lapa* op plan 5.17 verteenwoordig waarskynlik die muurbasisse van die hutte van die onderskeie vroue, terwyl die kleiner klipsirkels moontlik die ligging van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hutte van groter kinders of bediendes en graanbergings- of kookhutte aandui. Dit strook met Kay (1834:200) se waarneming van die Hurutshe se woonpatroon ten tye van sy besoek aan Kaditshwene: 'If the occupant is a person of wealth and consideration, several other dwellings, smaller in size, but on the same model, are placed near his own, for the accommodation of married members of his family and his slaves, or are used as additional stores for his jars of grain...'. Hierdie beskrywing klop met Campbell se uitbeelding van die 'houses and yard' van Senosi in die suidelike afdeling van Kaditshwene, wat vier hutte en 'n wanvloer in een *lapa* aantoon (kyk foto 64 en 65).

Afgesien van Kay se verwysing, is daar ten opsigte van Kaditshwene egter geen historiese inligting wat daarop dui dat die Hurutshe van die arbeid van die San of Sanverwante mense gebruik gemaak het nie. Die vindplekopname in Suidoos- en Sentraal-Marico het tot dusver ook geen Latere Steentydperkvindplekke opgelewer wat met Kaditshwene verbind kan word nie, maar aangesien dit op die Ystertydperk gefokus het, is dit voor die hand liggend dat slegs uitgebreide argeologiese ondersoeke en opgrawings van 'n wyer spektrum van terreine verdere lig op die kwessie van interaksie met die San kan werp. Onlangse studies oor die Ngwato (Morton 1994:221-222) en die Tlhaping (Du Bruyn, persoonlike mededeling, 1994) het wel aan die lig gebring dat die San of Sanverwante mense deur hierdie Tswanastamme as lyfeienes ('serfs') onderwerp is in 'n sisteem wat as *botlhanka* bekend gestaan het. Dit is in hierdie opsig ook interessant dat Latere Molokoterreine soos Olifantspoort en Molokwane in die Rustenburgomgewing heelwat klipwerktuie opgelewer het (Pistorius 1992:36). Die benutting van klip word gewoonlik aan die gebrekkige plaaslike produksie van yster toegeskryf (Mason 1986:456), maar die moontlikheid moet ook in gedagte gehou word dat die San-onderdane van die Tswana vir die vervaardiging of gebruik van die klipwerktuie verantwoordelik kon wees.

Volgens Simon Hall (1996:7-11) is die meer komplekse uitleg van die groter klipbouvalterreine 'n aanduiding van toenemende sosio-politieke kompleksiteit. Dit het gepaard gegaan met 'n konkreter afbakening van of skeiding tussen aktiwiteitsareas, soos blyk uit die oprigting van afsonderlike kookhutte en graanbergingshutte in die *malapa*. Hy spekuleer ook dat daar waarskynlik 'n groter mate van ongelykheid tussen die twee geslagte ontstaan het, wat gekenmerk is deur 'n groter mate van beheer wat mans oor vroue se arbeid uitgeoefen het. Vanweë die totstandkoming van groot nedersettings was die landerye dikwels ver van die residensiële areas verwyder, waardeur die vroue se arbeidsverpligtinge bemoeilik is. Dit is volgens hom vererger deur die mans se toenemende betrokkenheid in veestrooptogte en oorlogvoering tydens die onderlinge konflikte wat teen die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu onder die verskillende Tswanastamme voorgekom het.

Daar is alreeds genoem dat toe Campbell en sy geselskap in Mei 1820 met drie waens in Kaditshwene aangekom het, die Bahurutshe booMenwe onder die regentskap van Diutlwileng gestaan het. Hy was die broer van Sebogodi wat volgens oorlewering teen ongeveer 1815 in 'n geveg teen die Bakgatla ba Mmanaana van die Buispoortarea omgekom het (Breutz 1953:95). Dit blyk ook uit Campbell (1822[i]:226-227) se joernaal dat Moilwa, een van die seuns van Sebogodi, toe al begin aanspraak maak het op die stamhoofskap hoewel hy nie uit die vrou met die regte rang gebore is nie. In sy ongepubliseerde joernaal (MSB77[iii]:18) het Campbell die bevolking van Kaditshwene op 20 000 geskat, maar in sy gepubliseerde reisverslag het hy dit na 16 000 verminder (Campbell 1822[i]:277). Stephen Kay (1834:205), wat die nedersetting in Augustus 1821 besoek het, het Kaditshwene beskryf as die digsbevolkte dorp sedert hy die Kaap verlaat het en die inwonertal daarvan op 13 000-14 000 beraam. Kay meld ook dat hy op Sondag,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12 Augustus 1821, 'n preek uit 1 Timotius 2: 3-7 vir 'n skare van sowat 6000 mans, vrouens en kinders in Kaditshwene gehou het (W.M.M.S., Box 1, File 1821, Kay - Directors, Kurry Chane, 20/8/1821). Hieruit, asook op grond van die argeologiese verkenning van die terrein en 'n bestudering van lugfoto's, is dit duidelik dat Kaditshwene op daardie stadium een van die grootste nedersettings in die Suid-Afrikaanse binneland was.

Soos reeds vroeër aangetoon is, kom dit uit die dokumentêre gegewens voor of die meeste stamlede van die Bahurutshe booMenwe en die Bahurutshe booMokgatlha teen 1820 by Kaditshwene saamgetrek was. Kay (1834:196) het byvoorbeeld in Augustus 1821 opgemerk dat hy en sy geselskap vir bykans 'n week deur 'n bykans ontvolkte gebied gereis het voordat hulle by Kaditshwene aangekom het. Daar is ook reeds in hoofstuk II, afdeling 4, daarop gewys dat Kaditshwene op 'n rantereeks geleë was en dat die regent Diutlwileng teenoor Campbell (1822[i]:232) opgemerk het dat dit om verdedigingsoorwegings daar opgerig is. Die vestiging van Tswanagroepe in groot nedersettings op verdedigbare rante was 'n algemene verskynsel aan die begin van die negentiende eeu. Soortgelyke vestings is deur die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau by Molokwane (Pistorius 1992), die Barolong booRatlou by Khunwana (Campbell 1822[i]:171), die Ngwaketse onder Makaba by Kanye (Schapera 1942:4) en die Bakwena ba Setšhele in die omgewing van die Dwarsberge (Kay 1834:204) bewoon.

Die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings word dikwels gekontrasteer met die patroon van verspreide nedersettings wat tradisioneel onder die Nguni aangetref is. Die verskil word gewoonlik aan ekologiese oorsake gewyt: daar word aangevoer dat in teenstelling met die waterryke oostelike deel van die land, die skaarste aan oppervlakwater in die weste die Tswanabewoners daarvan genoop het om in groter nedersettings te groepeer (vgl. Eldredge 1992:13; Hammond-Tooke 1993:14; Maggs & Whitelaw 1991:22). Kulturele voorkeur vir samewoning, veral soos blyk uit die funksionering van die wykstelsel wat die inkorporering van selfs vreemdelinggroepe vergemaklik het, word ook as 'n moontlike rede vir die ontstaan van groter nedersettings genoem (Manson 1990:47). Daar is in die vorige hoofstuk aangetoon dat daar uit die mondelinge oorleweringe van die Lete en die argeologiese reste van terrein 2526CB9 aan die voet van Rabogadi op Magozastad afgelei kan word dat die neiging om in hoofsetels saam te trek, waarskynlik reeds teen die tweede helfte van die sewentiende eeu onder die Tswana gevestig was.

Nog 'n faktor wat tot die aggregasieproses aanleiding kon gee, was die onderlinge militêre konflik wat aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu tussen die verskillende Tswanastamme (*merafe*) geheers het. Dit is reeds in 1821 deur Stephen Kay raakgesien, toe hy op sy reis deur die teenswoordige provinsies Noord-Kaap en Noordwes soos volg daaroor opgemerk het: 'In order, as much as possible, to be prepared for attack, the population of the interior is in a great measure concentrated in towns, which are in many instances built on the very summits of mountains, commanding an immensive prospect every way' (W.M.M.S., Box I, File 1821, Kay - Directors, Kurry Chane, 20/8/1821). Daarteenoor is dit egter hoogs onwaarskynlik dat die grootskaalse aanplanting van mielies tot die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings kon gelei het. Soos in die bespreking van voedselverkryging aangetoon sal word, word die groot nedersettings van die Tswana en die konflikte van die *difaqane* verkeerdelik deur Huffman (1996b) met die invoering van hierdie gewas in verband gebring.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die stamvergadering of *pitsô* wat op 10 Mei 1820 in Kaditshwene gehou is, werp heelwat lig op die politieke organisasie van die Hurutshe en ander groot Tswanastamme uit die Latere Ystertydperk. Die hoofdoel van die *pitsô*, of 'general meeting of the captains', soos Campbell dit beskryf, was om die sendingdirekteur se besoek en die moontlike vestiging van 'n sendingstasie te bespreek. Tog het 'n groot deel van die verrigtinge gehandel oor die bedreiging wat die Bahurutshe booMenwe van ander Tswanastamme, veral die Bakwena ba Setšhele vanuit die noorde, in die gesig gestaar het. Uit Campbell (1822[i]:268-269) se beskrywing kan afgelei word dat daar 'n groot mate van vryheid van spraak onder die aanwesige mans tydens so 'n vergadering geheers het: 'None seemed to have the smallest timidity, nor were they reluctant to express their minds with freedom. In fact, they exhibited a singular compound of barbarism and civilization. The utmost latitude of speech seems to be allowed on such occasions. The women, who stood about twenty yards distant from the assembly sometimes cheered, by pronouncing the letter r in a loud musical tone.'

Hierdie vergadering het in die *kgotla* of openbare vergaderplek plaasgevind waar Campbell met sy waens en tent tuisgegaan het (kyk plan 5.17). Die *kgotla*, wat direk langs die groot beeskraal geleë was, was ook die bymekaarkomplek waar die mans die velle bewerk en karosse gemaak het, 'n taak wat selfs deur die regent Diutlwileng tydens Campbell (1822[i]:230 & 235) se besoek uitgevoer is. Dit is deur Campbell (1822[i]:223) beskryf as 'n 'extensive inclosure ... surrounded by a stone wall, except at the gate by which we entered' waar 'some strong posts, ten or twelve feet high, were driven into the ground'. Die argeologiese ondersoek het 'n prominente monoliet (*motlôutlô*) by die hoofingang tot die vergaderplek aan die lig gebring wat, soos reeds genoem is, ook in Campbell se ongepubliseerde sketse aangetoon word (kyk foto 47 en 48). Soos reeds in hoofstuk IV genoem is, staan hierdie monoliet van horingfels ongeveer 103 cm bo die grondoppervlak uit. Dit is heelwat groter as die omgevalde monoliet by die ingang tot die *kgotla* van die aangrensende *malapa*-kompleks ten weste daarvan, wat ongeveer 75 cm lank is.

Daar kon tot dusver geen etnografiese inligting oor die voorkoms of betekenis van monoliete onder die Tswana opgespoor word nie, maar in die literatuur oor die Shona word gemeld dat monoliete 'n politieke gesagsimbool was wat deur hulle as die 'horns of the ruler' beskryf is (Huffman 1986b:307). Die plasing van monoliete by die *dikgotla* van Kaditshwene en ook Molokwane (Pistorius 1992:63) is moontlik 'n aanduiding dat dit ook onder die Tswana as 'n simbool van politieke gesag gedien het. Dit is voorts interessant dat nog 'n omgevalde monoliet, wat ongeveer 106 cm lank, 22 cm breed en 11 cm dik is, op die platform by die ingang tot die sentrale *kgotla* van Kaditshwene aangetref is. Die vraag ontstaan of hierdie omgevalde monoliet dalk met die regeringskap van Sebogodi, die vorige stamhoof van Kaditshwene, verbind kan word. Die politieke aansien wat die stamhoof onder die Tswana geniet het, asook sy assosiasie met die *kgotla*, blyk duidelik uit die volgende raaisel wat deur Schapera (1932:227 [ortografies aangepas]) onder die Bakgatla ba ga Kgafela van Mochudi in Botswana opgeteken is: '*Mpolêlêlê: letlharapa le fa gare ga lekgotla. Ke morêna*. Tell me: the thick stump which is in the midst of the men's meeting-place. It is the chief (who is expected to be a "fixture" in the *kgotla*).'

Die intrinsieke verband tussen die *kgotla*, die beeskraal en stamhoofskap onder die Tswana is reeds lank gelede deur Willoughby (1905:301-302) opgesom: 'As soon as one becomes familiar with the general arrangement of a Becwana town, one notices the prominent position of the cattle kraal. The great place of public assembly is really a large cattle kraal surrounded with a circular fence of stout and strong poles; and the cattle kraal of the chief's herds opens directly into this place of assembly. One feels that it is not mere accident which has brought the cattle kraal into

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

this close connection with the place of public assembly. It is in this place that the public business of the tribe is transacted; here all the ordinary public assemblies are held, all the assemblies, in fact, except those that are attended with arms; here at daybreak, the chief administers justice; here are held the rain-making rites, the ploughing rites, the new year purification rites, the rites in connection with the purification of warriors, and even some of the final rites connected with the initiation ceremonies for boys and girls. Here all the messengers from the outlying districts will await the pleasure of the chief, and to this place every visitor at once proceeds. There is scarcely an hour in the day when one may not be quite sure of finding a little group of tribesmen there, either talking to the chief or waiting his return. And in the old days, if a chief wished to take a person aside for confidential conversation, he usually took him into the cattle kraal proper. And here, when the chief's work is done, they lay him finally to rest just within the entrance to the cattle kraal. One naturally enquires the Secwana name for such a place, and one learns that it is called *kgotla*.' Volgens Kuper (1982:150-151) is die vervanging van die beeskraal deur die *kgotla* as die openbare vergaderplek van die stam 'n aanduiding van groter politieke kompleksiteit en die totstandkoming van grootskaalse besluitnemende eenhede onder die Sotho-Tswana. Hierdie ontwikkeling was waarskynlik die gevolg van 'n toename in die bevolking, asook die inkorporering en sametrekking van liniegroepe as deel van wyke in groter residensiële eenhede.

b. Voedselverkryging

(i) Veeteelt

Campbell (1822[i]:256), wat duidelik met die groot hoeveelheid beeste op Kaditshwene beïndruk was, meld in sy joernaal dat die terugkerende beestroppe van die Hurutshe saans in net een rigting meer as drie kilometer ver gestrek het: 'The Marootzee greatly abound in cattle. I witnessed their herds returning in the evening to the kraals, or inclosures in the town. For two miles in one direction the road was covered with droves of cattle'. In sy ongepubliseerde dagboek (MSB77[iii]:21) noem hy dat die Hurutshe ongeveer 500 osse in die groot beeskraal langs die sentrale *kgotla* aangehou het waar sy waens getrek was, maar in die gepubliseerde joernaal verwys hy na sowat 500 osse *en koeie* wat in die kraal aangehou is (Campbell 1822[i]:233). Indien osse en koeie nie in dieselfde veekrale aangehou is nie, sou dit belangrike implikasies vir die interpretasie van die argeologiese faunareste kon inhou, maar dit is moontlik dat Campbell homself bloot gekorrigeer het. In hierdie verband is dit insiggewend om aan te haal wat Burchell (1824:368) in 1812 in verband met die Tlhaping van Dithakong opgeteken het: 'The *cattle* usually kept at the town, are generally cows, retained there only by those who prefer or require sweet milk. Some pack-oxen for occasional service, and a few *goats*, are also fed in the surrounding plain; but oxen for slaughter are always pastured at the out-posts, and driven to town only as they are wanted for use. Of these last, a considerable number are brought in every night, and killed the next morning.'

Soos vroeër aangedui is, beslaan die groot beeskraal in die sentrale gedeelte van die *kgôsing* van Kaditshwene waarna Campbell verwys, 'n area van ongeveer 3375 m^2 (kyk Kraal 1 op plan 5.17). Volgens inligting wat deur Dreyer (1992:371) van plaaslike boere en die Vrystaatse Departement van Landbou verkry is, word 'n ruimte van ongeveer 10 m^2 per bees in 'n kraal benodig. Indien hierdie berekening as basis aanvaar word, kan afgelei word dat die aantal beeste wat in die hoofbeeskraal op Kaditshwene aangehou is nader aan 340 was, en dat Campbell se skatting van 500 heelwat te hoog was.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die besit en korrekte aanwending van beeste het 'n sentrale en komplekse rol in die kultuur van die negentiende-eeuse Tswana vervul. Beeste was nie net 'n ekonomiese kommoditeit of lewensmiddel nie, maar ook 'n simbool van rykdom en status. Dit het gedien as offerdiere, trougoedere en betaalmiddel in regsdispute en by tribuutlewering. Vanweë hul groot waarde en om die risiko van verliese te beperk, het die Tswana die *mafisa*-stelsel toegepas waarvolgens 'n eienaar 'n gedeelte van sy beeste by 'n armer stamgenoot uitgeplaas het. Laasgenoemde het gebruiksreg daarvan geniet en kon hoop dat van die aanteelvee aan hom geskenk sou word ter erkenning van die diens wat hy gelewer het (kyk Coertze 1986; Dreyer 1992:370). Beeste was ook 'n vervoermiddel, want volgens Campbell (1822[i]:209) het die Hurutshe van pakosse gebruik gemaak om rou dierevelle te vervoer wat hulle van die Thamaga van Madibogo geruil het.

Dat beeste destyds vir die Tswana van die uiterste belang was, is ook deur Campbell (1822[i]:291) waargeneem: 'All the interior nations are so dependent on their cattle for subsistence, that to deprive them of either the whole or a part must make them almost desperate, and render them formidable enemies'. Soos reeds in hoofstuk II, afdeling 4, opgemerk is, is Campbell (1822[i]:174) veral deur die gereelde voorkoms van veestrooptogte in die binneland getref. 'n Studie van die tydgenootlike Ngwaketse onder Makaba het aan die lig gebring dat die stamhoof sy beeskuddes destyds hoofsaaklik deur middel van ruilhandel met en strooptogte op naburige Tswanastamme vermeerder het (Gulbrandsen 1987:22). Dat veestrooptogte 'n grondliggende oorsaak van vele konflikte was, word raak saamgevat in 'n Tswanalied, '*Kgômo, modimo wa gaê, modimo wa nkô ê mêtsi; kgômo e lotlhanya ditšhaba, e bolailê banna ba le bantsi*', wat oorspronklik deur Schapera (1934:14) opgeteken is (kyk Comaroff & Comaroff 1990:195 [ortografies aangepas]). Dit kan soos volg vertaal word: 'Bees, god van die huis, god met die nat neus; bees wat stamme laat oorlog voer, jy het baie mense doodgemaak.'

Die ligging van beeskrale in die middel van 'n ten volle ontwikkelde wyk of *kgôrô*, 'n verskynsel wat deur Huffman (1989:159) as die 'sentralebeespatroon' getipeer is, is 'n verdere aanduiding van die sentrale rol van beeste in die kultuur van die Hurutshe en ander Tswana- of patrilineêre Bantoesprekende groepe. Dit blyk ook uit 'n ondersoek na die stamhoof se wyk in die *kgôsing* van Kaditshwene, wat gedeeltelik in plan 5.17 uitgebeeld word, dat die beeskrale in die sentrum geleë was en dat die *malapa* van die verskillende gesinne- of liniegroepe (*masika*) daaromheen gerangskik was. Volgens Willoughby (1905:308; kyk ook Kuper 1982:11-12) is die wyks- of liniehoof onder die Tswana gewoonlik in of onder die muur van die beeskraal begrawe, terwyl sy vrou onder die werf- of wanvloer in die *lapa* agter die hut begrawe is. Die man se liggaam is in 'n beesvel toegedraai en voor die begrafnis is 'n beesbeen of -hoef na die lyk gehou en by sy kop in die graf geplaas. Op dieselfde wyse is ook 'n melktou, 'n neuskoord van 'n os en 'n melkbak aan hom getoon, waarna beesmis in die graf gegooi is. Hierteenoor is daar in die geval van 'n vrou se begrafnis, 'n pot, 'n lepel, 'n bord, 'n gevurkte papstok, 'n wanmandjie, 'n stamper van 'n houtstampblok en 'n gekraakte pot by die lyk geplaas, terwyl graansorghum op die graf gestrooi is.

Soos blyk uit die spesielys (hoofstuk V, tabel 5.7) wat op grond van die opgegraafde fauna-oorblyfsels van Kaditshwene saamgestel is, was beeste, skape en bokke die vernaamste vleisbron van die inwoners. 'n Minimum van 17 beeste en 14 skape en bokke is onderskei, maar indien skeletkompleksiteit in berekening gebring word, was die verhouding tussen die twee kategorieë 3 tot 1 (Plug & Meyer zu Bargholz 1993:3). Hierdie bevinding weerspreek die aanname van historici soos Manson (1990:54) dat wild destyds die belangrikste vleisbron van die Hurutshe was.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Campbell (1822[i]:273) het die Hurutshe van Kaditshwene 'n spesiale plek gehad waar hulle beeste geslag het, 'n gebruik wat hy nie in ander Tswanadorpe teëgekom het nie. Dit was nog nie moontlik om sodanige ruimte bo alle twyfel in die argeologiese kompleks op die Kleinfontein-Bloemfonteinrant te identifiseer nie.

Hoewel die opgegraafde faunamonster te klein is om slagpatrone te bepaal, kom dit voor of sowel jong as volwasse beeste geslag is. Dit is nietemin opvallend dat ouderdomsklasse V en VI, dit wil sê diere van 24-30 maande en 30-42 maande onderskeidelik, nie in die versameling verteenwoordig is nie. Volgens Plug en Meyer zu Bargholz (1993:4) is dit moontlik dat jong volwasse beeste nie geslag is nie en by veeposte weg van die hoofsentrum aangehou is. Die Bahurutshe booMenwe het wel destyds sodanige veeposte gehad (Campbell 1822[i]:279, 291), en tydens die argeologiese opname is verskeie klipkrale aangetref wat moontlik as veeposte kon gedien het, onder andere twee op die rant bokant die waterval op Mezeg/Tswenyane (terrein 2526AC10) enkele kilometer vanaf Kaditshwene. Inligting wat deur die Sweedse reisiger Emil Holub in 1884-1885 onder die Kgatla aan die Maricorivier ingewin is, dui daarop dat sodanige veeposte nie noodwendig net deur jong, ongetroude mans beman is nie, maar dat die veeherders se gesinne in sommige gevalle ook daar gewoon het (Breutz 1952:264-265).

In Campbell (1822[i]) se joernaal word, interessant genoeg, geen melding van die aanwesigheid van skape of bokke op Kaditshwene gemaak nie, terwyl hulle wel in die faunareste uit die ashoopopgrawing (KLF1.1) naby die sentrale *kgotla* verteenwoordig is. Enersyds het Campbell moontlik bloot nagelaat om na skape en bokke te verwys omdat hulle minder belangrik en opvallend as die groot beestroppe van die Bahurutshe booMenwe was. Andersyds is dit moontlik dat daar nie baie bokke of skape in die sentrale gedeelte van die *kgôsing* aangehou is waar Campbell tuisgegaan het nie, maar dat die kleinvee elders aangehou of van ander groepe verruil is. Wanneer die terreinkaart van die kern van die stamhoof se wyk in die *kgôsing* bestudeer word (plan 5.17), is dit inderdaad so dat daar nie juis ruimtes voorkom wat as skaap- of bokkrale geïdentifiseer kan word nie. Talle kleiner krale wat vir sodanige doeleindes geskik is, kom egter in die res van die *kgôsing* voor. Campbell (1822[i]:178) het die tipe skape wat hy in die binneland aangetref het toe hy by die nabygeleë Rolong van Khunwana was, soos volg beskryf: 'They minutely examined my dress, but were most diverted by finding hair instead of wool upon my head. In this country the sheep are covered with hair, and the human head with wool.' Hoewel Campbell ook nie na die aanwesigheid van hoenders op Kaditshwene verwys nie, het die opgrawings wel oorblyfsels van *Gallus domesticus* opgelewer (kyk hoofstuk V, tabel 5.7).

Die oorblyfsels van ten minste een hond (*Canis familiaris*) is in die ashoopopgrawing op Kaditshwene gevind. Oor die Hurutshe se honde het Campbell (1822[i]:248-249) hom soos volg uitgelaat: 'Even the dogs, to whom they seem greatly attached, are living skeletons, from want of food. It required a sharp look out, and a severe use of the lash, to prevent them from running off with the meat cooking at the fires. No opportunity is lost by these animals for seizing anything eatable within their reach. Their perseverance and boldness in the pursuit of food is unconquerable.' Een nag het die honger honde nie alleen 'n lid van Campbell se Khoekhoengeselskap se skoene opgevreet nie, maar boonop die rieme waarmee die twee perde aan die waens vasgebind was, tot by die perde se bekke verorber (Campbell 1822[i]:236).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(i) Jag

Campbell verstrek min inligting oor die jaggebruike van die Hurutshe van Kaditshwene. Dit blyk ook uit sy joernaal dat wild in die onmiddellike omtrek van Kaditshwene skaars was (Campbell 1822[i]:271), iets wat te wagte was indien die invloed van so 'n groot bevolking op die omgewing in ag geneem word. Volgens Adam Kuper (1982:13) was jag onder die Suidoos-Bantoesprekendes tradisioneel 'n aktiwiteit van mans wat as 'a ritually heightened counterpart' van veeboerdery beskou kan word. Dit was nie so 'n belangrike en gereelde voedselbron vir die meeste groepe nie, maar groot of gemeenskaplike jagtogte is tydens bepaalde sleutelmomente in die siklus van die natuur of die stam se sosiale lewe onderneem, onder andere tydens inisiasieseremonies, voorbereidings vir oorlog, die inhuldiging van leiers en selfs om reën te maak.

Dat die Hurutshe olifante gejag het, blyk daaruit dat die regent Diutlwileng ten minste twee olifanttande aan Campbell (1822[i]:243, 260) oorhandig het en dat die hoofman Senosi by geleentheid 'n olifanttand aan hom belowe het. Olifantivoor was nie alleen 'n gesogte handelsitem nie, maar is ook gebruik om ornamente te vervaardig. Geen ivoor is in die aanvanklike ashoopopgrawing, KLF1.1, teruggevind nie, maar 'n aanliggende opgrawing in dieselfde ashoop (KLF3.1) het onlangs wel 'n gebreekte ivoorarmband met 'n deursnee van ongeveer 60 mm opgelewer. Ook die renoster is ongetwyfeld gejag, want Campbell (1822[i]:205, 295) het opgemerk dat die Rolong van Khunwana vier strydbylhandvatsels uit een renosterhoring kon maak en die gebruik gehad het om die bene en pote van 'n renoster in 'n uitgeholde miershoop voor te berei en te kook om dit te kon eet.

Soos in die vorige hoofstuk genoem is, dui die spesielys van die ashoopopgrawing op Kaditshwene (KLF1.1) daarop dat ten minste die volgende wildsoorte om hul vleis gejag is: *Equus burchelli* (sebra), *Phacochoerus aethiopicus* (vlakvark), *Alcelaphus buselaphus* (rooihartbees), *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe) en *Redunca fulvorufula* (rooiribbok). *Pedetes capensis* (springhaas) en *Lagomorph* (haas) is waarskynlik in strikke gevang. Ook die volstruis, *Struthio camelus*, is gejag en sy eiers is versamel. 'n Ander voedselbron van die inwoners was die insameling van varswatermossels, *Unio caffer*, *Unionidae* en *Aspatharia* sp., asook die varswaterkrap, *Potamonautis* (Plug & Meyer zu Bargholz 1993:3).

Bogenoemde spesielys sluit ook verskeie wildsoorte in wat volgens Plug en Meyer zu Bargholz (1993:5) nie tot die dieet van die Bahurutshe booMenwe bygedra het nie, naamlik die blou-aap (*Cercopithecus aethiops*), die bakoorvos (*Otocyon megalotis*), die rooijakkals (*Canis mesomelas*), die stinkmuishond (*Ictonyx striatus*), die bruinhiëna of strandjut (*Hyaena brunnea*) en die leeu (*Panthera leo*). Ofskoon Andrew Smith in die 1835 met verwysing na die eetgewoontes van die Kwena opgemerk het dat hulle die 'wolf', jong leeus en die luiperd geëet het (Kirby 1940:207), is hierdie diere waarskynlik eerder vir hulle velle gejag of om bestanddele vir medisinale doeleindes te bekom. Dat wildsvelle as karosse baie gewild was en dat ander spesies ook gejag is benewens dié wat in die faunareste onderskei kon word, blyk duidelik uit Campbell (1822[i]:268) se beskrywing van die kleredrag van die Hurutsheleiers wat die *pitsô* of stamvergadering op 10 Mei 1820 in die sentrale *kgotla* op Kaditshwene bygewoon het: 'There were a great diversity of dresses at the peetso. They all resembled each other, however, in having their bodies painted with pipe-clay from head to foot, and in wearing a kind of white turban, made from the skin of the wild hog [die bosvark, *Potamochoerus porcus*], the bristles of which are as the whitest horse-hair. Many wore tiger-skins [luiperdvelle], and several were ornamented

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

with eight or ten coverings resembling fur tippets, hanging from their shoulders, and others wore them depending from the middle of their bodies. There were a great variety of skin cloaks without the hair'. Ten opsigte van die Rolong het Campbell (1822[i]:302) opgemerk dat die jakkals hoofsaaklik vir sy vel gejag is, terwyl die sendeling Robert Moffat enkele jare later van 'n oudinwoner van Kaditshwene twee muskejaatkatkarosse, een silwervoskaros en een muishondkaros ontvang het, benewens 'n aantal hartbeesvelle wat hy gekoop het (Schapera 1951:262).

(iii) Akkerbou

Tydens 'n verkenning van terrein 2526AC3, die noordelike afdeling (*ntlha ya godimo*) van Kaditshwene, is die verbrande oorblyfsels van graansorghum (*Sorghum bicolor*) op 'n ashoopoppervlak opgespoor. In sy joernaal het Campbell duidelik onderskei tussen mielies, waarna hy as 'Indian corn' verwys, en gewone sorghum, waarna hy as 'corn' verwys. Dat sorghum die belangrikste gewas was wat deur die Bahurutshe booMenwe verbou is, word bevestig deur Campbell (1822[i]:220) se beskrywing van hul landerye onderweg na Kaditshwene: 'At two P.M. we came within sight of extensive corn-fields, in a plain of great length, but not above two to three miles broad.' Hierdie 'plain' was waarskynlik die vlakte op die plaas Braklaagte 90 JP (Lekubu), sowat 3 km suidwes van die destydse hoofstad van die Bahurutshe booMenwe. Toe Campbell (1822[i]:292) in Mei 1820 op Kaditshwene aangekom het, het die Hurutshe alreeds begin om van die graansorghum te oes. Volgens Robert Moffat (1842:338) is die begin van die plantseisoen by die Tswana op grond van die stand van die Plejade of Sewegesternte bepaal: 'The Pleiades they call seleméla, which may be translated, cultivator, or the precursor of agriculture from leméla, the relative verb to cultivate for; and se, a pronominal prefix, distinguishing them as the actors. Thus, when this constellation assume a certain position in the heavens, it is the signal to commence cultivating their fields and gardens.'

Sommige van die Hurutshe se landerye was waarskynlik nog nader aan die hoofstad geleë. Aan die voet van Kaditshwene, digby die Olifantspruit (Ratshukudu) op die plaas Kleinfontein (of Olifantspruit 62) JP, kom daar 'n gelyk gedeelte voor wat as Mmamokabololo bekend staan. Hoewel, sover bekend, geen landerye vroeër deur blanke boere daar aangelê is nie, verwys die plaasbewoners daarna as die 'ou lande', 'n moontlike aanduiding dat dit vroeër deel van die landerye van die Hurutshe uitgemaak het. Soos gebruiklik by die Tswana, was die Hurutshevroue vir die bewerking van die landerye verantwoordelik (Campbell 1822[i]:255).

Sorghum is in verskeie vorme benut, en Campbell (1822[i]:207) beskryf hoe die Hurutshe 'boiled Caffre corn' uit 'n houtbak met 'n houtlepel geëet het. Hy het ook tydens 'n besoek aan Senosi, die hoofman van die Bahurutshe booMokgatlha, die geleentheid gehad om van die bier te proe wat van sorghum gebrou is. Hy beskryf die bierdrinksessie soos volg (Campbell 1822[i]:243): 'Being invited by Sinosee to come and taste his beer, we went about mid-day. It was made from ground corn, looked like dark-coloured milk, and was as thick as common gruel. Its flavour was something like that of English beer about an hour after it is brewed. What I tasted had been made that morning. They placed before Sinosee a large clay vessel, in form of a goblet without the handle, which held two or three gallons [9,092-13,638 liter], filled to the brim. Sinosee first dipped a small calabash into it, and tasted it, to show it contained no poison. He then handed round the calabash to us and to many who had followed us into his yard.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Campbell (1822[i]:244) het elke *lapa* 'n bergingshut gehad waarin die sorghumare in groot kleihouers bewaar is: 'Every family has a house for storing it up, containing rows of large clay vessels, neatly manufactured, and capable of holding ten or twelve bushels [1 boesel= 36,4 liter] each. They are arranged like casks in a cellar, are a little elevated from the ground, and many of them reach to the roof. For the sake of convenience, some of the vessels have a small door near the top, and another near the bottom, for more easily filling or emptying them.' Hierdie kleihouers word deur Campbell in sy ongepubliseerde sketse uitgebeeld (kyk foto 68), en soos op plan 5.17 gesien kan word, kom daar in die verskillende *malap*a verskeie klein klipsirkels voor wat moontlik die basis van bergingshutte verteenwoordig.

Hoewel slegs 'n baie klein persentasie van die potskerwe van die ashoopopgrawing versier was, en dit meesal tot inkepings op die rand of lip van die houers beperk was (kyk hoofstuk V, figuur 5.36-5.38), skep Campbell se skets (kyk foto 65) en beskrywings van kleipotte tog die indruk dat ten minste sommige taamlik uitvoerig versier was: 'We saw among them various vessels, formed of clay, painted of different colours, and glazed ...' en '[h]e ... in a short time brought me a present of a clay jar, painted red, blue [sic], and white' (Campbell 1822[i]:228, 238). Dit is moontlik dat veral die minder versierde kleipotte vir alledaagse doeleindes gebruik is en ook meer dikwels gebreek en as potskerwe in die ashoop beland het. Aangesien opgrawings op Latere Molokoterreine dikwels op ashope fokus, in teenstelling met die fokus op hutvloere in Vroeë Molokoterreine, is die groter persentasie onversierde potte in versamelings van eersgenoemde terreine moontlik deels die resultaat van die opgrawingstrategie wat gevolg is.

Daar is reeds vroeër verwys na die argument van Huffman (1996b) dat daar 'n verband tussen die invoering van mielies, die ontstaan van die groot Sotho-Tswanadorpe en die onstabiliteit en konflik van die *difaqane*-periode was. Hoewel Boschoek [sic] in die Suikerbosrand naby Johannesburg die enigste spesifieke voorbeeld is wat deur hom gelys word, beweer hy dat groot maalklippe, met 'n kenmerkende breë maalvlak vir die bewerking van mielies (die sogenaamde 'voëlbaddens'), in verskeie groot Sotho-Tswanadorpe uit die Ystertydperk aangetref is. Die implikasie hiervan is dat verskeie Sotho-Tswanastamme alreeds teen die einde van die agtiende of die begin van die negentiende eeu op mielies as 'n stapelvoedsel staatgemaak het. As gevolg hiervan het 'n ernstige droogte aan die begin van die negentiende eeu 'n verwoestende uitwerking op hierdie gemeenskappe gehad, aangesien mielies minder droogtebestand is as gewasse soos sorghum en manna. Soos Huffman (1996b:59) dit stel: 'The adverse effects of this drought on agriculture were probably exacerbated by the increased number of people and increased reliance on maize. A marked imbalance between people and resources ensued, and the tremendous military tension associated with this period - commonly called the *difaqane* or *mfecane* - caused many Sotho-Tswana speakers to aggregate in large settlements for mutual defence.'

Die presiese datum vir hierdie droogte word nie deur Huffman (1996b) vermeld nie, maar aangesien sy klimaatrekonstruksie op die bevindinge van Tyson en Lindesay (1992) gebaseer is, verwys hy vermoedelik na die periode na 1810. Soos reeds in hoofstuk III, afdeling 2, aangetoon is, is die periode tussen 1790 en 1810 deur Tyson en Lindesay (1992:275) as 'n tydperk van goeie reënval getipeer. Die jare 1800-1803, 1812 en 1816-1818 word op grond van 'n ontleding van mondelinge oorleweringe en kontemporêre geskrewe bronne deur Eldredge (1993:74) as fases van wydverspreide droogtetoestande in die Suid-Afrikaanse binneland uitgesonder.

Hoewel dit uit die argeologiese rekord (Maggs 1982) en die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Nguni (Walton 1953b:36) goed bekend is dat mielies reeds teen die einde

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die agtiende eeu in KwaZulu/Natal verbou is, is daar geen bewyse dat mielies op daardie stadium deur die Tswana verbou is nie. 'n Studie van die beskikbare tydgenootlike dokumentêre bronne toon aan dat hoewel mielies ander dele van die binneland, byvoorbeeld Mpumalanga en die Noordelike Provinsie, vroeër kon bereik het, dit nie deur die suidelike of westelike Tswana op 'n redelike skaal voor die twintigerjare van die vorige eeu verbou is nie. William Burchell (1824:413), wat die Tlhaping in 1812 by hul hoofstad Dithakong in die Noord-Kaap besoek het, noem nie mielies as een van die gewasse wat deur hierdie groep verbou is in sy bespreking van hul landbou nie, maar beklemtoon eerder die belangrikheid van sorghum. Na sy besoek aan Dithakong in 1820 op sy tweede reis in Suid-Afrika het John Campbell (1822[ii]:216) die volgende opgemerk: 'Indian corn [mielies], cabbages, &c. of which they are very fond, are regarded as only medicinal, and they suppose that by planting them they would be rendered unclean, and the falling of rain be prevented.'

Ook die getuienis van Kaditshwene dui daarop dat dit onwaarskynlik is dat die aanplanting van mielies as stapelgewas tot 'n bevolkingsontploffing en die sametrekking van die Tswana in groot komplekse aanleiding gegee het. Ongeag die presiese datums van die groot droogte, is daar reeds uit tydgenootlike berigte aangetoon dat die Hurutshe en ander Tswanagroepe reeds enkele jare voor die invalle van die *difaqane* in groot nedersettings saamgetrek was. Inskrywings in Campbell se joernaal wat met sy besoek aan Kaditshwene in 1820 verband hou, verwys ook glad nie na die verbouing van mielies deur die Hurutshe nie, maar wel na hul uitgestrekte sorghumlande (Campbell 1822[i]:220). Die maalklippe wat op Kaditshwene aangetref is (kyk foto 54 en 57), is lig en het nie die breë holtes van dié wat gewoonlik met die verwerking van mielies verbind word nie (kyk Maggs 1984:112). Daar is ook geen voorbeelde van die langwerpige ('two-handed') boonste malers, wat met die bewerking van mielies geassosieer word (kyk Walton 1953b:37), tydens die argeologiese verkenning van Kaditshwene en ander Latere Molokoterreine in Suidoos- en Sentraal-Marico opgemerk nie.

Bogenoemde getuienis strook met Stow (1905:418) se opmerking dat mielieverbouing deur die intog van die Ndebele van Mzilikazi noord van die Vaalrivier aan die Tswana bekend gestel is, asook die sendeling Robert Moffat se kommentaar (soos aangehaal deur A.T. Bryant) 'that maize was first brought to the inland Chwanas by the Zulu raiders under Mzilikazi' (Walton 1953b:37). Die verbouing van mielies het hierna vinnig versprei, want in 1829 het die handelaar Robert Scoon 'n Sotho-Tswananedersetting aan die Vaalrivier teëgekom waar hy 'at least 200 acres cultivated by Indian corn, standing as high as a man on horseback' aangetref het (Chase 1830:407). Meer navorsing is dus nodig om die chronologie van die invoering van mielies in die Suid-Afrikaanse binneland en die invloed daarvan op die negentiende-eeuse geskiedenis van die streek vas te stel. Op hierdie stadium steun die getuienis van kontemporêre of naby-kontemporêre geskrewe bronne, asook die bevindinge van die argeologiese ondersoek in Suidoos- en Sentraal-Marico, nie Huffman (1996b) se afleiding dat daar 'n direkte oorsaaklike verband tussen die invoering van mielies onder die Tswana en hul vestiging in groot nedersettings aan die begin van die negentiende eeu was nie.

Volgens Campbell (1822[i]:226) het die Hurutshe ook soetriet aangeplant en was dit 'n gewilde gewas, want hy merk daaroor op: 'In the Bootshuana and Morolong countries, a considerable quantity of this cane is planted by the natives, which grows to the height of from six to eight feet. This is generally the first present they bring to strangers.' Hulle het ongetwyfeld ook ander gewasse soos manna, akkerbone, pampoene en makatane aangeplant (Stow 1905:418; Schapera 1951:188). Toe die Franse sendeling, Prosper Lemue (1847a:77), die Hurutshe 'n paar jaar later

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by Mosega aangetref het, het hy aangeteken dat *ditloo* (die bambarra-grondboon: *Voandzeia subterranea*) aangeplant is.

Campbell (1822[i]:276; MSB77[iii]:38) noem ook dat 'Marootzee tobacco ...well known every where' was en dat hulle 'much tobacco' aangeplant het, nie net vir hulle eie gebruik nie, maar ook om ruilhandel mee te dryf. Dit is nie altyd uit sy beskrywing duidelik of hy na tabak (*Nicotinia* sp.) of na dagga (*Cannabis sativa*) verwys nie, want op een plek in sy joernaal kwalifiseer Campbell (1822[i]:281) sy verwysing na 'tobacco' as 'rather wild hemp'. Dit is moontlik dat die Hurutshe op daardie stadium albei aangeplant het, soos blyk uit Burchell (1824:230) se opmerking oor tabakverbruik onder die Tlhaping enkele jare tevore: 'Although the tobacco-plant has not yet reached the Bachapins, and although they do not, more than the Bushmen, cultivate it; yet it has long been travelling southward over the continent, probably from the Portuguese settlements, and is, at this time, growing among their northern neighbours, from whom they had obtained it by barter, long before it came to them from the side of the Cape of Good Hope.' Volgens Robert Moffat het die Hurutshe teen 1825 nog 'n soort monopolie op tabakverbouing gehad: 'They [die Tlhaping] have also commenced planting maize and tobacco, a thing before unknown among these western tribes. The Baharutse are the nearest tribe who enjoy the superstitious right to cultivate tobacco, and maize or Indian corn is unknown' (Schapera 1951:187-188). In die voorbereiding van die 'tabak' is die blare gekook waardeur dit minder sterk gemaak is, maar die Hurutshe het dit nogtans bo die tabak verkies wat in die Kaapkolonie beskikbaar was (Campbell 1822[i]:276-277). Die tabak (*motsoko*) of dagga (*motokwane*) is gewoonlik in 'n velsak gedra (Campbell 1822[i]:186).

Die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings het noodwendig meegebring dat hul landerye nie almal naby die hoofwoonsentra kon wees nie, maar soms so ver weg geleë was dat dit 'n 'form of transhumance' tot gevolg gehad het (Hammond-Tooke 1993:49). Volgens Schapera (1943:25) het dit tot gevolg gehad dat die groot nedersettings nie regdeur die jaar ten volle bewoon is nie: 'The main settlements are fully inhabited during the dry winter months only. With the commencement of the rains, and therefore of the cultivating season, the people scatter to their fields.' Campbell (1822[i]:220) het opgemerk dat die Hurutshe gedurende die somermaande op groot skaal veldvrugte benut het, in so 'n mate dat die nedersettings by tye feitlik leeggeloop het omrede die inwoners in die omliggende heuwels gaan bly het om veldvrugte in te samel.

In die westelike dele van Suid-Afrika is landboubeoefening onderhewig aan droogtes as 'n algemene en sikliese verskynsel. Dit kom juis aan die hand van Campbell (1822[i]:262-263) en Kay se waarnemings (1834:191; W.M.M.S., Box 1, File 1821, Kay - Directors, Kurry Chane, 20/8/1821) voor of 'n ernstige droogte destyds 'n gebied geteister het wat vanaf die Tlhaping van Dithakong tot by die Rolong van Khunwana aan die Moloporivier gestrek het. Ten opsigte van die Rolong van Khunwana het Campbell (1822[i]:183) opgemerk: 'Indeed many of the young people were mere skeletons from want of victuals.' Ook onder die Bahurutshe booMenwe het Kay (1834:198) in Augustus 1821 grootskaalse hongersnood aangetref wat waarskynlik deur 'n droogtetoestand en die voortdurende konflik met hul Tswanabure veroorsaak is. Weens die gereelde voorkoms van droogtes in die westelike dele van die land het reënmakers 'n belangrike rol in die landbouaktiwiteite en samelewing van die Tswana gespeel. Ook by Kaditshwene het Campbell (1822[i]:227) 'n reënmaker aangetref wat kort tevore by Dithakong was om die droogte wat die Tlhaping geteister het, te help verlig. Hierdie reënmaker, wat in Senosi se afdeling van Kaditshwene gewoon het, het by geleentheid as Campbell se gids op sy tog deur die hoofstad

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgetree. Uit Campbell se ongepubliseerde skets (kyk foto 34) en beskrywing van die reënmaker se ornamentbelaaide vrou kom dit voor of die reënmaker sy besondere talente in materiële welvaart omskep het: 'Rain-maker's wife at Kurreechane. With 5 copper neck rings the smallest of which will weigh half a pound, the largest or undermost perhaps 1 lb. On the lower part of her legs, for an ornament is wrapped round and neatly made from the root of a flower called marinudyan. Strings of beads from ostrich egg shells are wrapped round her waste [sic]. Her hairy cap is made of jackal skin. Her cloak of tanned skins [gebreide velle] made nearly as soft as woollen cloth. With strings of strung glass beads hanging from her neck over her breast of blue, black, white & red colours. Copper beads under each knee. Painted dark red from head to foot.' Volgens Campbell (1822[i]:256) was 'n reënmaker soos die spreekwoordelike profeet nie in sy eie land geëer nie: 'A rain-maker is not esteemed in his own country, he must be brought from a distance, for example, Mateebe [Mothibi, die stamhoof van die Tlhaping] sends to Kurreechane [Kaditshwene] for his rain-maker, and Liqueling [Diutlwileng, die regent van die Bahurutshe booMenwe] to a distant nation for his.'

By die Hurutshe moes die stamhoof toestemming verleen dat daar met die plant- of oesseisoen begin kon word of dat sekere boomsoorte soos die *mokubu (Terminalia sericea*: vaalboom), die *mokgalo* (*Ziziphus mucronata*: blinkblaar-wag-'n-bietjie), die *mosêtlha* (*Peltophorum africanum*: huilboom) en die *monyena* (*Faurea saligna*: Transvaalboekenhout) afgekap word (Breutz 1953:155). Soos die houtskoolanalise van die ashoopgrawing in hoofstuk V aangetoon het (kyk tabel 5.8), het die Hurutshe van Kaditshwene verskeie houtsoorte benut, waaronder die Transvaalboekenhout wat in al die ondersoekte lae voorgekom het. Reeds in 1813 het John Campbell (1815:217) op grond van inligting wat hy onder die Tlhaping ingesamel het die volgende oor die Bahurutshe booMenwe berig: 'The country abounds in wood, particularly one sort called Mangyena [*monyena*?: Transvaalboekenhout?], (of which they make large bowls,) which grows tall and thick. They have another tree, called Magguana (*mogwana*?: 'n *Grewia*-spesie?), and a black wood called Mola, which is very beautiful'. Laasgenoemde naam kon nie geïdentifiseer word nie, hoewel dit moontlik verwys na die grysappel, *mmola* [*Parinari curatellifolia*], wat egter geen swart hout het nie. Onlangse navraag onder plaaslike Bahurutshe het aan die lig gebring dat hulle veral die volgende houtsoorte in die omgewing as vuurmaakhout verkies: *Acacia tortilis* (haak-en-steek: *mosu*), *Dichrostachys cinerea* (sekelbos: *mosêlêsêlê*), *Acacia robusta* (enkel- of brosdoring: *mokhu*) en *Acacia nilotica* subsp. *kraussiana* (lekkerruikpeuel: *moga*).

c. Metaalbewerking en handel

Tydens die argeologiese verkenning van die drie geografiese afdelings van Kaditshwene is verskeie metaalbewerkingsareas opgespoor, wat met enkele uitsonderings ystersmeltplekke verteenwoordig het waarin meer as 'n 50 slakhope getel is. Drie metaalbewerkingsareas is teenaan die residensiële komplekse aan die noordwestelike kant van die *kgôsing* bo-op Kaditshwene (terrein 2526AC2) op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP opgespoor. Soos in die vorige hoofstuk genoem is, is drie slakmonsters afkomstig van twee van hierdie areas ontleed, waarvan twee as ystersmeltslak geklassifiseer is. Een van die twee slakmonsters van die tweede area (GPS-lesing: 25° 21' 19,9" suid; 26° 09' 53,7" oos] het egter ongeveer 1% koper bevat, op grond waarvan Miller (1995:47) afgelei het dat dit moontlik van 'n kopersmeltoond afkomstig was. Dit sou impliseer dat yster- en koperreduksie in dieselfde area plaasgevind het. Nie ver van die ysterslakhoop van die eerste area [GPS-lesing: 25° 21' 15,1" suid; 26° 09' 54,3" oos) af nie, is daar benewens slakkonsentrasies ook aambeeldklippe aangetref wat vermoedelik met die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorbereiding van die erts verband hou. 'n Verdere twee ystersmeltkomplekse kom onderskeidelik op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP aan die westelike en die oostelike voet van die rant voor waarop die *kgôsing* lê. Die ysterslakkonsentrasies aan die westelike voet van die rant is nie naby enige residensiële kompleks geleë nie (GPS-lesing: 25° 21' 26,5" suid: 26° 09' 48,8" oos).

Ook aan die suide- en suidwestekant van die noordelike afdeling van Kaditshwene (terrein 2526AC3: *ntlha ya godimo*) is daar twee ysterbewerkingsareas aangetref. Die suidwestelike area (GPS-lesing: 25° 20' 34" suid; 26° 09' 51,8" oos) het naas verskeie slakkonsentrasies, ook die oorblyfsels van vermoedelik ystersmeltoonde opgelewer. Daar is ook ysterslak ingesamel van 'n area na aan 'n groep *malapa* op terrein 2526AC1, 'n gedeelte van die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) van Kaditshwene op Daskoppie (*Mosidi-wa-ditlhôbôlô*) wat destyds onder die beheer van Senosi gestaan het. Aangesien smidswerk onder die Suidoos-Bantoesprekendes tradisioneel binne die nedersettings plaasgevind het en met openbare aktiwiteite geassosieer is (Huffman 1993:221), was die analise van besondere belang. Daar kon volgens Miller (1995:48) egter nie bo alle twyfel bepaal word of die slak van smidswerk afkomstig was nie: 'The sandy inclusion bound together with glass contained separate fragments of slag in addition to other components. This very inhomogeneous microstructure may represent a smithing slag, although it is notoriously difficult to distinguish between smithing and smelting slags. It is also possible that this specimen represents material from the bottom of a smelting furnace. This would account for the diversity of components and the elevated potassium content which could have been derived from clays and felspars in the furnace wall.'

Ten minste sewe slakkonsentrasies en oorblyfsels van klaarblyklike ystersmeltoonde is ook aan die oostelike voet van Daskoppie opgespoor [GPS-lesing: 25° 22' 34,4" suid; 26° 10' 49,3" oos]. Daar kom ook smeltersareas voor aan die kant van die residensiële komplekse op terrein 2526AC13 en terrein 2526AC14; albei is klipbouvalle wat waarskynlik deel van die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) van die hoofstad gevorm het. Slakmonsters van twee areas van terrein 2526AC14 is as 'bloomery iron smelting slag' geklassifiseer wat by temperature van 1250°C en tussen 1150° en 1200° C onderskeidelik gevorm is. Een van die slakmonsters het 'n beduidende hoeveelheid magnetiet bevat wat waarskynlik as erts in die reduksieproses benut is (Miller 1995:47). Die grootskaalse bewerking van yster moes destyds 'n beduidende uitwerking op die omgewing gehad het, aangesien daar bereken word dat elke ystersmeltoond tot soveel as drie bome of 180 kg houtskool per smeltsessie verbruik het (Goucher & Herbert 1996:50). Dit bied moontlik 'n verdere verklaring waarom daar so min bome in Campbell se sketse van die Kaditshwenekompleks voorkom.

Dit blyk duidelik uit bogenoemde opname dat die ystersmeltareas gewoonlik aan die rand van of 'n hele ent weg van die residensiële komplekse geleë was. Die plasing van die smeltoonde buite die woonareas kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dit as 'n gevaarlike towerproses beskou is wat aan verskeie rituele voorskrifte of taboes onderhewig was. Ter illustrasie kan verwys word na die etnografiese inligting oor die Lete wat, soos vroeër aangedui is, kort voor die ontruiming van Kaditshwene by die Bahurutshe booMokgatlha van Senosi in die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) aangesluit het. Volgens hulle oorvertellings was die smeltoonde gewoonlik buite die nedersettings geleë vanweë die opvatting dat die yster nie behoorlik sou reduseer as dit binne die woonkomplekse gesmelt is nie. Die enigste vroue wat toegelaat is om naby die smeltoonde te kom, was ou vroue en dogters wat nog nie puberteit bereik het nie (Ellenberger 1937:44). Dat daar taboes verbonde was aan die ystersmeltproses word ook bevestig deur die Letegesegde, '*Go*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ilêlwa bojalwa le ting gore tshipi e sa tlhanye' ['Onthouding van bier en suur sorghumpap vind plaas sodat die yster nie "skif" nie, dit wil sê dat dit nie met die slak vermeng nie'], wat deur Ellenberger (1937:44, 1954:210) opgeteken is.

Inligting oor die metaalbewerkingsvaardighede van die Hurutshe het Europese besoekers aan Dithakong, die hoofstad van die Tlhaping, reeds op 'n vroeë stadium bereik. Burchell (1824:399) het reeds in 1812 aangeteken dat die Tlhaping nie self koper bewerk het nie, maar dit van meer noordoostelike groepe soos die Hurutshe en die Kwena verkry het. Die daaropvolgende jaar het Campbell (1815:217) van die Tlhaping verneem dat hulle hul koperringe, asook die yster waarmee hulle assegaaie gemaak het, van die Hurutshe geruil het. Volgens Campbell (1815:17) is hy toe ook meegedeel dat '[t]hose who work in the mines are said seldom to come out of them, which appears as if they were condemned to that employment.' Burchell (1824:399) was van mening dat die Tswana se woordeskat daarvan blyke gegee het dat yster vir hulle die belangrikste metaal was: '[T]hey had only one word "Tsipi" [*tshipi*] for all metals signifying in the first place iron followed by its colour ... copper was called "red iron", the name for gold or brass was "yellow iron" and silver was called "white iron" which was also used for tin'.

Campbell het tydens sy besoek aan Kaditshwene in 1820 heelwat meer besonderhede oor die metaalbewerkingsbedryf van die Hurutshe opgeteken. Op 4 Mei 1820 het hy en sy geselskap onderweg na die hoofstad 15 Bahurutshe teëgekom wat op pad na 'n 'ystermyn' was. Die meeste van hulle het nette gehad wat van gras of biesies gevleg was om die erts in te dra (Campbell 1822[i]:216). Campbell het nooit tydens sy verblyf op Kaditshwene by een van die myne uitgekom nie, maar die reisiger Scoon het wel in 1829, 'n hele paar jaar na die ontruiming van Kaditshwene, van die myne (waarskynlik kopermyne) besoek wat volgens hom tussen 15 tot 20 voet (5-7 m) diep was. Volgens Scoon was die ingang tot die myne slegs groot genoeg vir een persoon om in te gaan (Chase 1830:404). Soos vroeër aangedui is, kom daar wel in Campbell se ongepubliseerde sketse 'n tekening van die 'koperberge' ten noorde van die Hurutshe voor wat sonder twyfel na die Dwarsberge verwys (kyk foto 45).

Soos in hoofstuk I, afdeling 4, genoem is, is die kopermyne van die Dwarsberge deur Mason (1982, 1986) ondersoek. Volgens Mason (1986:812) dui die volgende opmerking van die reisiger Lichtenstein (1815:409) in 1805 na afloop van sy besoek aan die Tlhaping waarskynlik daarop dat die Dwarsbergkopermyne deur die Bakwena ba Setšhele ontgin is: 'The most numerous tribe of all, that is the Macquini [Bakwena], are quite to the north-east, beyond the Muchuruhzi [Bahurutshe]. It is from these people that other Caffre tribes receive their metals: they are reported to be dug out of a vast mountain, one side of which yields iron, the other copper. The people are equally known to the Koossas [AmaXhosa] and the Beetjuans [Batswana], both calling them by the same name: it is the most distant, and the most important country known to both. They procure from it hassagais, knives, needles, earrings, and arm-rings, in exchange for which they give cattle. But this is not an immediate traffic: it passes through four or five hands.'

Na sy aankoms op Kaditshwene is Campbell op 'n dag deur die reënmaker na 'n smeltoond in Senosi se afdeling geneem. Benewens die skets van die oond (foto 58), gee hy een van die volledigste vroeë beskrywings van 'n ystersmeltoond in die Suid-Afrikaanse binneland (Campbell 1822[i]:228): 'The rain-maker took us to see one furnace, in which they smelted the iron. It was built of clay, almost equal in hardness to stone. A round opening was left at the top for receiving the ore, and an excavation underneath for holding the fire, which was open behind and before, not only for admitting the fuel, but also the wind from the bellows.' Onderweg na die noordelike

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afdeling het Campbell (1822[i]:230) ook by 'n ystersmid aangegaan en die volgende waargeneem: 'At one place we stopped a short time with a blacksmith, who was making a pick-axe. He had three in hand, which were nearly finished; an assistant was employed to blow the bellows. A hard flint-stone served for his anvil, but he had a hammer with an iron head and a wooden handle, resembling the blacksmiths' small ore-hammer in England.' Verder op pad het hy nog by twee smede aangedoen en van die yster versamel wat hulle gebruik het. Volgens Campbell (1822[i]:245) het hulle ysterhamers nie meer as twee tot drie pond (0.9 -1.36 kilogram) geweeg nie en het hulle in stede van die ysterhamers ook van klippe gebruik gemaak om die skoffelpikke tot die regte vorm te hamer.

Hoewel Campbell nie self die smidsproses beskryf nie, het Robert Moffat in 1827 die volgende ooggetuieverslag van die werksaamhede van 'n 'brass or copper founder' opgestel. Hierdie smid was oorspronklik van Kaditshwene afkomstig en is by Tswaing, noordwes van die teenswoordige Vryburg, aangetref: 'I accompanied him to his shop in the open air. His bellows [were] two small goat-skin sacks; at the point of each, a piece of horn is fastened, which enters the fire by a tube, made of the same material as their crucibles. After fixing the apparatus on the ground, he sat down between the sacks, with one in each hand, opening their mouth as he drew them back, and shutting them when he pressed them forward, alternately' (Schapera 1951:242). Dat die Hurutshe wel kennis gedra het van die vorming van legerings blyk ook uit Moffat se waarneming van dieselfde smid op 13 April 1827: 'I stood some time beside the smith when he was melting copper. His crucible was a piece of old pot or earthen jar, the content of which was chiefly copper, some lead which he had begged from me, and a bit of iron. He remarked that he put the lead in for the purpose of giving it, the metal, a whitish colour' (Schapera 1951:245).

Hoewel die Hurutshe heelwat koperornamente gedra het, wou hulle Campbell nie naby hulle koperoonde toelaat nie. Hulle het wel genoem dat die oonde 'behind the houses of some of their captains' was, en hoewel hulle nie reguit geweier het om hom daarheen te neem nie, het hulle dit tog van tyd tot tyd uitgestel (Campbell 1822[i]:275). Oor die rede vir hierdie optrede van die Hurutshe het Campbell (1822[1]:275-276) soos volg gespekuleer: 'Perhaps they acted thus on the principle of the Birmingham and Sheffield manufacturers, being jealous lest others should obtain a knowledge of the art.' Op grond van die bykans totale gebrek aan argeologiese getuienis vir koperreduksie op Kaditshwene lyk dit eerder of die Hurutshe doelbewus probeer het om Campbell oor hierdie aangeleentheid te mislei, moontlik om hul aandeel in die koperhandel met die meer suidelike Tswana te beskerm. Dit is moontlik dat die Hurutshe nie self op groot skaal koper gesmelt het nie, maar bloot as tussengangers of skakel in die koperhandel met die Bakwena ba Setšhele gefunksioneer het. Hierdie handelsnetwerk in metale het, soos Lichtenstein (1812:368) bevind het, tot by die Xhosa aan die suidooskus gestrek.

Ofskoon hy nie spesifiek meld of hy hulle koperoonde gesien het nie, het ook Kay (1834:201-202; W.M.M.S., Box 1, File 1821, Kay - Directors, 20/8/1821) tydens sy besoek in 1821 aangeteken dat die Hurutshe van Kaditshwene sowel yster as koper gesmelt en bewerk het. Volgens hom is ornamente soos arm-, nek- en beenringe uit koper vervaardig, en strydbyle, assegaaie, pyle, naalde, messe, en krale uit yster. Volgens Campbell (1822[i]:276) het die Hurutshe skoffelpikke, dissels, strydbyle, messe, assegaaie, skeermeslemme, else, boortjies, smidstange, smidshamers, ringe en krale van yster vervaardig en nek-, arm-, been- en oorringe, asook krale van koper. Soos in hoofstuk V, afdeling 4.c, aangedui is, het die ashoopopgrawing (KLF1.1) 'n dissel- of skraperagtige voorwerp van yster uit laag 1 (0-10 cm) opgelewer. In die aanvanklike ashoopopgrawing (KLF1.1) op Kaditshwene is geen koper- of ysterkrale teruggevind

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, maar die onlangse opgrawing van 'n aangrensende blok (KLF3.1) in die groot ashoop het wel enkele koperkrale en koperdraad, 'n moontlike koperoorring en 'n paar ysterkrale opgelewer wat nog ontleed moet word. 'n Skoffelpiklem (kyk foto 59) is ook jare gelede deur die plaasbewoners in die noordelike afdeling van Kaditshwene (terrein 2526AC3) opgetel.

Argeologiese ondersoeke op Kaditshwene en ander Ystertydperkterreine wat met die Hurutshe of hul Tswanabure verband hou, het nog geen getuienis opgelewer dat hulle goud- of silwerornamente besit het nie. Dit is dus nie moontlik om op hierdie stadium lig te werp op die volgende opmerking van Campbell (1822[i]:269-270) tydens sy besoek aan Senosi se seun in die suidelike afdeling van Kaditshwene nie: 'On walking round his house I was amused to find two of our Hottentots busy in pulling off some copper rings from the arm of the captain, which they had bargained for. He had a respectable appearance, though painted red from head to foot. There must have been at least forty rings on the arm at which the Hottentots were pulling; he had also about thirty ear-rings hanging to his ears, made of a metal which much resembled gold, obtained, as I understood, from countries to the north of Kurreechane. He wore also beads, and what appeared to be silver rings, round his legs, obtained from the same quarter.' Ook onderweg na Kaditshwene het Campbell in April 1820 by Madibogo 'n groep Bahurutshe teëgekom, waarvan een 'n hartvormige ornament aan sy oor gedra en 'n ander vier ringe van dieselfde metaal wat baie soos silwer gelyk het. Op navraag van Campbell (1822[i]:165-166) het hulle verklaar dat 'the metal was not found in their country, but came from a nation of white people beyond them, which can be no other, I apprehend, than the Portuguese on the shores of Mozambique.'

Die argeologiese aanduidings van eksterne handelsbande uit die toetsopgrawings wat aanvanklik op Kaditshwene onderneem is, sluit benewens 'n geelkoperknoopdop uit laag 4 (30-40 cm), 40 heel en 3 gebreekte glaskrale in (kyk tabel 5.9). Die onlangse opgrawing van 'n aangrensende blok van 1 m x 1 m het 'n verdere 70 heel en 11 gebreekte glaskrale blootgelê wat nog ontleed moet word. Die geelkoperknoopdop stem grootliks ooreen met dié een wat op terrein 2526CB9 op Magozastad 248 JP aangetref is, maar wat waarskynlik met die latere negentiende-eeuse nedersetting (terrein 2526CB10) van die Lete verband hou. Die inheemse groepe het, soos in die geval van die eksemplare van Kaditshwene en Magozastad, gaatjies in die knoopdoppe geboor en dit as ornamente gebruik (Miller & Markell (1993:107-108). Volgens Werz (1994:110) is daar dokumentêre inligting dat geelkoperknoopdoppe reeds so vroeg as 1659 deur die Hollanders aan die Kaap aan die Khoekhoen verhandel is. Hoewel die Kaap waarskynlik die oorsprong van die opgegraafde glaskrale was (Saitowitz 1991), is dit ook moontlik dat glaskrale die Hurutshe via die Portugese handelsnetwerk aan die ooskus kon bereik het.

Die skaarste aan ingevoerde handelsartikels op Sotho-Tswanaterreine in die binneland is reeds lank terug deur Brian Fagan (1969:69) opgemerk. Dit staan in skerp kontras met die groot hoeveelheid handelskrale wat op Ystertydperkterreine in die Limpopovallei aangetref word, 'n feit wat volgens Fagan daarop dui dat handel in die binneland meer plaaslik van aard was en onderling tussen groepe plaasgevind het. Aangesien daar dus hoofsaaklik in plaaslike en bederfbare produkte handel gedryf is, is dit moeilik om argeologies die omvang van die handelsbedrywighede op Kaditshwene te bepaal.

In die geval van Kaditshwene word die leemtes in die argeologiese getuienis oor handel egter gevul deur die inligting in Campbell se joernaal. Voordat Campbell (1822[i]:115) vanaf 'New Lattakoo' na Kaditshwene vertrek het, het hy die volgende opgeteken: 'Several Matchapees expressed a desire to go on the Marootzee journey, to exchange beads with that people for iron,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

under the protection of our muskets.' Een van die waens van die Campbellgeselskap, die sogenaamde 'luggage-waggon', was deels gevul met handelsartikels wat aan die Tlhaping behoort het, naamlik 'red paint, blue shining powder, beads, cloaks, &c. to be exchanged for iron, copper and cattle' (Campbell 1822[i]:118-119). Een van die Batlhaping wat hom vergesel het, was later op die reis baie besorg daaroor dat Campbell (1822[i]:142-143) die mark sou ontwrig deur te veel glaskrale aan die Thamaga van Madibogo te betaal vir 'n os wat 'n ander een moes vervang wat deur 'n leeu doodgebyt is.

Soos blyk uit Campbell se kommentaar op die silwerkleurige ornamente wat deur die Hurutshe gedra is, was hulle moontlik met die Portugese handelsnetwerk verbind. Die regent Diutlwileng het Campbell (1822[i]:240) meegedeel dat '[h]e had heard of a nation to the N.E. called Mahalaseela, who use elephants as beasts of burden; beads came from them, and they lived near the Great Water.' Volgens Eldredge (1994:162) is die woord 'Mahalaseela' (ook 'Mahalatsela' in Campbell 1822[i]:256) 'n vervorming van *ma-ha-lesela* (*ma-ga-letsela* in Tswana) wat letterlik 'mense van die plek van lap' beteken. Dat die Portugese handelsnetwerk so ver die binneland in gestrek het, blyk ook uit die inligting wat Andrew Smith in 1835 ingesamel het (Lye 1975:297). Daarvolgens is die Bakwena ba Setšhele vroeër jare deur swart handelaars uit die omgewing van Delagoabaai besoek wat hulle van Europese artikels in ruil vir ivoor en beeste voorsien het. Smith het ook opgemerk dat '[l]arge and coarse beads of Portuguese origin are often yet seen adorning the necks of natives towards the Tropic, and some of them were said to have been bought from tribes living in the direction in which the sun goes down' (Lye 1975:297). Die Bakwena ba Setšhele was die noordelike bure van die Hurutshe van Kaditshwene en handelskontak via hierdie netwerk met die ooskus was dus moontlik.

Campbell (1822[i]:250, 252) het in sy gesprekke met die regent Diutlwileng meermale na die Kaapkolonie as die 'bead country' verwys. Uit die Hurutshe se teleurstelling dat Campbell nie juis veel glaskrale saamgebring het wat aan hulle verruil kon word nie, is dit duidelik dat hulle goed ingelig was oor die handelsnetwerk wat tot in die Kaapkolonie gestrek en klaarblyklik deur die gebied van die Griekwas en die Tlhaping geloop het. Oor hul ontevredenheid oor die geselskap se gebrek aan handelsartikels het Campbell (1822[i]:246) soos volg berig: 'The people were greatly disappointed by our not having brought beads to exchange with them for cattle and elephants' teeth. Beads are the only circulating medium or money in the interior of South Africa.' Tog wil dit uit die volgende opmerking van die jeugdige troonopvolger, Moilwa, blyk dat hoewel glaskrale baie gesog was, die Hurutshe nie 'n oormaat daarvan besit het nie: 'Moeelway said in the tent, that had he plenty of beads, he should cover his whole body with them, and wrap them round his throat till they touch his chin.' Die volgende stelling van Mason (1986:673) is dus heeltemal ongegrond: 'Campbell provides a careful account of materials at Kaditshwene, ranging from stone walls to ornaments. He does not mention glass beads or other important materials.' Ander Europees vervaardigde goedere wat toenemend gewild onder die binnelandse stamme was, was knope, veral wittes (van been of skulp?), en knipmesse (Campbell 1822[i]:246).

Hoe wyd die handelsbande van die binnelandse Tswanastamme wel gestrek het, blyk uit 'n mededeling van die Hurutsheregent, Diutlwileng, aan Campbell (1822[i]:240-242) dat hy kennis gedra het van 'another nation to the N.E., who bring beads to the Boquains, called Moloquam; pointing to many beads on his arms, he said he got them by means of a servant whom he sent to the Boquains with an elephant's tooth.' Volgens Pistorius (1992:68) word hier na handelsbande tussen die Bahurutshe booMenwe en die Bakwena ba Modimosana ba Mmatau van Selonskraal of Molokwane verwys en kan bogenoemde verwysing soos volg geïnterpreteer word: 'The acting

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

chief stated that he traded beads, which he pointed out on his arm, from the "Boquains", known as "Molloquam" who had in turn obtained these goods from another nation to the north-east. ... It is clear from his description that "Molloquam" must refer to the Bammatau capital, Molokwane.' Hoewel die benaming 'Moloquam' maklik met Molokwane verwar kan word, dui 'n ontleding van die konteks van die verwysing daarop dat die benaming 'Moloquam' nie na die Kwena van Molokwane verwys nie, maar na 'another nation to the N.E.'. Uit die geografiese konteks blyk dit ook dat die Kwena na wie hier verwys word, die Bakwena ba Setšhele van die teenswoordige Botswana was, maar wat waarskynlik op daardie stadium naby die Dwarsberge gewoon het.

In werklikheid verwys 'Moloquam' heel waarskynlik na Malokwana, 'a name given by the Tswana to Native traders who visited them periodically from the Northern Transvaal', aldus Schapera (1959[ii]:44). Hierdie handelaars was waarskynlik van Tsonga-afkoms, soos blyk uit die inligting wat Methuen (1846:146), 'n ander vroeë reisiger wat Marico deurkruis het, van die Bakwena ba Setšhele verkry het: 'In reply to our questions as to whence they procured these ornaments, they said that some traders, the Maloquane, called also Baguapa [Makwapa, 'n derogatiewe naam vir die Tsonga] from tatooing their nose, bartered them for different commodities; that they are very strong, and bear their ivory away on their shoulders.' Hierdie interpretasie van Campbell se verwysing na die handelsbande met die 'Moloquam' word onderskryf deur Cooley (1830:312-13) se opsomming van dieselfde joernaalinskrywing: 'The Murútsi and other southern tribes obtain from the Maquain, beads, the money of the country, which are brought to the latter people by the Mollaquam [sic], who live near the great water (I presume towards Delagôa Bay), or derived from commerce with the Mahalasely, a great nation situated to the north-east of the Maquaina, and who trade with a white people living near the great water, and speaking an unknown language. By this description, it is evident that we must understand the Portuguese at Inhamban'. In die lig hiervan is dit insiggewend dat ondanks uitgebreide opgrawings op Molokwane, daar nog geen glaskrale daar teruggevind is nie (Pistorius 1992, 1994 en persoonlike mededeling, Januarie 1995).

Uit Diutlwileng se besware dat lede van Campbell (1822[i]:249-250, 267-268) se geselskap met sy onderdane handel gedryf het sonder om hom eers in die saak te ken, is dit duidelik dat die regent probeer het om die handelsaktiwiteite te beheer. Hy het daarop aangedring dat die handelsartikels eers aan hom aangebied moes word, en slegs indien hy nie daarin belang gestel het of die nodige ruilgoedere kon aanbied nie, kon die items aan sy onderdane verhandel word. Dit kom nietemin uit Campbell se waarnemings voor of daar wel bande tussen individuele handelaars van die onderskeie Tswanastamme gesmee is om sodoende die handelsproses te vergemaklik: 'They have a custom of forming what are called, at Lattakoo [Dithakong], Marts; that is, a particular connection with a person belonging to another nation, so that they reside at each other's houses, when visiting the place, and make mutual presents, & c. Their method of forming this connection at Kurreechane is by taking each other by the nose, e.g. When we were walking across the public place, an old captain asked Mr. R. if he would take him by the nose, which was tantamount to asking if he would consent to be his mart' (Campbell 1822[i]:274). Campbell se verwysing na 'marts' moet nie met markte verwar word nie, maar was bloot 'n vervorming van die Hollandse/Afrikaanse woord 'maat' wat, soos blyk uit die volgende opmerking van Burchell (1824:391), die Tswana via die Griekwas bereik het: 'Thus, a Hottentot from that village [Klaarwater], when he visits Litakun [Dithakong], which he never does but for the purpose of barter, goes directly to the house of his correspondent, whom he calls his *maat* (a Dutch word identical with, 'mate') who supplies him with milk and assists him in making his

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

purchases of oxen and ivory, and even engages to secure, or collect for him, a quantity of these articles ready at the time of his next visit.'

Daar is reeds op gesinspeel dat koperornamente en yster die belangrikste handelsitems van Kaditshwene was. Laasgenoemde is óf in onverwerkte vorm óf as implemente óf as ornamente in die vorm van ysterkrale verhandel. Reeds in 1812 het Burchell (1824:399) aangeteken dat nóg koperarmbande bekend as 'liséeka' (lisáyka)', nóg 'any other ornaments made of copper, are the work of the Bachapins [Batlhaping]. They are manufactured by some of the more northern tribes: particularly by the Bamakwins (Bamkweens) [Bakwena] and Morutzis (Morootzies) [Bahurutshe], in whose country that metal is said to be so abundant that a suffiency for their constant consumption may be collected on the surface without the labour of mining.' Volgens inligting wat Campbell (1815:217) die jaar daarna van die Tlhaping verkry het, het laasgenoemde hulle koperringe, asook die yster waarvan hulle hul assegaaie vervaardig het, van die Hurutshe geruil. Dat die Hurutshe ook verwerkte ysterprodukte soos assegaaie, messe en krale aan ander stamme verruil het, is tydens Campbell (1822[i]:216) se besoek aan die Bahurutshe booMenwe in 1820 bevestig. Uit die inligting wat Campbell (1822[i]:246) en ander vroeë reisigers soos Lichtenstein (1815:409) verstrek, blyk dit dat die Bahurutshe booMenwe en die Bakwena ba Setšhele die metaalvoorwerpe en ander handelsitems, byvoorbeeld ivoor, hoofsaaklik vir beeste verruil het. Campbell (1822[i]:277) is meegedeel dat '[a] rough-made axe is worth an ox'. Die besondere grootte van die hoofbeeskraal op Kaditshwene, asook die groot aantal veekrale en metaalbewerkingsareas wat op die terrein aangetref word, kan dus moontlik deels aan handelskontakte toegeskryf word.

Daar is ook reeds genoem dat Campbell (1822[i]:276) spesifiek meld dat tabak of dagga 'n uitvoerproduk van die Bahurutshe booMenwe was. Hy het onderweg na Kaditshwene ook 'n aantal Bahurutshe met pakosse teëgekom wat ongebreide velle vervoer het wat hulle van die 'Tamaha' [Thamaga] van 'Meribohwey' [Madibogo] geruil het. Volgens Campbell (1822[i]:209) was die velle bestem as 'articles of barter with the nations to the eastward of the Marootzee, in the direction of the Portuguese settlements'. Indien Campbell (1822[i]:276) se lys van 'articles of trade manufactured at Kurreechane' op sigwaarde aanvaar kan word, en nie bloot 'n lys van gebruiksitems of ornamente verteenwoordig nie, kom dit voor of 'n wye verskeidenheid artikels in die binneland onderling tussen prekoloniale swart groepe verhandel is. Sy lys omvat die volgende:

'Van yster: skoffelpiklemme, dissels, strydbyle, messe, assegaailemme, skeermesse, else, boortjies, smidstange, hamers, ringe, krale.
Van ivoor: meshandvatsels, fluitjies, arm- en beenringe.
Van koper: nek-, arm-, been- en oorringe, krale.
Van biesies: mandjies, hoede.
Van vel: karosse, hoofbedekkings, sandale, skilde.
Van hout: verskillende tipes borde en lepels.
Van klei: verskillende groottes en vorme van potte, bakke en bekers.
Van klip: rookpype.'

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico reeds vanaf die vyftiende eeu n.C. 'n gemengde ekonomie beoefen het wat op akkerbou en veeteelt gebaseer was. Tot ongeveer die middel van die sewentiende eeu n.C. was die nedersettings relatief klein en waarskynlik grootliks selfvoorsienend. Sorghum was waarskynlik die belangrikste gewas wat verbou is. Hoewel dit tot dusver nie moontlik was om die presiese ligging van veekrale op Vroeë Molokoterreine te bepaal nie, kan daar aanvaar word dat beeste nie net in die bewoners se vleisbehoeftes voorsien het nie, maar ook die bron van hulle rykdom was. Geen glaskrale is op Vroeë Molokoterreine teruggevind nie, 'n aanduiding dat die handelsnetwerk op daardie stadium tot naburige groepe beperk was.

Daar kan uit die argeologiese rekord afgelei word dat die gebied se bewoners teen die middel van die sewentiende eeu genoodsaak was om hul nedersettings aan die voet van rante te verlaat en hulle bo-op of teen rante in klipmuurkomplekse te vestig. Die Bahurutshe booMenwe het agtereenvolgens in hul hoofsetels by Mmutlagae, Mmakgame en Kaditshwene saamgetrek. Ten spyte van die totstandkoming van uitgebreide nedersettings, was die veranderinge in die leefwyse gedurende die Latere Molokofase nie wesenlik van aard nie, maar eerder die gevolg van 'n toename in die omvang of skaal van die samelewing.

'n Groter mate van ekonomiese spesialisasie het waarskynlik gedurende die Latere Moloko plaasgevind en die handelsnetwerk het tot by die Kaapkolonie en die ooskus gestrek. Tydgenootlike dokumentêre getuienis dui daarop dat die Hurutshe van Kaditshwene veral ysterimplemente en koperornamente aan die suidelike Tswanastamme vir glaskrale, beeste en velle verruil het. Stamhoofde het 'n groot mate van beheer oor die handelsbedrywighede uitgeoefen en het klaarblyklik daarin geslaag om hul politieke gesag en rykdom uit te brei, soos blyk uit die enorme grootte van die hoofbeeskraal in die *kgôsing* van Kaditshwene, asook die prominente monoliet wat by die ingang tot die *kgotla* of openbare vergaderplek ingeplant is. Die plasing van die *kgotla* buite die beeskraal was waarskynlik 'n ontwikkeling wat hoofsaaklik uit die Latere Molokofase dateer, toe 'n groter bevolking en die amalgamasie van groepe die afbakening van 'n afsonderlike ruimte langs die beeskraal vir hofsittings en stamvergaderings genoodsaak het.

Die enkele glaskrale en 'n geelkoperknoopdop wat op Kaditshwene opgegrawe is, bevestig dat die Bahurutshe booMenwe teen 1820 deel van die koloniale handelsnetwerk uitgemaak het, hoewel die handel waarskynlik van meer beperkte omvang was as wat uit die kontemporêre dokumentêre getuienis afgelei kan word. Handelskonflik, tesame met bevolkingsdruk, beperkinge op verdere gebiedsuitbreiding, periodieke droogtes en selfs hongersnood het tot groter onderlinge stryd tussen die verskillende Tswanastamme gelei, wat veral deur veestrooptogte gekenmerk is. Vanweë hierdie voortdurende militêre druk was die Bahurutshe booMenwe en ander Tswanastamme kwesbaar, en is hul verowering en disintegrasie kort daarna tydens die *difaqane* vergemaklik toe ontwortelde Sotho- en Ngunigroepe die binneland inbeweeg het en Kaditshwene en ander Tswananedersettings aangeval en verwoes het. Met die vestiging van die eerste blanke nedersetters in Marico kort na die *difaqane* is die voorhistoriese periode finaal afgesluit, waarna die Hurutshe aan ingrypende veranderings in hul leefwyse blootgestel is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VII

SAMEVATTENDE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

In die vorige hoofstuk is twee van die navorsingsdoelwitte van hierdie projek behandel, naamlik die rekonstruksie van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners en die aanduiding en moontlike verklaring van patrone van kulturele verandering en/of kontinuïteit wat in die argeologiese rekord waargeneem is. In hierdie hoofstuk val die klem op die hoofnavorsingsdoelwit wat in hoofstuk I, afdeling 2, gestel is, te wete die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk vir die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico. Die navorsingsbevindinge oor die kultuurchronologie in die ondersoekgebied word saamgevat en in 'n breër historiese en geografiese konteks geplaas. Die radiokoolstofchronologie vir die twee fases van die Molokotradisie in die navorsingsgebied word vergelyk met dié van omliggende gebiede en gekorreleer met die bewoningsfases wat berus op die mondelinge oorleweringe van die Tswana en die dokumentêre getuienis oor Marico in die vroeë negentiende eeu. Oorweging word ook geskenk aan die terminologie en klassifikasieskemas wat ten opsigte van die Latere Ystertydperk in die historiese woongebied van die Sotho-Tswana aan die hand gedoen is. In die slotgedeelte word die interdissiplinêre benadering wat gevolg is in die ontrafeling van die voor- en vroeë geskiedenis van Suidoos- en Sentraal-Marico geëvalueer.

1. DIE MOLOKOTRADISIE, DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE SOTHO-TSWANA EN DIE LATERE YSTERTYDPERK IN SUIDOOS- EN SENTRAAL-MARICO

Soos in die uiteensetting van die navorsingsdoelwitte in hoofstuk I, afdeling 2, aangedui is, is daar nie met hierdie studie beoog om uitsluitsel te gee oor die kwessie of daar 'n kulturele breuk of kontinuïteit tussen die Vroeë en die Latere Ystertydperk in die Noordwesprovinsie, en meer spesifiek Marico, was nie. Daar is ook op gewys dat Mason se standpunt dat die Sotho-Tswana hul oorsprong na die Vroeë Ystertydperkoorblyfsels van onder andere Broederstroom kan terugvoer, deur die meeste navorsers verwerp word. As hoofargument teen kulturele kontinuïteit word aangevoer dat die Vroeë Molokopotwerk van die eerste fase van die Latere Ystertydperk stilisties te veel verskil van die potwerk van die laaste fase van die Vroeë Ystertydperk, wat onder andere die Eiland-Broadhurst-, Kgopolwe- en K2-Mapungubwevariante in die voormalige Transvaal insluit. Voorts het Mason (1986:46) self 'n gaping van 600 jaar of meer onderskei in die argeologiese rekord van die area wat hy as die bakermat van die Sotho-Tswana beskou, soos blyk uit sy volgende stelling: '... Early Iron Age pioneers may have withdrawn from the Southern Western Transvaal about AD 600 after a circa 300 year occupation, vacating the landscape for re-occupation by terminal Stone Age people who were replaced by the return of the Middle Iron Age descendants of the Early Iron Age pioneers about AD 1200. The Early Iron Age people may have withdrawn to a base in the Eastern Transvaal about AD 600.'

Dit is moontlik dat die gaping in die argeologiese rekord van die Rustenburgomgewing bloot die gevolg van leemtes in die argeologiese verkenning van die gebied verteenwoordig en nie die werklike verlating van die gebied weerspieël nie. Die opsporing van 2526AC15, 'n Vroeë Ystertydperkterrein aan die Mokgola (Klipspruit) in Sentraal-Marico, wat op ongeveer 1000 n.C. gedateer word (kyk hoofstuk V, afdeling 1), vul deels die gaping tussen Broederstroom en die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vroegste fase van die Latere Ystertydperk (die Vroeë Molokofase of Middel-Ystertydperk) wat in die voormalige Wes-Transvaal onderskei is. Die potwerk van Mokgola stem ooreen met dié van Raserura in Oos-Botswana en Rooiberg, Eenheid 1, naby Thabazimbi, en vorm deel van 'n potwerkstyl wat volgens die beskouinge van Evers (1983) en Huffman (1989) nie tot die historiese lyn behoort waaruit die Molokopotwerktradisie van die Sotho-Tswana kon ontwikkel het nie. Tot dusver is geen terreine wat uit die periode tussen 1000 n.C. en 1400 n.C dateer en tot die daaropvolgende Eilandfase behoort in die navorsingsgebied opgespoor nie. Die voorkoms van veral die visgraatpatroon in die potwerkversierings van 2528AC8a, 'n Vroeë Molokoterrein op Rietfontein 89 JP wat uit die middel van die vyftiende eeu n.C. dateer (kyk hoofstuk V en figuur 5.11), dui moontlik op die invloed van die voorafgaande Eilandpotwerkstyl.

Die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Moloko in Suidoos- en Sentraal-Marico wat in hoofstuk V bespreek en in tabel 5.11 gelys is, stem grootliks ooreen met die datums vir ooreenstemmende argeologiese reste op Olifantspoort in die Rustenburgomgewing, Broederstroom naby Brits en Rooiberg naby Thabazimbi. Volgens Evers (1988:126-128) dui die volgende radiokoolstofdatums daarop dat, net soos in die geval van Sentraal-Marico, die Vroeë Moloko hierdie gebiede waarskynlik nie voor ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. bereik het nie:

- Olifantspoort 27/71: RL-197: 370 ± 90 voor die hede (vh) [1456(1525,1560,1632)1660]
- Olifantspoort 28/71: RL-198: 440 ± 95 vh [1429(1468)1640]
- Olifantspoort 64/71: RL-196: 340 ± 90 vh [1476(1642)1669]
- Olifantspoort 29/72: RL-243: 440 ± 90 vh [1430(1468)1638]
- Olifantspoort 29/72: RL-244: 350 ± 90 vh [1468(1638)1666]
- Rooiberg 7/78 (RU3): Pta-2849: 370 ± 30 vh [1507(1525,1560)1596; 1618(1632)1642]
- Broederstroom 3/84: KN-2642: 330 ± 50 vh [1519-1572;1628(1645)1660]
- Broederstroom 3/84: Fra-84: 390 ± 100 vh [1444(1514,1586,1624)1657].

'n Vroeë datum (RL-199) van 710 ± 120 jaar voor die hede vir 'n hut op die Olifantspoortterrein 29/72 wat tot 1259(1299)1411 kalibreer, kan volgens Evers (1988:126) geïgnoreer word, aangesien dieselfde hut ook 'n datum (RL-243) van 440 ± 90 jaar voor die hede opgelewer het. Laasgenoemde datum is meer aanvaarbaar, deels omdat dit ook meer in ooreenstemming met die datum (RL-244) van 350 ± 90 voor die hede vir 'n nabygeleë hut is.

In sy sintese van die Molokodatums wat destyds beskikbaar was, kom Evers (1988:129) tot die gevolgtrekking dat die vroegste datums vir die Vroeë Moloko van die volgende terreine in die noordoostelike en noordelike dele van die land afkomstig is:

- Nagome 3 (naby Phalaborwa): Pta-568: 680 ± 45 vh [1295(1308,1363,1376)1398]
- Nagome 3: Pta-267: 785 ± 36 vh [1259(1276)1286]
- Tavhatshena (oos van Louis Trichardt): Wits-1453: 660 ± 80 vh [1291(1317,1347,1388)1414]
- Nkgaru (suidwes van Louis Trichardt): Wits-1530: 600 ± 50 vh [1323-1338;1392(1408)1424]
- Icon (naby Alldays): Pta-1652: 620 ± 50 vh [1312-1354; 1384(1402)1417].

Van bogenoemde vier terreine is net die datum vir Icon van 'n sogenaamde 'enkelkomponentterrein' afkomstig, dit wil sê 'n terrein wat slegs Vroeë Molokopotwerk opgelewer het. Op al die ander terreine is ook ouer potwerk aangetref wat tot 'n laaste fase van die voorafgaande Vroeë

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ystertydperk behoort. Nietemin postuleer Evers (1988:129) op grond van die datums vir die Moloko-oorblyfsels by Nagome naby Phalaborwa dat die Molokotradisie teen die einde van die dertiende eeu n.C. in die noordooste van Suid-Afrika verskyn het, waarvandaan dit na die suidweste van die land versprei het. Die argeologiese data dui volgens hom daarop dat die Molokotradisie 'n migrasie verteenwoordig wat tot die vervanging en verdwyning van die Eiland- en die verwante Kgopolwepotwerktradisie van die Vroeë Ystertydperk gelei het. Die vyftiende-eeuse datum [Wits-837: 590 ± 50 vh: 1402(1411)1421] vir Broadhurst naby Gaborone in Suidoos-Botswana dui volgens hom daarop dat die Eilandtradisie langer in die weste voortgeduur het (Evers 1988:129).

Volgens Huffman (1989:173-178) het die Molokopotwerktradisie waarskynlik uit 'n variant van die Urewetradisie of Oostelike stroom van die Vroeë Ystertydperk in Oos-Afrika ontwikkel. Ook die Blackburnpotwerktradisie, wat met die Nguni verbind word en in die elfde en twaalfde eeu n.C. in KwaZulu/Natal en Transkei verskyn, het volgens Huffman (1989:173) in 'n nabygeleë gebied in Oos-Afrika, waarskynlik in suidelike Tanzanië en noordelike Mosambiek, sy oorsprong. Daar is volgens hom bepaalde ooreenkomste tussen die Vroeë Moloko en die Blackburn, en hulle verspreiding na Suid-Afrika hang moontlik saam met die uitbreiding van die Luangwatradisie van die Wes-Bantoesprekendes in Sentraal-Afrika in die elfde eeu n.C. By implikasie het die oos- en suidwaartse beweging van die matrilineêre Wes-Bantoesprekendes aan die begin van die huidige millennium verdere migrasies van patrilineêre Bantoesprekendes uit Oos-Afrika na suidelike Afrika tot gevolg gehad (Huffman 1989:155, 173, 177). Laasgenoemde migrasies word argeologies deur die verspreiding van die Vroeë Moloko- en Blackburnpotwerktradisies in die tweede millennium n.C. tot in Suid-Afrika verteenwoordig.

'n Studie van vergelykende linguistiese data oor Setswana en isiXhosa verleen klaarblyklik steun aan die argeologiese migrasiehipotese waarvolgens die Sotho-Tswana en ook die Nguni vanuit Oos-Afrika in twee strome na die suide versprei het. Na aanleiding van die leksikale, fonologiese en morfologiese ooreenkomste en verskille tussen dié twee tale, asook die Bantoetale van Oos-Afrika, kom Louw en Finlayson (1990:408-409) tot die volgende gevolgtrekking: 'Linguistic and archaeological evidence support the theory of a two-stream migration southwards of the Sotho and Nguni. The lexical content and other linguistic evidence point to an origin of the Sotho and Nguni migrations from somewhere to the south of the Kenya border and that these two language groups belong very definitely to the Eastern Branch.... To this end we would endorse the findings of Huffman that there has been a two-stream migration of the Sotho and Nguni southwards in the form of the Moloko (Sotho) and Blackburn (Nguni) migrations'.

Louw en Finlayson (1990) dui egter nie aan op grond van watter glottochronologiese of ander taalkundige oorwegings die tweestroommigrasie van die Sotho- en die Ngunisprekers na suidelike Afrika eers in die tweede millennium n.C. geplaas word nie. Indien die migrasie van die Sotho-Tswana na Suid-Afrika eers gedurende die Latere Ystertydperk plaasgevind het, het dit ook 'n ander taalkundige implikasie waaraan tot dusver nie aandag gegee is nie. Volgens Huffman (persoonlike mededeling, 27 Augustus 1996) het die draers van die Eiland- en die Kgopolwepotwerkstyl wat deur die Vroeë Molokomense in die historiese woongebied van die Sotho-Tswana vervang is, 'n taal verwant aan Shona gepraat. Hy grond hierdie afleiding daarop dat die kontemporêre potwerkstyle van Eiland, Kgopolwe en K2/Mapungubwe variante ('facies') van dieselfde breë potwerktradisie vorm, soos deur Evers (1988:58-59) se vergelykende stilistiese potwerkanalise aan die lig gebring is. Aangesien daar volgens hom 'n historiese kontinuïteit tussen die potwerkstyl van K2/Mapungubwe en dié van die Shona bewys kan word, kan daar ook aanvaar word dat die Eiland- en Kgopolwemense 'n verwante taal gepraat het (kyk Huffman & Herbert: 1994-1995:31). Indien

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit wel die geval was, behoort daar ook aanduidings van hierdie vroeëre Shonaverwante taal in die historiese woongebied van die Tswana te wees, al sou dit tot geografiese benaminge beperk wees.

Wanneer al die argeologiese getuienis in verband met die oorsprong en verspreiding van die Vroeë Moloko geweeg word, blyk daar egter nog heelwat kennisleemtes of onsekerhede. Die vroeë datums vir die Moloko-oorblyfsels by Nagome naby Phalaborwa waaruit die rigting van die migrasie deels afgelei word, is minder bevredigend, aangesien die Molokoskerwe saam met skerwe van 'n Vroeë Ystertydperktradisie, Kgopolwe, in dieselfde afsettings op die terrein gevind is. Daarbenewens is die stratigrafiese konteks van die potwerk en die ander argeologiese oorblyfsels eers meer as 15 jaar nadat dit opgegrawe is, deur Evers en Van der Merwe (1987) ontleed. Tot dusver is daar ook nie verdere ondersteunende Vroeë Molokodatums in hierdie area verkry nie, hoewel dit moontlik bloot aan onvoldoende argeologiese navorsing toegeskryf kan word. Voorts het 'n persoonlike inspeksie van die Broadhurstmateriaal in die Gaboronemuseum in Desember 1993 aan die lig gebring dat die oppervlakversameling van hierdie terrein (gemerk Surface Collection 4502-4) ook tipiese veelkleurige Vroeë Molokoskerwe bevat wat nie in die publikasie daaroor (Denbow 1981) vermeld is nie. Meer inligting oor die konteks van die Molokoskerwe is nodig, maar hul aanwesigheid op die terrein laat wel die indruk dat die Eiland- en die Vroeë Molokofase in Botswana oorvleuel het.

Daar het in elk geval sedert Evers (1988) se ondersoek na die verband tussen Eiland- en Molokopotwerk 'n paar datums vir die Vroeë Moloko tussen Gaborone en Kanye beskikbaar geraak wat daarop dui dat hierdie potwerktradisie reeds op 'n vroeë stadium in Botswana aanwesig was (Van Waarden 1991:5-6 en skriftelike mededeling, 6 Desember 1996). Geen beskrywings van hierdie terreine is nog beskikbaar nie, maar die radiokoolstofdatums, wat op houtskool berus, is soos volg:

- Dikhutsaneng (45-D1-8): Beta-32494: 700 ± 80 vh [1280(1302)1402]
- Phatana (45-D1-7): Beta-32493: 610 ± 60 vh [1312-1354; 1384(1405)1424]
- Mmaditswere (45-C4-12): Beta-29350: 360 ± 60 vh [1485(1533, 1547,1635)1654]
- Senamakule (45-D1-10): Beta-32497: 320 ± 70 vh [1514-1586; 1624(1648)1669].

Die datums dui daarop dat die Vroeë Moloko feitlik net so vroeg in die weste in Botswana aanwesig was as by Nagome in die noordooste van Suid-Afrika en ook ouer is as die Vroeë Moloko-oorblyfsels in die Rustenburgomgewing en die suidoostelike en sentrale dele van Marico. Ten einde te bepaal of die Vroeë Moloko vanaf Oos-Botswana na die Noordwesprovinsie kon versprei het, sou dit egter nodig wees om vas te stel of die Vroeë Molokoterreine wat onlangs in die tussenstrook in die Madikwe-natuurreservaat in die noorde van Marico gedokumenteer is (Huffman *et al.* 1996), vroeër dateer as dié van Suidoos- en Sentraal-Marico. Meer inligting is dus nodig om te bepaal of die Vroeë Moloko werklik van noordoos na suidwes in die Suid-Afrikaanse binneland versprei het, soos deur Evers (1988) aan die hand gedoen is.

Een van die groot leemtes in sowel Evers en Huffman as Mason se argeologiese rekonstruksies van die oorsprong van die Sotho-Tswana is dat hulle nie die opgetekende mondelinge oorleweringe daaromtrent in hul hipoteses in berekening gebring het nie. Soos in hoofstuk II, afdeling 1, aangetoon is, verhaal die ontstaansmites van die Tswana dat die eerste mense uit 'n watergat by Matsieng (*Matsiêng*) of Lowe (*Lôwê*) naby Mochudi in die teenswoordige Botswana te voorskyn gekom het. Na bewering het die verskillende Tswanagroepe daarvandaan na Suid-Afrika versprei, 'n migrasie wat volgens die opgetekende mondelinge oorleweringe en stamhoofgenealogieë van die meeste Sotho-Tswanastamme so ver terug as 1200 n.C. dateer. 'n Uitsondering is die Fokeng, wie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se stamhoofgenealogie tot so ver terug as 980 n.C. strek (Coertze 1990:17 e.v; Mönnig 1967:13). In die geval van die Hurutshe en die Kwena dui die oorleweringe daarop dat hulle deel was van 'n migrasiestroom wat die land tussen 1350 en 1450 tot by Mabjanamatshwana (Swartkoppies) naby die teenswoordige Brits inbeweeg het.

Soos in die bespreking van die mondelinge oorleweringe in hoofstuk II, afdeling 1, uiteengesit is, word sowel die Krokodilrivier (*Ôdi*) as die Maricorivier (*Madikwê*) en die Mogalakwenarivier as moontlike binnekomsroetes van die Tswana genoem. Daar is nog te min argeologiese data beskikbaar om die ontstaansoorleweringe te toets of om die roetes te rekonstrueer waarlangs die draers van die Molokotradisie na die teenswoordige Noordwesprovinsie versprei het. Die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Moloko in Botswana waarna hierbo verwys is, bevestig dat die Sotho-Tswana reeds teen die dertiende eeu n.C. in Botswana aanwesig was. Moontlik bied hierdie vroeë datums tog 'n verklaring waarom die watergat by Lowe of Matsieng in sommige skeppingsmites as die ontstaanspunt van die mens en die Tswana gesien word. Ten opsigte van die Mogalakwenarivier is dit insiggewend dat een van die vroegste Molokodatums afkomstig is van Icon, 'n terrein sowat 30 km noordoos van Alldays en naby die Kolompe, 'n sytak van die Limpoporivier. Geen radiokoolstofdatums is nog beskikbaar vir Vroeë Molokoterreine rondom die benedelope van die Krokodil- of die Maricorivier, die ander twee genoemde verspreidingsroetes na die suide nie.

Ook oor die vermeende herkoms van die Moloko en Blackburn in Oos-Afrika is daar geen afdoende getuienis beskikbaar nie. Volgens Huffman (1989:176) is daar wel 'n mate van ooreenkoms tussen Vroeë Moloko- en Blackburnpotwerk en die potwerk van die middelkomponent (laag 6 tot 11) van Ivuna in Tanzanië wat uit die dertiende eeu dateer. Sover bekend, is nog geen terrein tussen die sogenaamde oorsprongsgebied van die Moloko in Oos-Afrika en Nagome in die Noordelike Provinsie van Suid-Afrika opgespoor wat 'n meer presiese aanduiding van die vermeende verspreidingsroete gee nie. 'n Gebrek aan 'n kontinue geografiese verspreiding van terreine met Vroeë Molokopotwerk van Oos-Afrika na Suider-Afrika beteken egter nie noodwendig dat die migrasiehipotese ongeldig is nie. Volgens Anthony (1990:903) het migrasiestudies aangetoon dat die meeste langafstandmigrasies 'n 'hasie-oor'- of 'leapfrogging'-patroon vertoon, waarvolgens die migrante soms oor groot afstande kan beweeg voordat hulle hul meer permanent in 'n bepaalde gebied vestig: 'The archaeological pattern produced by leapfrogging should resemble "islands" of settlement in desirable or attractive locations, separated by significant expanses of unsettled, less desirable territory.' Soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangetoon is, het die histories gedokumenteerde migrasie van die Ndebele van Mzilikazi vanuit Zoeloeland na die teenswoordige Zimbabwe (Rasmussen 1978) gedurende die *difaqane* aan die begin van die negentiende eeu bevestig dat migrasies oor lang afstande baie min argeologiese reste nalaat tussen die oorsprongsgebied en die uiteindelike tuiste van die migrantegroep. Hoewel die beskikbare argeologiese gegewens in Marico dus min nuwe lig op die debat in verband met die oorsprong van die Sotho-Tswana werp, is dit in die geheel ook nie noodwendig teenstrydig met die migrasiehipotese waarvolgens die voorouers van die Sotho-Tswana hulle eers teen ongeveer die einde van die twaalfde eeu n.C. in Suid-Afrika gevestig het nie.

Verdere argeologiese ondersoek is ook nodig om te bepaal hoe juis die oorleweringe is dat die Hurutshe-Kwenastroom as 'n eenheid tot by Mabjanamatshwana (Swartkoppies) naby die teenswoordige Brits getrek het (kyk hoofstuk II, afdeling 2 en 3). Na bewering het daar by Mabjanamatshwana 'n opvolgingstryd onder die migrante ontstaan, waarna hulle verdeel en die Hurutshe daarop weggetrek het om hulle uiteindelik na vele omswerwinge in Sentraal-Marico by

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tswenyane te vestig. Die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Moloko by Olifantspoort in die distrik Rustenburg waarna hierbo verwys is, toon wel aan dat die Sotho-Tswana reeds teen die vyftiende eeu tot by die bolope van die Odi- of Krokodilrivier gevorder het. Die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Molokoterreine op Rietfontein 89 JP in Sentraal-Marico, 2526AC8a en 2526AC9, dui daarop dat Vroeë Molokomense hulle in die tweede helfte van die vyftiende eeu n.C. in die omgewing van Tswenyane gevestig het. Hoewel 'n etniese koppeling van hierdie terreine met die Hurutshe nie sonder meer gemaak kan word nie, korreleer hierdie datums met die vestigingschronologie in die area wat op die opgetekende oorleweringe van die Hurutshe berus. Geen terrein is tot dusver opgespoor wat met 'n moontlike vroeë bewoning van die Rolong in die suide van Marico verbind kan word nie.

Soos in hoofstuk V, afdeling 3, aangetoon is, is daar ook 'n opvallende ooreenstemming in die vorm van die hutvloere op Vroeë Molokoterreine in Marico en die Rustenburgomgewing. Die belangrikste kenmerke sluit 'n kleirif in wat uit drie of meer kleiboë bestaan wat die verhewe agterste deel van die hutvloer skei van die voorste deel, waarin onder andere die vuurmaakholte en 'n stampblokholte voorkom. Of hierdie ooreenkomste in materiële kultuur voldoende bewys is van die veronderstelde gemeenskaplike herkoms en noue verbintenis van die Hurutshe en die Kwena is 'n saak vir verdere navorsing. Ook die juistheid van die Hurutshe-oorleweringe dat hul vestiging by Tswenyane saamgeval het met die afsplintering van die stigterslede van die latere Khurutshe van Botswana en die Hananwa van Blouberg in die Noordelike Provinsie kan nie alleen op grond van die argeologiese oorblyfsels in Suidoos- en Sentraal-Marico bepaal word nie. Argeologiese ondersoeke in die latere woongebiede van hierdie twee groepe is nodig om vas te stel of daar destyds wel sodanige migrasies plaasgevind het.

'n Kombinasie van taalkundige, etnohistoriese en argeologiese inligting het dit ook moontlik gemaak om die Lete se woonplek by Rabogadi op Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico te identifiseer (kyk hoofstuk V, afdeling 3.b(ii)). Volgens die radiokoolstofchronologie het hul vestiging by Rabogadi waarskynlik in die eerste helfte van die sewentiende eeu plaasgevind. Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, kan die Lete se aankoms by Rabogadi tot 1640 teruggevoer word indien, soos gebruiklik, 'n gemiddelde regeringsperiode van 20 jaar vir stamhoofde voor 1780 toegelaat word in stede van die 15 jaar waarop Ellenberger (1937) sy genealogiese rekonstruksie gebaseer het. Die datering en materiële kultuuroorblyfsels van Rabogadi kan ook lig werp op die chronologie van die vestiging van Ndebelegroepe (in die literatuur as die Transvaalse Ndebele bekend) noord van die Vaalrivier. Hoewel sommige navorsers soos Van Warmelo (1930:19) en Jackson (1982:4) hul noordwaartse migrasie uit Zoeloeland met die middel van die sewentiende eeu verbind, het andere soos Van Vuuren (1992:96, 111) dit tot die tweede helfte van die sestiende eeu teruggevoer. Die potwerk en hutvorm van Rabogadi is tipies van die Vroeë Molokofase, 'n aanduiding dat die Lete se kontak met die Tswana verder terugstrek en dat hulle op daardie stadium waarskynlik reeds grootliks vertswana het.

Soos in hoofstuk V, afdeling 5, aangetoon is, blyk dit uit die radiokoolstofdatums dat die begin van die Latere Molokofase in Marico uit die tweede helfte van die sewentiende eeu n.C. dateer. In die bespreking van die Latere Molokofase in afdeling 2.a van die vorige hoofstuk is aangetoon dat hierdie periode saamgeval het met 'n algemene verandering in die vestigingspatroon waarvolgens terreine verskuif het van valleie of die voet van heuwels na berghange of heuweltoppe. Hierdie datums steun Evers (1988:127, 129) se gevolgtrekking dat die oorwig van die beskikbare radiokoolstofdatums daarop dui dat die latere klipmuurfase van die Molokotradisie in die Sotho-Tswanakultuurarea teen die middel van die sewentiende eeu n.C. 'n aanvang geneem het. Volgens

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom is die enkele vyftiende-eeuse datums vir klipmuurterreine van Olifantspoort naby Rustenburg en Matlwase in Gauteng (die voormalige Suid-Transvaal) van die bodem van ashope afkomstig, sodat dit waarskynlik nie die menslike okkupasie van die terreine dateer nie. Evers (1988:126) bevraagteken ook die geldigheid van die volgende twee datums vir tipe N-klipbouvalle in die Vrystaat:

- OU2, vestigingseenheid 1: Gx-1015: 455 ± 110 vh [1419(1459)1640]
- OU1: Gx-1014: 505 ± 95 vh [1408(1439)1497].

Volgens hom is daar 'n te groot verskil tussen die datums vir die tipe N-klipbouvalle en die sewentiende-eeuse datums vir tipe V-klipbouvalle wat stratigrafies op hulle volg. Geen uitsluitsel kan oor hierdie kwessie gegee word alvorens daar meer datums vir die klipmuurterreine van die suidelike Hoëveld beskikbaar is nie. Indien hierdie twee datums egter as geldig aanvaar word, sou dit daarop neerkom dat die klipboufase van die Molokotradisie heelwat vroeër op die suidelike Hoëveld 'n aanvang geneem het as in die bosveld noord van die Vaalrivier; trouens, albei datums is selfs vroeër as al die onbetwisbare Vroeë Molokodatums wat tot dusver in die Marico- en die Rustenburgdistrik verkry is. Die implikasie hiervan sou wees dat die ekstensiewe gebruik van klip as boumateriaal vir die mure van veekrale en die residensiële afskortings (*malapa*) eers in die suide in die Vrystaat verskyn het en daarna noordwaarts onder ander Sotho-Tswanasprekendes oorkant die Vaalrivier versprei het.

'n Beweging van die Sotho-Tswana gedurende die vyftiende en die sestiende eeu n.C. na die Hoëveld sou nietemin strook met die klimatologiese data wat daarop dui dat 'n warmer en natter fase tussen 1500 (1425, indien die radiokoolstofdatums gekalibreer word) en 1675 tydens die sogenaamde Klein-Ystyd in die Suid-Afrikaanse binneland voorgekom het (Huffman 1996b:59; Tyson & Lindesay 1992:275; kyk ook hoofstuk III, afdeling 2). Huffman (1996b:58) voer dan ook aan dat hierdie gunstiger klimaat 'n voorvereiste vir die vestiging van landbouers in die Vrystaat was: 'On simple agricultural requirements alone, this Iron Age occupation [van die suidelike Hoëveld] could not have occurred unless the climate was warmer and rainfall more regular in the summer.' Op grond van die chronologie van die Molokotradisie in ander gebiede behoort sodanige uitbreiding van die Sotho-Tswana na die suidelike Hoëveld in die argeologiese rekord egter deur die potwerk en die vestigingspatroon van die pre-klipmuur- of Vroeë Molokofase gekenmerk te word. Sover bekend, is geen Vroeë Molokoterreine tot dusver in die Vrystaat opgespoor nie. Die argument dat die okkupasie van die Vrystaat deur Molokolandbouers van Sotho-Tswanaherkoms slegs tydens 'n natter fase van die Klein-Ystyd kon plaasvind, hou ook nie steek nie, aangesien hierdie landbouers juis gedurende die ietwat droër sewentiende en agtiende eeu verder oor die Hoëveld versprei het.

Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangetoon is, blyk dit uit die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe dat die periode van ongeveer 1660 tot ongeveer 1790 deur 'n proses van fragmentering, maar ook uitbreiding, gekenmerk is. Met die aanvang van hierdie periode het die Bahurutshe booManyane van die Hurutshe by Tswenyane weggebreek en hulle by Borutwe naby die teenswoordige Groot-Marico gaan vestig, terwyl ander groepe soos die Tlharo en die Ba ga Moswane ook afgesplinter en nog verder van die oorsprongsgroep weggetrek het (Breutz 1953:22). Volgens oorlewering was dit ook die periode waarin verskeie afsplinterings onder die westelike Tswana plaasgevind het, waarop groepe hulle in die teenswoordige Vrystaat en Botswana gevestig het. Ook die stigtersgroep van die Pedi het van die Kgatla in die omgewing van die teenswoordige Rustenburg weggebreek (kyk Breutz 1975, 1989). Selfs die noorde van die land is deur

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevolkingsbewegings gekenmerk, aangesien 'n ontleding van argeologiese data en mondelinge oorleweringe aangetoon het dat die regerende Singolinie onder die Venda tussen 1680 en 1700 vanaf die Shona in Zimbabwe na die Soutpansberg getrek en hulle by Dzata gevestig het (Loubser 1991:391).

Op hierdie stadium kan daar slegs oor die redes vir hierdie bevolkingsverskuiwings in die Sotho-Tswanagebied gespekuleer word, maar die omgewingsdata dui daarop dat die warmer en natter fase gedurende die Klein-Ystyd teen ongeveer 1675 n.C. geëindig het (Huffman 1996b:58-59; Tyson & Lindesay 1992:275; kyk ook hoofstuk III, afdeling 2). Alhoewel klimaatsrekonstruksies wat op mondelinge oorleweringe berus met versigtigheid bejeën moet word, is dit insiggewend dat die mondelinge getuienis wat van verskeie Tswanastamme ingesamel is, na 'n ernstige droogte en hongersnood in die tweede helfte van die sewentiende eeu verwys (Breutz 1975:3; Coertze 1990:19). Breutz (1989:12) gaan selfs so ver as om die datum vir hierdie droogte op tussen 1680 en 1700 te bereken. Die verandering in vestigingspatroon met die aanvang van die Latere Moloko gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu, waartydens klipmuurkomplekse op rante of teen heuwelhange gebou is, val klaarblyklik saam met grootskaalse bevolkingsverhuisings en ongunstige klimaatstoestande waarvan die onderlinge samehang nog bepaal moet word. In hierdie verband is dit interessant om te daarop te wys dat Eldredge (1993:75) in haar studie van die rol van die omgewing in die geskiedenis van die Sotho-Tswana tot die gevolgtrekking gekom het dat daar 'n noue verband tussen droogtes en migrasies was: '[T]he most common reaction to food shortage caused by drought was migration, either temporary or permanent, in search of food, which could take people long distances where the effect of the drought was widespread. Therefore reports of migrations before the nineteenth century may suggest periods of environmental crises such as droughts, since migrations are not undertaken without compelling reasons.'

Mondelinge oorleweringe sinspeel ook daarop dat die Bahurutshe booMenwe se gesag of invloedsfeer teen die einde van die sewentiende of begin van die agtiende eeu wyd gestrek het en deur verskeie groepe soos die Kgatla en die Fokeng van die Rustenburgarea erken is (Breutz 1953:94). Tot watter mate hierdie invloed of gesag op die rituele senioriteit van die Hurutshe berus het, en of dit deur politieke beheer onderskraag is, is nie duidelik nie. Geen argeologiese ondersoek is in die area rondom Powe (in die omtrek van die teenswoordige Dinokana) onderneem waarheen die Bahurutshe booMenwe in hierdie periode vanaf Tswenyane verhuis het nie, aangesien dit ten tye van die veldwerk in die voormalige Bophuthatswana geval het. Soos ook in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, kan die afleiding ook uit die oorleweringe gemaak word dat die Bahurutshe booMenwe hul hoofsetel gereeld verskuif het en agtereenvolgens by Powe, Mmutlagae, Mmakgame en Kaditshwene gewoon het. Die radiokoolstofchronologie is nie akkuraat genoeg om die presiese bewoningstydperke van die onderskeie terreine te bepaal nie, maar die feit dat opgrawings in drie ashope op Mmutlagae (Klaarstroom 237 JP) geen glaskrale opgelewer het nie, bevestig moontlik dat hierdie terrein vroeër as Mmakgame bewoon is.

Hoewel die proses van uitbreiding reeds vroeër aan die gang was, het die amalgamasieproses volgens Legassick (1969:107) en Manson (1990:43) se interpretasie van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe en ander Tswanagroepe waarskynlik veral vanaf ongeveer 1750 momentum gekry. Die bewoning van die twee grootste klipmuurkomplekse in Suidoos- en Sentraal-Marico, Mmakgame en Kaditshwene, dateer uit hierdie periode. Die argeologiese vondste wat deur Mason (1986) op die Vergenoegdterrein (Mmakgame) opgegrawe is (kyk hoofstuk I, afdeling 4), gee nie uitsluitsel oor presies wanneer Mmakgame bewoon of verlaat is nie. Items van Europese oorsprong is wel teruggevind, maar Mason (1986:673) het opgemerk dat 'both porcelain and musket

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ball could be intrusive and could have been dropped by casual visitors'. Hoewel 'n presiese datum vir die verlating van Mmakgame dus nie bepaal kan word nie, kan daar tog afgelei word dat dit waarskynlik na Moilwa I se dood teen ongeveer 1790 plaasgevind het.

Soos in hoofstuk I, afdeling 3.a, aangedui is, kon natuurlike bevolkingstoename, beperkte waterbronne in die westelike dele van die land, kulturele voorkeur en toenemende onderlinge konflik tot die samegroepering van Tswanagroepe in groot nedersettings bygedra het. Die onderlinge konflik tussen Tswanagroepe, wat veral deur veestrooptogte gekenmerk is, het waarskynlik toegeneem namate die moontlikhede op gebiedsuitbreiding teen die einde van die agtiende eeu al hoe meer beperk geword het. Dit was waarskynlik deels as gevolg van hierdie konflikte, waarna in hoofstuk II, afdeling 4, verwys is, dat die Bahurutshe booMenwe hul hoofsetel van Mmakgame na die beter verdedigbare heuwelvesting op Kaditshwene verskuif het. Ook ander stamme onder die Tswana was in enkele groot sentra saamgetrek, soos die Barolong booRatlou by Khunwana en die Ngwaketse onder Makaba by Kanye. Die ontstaan van die groter nedersettings het vermoedelik ook met die akkumulasie van rykdom en mag deur die stamregeerders gepaard gegaan, soos onder andere blyk uit die oprigting van die groot beeskraal in die middel van die stamhoof se wyk in die *kgôsing* op Kaditshwene. Die onderskeiding van 'n afsonderlike ruimte as die *kgotla* waarin stamvergaderings vir die meer komplekse politieke eenhede gehou kon word, is waarskynlik ook 'n ontwikkeling van die eindfase van die Latere Ystertydperk. Onderlinge handel in yster en koper was, soos histories gedokumenteer is (kyk hoofstuk VI, afdeling 3.c), 'n bron van welvaart, terwyl deelname aan die ooskushandelsnetwerk waarskynlik 'n beperkte rol gespeel het, soos blyk uit die klein hoeveelheid glaskrale wat op Mmakgame en Kaditshwene teruggevind is (kyk hoofstuk I, afdeling 4, en hoofstuk V, afdeling 4.c).

Die dispuut in verband met die ligging van Kaditshwene is volledig in hoofstuk IV behandel en daar is bo alle twyfel op grond van die argeologiese reste, die opgetekende mondelinge oorleweringe, tydgenootlike dokumentêre getuienis en pleknaamkundige inligting bewys dat die kern van die eertydse hoofsetel van die Bahurutshe booMenwe deur die klipbouvalkompleks op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP, sowat 25 km noordoos van die teenswoordige Zeerust in Sentraal-Marico, verteenwoordig word. Die pleknaamkundige en linguistiese ondersoek het ook bevestig dat Kaditshwene die korrekte benaming vir die hoofstad was, en nie een van die ander voorgestelde alternatiewe soos Gaditshwene, Kaditshweneng, Kwaditshweneng of Karechuenya nie.

Mason (1986) se aanduiding van die klipbouvalkompleks op die Vergenoegdrant, sowat 10 km suid van Zeerust, as Kaditshwene was dus foutief. Laasgenoemde terrein kon op grond van mondelinge oorleweringe en pleknaamkundige inligting as Mmakgame, die hoofsetel van die Bahurutshe booMenwe voor hul verhuising na Kaditshwene, geïdentifiseer word. Deur 'n kombinasie van dieselfde inligtingsbronne is daar ook daarin geslaag om die Buispoortterrein, wat deur Van Hoepen en Hoffman (1935) opgegrawe is, en die Modderfonteinterrein, wat deur Küsel (1979) ondersoek is, aan onderskeidelik die Bakgatla ba Mmanaana en die Bahurutshe booManyane te koppel (kyk hoofstuk I, afdeling 4, hoofstuk II, afdeling 4, en hoofstuk III, afdeling 4.b).

Soos in hoofstuk V, afdeling 4.c, genoem is, dui die radiokoolstofdatums vir die groot ashoop in die *kgôsing* van Kaditshwene daarop dat dié gedeelte van die terrein nie oor 'n lang periode bewoon is nie. 'n Herinterpretasie van die opgetekende mondelinge oorleweringe, asook 'n oorweging van die argeologiese data, dui daarop dat Kaditshwene heel moontlik eers vanaf die einde van die agtiende eeu bewoon is (kyk hoofstuk II, afdeling 3 en 4). Kaditshwene het beslis nie in die vyftiende eeu tot

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stand gekom nie, soos een weergawe van Breutz (1989:224-225) se etnohistoriese rekonstruksies lui. Grootskaalse opgrawings sal egter nodig wees om te bepaal in watter mate die hoofsetels van die Hurutshe uitgebrei en verbou is binne die betreklik kort tydsbestek wat hulle bewoon is. Soos in hoofstuk II, afdeling 4, aangetoon is, het die onderworpe Lete na 1820 by Kaditshwene aangesluit, waar hul leier, Mokgosi, hom onder Senosi, die hoof van die Bahurutshe booMokgatlha, gevestig het (Breutz 1953:23; Ellenberger 1937:43). Soos in hoofstuk IV, afdeling 3, aangedui is, kon terrein 2526AC1 op Daskoppie (*Mosidi-wa-ditlhôbôlô*), op die teenswoordige plaas Bloemfontein 63 JP, op grond van Campbell se sketse as Senosi se woonplek geïdentifiseer word. Hoewel die argeologiese ondersoek op Kaditshwene van 'n te beperkte skaal was om te bepaal of die laaste jare daarvan deur nuwe uitbreidings gekenmerk is, is dit nietemin interessant dat daar aan die suidoostekant van terrein 2526AC1 in die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) van Kaditshwene 'n groot aantal hutsirkels voorkom, maar geen tekens van klipmure wat die *malapa* of die beeskrale van die vestigingseenheid kon omring nie. Die vraag ontstaan of hierdie wooneenhede nie miskien 'n latere toevoeging tot die terrein was van 'n groep wat nie die kans gehad het om die bouwerk aan hulle residensiële eenhede te voltooi en hul *malapa* met klipmure af te baken, voordat Kaditshwene tydens die *difaqane* verwoes is nie.

Vanaf 1823 breek daar 'n periode van disintegrasie en verstrooiing vir die Hurutshe aan wat uitloop op 'n reeks gebeure wat as die *difaqane* bekend staan en waaroor daar, benewens mondelinge oorleweringe, ook tydgenootlike berigte bestaan. Daar is uit die tydgenootlike dokumentêre bronne aangetoon dat Kaditshwene waarskynlik verlaat is in 'n periode wat oor 'n paar jaar gestrek het (kyk hoofstuk II, afdeling 5). Dit is op hierdie stadium nie uit die toetsopgrawings (kyk hoofstuk V, afdeling 4.c) duidelik of die tekens van gebrande hutpuin en hutvloere, asook gebreekte potte en kleigraanhouers in die opgegraafde hutte, op die gewelddadige einde van Kaditshwene dui en of dit die gevolg is van die omvorming en geleidelike verval van die terrein na die verlating daarvan nie. Die min artefakte wat deur die oppervlakverkenning van die terrein opgelewer is (kyk hoofstuk V, afdeling 4.c), dui egter moontlik daarop dat die Hurutshe (of hul aanvallers) die geleentheid gehad het om waardevolle besittings soos skoffelpikke, assegaaie, koperornamente en selfs glaskrale te verwyder voordat die terrein finaal ontruim is.

Behalwe enkele potskerwe en 'n paar klipsirkels wat die muurbasisse van hutte aandui, is daar ook nog geen definitiewe argeologiese bewyse van die Hurutshe of die Ndebele se kortstondige verblyf by Mosega opgespoor nie (kyk hoofstuk III, afdeling 4). Aangesien die meeste van die vroue in die Ndebelekrale van Mosega volgens die ooggetuieverslag van Andrew Smith (Kirby 1940:56) van Kwena- of Hurutshe-afkoms was, sou dit in elk geval ook moeilik wees om op grond van potwerk of ander materiële kultuuroorblyfsels tussen die Hurutshe- en Ndebelebewoning te onderskei. In hierdie verband sal die vestigingingsuitleg van die Ndebele wat op die Ngunipatroon geskoei was en volgens kontemporêre beskrywings geen klipmure ingesluit het nie, as argeologiese aanduider moet dien. Soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui is, is daar ten spyte van die onlangse aanspraak van Pistorius (1997a, 1997b) nog geen enkele woonterrein van die Ndebele positief argeologies geïdentifiseer in die gebiede in die sentrale en westelike dele van die voormalige Transvaal waarin hulle verskeie Tswanagroepe onderwerp en verstrooi het nie.

2. KLASSIFIKASIESKEMAS EN TERMINOLOGIE

Die ondersoek van Van Hoepen en Hoffman (1935) by Buispoort en Braklaagte in die destydse Wes-Transvaal in die dertigerjare tel onder die vroegste Ystertydperknavorsing in die gebied noord

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Vaalrivier (kyk hoofstuk I, afdeling 4). Dit het ook die grondslag gelê vir die navorsing wat in die sestiger- en sewentigerjare in die teenswoordige Noordwesprovinsie deur veral Revil Mason onderneem is. Toe sy baanbrekerswerk oor die voorgeskiedenis van Transvaal, *Prehistory of the Transvaal*, in 1962 verskyn het, was Mason se navorsing oor die Ystertydperk nog hoofsaaklik op die klipbouvalkomplekse toegespits. In sy indeling het hy op grond van veral potwerkversierings twee breë kultuurareas onderskei, naamlik die Buispoortkompleks wat van die naamgewende vindplek noordwes van Zeerust tot by Olifantspoort, suidwes van Rustenburg, gestrek het, en die meer suidelike Uitkomstkompleks in die omgewing van Johannesburg (Mason 1962:385, 402).

Sowat 20 jaar later, na heelwat meer navorsing, het Mason 'n meer gedetailleerde indeling van die Ystertydperk van die suidelike, westelike en sentrale gedeeltes van die voormalige Transvaal voorgestel. Soos in hoofstuk I, afdeling 1, genoem is, het Mason (1986:25) al die Ystertydperkterreine van hierdie gebied, van die vroegste vierde-eeuse nedersetting by Broederstroom tot by die histories bekende Tswanaterreine uit die vroeë negentiende eeu, by die 'Oori'-tradisie ingedeel, wat volgens hom 'an archaeological concept for the origin of the Sotho-Tswana' (Mason 1983:261) verteenwoordig het. Soos ook in hoofstuk I, afdeling 1, aangedui is, is Mason se interpretasie van kulturele kontinuïteit tussen die Vroeë Ystertydperk aan die een kant, en die Middel- en die Latere Ystertydperk aan die ander kant, veral deur Evers (1983:199, 1988:130) gekritiseer en verwerp, wat aangevoer het dat 'n duidelik herkenbare breuk in die potwerkstyl met die aanvang van die Vroeë Moloko teen ongeveer 1200 n.C. waargeneem kan word.

Volgens Mason (1986:26) kan verskillende streeksvariante ten opsigte van die Middel- en Latere Ystertydperkvondste van die 'Oori'-tradisie onderskei word. In die geval van die Middel-Ystertydperkfase, wat volgens hom van 1100 tot 1500 n.C. geduur het en met Evers se Vroeë Moloko ooreenstem, onderskei hy hoofsaaklik op grond van potwerkverskille, maar ook hutuitleg, 'n Olifantspoort- en 'n Roberts Farmvariant in die Rustenburgomgewing. In die Thabazimbi-omgewing onderskei hy na aanleiding van Simon Hall se ondersoek ook 'n Rooibergvariant van die Middel-Ystertydperk (Mason 1986:219). Die potwerk op terreine van die Roberts Farmvariant verskil van dié van die Olifantspoortvariant daarin dat die versieringsmotiewe veral visgraatpatrone ('horizontal bands infilled with diagonals, cross-hatching or herringbone motifs') vertoon. Kenmerkend van die potwerk van die Olifantspoortvariant is 'horizontal bands above triangular or arcade bands infilled with diagonals' (Mason 1986:219).

In die laaste fase van sy 'Oori'-tradisie, wat volgens Mason (1986:26) van ongeveer 1500 tot 1800 geduur het, onderskei hy drie streeksvariante, naamlik die Kaditshwene-, Bupye- en Thabengfase wat histories onderskeidelik met die Hurutshe, Kwena en die Rolong verbind kan word. Kaditshwene verwys, soos in hoofstuk IV, afdeling 5, aangedui is, na Mmakgame, die klipbouvalterrein op Vergenoeg 279 JP suidwes van Zeerust wat verkeerdelik deur Mason as die Ystertydperkhoofstad van die Hurutshe geïdentifiseer is. Thabeng, oftewel Platberg naby Klerksdorp, verwys weer na die woonplek van die Barolong booSeleka, wat in die twintigerjare van die vorige eeu tydens die *difaqane* vernietig is (Cope 1977:237). Oor die benaming van die klipbouvalkompleks van Olifantspoort laat Mason (1986:318) hom soos volg uit: 'My 1971 ethnohistoric investigations amongst elderly Bakwena people then alive in Rustenburg but long since deceased, revealed to my interpreter "Rakuki" that the 1971 Kwena label for the Olifantspoort sites was "Ho Bupye" - "that which is created or built", an apt name for the area. In 1971 Rakuki discovered that these Rustenburg Kwena people identified their Kwena ancestors as the builders of the Olifantspoort stone walled sites'.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Benewens die probleme in verband met sekere vroeë radiokoolstofdatums waarop reeds in 'n vorige afdeling gewys is, kan verskeie besware teen die benaminge van Mason ingebring word. Soos reeds in hoofstuk I, afdeling 1, aangetoon is, is 'Oori' 'n vervorming van Odi (*Ôdi*), die Tswananaam vir die Krokodilrivier. Daar hang ook 'n vraagteken oor die taalkundige basis en ortografie van die benaming 'Ho Bupye', wat waarskynlik 'n vervorming en foutiewe interpretasie van die werkwoord *go bopa* [om te skep of te bou] verteenwoordig en bloot die segslui se aanduiding was dat hul voorouers die klipmure opgerig het (kyk Snyman 1990:14, 384). Daar is ook reeds aangedui dat Mason se liggingbepaling van Kaditshwene foutief was, wat tot gevolg het dat sy term Kaditshwene vir 'n streeksvariant van die Latere Ystertydperk dus problematies is.

Die grootse beswaar teen die gebruik van die term 'Oori' as oorkoepelende benaming vir die argeologiese reste van die Sotho-Tswana is egter dat dit aan 'n bepaalde geografiese verskynsel (die Krokodilrivier) gekoppel is wat verwarring kan veroorsaak indien verdere streeksvariante onderskei sou word. In hierdie verband is die term Moloko wat Evers (1981) voorgestel het vir die argeologiese manifestasie van die Sotho-Tswana baie buigsamer en toepasliker, omdat dit nie aan 'n bepaalde geografiese verskynsel of argeologiese terrein gekoppel is nie. Die term kom egter nie in een van die standaardwoordeboeke oor die Tswanataal voor wat geraadpleeg is nie (kyk Brown 1973; Matumo 1993; Snyman 1990). *Molokô* is 'n Noord-Sothoterm wat as 'geslag, stam, generasie, bloedverwant of verwantskap' vertaal kan word (Kriel & Van Wyk 1989:162). Hoewel dit om hierdie rede waarskynlik minder geskik is as oorkoepelende term vir die argeologiese reste van die breër kulturele groepering wat sowel die Noord-Sotho as die Tswana en die Suid-Sotho insluit, sal dit weens die wye gebruik daarvan in die argeologiese literatuur voorlopig behou moet word.

Daar is ook reeds aangetoon dat dit gebruiklik geword het om die Molokotradisie in 'n vroeë en 'n latere fase te verdeel. Soos genoem is, word die Vroeë Moloko, wat in sommige gebiede reeds teen ongeveer 1200 n.C. verskyn het en tot ongeveer die middel van die sewentiende eeu geduur het, gekenmerk deur die grootlikse afwesigheid van klipmure. Die Latere Moloko, wat daarop gevolg het en tot in historiese tye voortgeduur het, word deur die ekstensiewe gebruik van klip vir bouwerk gekenmerk. Namate verdere navorsing ontplooi, sou streeksvariante binne elk van die twee fases van die Molokotradisie onderskei kon word, soos onder andere dié van Mason waarna reeds verwys is. In hierdie verband het Evers (1981:98) reeds die benaming Marateng voorgestel vir die klipbouvalle in Mpumalanga na aanleiding van Collett (1979:78) se navorsing in die omgewing van die heuwel Marateng, wes van die Badfonteinvallei tussen Lydenburg en Machadodorp. Evers (1988:40) gebruik die Engelse term 'facies' om na die verskillende streeksvariante te verwys. Op soortgelyke wyse kan die tipe N-, V- en Z-terreine wat deur Maggs (1976) in die historiese woongebied van die Sotho-Tswana op die suidelike Hoëveld (hoofsaaklik die Vrystaat) onderskei is, met inbegrip van die Buffelshoekterreine tussen Parys en Potchefstroom (Taylor 1979) en die Doornpoortkompleks naby Winburg (Dreyer 1992), as bykomende variante ('facies') van die Latere Molokotradisie beskou word.

Soortgelyke kritiek kan ook ten opsigte van die benaming en klassifikasie van die 'Mabyanamatshwaana'-kompleks ingebring word wat deur Pistorius (1995a:49-51) tussen Rustenburg en Pretoria onderskei word. Die tiperende vindplekke is die klipbouvalkomplekse, ZK001 en ZK002, op die plaas Roodekopjes (of Zwartkopjes) 427 JQ, noordoos van die teenswoordige Brits. Hierdie area word, soos in die bespreking van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe in hoofstuk II, afdeling 1 en 2, aangedui is, met die vyftiende-eeuse verdeling van die Hurutshe-Kwenagroepering verbind. Pistorius (1995a:62) omskryf die etnohistoriese verband van hierdie argeologiese kompleks soos volg: 'Mabyanamatshwaana and Rathateng represent two

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuclear areas from where Hurutshe, Kgatla and Kwena lineage groups - perhaps for decades and centuries - dispersed over the Transvaal, the Free State and southern Botswana. *The Mabyanamatshwaana complex is marked by the numerous stone-walled settlements* which are distributed along the norite hills between Rustenburg and Pretoria with Brits, and particularly the farm Roodekopjes or Zwartkopjes (427JQ), as a possible centre' (my kursivering).

Die eerste probleem in verband met die benaming en klassifikasie van bogenoemde argeologiese kompleks is ortografies van aard. Pistorius (1995a, 1995b) se spelwyse van 'Mabyanamatshwaana', waarvan die Afrikaanse benaming vir die area, Swartkoppies, klaarblyklik 'n letterlike vertaling is, is waarskynlik in navolging van Schapera (1954:33) en Legassick (1969:100) se weergawe daarvan. Breutz (1952:84, 86, 427, 1989:4, 225, 271), wat nooit 'n betroubare of konsekwente gids in kwessies van dergelyke aard is nie, spel die pleknaam op verskillende wyses, waaronder 'Mabjanamatswane', 'Mabjanamatšhwana', 'Majwanamaswana', 'Mabyana Matšhwane' en 'Mabjana-Matshwana'. Die variante spellings is deels toe te skryf aan die variante vorme van die Tswanawoord vir heuwels/koppies of klippe, waarvan die diminutief ('*mabyana*') in die eerste deel van die naam afgelei is. Cole (1955:84) gee *mantšwê, majê* of *majwê* as die meervoudsvorme van *lentšwê*, *lejê en lejwê* aan. Hy noem ook dat in die oostelike dialekte van Tswana die konsonant *j* soms deur *bj* vervang kan word, wat in die verouderde ortografie as *by* weergegee is (Cole 1955:35-36). Op grond daarvan sou *mabjê*, met as diminutief *mabjana*, ook moontlik wees, 'n vorm van die woord wat ook in Noord-Sotho voorkom (kyk Kriel & Van Wyk 1989:97). Die eerste deel van die pleknaam 'Mabyanamatshwaana' bevat dus nog die verouderde ortografiese vorm van die konsonant *bj*, waarvan die uitspraak dialekties wissel (kyk Ziervogel & Mokgokong 1975:inleiding 83). Indien die tweede gedeelte van die naam veronderstel is om na die swart kleur van die koppies te verwys, is dit waarskynlik foutief gespel, aangesien *tshwaana* (spier)wit beteken, teenoor *tshwana* wat swart beteken (kyk Snyman 1990:53, 197). Totdat pleknaamkundige navorsing finaal uitsluitsel oor die kwessie gee, lyk Mabjanamatshwana na die mees aanneemlike spelwyse van die naam.

Die tweede probleem is moeiliker en het betrekking op die verband tussen die klipmuurterreine van Mabjanamatshwana en die sogenaamde oorsprongsplek of 'wieg' van onder andere die Kwena en die Hurutshe waarna daar in die opgetekende mondelinge oorleweringe verwys word. Uit die radiokoolstofdatums vir klipmuurterreine van die Mabjanamatshwanakompleks blyk dit dat die bewoning daarvan teen die middel van die sewentiende eeu begin het (Pistorius 1995b). Selfs afsettings op die tiperende vindplek, ZK001, wat moontlik die bou van die klipmure voorafgegaan het, dateer na 1650 (Pistorius 1995b:124-125). In die bespreking van die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Tswana in hoofstuk II, afdeling 3, is aangetoon dat die skeuring tussen die Hurutshe en die Kwena by Mabjanamatshwana, en die verspreiding van eersgenoemde na Tswenyane, reeds in die vyftiende eeu n.C. plaasgevind het. Volgens die radiokoolstofchronologie en die argeologiese reste is hierdie periode deur die voorkoms van Vroeë Molokoterreine in die distrikte Rustenburg en Marico gekenmerk, waarvan die verbintenis met die vroeë Sotho-Tswana deur alle navorsers aanvaar word. In die lig hiervan is dit duidelik dat die 'Mabyanamatshwaana'-klipmuurkompleks wat deur Pistorius onderskei word met die tweede fase van die Molokotradisie, dit wil sê die Latere Moloko, verband hou. Op chronologiese gronde kan dit nie met die oorsprong of 'wieg' van die Hurutshe-Kwenagroepering verbind word wat, volgens oorlewering, hulle reeds in die vyftiende eeu n.C. by Mabjanamatshwana bevind het nie. Die benaming Mabjanamatshwana sou dus meer gepas wees vir terreine in die omgewing van Swartkoppies wat met die Vroeë Moloko geassosieer kan word en behoort vanweë die bepaalde etnohistoriese konnotasie daarvan, nie ten opsigte van die latere klipbouvalkomplekse gebruik te word nie. Die klipbouvalkomplekse tussen Pretoria en Rustenburg wat deur Pistorius (1995a, 1995b) met die Mabjanamatshwanakompleks

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbind word, verteenwoordig hoogstens 'n latere ontwikkelingsfase van die voorgeskiedenis van die Tswana in die omgewing waar die Hurutshe en die Kwena reeds meer as 200 jaar tevore volgens oorlewering verdeel het.

Die Latere Ystertydperkoorblyfsels van Suidoos- en Sentraal-Marico maak deel uit van die meergenoemde twee fases van die Molokotradisie en sou waarskynlik in een of meer streeksvariante verdeel kon word. Aangesien dit veral in die geval van die Latere Moloko- of klipmuurfase moontlik is om spesifieke terreine aan bepaalde stamgroeperinge te koppel, byvoorbeeld Mmutlagae, Mmakgame en Kaditshwene met die Bahurutshe booMenwe, Borutwe met die Bahurutshe booMenwe en Buispoort met die Bakgatlha ba Mmanaana, is die onderskeiding en benoeming van verdere streeksvariante onnodig. Ten opsigte van die Vroeë Molokoterreine is sodanige etnohistoriese koppeling moeiliker, hoewel die terreine in die omgewing van Tswenyane waarskynlik met 'n groot mate van sekerheid aan die Hurutshe toegeskryf kan word en dié van Magozastad (Rabogadi) aan die Lete.

3. SLOT

In hierdie studie is 'n verskeidenheid inligtingsbronne benut met die oog op die samestelling van 'n kultuurchronologie vir die Latere Ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico, die rekonstruksie van die leefwyse van die bewoners en die verklaring van sekere veranderingspatrone wat in die argeologiese rekord waargeneem kon word. Ten einde hierdie navorsingsdoelwitte te bereik, is die argeologiese data met die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Tswana en die getuienis van kontemporêre dokumentêre bronne oor die vroeë negentiende eeu geïntegreer. Pleknaamkundige inligting was van deurslaggewende belang in die etnohistoriese identifisering en koppeling van terreine, terwyl etnografiese gegewens oor die Tswana onontbeerlik was by die interpretasie van die argeologiese vondste en die rekonstruksie van bestaanspatrone. Sodanige interdissiplinêre ondersoeke is volgens Trigger (1989:356), wat dit as 'n uitbreiding van die kontekstuele benadering van Ian Hodder beskou, nie altyd na waarde geskat nie:

> Yet there is little general awareness of the value of combining the study of archaeological data with that of historical linguistics, oral traditions, historical ethnography, and historical records, although it is clear that many archaeological problems can be resolved in this way. ... The resistance seems to come from the view, widely held by processual archaeologists, that their discipline must be based as exclusively as possible on the study of material culture. ... This desire to push the interpretative potential of archaeology as far as possible without relying on other disciplines for information about the past is partly justified by the fear that interdisciplinary approaches can degenerate into an exercise into dilettantism. Such concerns do not, however, nullify the value of interdisciplinary research, provided that it is understood that such studies must exploit the historical potential of each discipline to the greatest extent possible, using its own data and methods before comparisons of findings are attempted.

In ooreenstemming met bogenoemde standpunt van Trigger, is die verskillende inligtingsbronne in hierdie studie met behulp van die metodes van elke toepaslike dissipline ontgin voordat daar tot sintese en vergelyking oorgegaan is. Nadat die aard van die opgetekende mondelinge oorleweringe en dokumentêre getuienis oor die voor- en vroeë geskiedenis van die Tswana, veral die Hurutshe, in hoofstuk I, afdeling 5 en 6, bespreek is, is die verskillende bewoningsfases wat op grond daarvan gerekonstrueer kon word, in hoofstuk II uiteengesit. Die resultate van die vroeëre argeologiese navorsing in Marico, wat in hoofstuk I, afdeling 4, geskets is, is aangevul deur die inligting van die vindplekopname en die toetsopgrawings op geselekteerde Molokoterreine, wat onderskeidelik in hoofstuk III en hoofstuk V aangebied is. Die bepaling van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die ligging van Kaditshwene in hoofstuk IV, die rekonstruksie van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico en die verklarings vir kulturele veranderings en/of kontinuïteit in hoofstuk VI, asook die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk vir die navorsingsgebied in die onderhawige hoofstuk, berus op 'n sintese van die verskillende inligtingsbronne. Wanneer die toepaslikheid van bogenoemde interdissiplinêre benadering geëvalueer word in die lig van die navorsingsdoelwitte wat in hoofstuk I gestel is, blyk die volgende:

- Een van die grootste probleme wat ten opsigte van die samestelling van 'n kultuurhistoriese raamwerk of kultuurchronologie vir die Latere Ystertydperk ondervind is, is dat die radiokoolstofchronologie van die laaste 300 jaar nie altyd presies genoeg is om die bewoningsfases wat aan die hand van veral die mondelinge oorleweringe en stamhoofgenealogieë onderskei is, te toets nie. Vanweë die fluktuasies in die atmosferiese radiokoolstofinhoud oor die afgelope 300 jaar is dit nie moontlik om deur middel van kalibrering presiese kalenderdatums vir argeologiese vondste of terreine vir die periode na 1650 te bereken nie (dr. J.C. Vogel, persoonlike mededeling, 6 Augustus 1996). Hoewel die radiokoolstofdateringsmetode breë chronologiese tendense kan aandui, is dit nie akkuraat genoeg om byvoorbeeld die presiese bewoningstydperk van 'n Latere Molokoterrein te bepaal nie, veral waar die opgegraafde vondste nie ingevoerde items van Europese herkoms insluit wat lig op die ouderdom van die nedersetting kan werp nie.

- Ten spyte van die gevare wat die letterlike interpretasie van die historiese gegewens in mondelinge oorleweringe inhou, bied dit steeds 'n meer genuanseerde chronologiese raamwerk vir die eindfase van die Latere Ystertydperk as die radiokoolstofdateringsmetode. In die geheel gesien, was daar 'n groot mate van korrelasie tussen die mondelinge oorleweringe van veral die periode vanaf ongeveer die middel van die sewentiende eeu en die bevindinge van die argeologiese ondersoek. Indien die oorleweringe krities ontleed word, veral ten opsigte van die konteks van die optekening daarvan, die vermoëns van die optekenaars en die kennis van die segslui, is dit 'n betroubaarder inligtingsbron as wat algemeen aanvaar word. Ook plekname is 'n verdere inligtingsbron wat nie altyd genoegsaam deur Ystertydperkargeoloë ontgin word nie. Die probleme wat ontstaan indien die getuienis van mondelinge oorleweringe en plekname veronagsaam word, blyk duidelik uit Mason (1986) se mistasting in verband met die ligging van Kaditshwene, die eertydse hoofstad van die Bahurutshe booMenwe. Laasgenoemde geval onderstreep terselfdertyd die waarde van streekopnames in die argeologie, waardeur 'n oorhaastige oordeel oor die kulturele of etnohistoriese konteks van argeologiese vindplekke voorkom kan word.

- Hoewel nie alle areas so ryk aan dokumentêre getuienis is nie, het die ondersoek aangetoon dat veral die historiese woongebied van die Tswana in die vroeë negentiende eeu deur verskeie Europese sendelinge en reisigers deurkruis is wat 'n belangrike bron van etnografiese en kontemporêre historiese inligting nagelaat het. Hierdie bronne is egter nie sonder leemtes nie, hetsy as gevolg van die gebrekkige waarnemingsvermoë van die besoekers of as gevolg van die subjektiwiteit van die optekenaars. Aan die ander kant het die ondersoek weer eens bevestig dat hoewel die argeologiese rekord lig kan werp op historiese prosesse oor die langer termyn, dit dikwels swyg oor spesifieke gebeure van besondere betekenis wat oor 'n kort tydsbestek plaasgevind het. Voorbeelde sluit in die ingewikkelde en gedetailleerde rekonstruksies wat uit die dokumentêre bronne oor die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlating van Kaditshwene of die bewegings van die Ndebele van Mzilikazi in Marico gedurende die *difaqane* gemaak kan word, maar waaroor die argeologiese rekord weinig rep.

❖ Soos reeds meermale beklemtoon is, bly die ontginning van elke inligtingsbron binne sy eie dissiplinêre raamwerk 'n voorvereiste vir die suksesvolle integrering van die verskillende stelle gegewens. Ten opsigte van die rekonstruksie van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners het dit geblyk dat die argeologie soms as kontrolemeganisme vir die getuienis van die opgetekende mondelinge oorleweringe en die geskrewe bronne kan dien. Die gebrek aan argeologiese reste van koperbewerking by Kaditshwene het byvoorbeeld 'n verklaring gebied waarom die Hurutshe verseg het om die sendingdirekteur, John Campbell, te wys waar die koperoonde was waar die smeltwerk na bewering gedoen is. Die klein hoeveelheid glaskrale en ander ingevoerde artikels op Kaditshwene en ander Latere Molokoterreine dien ook as bewys dat die handelsnetwerk met die ooskus van minder belang vir die prekoloniale Tswana was as wat uit die dokumentêre bronne afgelei kon word. Selfs die beperkte toetsopgrawings op Kaditshwene het aangetoon dat, anders as wat deur sommige geskiedskrywers beweer word, beeste 'n groter bydrae tot die vleisdieet van die nedersetting se bewoners gelewer het as jag. Insgelyks het die ashoopopgrawing op Kaditshwene aangetoon dat die Hurutshe skape en bokke geslag of aangehou het, terwyl Campbell in sy reisjoernaal slegs na hul beeste verwys het.

❖ Die integrering van die verskillende inligtingsbronne het ook verklarings gebied vir veranderingspatrone wat in die argeologiese rekord waargeneem kon word. Daar is aangetoon dat die oorgang van die Vroeë na die Latere Molokofase, en die daarmee gepaardgaande veranderinge in vestigingspatroon, saamgeval het met die einde van die natter en warmer fase gedurende die Klein-Ystyd, asook verhale van 'n groot droogte en afsplinterings en migrasies in die oorleweringe van die Sotho-Tswana. Op grond van die argeologiese en dokumentêre getuienis kon daar ook afdoende bewys word dat die invoering en grootskaalse aanplanting van mielies nie tot die sametrekking van die Tswana in groot nedersettings aan die begin van die negentiende aanleiding gegee het nie, maar dat hierdie woonpatroon vroeër ontwikkel het en aan 'n aantal komplekse faktore toegeskryf kan word.

❖ Dit is uit die ondersoek duidelik dat daar ten opsigte van die Latere Ystertydperk in die historiese woongebied van die Tswana sonder twyfel sprake van 'n 'verstrengelde verlede' is, nie alleen vanweë die onderlinge verhouding tussen die verskillende stamme en hul latere kontak met die Kaapkolonie nie, maar ook wat betref die ineenvloeiing van die argeologiese, mondelinge en dokumentêre inligtingsbronne en die metodologie wat deur 'n interdissiplinêre benadering vereis word. Die inligting in die mondelinge oorleweringe is veral van belang in die verkennende fase van die argeologiese ondersoek van 'n gebied waartydens die klem op die samestelling van 'n kultuurchronologie val, wat die etnohistoriese identifisering en koppeling van Latere Ystertydperkterreine insluit. Net so is die inligting in die dokumentêre bronne hoofsaaklik van belang vir die rekonstruksie van die eindfase van die Latere Ystertydperk en die oorgang na die historiese tydvak. Sodra daar verder in die verlede teruggegaan word, word die materiële kultuuroorblyfsels en ander vondste wat deur middel van argeologiese metodes herwin word, al hoe belangriker. Noudat 'n breë kultuurhistoriese raamwerk vir die Latere Ystertydperk in

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suidoos- en Sentraal-Marico saamgestel is, is uitgebreide en gedetailleerde argeologiese ondersoeke en opgrawings noodsaaklik vir die verdere ontsluiting van die latere voor- en vroeë geskiedenis van die streek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BIBLIOGRAFIE

1. LITERATUUR

Acocks, J.P.H. 1988. *Veld types of South Africa*, 3rd edition, Pretoria: Botanical Research Institute. (Memoirs of the botanical survey of South Africa; no. 57.)

Anthony, D.W. 1990. Migration in archeology: the baby and the bathwater, *American Anthropologist* 92(4):895-914.

Ascher, R. 1970. Analogy in archaeological interpretation, in Deetz, J. (ed.): *Man's imprint from the past*: 347-356. Boston: Little, Brown.

Baard, E. 1967. Dagga stone pipes in the collection of the National Museum, *Researches of the Nasionale Museum, Bloemfontein* 2(7):216-233.

Badenhorst, S.J. 1981. Die Tswana woonhut (ntlo) in kulturele perspektief. Skripsie vir die nagraadse diploma in museumkunde, Universiteit van Pretoria.

Barnard, W.S. *et al.* 1972. *Suid-Afrika: die land en sy streke*. Kaapstad: Nasou.

Bergh, J.S. 1995. Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief, *Historia* 40(2):39-47.

Boeyens, J.C.A. & Cole, D.T. 1995. Kaditshwene: what's in a name?, *Nomina Africana* 9(1):1-40.

Bonsma, J. 1976. *Bosveldbome en weistreke*. Pretoria: Van Schaik.

Bosman, H.C. 1981. Lost city, in *The collected works of Herman Charles Bosman [A Bekkersdal marathon]*: 181-192. vol. 2. Johannesburg: Jonathan Ball.

Bothma, C.V. 1962. *Ntšhabeleng social structure: a study of a northern Transvaal Sotho tribe*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 48.)

Brain, C.K. 1974. Some suggested procedures in the analysis of bone accumulations from southern African Quaternary sites, *Annals of the Transvaal Museum* 29(1):1-8.

Breutz, P.-L. 1952. *The tribes of Rustenburg and Pilansberg districts*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 28.)

Breutz, P.-L. 1953. *The tribes of Marico district*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no.30.)

Breutz, P.-L. 1955. *The tribes of Mafeking district*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 32.)

Breutz, P.-L. 1956. Stone kraal settlements in South Africa, *African Studies* 15(4):157-175.

Breutz, P.-L. 1989. *A history of the Batswana and origin of Bophuthatswana*. Ramsgate: Breutz.

Brown, J.T. 1926. *Among the Bantu nomads*. London: Seeley.

Brown, J.T. 1973. *Setswana dictionary*. Gaborone: Botswana Book Centre. (reprinted 3rd edition of 1925).

Burchell, W.J. 1824. *Travels in the interior of southern Africa*. vol. 2. London: Longman. (reprinted in 1953, London: Batchworth.)

Butzer, K.W. 1993. No Eden in the New World, *Nature* 362(6415):15-17.

Cairncross, B. & Dixon, R. 1995. *The minerals of South Africa*. Linden: The Geological Survey of South Africa.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Campbell, A.C. 1978. *Sites of historic and natural interest in and around Gaborone*. Gaborone: National Museum and Art Gallery.

Campbell, A. *et al*. 1991. A note on recent archaeological research around Gaborone, *Botswana Notes and Records* 23:233-290.

Campbell, J. 1815. *Travels in South Africa*. 3rd edition. London: Black, Parry & Co. (facsimile reprint, 1974, Cape Town: Struik).

Campbell, J. 1822[i & ii]. *Travels in South Africa ... being a narrative of a second journey (1820)*, 2 vols. London: Westley.

Chase, J.C. 1830. Substance of the journal of two trading travellers, and of the communications of a missionary, regarding their recent visits to the countries in the rear of the Portuguese settlement at De la Goa Bay, *S.A. Quarterly Journal* 1(4): 402-407.

Claasen, J.P. 1978. Die Jerusalemgangers met besondere verwysing na J.A. Enslin. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Coertze, R.D. 1986. Livestock in the social and cultural life of African communities, *S.A. Journal of Ethnology* 9(3):129-135.

Coertze, R.D. 1988. Volkekundige groeperinge in die binneland tydens die Groot Trek, in Bergh, J.S. (red.): *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*:77-79. Pretoria: De Jager-HAUM.

Coertze, R.D. 1990. *Bafokeng family law and law of succession*. revised edition. Pretoria: Sabra.

Cole, D.T. 1955. *An introduction to Tswana grammar*. London: Longmans.

Cole, D.T. 1991. Old Tswana and new Latin, *Botswana Notes and Records* 23:175-191.

Collett, D.P. 1979. The archaeology of stone walled settlements in the eastern Transvaal, South Africa. M.A. dissertation, University of die Witwatersrand, Johannesburg.

Comaroff, J. & Comaroff, J.L. 1990. Goodly beasts, beastly goods: cattle and commodities in a South African context, *American Ethnologist* 17:195-216.

Cooley, W.D. 1833. A memoir on the civilization of the tribes inhabiting the highlands near Delagôa Bay, *Journal of the Royal Geographical Society* 3:310-324.

Cope, R.L. (ed.) 1977. *The journals of the Rev. T.L. Hodgson*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Deetz, J. 1988. American historical archeology: methods and results, *Science* 239(4838):362-367.

Denbow, J.R. 1979. *Cenchrus ciliaris*: an ecological indicator of Iron Age middens using aerial photography in eastern Botswana, *S.A. Journal of Science* 75:405-408.

Denbow, J.R. 1981. Broadhurst: a 14th century A.D. expression of the Early Iron Age in south-eastern Botswana, *S.A Archaeological Bulletin* 36(134):66-74.

Denbow, J.R. 1983. Iron Age economics: herding, wealth, and politics along the fringes of the Kalahari desert during the Early Iron Age. Ph.D. thesis, Indiana University.

Denbow, J.R. 1986. A new look at the later prehistory of the Kalahari, *Journal of African History* 27(1):3-39.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dreyer, J.J.B. 1992. The Iron Age archaeology of Doornpoort, Winburg, Orange Free State, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 8(7):261-390.

Du Bruyn, J.T. 1983. Geskiedenis en argeologie, *Historia* 28(1): 30-37.

Eldredge, E.A. 1992. Sources of conflict in southern Africa, c.1800-1830: the 'mfecane' reconsidered, *Journal of African History* 33:1-35.

Eldredge, E.A. 1993. *A South African kingdom: the pursuit of security in nineteenth-century Lesotho*. Cambridge: University Press.

Eldredge, E.A. 1994. Delagoa Bay and the hinterland in the early nineteenth century: politics, trade, slaves, and slave raiding, in Eldredge, E.A. & Morton, F. (eds): *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch Frontier*: 127-165. Westview Press: Boulder.

Ellenberger, D.F. & Macgregor, J.C. 1912. *History of the Basuto ancient and modern*. London: Caxton.

Ellenberger, V. 1937. History of the Ba-Ga-Malete of Ramoutsa, *Transactions of the Royal Society of South Africa* 25:1-72.

Ellenberger, V. 1954. Ba-ga Malete, in Schapera, I. (ed.): *Ditirafalô tsa merafe ya Batswana (Traditional histories of the native tribes of Bechuanaland* Protectorate). Lovedale: Lovedale Press.

Engelbrecht, J.P. 1988. The tectonic setting of the Bushveld Complex in the Marico district, western Transvaal, South Africa, *S.A. Journal of Science* 84(9):770-774.

Evers, T.M. 1981. The Iron Age in the eastern Transvaal, South Africa in Voigt, E.A. (ed.): *Guide to archaeological sites in the northern and eastern Transvaal*: 65-110. Pretoria: Transvaal Museum.

Evers, T. 1983. Reply to: Mason, R.J.: 'Oori' or 'Moloko'? The origins of the Sotho-Tswana on the evidence of the Iron Age of the Transvaal, *S.A. Journal of Science* 79(7):261-264.

Evers, T.M. 1984. Sotho-Tswana and Moloko settlement patterns and the Bantu cattle pattern, in Hall, M. *et al.* (eds): *Frontiers: southern African archaeology today*. Oxford: BAR International Series 207:236-247.

Evers, T.M. 1988. The recognition of groups in the Iron Age of southern Africa. Ph.D. thesis, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Evers, T.M. & Huffman, T.N. 1988. On why pots are decorated the way they are, *Current Anthropology* 29(5):739-741.

Evers, T.M. & Van der Merwe, N. 1987. Iron Age ceramics from Phalaborwa, north-eastern Transvaal lowveld, *S.A. Archaeological Bulletin* 42(146):87-106.

Fagan, B.M. 1969. The later Iron Age in South Africa, in Thompson, L. (ed.): *African societies in southern Africa*: 50-70. London: Heinemann.

Fagan, B.M. 1996. *In the beginning: an introduction to archaeology*. 9th ed. New York: HarperCollins.

Feely, J.M. 1980. Did Iron Age man have a role in the history of Zululand's wilderness landscapes?, *S.A. Jounal of Science* 76:150-152.

Feely, J.M. 1987. *The early farmers of Transkei, southern Africa before A.D. 1870*. Oxford: BAR International Series 378.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Flannery, K.V. & Marcus, J. 1996. Cognitive archaeology, in Preucel, R.W. & Hodder, I. (eds): *Contemporary archaeology in theory: a reader*: 350-363. Oxford: Blackwell.

Friede, H.M. & Steel, R. 1981. Schietkraal: an iron smelting site near Zeerust, *S.A. Archaeological Bulletin* 36:88-91.

Friede, H.M. & Steel, R. 1985. Iron Age iron smelting furnaces of the western/central Transvaal: their structure, typology and affinities, *S.A. Archaeological Bulletin* 40(141):45-49.

Germond, R.C. 1967. *Chronicles of Basutoland*. Morija: Sesuto Book Depot.

Goucher, C.L. & Herbert, E.W. 1996. The blooms of Banjeli: technology and gender in West African iron making, in Schmidt, P.R. (ed.): *The culture and production of African iron production*: 40-57. Gainesville: Florida.

Gronum, M.A. 1938. Mosega en Marico, *Die Huisgenoot* 28/10/1938: 31, 33, 35.

Gronum, C.F. 1978. *Ou Marico: 3; Silkaats*. (versamel en verwerk deur J.H. Coetzee). Potchefstroom: Pro Rege.

Gronum, C.F. 1986. *Ou Marico: 4; swart en wit op die wesgrens*. (versamel en verwerk deur J.H. Coetzee). Potchefstroom: PU. vir C.H.O.

Gulbrandsen, Ø. 1987. *Priviledge and responsibility: on transformations of hierarchical relations in a Tswana society*. Department of Social Anthropology, University of Bergen.

Hall, A.L. & Humphrey, W.A. 1910. *The geology of the country round Zeerust and Mafeking*. Pretoria: Government Printer.

Hall, M. 1981. *Settlement patterns in the Iron Age of Zululand: an ecological interpretation*. Oxford: BAR International Series 119.

Hall, M. 1984. Pots and politics: ceramic interpretations in southern Africa, *World Archaeology* 15(3):262-273.

Hall, M. 1987a. Archaeology and modes of production in pre-colonial southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 14(1): 1-17.

Hall, M. 1987b. *The changing past: farmers, kings and traders in southern Africa, 200-1860*. Cape Town: David Philip.

Hall, M. 1988. At the frontier: some arguments against hunter-gathering and farming modes of production in southern Africa, in Ingold, T. *et al.* (eds): *Hunters and gatherers: history, evolution and social change*: 137-147. Oxford: Oxford University Press.

Hall, M. 1990. Hidden history: Iron Age archaeology in southern Africa, in Robertshaw, P. (ed.): *A history of African archaeology*: 59-77. London: Currey.

Hall, M. 1996. *Archaeology Africa*. Cape Town: David Philip.

Hall, M. & Borland, C.H. 1982. The Indian connection: an assessment of Hromnik's 'Indo-Africa', *S.A. Archaeological Bulletin* 37(136): 75-80.

Hall, M. & Markell, A. (eds) 1993. *Historical archaeology in the western Cape*. Goodwin Series 7, Cape Town: S.A. Archaeological Society.

Hall, S(ian). 1996. Wat het geword van Kurreechane?, in Hall, S. & Marsh, R: *Kan dit waar wees? moorde en raaisels van Suider-Afrika* [Engelse weergawe *Beyond belief: murders & mysteries of southern Africa*]. Kaapstad: Struik.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hall, S(imon). 1981. Iron Age sequence and settlement in the Rooiberg, Thabazimbi area. M.A. thesis, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Hall, S. 1995. Archaeological indicators for stress in the western Transvaal region between the seventeenth and nineteenth centuries, in Hamilton, C. (ed.): *The mfecane aftermath*: 307-321. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Hamilton, C. (ed.) 1995. *The mfecane aftermath*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Hammond-Tooke, W.D. 1981. *Boundaries and belief: the structure of a Sotho worldview*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Hammond-Tooke, W.D. 1993. *The roots of black South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Hardie, G.J. 1981. Tswana design of house and settlement: continuity and change in expressive space. Ph.D. thesis, Boston University Graduate School.

Harger, H.S. 1941. A stone bead industry of the western Transvaal, *Transactions of the Royal Society of South Africa* 28(2):129-142 & Plates.

Harris, W.C. 1852. *The wild sports of southern Africa*, London: Bohn. (facsimile reprint of 5th edition, 1963, Cape Town: Struik.)

Hartley, G. 1995. The battle of Dithakong and 'mfecane' theory, in Hamilton, C. (ed.): *The mfecane aftermath*: 395-416. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Haughton, E.J. & Wells, L.H. 1942. Underground structures in caves of the southern Transvaal, *S.A. Journal of Science* 38:319-333.

Henige, D. 1982. *Oral historiography*. London: Longman.

Hicks, J. 1923-24. Some notes concerning the Marico district of the Transvaal, *Journal of the African Society* 23:218-226.

Hodder, I. 1986. *Reading the past: current approaches to interpretation in archaeology*. Cambridge: University Press.

Hofmeyr, S. 1890. *Twintig jaren in Zoutpansberg*. Kaapstad: Rose.

Horn, A.C. 1996. Ruimte vir verwarring: historiese afleiding op grond van die geografie van die Bankeveld volgens William Cornwallis Harris, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 36(3):205-220.

How, M. 1954. An alibi for Mantatise, *African Studies* 13(2):65-76.

Hromnik, C.A. 1981. *Indo-Africa*. Johannesburg: Juta.

Huffman, T.N. 1978. The origins of Leopard's Kopje: an 11th century difaquane [sic], *Arnoldia* 8(23): 1-23.

Huffman, T.N. 1979. African origins, *S.A. Journal of Science* 75:233-237.

Huffman, T.N. 1982. Archaeology and ethnohistory of the African Iron Age, *Annual Review of Anthropology* 11:133-150.

Huffman, T.N. 1986a. Archaeological evidence and conventional explanations of southern Bantu settlement patterns, *Africa* 56(3):280-298.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Huffman., T.N. 1986b. Iron Age settlement patterns and the origins of class distinctions in southern Africa, in Wendorf, F. & Close, A.E. (eds): *Advances in world archaeology 5*: 291-338. New York: Academic Press.

Huffman, T.N. 1988. Boschoek [sic] and the central cattle pattern, in Evers, T.M., Huffman, T.N. & Wadley, L. (eds): *Guide to archaeological sites in the Transvaal*: 1-8. Department of Archaeology, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Huffman, T.N. 1989. Ceramics, settlements and Late Iron Age migrations, *The African Archaeological Review* 7:155-182.

Huffman, T.N. 1990. The Waterberg research of Jan Aukema, *S.A. Archaeological Bulletin* 45:117-119.

Huffman, T.N. 1993. Broederstroom and the central cattle pattern, *S.A. Jounal of Science* 89:220-226.

Huffman, T.N. 1996a. *Snakes & crocodiles: power and symbolism in ancient Zimbabwe*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Huffman, T.N. 1996b. Archaeological evidence for climatic change during the last 2000 years in southern Africa, *Ouaternary International* 33:55-60.

Huffman, T.N. & Herbert, R.K. 1994-95. New perspectives on eastern Bantu, *Azania* 29-30:27-36.

Humphrey, W.A. & Kynaston, H. 1911. *The geology of the country lying northwards from Zeerust*. Pretoria: Government Printer.

Inskeep, R.R. 1978. *The peopling of Southern Africa*. Cape Town: David Philip.

Jackson, A.O. 1982. *The Ndebele of Langa*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 54.)

Jensen, F.H.W. 1912. Letter of missionary Jensen of Linokana to the editor, *The Marico Chronicle*, 16/3/1912. (kopie in A205, Gubbins Papers, Church of the Province Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg.)

Jensen, F. 1929. Das Heldenlied der Betschuanen, *Neue Allgemeine Missionszeitschrift*, 6:371-375.

Jensen, F.H.W. 1947. Note on the Bahurutshe, *African Studies* 6(4):176-179.

Kay, S. 1834. *Travels and researches in Caffraria*. New York: Harper.

King, L.C. 1942. *South African scenery: a textbook of geomorphology*. Edinburgh: Oliver and Boyd.

Kinsman, M. 'Hungry wolves': the impact of violence on Rolong life, 1823-1836, in Hamilton, C. (ed.): *The mfecane aftermath*: 363-393. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Kirby, P.C. (ed.) 1939. *The diary of Dr Andrew Smith,1834-1836*, vol. 1. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Kirby, P.C. (ed.) 1940. *The diary of Dr Andrew Smith,1834-1836*, vol. 2. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Knudson, S.J. 1978. *Culture in retrospect: an introduction to archaeology*. Chicago: Rand McNally.

Kotzé, D.J. (ed.) 1950a. *Letters of the American missionaries, 1835-1838*. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Kotzé, D.J. 1950b. *Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Matabeles*. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950 (deel 1). Parow: Staatsdrukker.

Kriel, T.J. 1983. Pukuntšu/Woordeboek: Noord-Sotho - Afrikaans. derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kriel, T.J. & Van Wyk, E.B. 1989. Pukuntšu/Woordeboek: Noord-Sotho - Afrikaans. vierde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Krynauw, D.W. & Pretorius, H.S. 1949. *Transvaalse argiefstukke, 1850-1853*. Pretoria: [s.n.].

Kuper, A. 1980. Symbolic dimensions of the southern Bantu homestead, *Africa* 50(1): 8-23.

Kuper, A. 1982. *Wives for cattle: bridewealth and marriage in southern Africa*. London: Routledge & Kegan Paul.

Küsel, U.S. 1979. 'n Argeologiese studie van vroeë ystersmelting in Transvaal. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Laidler, P.W. 1937. Beads in Africa south of the Zambezi, II, *Transactions of the Rhodesia Scientific Association*, 35(1):35-46.

Laidler, P.W. 1938. South African native ceramics: their characteristics and classification, *Transactions of the Royal Society of South Africa* 26(2):93-172.

Lane, P. 1996. The use and abuse of ethnography in the study of the southern African Iron Age, *Azania* 29/30:51-64.

Language, F.J. 1943. *Stamregering by die Tlhaping*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Legassick, M. 1969. The Sotho-Tswana peoples before 1800, in Thompson, L. (ed.): *African societies in southern Africa*: 86-125. London: Heinemann.

Legassick, M. 1970. The Griqua, the Sotho-Tswana, and the missionaries, 1780-1840: the politics of a frontier zone. Ph.D. thesis, University of California, Los Angeles.

Lemue, P. 1835. Notes pour servir d'éclaircissemens à la carte géographique des tribus qui se trouvent au nord-est de L'attakou, *Journal des Missions Évangéliques de Paris* 10:18-30.

Lemue, P. 1847a. Coup d'oeil sur le Kalagari. II. Les plantes, *Journal des Missions Évangéliques* 22:67-80

Lemue, P. 1847b. Coup d'oeil sur le Kalagari. III. Les animaux (Suite), *Journal des Missions Évangéliques* 22:143-158.

Lestrade, G.P. 1928. Some notes on the political organisation of the Bechwana, *S.A. Journal of Science* 35: 427-432.

Lestrade, G.P. 1929. The Suto-Chuana tribes, sub-group I: the Bechuana, in Duggan-Cronin, A.M.: *The Bantu tribes of South Africa* [reproductions of photographic studies, vol. 2]. Cambridge: Cambridge University Press.

Lichtenstein, H. 1812. *Travels in Southern Africa*. vol. 1. London: Colburn. (reprinted 1928, Cape Town: Van Riebeeck Society.)

Lichtenstein, H. 1815. *Travels in Southern Africa*. vol. 2. London: Colburn. (reprinted 1930, Cape Town: Van Riebeeck Society.)

Lister, M.G.H. (ed.) 1949. *Journals of Andrew Geddes Bain*. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Livingstone, D. 1857. *Missionary travels and researches in South Africa*. London: John Murray.

Loubser, J.H.N. 1989. Archaeology and early Venda history, in Deacon, J. (ed.): *Goodwin's legacy*: 54-61. Goodwin Series 6, Cape Town: S.A. Archaeological Society.

Loubser, J.H.N. 1991. *The ethnoarchaeology of Venda-speakers in southern Africa*. Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein 7(8):145-464.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Loubser, J.H.N. 1994. Ndebele archaeology of the Pietersburg area, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 10(2):61-147.

Loubser, J.H.N. & Dowson, T. 1987. Tombo-la-Ndou: the Venda perception of San rock art, *S.A. Archaeological Bulletin* 42(145):51-54.

Louw, J.A. & Finlayson, R. 1990. Southern Bantu origins as represented by Xhosa and Tswana, *S.A. Journal of African Languages* 10(4): 401-410.

Louwrens, L.J. 1994. A linguistic analysis of Sotho geographical names, *Nomina Africana* 8(1):1-42.

Low, A.B. & Rebelo, A.G. 1996. *Vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*. Pretoria: Department of Environmental Affairs and Tourism.

Ludorf, J.D.M. 1855. `Bechuana Country': extract of a letter from the Rev. Joseph D.M. Ludorf, dated Thaba 'Nchu, August 17th, 1854, *The Wesleyan Methodist-Magazine [Missionary Notices]* 2(14):20-23.

Lye, W.F. (ed.) 1975. *Andrew Smith's journal of his expedition into the interior of South Africa, 1834-1836*. Cape Town: Balkema.

Lye, W.F. & Murray, C. 1980. *Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho*. Cape Town: David Philip.

Maggs, T.M.O'C. 1976. *Iron Age communities of the southern Highveld*. Pietermaritzburg: Natal Museum.

Maggs, T. 1980. The Iron Age sequence south of the Vaal and Pongola rivers: some historical implications, *Journal of African History* 21:1-15.

Maggs, T.M.O'C. 1982. Mgoduyanuka: terminal Iron Age settlement in the Natal grasslands, *Annals of the Natal Museum* 25(1):83-113.

Maggs, T. 1984. The Iron Age south of the Zambezi, in Klein, R.G. (ed.): *Southern African prehistory and paleoenvironments*: 329-360. Rotterdam: Balkema.

Maggs, T. 1992. Name calling in the Iron Age. *S.A. Archaeological Bulletin* 47(156):131.

Maggs, T. 1993. Sliding doors at Mokgatle's, a nineteenth century Tswana town in the central Transvaal, *S.A. Archaeological Bulletin* 48(157):32-36.

Maggs, T. 1995. Neglected rock art: the rock engravings of agriculturist communities in South Africa, *S.A. Archaeological Bulletin* 50(162):132-142.

Maggs, T. & Whitelaw, G. 1991. A review of recent archaeological research on food-producing communities in southern Africa, *Journal of African History* 32(1):3-24.

Manson, A.H. 1990. The Hurutshe in the Marico district of the Transvaal, 1848-1914. Ph.D. thesis, University of Cape Town.

Manson, A. 1992. The Hurutshe and the formation of the Transvaal state, 1835-1875, *The International Journal of African Historical Studies* 25(1): 85-98.

Manson, A. 1995. Conflict on the western Highveld/southern Kalahari, c. 1750 -1820, in Hamilton, C. (ed.): *The mfecane aftermath*: 351-361. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Mason, R. 1962. *Prehistory of the Transvaal*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mason, R.J. 1968. Transvaal and Natal Iron Age settlements revealed by aerial photography and excavation, *African Studies* 27(4):167-180.

Mason, R.J. 1982. Prehistoric mining in South Africa, and Iron Age copper mines in the Dwarsberg, Transvaal, *Journal of the S.A. Institute of Mining and Metallurgy* 82(5):134-144.

Mason, R.J. 1983. 'Oori' or 'Moloko'? The origins of the Sotho-Tswana on the evidence of the Iron Age of the Transvaal: a letter, *S.A. Journal of Science* 79(7):261.

Mason, R. J. 1986. *Origins of black people of Johannesburg and the southern western central Transvaal, AD 350-1880*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. (Occasional Paper No. 16 of the Archaeological Research Unit.)

Mason, R. *et. a*l. 1983. Cluster and correspondence analysis of Iron Age faunal assemblages from southern, western and eastern Transvaal, *South African Journal of Science* 79:189-203.

Massie, R.H. 1905. *The native tribes of the Transvaal*. London: War Office.

Matumo, Z.I. 1993. *Setswana-English-Setswana dictionary*. Gaborone: Macmillan.

Matthews, Z.K. 1954. Barolong, in Schapera, I. (ed.): *Ditirafalô tsa Merafe ya Batswana [Traditional histories of the native tribes of Bechuanaland Protectorate]*. Lovedale: Lovedale Press.

McLachlan, G.R. & Liversidge, R. (eds.) 1970. *Roberts birds of South Africa*. 3rd edition, Cape Town: CNA.

Methuen, H.H. 1846. *Life in the wilderness; or wanderings in South Africa*. London: Richard Bentley.

Meyer, A. 1986. 'n Kultuurhistoriese interpretasie van die Ystertydperk in die Nasionale Krugerwildtuin. D.Phil.-tesis, Universiteit van Pretoria.

Miller, D. 1995. Analytical methods [Appendix to Miller, Boeyens & Küsel 1995], *S.A. Archaeological Bulletin* 50(161):46-54.

Miller, D., Boeyens, J.C.A. & Küsel, M.M. 1995. Metallurgical analyses of slags, ores, and metal artefacts from archaeological sites in the North-West Province and Northern Transvaal, *S.A. Archaeological Bulletin* 50(161):39-46.

Miller, D. & Markell, A. 1993. Dutch brass buttons from the Cape to the Marico, *Southern African Field Archaeology* 2(2):107-108.

Mmabatho High School. 1992b. Gaditshwene, *Custos* 21(10):18.

Moffat, R. 1842. *Missionary labours and scenes in southern Africa*. London: John Snow.

Mogapi, K. 1994. *Ngwao ya Setswana*. Mabopane: L.Z. Sikwane Publishers.

Mönnig, H.O. 1967. *The Pedi*. Pretoria: Van Schaik.

Mönnig, H.O. 1972. Die sosiale organisasie van die Pedi, in Eloff, J.F. & Coertze, R.D. (reds): *Etnografiese studies in suidelike Afrika*: 36-67. Pretoria: Van Schaik.

Mönnig, H.O. & Veldman, F.J. 1954. *Handboek oor veesiektes*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Morris, A.G. 1992a. *A master catalogue: Holocene human skeletons from South Africa.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Morton, B. 1994. Servitude, slave trading, and slavery in the Kalahari in Eldredge, E.A. & Morton, F. (eds): *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch Frontier*: 215-250. Westview Press: Boulder.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oosthuizen, P.J. 1971. Die geskiedenis van Marico tot 1900. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.

Palgrave, K.C. 1977. *Trees of southern Africa*. Cape Town: Struik.

Pape, H. 1986. *Hermannsburger Missionare in Südafrika*. Pretoria: Pape.

Parsons, N. 1993. *A new history of southern Africa*. 2nd edition. London: Macmillan.

Parsons, N. 1995. Prelude to *difaqane* in the interior of southern Africa, c. 1600-c. 1822 in Hamilton, C. (ed.): *The mfecane aftermath*: 323-349. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Partridge, T.C. 1982. Addendum: Iron Age copper workings in the Dwarsberg, *Journal of the S.A. Institute of Mining and Metallurgy* 82(5):143-144.

Pellissier, S.H. 1956. *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*. Pretoria: Van Schaik.

Pelzer, A.N. 1967. Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse historiografie, in Cronje, G. (red.): *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie*: 58-92. Pretoria: Van Schaik.

Penn, N. 1991. Excavating archives at Oudepost: a riposte, *Social Dynamics* 17(1):101-105.

Phillipson, D.W. 1977. *The later prehistory of eastern and southern Africa*. London: Heinemann.

Phillipson, D.W. 1993. *African archaeology*. 2nd edition. Cambridge: Cambridge University Press.

Pistorius, J.C.C. 1984. 'n Etno-argeologiese interpretasie van 'n Sotho-Tswana vestigingseenheid op Selonskraal. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Pistorius, J.C.C. 1989. Die metaalbewerkers van Phalaborwa. D.Phil.-tesis, Universiteit van Pretoria.

Pistorius, J.C.C. 1992. *Molokwane: an Iron Age Bakwena village*. Johannesburg: Perskor.

Pistorius, J.C.C. 1994. Molokwane, a seventeenth century Tswana village. *S.A. Journal of Ethnology* 17(2):38-53.

Pistorius, J.C.C. 1995a. Rathateng and Mabyanamatshwaana: cradles of the Kwena and Kgatla, *S.A. Journal of Ethnology* 18(2):49-64.

Pistorius, J.C.C. 1995b. Radio-carbon dates from the Mabyanamatshwaana complex, *S.A. Journal of Ethnology* 18(3):123-127.

Pistorius, J.C.C. 1996. Spatial expressions in the *kgosing* of Molokwane, *S.A. Journal of Ethnology* 19(4):143-164.

Pistorius, J.C.C. 1997a. The Matabele village which eluded history (Part 1), *S.A. Journal of Ethnology* 20(1):26-38.

Pistorius, J.C.C. 1997b. The Matabele village which eluded history (Part 2), *S.A. Journal of Ethnology* 20(2): 43-55.

Pistorius, J.C.C. 1997c. Diachronic evidence from the kgosing of Molokwane, *South African Journal of Ethnology* 20(3):118-132.

Plug, I. 1988. Hunters and herders: an archaeozoological study of some prehistoric communities in the Kruger National Park. D.Phil. thesis, University of Pretoria.

Pretorius, H.S. & Kruger, D.W. (reds.) 1937. *Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849*. Pretoria: Staatsdrukker.

Prins, F.E. 1993. Aspects of Iron Age ecology in Transkei. M.A. dissertation, University of Stellenbosch.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pwiti, G. 1996. Settlement and subsistence of prehistoric farming communities in the mid-Zambezi valley, northern Zimbabwe, *S.A. Archaeological Bulletin* 51(163):3-6.

Rasmussen, R.K. 1978. *Migrant kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa*. London: Collings.

Renfrew, C. & Bahn, P. 1996. *Archaeology: theory, methods, and practice*. 2nd edition. London: Thames & Hudson.

Rex, H. 1971. *Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)*. Pretoria: N.H.W.-Pers.

Robbins, D. 1993. *Driving south*. Halfway House: Southern Book Publishers.

Roberts, N. 1934. *Lest we forget*. Lichtenburg: Roberts.

Saunders, C.C. 1966. Early knowledge of the Sotho: seventeenth and eighteenth century accounts of the Tswana, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 20(3): 60-70.

Schapera, I. 1932. Kxatla riddles and their significance, *Bantu Studies* 6(3): 215-231.

Schapera, I. 1934. The old Bantu culture, in Schapera, I, (ed.): *Western civilization and the natives of South Africa: studies in culture contact*: 3-36. London: Routledge.

Schapera, I. (ed.) 1941. *Select bibliography of South African native life and problems*. London: Oxford University Press.

Schapera, I. 1942. A short history of the Bangwaketse, *African Studies* 1:1-26.

Schapera, I. 1943. *Native land tenure in the Bechuanaland protectorate*. Lovedale: Lovedale Press.

Schapera, I. (ed.) 1951. *Apprenticeship at Kuruman (being the journals and letters of Robert and Mary Moffat)*. London: Chatto & Windus.

Schapera, I. 1953. *The Tswana*. London: International African Institute.

Schapera, I. (ed.) 1954. *Ditirafalô tsa Merafe ya Batswana [Traditional histories of the native tribes of Bechuanaland Protectorate]*. Lovedale: Lovedale Press.

Schapera, I. (ed.) 1959[i & ii]. *David Livingstone: family letters, 1841-1856*. 2 vols. London: Chatto & Windus.

Schapera, I. 1970. *A handbook of Tswana law and custom*. London: Frank Cass.

Schmidt, P.R. 1990. Oral traditions, archaeology and history: A short reflective history, in Robertshaw, P. (ed.): *A history of African archaeology*:252-270. London: Currey.

Schoeman, A.E. 1938. *Coenraad de Buys: the first Transvaaler*. Pretoria: De Bussy.

Schoeman, M.H. 1997. The Ndzundza archaeology of the Steelpoort river valley. M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Seddon, J.D. 1966. Kurrichane: a late Iron Age site in the western Transvaal, *African Studies* 25(4): 227-233.

Seddon, J.D. 1968. An aerial survey of settlement and living patterns in the Transvaal Iron Age: preliminary report, *African Studies* 27(4):189-194.

Segobye, A.K. 1987. Southern Kgatleng prehistory: an archaeological reconnaissance survey, *Botswana Notes and Records* 19:45-56.

Setiloane, G.M. 1986. *African theology: an introduction*. Johannesburg: Skotaville.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skinner, D.P. 1993. Using archaeological sites, such as Gaditshwene, for a skills based programme, in Moolman, M. (red.): *Omgewingsopvoeding*: 99-108. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

Smith, A. 1836. Report of the expedition for exploring central Africa, under the superintendence of dr. A. Smith, *Journal of the Royal Geographic Society* 6:394:413.

Smith, A. 1994. New way to measure superfloods, *Farmers Weekly* 15 April 1994: 16-17.

Smith, E. 1956. Sebetwane and the Makololo, *African Studies* 15(2): 49-74.

Snyman, J.W. (ed.) 1990. *Setswana-English-Afrikaans Dictionary*. Pretoria: Via Afrika.

Spear, T. 1981. Oral traditions: whose history, *History in Africa* 8:165-181.

Spear, T. 1987. The interpretation of evidence in African history, *African Studies Review* 30(2):17-24.

Stow, G.W. 1905. *The native races of South Africa*. London: Swan Sonnenschein.

Taylor, M.O.V. 1979. Late Iron Age settlements on the northern edge of the Vredefort Dome. M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Taylor, M.O.V. 1984. Southern Transvaal stone walled settlements - a spatial consideration, in Hall, M. [*et al.*] (eds): *Frontiers: southern African archaeology today*: 248-251. Cambridge monographs in African archaeology 10.

Thomas, D.H. 1989. *Archaeology*. 2nd edition. Fort Worth: Holt, Rinehart & Winston.

Thomas, J. 1995. Where are we now? archaeological theory in the 1990s, in Ucko, P. (ed.): *Theory in Archaeology: a world perspective*: 343-362. London: Routledge.

Thompson, G. 1827[i]. *Travels and adventures in southern Africa*. London: Colburn (reprint of Part 1, 1967, Cape Town: Van Riebeeck Society).

Thompson, G. 1827[ii]. *Travels and adventures in Southern Africa*. London: Colburn. (reprint of Parts 2 & 3, 1968, Cape Town: Van Riebeeck Society).

Tlou, T. 1974. The nature of Batswana states: towards a theory of Batswana traditional government - the Batawana case, *Botswana Notes and Records* 6:57-75.

Tosh, J. 1991. *The pursuit of history: aims, methods and new directions in the study of modern history*. 2nd edition. London: Blackwell.

Transvaal Native Affairs Department 1905. *Short history of the native tribes of the Transvaal*. Pretoria: Government Printer.

Trigger, B. 1989. *A history of archaeological thought*. Cambridge: Cambridge University Press.

Tyson, P.D. & Lindesay J.A. 1992. The climate of the last 2000 years in southern Africa, *The Holocene* 2(3):271-278.

Vahrmeijer, J. 1981. *Gifplante van Suider-Afrika wat veeverliese veroorsaak*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Merwe, P.J. 1986. Die Matebeles en die Voortrekkers, *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1986 (deel 2). Pretoria: Staatsdrukker.

Van der Meulen, F. 1978. Progress with vegetation studies in the sourish mixed bushveld of the western Transvaal, *Bothalia* 12(3): 531-536.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Meulen, F. 1979. *Plant sociology of the western Transvaal bushveld, South Africa*. Vaduz: Cramer.

Van der Meulen, F. & Westfall, R.H. 1979. A vegetation map of the western Transvaal Bushveld, *Bothalia* 12(4): 731-735.

Van der Walt, J.L. 1991. Die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense van Suider-Afrika en die opvoedkundige betekenis daarvan, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 31(3):232-247.

Van Hoepen, E.C.N. 1935. 'n Versameling van merkwaardige voorwerpe van die Oer-Bahoeroetsie, *Argeologiese navorsing van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 2:31-34.

Van Hoepen, E.C.N. & Hoffman, A.C. 1935. Die oorblyfsels van Buispoort en Braklaagte, noordwes van Zeerust, *Argeologiese Navorsing van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 2:1-24.

Van Rooyen, D.P. 1951. *Fluvial andalusite deposits in the Marico district*. (Geological series bulletin; no. 19.) Pretoria: Government Printer.

Van Schalkwyk, J.A. 1995. Ideologie en die konstruksie van 'n landelike samelewing: 'n antropologiese studie van die Hananwa van Blouberg. D.Litt. et Phil.-tesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Vansina, J. 1985. *Oral tradition as history*. Wisconsin: University Press.

Van Vuuren, C.J. 1992. Die aard en betekenis van 'n eie etnisiteit onder die Suid-Ndebele. D.Phil.-tesis, Universiteit van Pretoria.

Van Waarden, C. 1991. Recent radiocarbon dates, *Southern African Association of Archaeologists (SAAA) Newsletter* 34:5-6.

Van Warmelo, N.J. 1930. *Transvaal Ndebele texts*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 1.)

Van Warmelo, N.J. 1935. *A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*. Pretoria: Government Printer. (Ethnological publications; no. 5.)

Van Warmelo, N.J. 1974. The classification of cultural groups, in Hammond-Tooke, W.D. (ed.): *The Bantu-speaking tribes of southern Africa*: 56-84. 2nd edition. London: Routledge & Kegan Paul.

Viator 1840. Extract uit een journaal, gehouden op eene reis naar de uitgewekene Boeren *De Zuid-Afrikaan* 19/6/1840.

Vogel, J. 1995. The temporal distribution of radiocarbon dates for the Iron Age in southern Africa, *S.A. Archaeological Bulletin* 50(162):106-109.

Wagner, R.G. 1972/73. Coenraad de Buys in Transorangia, Collected seminar paper no. 17, *The societies of southern Africa in the nineteenth and twentieth centuries*. vol. 4. University of London, Institute of Commonwealth Studies.

Wallis, J.P.R. (ed.) 1945[i & ii]. *The Matabele journals of Robert Moffat, 1829-1860*, 2 vols. London: Chatto & Windus.

Walraven, F. 1981. *The geology of the Rustenburg area*. Pretoria: Government Printer.

Walton, J. 1953a. The dagga pipes of southern Africa, *Researches of the Nasionale Museum, Bloemfontein* 1(4):85:113.

Walton, J. 1953b. Pestles, mullers and querns from the Orange Free State and Basutoland, *S.A. Archaeological Bulletin* 8(30):32-39.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weerburo 1984. *Klimaat van Suid-Afrika: klimaatstatistieke tot 1984*. Pretoria: Departement van Omgewingsake.

Wertz, B. 1994. Dutch brass buttons from the shipwreck of the 'Oosterland' (1697): a response to Miller and Markell, *Southern African Field Archaeology* 3(2):110-112.

Wellington, J.H. 1955. *Southern Africa: a geographical study; volume I: physical geography*. Cambridge: University Press.

Willoughby, W.C. 1905. Notes on the totemism of the Becwana, *Journal of the Royal Anthropological Institute of Great Britain and Ireland* 35:295-314.

Wookey, A.J. 1945. *Dicò tsa Secwana*. Vryburg: London Missionary Society.

Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C. 1975. *Groot Noord-Sotho-woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.

2. ONGEPUBLISEERDE VERSLAE, REFERATE EN ANALISES

Breutz. P.-L. 1975. *'n Etniese oorsig van die Tswana*. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria.

Brown, A.J.V. [s.a.] Kaditshwene 13/66 [Vergenoegd 279 JP] faunal report. Department of Archaeology, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Department van Ontwikkelingshulp, Etnologiese Afdeling. 1989. Lêer GB 6/6/5/2/13: Agtergrondinligting ten opsigte van die aankoop van die plaas Leeuwfontein deur die Bahurutshe ba ga Moilwastam. Pretoria.

Du Plessis, E. 1990. Analise van sade van Rietfontein en Magozastad. Departement Antropologie en Argeologie, Universiteit van Pretoria.

Ehlers, D.L. 1996. Koper- en ysterertsbronne in Maricodistrik en omliggende gebiede wat moontlik deur die Hurutshegroep benut was vir hul metaalbewerkingsbedrywighede. Raad vir Geowetenskap, Pretoria.

Esterhuysen, A.M. 1994. Charcoal analyses [samples from Iron Age sites in the Marico]. Department of Archaeology, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Hall, S. 1996. A consideration of gender relations in the Late Iron Age 'Sotho' sequence of the western Highveld, South Africa, Draft paper prepared for the 13th biennial conference of SAFA, Posnan, Poland, September 1996.

Huffman, T.N. [*et al.*] 1996. Archaeological survey of Madikwe Game Reserve, North West Province. (A phase 1 report prepared for the North West Parks Board.) Department of Archaeology, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Kerfoot, O. 1984. The vegetation of Transvaal Iron Age settlements, Archaeological Research Unit report. University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Manson, A. 1986. The making of a dynasty: The re-creation of traditions among the Hurutshe, *Paper presented at the Conference on Pre-colonial history of southern Africa*, Centre for African Studies, University of Cape Town.

Mmabatho High School. 1992a. *Gaditshwene project*. Mmabatho.

Morris, A.G. 1992b. Report on human remains from Magozastad (2526CB9), northwest of Groot-Marico, western Transvaal, Department of Anatomy & Cell Biology, University of Cape Town.

Phillips, G.R. [s.a.] [vermoedelik 1995]. Gaditshwene: Batswana traditional village, Leaflet issued by the Mafikeng Museum.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plug, I. & Meyer zu Bargholz, D.A.G. 1991a. The faunal remains from Rietfontein 89 JP, a Late Iron Age site in the western Transvaal (Marico district). Department of Archaeozoology, Transvaal Museum, Pretoria.

Plug, I. & Meyer zu Bargholz, D.A.G. 1991b. The faunal remains from Magozastad 248 JP, a Late Iron Age site in the western Transvaal (Marico district). Department of Archaeozoology, Transvaal Museum, Pretoria.

Plug, I. & Meyer zu Bargholz, D.A.G. 1992. The faunal remains from Riekersdam 109 JP, a Late Iron Age site in the western Transvaal (Marico district). Department of Archaeozoology, Transvaal Museum, Pretoria.

Plug, I. & Meyer zu Bargholz, D.A.G. 1993. The faunal remains from Kleinfontein or Olifantspruit 62 JP (Kaditshwene), a Late Iron Age site in the Marico district, Transvaal. Department of Archaeozoology, Transvaal Museum, Pretoria.

Plug, I. & Meyer zu Bargholz, D.A.G. 1994. The faunal remains from Klaarstroom 237 JP, a Late Iron Age site in the Marico district. Department of Archaeozoology, Transvaal Museum, Pretoria.

Raad vir Geowetenskap, Pretoria, Taaknr. 97/050: X-straaldiffraksie-analise van monster van skuifdeurbasisklip van Kaditshwene, Februarie 1997.

Ralushai, V.N.M.N. [s.a.]. Nzhelele: an ethnomusicological, historical and linguistic analysis, Paper presented at Jos University, Nigeria.

Saitowitz, S. 1991. Glass beads from Kleinfontein or Olifantspruit 62 JP. Department of Archaeology, University of Cape Town.

3. DOKUMENTÊRE VERSAMELINGS

Campbell-versameling (MSB77): Ongepubliseerde joernaal en sketse van John Campbell, direkteur van die Londense Sendinggenootskap, van sy reis na die Suid-Afrikaanse binneland in 1819-1820 (deel 3 in verband met Kaditshwene): Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad.

H-register (Vondstelys van ondersoek van Van Hoepen en Hoffman na Buispoort en Braklaagte, 1935): Nasionale Museum, Bloemfontein.

Opnameregister en Lêer oor die Hurutshe, 1968: Museum vir Antropologie en Argeologie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Superintendent van Naturellesake (SN1, N91/79), Letter of Thomas Jensen, Linokana, 15/5-/879, to H. Shepstone, Secretary for Native Affairs, Pretoria: Nasionale Argiefbewaarplek, Pretoria.

Wesleyan Methodist Missionary Society (W.M.M.S.), Box I, File 1821, Letter of Stephen Kay to Directors, 20 August 1821. (Mikrofilm in die Sanlambiblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.)

4. PERSOONLIKE EN SKRIFTELIKE MEDEDELINGS

Badenhorst, mev. H.G., persoonlike mededeling, 14 Februarie 1995.

Breutz, dr. P.-L., skriftelike mededeling, 28 Oktober 1994.

Brown, me A., persoonlike mededeling, Junie 1996.

Du Bruyn, prof. J.T., persoonlike mededeling, 1994.

Hromnik, dr. C.A., skriftelike medeling, 28 Oktober 1994.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Huffman, prof. T.N., persoonlike mededeling, 27 Augustus 1996.

Miller, dr. D., persoonlike mededeling, 20 Maart 1991.

Miller, dr. D., skriftelike mededeling, 15 Augustus 1995.

Pistorius, dr. J.C.C., persoonlike mededeling, Januarie 1995.

Robertson, mej. S., persoonlike mdedeling, Desember 1992.

Steinman, mnr. Mattheus, persoonlike mededeling, 6 April 1993.

Tyson, prof. P.D., telefoniese mededeling, 1 September 1993.

Van Waarden, mev. C., skriftelike mededeling, 6 Desember 1996.

Vogel, dr. J.C., skriftelike mededeling, 17 Februarie 1993.

Vogel, dr. J.C., persoonlike mededeling, 15 Februarie 1996.

Vogel, dr. J.C., persoonlike mededeling, 5 Augustus 1996.

Vogel, dr. J.C., persoonlike mededeling, 6 Augustus 1996.

Walker, dr. N., persoonlike mededeling, 17 Desember 1993.

'n Volledige lys van segslui wat in verband met Kaditshwene, Tswenyane en ander plekname in die omgewing van Enselsberg ondervra is, verskyn in Boeyens & Cole (1995). Ten opsigte van die plekname Magozastad, Rabogadi, Maruntwane en Matsekane in Suidoos-Marico het die volgende persone inligting verstrek: mev. H.J. Badenhorst, mev. C. Horjus en mnr. Daantjie Mokgorong van Magozastad, mnr. Samuel Malatsi van Lotteringskraal, mnr. A. Winter van Bokkop en mnr. Herklaas Mokgorong van Dinokana.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FOTO'S



Foto 1 Die rotsgravures van Matsieng (Lowe) naby Mochudi, waarna in die ontstaansmites van die Tswana verwys word




Foto 2 Die waterval van Tswenyane op Mezeg 77 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 3 'n Klipkraal bo-op die rant van Tswenyane op Mezeg 77 JP



Foto 4 Die Vroeë Ystertydperkterrein, 2526AC15 (Mokgola), waarvan die oppervlak deur 'n damafvoersloot blootgelê is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 5 Hutvloer RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP. Die kleiboë wat die hutvloer in twee verdeel, die vuurherd en die houtstampblokholte is duidelik sigbaar.




Foto 6 'n Gedeelte van hutvloer RFN2.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC8a, op Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 7 Grootskaalse erosie rondom die hutpuinkonsentrasies op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC9, op Rietfontein 89 JP



Foto 8 Die opgegraafde houtstampblokholte in hutvloer RFN3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526AC9, op Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 9 Smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP, waarin twee gebreekte tuyères gevind is




Foto 10 Smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 11 Twee gebreekte tuyères van smeltoond MGS3.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP. Die een punt van albei tuyères is feitlik toegeslak




Foto 12 Smeltoond MGS3.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB4c, op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 13 Hutpuinkonsentrasies op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP




Foto 14 Die vuurherd, 'n boonste maler, 'n onvolledige stampblokholte en gedeeltes van die kleiboë van hutvloer MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 15 Hut MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP voor opgrawing




Foto 16 Die vuurherd, 'n stampblokholte, 'n potholte en 'n gedeelte van die kleiboog van hutvloer MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




Foto 17 Die houtstampblokholte in die vloer van hut MGS4.2 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP




Foto 18 Hutpaalmerke in die muurpuin van hut MGS4.1 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 19 Die vuurherdholte in hutvloer MGS4.5 op die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9 (Rabogadi), op Magozastad 248 JP



Foto 20 Ashoopopgrawing RFN1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526AC4, op Rietfontein 89 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 21 Ashoopopgrawing KSM1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526CA26a (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP



Foto 22 Gerekonstrueerde tuyère van ashoopopgrawing KSM1.1 op die Latere Molokoterrein, 2526CA26a (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP. Die een punt van die tuyère het 'n trompetvorm.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 23 Aambeeldklippe in 'n ysterbewerkingsarea tussen terrein 2526CA26a en 2526CA26b op Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)



Foto 24 Basisklip van skuifdeur op die Latere Molokoterrein, 2526CA26b (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 25 Kleipot in 'n klipmuur op die Latere Molokoterrein, 2526CA26b (Mmutlagae), op Klaarstroom 237 JP



Foto 26 Die rant waarop die Vergenoegdkompleks (Mmakgame) geleë is wat verkeerdelik deur Revil Mason (1986) as Kaditshwene beskou is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 27 Klipmure van die Vergenoegdkompleks (Mmakgame)



Foto 28 Een van die ashope op Mmakgame (Vergenoegd 279 JP) wat deur Revil Mason opgegrawe is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 29 Hutsirkel met muurbasis van klip op Mmakgame (Vergenoegd 279 JP)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 30 'n Skets van die sendingdirekteur, John Campbell, wat in sy eerste reisjoernaal na afloop van sy eerste reis deur Suid-Afrika in Campbell (1815) verskyn het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 31 Diutlwileng, die regent van Kaditshwene ten tye van Campbell se besoek in Mei 1820 (afgedruk in Campbell 1822[i]:teenoor p. 265)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 32 Moilwa, die 'young king' van Kaditshwene tydens Campbell se besoek in Mei 1820 (afgedruk in Campbell 1822[i]:teenoor p. 261)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 33 John Campbell se ongepubliseerde skets van Diutlwileng en Moilwa (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 34 John Campbell se ongepubliseerde skets van die ornamentbelaaide vrou van die reënmaker van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbell-versameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 35 Lugfoto van die klipmuurterrein, 2526AC2, die sentrale afdeling (*kgôsing*) van Kaditshwene. Die groot beeskraal is ongeveer in die middel sigbaar.




Foto 36 Lugfoto van die klipmuurterrein, 2526AC3, die noordelike afdeling (*ntlha ya godimo*) van Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 37 Die rant van Kaditshwene uit die weste. Die Olifantspruit (Ratshukudu) is net-net sigbaar op die voorgrond.



Foto 38 Die gepubliseerde skets van die 'king's district' (*kgôsing*) van Kaditshwene soos afgedruk in Campbell (1822[i]:teenoor p. 233)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 39 John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'king's district' (*kgôsing*) van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 40 John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die ooste, dit wil sê van die kant van Bloemfontein 63 JP. Ook die sogenaamde 'lion house' word uitgebeeld. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 41 John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die noordweste, met die Olifantspruit (*Ratshukudu*) op die voorgrond. Onderaan is ook 'n voorstelling van die binnekant van een van die hutte op Kaditshwene. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 42 John Campbell se ongepubliseerde skets van Kaditshwene vanuit die weste, met die groot boom teen die suidwestelike hang sigbaar (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)



Foto 43 Kaditshwene uit die weste, met die wonderboomvy (*Ficus salicifolia*) teen die suidwestelike hang sigbaar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 44 Oorblyfsels van die wonderboomvy (*Ficus salicifolia*) wat waarskynlik reeds in Campbell se tyd op die Kaditshwenerant gestaan het

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 45 Twee van John Campbell se ongepubliseerde sketse: bo word die 'koperberge' (die Dwarsberge) op die horison uitgebeeld. Die rant met die 'saal' is Abjaterskop, terwyl Tshwene-Tshwene die hoë rant aan die regterkant verteenwoordig. Onder word die rante in die teenswoordige Botswana uitgebeeld waar die Ngwaketse gewoon het. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 46 Foto geneem vanaf die *kgôsing* bo-op Kaditshwene. Op die horison is die Dwarsberge met Abjaterskop en Tshwene-Tshwene in beeld. Die plaasgrenslyn loop deur die noordelike rant van Kaditshwene, waarop terrein 2526AC3, die *ntlha ya godimo*, lê.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 47 John Campbell se ongepubliseerde skets van die stamvergadering (*pitsô*) wat op 10 Mei 1820 in die sentrale *kgotla* op Kaditshwene gehou is. Benewens die Campbellgeselskap se waens en tent, is ook die groot monoliet en die groot ashoop in die uitbeelding van die noordelike gedeelte van die *kgotla* sigbaar. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 48 Die groot monoliet naby die ingang van die sentrale *kgotla* van Kaditshwene op terrein 2526AC2



Foto 49 'n Gedeelte van die klipmuur van die groot beeskraal in die stamhoofgedeelte van Kaditshwene. Die grensdraad tussen Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP loop deur die beeskraal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 50 Die groot ashoop naby die sentrale *kgotla* van die *kgôsing* van Kaditshwene, waarin die opgrawing, KLF1.1, gedoen is



Foto 51 Stande van bloubuffelsgras (*Cenchrus ciliaris*) op Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 52 Hut KLF2.1 in die stamhoof (regent) se wyk in die *kgôsing* op Kaditshwene, met 'n gedeelte van die halfmaanvormige klipmuur wat die *lapa* omsluit in die agtergrond



Foto 53 Oorblyfsels van die opgegraafde hut, KLF2.1, in die *kgôsing* op Kaditshwene. In die agterste deel van die hutvloer lê daar 'n aantal klippe waarop die kleigraanhouers kon staan.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 54 Die maalklip naby hut KLF2.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene



Foto 55 Horingfelsbasisklip van 'n skuifdeur naby hut KLF2.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 56 Oorblyfsels van hut BLF1.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene. Die verskillende kompartemente waarin die hut volgens Kay (1834) se beskrywing verdeel is, is deels sigbaar.



Foto 57 Maalklip naby hut BLF1.1 in die *kgôsing* op Kaditshwene

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 58 John Campbell se ongepubliseerde skets van 'n ystersmeltoond op Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)



Foto 59 'n Skoffelpiklem van Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP wat in die noordelike afdeling van Kaditshwene, terrein 2526AC3, opgetel is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 60 Klipmure op terrein 2526AC1 op Daskoppie (Mosidi-wa-ditlhobolo), wat deel van die suidelike afdeling (*ntlha ya tlase*) van Kaditshwene uitgemaak het

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 61 John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'distrik' van die hoofman Senosi in Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 62 John Campbell se ongepubliseerde skets van die 'distrik' van die hoofman Senosi in Kaditshwene vanuit die noorde. Die groot berg in die linkerhoek is die Enselsberg; Daskoppie (Mosidi-wa-ditlhobolo) is op die voorgrond. (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 63 Noordaansig van Daskoppie, waarop terrein 2526AC1, die eertydse nedersetting van die Bahurutshe booMokgatlha onder Senosi, voorkom. 'n Grondpad loop op teen Daskoppie; die hoë berg in die agtergrond is die Enselsberg.




Foto 64 Senosi se *lapa* soos gepubliseer in Campbell 1822[i]:teenoor p. 245)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 65 John Campbell se ongepubliseerde sketse van Senosi se *lapa* en die kleipotte van die Hurutshe van Kaditshwene (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 66 Binnekant van Senosi se hut, soos gepubliseer in Campbell 1822[i]:teenoor p. 269)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 67 John Campbell se ongepubliseerde skets van die binnekant van Senosi se hut (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foto 68 John Campbell se ongepubliseerde skets van die hut en kleigraanhouers van Mooketsi, die seun van Senosi (Oorspronklike in die Campbellversameling [MSB77] in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Foto 69 Terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP, enkele kilometer oos van die Groot-Maricorivier

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026